

6147 41477

U.O.V.S. BIBLIOTHEK

NIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDEN UIT DIE
BIBLIOTHEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State



34300001922289

Universiteit Vrystaat

**DIE ROL VAN SPORTISOLASIE AS FAKTOR IN DIE
DAARSTELLING VAN 'N NUWE POLITIEKE BEDELING IN SUID-
AFRIKA, 1980-1992.**

deur

JACOBUS SCHEEPERS RADEMEYER

Proefskrif voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die Fakulteit Geesteswetenskappe,

(Departement Geskiedenis)

aan die

Universiteit van die Vrystaat

BLOEMFONTEIN

PROMOTOR: Professor S.L. BARNARD, Departement Geskiedenis

BLOEMFONTEIN

November 2002

Univorsiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

22 JAN 2004

UOVS SARON BIBLIOTHEEK

“Ek verklaar hiermee dat die proefskrif wat hierby vir die graad PHILOSOPHIAE DOCTOR aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir ‘n graad aan ‘n ander universiteit in ‘n ander fakulteit ingedien is nie. Ek doen dus voorts afstand van outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.”

INHOUDSOPGAW

VOORWOORD	i
HOOFSTUK 1	
<u>DIE ONTWIKKELING VAN 'N SPORTBELEID BINNE DIE APARTHEIDSAAMWERK</u>	
<u>VAN DIE NASIONALE PARTY, 1948-1980</u>	1
INLEIDING	1
DIE WISSELWERKING TUSSEN SPORT EN POLITIEK IN SUID-AFRIKA	5
BUITELANDSE VERSET TEEN APARTE SPORTONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA	7
DIE NASIONALE PARTY AAN BEWIND	13
DIE KLEURSKEDSLYN AS AANLEIDENDE OORSAAK VIR DIE SPORT-POLITIEKE KONFLIK	14
DIE VERPOLITISERING VAN SUID-AFRIKAANSE SPORT	20
DIE VERHARDING VAN DIE SPORT-POLITIEKE KONFLIK GEDURENDE DIE SESTIGERJARE	24
TEENKANTING TEEN DIE REGERING SE SPORTBELEID NEEM TOE	26
DIE STAAT TEEN BRANDSMA EN ANDER, 1962	29
SUID-AFRIKA SE UITSLUITING AAN DIE OLIMPIESE SPELE	32
DR. H.F. VERWOERD SE LOSKOPDAM-TOESPRAAK	35
DIE VORSTER-ERA: NUWE INISIATIEWE TEN EINDE ISOLASIE TE PROBEER BREEK	39
DIE GEVAL BASIL D'OLIVIERA	42
SPORTVERSKILLE BRING SKEURING IN DIE NASIONALE PARTY	49
NUWE DENKRIGTINGS AANGAANDE 'N SPORTBELEID VIR SUID-AFRIKA	51
"VEELVOLKIGE SPORTBEOEFENING" KRY SY BESLAG IN SUID-AFRIKAANSE SPORT	57
DIE GLENEAGLES OOREENKOMS EN DIE BEPERKINGE OP INTERNASIONALE	
SPORTBETREKKINGE	62
TER AFSLUITING	64
HOOFSTUK 2	
<u>DIE SPORTBELEID VAN DIE NASIONALE PARTY-REGERING GEDURENDE DIE</u>	
<u>TAGTIGERJARE</u>	67
INLEIDING	67
STRUKTURERING VAN 'N SPORTBELEID VIR DIE TAGTIGERJARE	73
BRITSE EN FRANSE FEITESENDINGE NA SUID-AFRIKA	77
DIE RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (RGN) SE ONDERSOEK NA SPORT	
IN SUID-AFRIKA	83
KONFLIK BINNE DIE NP AANGAANDE DIE CRAVENWEEK-KRISIS	87
DIE ONTWIKKELING VAN DIE SPORTBELEID GEDURENDEDE DIE TAGTIGERJARE	90
TER AFSLUITING	106

HOOFSTUK 3

PLAASLIKE EN INTERNASIONALE VERSET TEEN APARTHEID IN SUID-AFRIKAANSE

<u>SPORT</u>	109
DIE STIGTING VAN DIE <i>SOUTH AFRICAN SPORT ASSOCIATION</i> (SASA)	111
DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE <i>SOUTH AFRICAN NON-RACIAL OLYMPIC COMMITTEE</i> (SANROC)	116
DIE STIGTING VAN DIE <i>SOUTH AFRICAN COUNCIL ON SPORT</i> (SACOS)	121
DIE " <i>STOP THE SEVENTY TOUR</i> " (STST)	126
BETROKKENHEID VAN DIE VERENIGDE NASIES BY DIE VERSETAKSIE TEEN SPORT	132
DIE VERSETAKSIES GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE	138
VERSETAKSIES TEEN DIE 1981-SPRINGBOKTOER NA NIEU-SEELAND	148
DIE VERSETAKSIES VAN SACOS EN SANROC GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE	150
TER AFSLUITING	159

HOOFSTUK 4

POGINGS DEUR SUID-AFRIKAANSE RUGBY-ADMINISTRATEURS EN

<u>-ORGANISASIES IN DIE TAGTIGERJARE OM SPORTISOLASIE TE VERBREEK</u>	162
DIE ONTSTAANGESKIEDENIS VAN RUGBY ONDER SWART SUID-AFRIKANERS	165
SUID-AFRIKAANSE RUGBY EN DIE JUK VAN APARTHEID IN SPORT GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE	170
DIE 1981-SPRINGBOKTOER NA NIEU-SEELAND	174
DIE INVLOED VAN DIE CRAVENRUGBYWEEK	195
SUID-AFRIKAANSE RUGBY EN DIE ERA VAN REBELLE-TOERE	201
SAMESPREKINGS BBRING NUWE VISIE VIR SUID-AFRIKAANSE RUGBY	207
TER AFSLUITING	210

HOOFSTUK 5

KRIEKET EN DIE STRYD TEEN APARTHEID IN SPORT GEDURENDE

<u>DIE TAGTIGERJARE</u>	214
SUID-AFRIKAANSE KRIEKET GEDURENDE DIE ISOLASIEJARE	217
SUID-AFRIKAANSE KRIEKET BY DIE KRUISPAD	222
SUID-AFRIKAANSE KRIEKET EN DIE ERA VAN DIE REBELLE-TOERE	224
KRIEKETONTWIKKELING IN DIE "TOWNSHIPS"	245
DIE GATTING-TOER	251
TER AFSLUITING	260

HOOFSTUK 6

ANDER SPORTSOORTE EN STRYD TEEN APARTHEID IN SUID-AFRIKAANSE SPORT

GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE

ATLETIEK	266
DIE GEVAL: ZOLA BUDD	267
ANDER SUID-AFRIKAANSE ATLETE SE POGINGS OM INTERNASIONALE ERKENNING	271
VERHOUDINGE TUSSEN SUID-AFRIKA EN DIE INTERNASIONALE BOKSBEHEERLIGGAME	283
EVALUERING	289

HOOFSTUK 7

POLITIEKE VERANDERING IN SUID-AFRIKA EN DIE EINDE VAN DIE SPORTISOLASIE

DIE STIGTING VAN DIE <i>NATIONAL SPORTS CONGRESS</i>	296
SAMESPREKINGS OOR DIE TOEKOMS VAN SUID-AFRIKAANSE SPORT	296
SUID-AFRIKA SE HERTOETREDE TOT INTERNASIONALE SPORT	300
EVALUERING	304
	307

BYLAE 1	323
---------	-----

BYLAE 2	325
---------	-----

BYLAE 3	326
---------	-----

BYLAE 4	328
---------	-----

BIBLIOGRAFIE	329
--------------	-----

OPSOMMING

SUMMARY

VOORWOORD

Die wisselwerking tussen sport en politiek in Suid-Afrika het 'n baie omvattende geskiedenis. As gevolg van die komplekse natuur van die Suid-Afrikaanse politiek het die aard van die wisselwerking daarvan met sport in die land ook 'n unieke karakter aangeneem. Sekere aspekte van hierdie wisselwerking is reeds in populêr-wetenskaplike publikasies behandel en 'n beperkte studie is reeds deur nagraadse studente hieroor gedoen. 'n Wetenskaplik verantwoordbare ondersoek na die wisselwerking tussen sport en politiek gedurende die tagtigerjare is egter nog nooit onderneem nie.

Sportisolاسie in Suid-Afrika is teweeg gebring deur politieke onderstrominge ten einde die Nasionale Party se beleid van apartheid te probeer vernietig. Die hipotese wat ondersoek sal word, is in welke mate sport as faktor bygedra het om Suid-Afrika 'n nuwe politieke bedeling te laat binnegaan. Bydaend hiertoe is die liefde vir sport in Suid-Afrika. Die feit dat Suid-Afrikaners jare lank internasionale sport kon beoefen, en dit toe skielik ontnem is, het menige politici, sportadministrateurs en sportlui daadwerklik laat optree om hierdie beperkings op sport te probeer ophef.

Hierdie studie wil die interaksie tussen sport en politiek in Suid-Afrika tussen 1980 en 1992 krities ontleed. Sterk klem sal gelê word op die stryd vir die normalisering van sportbetrekkings met die buiteland en die rol wat dit gespeel het in die suksesvolle transformasie van die Suid-Afrikaanse politiek gedurende die tydperk in ondersoek.

Dié studie handel oor die rol van sport as 'n instrument in die stryd teen apartheid in Suid-Afrika gedurende die tagtigerjare. Die tydperk 1980 tot 1992 is gekies omdat dit gesien word as die kookpot van politieke en sport gebeurlikhede in Suid-Afrika. Die wisselwerking van sport en politiek het ook in hierdie tydperk 'n hoogtepunt bereik met die verhoogde optrede uit die buiteland teen Suid-Afrika. Op die keper beskou is die tydperk in ondersoek eintlik 'n baie kort tydperk in die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis, maar van groot belang vir die omvorming van apartheidsport tot 'n nie-rassige sport entiteit wat Suid-Afrika na 1992 bedien het. Daar is egter baie ruimte vir verdere wetenskaplike studies aangaande ander tydperke in Suid-Afrika se sportverlede. Dit is

een van die onderafdelings van geskiedenis as wetenskap waarin ons as Suid-Afrikaanse historici baie ver agter is vergeleke met Europa, Amerika en Australasië.

Sedert 1948 is die Nasionale Party-regering se sportbeleid nie altyd oral met ewe veel entoesiasme ontvang nie. Namate die apartheidsgedagte sport in Suid-Afrika oorweldig het, het die teenstand daarteen voortdurend toegeneem. Vanuit die anti-apartheidsgroeperinge regdeur die wêreld het 'n noodkreet opgegaan dat apartheid vernietig moes word. Een van die mees funksionele maniere waarop dit teengestaan kon word, was om sport, feitlik 'n tweede geloof onder blanke Suid-Afrikaners, internasionaal te isoleer. Die sportlui in Suid-Afrika het hierdie aksie met uiteenlopende reaksie begroet. Die blanke sportlui het die optrede van anti-apartheidsgroeperinge hoofsaaklik negatief ervaar, terwyl die swart sportlui aan die ander kant die boikotaksie teen sport grootliks gesteun het. Alhoewel beide swart en wit sportlui onder die versetaksie gelyk het, het die swart besef dat dit alles vir 'n goeie saak was.

Namate die stryd teen apartheid in sport verdiep het, het die Suid-Afrikaanse Regering die proses probeer stopsit deur outonomie aan sport in Suid-Afrika te verleen. Deur dit te doen het die Regering basies besluit dat sport administrateurs self die verskillende sportsoorte in die land moet bestuur. Dit het tot 'n groot mate daartoe bygedra dat die wisselwerking tussen partypolitiek en sport in die land afgeneem het, maar die anti-apartheidsgroeperinge was nie tevrede daarmee dat die normalisering van sport in die land outomaties sou beteken dat die sportboikot opgehef sou word nie. Die klem het nou verskuif van apartheid in sport na die breëre beginsel van apartheid as wetgewing. Die anti-apartheidsgroeperinge het dus nou vereis dat apartheid in sy totaliteit geskrap moet word voordat die versetaksie teen sport laat vaar sal word.

Dié studie handel oor die optrede vanuit regeringskant, die versetaksies van die anti-apartheidsgroeperinge en die reaksie hierop deur die sportlui in Suid-Afrika ten einde die sportisolasië te probeer breek. Die NP se sportbeleid het sedert 1956 parallel tot die apartheidswetgewing ontwikkel. Dit het direkte reaksie van die anti-apartheidsgroeperinge tot gevolg gehad, wat op sy beurt weer reaksie van Suid-

Afrikaanse sportlui tot gevolg gehad het. Oor die kwarteeu het die stryd tussen die verskillende groeperinge voortgeduur sodat daar met die aanvang van die tagtigerjare 'n komplekse stryd gevoer is wat hoofsaaklik uit die genoemde drie groepe bestaan het.

In hoofstuk 1 word daar gekyk na die historiese ontwikkeling van die Nasionale Party se sportbeleid tussen 1948 en 1980. Die ontwikkeling van die sportbeleid aan die hand van die apartheidswetgewing van die regering het uit die aard van die saak hewige reaksie ontlok en verskeie swart sportlui is negatief daardeur geraak. Die Basil D'Oliviera – en Sewgolum Sewsunker voorvalle gedurende die sestigerjare is sprekende voorbeelde van hoe die Nasionale Party se sportbeleid aanleiding gegee het tot ongelukkingheid onder swart sportlui.

Hoofstuk 2 word gewy aan die Nasionale Party se hantering van sport gedurende die tagtigerjare, met spesiale verwysing na die pogings van die Nasionale Party om aan sport meer outonomie te gee ten opsigte van die bestuur van sport in die land. Pogings van die Regering om uit te reik na verskeie sportsoorte en organisasies wat die regering nie goedgesind was nie, word duidelik hier uitgebeeld. Die veranderende siening vanuit die Nasionale Party aangaande sport en die verhouding daarvan met die politiek word ook bespreek. Die aandeel van die Broederbond in Suid-Afrikaanse sport word genoem, maar om verskeie redes nie indiepte bespreek nie.

Die optrede en versetaksie van die verskillende anti-apartheidsgroeperinge in Suid-Afrika, sowel as in die buiteland, word in hoofstuk 3 bespreek. Aandag word gegee aan die prominente organisasies en versetbewegings wat die boikotaksie teen Suid-Afrikaanse sport georkestreer het, sowel as die ondersteuningsgroepe wat die basis gevorm het waarop die versetaksies geloods kon word. Die prominente leierskapfigure binne hierdie organisasies word ook hier bestudeer. Die doelstellings, aksies en inisiatiewe van die verskillende organisasies, wat basies as 'n groot eenheid saamgewerk het, word indiepte ontleed.

Hoofstukke 4 en 5 word gewy aan die teenreaksie vanuit Suid-Afrikaanse rugby- en krieketgeledere teenoor die boikotaksie teen Suid-Afrikaanse sport. Die gebruik van rebelle-toere, die ontwikkeling van die plaaslike kompetisies deur middel van borgskappe en die optrede van invloedryke individue binne die twee onderskeie sporte word ontleed. Die uiteindelijke onderhandelingsstrategieë wat aan die einde van die tagtigerjare deur beide rugby en krieket gebruik is om sport in Suid-Afrika te probeer terugkry in die internasionale arena word ook hier bespreek.

In hoofstuk 6 word geselekteerde sportsoorte se reaksie op die boikotaksie ondersoek. Die optrede van individue, die negatiewe uitwerking van die sportboikot op verskeie sportsoorte en die frustrasies wat daarmee gepaard gaan word in hierdie hoofstuk hanteer. Daar word slegs op sekere sportsoorte gekonsentreer aangesien die omvang van al die sportsoorte in Suid-Afrika te groot sou wees om in hierdie studie te bestudeer.

Die politieke veranderinge en die gepaardgaande normalisering van sport in Suid-Afrika word in hoofstuk 7 bestudeer. Die gebeure op 2 Februarie 1990 en die snelle veranderinge op die gebied van sport wat hierna gevolg het, word bespreek. Daarna volg daar 'n evaluering van die rol wat sportisolasië as faktor gespeel het in die daarstelling van 'n nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika tussen 1980 en 1992.

As gevolg van die kontemporêre aard van die ondersoek, was sekere groeperinge binne die sport en politieke opset in Suid-Afrika soms huiwerig om uitspraak te lewer aangaande die toedrag van sake ten opsigte van sport in Suid-Afrika. Toe daar teen die helfte van die negentigerjare begin is met die studie het sportorganisasies soos die Suid-Afrikaanse Rugbyunie en die Verenigde Krieketraad van Suid-Afrika nog nie lank bestaan in hulle huidige vorm nie. Daar was veral vanuit die rugbygeledere groot huiwering om inligting vir die studie beskikbaar te stel. Met verloop van tyd het hierdie situasie egter verander namate sportorganisasies gegroei het in hulle transformasieproses. Inligting was later meer vrylik bekombaar en onderhoude in hierdie verband is meer geredelik toegestaan. Persoonlike verskille tussen sportadministrateurs het telkens

opgeduik met die versameling van inligting vir die studie en het gevolglik 'n negatiewe invloed gehad op die bruikbaarheid van 'n aantal van die onderhoude wat gevoer is.

Primêre bronne vorm 'n integrale deel van dié studie. Onder hierdie bronne sorteer onder andere onderhoude, jaarverslae, kommissie verslae, voorsittersverslae, notules en korrespondensie wat deur korrespondensie met verskeie prominente individue op die gebied van sport en in die politiek bekom is. In samehang met bogenoemde was veral die private versamelings van verskeie sportlui en -organisasies aan die Suid-Afrikaanse sportdokumentasie- en inligtingsentrum by die Suid-Afrikaanse Sportkommissie in Centurion 'n skatkis van primêre bronne. Privaat versamelings van verskeie politici in die Argief vir Eietydse Aangeleenthede aan die Vrystaatse Universiteit het ook 'n groot bydrae gelewer tot die inwin van primêre inligting.

Daar is sterk gesteun op mondelinge onderhoude, wat uiteenlopende aspekte van die studie gedek het. Onderhoude en gesprekke is met verskeie rolspelers gevoer wat almal op een of ander manier 'n aandeel gehad het vir of teen die versetaksie teen Suid-Afrikaanse sport. 'n Hartlike woord van dank word aan hulle almal gerig vir hulle aandeel in die voltooiing van dié studie.

Verskeie ondersoeke na sport is gedurende die tagtigerjare geloods, waarvan die verslae 'n deurslaggewende rol gespeel het vir dié studie. Die verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se ondersoek na Suid-Afrikaanse sport in 1980 het die basis daargestel vir die Regering se plan vir die ontwikkeling van sport in Suid-Afrika gedurende die tagtigerjare. In teenstelling hiermee het die verslae van die Verenigde Nasies se Komitee teen apartheid in sport met betrekking tot die opstel van 'n internasionale konvensie teen apartheid in sport gedurende die helfte van die tagtigerjare die grondslag gelê vir die hernude aanslag teen apartheid in sport. Hierdie verslag is gerugsteun deur die *South African Non-Racial Olympic Committee* se verslae wat sogenaamde "swartlyste" van sportlui met Suid-Afrikaanse verbintenisse en moontlike optrede teen apartheid in sport ingesluit het.

Koerante, plaaslik sowel as internasionaal, is in die Argief vir Eietydse Aangeleenthede aan die Vrystaatse Universiteit, die Edith Cowan Universiteitsbiblioteek, die sportargief aan die Vrye Universiteit, Brussels en die argiewe van die sportmuseums in Leuven, Keulen en Boston bestudeer. Koerantknipsels van spesifieke gebeure tydens die versetaksie teen sport is verkry van die Suid-Afrikaanse Dokumentasie- en Inligtingsentrum in Centurion. Verskeie pamflette, toesprake en televisieprogramme is geraadpleeg om sekere areas binne die studie aan te vul. Hierdie inligting was van onskatbare waarde aangesien dit hoofsaaklik vanuit die buiteland verkry is en tot so kort gelede as 1990 nie vrylik bekombaar was nie as gevolg van die aard en die omvang van die dokumentasie.

Benewens die primêre bronne is daar ook van sekondêre bronne gebruik gemaak. Min werklike goeie sekondêre bronne van Suid-Afrikaanse oorsprong was eens oor Suid-Afrikaanse sport in die tagtigerjare beskikbaar. Verskeie biografieë en outobiografieë van sportlui wat gedurende die tagtigerjare vir of teen die stryd teen apartheid verbonde was, het wel gedurende die studie verskyn. Die oorgrote meerderheid bronne wat wel oor die totale sportsituasie gedurende die tagtiger- en negentigerjare gepubliseer is, is deur buitelanders geskryf en het tot 'n groot mate sekere onakkuraathede bevat. Daar is dus met groot sorg te werk gegaan om te verseker dat subjektiwiteit en onjuisthede wat in hierdie werke opgeneem is, nie in dié studie weerspieël word nie. Die ander sekondêre bronne is ook, waar moontlik, aan deeglike toetsing onderwerp om sodoende 'n meer getroue rekonstruksie te verkry.

Verskeie wetenskaplike artikels het bygedra tot die verkryging van data vir die studie. Die belangrikste bron was in hierdie geval die *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, wat goed aangevul is deur veral Australiese en Amerikaanse publikasies. Verskeie vooraanstaande internasionale historici met belang by Suid-Afrikaanse sport het in hierdie publikasies gepubliseer. Die navorser was bevoorreg om in 1997 'n konferensie van die *Australian Society for Sports Historians* in Perth, Wes-Australië by te woon en 'n referaat te lewer aangaande dieselfde onderwerp as die van die studie. In reaksie hierop is verskeie gesprekke gevoer met mede-konferensiegangers wat belangstel in Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis. Uit hierdie gesprekke het vriendskappe ontwikkel wat tot die uitruil van artikels aangaande sportgeskiedenis aanleiding gegee het. Op hierdie wyse is verskeie wetenskaplike artikels aangaande Suid-Afrikaanse

sportgeskiedenis uit veral Australië en Nieu-Seeland ontvang. My opregte dank in hierdie opsig aan John Nauright, Doug Booth en Tara Magdalinski.

‘n Woord van besondere dank en waardering aan my promotor prof. Leo Barnard wat my deur dik en dun ondersteun en motiveer het in hierdie studie – baie dankie! Sonder u bydrae sou dit nie moontlik gewees het nie.

Dank ook aan die personeel by al die argiewe en institute waar ek navorsing gedoen het en met ope arms ontvang is. ‘n Besondere woord van dank aan Tersia Grobler van die Suid-Afrikaanse Sportkommissie wat ure en dae gehelp het om artikels en dokumentasie uit privaat versamelings op te spoor.

‘n Opregte woord van dank aan Ilse Olivier vir die taalkundige versorging van die studie.

Aan Anneke en my ouers ‘n besondere woord van dank vir die onderskraging en geduld met die studie. Dit word opreg waardeer.

‘n Innige dank aan ons Hemelse Vader vir Sy genade en die geleentheid wat aan my gebied is om die studie te kon onderneem.

Cobus Rademeyer

Bloemfontein

NOVEMBER 2002

HOOFSTUK 1

DIE ONTWIKKELING VAN 'N SPORTBELEID BINNE DIE APARTHEIDSRAAMWERK VAN DIE NASIONALE PARTY-REGERING, 1948-1980

Inleiding

In April 1994 het Suid-Afrika 'n ander politieke era betree met die totstandkoming van 'n nuwe grondwetlike bedeling, gebaseer op gelyke regte vir alle Suid-Afrikaners. Die algemene verkiesing van 26, 27 en 28 April 1994 het 'n nuwe tydvak van demokrasie ingelei, want vir die eerste keer kon alle Suid-Afrikaners hul stem uitbring ten einde demokraties te besluit wie die land moet regeer.

Die opbouproses tot die daarstelling van die nuwe politieke bedeling waarby alle Suid-Afrikaners aanklank kon vind, was 'n lang, uitgerekte en pynlike proses. Die miskenning van die regte van swartes in Suid-Afrika het vir baie jare die politieke geskiedenis in die land oorheers. Met die aanwysing van F.W. de Klerk as die leier van die regerende Nasionale Party op 2 Februarie 1989 het De Klerk die koudus van dié Party toegesprek en gesê: "Dit het tyd geword om 'n sprong te maak", waarop die koudus geantwoord het: "Spring, ons is langs jou!"¹ Die sprong wat De Klerk van gepraat het is egter nie 'n besluit wat oornag geneem is nie. Sedert die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het en die gedagte van apartheid in wetgewing omvorm het, het daar regdeur die wêreld stemme opgegaan wat apartheid veroordeel het.

Die Suid-Afrikaanse Regering is sedert 1948 vanuit verskeie oorde, plaaslik en internasionaal, veroordeel vir die wyse waarop apartheidswetgewing op swart Suid-Afrikaners afgedwing is. Die probleem is verder verdiep deur die komplekse aard van die Suid-Afrikaanse samelewing, wat bestaan uit die samevoeging van verskeie kompeterende

¹ Waldmeir, P., *Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of a new South Africa*, p. 108.

kulture, identiteite en ideologieë.² Die oorgrote meerderheid van hierdie samelewing het nie met die Nasionale Party se apartheidsbeleid saamgestem nie. Desondanks het die Nasionale Party die land met 'n ysterhand regeer en politieke gesag afgedwing met sy beleid van afsonderlike ontwikkeling.

Die politieke, sosiale en ekonomiese konfrontasies wat apartheid tot gevolg gehad het, het mettertyd 'n groot mate van onsekerheid onder landsburgers laat ontstaan oor die toekoms van Suid-Afrika. Die bekende Suid-Afrikaanse skrywer, Breyten Breytenbach, het hierdie onsekerheid as volg saamgevat:

"To my mind only a fool would pretend to understand comprehensively what South Africa is really about, or be objective and farsighted enough to glimpse its future course".³

Om De Klerk se uitspraak in 1989, en wat daarop gevolg het in perspektief te stel, moet daar dus gekyk word na die faktore wat daartoe aanleiding gegee het dat die Nasionale Party die beleid van apartheid opsy geskuif het en besluit het om die groot "sprong" tot onderhandelings met ander bevolkingsgroepe en politieke partye te maak. Die ekonomiese situasie in die land, die militêre verwickelinge en die sosiale omstandighede in Suid-Afrika het grootliks bygedra tot die Nasionale Party se besluit om hom tot die onderhandelingsstafels te wend.

Ekonomiese boikotte teen Suid-Afrika was een van die buiteland se eerste en sterkste wapens teen apartheid. Verskeie oorsese organisasies het besluit om nie verder in Suid-Afrika betrokke te wees nie en het hul kantore in Suid-Afrika gesluit. Van die vooraanstaande wêreldmoondhede het besluit om geen ekonomiese kontak met Suid-Afrika te behou nie en het ekonomiese boikotte en sanksies teen Suid-Afrika ingestel. Deur hierdie boikotte en sanksies het die buitewêreld Suid-Afrika daarvan probeer bewus maak dat dit in die land se eie belang is dat apartheid afgetakel moet word en die regering moet toetree tot onderhandelings aangaande 'n nie-rassige en verteenwoordigende regering.⁴ Die

² Nauright, J., *Sport, Cultures and Identities in South Africa*, p. 1.

³ Breytenbach, B., *Return to paradise*, p. xviii.

⁴ Rampal, S., et al., *Changing Southern Africa. South Africa: The Sanctions Report*, p. 12.

ekonomiese aanslag teen Suid-Afrika het verreikende gevolge vir die land ingehou en het daartoe bygedra dat die Suid-Afrikaanse ekonomie gedurende die apartheidsera voortdurend onder druk was.

Die stryd teen apartheid het met verloop van tyd ontwikkel in 'n gewapende stryd wat by tye volskaalse militêre operasies, bloedvergieting en lewensverliese tot gevolg gehad het. Die vryheidstryd in Suid-Afrika het 'n nuwe dimensie aangeneem met die stigting van *Umkhonto we Sizwe* (MK) in 1961. Die leierskap van MK het geweld as 'n alternatief vir die oplossing van die probleme in Suid-Afrika as volg verdedig:

"The time comes in the life of any nation when there remain only two choices: submit or fight. That time has come to South Africa. We shall not submit and we have no choice but to hit back by all means within our power in defence of our people, our future and our freedom".⁵

Die militêre aanslag teen apartheid in Suid-Afrika is aanvanklik gekenmerk deur sabotasie, maar het later oorgegaan na die ander drie fases wat deur Nelson Mandela uitgestippel is, naamlik guerilla oorlogvoering, terrorisme en revolusie.⁶ Botsings tussen die polisie en die vryheidsvegters het veral sedert die sestigerjare baie lewensverlies tot gevolg gehad, wat deur die anti-apartheidsbewegings in Suid-Afrika en in die buiteland baie sterk veroordeel is. Die vryheidsideaal onder die swartes in Suid-Afrika het die NP se regeringstelsel voortdurend onder druk geplaas en die Regering genoodsaak om dienooreenkomstig op te tree. Elke geval van onderdrukking en reaksie vanuit polisie geledere is met afgryse begroet in die buiteland. Dit het die druk op die Regering en die polisie laat toeneem om vir alternatiewe oplossings te soek vir die probleem van afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika.

Een van die mees suksesvolste aksies wat teen Suid-Afrika geloods is in 'n poging om die magsbasis van apartheid te vernietig, was die sportboikot. Die gebruik van sportboikotte het

⁵ Liebenberg, I., et al., *The Long March. The story of the struggle for the liberation of South Africa*, p. 25.

⁶ Karis, T., en G. Carter (red), *From protest to challenge: A documentary history of African politics in South Africa 1882-1964*, p. 667.

'n baie lang geskiedenis. Die eerste opgetekende sportboikot het in die jaar 420 v.C. plaasgevind toe die Spartane verhoed is om aan die antieke Olimpiese Spele in Olympia deel te neem. Die Spartane het die Olimpiese wapenstilstand verbreek en moes eers 'n boete betaal alvorens hulle weer toegelaat is tot die Spele.⁷ Die sportboikot teen Suid-Afrika is dus nie uniek nie, maar dit was in omvang een van die grootste boikotaksies wat nog in die sportwêreld geloods is.

Die sportboikot teen Suid-Afrika is gesien as die mees suksesvolle nie-ekonomiese boikot teen die land se apartheidsbeleid. Teen die einde van die tagtigerjare, toe sport isolasie op sy felste gevoel is, was Suid-Afrika uitgesluit uit meer as negentig persent van alle internasionale sport en is geskors uit die Olimpiese beweging en die meeste vernaamste wêreld-sportbeheerliggame.⁸ Vanuit die Suid-Afrikaanse sportgeledere is hierdie stappe gesien as baie onregverdig, omdat die meeste Suid-Afrikaanse sportsoorte teen die einde van die tagtigerjare reeds op groot skaal genormaliseer was. Die delikate wisselwerking tussen sport en politiek het egter verseker dat sport in Suid-Afrika verstrengel gebly het met die politieke eise van die dag en apartheid as wetgewing het sodoende 'n baie negatiewe invloed op Suid-Afrikaanse sport behou.

Sportlui het toenemend ontevrede geraak oor die uitwerking van die politiek op sport en hulle in die openbaar van apartheid gedistansieer. Vir die anti-apartheidsgroeperinge was dit egter nie goed genoeg nie en is daar aangedui dat apartheid in sy totaliteit geskrap moet word voordat die normaliseringsprosesse in sport aanvaar sal word. In beginsel het dit beteken dat Suid-Afrikaanse sport in die internasionale duistennis sal bly totdat apartheid van die wetboek geskrap word. In reaksie hierop het Suid-Afrikaanse sportlui op verskeie maniere gepoog om die Regering te oortuig om af te sien van apartheid.

Vir die doel van hierdie studie gaan daar gekyk word na die wisselwerking van sport en politiek in Suid-Afrika en tot watter mate sportisolاسie bygedra het tot die totstandkoming van 'n nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika. Die invloed van die Regering se sportbeleid,

⁷ Goldsmith, M., "Sporting boycotts as a political tool" in *Australian Quarterly*, Vol. 67, n. 1, 1995, p. 11.

⁸ Ramphal, et al., p. 60.

weerstand teen hierdie beleid en die optrede van sportlui ten einde apartheid in sport te vernietig sal derhalwe in diepte bestudeer word.

Die wisselwerking tussen sport en politiek in Suid-Afrika

In die Suid-Afrikaanse samelewing, ongeag kleur en kultuur, is daar 'n fanatiese navolging van sport te bespeur wat moontlik slegs deur Nieu-Seelanders geëwenaar kan word. Die verskil in die ontwikkeling en ondersteuning van sport in dié twee lande is die feit dat Suid-Afrikaanse sport 'n baie komplekse geskiedenis het.

In die bestudering van Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis word dit gou duidelik dat hierdie 'n unieke gebeurlikheid is met 'n eiesoortige ontwikkelingspatroon. "Suid-Afrika se sportgeskiedenis het 'n pad geloop wat enig in sy soort in wêreldgeskiedenis is. Aangesien die deursnee Suid-Afrikaner, hetsy as speler of toeskouer, sy sport hoog ag, speel sport 'n baie belangrike rol in sy alledaagse lewe. Politiek is die ander onderwerp waaroor die Afrikaner driftig kan raak. Dat sport en politiek se paaie moes kruis, is onvermydelik".⁹ Daar word dikwels verkeerdlik na die Nasionale Party oorname in 1948 verwys as die waterskeiding vir afsonderlike sportontwikkeling in Suid-Afrika. Die Nasionale Party het wel afsonderlike sportbeoefening grondwetlik afdwingbaar gemaak met sy apartheidsbeleid, maar hierdie skeiding op sportvlak gebaseer op velkleur is lank voor 1948 reeds in Suid-Afrika beoefen.

Die eerste helfte van die twintigste eeuse Suid-Afrikaanse geskiedenis is hoofsaaklik oorheers deur die Boer-Brit verhoudinge. Hierdie konflik, hoofsaaklik polities van aard, het ook na die sportveld deurgesypel. Die meeste sportsoorte is gedurende die laaste twintig jaar van die negentiende eeu in Suid-Afrika gevestig¹⁰, maar die verpolitisering daarvan het eers vroeg in die huidige eeu begin plaasvind.

In die tydperk tussen die Anglo-Boere Oorlog en die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 het twee faktore die beoefening van sport in Suid-Afrika oorheers. Dit was

⁹ Smit, J.P.J., **Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Sportbeleid en sy politieke implikasies, 1948-1979**, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS), p. vii.

¹⁰ Archer, R. en A. Bouillon, **The South African Game. Sport and Racism**, p. 22.

die Britse besetting van die boere-republieke en die tradisionele rassesamestelling in die land.¹¹ Spanning tussen Boer en Brit het tydens die dertiger- en veertigerjare 'n hoogtepunt bereik. Suid-Afrika se ondersteunende rol aan die geallieerde magte tydens die Tweede Wêreldoorlog asook die pogings van die Smuts-regering om sport diensbaar te maak aan die oorlogspoging het tot verset gelei, veral by die anti-oorlogsgesinde Afrikaners.¹² Eers jare na die oorlog is sportverhoudinge tussen dié twee taalgroepe in Suid-Afrika genormaliseer.

Verskeie gevalle van sportkontak oor die kleurgrens heen is sedert laat in die vorige eeu aangeteken. So byvoorbeeld, dateer ontspanningskrieket tussen blankes en Maleiers in die Kaapkolonie vanuit die laat negentiende eeu.¹³ "Gemengde"¹⁴ sportbeoefening oor die kleurgrens heen, soos in die Suid-Afrikaanse konteks moet egter, as gevolg van die komplekse samelewing, vroeër of later tot politieke konflik lei.

Met die bewindsoorname van generaal J.B.M Hertzog in 1924 het die Rassevraagstuk sterk na vore getree. Hertzog se idees aangaande die integrasie van verskillende bevolkingsgroepe het sterk teenkanting vanuit Afrikanergeleedere ontlok en het spoedig weerklank in die sportwêreld gevind.¹⁵ Teen hierdie tyd het verskeie sportsoorte reeds veelrassige beheerrade gehad en wedstryde tussen blank en nie-blank is op gereelde grondslag georganiseer.¹⁶

Sportverhoudinge oor die kleurgrens is egter nie altyd sonder teenstand begroet nie. In 1931 besluit die Suid-Afrikaanse Amateur Atletiekvereniging dat kleurskeiding in dié sportsoort toegepas sal word.¹⁷ Die Suid-Afrikaanse Krieketunie skaar hom hierby en besluit om slegs spelers van Europese (blanke) afkoms te kies.¹⁸ *Die Transvaler* regverdig hierdie besluit op segregasie as volg: "Hier kan geen maatskaplike gelykstelling, in watter vorm ook al, tussen

¹¹ RGN Sportondersoek, Sportbestuur (deel 1), p. 61.

¹² Smit, p. 1.

¹³ Scholtz, G.J.L., *Grondslae vir Rekreasiekunde*, p. 124.

¹⁴ Met die word "gemengde" sport word daar bedoel die gesamentlike beoefening van sport deur sportlui van verskillende rasse of etniese agtergronde.

¹⁵ Smit, p. 4.

¹⁶ Thompson, R., *Race and Sport*, p. 25.

¹⁷ Anderson, P.G., *An investigation into the effect of race and politics on the development of South African sport (1970-1979)*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch), p. 36.

blank en swart toegelaat word nie. Suid-Afrikaanse sportmanne handhaaf die skeidslyn net soos dit op ander gebiede geskied".¹⁹ Gevalle soortgelyk aan bogenoemde het al meer alledaags geword namate blanke oorheersing van sport en sportorganisasies toegeneem het.

Buitelandse verset teen aparte sportontwikkeling in Suid-Afrika

Een van die eerste tekens van buitelandse verset teen die steeds groeiende tendens van aparte ontwikkeling van sport in Suid-Afrika, het gekom vanuit die Nieu-Seelandse rugbygeledere. Toe 'n Nieu-Seelandse weermagrugbyspan Suid-Afrika in 1919 op uitnodiging van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) besoek het, was een van hul beste voorspelers, "Ranje" Wilson, vanweë die Suid-Afrikaanse kleurskeidslyn onwelkom in die land. Tydens 'n latere Springboktoer na Nieu-Seeland in 1921 het 'n joernalis neerhalend na die Maori's verwys deur te skryf dat "die Bokke teen Kleurlinge moes speel".²⁰

Reeds voordat die Nieu-Seelandse rugbyspan in 1928 hul eerste volwaardige besoek na Suid-Afrika bring het die Suid-Afrikaanse bestuur daarop aangedring dat geen Maori in die All Black-span ingesluit word nie.²¹ In reaksie hierop besluit die Nieu-Seelandse Rugbyunie, ten einde goeie sportbetrekkinge met Suid-Afrika te behou, om toe te gee aan dié versoek. Hierdie besluit, wat tot gevolg gehad het dat George Nepia, hul ster Maori-heelagter moes tuis bly, is as 'n diplomatieke triomf in Suid-Afrika ontvang. In Nieu-Seeland is dit egter as 'n grootse belediging beskou. In 1937 besoek die Springbok rugbyspan Nieu-Seeland die tweede keer. Gedurende hierdie toer word geen wedstryd teen die Maori's gespeel nie, aangesien die Maori's uit protes teen die vernedering van 1928 nie teen die Springbokke wou speel nie.²² Rugbybetrekkinge tussen dié twee lande is jare na hierdie voorvalle steeds vertroebel deur die Maori-kwessie (sien hoofstuk 4).

Die 1934-Statebondspele

Op die jaarvergadering van die Statebondspele in 1931 is daar voorgestel dat die Unie van

¹⁸ Van der Merwe, F.J.G., **Sportgeskiedenis**, p. 166.

¹⁹ **Die Transvaler**, 15 Augustus 1942.

²⁰ Van der Merwe, p. 166.

²¹ Thompson, R., **Retreat from Apartheid: New Zealand's Sporting contacts with South Africa**, p. 14.

²² van der Schyff, P., "Sportvriende word vyande" in **De Kat**, Februarie 1988, pp. 98-99.

Suid-Afrika die 1934-Spele moet aanbied. In reaksie hierop word op die Suid-Afrikaanse Amateur Atletiek- en Fietsryvereniging se jaarvergadering later dieselfde jaar besluit: "It was agreed... that in respect of the Empire Games which was proposed should be held in South Africa in 1934 the Association expresses the opinion that the 'colour bar' would of necessity have to be enforced here as conditions in this country did not permit of coloured athletes appearing in competition with Europeans".²³

Hierdie besluit het veel gedoen om Suid-Afrika die Spele te ontnem, want kort hierna word bogenoemde uitlating as volg uit Londen geantwoord:

"With reference to the proposal to hold the Empire Games in South Africa in 1934, the Association decided to uphold the colour bar and in view of conditions existing in the Union, will not be permitting athletes from countries such as India and the West Indies to take part even at the risk of appearing discourteous".²⁴

Aangesien nie-blanke atlete van die ander Britse kolonies nie welkom was in Suid-Afrika nie²⁵, is daar besluit om die Spele in Londen te hou, want dan sou dit nie vir die kolonies nodig wees om van hul beste atlete op grond van hul velkleur by die huis te los nie.

Die invloed van die Tweede Wêreldoorlog op Suid-Afrikaanse sport

Suid-Afrika se betrokkenheid by die Tweede Wêreldoorlog het intense interne politieke en sosiale konflik tot gevolg gehad wat groot verdeeldheid in blanke sport veroorsaak het.²⁶ Hierdie konflik in sport het gelei tot pynlike skeurings in provinsiale sportliggame en klubs wat lank na die oorlog eers herstel is. Onderlinge politieke invloede het hierdie konflik aangevuur en tweespalt in Suid-Afrikaanse sport laat ontstaan wat nie oornag sou herstel nie. Die Tweede Wêreldoorlog het egter ook belangrike implikasies vir sport in Suid-Afrika ingehou. Onmiddellik na afloop van die oorlog het die hoop by baie Suid-Afrikaners ontstaan dat die segregasie van die koloniale era nou vir goed verby was.²⁷ Dit het gepaard

²³ RGN Sportondersoek, p. 64.

²⁴ Ibid.

²⁵ Amateur Athletic Union of Canada: Minutes of the 1934 Annual General Meeting, p. 54.

²⁶ RGN Sportondersoek, p. 67.

²⁷ Merrett, C., "In nothing else are the Deprivers so Deprived: South African Sport, Apartheid and Foreign Relations, 1945-1971", in *The International Journal of the History of Sport*, Vol. 13, no. 2, Augustus 1996, pp. 146-147.

gegaan met die internasionale versetpoging teenoor enige vorm van onderskeid of diskriminasie op grond van ras, kleur, politiek of geloof, waarby sport as sosiale instelling ook betrek is.

Suid-Afrika is in die na-oorlogse jare oorheers deur die opkoms van die Herenigde Nasionale Party, met 'n nuwe beleid ten opsigte van die Kleurvraagstuk. Hierdie apartheidsbeleid is in die jare wat sou volg uitgekryt as die stukrag agter afsonderlike sportbeoefening in Suid-Afrika. Die feit is egter dat Suid-Afrikaanse sport, net soos die Suid-Afrikaanse samelewing, lank voor die implementering van apartheid reeds deur rasisme gestruktureer is.²⁸ Toe die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, was rassessekiding in Suid-Afrika reeds goed gevestig, maar nog nie deur wetgewing vasgelê nie.²⁹ Afsonderlike sportbeoefening en rassisme in sport was dus lank reeds deel van die Suid-Afrikaanse samelewing. Die apartheidsbeleid van die NP-regering het egter deur wetgewing struktuur gegee aan afsonderlike ontwikkeling en segregasie, wat beteken het dat sport ook volgens hierdie neergelegde riglyne beoefen sou moes word.

Die Tweede Wêreldoorlog het realiteite op talle terreine in die Weste, maar veral op die Afrikakontinent, na die oppervlak gedwing. Hierdie na-oorlogse tendense en verwickelinge sou uiteraard ook weerklank in Suid-Afrika vind.³⁰ Die strydpunte van die Suid-Afrikaners, meer spesifiek die Afrikaner, sou gedurende hierdie tydperk merkbaar verander. Die vooroorlogse taalverskille met die Britte het, veral ná die NP bewindsoorname in 1948 plek gemaak vir 'n konflik gebaseer op velkleur. Die Kleurvraagstuk, wat die blanke Suid-Afrikaanse politiek vir die volgende halfeeu sou oorheers, het ook 'n groot rol gespeel in die vorming van die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis. Voor en tydens die oorlog het die konflik tussen Afrikaner en Brit ook tot in die sportarena deurgesypel. Na die oorlog, namate die strydpunt van die Afrikaner van taal na kleur verskuif het, het dit weereens tot in alle vlakke van sport in die land deurgevloei.³¹ Vir die Afrikaner was sport, veral rugby

²⁸ Kidd, B., "The campaign against sport in South Africa", in *International Journal*, Vol. XLVII, no. 4, Autumn 1998.

²⁹ Anderson, p. 37.

³⁰ Marais, A.H., en O. Geyser, "Die redes vir die totstandkoming van die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika, 1982-1983" in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Jaargang 20, nommer 2, Desember 1995.

³¹ Van der Merwe, p. 153.

en krieket, lank reeds meer as net 'n leefwyse. Verskeie oorsese toerspanne het, met hul vertrek na 'n toer deur Suid-Afrika, opgemerk dat blanke sportsoorte in hierdie land³² as niks minder as afgodery geklassifiseer kon word nie.

Die interafhanklikheid van sport en politiek in Suid-Afrika, soos dit in die handel bekend geword het, is met die Nasionale Party se oorwinning in die 1948-verkiesing sterk beklemtoon. Vir die volgende vier dekades het sport in Suid-Afrika onder die apartheidsbeleid van die Nasionalistiese regering gely. Die stigting van talle instansies, organisasies en optredes van invloedryke individue ten einde sport te gebruik as pion in die stryd teen apartheid, het veel bygedra om die wisselwerking van hierdie twee aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing te illustreer.

Internasionale teenkanting teen die Suid-Afrikaanse konsep van eievolkige sportbeoefening het reeds kort na die oorlog begin posvat. Sedert 1945 het weerstand teen rassesseiding in sport vir die eerste keer werklik na vore gekom. Binne twee dekades het dit soveel momentum opgebou dat die protes tot 'n goed georganiseerde internasionale aanslag teen Suid-Afrika ontwikkel het.³³ Die Nieu-Seelandse Rugbyunie het in 1946 'n besluit geneem dat die sterkste moontlike All Black-span gekies sal word om in 1948 na Suid-Afrika te toer, ongeag die Suid-Afrikaanse beperkinge op veelrassige sport.³⁴ Hierdie besluit is egter herroep nadat negatiewe reaksie vanuit Suid-Afrika, asook die implementering van apartheid as wetgewing ná die 1948-verkiesing, die insluiting van Maori's in die span feitlik onmoontlik gemaak het.

Die 1948 Algemene Verkiesing

Die Herenigde Nasionale Party, onder leierskap van dr. D.F. Malan, het reeds gedurende die oorlogsjare werk begin maak van 'n gestruktureerde beleid ten einde segregasie in die Suid-Afrikaanse samelewing toe te pas. In 1943 stel dr. Malan vir Paul Sauer aan om 'n Kommissie van Onderzoek te lei insake die Nasionale Party se beleid ten opsigte van die

³² Krieket en rugby is as sogenaamde "blanke sportsoorte" gebrandmerk vanweë fanatiese ondersteuning vir hierdie sportsoorte deur die Blanke, Afrikaanssprekende middelklas in Suid-Afrika.

³³ Van der Merwe, p. 166.

³⁴ Geldenhuys, D., *Isolated States. A Comparative Analysis*, p. 631.

Kleurlinge in Kaapland.³⁵ Die doel van hierdie kommissie was om die posisie van die Kleurlinggemeenskap in die politieke, ekonomiese en maatskaplike struktuur van die land te oorweeg. Die aanbevelings van die kommissie, wat net op die Kaapprovinsie betrekking gehad het, het apartheid tussen blankes en Kleurlinge op politieke, maatskaplike en industriële gebiede op uitgebreide basis voorgestel.

Die Herenigde Nasionale Party het reeds vanaf 1943 die benaming "apartheid" geleidelik begin gebruik sodat dit teen 1948 binne die party algemeen aanvaar is.³⁶ Kort na die voorlegging van die Sauer-verslag in 1945 het Malan sy kommissie aangaande die Kleurlingsake opdrag gegee om op die grondslag van apartheid 'n omvattende beleid vir die Nasionale Party uit te werk ten opsigte van die Kleurlingvraagstuk.³⁷ Twee jaar later word die Sauer-kommissie voor taak gestel om 'n beleid vir die Kleurvraagstuk in sy geheel na te vors. Die Sauer-verslag wat uit die ondersoek van die kommissie voortgespruit het, het alom as die "Bloudruk vir Apartheid" bekend gestaan.³⁸ Die voorstelle van die Sauer-verslag, wat algehele apartheid tussen swart en wit voorgestaan het³⁹, het as stewige basis gedien vir die Party se strewe na sukses in die 1948-verkiesing.

Met die besef dat die Verenigde Party in die na-oorlogse jare 'n aanvaarbare en praktiese uitvoerbare beleid ten opsigte van die swartes moes formuleer, stel Generaal Smuts in 1946 dienooreenkomstig 'n Kommissie van Ondersoek aan. Hierdie kommissie, onder leiding van Regter Henry Fagan, moes ondersoek instel na die wette wat betrekking gehad het op die paswette en die indiensneming van gasarbeiders in myne en ander industrieë in die land.⁴⁰ Met die aanstelling van die Fagan-kommissie wou Smuts die Kleurvraagstuk uit die politieke debatvoering haal en die aanslae van die opposisie afweer.⁴¹ Dit was egter 'n reuse taak aangesien die Kleurvraagstuk as een van die Herenigde Nasionale Party se magtigste wapens in die 1948-verkiesingsveldtog beskou is. Die Fagan-verslag, wat onder andere

³⁵ Nasionale Party Kaapland Versameling, PV 27 (6/5/1/2/1/1)

³⁶ Theron, E., et al, **Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika**, p. 203.

³⁷ Thom, H.B., **DF Malan**, p. 252.

³⁸ Posel, D., "The Meaning of Apartheid before 1948: Conflicting interests and forces within the Afrikaner Nationalist Alliance" in **Journal of South African Studies**, p. 123.

³⁹ De Villiers, D., et al, **Paul Sauer**, p. 84.

⁴⁰ Barnard, S.L. en A.H. Marais, **Die Verenigde Party, die groot eksperiment**, p. 63.

⁴¹ Friedman, B., **Smuts, A Reappraisal**, p. 168.

apartheid as onprakties gesien het, is slegs 'n paar maande voor die verkiesing in 1948 ter tafel gelê, en die Verenigde Party kon dit nie met veel vrug in sy verkiesingsveldtog gebruik nie.

Die verkiesing van 1948 het op 'n baie ongeleë tyd vir die Verenigde Party plaasgevind. Die Party het kort voor die verkiesing ernstige terugslae beleef. Suid-Afrika se aansoek om Suidwes-Afrika in te lyf, het misluk.⁴² Die Verenigde Party het ook nie daarin geslaag om die land se na-oorlogse probleme op te los nie. Gepaardgaande hiermee het dit duidelik begin word dat kleurpolitiek die 1948-verkiesing sou oorheers. Die botsende belange ten opsigte van die Keurvraagstuk wat tussen die Liberale en Nasionalistiese blanke ideologieë ontstaan het, was duidelik sigbaar in die verslae van die Sauer- en Fagan-kommissies. Die uitslae van twee tussenverkiesings in 1947 het juis daarop gedui dat Smuts kwesbaar was vir die Kleurvraagstuk⁴³, terwyl die Nasionaliste baie sterk op hierdie kwessie gesteun het.

Die Herenigde Nasionale Party het die 1948-verkiesing met 'n weldeurdragte apartheidsbeleid tegemoet gegaan, terwyl die Verenigde Party tydens die verkiesing 'n mate van beleidloosheid getoon het, veral aangaande die Kleurvraagstuk. J.H. Hofmeyr, een van Smuts se steunpilare binne die Party, som die VP se houding ten opsigte van die nie-blankes as volg op: "Ons het geen beleid nie.....die saak sal homself oplos".⁴⁴

Dit was juis hierdie beleidloosheid in 'n veranderende wêreld wat die Afrikaner die waarde van volkseenheid laat besef het, en hom die 1948-verkiesing laat wen het.⁴⁵ Die oorwinning van die Herenigde Nasionale Party/Afrikaner Party-koalisie in die 1948-verkiesing⁴⁶ het tot gevolg gehad dat Malan sy apartheidsbeleid, soos daargestel deur die Sauer-kommissie, kon implementeer.

Die oomblik van waarheid het nou vir die Afrikaner aangebreek. Vir vyftig jaar is die Afrikaner regeer deur leiers wat regdeur die Suid-Afrikaanse Oorlog en die Unie van Suid-

⁴² Barnard, p. 63.

⁴³ Stultz, M.M., *Afrikaner Politics in South Africa 1934-1948*, p. 119.

⁴⁴ Van Jaarsveld, F.A., *Afrikaner quo vadis?*, p. 110.

⁴⁵ Schoeman, B.M., *Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 300.

⁴⁶ *Ibid.*

Afrika totale beheer oor landsake uitgeoefen het.⁴⁷ Selfregering het in 1948 in die vorm van apartheid oornag 'n werklikheid in die Suid-Afrikaanse politiek geword en heel moontlik die mees omstrede halfeeu in die Suid-Afrikaanse geskiedenis ingelei.

Dit is noodsaaklik om die 1948-verkiesing in diepte te bespreek, want dit het verreikende gevolge vir sport in Suid-Afrika ingehou. Alhoewel afsonderlike sportbeoefening reeds voor 1948 aan die orde van die dag was, het die uitslag van die verkiesing die beeld van sport in Suid-Afrika vir altyd verander. Die koms van apartheid het die sosiale verskille binne die Suid-Afrikaanse samelewing verder laat verdiep en die afdwinging van afsonderlike sportbeoefening het groot nadeel vir die samelewing ingehou.

Die Nasionale Party aan bewind

Die oorwinning van die Nasionale Party in die verkiesing was nie heeltemal te wagte nie. Selfs binne die Party is dit as 'n groot verrassing gesien. Met verwysing na die uitslae sê Malan dat "...daar het 'n wonderwerk gebeur wat niemand verwag het nie".⁴⁸ Die apartheidsideaal wat die Afrikaner-Nasionaliste voor 1948 net van kon droom, het nou 'n werklikheid geword. Moontlike probleme wat met die uitvoering van apartheid gepaard gaan, sou eers met die implementering van hierdie drastiese nuwe beleid na vore kom. Die praktiese uitvoerbaarheid daarvan is nou eers deeglik getoets, terwyl plaaslike en buitelandse druk teen apartheid na die verkiesing snel toegeneem het.

Dit het gou duidelik geword dat die Nasionale Party se apartheidsbeleid nie net groot magte vir die Afrikaner verseker het nie, maar ook groot gevaar vir die swartes in die land ingehou het. Die beperkinge wat dit op swartes, Kleurlinge en Asiërs in Suid-Afrika geplaas het, het 'n snelgroeïende reaksie daarteenoor laat ontwikkel en 'n feitlik onoorbrugbare kloof tussen verskillende kleurgroepe in die land laat ontstaan. Een van die gevolge van die implementering van apartheid was dat afsonderlikheid in sport die eerste keer wetlik afdwingbaar geword het.⁴⁹ Alhoewel die Nasionale Party nie dadelik 'n sportbeleid daargestel het nie, was die implikasies van apartheid op sportgebied baie duidelik.

⁴⁷ Beinart, W., *Twentieth-century South Africa*, p. 138.

⁴⁸ Van Rooyen, J.J., *Altyd Nuut - Nasionale Party Regeer 40 jaar*, p. 18.

⁴⁹ Kotzé, G., *Sport en Politiek*, p. 36.

Die Kleurskeidslyn as aanleidende oorsaak tot sport-politieke konflik

Die drastiese veranderinge wat apartheidswetgewing geïmpliseer het, het skokgolwe deur die wêreld gestuur. Die nuwe Suid-Afrikaanse Regering is as gevolg hiervan kort na die 1948-verkiesing reeds wyd gekritiseer en as rassiste uitgekryt. As voorstanders van segregasie het die Nasionale Regering nuwe wetgewing die lig laat sien ten einde afsonderlike ontwikkeling moontlik te maak. Politieke apartheid sou egter noodgedwonge lei tot afsonderlike ontwikkeling op alle ander terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing. Op die lange duur sou sport, iets wat die Afrikanervolk baie na aan die hart lê, krities geraak word deur hierdie ideaal van afsonderlike ontwikkeling. In teenstelling met die algemene opvatting was dit egter nie politiek wat sport eerste betrek het nie, maar wel andersom.⁵⁰ 'n Sameloop van omstandighede voor 1948 het verseker dat die Nasionale Party 'n verdeelde "sporterfenis" op die koop toe gekry het. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se Sportverslag beskryf dit as volg:

"....die Nasionale Party (het) in 1948... 'n sporterfenis ontvang waarin apartheidsport reeds sy volle beslag gevind het. Wat daarby geërf is, is die begin van versetaksies teen apartheidsport ...met veelrassige sport as die oënskynlike einddoel".⁵¹

Aangesien apartheid die hoeksteen van die Nasionale Party was, het dit ook sport geraak. Dit het meegebring dat weerstand teen dié beleid aansienlik toegeneem het vanuit sportgeledere.

Met die implementering van apartheid as wetgewing na die 1948-verkiesing, is apartheid in sport vir die eerste keer "amptelik" toegepas. Tot op hierdie stadium het die sportliggame in Suid-Afrika self voorsiening gemaak vir die sosiale sisteem van segregasie in sport.⁵² Die eerste gedokumenteerde reaksie teen rassesseiding in sport het in 1946 plaasgevind. Dit was toe ene T. Ragasamy namens die nie-blanke gewigoptellers van Suid-Afrika by die Britse Amateur Gewigoptellersvereniging om affiliasie aansoek gedoen het. Op hierdie stadium was die enigste beheerliggaam in hierdie sport, wat amptelike erkenning geniet het, die

⁵⁰ Van der Merwe, F.J.G., *Sportgeskiedenis*, p. 153.

⁵¹ R.G.N.-Sportondersoek, p. 69.

⁵² Lapchick, R., *The politics of race and international sport: the case of South Africa*, p. 11.

blanke organisasie waarby nie-blankes nie kon affilieer nie.⁵³ In antwoord op sy versoek spreek Oscar State, sekretaris van die Britse beweging hom as volg uit:

"...we cannot bring any pressure on the South African Weightlifting Federation to force them to recognize you. Their rules, as with all national sporting associations in South Africa, will not permit of mixed contests between white and coloured athletes. This is also a condition of the South African Olympic Council, therefor no coloured man could be chosen to represent South Africa in the international contests."⁵⁴

Die siening van State ten opsigte van die Suid-Afrikaanse sportstruktuur wys duidelik daarop dat apartheid in sport reeds gevestig was voordat die NP sy apartheidwetgewing geïmplementeer het. Die totstandkomning van die Verenigde Nasies met sy humanitêre inslag het verder 'n gevoelige klankbord geword vir die eise van die liberales binne Suid-Afrika. Die kleurskeidslyn wat toe in Suid-Afrikaanse sport teenwoordig was, het veroorsaak dat humanitêre en politieke beweegredes die aanleidende oorsake was vir die sportisolاسie waarin Suid-Afrika hom mettertyd sou bevind.⁵⁵ Die ontwaking van 'n "sluimerende" Afrika-nasionalisme na die oorlog het 'n versetaksie by swart Suid-Afrikaners aangevuur, veral met die bewuswording van hul geweldige agterstand in die land, ook op sportgebied. Terwyl die Afrikaner se leefwyse en -standaard onder die apartheidsregering gedy het, het die maatskaplike standaarde van die swartes in die land tot 'n stilstand gekom en agteruit begin gaan.⁵⁶ Een van die faktore wat daartoe gelei het dat die versetaksies deur die swartes teen apartheidsport na 1948 nuwe momentum gekry het was die bewuswording van hul geweldige agterstand op sportgebied.⁵⁷ Gedurende 'n besoek aan Engeland in 1951 wen Jake N'Tuli die Britse vlieggewigtitel. Kort hierna kondig dr. T.E. Dönges, Minister van Binnelandse Sake, aan dat geen nie-blanke boksers toegelaat sal word om na Suid-Afrika te reis om hier teen nie-blanke Suid-Afrikaners mee te ding nie.⁵⁸ Deur hierdie standpunt in te neem, het die Nasionale Party hul erns met afsonderlike beoefening

⁵³ Anderson, p. 36.

⁵⁴ Lapchick, p. 62.

⁵⁵ Smit, p. 12.

⁵⁶ Archer, p. 43.

⁵⁷ Smit, p. 12.

⁵⁸ Lapchick, p. 62.

van sport in Suid-Afrika getoon.

Tussen 1952 en 1954 is vele pogings deur die nie-blanke Suid-Afrikaanse Sokkerfederasie (SASF) aangewend om 'n nasionale eenheid met hul blanke genote, die Sokkervereniging van Suid-Afrika (FASA) te vorm.⁵⁹ FASA het toegestem, mits SASF aanvaar dat hul geen stemreg op die nasionale komitee sou hê nie. SASF het dit verwerp en hul versoek aan die Internasionale Sokkerfederasie (FIFA) voorgelê. Dit is deur FIFA terugverwys vir verdere samesprekings op nasionale vlak in Suid-Afrika tussen SASF en FASA. Kragtens wetgewing was die samesmelting van die twee liggame nie moontlik nie en is die kloof tussen swart en wit op sportgebied verder verdiep. Verdere pogings deur FIFA in 1955 om die twee liggame te versoen het op 'n dooiepunt uitgeloop en die skaakmat situasie het voortgeduur. Gedurende dieselfde jaar is die eerste formele internasionale aanklag teen Suid-Afrika se beleid van afsonderlike sport gemaak. Die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) het Suid-Afrika daarvan aangekla dat hulle die IOK-handves verontagsaam het deur geen nie-blankes in aanmerking te neem vir die Suid-Afrikaanse Olimpiese span nie. Eerwaarde Trevor Huddlestone stel hierdie dilemma as volg:

"The Olympic Games are open to competitors from the whole world over...with the exception of the non-white people of South Africa. South African teams to these Games have so far been selected only from the white population of the country although the other sections have produced men of Olympic status."⁶⁰

Die belangrikheid van hierdie aanklagte teen Suid-Afrika lê daarin dat apartheid in sport ook internasionaal groot opspraak verwek het. Die Suid-Afrikaanse regering het nou voor die taak gestaan om ook op sportgebied 'n duidelike beleid daar te stel ten einde aparte sportontwikkeling suksesvol deur te voer.

Die J.G. Strijdom-administrasie en sportsegregasie: die bloudruk vir apartheid in sport

Gedurende die res van die vyftigerjare het die gespanne swart-wit verhouding op

⁵⁹ SASF het hul pleidooi om eenheid gebaseer op die feit dat hulle 82% van die bevolking verteenwoordig, terwyl FASA slegs 18% verteenwoordig. Lapchick, p. 63.

⁶⁰ *Ibid.*, p. 65.

sportgebied voortgeduur. Geen duidelike beleid ten opsigte van sportbeoefening oor die kleurgrens heen was daargestel nie, maar met die apartheidswetgewing as basis is afsonderlike sportbeoefening streng toegepas. Die opkoms van nie-blanke sport in Suid-Afrika en die gepaardgaande pogings van hierdie liggame om internasionale erkenning te verkry het die konflik met hul blanke eweknieë laat verdiep.⁶¹ Verskeie pogings om sport in Suid-Afrika op veelrassige basis te bedryf het die hantering van dié saak uit die hande van die sportadministrateurs geneem en die regering genoodsaak om daadwerklik op te tree.

As Minister van Binnelandse Sake in die J.G. Strijdom-administrasie, kondig dr. Eben Dönges in 1956 'n sportbeleid af wat as die "bloudruk van apartheid in sport" gesien kan word. In vergelyking met die Sauer-verslag wat kort voor die 1948-verkiesing as die "bloudruk vir apartheid" die basis vir die Nasionale Party se kleurbeleid daargestel het, kan hierdie sportbeleid met reg ook dieselfde erkenning op sportgebied kry. Die riglyne wat dr. Dönges in hierdie sportbeleid daargestel het, sou vir 'n groot deel van die Nasionale Party se bewind die basis vir sportbeoefening in die land vorm.

Die Nasionale Party se eerste amptelike sportbeleid, wat op 26 Junie 1956 deur dr. Dönges afgekondig is, het as volg daar uitgesien:

1. Blankes en nie-blankes moes hul sport apart organiseer.
2. Geen gemengde sport sou binne die landsgrense toegelaat word nie.
3. Gemengde spanne na die buiteland moes vermy word.
4. Internasionale spanne na Suid-Afrika om teen blanke spanne te speel moes blank wees - soos dit die algemene gebruik in die land was. Suid-Afrikaanse spanne wat oorsee toer sou volgens die gebruik van daardie land optree, met ander woorde teen gemengde spanne speel wanneer nodig.
5. Nie-blanke sportlui van oorsee kon in Suid-Afrika teen plaaslike nie-blanke spanne speel (hierdie wetgewing het Dönges se opskorting van deelname deur oorsese nie-blankes bokkers in Suid-Afrika, wat in 1951 vasgelê is, hersien).⁶²
6. Nie-blanke sportliggame wat internasionale erkenning wou hê, moes dit deur die

⁶¹ Saaiman, G.B., **Sport en Politiek: Suid-Afrika se sportisolاسie en die invloed op die binnelandse beleid**, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS), p. 116.

⁶² Lapchick, p. 70.

bestaande blanke liggame doen.

7. Die regering sou nie paspoorte aan nie-blanke sportlui toestaan wie se aksies bedoel was om Suid-Afrika se tradisionele kleurskeiding deur internasionale boikotte van blanke Suid-Afrikaanse sportlui te verander nie.⁶³

In sy verklaring benadruk Dönges die feit dat verskillende sportsoorte in Suid-Afrika outonoom georganiseer word en nie onder regstreekse beheer van die regering val nie.⁶⁴

Hierop reageer *Die Burger* as volg:

"'n Reëling wat nog altyd in Suid-Afrika aanvaar is, is dat die blankes en die onderskeie nie-blanke bevolkingsgroepe hul sportbedrywighede apart en onder aparte beherende liggame moet organiseer. Dit was bevorderlik vir die nie-blankes se sportlewe omdat dit vir hulle die geleentheid geskep het om hulle in hul eie sportorganisasies uit te lewe en dit self te beheer. Gemengde spanne van blank en nie-blank word algemeen afgekeur."⁶⁵

Dönges het gevra dat buitelandse sportmanne die Suid-Afrikaanse standpunt ten opsigte van gemengde sport moet eerbiedig. Hy het beklemtoon dat nie-blankes nie uitgesluit word van mededinging buite die landsgrense nie, maar aparte sportontwikkeling ten sterkste voorgestaan.⁶⁶ Die beleid het niks nuuts ingehou nie; dit was bloot 'n amptelike stempel op 'n sportpraktyk wat reeds vir etlike jare die basis gevorm het vir die hantering van die Kleurvraagstuk binne sportverband in Suid-Afrika.⁶⁷ Die beleid het duidelike riglyne daargestel en vroeëre onsekerhede aangaande afsonderlike sport deur wetgewing duidelik uitgestippel.

Uit die verklaring was dit egter ook duidelik dat die regering gepoog het om sy besluite oor volkereverhoudinge in sport uit te brei.⁶⁸ Die voorskrifte wat deur die beleid daargestel is oor hoe sportadministrasie tussen verskillende bevolkingsgroepe gereël moet word, het

⁶³ Anderson, p. 43.

⁶⁴ Smit, p. 18.

⁶⁵ *Die Burger*, 26 Junie 1956.

⁶⁶ *Ibid.*

⁶⁷ Smit, p. 18.

⁶⁸ *Ibid.*, p. 21.

duidelike beperkinge op die outonomie van sport in Suid-Afrika geplaas.⁶⁹ Die aankondiging van die beleid het verreikende gevolge vir die rasseverhoudings in die land tot gevolg gehad. Hierdie verhoudings is verder vertroebel met die polisie se klopjag op die kantore van die Transvaalse Indiërkongres gedurende Januarie 1957. Tydens die klopjag is daar onder andere beslag gelê op 'n brief waarin die Suid-Afrikaanse Olimpiese Raad van diskriminasie beskuldig word. Hierdie brief is later as bewysstuk in die veelbesproke Johannesburgse hoogverraadverhoor voorgelê.⁷⁰

Die aankondiging van die sportbeleid het die laaste hoop wat nie-blankes op genormaliseerde sportbetrekkinge gehad het in die niet laat verdwyn. Dit het sterk reaksie tot gevolg gehad en weerstandsorganisasies genoodsaak om Dennis Brutus⁷¹ (sien hoofstuk 3) in sy veldtog teen apartheid in sport te ondersteun. In Oktober 1958 is SASA ("South African Sports Association" - sien hoofstuk 3) gestig met die doel om nie-rassige sportliggame te bevorder. Kort hierna is SANROC ("South African Non-Racial Committee" - sien hoofstuk 3) in 1962 uit SASA gebore met die doel om voorspraak te maak vir Suid-Afrika se skorsing uit die Olimpiese beweging.⁷² In 1973 het SACOS ("South African Council on Sport" - sien hoofstuk 4) uit genoemde twee liggame ontstaan met die doel om alle nie-rassige sportorganisasies saam te snoer.⁷³ Verskeie internasionale anti-apartheidsbewegings het met bogenoemde organisasies kragte saamgesnoer om gelykheid in Suid-Afrikaanse sport te bepleit. Die eerste oogmerke van die nie-rassige protesgroepe was gelyke regte vir alle Suid-Afrikaners op die sportveld. Sportboikotte is beplan met die doel om frustrasie en opstand teen die NP se apartheidsbeleid teweeg te bring. Later het hierdie oogmerk verander na 'n meer radikale standpunt van gelyke politieke regte vir alle Suid-Afrikaners.

Die riglyne wat die sportbeleid daargestel het, het dit vir die regering en verwante sportadministrateurs makliker gemaak om konsekwent te wees ten opsigte van afsonderlike

⁶⁹ Ibid.

⁷⁰ *The London Times*, 19 Januarie 1957.

⁷¹ Dennis Brutus, 'n Kleurling digter, het gedurende die vyftiger- en sestigerjare nou betrokke geraak by die stryd teen apartheid in sport en was 'n leierfiguur in SANROC. Klein, S., *African Literatures in the 20th Century*, p. 188.

⁷² Hain, P., *Sing the Beloved Country*, p. 46.

⁷³ Archer, p. 50.

sport. Dit het egter ook 'n breër front gevorm teen die apartheidswetgewing en, meer spesifiek, apartheid in sport laat ontstaan. Die gesamentlike front van politici, anti-apartheidsbewegings en nuutgestigte sportorganisasies teen apartheid in sport het die verpolitiserings van sport, wat die sportbeleid geïmpliseer het, verder aangewakker.

Alhoewel voorafgaande gebeure sport reeds op dié pad geplaas het, het Dönges se sportbeleid opnuut druk op Suid-Afrikaanse sport geplaas. Oornag het sport deel geword van "apartheid", 'n konsep wat wêreldwyd skerp aangeval en as rassisme veroordeel is. Namate afsonderlike sportontwikkeling in Suid-Afrika na die 1956-portverklaring posgevat het, sou daar egter toenemende weerstand daarteen opbou en dit nouer verweef raak met die politieke situasie in die land.

Die verpolitiserings van Suid-Afrikaanse sport

Met die aankondiging van die sportbeleid deur die Strijdom-administrasie het die Suid-Afrikaanse Regering in 1956 direk betrokke geraak by sport. Die nagevolge van die beleidsverklaring het die vorming van 'n vasgestelde patroon ten opsigte van Suid-Afrikaanse sport laat ontstaan. Blanke sportorganisasies het begin met afsonderlike ontwikkeling en segregasie in sport totdat internasionale druk daarteen begin opbou het. FIFA het gereageer deur die kleurklousule uit sy konstitusie weg te laat en die Blanke Fietsryliggaam in Suid-Afrika het 'n program om te help met die ontwikkeling van belowende nie-blanke fietsryers van stapel gestuur. Namate van die kleiner plaaslike sportsoorte hierby ingeval het, en in sommige gevalle slegs geringe pogings aangewend het om 'n hand na hul swart sportgenote uit te reik, het die Regering tussenbeide getree en hom op die sportbeleid beroep.⁷⁴ Die polisie is ingespan om op te tree teen opstande en betogings; die SASA-topbestuur is voortdurend geïntimideer en paspoorte van sleutelfigure in die stryd teen apartheid in sport is opgeskort ten einde hulle te immobiliseer.

Die Regering se veldtog teen gemengde sportbeoefening was gou in volle swang en botsings hieroor tussen die polisie en anti-apartheidsbewegings het begin toeneem. Sport het daaronder gelei en dit het duidelik geword dat die regering ten alle koste sou probeer vermy

⁷⁴ Lapchick, p. 73.

dat sportkontak oor die kleurgrens heen hul apartheidsbeleid in die wiele ry. Hierdie siening het sterk negatiewe gevolge vir alle maatskaplike strukture in die land ingehou. Alhoewel die blankes steeds vrylik aan enige sportsoort kon deelneem, het druk vanuit opponerende groeperings, sowel as uit die buiteland, op verandering in blanke sportorganisasies verhoog. Swart sportorganisasies is egter voortdurend deur apartheid lamgelê. Beperkte moontlikhede wat voorheen nog bestaan het is hulle nou ontnem en hulle moes tevrede wees met tweederangse sportbeoefening en -fasiliteite.

In 1959 het verskeie lande hul gevoeg tot die stryd teen apartheid in sport. 'n Poging deur die Regering om 'n Wes-Indiese kriekettoer na Suid-Afrika te reël is vroeg deur SASA gekelder. In wat gesien is as hul eerste groot toets teen apartheid in sport⁷⁵ het SASA die toer, wat bedoel was om internasionale mededinging vir die nie-blanke krieketspelers te verkry, gekelder. Basil D'Oliveira, Kleurling krieketspeler van die Kaap, het hom later sterk uitgespreek teen SASA se suksesvolle aanslag teen die toer. Sy siening was dat

....."they (SASA) too should be restricting the development of sport because they insist on mixing it up with politics...their attitude still denied to the coloured Africans contact and communicating with people from another country".⁷⁶

Reeds voordat die Wes-Indiese toer gekanselleer is, het SASA 'n suksesvolle pleidooi tot die Brasiliaanse Sokkervereniging gerig om 'n beplande wedstryd in Suid-Afrika af te las. Hierdie wedstryd sou teen 'n uitsluitlik blanke span in Kaapstad gespeel word. Later het dit aan die lig gekom dat die nie-blanke lede van die Brasiliaanse span, wat op daardie stadium in Mosambiek getoer het, in dié land sou agterbly, terwyl die res van die span na Kaapstad sou reis vir die wedstryd.⁷⁷ Die wedstryd is egter op aandrang van SASA deur Brasilië gekanselleer.

'n Derde land wat gedurende 1959 in 'n sport debakel met Suid-Afrika betrokke geraak het, was Nieu-Seeland. In Junie 1959 kondig die Nieu-Seelandse Rugbyunie aan dat geen

⁷⁵ **The London Times**, 11 Maart 1959.

⁷⁶ D'Oliveira, B., **The D'Oliveira Affair**, p. 38.

⁷⁷ Lapchick, p. 78.

Maori's die 1960 toer na Suid-Afrika sal meemaak nie.⁷⁸ Dit het wydverspreide protes in Nieu-Seeland tot gevolg gehad en die "Citizen's All Black Tour Association" is gestig om te betoog teen die beoogde weglating van Maori's uit die toerspan. 'n Petisie met 153 000 handtekeninge van Nieu-Seelanders wat teen die toer gekant was, is aan die Nieu-Seelandse Regering oorhandig. Eerste Minister Nash het egter besluit dat die toer moet voortgaan sonder die Maori's aangesien daar in Suid-Afrika teen hulle gediskrimineer sou word.⁷⁹ In ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse verpolitisering van sport, het die Nieu-Seelandse Regering ook betrokke geraak by die kleurverskille in sport en toegetree tot die kontroversiële sportsituasie in Suid-Afrika.

Teen die einde van 1959 het die NP-Regering algaande meer betrokke begin raak by uitreiking en kansellering van reisdokumente aan sportlui. Die weiering van visums aan 'n Indiese bokser, Pancho Bathacaji, en 'n Egiptiese tafeltennisspan, het direk ingedruis met dr. Dönges se sportbeleid van 1956.⁸⁰ In sy beleidsverklaring het Dönges gestipuleer dat nie-blanke buitelanders wel na Suid-Afrika mag kom om teen nie-blanke Suid-Afrikaners op die sportveld mee te ding. Hierdie reg is hulle ontnem deurdat visums aan verskeie buitelanders geweier is en hulle nie op genoemde basis in die land kon deelneem nie.

Die verpolitisering van Suid-Afrikaanse sport gedurende die tweede helfte van die vyftigerjare het groot konflik tussen die Regering en veral SASA tot gevolg gehad. Die uiteenlopende sienings tussen die Regering en weerstandsgroepe teen apartheid in sport het tot groot spanning in sportgeledere gelei. Namate die wisselwerking tussen sport en politiek in die land al hoe groter geword het, het buitelandse druk teen apartheid ook toegeneem. Dit was baie duidelik sigbaar in die groeiende verzet teen Suid-Afrikaanse sport deur buitelandse regerings en sportorganisasies wêreldwyd.

Die verharding van die sport-politieke konflik gedurende die sestigerjare.

Die verharding wat gedurende die vyftigerjare in die sport-politieke konflik ingetree het, het

⁷⁸ **The London Times**, 13 Junie 1959.

⁷⁹ Thompson, R., **Race and Sport**, p. 45.

⁸⁰ Lapchick, p. 80.

gedurende die Verwoerd-era⁸¹ 'n hoogtepunt bereik.⁸² Die Verwoerd-era is ingelei deur twee groot veranderings in die politieke oriëntasie van Suid-Afrika. Eerstens het die regering hom verbind tot 'n mate van selfregering vir die Swart tuislande, wat in lyn was met die Europese dekolonisasie in Afrika gedurende die laaste helfte van die vyftigerjare.⁸³ Die ander groot stap waartoe Verwoerd hom vroeg in sy ampstermyn verbind het, was die omskakeling van Suid-Afrika van 'n unie na 'n republiek. Dit sou beteken dat Suid-Afrika hom kon losmaak van Britse inmenging, maar dit sou ook beteken dat Suid-Afrika die Statebond sou verlaat.⁸⁴

Met die referendum ten opsigte van 'n republiek op hande het Verwoerd steeds gepoog om 'n toekomstige Republiek van Suid-Afrika in die Statebond te hou. Nadat net meer as die helfte van die blanke Suid-Afrikaanse kiesers⁸⁵ gedurende die referendum hul steun aan die idee van 'n republiek toegesê het, het Verwoerd Suid-Afrika se aansoek om as 'n republiek steeds deel van die Statebond te bly na die Eerste Ministers Konferensie van die Statebond geneem. Toe dit egter begin duidelik word dat Suid-Afrika se deelname aan die Statebond kon lei tot ander lande se onttrekking aan dié organisasie, is Suid-Afrika se aansoek teruggetrek.⁸⁶ Ná die omskakeling van 'n unie na 'n republiek op 31 Mei 1961 is Suid-Afrika se lidmaatskap van die Statebond tot niet verklaar.

Met die beëindiging van Suid-Afrika se lidmaatskap is Suid-Afrikaanse sportlui 'n verdere geleentheid tot internasionale deelname, die Statebondspele, ontnem. Sedert 1956 was die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele Vereniging reeds onder toenemende druk om hul te distansieer van enige diskriminerende aktiwiteite in Suid-Afrikaanse sport.⁸⁷ In September 1961, nadat Suid-Afrika reeds die Statebond verlaat het, het SASA druk op die Statebondspele Federasie uitgeoefen om Suid-Afrika op grond van apartheid in sport uit die volgende Spele te skors. Tydens die Federasie se advieskomitee-vergadering die daaropvolgende maand is Suid-Afrika se uitnodiging om aan die Statebondspele in 1962 in

⁸¹ Dr. H.F. Verwoerd is na die dood van Strijdom in 1958 as Eerste Minister verkies.

⁸² Kotzé, p. 51.

⁸³ Archer, p. 48.

⁸⁴ Davenport, T.R.H., **South Africa. A modern history**, p. 353.

⁸⁵ Tydens die referendum in Oktober 1960 het meer as 52% van die kiesers ten gunste van 'n republiek gestem, terwyl net meer as 47% daarteen gestem het. **Ibid.**, p. 361.

⁸⁶ **Ibid.**

⁸⁷ Smit, p. 37.

Perth deel te neem, teruggetrek. Suid-Afrika se beëindigde lidmaatskap van die Statebond is as rede vir dié stap aangevoer.⁸⁸ Die Suid-Afrikaanse regering se besluit om uit die Statebond te bedank, tesame met die volgehoue uitoefening van die 1956 sportbeleid, het nou sy tol begin eis.

'n Gebeurtenis buite die sportterrein in Suid-Afrika, maar wat wel rasseverhoudings in die algemeen, en veral rasseverhoudings op sportvlak, wesenlik beïnvloed het, was die Sharpeville-slagting op 21 Maart 1960.⁸⁹ Tydens 'n protesbeweging teen die Suid-Afrikaanse paswetstelsel is 69 betogers deur die polisie gedood en 178 gewond. 'n Noodtoestand is met onmiddellike effek deur die Regering afgekondig. Dit het gelei tot meer indringende optrede deur buitelandse organisasies teen apartheid in sport, sowel as groter polisie-onderdrukking van oproermakers in Suid-Afrika.⁹⁰ Die nagevolge van Sharpeville was duidelik sigbaar in die verskerpte Maori optrede teen hul weglating uit die All Black toerspan na Suid-Afrika in 1960, sowel as die versetpoging teen die voorgenome Suid-Afrikaanse kriekettoer na Engeland.

In Brittanje het 'n beweging genaamd "Campaign against Race Discrimination in Sport" wat in 1958 deur Trevor Huddlestone geloods is, sterk te velde getrek teen die beoogde kriekettoer.⁹¹ Die sekretaris van hierdie organisasie, Anthony Steel, het voortdurend daarop gewys dat dit die Suid-Afrikaanse krieket beheerliggaam is wat politiek in sport betrokke laat raak het.⁹² Hierdie organisasie het ook in 1958, kort na die stigting daarvan Suid-Afrika se uitsluiting van die 1958 Statebondspele in Cardiff bepleit. In teenstelling met dié organisasie se siening het die kriekettoer sonder enige noemenswaardige voorvalle plaasgevind. Die Britse pers het die Britte gemaan dat hulle begrip moet hê vir die omstandighede waarin Suid-Afrikaners leef en dat die span net na Engeland gekom het om krieket te speel.⁹³ Alhoewel die All Black-toer na Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse kriekettoer na Engeland polities gesproke sonder voorval verloop het, het die onweerswolke

⁸⁸ Horrell, M., et al, *A Survey of Race Relations in South Africa, 1959 - 1960*, p. 274.

⁸⁹ Lapchick, p. 81.

⁹⁰ *Ibid.*, p. 82.

⁹¹ Hierdie organisasie is ondersteun deur verskeie publieke figure, kerkgroepe en -organisasies. Hain, p. 46.

⁹² *The London Times*, 7 April 1960.

⁹³ *The London Times*, 16 April 1960.

ten opsigte van internasionale deelname vir Suid-Afrikaanse sportlui al digter begin saampak.

Suid-Afrika se skorsing uit wêreldsokker

Tydens 'n FIFA-kongres in Augustus 1960 besluit die wêreldbeheerliggaam in sokker dat FASA binne 'n jaar sy huis in orde moet kry, of gevaar loop om uit FIFA geskors te word. Aanleidend hiertoe het SASF, die nie-blanke verteenwoordigende liggaam in 1955 by FIFA aansoek gedoen as die verteenwoordigende liggaam in Suid-Afrika. Op daardie stadium het FASA nog hierdie erkenning van FIFA geniet, maar drukgroepe vanuit Brittanje het steun probeer wen vir die feit dat beide FASA en SASF deur FIFA erken moet word.⁹⁴ Gedurende 1956 het 'n FIFA-afvaardiging Suid-Afrika besoek om die ontwikkeling van sokker in die land te ondersoek. Op hierdie stadium het FASA die kleurklousule uit hul konstitusie verwyder, maar die afvaardiging daarop gewys dat die politieke opset in die land steeds eerbiedig moes word.⁹⁵ FASA is deur FIFA as verteenwoordigend aanvaar, maar met verloop van tyd het politieke druk FIFA genoodsaak om sy besluit te herroep.

Suid-Afrika se internasionale sokkerdeelname is in 1961 kortgeknip toe FASA deur die uitvoerende raad van FIFA geskors is. Hierdie skorsing is bekragtig op grond van beweerde rassediskriminasie in Suid-Afrikaanse sokker. Die algemene gevoel tydens 'n FIFA-vergadering in Stockholm in September 1961 was dat FASA gefaal het in sy plig teenoor nie-blanke sokkerspelers in Suid-Afrika. Die aansoek van SASF om internasionale erkenning is tot stemming gebring en afgekeur⁹⁶ en FASA is 'n jaar tyd gegun om 'n verandering in Suid-Afrikaanse sokker ten opsigte van rassediskriminasie teweeg te bring.

Die uitvoerende raad van FIFA het die saak verwys na die volgende FIFA-kongres in Chile in 1962 met die hoop dat FASA intussen daadwerklik sou optree om diskriminasie in sokker by te lê. Alhoewel FASA finansiële steun aan swart sokker in Suid-Afrika gegee het om 'n nuwe liga onder die vaandel van FASA te begin,⁹⁷ het die FIFA-kongres in 1962 FASA se

⁹⁴ Horrell, M., et al, *A Survey of Race Relations in South Africa 1959 - 1960*. p. 264.

⁹⁵ Smit, p. 25.

⁹⁶ *Ibid.*

⁹⁷ Horrell, et al, p. 276.

skorsing uit dié liggaam bekragtig. Tydens die kongres het B.P. Morola, president van die Swart Sokkervereniging in Suid-Afrika die probleem in Suid-Afrikaanse sport as volg opgesom:

"Our problem in South Africa will be solved only with time, goodwill and man's natural evolution of thinking and tolerance. It cannot be imposed from outside, and the world, in trying to help us, should not put too much pressure on us".⁹⁸

Morola is deur FASA na die kongres gebring om FIFA te oortuig dat onderhandelinge tussen die strydende groepe in Suid-Afrikaanse sokker wel reeds aan die gang was. As gevolg van die feit dat die Regering geweier het om paspoorte aan hulle uit te reik, was geen verteenwoordiger van SASF by die kongres teenwoordig nie. Na aanhoor van FASA se pleidooi, het FIFA hul geprys vir die vooruitgang wat gemaak is, maar steeds besluit dat die skorsing van krag moet bly.

Teenkanting teen die regering se sportbeleid neem toe

Gedurende 1962 het die Nasionale Party opnuut teenkanting van SASA sowel as die IOK gekry. In 1962 is Dennis Brutus vir vyf jaar verban van enige vergadering⁹⁹ en uit sy onderrigpos in Port Elizabeth ontslaan. Hy is ook verhoed om artikels te publiseer en is verbied om lid te wees van enige kulturele organisasie (sien hoofstuk 4). In 1963 is hy gearrester vir die oortreding van bogenoemde inperkings en op Robbeneiland gevange gehou. Hierdie gebeure het tot groter internasionale erkenning vir SASA gelei toe die *New York Times* in detail oor die inperkingsbevel op Brutus ingevolge die wet op onderdrukking van Kommunisme berig het.¹⁰⁰ Brutus se inperking ten opsigte van die bywoning van vergaderings het tot gevolg gehad dat SASA leierloos moes funksioneer. In verskeie kringe is beweer dat SAOK (Suid-Afrikaanse Olimpiese Komitee)¹⁰¹ 'n belangrike rol gespeel het in Brutus se arrestasie en die destabilisering van SASA se topstruktuur.¹⁰²

⁹⁸ **The Star**, 28 Mei 1962.

⁹⁹ In gevolg die Onderdrukking van Kommunisme, Wet 50 van 1951 is Brutus verhoed om enige vorm van vergadering by te woon. Merrett, p. 150.

¹⁰⁰ Dennis Brutus was nooit self 'n lid van die Kommunistiese Party nie. **New York Times**, 29 Januarie 1962.

¹⁰¹ SAOK onder leiding van Generaal H.G. Klopper, was 'n blanke organisasie ter bevordering van die Suid-Afrikaanse Olimpiese ideale.

¹⁰² Lapchick, p. 113.

Die regering se reaksie op toenemende druk teen die sportbeleid was om sterk standpunt in te neem ten einde hul posisie hieroor te benadruk. In Februarie 1962 bevestig die Minister van Binnelandse Sake, Senator Jan de Klerk, die regering se sportbeleid deur te sê dat: "The Government policy is that no mixed teams should take part in sports inside or outside this country".¹⁰³ Uitlatings soos hierdie het die gevoel laat ontstaan dat Suid-Afrika sonder meer uit die Olimpiese Bewegings geskors sou word. Reg Honey, Suid-Afrika se verteenwoordiger op die IOK, het dit nie eens nodig geag om die volgende vergadering van die IOK by te woon nie, aangesien die land se bestaansreg in die beweging gedoem was.¹⁰⁴ De Klerk het die regering se vasbeslotenheid om die sportbeleid op alle fasette van die sportbestel te betrek, opgesom deur in 'n verklaring ten opsigte van gemengde sport te sê:

"It must be understood that all attempts to evade or undermine the South African custom in neighbouring territories by inviting or inducing white and non-white teams to play one another across the border (or by inviting mixed teams from South Africa) in what are clearly not international competition, but only competitions organized specifically to do there, with South African sportsmen as participants, what is not permissible in South Africa itself, will be viewed in an unfavourable light."¹⁰⁵

Oor die samestelling van spanne vir internasionale kompetisies, het De Klerk hom as volg uitgelaat:

"As regards the participation of mixed teams from the Republic in world sports tournaments or competitions, the Government cannot approve of teams from the Republic being composed of white and non-whites. And conversely foreign teams so composed cannot be permitted to enter the Republic".¹⁰⁶

In reaksie hierop waarsku die Progressiewe Party dat die regering besig was om Suid-Afrikaanse sport te isoleer deur sy "tradisionele" benadering tot buitelandse sport. Hierdie

¹⁰³ **The London Times**, 14 Februarie 1962.

¹⁰⁴ Lapchick, p. 104.

¹⁰⁵ Horrell, M., et al, **A Survey of Race Relations in South Africa, 1962**, p. 213.

¹⁰⁶ Draper, M., **Sport and Race in South Africa**, p. 7.

gedagte word ondersteun deur Generaal Klopper, President van SAOK, wat benadruk dat SAOK in dieselfde situasie moontlik meer konsekwent sou optree as die Regering. Die Regering was egter baie beslis in sy implementering van die sportbeleid. As Minister van Bantoe-Sake en-Ontwikkeling spreek De Wet Nel hom as volg oor die kwessie uit:

"I am against mixed sport meetings in principle... There is sufficient evidence to prove that such a policy would lead to the most distasteful racial tensions. It is senseless injudiciousness to encourage such a thing."¹⁰⁷

Die omvang van die teenkanting teen die Regering se standpunt teenoor gemengde sport is in perspektief geplaas toe SAOK die eerste blanke organisasie word wat die sportbeleid veroordeel. Na aanleiding van De Klerk se verdediging van die sportbeleid het Generaal Klopper die sportbeleid veroordeel deur te sê dat sport deur almal beoefen moet word, ongeag sy ras.¹⁰⁸ Dit het duidelik begin word dat daar by die Regering 'n vrees ontstaan het dat 'n afwyking van die beleid van afsonderlikheid 'n presedent sou skep met 'n moontlike sneeubal-effek. Uitsonderings, soos op die gebied van internasionale sport sou die hele beleid kragteloos maak.¹⁰⁹ Op 31 Maart 1963 herbevestig De Klerk die Regering se verbintenis tot sy sportbeleid soos bykans tien jaar reeds bedryf. In sy negepunt sportverklaring bevestig De Klerk die regering se oogmerke van afsonderlike sportontwikkeling en -beoefening soos Dönges dit in 1956 uiteengesit het (sien Bylae 1).

Ten spyte van die feit dat die sportwêreld aan die verander was en druk aan die opbou was, het die regering bly kleef aan hul beleid van apartheid in sport.¹¹⁰ Die Nasionale Party het nie net begin wegbeweeg van die buitewêreld nie, maar binne die landsgrense was hul ook besig om sportlui en -organisasies, swart en wit, te vervreem. Die Regering het hierdie verwydering laat verdiep toe Dennis Brutus in 1963 gearresteer is omdat hy sy inperkingsbevel oortree het.¹¹¹ Brutus het, ongeag sy inperkingsbevel, gepoog om in aanraking te kom met 'n Switserse joernalis, Robert Basliger, wat Suid-Afrika besoek het

¹⁰⁷ **The Star**, 31 Maart 1962.

¹⁰⁸ **The London Times**, 26 April 1962.

¹⁰⁹ Smit, p. 28.

¹¹⁰ *Ibid.*, p. 32.

¹¹¹ 'n Inperkingsbevel is teen Brutus uitgereik as gevolg van sy volgehoue teenkanting teen apartheid in sport.

om 'n artikel oor rassisme in sport te skryf.¹¹²

Alle aanduidings was daar dat die Suid-Afrikaanse Olimpiese Komitee Brutus aan die polisie verkla het en hy in hegtenis geneem is. Hierdie gebeure is nie net met groot teenkanting begroet nie, dit het die anti-apartheidsbewegings opnuut gesterk in hul veldtog teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport.

Die Staat teen Brandsma en ander, 1962

Gedurende 1962 het die Regering se beleid van afsonderlike sportbeoefening 'n tydelike terugslag beleef. Die Groepsgebiede Wet (Wet 77 van 1957), wat afsonderlikheid op alle maatskaplike vlakke gewettig het, en onder meer ook bepalings van die Drankwet, het gemengde sport feitlik onmoontlik gemaak.¹¹³ Gedurende Oktober 1962 is twee blankes, vyf Kleurlinge en twee Indiërs van die oortreding van bogenoemde wette aangekla.

Dié voorval spruit uit 'n sokkerwedstryd wat plaasgevind het tussen 'n Indiërs span van Durban en 'n gemengde span van Pietermaritzburg. In die saak *Die Staat teen Brandsma en ander* is dié groep sportlui daarvan aangekla dat hulle sekere landswette geïgnoreer het in hul sportbeoefening.¹¹⁴ Die blankes en Kleurlinge, lede van die gemengde span, is daarvan aangekla dat hul die Groepsgebiede Wet oortree het deur 'n geproklameerde Indiër gebied binne te gaan sonder die nodige permitte. Die twee Indiërs¹¹⁵ is aangekla as medepligtiges, aangesien hulle die ander toegelaat het om aan die betrokke wedstryd deel te neem sonder die genoemde permitte.

Gedurende die verloop van die saak is daar verwys na die feit dat die aangeklaagdes nie na die betrokke stuk grond gegaan het om deel uit te maak van 'n sosiale funksie nie, maar om in die buitelug sokker te speel. Die magistraat het die saak van die staat verder verswak deur te sê dat:

"...the accused could not be convicted because the word "club" as used in the

¹¹² **The London Times**, 31 Mei 1963.

¹¹³ Kotzé, p. 38.

¹¹⁴ **South African Law Reports**, Januarie - Maart 1963 (*Die Staat teen Brandsma en ander*), p. 262.

¹¹⁵ Beide was ampsdraers van die *Durban Indian Sports Ground Association* wat die sokkerwedstryd gereël het. *Ibid.*

Proclamation, could have referred only to a building used or occupied by a club. There was no evidence that the first seven accused had been present in any building on the ground. The only evidence was that they had played a game of football, on a football ground, on the land in question".¹¹⁶

Die hof het die saak nietig verklaar en sodoende dit vir swartes moontlik gemaak om wel binne sekere omstandighede aan "blanke" sporttoernooie deel te neem. Die eerste om hierdie geleentheid aan te gryp was Sewsunker (Papwa) Sewgolum.

Papwa Sewgolum en die sportbeleid

Sewgolum, 'n Indiërgholfspeler van Natal, was een van die eerste "simboliese slagoffers"¹¹⁷ van apartheid op sportgebied. Wat apartheid aan Sewsunker Sewgolum gedoen het, is 'n onuitwisbare klad op die naam van Suid-Afrikaanse sport.¹¹⁸

Alhoewel die Regering steeds volstaan het daarby dat elke bevolkingsgroep sport afsonderlik moet beoefen, is Sewgolum in Januarie 1963 toegelaat om aan die Natalse Ope Gholfkampioenskappe deel te neem.¹¹⁹ Die besluit om Sewgolum te laat speel het die Regering se sportbeleid in 'n verleentheid geplaas toe hy 113 blanke gholfspelers geklop het om sodoende die provinsiale kampioen te word.¹²⁰ Volgens die Groepsgebiedewet is Sewgolum nie in die klubhuis toegelaat nie en het die prysuitdeling buite, in gietende reën plaasgevind. Ironies was dat meer as die helfte van die kelners wat tydens dié toernooi binne die klubhuis blankes bedien het, Indiërs!

Sewgolum se oorwinning en die daaropvolgende gebeure het skokgolwe deur die sportwêreld gestuur. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie(SAUK) het geweier om selfs die uitslag van die toernooi bekend te maak omdat, in die woorde van 'n SAUK-

¹¹⁶ **Ibid.**

¹¹⁷ Smit, p. 32.

¹¹⁸ Kotzé, p. 43.

¹¹⁹ Volgens Kotzé is Sewgolum se deelname vergemaklik deur die hofuitspraak in die saak *Die Staat teen Brandsma en ander* etlike maande van tevore. **Ibid.**, p. 45.

¹²⁰ Dit was die eerste keer dat 'n swart gholfspeler 'n titel in 'n groot kompetisie teen blankes kon wen. Lapchick, p. 111.

verteenwoordiger: "...we do not broadcast multi-racial sport."¹²¹ Sewgolum se teenwoordigheid in die daaropvolgende Suid-Afrikaanse kampioenskappe in Bloemfontein twee maande later het verdere uitdagings aan die Regering en die sportbeleid gestel.¹²² Sewgolum is toestemming verleen om aan dié kampioenskap deel te neem, mits al die bepalinge van die Wet op Groepsgebiede streng nagekom word. Afgesien van die feit dat hy elke nag gedurende die toernooi in die nie-blanke woongebied moes tuisgaan, is Sewgolum die klubhuis verbied en moes hy bedags sy intrek in 'n tent op die gholfbaan neem. Aangesien alles wat Sewgolum daardie tyd gedoen het, asook wat aan hom gedoen is, wêreldnuus was, het die internasionale nuusmedia die gebeure in Bloemfontein onder die vergrootglas geplaas.¹²³

Sewgolum se sege in die Natalse Ope en tweede plek in die Suid-Afrikaanse Ope Kampioenskappe in 1963 moes hom op meriete van 'n plek in die Suid-Afrikaanse span vir die Kanadabeker-reeks verseker het. As gevolg van sy velkleur en die feit dat hy nie 'n lid van die blanke *Professional Golfer's Association* was nie, is hierdie eer hom ontnem. Die daaropvolgende jaar is Sewgolum weer toegelaat om aan die Natalse Ope deel te neem. Hierdie keer het hy vermag wat min blanke gholfspelers ooit kon, deurdat hy die toe reeds befaamde Gary Player geklop het. Soos in die geval van die vorige jaar is Sewgolum se eerste prys en titel buite die klubhuis aan hom toegeken, onder steeds toenemende druk van die buitelandse pers en politici.

Sewgolum het gedurende hierdie tydperk ook gereeld aan toernooie in die buiteland deelgeneem en die Hollandse Ope drie keer gewen. Dit het die vraag onder sportlui laat ontstaan waarom Sewgolum dan steeds in Suid-Afrika woon aangesien hy in die buiteland ongesteurd sy loopbaan kon voortsit. In antwoord hierop het hy gesê hy bly steeds 'n Suid-Afrikaner en dat hy nie sonder meer dié land sal verlaat nie. In die lig van die sportopset gedurende die sestigerjare, kan Papwa Sewgolum stellig as 'n soort voortrekker onder die land se nie-blanke sportlui bestempel word. Sy deelname aan "blanke" toernooie het die

¹²¹ *The London Times*, 29 Januarie 1963.

¹²² Een van die vernaamste wetgewende vraagstukke ten opsigte van sy deelname was die ou "wet van die Vrystaat" wat bepaal het dat Indiërs nie langer as 'n tydperk van 24 uur in die Vrystaat mag vertoef nie.

¹²³ Kotzé, p. 48.

eerste deure na veelvolkgige sport in Suid-Afrika oopgemaak, al was dit ook destyds beskou as 'n hoë uitsondering op die vaste reël van sportapartheid.¹²⁴

Suid-Afrika se uitsluiting by die Olimpiese Spele

Die Suid-Afrikaanse Regering se sportbeleid gebaseer op "afsonderlike sport" was in skerp kontras met die wêreldwye siening, en konflik met die IOK was dus onvermydelik. Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Statebondspele Vereniging is sedert 1956 onder toenemende druk geplaas om hul te distansieer van die land se sportbeleid. Kritici was oortuig dat Suid-Afrika, in die uitlewing van sy sportbeleid, die bepalings van die Olimpiese Handves¹²⁵ oortree het en het daarop aangedring dat Suid-Afrika op grond hiervan uitgesluit word van die Olimpiese Spele.

Die IOK het, by monde van sy president, Avery Brundage, getuig dat verskeie protesstukke reeds teen Suid-Afrika ontvang is en dat die saak met erns ondersoek moet word.¹²⁶ Met die IOK se jaarvergadering in Moskou in 1962 is Suid-Afrika se skorsing, gegrond op die Regering se diskriminerende sportbeleid, openlik bepleit. 'n Waarskuwing is aan SAOK gerig dat daar daadwerklik opgetree moet word om hierdie diskriminasie te skrap, anders sou die land nie 'n uitnodiging ontvang na die volgende Spele nie. Kort voor die IOK-jaarvergadering van 1963 in Baden-Baden, Switzerland, het gebeure in Suid-Afrikaanse sportkringe 'n sterk negatiewe uitwerking op die SAOK se aansoek gehad. Dennis Brutus, President van SANROC, toegerus met 'n geldige Rhodesiese paspoort, is op pad deur Suidelike Afrika deur Mosambiekse polisie voorgekeer en na Suid-Afrika teruggebring. Nadat hy probeer ontsnap het, is hy deur die Suid-Afrikaanse polisie in die maag gewond en gearresteer. Kort hierna is John Harris, ringleier binne SANROC¹²⁷, op pad na Baden-Baden, ook gearresteer.¹²⁸ Harris het egter vermag om 'n bandopname na die IOK

¹²⁴ **Ibid.**, p. 50.

¹²⁵ Die Olimpiese Handves het bepaal dat geen diskriminasie teenoor enige persoon op grond van ras, geloof of politieke oortuiginge by die spankeuse toegelaat sal word nie, en dat Nasionale Olimpiese Komitees volkome onafhanklik, outonoom en in 'n posisie moet wees om enige politieke, godsdienstige of kommersiële druk te weerstaan. Smit, p. 37.

¹²⁶ **Rand Daily Mail**, 27 November 1958.

¹²⁷ Harris is in Julie 1964, kort voor die IOK se besluit om Suid-Afrika toegang tot die 1964 Spele te weier, gearresteer vir die bomontploffing by die Johannesburgse stasie waarin een vrou dood is. Harris is skuldig bevind en ter dood veroordeel. Lapchick, p. 136.

¹²⁸ **New York Times**, 23 September 1963.

vergadering te stuur met SANROC se redes waarom SAOK uit die Olimpiese Beweging geskors moes word.

In die bandopname van Harris wat voor die IOK-vergadering teruggespeel is, versoek hy die skorsing van SAOK uit die IOKom die volgende redes:

1. Die verontagsaming van die Olimpiese Handves deur diskriminasie;
2. Die agteruitgang van die Olimpiese Beweging in Suid-Afrika in teenstelling met die Moskou aanbevelings van die IOK die vorige jaar; en
3. Volgehoue inmenging van die Suid-Afrikaanse Regering in die land se sport, sonder enige teenstand van die SAOK.¹²⁹

Alboewel die IOK steeds huiwerig was om Suid-Afrika summier te skors, is die volgende resoluie deur die IOK aanvaar:

“That the SAOC be told that it must make a firm declaration of its acceptance of the spirit of the Olympic Code and in particular of Principle 1 and Rule 24 read together¹³⁰, and must get from its Government by 31st December 1963 a change in policy regarding racial discrimination in sports and competitions in its country, failing which the South African National Olympic Committee will be debarred from entering its teams into the Olympic Games”.¹³¹

Hiermee het die IOK die verantwoordelikheid vierkantig op die skouers van die Suid-Afrikaanse Regering geplaas om apartheid in sport af te sweer. Die Suid-Afrikaanse Regering was egter, in sy reaksie op die IOK se versoekskrif, baie beslis in sy standpunt dat “.....the principle of segregation must be maintained in sport”.¹³² Senator De Klerk het sterk standpunt ingeneem deur te sê Suid-Afrika nie sy beleid sal verander net om by die IOK in te pas nie. Vroeg in 1964 bekragtig De Klerk die Nasionale Party se sportbeleid soos gehandhaaf sedert 1956 en beklemtoon die feit dat afsonderlike sportontwikkeling in Suid-

¹²⁹ Lapchick, p. 116.

¹³⁰ Reël 1 verwerp diskriminasie op grond van ras, godsdiens en politiek, terwyl reël 24 voorsien dat alle Nasionale Olimpiese Komitees in 'n posisie moet wees om enige politieke of ander druk te weerstaan wat in hul pad staan om die Olimpiese Handves na te volg.

¹³¹ “Minutes of the 60th session of the IOC, Baden-Baden, October 1963” in **Report of the IOC Commission on South Africa**, p. 21.

¹³² **Evening Post**, 21 October 1963.

Afrika 'n voldwonge feit was en nie sou verander nie. Die deelname van gemengde spanne as verteenwoordigers van Suid-Afrika was, volgens De Klerk, onaanvaarbaar en strydig met die sportbeleid. Hierdie verklaring het dit vir die IOK duidelik gestel dat dit vir SAOK onmoontlik sou wees om die Baden-Baden resoluëie na te kom.

Die SAOK is deur die IOK voor 'n finale ultimatum gestel, anders sou Suid-Afrika se skorsing uit die beweging onmiddellik intree - SAOK moes hom gesamentlik, duidelik en in die openbaar distansieer van die beleid van rassediskriminasie in Suid-Afrikaanse sport, of die gevolge dra. Met die besef dat die ultimatum nie nagekom kan word nie, het die *South African Olympic and National Games Association* (SAONGA; voorheen bekend as SAOK)¹³³ die IOK meegedeel dat die Suid-Afrikaanse Regering nie voorgeskryf kan word in dié verband nie. Die gevolg hiervan was dat Suid-Afrika uitgesluit is van die 1964 Olimpiese Spele in Tokio, en vir die eerste keer sedert die 1908 Spele in Londen nie aan 'n Olimpiese Spele sou deelneem nie. Suid-Afrika se uitnodiging na die 1968 Spele in Mexiko is ter elfder ure teruggetrek, waarna Suid-Afrika se algehele uitsetting uit die IOK op dié beweging se jaarvergadering van 1970 in Amsterdam bekragtig is.

Die besluit om Suid-Afrika uit te sluit van die 1964 Olimpiese Spele het heftige reaksie van die Suid-Afrikaanse Regering ontlok. Senator De Klerk het dié besluit betreur as 'n politieke gerigte poging om Suid-Afrika te laat af sien van sy beleid van segregasie, veel eerder as 'n besluit te doen met enige aspek van sport.¹³⁴ Volgens hom sou Suid-Afrika slegs weer 'n uitnodiging na 'n Olimpiese Spele aanvaar indien die IOK bevredigende aanpassings sou maak ten einde die tradisionele gebruike van Suid-Afrika te inkorporeer.¹³⁵ Die regering het dit duidelik laat blyk dat SAONGA se pogings om 'n Suid-Afrikaanse span na Tokio te stuur, nie op regeringsvlak goedgekeur sou word nie. Die Regering het vooraf besluit dat twee spanne, een blank en een nie-blank, Suid-Afrika moes verteenwoordig by die 1964 Spele. Hierdie spanne sou afsonderlik reis en woon, nie aan dieselfde items deelneem nie en nie dieselfde drag dra nie.¹³⁶ Uit bogenoemde is dit dus duidelik dat die Suid-Afrikaanse

¹³³ Lapchick, p. 132.

¹³⁴ Smit, p. 41.

¹³⁵ Sportverklaring deur die Minister van Binnelandse Sake, Senator Jan de Klerk op 26 en 27 Junie 1964.

¹³⁶ Horrell, M., et al, *A Survey of Race Relations in South Africa: 1964*, p. 334.

Regering hom nie op nasionale of selfs internasionale vlak laat voorsê het deur leiers op sportgebied nie. Vir die Nasionale Party was daar in hierdie opsig geen kompromie aan te gaan nie; die regering se sportbeleid was wet, en sou nie swig voor enige aanslag nie.

Hierdie weerbarstige houding binne die Nasionale Party ten opsigte van sport is nie oral met ewe veel entoesiasme begroet nie. Die Verlig/Verkrampstryd wat gedurende die laat sestigerjare binne die Nasionale Party 'n klimaks bereik het, het ook duidelik in die sportpolitiek sterk na vore gekom.

Dr. H.F. Verwoerd se Loskopdam-toespraak

Sedert Dönges in 1956 die land se eerste amptelike sportbeleid uitgespel het, het die reeds omstrede Maori-kwessie 'n al groter turksvy in die Suid-Afrikaanse bestel geword. In 1962 herhaal Senator Jan de Klerk die 1956-sportverklaring en beklemtoon die feit dat geen gemengde rugbyspanne toegelaat sal word om in Suid-Afrika te toer nie.¹³⁷ Teen hierdie agtergrond spreek dr. Verwoerd op 4 September 1965 die Nasionale Jeugbond van Transvaal by Loskopdam toe, dieselfde dag waarop die Springbokspan van Dawie de Villiers 'n onverwagte toetsoorwinning oor die All Blacks in Christchurch behaal.

In sy toespraak stel Verwoerd sy regering se standpunt oor Maori's as lede van 1967-All Black-toer na Suid-Afrika ondubbelsinnig: "Ons het nie van standpunt verander nie. Soos ons onself in ander lande gedra, verwag ons dat hulle hulself hier sal gedra volgens ons gewoontes - en ek wil daarby voeg: almal weet wat dit is."¹³⁸ Verwoerd se toespraak het gevolg op dr. Danie Craven, President van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad, se verklaring tydens 'n pers onderhoud in Nieu-Seeland, waar hy saam met die Springbokke op toer was. Gedurende die pers onderhoud is 'n vraag aangaande die toekoms van Maori's in All Black-toerspanne na Suid-Afrika aan Craven gestel. Sy antwoord hierop is in die pers vertolk as instemmend dat Maori's wel in 1967 na Suid-Afrika sal mag kom.¹³⁹ Nadat vertolkings van sommige Engelstalige Suid-Afrikaanse koerante aangaande Craven se uitsprake onder dr. Verwoerd se aandag gekom het, het dr. Verwoerd dit nodig geag om die Regering se

¹³⁷ Dobson, P., **Doc. The life of Danie Craven**, p. 158.

¹³⁸ Van der Schyff, p. 98.

¹³⁹ Scholtz, G.L., **Die Suid-Afrikaanse Sportpolitiek 1910-1975**, p. 13.

siening hieroor onomwonde te stel.

Verwoerd se Loskopdam-verklaring het die insluiting van Maori's in die 1967 All Black-toerspan finaal van koers gestuur. Sy uitspraak teen gemengde toerspanne na Suid-Afrika het egter ook die toer gekelder en die vonk was in die kruitvat wat Suid-Afrika se kleurryke tradisionele rugbybande met Nieu-Seeland laat uitrafel het.¹⁴⁰ Kort na Verwoerd se toespraak het Senator De Klerk 'n sterk bewoorde verklaring met min of meer dieselfde strekking as die Verwoerd-toespraak uitgereik. Hierdie verklaring is vertolk as die finale standpunt met betrekking tot die insluiting van Maori's in besoekende All Black-toerspanne.¹⁴¹

Verwoerd se tydsberekening met sy toespraak is wyd gekritiseer en selfs beskryf as "....having the timing and co-ordination of a camel with four left feet."¹⁴² Onbewus van die Loskopdam-gebeure, het die Springbokspan die Saterdagmiddag tot laatnag hul toetsoorwinning gevier. Die nuus vanaf Loskopdam het die span bereik juis toe hulle deur die Maori's onthaal is. Die daaropvolgende Maandag was die nuus in al die dagblaie en hoofberigte op radio-uitsendings. Nieu-Seelanders was diep geskok oor dr. Verwoerd se rassisme en die aanval op hul land se gekleurde bevolking. Die gebeure het die Springbokke in groot verleentheid by hul gashere geplaas en is deur Kobus Louw, bestuurder van die span gesien as die grootste skok van die toer. Vir Craven was die gebeure die grootste teleurstelling in sy lewe. Hy wou dit nie glo nie en het gesê dat daar iewers 'n misverstand moet wees, want hy beskik oor ander inligting.¹⁴³ Hieroor is hy vinnig en hard deur Senator De Klerk oor die vingers getik.

In 'n sterk bewoorde aanval op Craven oor nasionale radio het Senator De Klerk gesê dat Craven se uitspraak agterdog oor verdeeldheid in die Kabinet wek. Craven is deur die Regering en die nasionale pers gesien as die sondaar en dat die Regering bloot net opgetree het om Craven se foutiewe uitlating reg te stel. De Klerk het die Regering se optrede nie

¹⁴⁰ Van der Schyff, p. 98.

¹⁴¹ Scholtz, p. 13.

¹⁴² Dobson, p. 160.

¹⁴³ Van der Schyff, p. 102.

gesien as inmenging in sport nie, maar eerder dat Craven se uitlatings die regering genoodsaak het om sy beleid te verdedig.¹⁴⁴ Craven het sy eie standpunt regverdig deur daarop te dui dat hy reeds in Suid-Afrika besig was met samesprekings met swart rugbygroeperinge ten einde samewerking oor die kleurgrens heen in Suid-Afrikaanse sport te bewerkstellig. Die woordesstryd tussen die Regering en Craven was die begin van 'n langdurige vete ten opsigte van afsonderlike rugbybeoefening in Suid-Afrika.

Die Loskopdam-toespraak, wat deur die geskiedenis as waterskeiding in die Nasionale Party se sportbeleid uitgewys is ¹⁴⁵, het Suid-Afrikaanse sport, in hierdie geval rugby, geen guns bewys nie, maar dit eerder verder betrek in die omvattende stryd teen apartheid in Suid-Afrika.

Die stigting van 'n Departement van Sport en Ontspanning in Suid-Afrika

Gedurende 1966 besluit die Regering om, op versoek van verskeie sportorganisasies, 'n Departement van Sport en Ontspanning in die lewe te roep. Die instelling van die Departement is met ingang 1 Julie 1966 amptelik in die Staatskoerant aangekondig. Die rede vir die instelling van sodanige departement is die enorme belangstelling in sport en ontspanningsaktiwiteite onder alle bevolkingsgroepe in die land.

Die Departement sou die bevordering van sport en ontspanning in Suid-Afrika ten doel hê met die oog op die ontwikkeling van 'n sterk en gesonde bevolking. Met hierdie doel voor oë moes die Departement die volgende funksies vervul:

1. Samewerking met en hulpverlening aan sportliggame en -verenigings wat hulle, in hul besondere sport- en ontspanningsbedrywighede, die aanmoediging en ontwikkeling van dissipline en karakter, asook liggaamlike geskiktheid, van deelnemers ten doel stel.
2. Die aanmoediging van afrigtings- en opleidingsprojekte en mededingende sport om te verseker dat individuele prestasies die hoogste peil handhaaf.

¹⁴⁴ Ibid.

¹⁴⁵ Smit, p. 51.

3. Samewerking met sportverenigings in hul reëling van oorsese toere vir hulle vooraanstaande mededingers van internasionale gehalte, asook in hul reëlins om voortreflike wêreldsportmanne en -vroue na die Republiek te bring om hier mee te ding, ten einde ons eie nasionale peil te ontwikkel en te handhaaf.
4. Die ontwikkeling, in samewerking met die betrokke Departemente, van sport en ontspanningsfasiliteite vir elke rasgroep.
5. Die aanmoediging van alle sport- en ontspanningsbedrywighede om die karakter en uithouvermoë van Suid-Afrika se jeug te help opbou.
6. Die uitoefening van sodanige ander funksies en verantwoordelikhede as wat van tyd tot tyd bepaal mag word.¹⁴⁶

Die Departement se aktiwiteite is basies in twee kategorieë verdeel, naamlik die lewering van tegniese dienste deur skakelbeampies en die toewysing van hulptoekennings. Vyf streekkantore in onderskeidelik Johannesburg, Kaapstad, Durban, Port Elizabeth en Bloemfontein is op die been gebring. Skakelbeampies, hoofsaaklik opgeleide liggaamlike opvoedkundiges, het hierdie kantore bestuur. Die pligte van die skakelbeampies het onder andere ingesluit skakeling met sportliggame aangaande tegniese en administratiewe aangeleenthede betreffende sport en ontspanning.

Gedurende die eerste paar bestaansjare van die Departement Sport en Ontspanning is die volgende projekte op versoek van verskeie instansies gereël: Jeugdag (Republiekfees, 1966); die Suid-Afrikaanse Spele, 1969; en die tweejaarlikse Nasionale Kongresse van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamsopvoeding en Rekreasie.¹⁴⁷ Die aanbieding van hierdie projekte het in sport en politieke kringe buite die Nasionale Party die gevoel laat ontstaan dat die instelling van genoemde departement bloot plaasgevind het om te verseker dat die

¹⁴⁶ **Vrugte van die Nasionale bewind, 1948 - 1970**, p. 29.

¹⁴⁷ *Ibid.*, p. 30.

Nasionale Party se sportbeleid beskerm word en blanke sport in Suid-Afrika steeds ontwikkel en groei.

In 'n uitgawe van *Skietgoed*, 'n amptelike spreekbuis van die Nasionale Party, word dit in 1973 gestel dat die Departement van Sport en Ontspanning ondermeer daargestel is om verdere toeligting en leiding aan sportadministrateurs te bied ten opsigte van veelvolkige sport.¹⁴⁸ Te veel sportadministrateurs tree steeds, volgens *Skietgoed*, ongedissiplineerd op deurdat "oorhaastige en sensasionele persverklarings deur onverantwoordelike sportbeampies (dikwels in hul persoonlike hoedanigheid) gemaak word wat verwarring saai, 'n skewe beeld van die sportbeleid projekteer en alles behalwe bevorderlik is vir die beeld van Suid-Afrikaanse sport".¹⁴⁹ Dit is dus die taak van die Departement om:

1. Toe te sien dat alle sportadministrateurs op nasionale, provinsiale en klubvlak ten volle op hoogte is met die sportbeleid; en
2. Die Departement eers te raadpleeg alvorens oorhaastige en moontlik foutiewe interpretasies aan die beleid gegee word, veral ten opsigte van die besoeke van buitelandse spanne of individue aan die Republiek en die oorsese deelname van Suid-Afrikaanse spanne of verteenwoordigers.¹⁵⁰

Met die toekening van dié pligte aan die Departement kan duidelik gesien word dat die Regering die herhaling van die Craven-gebeure, net na die Loskopdam-toespraak, wou verhoed. Die instelling van die Departement het dus ruggraat gegee aan die Regering se sportbeleid en die uitvoerbaarheid daarvan meer vaartbelyn gemaak. Alhoewel die kampvegters teen sportapartheid die Departement as nie veel meer as nog 'n vorm van diskriminasie gesien het nie, het die Departement gedurende die sewentigerjare die hoofaar van uitvoerbaarheid van die Regering se sportbeleid geword.

Die Vorster-era: nuwe inisiatiewe ten einde isolasie te probeer verbreek

Dr. H.F. Verwoerd se toekomsvisie vir Suid-Afrika was een van totale apartheid en tot aan

¹⁴⁸ "Riglyne vir Sport in Suid-Afrika", in *Skietgoed*, Mei 1973, p. 2871.

¹⁴⁹ *Ibid.*, p. 2872.

¹⁵⁰ *Riglyne vir Sport in Suid-Afrika*, p. 23.

die einde van sy bewind het hy geen toegewings ten opsigte van apartheid in sport geduld nie.¹⁵¹ Dit het teweeg gebring dat die sportbeleid deur die Verwoerd-era rigied gebly het, met min ruimte vir verandering. Druk vanuit alle oorde het 'n meer aanvaarbare en aanpasbare sportbeleid bepleit, aangesien Suid-Afrika op feitlik alle terreine van sport reeds van die buitewêreld afgesonder was.

Kort na Verwoerd se dood kondig sy opvolger, Advokaat B.J. Vorster, op 11 April 1967 sy nuwe sportbeleid in die Volksraad aan. Die basiese beginsels van die beleid het nie veel verskil van Verwoerd se beleid nie; intendeel dit het die vorige sportbeleid sterk beklemtoon.¹⁵² Daar was egter tekens van buigsaamheid in Vorster se nuwe beleid. Hierdie buigsaamheid het die vorm van voorwaardelike toegewings vir spesifieke interstaatlike sportbyeenkomste aangeneem. Die toegewings het vir die volgende sportsoorte gegeld:

1. **Olimpiese sportsoorte:** Suid-Afrika sou voortaan deur 'n enkele, veelrassige merietespan by die Olimpiese Spele verteenwoordig word, maar geen gemengde proewe vir die kies van dié span sou plaasvind nie;

2. **Gholf:** Toestemming word verleen dat die veelrassige Kanadabeker gholfoernooi in die toekoms in Suid-Afrika kon plaasvind;

3. **Tennis:** Suid-Afrika mag in die binneland of buiteland teen 'n anderskleurige of gemengde span om die Davisbeker meeding;

4. **Rugby:** Enige Maori-speler in 'n All Black-toerspan sal in Suid-Afrika toegelaat word op dié voorwaarde dat dit nie polities uitgebuit word om betrekkinge tussen dié twee lande te vertroebel of om binnelandse moeilikheid in Suid-Afrika te skep nie. 'n Gemengde Springbokspan is egter steeds ontoelaatbaar; en

5. **Krieket:** Dieselfde voorwaardes as vir rugby geld vir die toelating van swart

¹⁵¹ Du Pisani, J.A., "B.J. Vorster se nuwe sportbeleid as faktor in die verdeeldheid binne die Nasionale Party wat gelei het tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party" in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, Vol. 9, no. 2, Desember 1984, p. 37.

¹⁵² Merrett, p. 153.

spelers in buitelandse toerspanne.¹⁵³

Alhoewel Vorster se nuwe sportbeleid 'n duidelike verbetering op die vorige beleid was, het dit te laat plaasgevind om die guns van die internasionale sportgemeenskap te wen. Gebeure in die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis sedert 1948 het die basis daargestel vir konflik tussen die NP-Regering en anti-apartheidsbewegings wat nie sondermeer ongedaan gemaak kon word nie.

Vorster self het sy sportbeleid nie gesien as 'n afwyking van die vorige beleid nie. Volgens hom was dit bloot 'n nuwe benadering.¹⁵⁴ Kommentaar vanuit verskeie oorde op die nuwe beleid was dat dit wesenlik van Verwoerd se sportbeleid afgewyk het. Binne die NP is Vorster se sportbeleid met gemengde gevoelens ontvang. Beide dr. Albert Hertzog en Jaap Marais, leiersfigure van die ultraregses binne die Party, het Vorster se beleid gesien as 'n voortsetting van die Verwoerd-beleid. Met die implementering van Vorster se sportbeleid tussen 1967 en 1969 het praktiese uitvoerbaarheid van die beleid, veral ten opsigte van die Maori's, die ultraregses tot ander insigte gebring. In 'n toespraak aangaande *Rassevermenging op Sportgebied* gedurende Oktober 1969 som Jaap Marais die ultraregses se posisie in die NP as volg op: "Dit is duidelik dat ek en ander in die pad staan van mense wat gemengde sportspanne van oorsee na Suid-Afrika wil laat kom...., dat ek en ander in die pad staan van mense wat Maori's in 'n All Black-span aanstaande jaar na Suid-Afrika wil laat kom. Dáárom staan ons nou voor die dreigement dat ons uit die NP geskop sal word."¹⁵⁵ Volgens Marais was dit nie sy siening aangaande bogenoemde wat verander het nie, maar wel die NP se sportbeleid wat radikaal verander het.

Vorster se sportbeleid het byna Suid-Afrika se deelname aan die 1968 Olimpiese Spele bekragtig. Vorster het die IOK-feitesending na Suid-Afrika in 1967 te woord gestaan en die Regering bereidwillig verklaar om sekere toegewings te maak ten einde 'n Suid-Afrikaanse span na die Spele te stuur. Getrou aan sy sportbeleid het Vorster 'n veelrassige span, met

¹⁵³ Du Pisani, J.A., *John Vorster en die Verlig/Verkrampstryd*, p. 37.

¹⁵⁴ J.A., Du Pisani, J.A., "B.J. Vorster se nuwe sportbeleid as faktor in die verdeeldheid binne die Nasionale Party wat gelei het tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party" in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Vol. 9, no. 2, Desember 1984, p. 51.

¹⁵⁵ *Rassevermenging op Sportgebied*: Toespraak gehou deur Jaap Marais op 2 Oktober 1969 te Pretoria.

eenvormige uniforms, onder een landsvlag, wat saam reis en saam woon gedurende die Spele, voorgestaan. Op 'n IOK-bestuursvergadering in Grenoble, vroeg in 1968, is 'n gunstige verslag van die feitesending na Suid-Afrika ontvang en is Suid-Afrika met 38 stemme teen 27 hertoegelaat tot die Olimpiese Spele.¹⁵⁶ Buitelandse druk en dreigemente om die Spele te boikot het egter die IOK van besluit laat verander. Verskeie lande en drukgroepe binne die Olimpiese beweging het duidelike misnoë met die IOK se besluit getoon en met sterk teen-optrede gedreig. Uit vrees vir boikotte, betogings en geweldpleging is Suid-Afrika se posisie in heroorweging geneem en het die IOK besluit om nie 'n uitnodiging aan Suid-Afrika te stuur vir die 1968-Spele nie.

Vorster se hantering van die IOK-feitesending na Suid-Afrika in 1967 het die kloof tussen verlig en verkramp in die Nasionale Party verder verdiep. Sy toegewings ten opsigte van die Olimpiese Spele kon, volgens die ultraregses binne die Party, lei tot verdere toegewings onder internasionale druk ten opsigte van apartheid. Dit sou die NP en die Afrikaner se magsposisie in die politiek aantas en apartheid as wetgewing teenwerk. Gedurende die laat sestigerjare het ander praktiese probleme met die implementering van Vorster se nuwe sportbeleid die verlig/verkrampstryd binne die Regering tot 'n spits gedryf. Veral twee situasies het in hierdie konflik sterk na die voorgrond getree: die Basil D'Oliviera-debakel en die alomteenwoordige Maori-kwessie.

Die Basil D'Oliviera-geval

Die geskil rondom Basil D'Oliviera, 'n Suid-Afrikaans gebore Kleurlingkrieketspeler wat in 1960 na Engeland verhuis het om sy krieket-ideale daar te verwesenlik, het die krieketwêreld in die laat sestigerjare byna in twee laat skeur. Geen enkele gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse krieketgeskiedenis kan met hierdie geval vergelyk word in terme van die intensiteit van bitterheid en kontraversie wat dit laat ontstaan het nie.¹⁵⁷ Die D'Oliviera kwessie het 'n lang aanloop gehad en 'n reeks nagevolge wat jare daarna steeds gesien is as een van die grootste onregte van sportapartheid.

¹⁵⁶ Du Pisani, J.A., "B.J. Vorster se nuwe sportbeleid as faktor in die verdeeldheid binne die Nasionale Party wat gelei het tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party" in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, Vol. 9, no. 2, Desember 1984, p. 59.

¹⁵⁷ Odendaal, A., **Cricket in Isolation. The politics of race and cricket in South Africa**, p. 6.

Reeds vroeg in 1967 verklaar die Minister van Binnelandse Sake, P.K. le Roux, dat D'Oliviera nie as lid van die MCC (Marylebone Cricket Club) toerspan in Suid-Afrika toegelaat sal word nie as gevolg van sy velkleur. Hierdie uitspraak het sterk bewoorde reaksie vanuit Engeland tot gevolg gehad en lede van verskeie politieke partye het gevra vir 'n boikot van die Suid-Afrikaanse regering se sportbeleid. Onsuksesvolle pogings is selfs deur Britse Prlementslede aangewend om die toer voortydig af te stel.¹⁵⁸ Die Suid-Afrikaanse Regering het sy beleid sterk beklemtoon en gehoop dat die Engelse krieketowerhede, soos in die verlede sou terugstaan en berus by die Suid-Afrikaanse Regering se besluit. Die MCC het hul egter nie veel aan die Suid-Afrikaanse besluit gesteur nie, en het verkondig dat, indien D'Oliviera op sy goeie vorm van die Engelse seisoen voortbou, hy definitief vir die toerspan gekies sou word.¹⁵⁹ Die verstandhouding tussen dié twee lande se krieketowerhede, wat tot en met 1967 relatief stabiel was, is deur die Suid-Afrikaanse uitspraak ten opsigte van D'Oliviera tot 'n komplekse wisselwerking omvorm.

Met Vorster se beleidstoespraak vroeg in 1967 het die MCC nuwe moed geskep om D'Oliviera sonder teenspraak in die toerspan in te sluit. Ter bevestiging het die organisasie egter 'n brief aan SACA gerig om die situasie aan te roer. Sir Alec Douglas-Home, 'n voormalige Britse Eerste Minister en komiteelid van die MCC, het Suid-Afrika besoek en samesprekings met Vorster gevoer. Uit die samesprekings het Douglas-Home afgelei dat D'Oliviera se kans om wel die toerspan te haal sonder teenkanting uit Suid-Afrika, gunstig was.¹⁶⁰ Tydens 'n MCC-vergadering in Maart 1968 is besluit om nie dadelik 'n besluit te neem oor D'Oliviera nie, maar om te wag tot die probleem manifesteer. Dit het later eers aan die lig gekom dat Lord Cobham, 'n vorige president van die MCC, kort na Douglas-Home ook samesprekings met Vorster gevoer het. In teenstelling met Douglas-Home, wat op grond van afleidings sy eie gevolgtrekkings aangaande die D'Oliviera-kwessie gemaak het, het Cobham Vorster reguit hieroor uitgevra, en 'n reguit antwoord ontvang: D'Oliviera sou nie in Suid-Afrika aanvaar word nie.¹⁶¹ Daar is egter ten tye van die drama rondom

¹⁵⁸ D'Oliviera, p. 84.

¹⁵⁹ Hain, P., *Don't play with apartheid*, p. 78.

¹⁶⁰ Odendaal, p. 7.

¹⁶¹ Hain, p. 80.

D'Oliviera se insluiting al dan nie, besluit om hierdie inligting van die ander MCC komiteelede te weerhou, aangesien dit nie in belang van die klub en die keurkomitee sou wees om hierdie inligting bekend te maak nie.¹⁶²

Die naderende toer na Suid-Afrika en die bespiegeling rondom D'Oliviera se insluiting in die span het algaande verdiep namate die 1968-graafskapseisoen gevorder bet. D'Oliviera se skielike gebrek aan vorm en 'n werksaanbod uit Suid-Afrika het die aankondiging van die toerspan voorafgegaan. D'Oliviera is deur Rothmans, 'n sigaretmaatskappy, genader om 'n pos as organiseerder van afrigting in Suid-Afrika te aanvaar. Hierdie kontrak, wat oor tien jaar sou strek, sou hom 40 000 pond in die sak bring, sowel as 'n huis en 'n motor. In ruil moes hy homself egter onbeskikbaar verklaar vir die Suid-Afrikaanse toer. Terwyl D'Oliviera die aanbod oorweeg het, is hy onverwags ingesluit in die Engelse toetsspan vir 'n toets teen Australië.¹⁶³ Heel ironies het Rothmans skielik nie meer in D'Oliviera belang gestel nie, want soos D'Oliviera in sy dagboek oor die gebeure skryf:

"At 8:30 a.m., almost to the second, the International Exchange operator called and said: 'The call booked to you from South Africa for 8:30 a.m. has been cancelled. The caller is not able to talk to you.' I have never set eyes on Tienie Oosthuizen (Rothmans-werknemer wat die kontrak met hom wou sluit) nor heard from him since".¹⁶⁴

Daar was 'n sterk moontlikheid dat die Suid-Afrikaanse regering en die Suid-Afrikaanse Sportstigting hom met 'n werksaanbod probeer omkoop het om nie die MCC toer mee te maak nie. Die Suid-Afrikaanse Regering se reaksie hierop was dat dit 'n suiwer besigheidstransaksie was en nie omkoperie nie.¹⁶⁵

D'Oliviera het sy insluiting in die toets span gevier met 'n beurt van 158, en daarmee homself feitlik verseker van 'n plek in die MCC-toerspan. Tot almal se verbasing is D'Oliviera se naam nie genoem met die aankondiging van die toerspan na Suid-Afrika nie. Dié besluit het

¹⁶² Odendaal, p. 7.

¹⁶³ D'Oliviera moes die beseerde Roger Prideaux vervang, wat op sy beurt in Geoffrey Boycott se plek gekies is nadat Boycott horn weens 'n besering onttrek het.

¹⁶⁴ Odendaal, p. 7.

¹⁶⁵ Ibid.

tot heftige en venynige kritiek deur Engelse sportskrywers gelei. Uit vele ander oorde is ook beswaar gemaak teen sy weglating. Negentien lede van die MCC het uit protes teen sy weglating uit dié organisasie bedank en daar is versoek dat die toer afgestel moes word. Dit het duidelik geword dat sport alleen nie meer hier ter sprake was nie. Die geval D'Oliviera het 'n sterk politieke kleur gekry.¹⁶⁶

In Suid-Afrika is die aankondiging van die span met groot vreugde ontvang. Lourens Muller, Minister van Binnelandse Sake, het sy toespraak in Potchefstroom onderbreek om die nuus van D'Oliviera se weglating aan die gehoor oor te dra. Dit is met groot gejuig deur die blanke Suid-Afrikaanse gehoor begroet, maar verdere wendings in die D'Oliviera-kwessie sou dié vreugde kortknip. 'n Week na die aankondig van die span, kondig die Britse Sondagkoerant *News of the World* aan dat D'Oliviera as verslaggewer van dié koerant die toer sou meemaak. Vorster het homself sterk hierteen uitgespreek en die Engelse daarop gewys dat hulle gaste in Suid-Afrika is; en gaste hou by die reëls van sy gasheerland, gaste maak nie hul eie reëls nie. Die klimaks in die geval D'Oliviera sou egter 'n week later volg toe Tom Cartwright, wat as bouler in die toerspan ingesluit is, hom as gevolg van 'n "besering" aan die toerspan onttrek het. Daar is biespiegel dat Cartwright nie regtig beseer was nie, maar voorgegee het om beseer te wees, sodat D'Oliviera sy plek in die span kon inneem.

Die keurders se besluit om D'Oliviera as plaasvanger in die span op te neem, het die hele kwessie rondom D'Oliviera op die spits gedryf. Vorster het, in reaksie op die MCC se besluit om D'Oliviera wel te kies, tydens 'n NP-kongres in Bloemfontein na die MCC-span as 'n span van SANROC, die anti-apartheidsbeweging verwys.¹⁶⁷ In sy toespraak het Vorster dit duidelik gestel dat die Suid-Afrikaanse Regering hom nie sou laat voorsê nie en sal weier om as gasheer op te tree vir 'n toerspan wat gekies is deur mense met politieke bybedoelings. Die MCC se reaksie op Vorster se standpunt was duidelik; as die gekose span nie aanvaarbaar was vir die Suid-Afrikaanse Regering nie, sou die MCC die toer afstel.¹⁶⁸

¹⁶⁶ Kotzé, p. 68.

¹⁶⁷ Geldenhuys, D., *The Diplomacy of Isolation. South African Foreign Policy-making*, p. 217.

¹⁶⁸ Odendaal, p. 10.

'n Week na die woordesryd tussen die Suid-Afrikaanse Regering en die MCC vlieg SACA-verteenwoordigers Jack Cheetham en Arthur Coy na Londen om 'n spesiale vergadering van die MCC mee te deel van die besluit dat D'Oliviera nie welkom in Suid-Afrika sou wees nie. Na afloop van die vergadering, waartydens die eerste spyker in die kis van Suid-Afrikaanse se internasionale sportisolasië geslaan is, is die volgende nota deur die MCC-president voorgelees:

"The Committee was informed that the side selected to represent MCC in South Africa is not acceptable for reasons beyond the control of the SACA. The MCC Committee therefore decided unanimously that the tour would not take place."¹⁶⁹

Die D'Oliviera-kwessie word deur talle sportkenner gesien as 'n waterskeiding in die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis. Die vernederende houding van die NP teenoor swart Suid-Afrikaanse sportlui is hiermee op die spits gedryf en het volskaalse internasionale stukrag verleen aan die aanslag teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport. Basil D'Oliviera word vandag steeds gesien as een van die grootste Suid-Afrikaanse sporthelde ooit, veral onder die Kleurlinggemeenskap in die Wes-Kaap.¹⁷⁰ Vir D'Oliviera self het die hele verhaal 'n onaangename werklikheid gebly en sal hy altyd onthou word vir die onreg wat die NP se sportbeleid hom aangedoen het. Eers gedurende die 1995/96 seisoen is D'Oliviera deur die Suid-Afrikaanse krieketjaarboek erken vir sy aandeel in Suid-Afrikaanse krieket en in 1997 het hy die Presidentstoekenning van President Nelson Mandela ontvang vir sy aandeel in Suid-Afrikaanse krieket.¹⁷¹

Die hantering van die D'Oliviera-kwessie het verreikende negatiewe publisiteit vir Suid-Afrikaanse sport tot gevolg gehad. Nie net het dit 'n gesonde betrekking met Engeland, een van Suid-Afrika se grootste krieketvriende, vir die volgende twintig jaar bederf nie, maar dit het ook aanleiding gegee tot verskerpte optrede ten einde Suid-Afrikaanse sport wêreldwyd te isoleer. Die Suid-Afrikaanse Regering het in 1968 politiek by sport betrokke laat raak.¹⁷² Latere jare het die voorstaanders van Suid-Afrika se internasionale

¹⁶⁹ Ibid.

¹⁷⁰ Henry, O., *The Man in the Middle*, p. 27.

¹⁷¹ *Protea Krieketjaarboek*, 1997, p. 12.

¹⁷² Procter, p. 20.

sportdeelname die wegkwyning van die grense tussen sport en politiek betreur, maar dit moet aanvaar word dat die aanvanklike fout deur die Suid-Afrikaanse Regering gemaak is met die hantering van rassevraagstukke in sport.

Saam met die hantering van die Arthur Ashe-insident in 1970¹⁷³ was die D'Oliviera-kwessie 'n deurslaggewende faktor in die versnelling van Suid-Afrikaanse sportisolasië. Ashe, 'n Neger-tennisspeler en uitgesproke opponent van apartheid, is in 1970 'n visum geweier om aan die Suid-Afrikaanse Ope Tenniskampioenskappe deel te neem. Hierdie tipe voorvalle het gelei tot die verdeling van Vorster se pogings om sportisolasië te beveg.

Suid-Afrika se sportisolasië verdiep

In Londen het SANROC en die Anti-Apartheidsbeweging sterk ten velde getrek teen die beoogde Suid-Afrikaanse krieket toer, geskeduleer vir 1970. In September 1969 is die *Stop the Seventy Tour* (STST) organisasie (sien hoofstuk 3) geloods ten einde te verseker dat normale sportbetrekkinge met Suid-Afrika nie gehandhaaf word nie. Toe Dawie de Villiers se Springbokrugbyspan teen die einde van 1969 in Brittanje aangekom het, het STST reeds besluit om hul aktiwiteite ook op dié sport toe te spits.

Die D'Oliviera-kwessie het, volgens Peter Hain,¹⁷⁴ die atmosfeer geskep waarin publieke gewaarwording van sportisolasië in Suid-Afrika gekweek is. Vanuit hierdie agtergrond van publieke gewaarwording, tesame met die strukture deur SANROC en die Anti-Apartheidsewering daargestel, het die STST-veldtog in Brittanje momentum gekry en is apartheid in Suid-Afrikaanse sport met groot sukses hier beveg.

Die 1969/70 Springbokrugbytoer na Brittanje, die sogenaamde "betogertoer", was 'n nagmerrie van begin tot einde. Tot voor hierdie toer het geen span in die geskiedenis van sport so deurgeloop onder beledigings en ontwrigtings soos juis hierdie groep sportmanne nie.¹⁷⁵ Betogings, onderbrekings tydens wedstryde, botsings tussen polisie en betogers, die onsekerheid wat daarmee gepaardgegaan het, bomdreigemente en die veiligheidsmaatreëls

¹⁷³ Du Pisani, J.A., *John Vorster en die Verlig/verkrampde stryd*, p. 39.

¹⁷⁴ Hain, P., *Don't play with apartheid*, p. 115.

¹⁷⁵ Odendaal, p. 11.

wat by die Springbokke se hotelle en by die wedstryde getref is, was van die voorvalle waarmee die Springbokke gedurende dié toer gekonfronteer is.¹⁷⁶ Rondom Kersfees, twee maande na die aanvang van die toer, het die spelers 'n besluit, ongekend in Suid-Afrikaanse rugbygeskiedenis, geneem dat hul genoeg gehad het en wou huis toe gaan. Die bestuur, onder politieke druk van die Suid-Afrikaanse Regering, het egter beveel dat die toer voltooi sal word.¹⁷⁷ Die res van die toer is onder moeilike omstandighede voltooi, maar sal eerder onthou word vir die optrede van die betogers as die kwaliteit rugby wat gespeel is. Vir Suid-Afrikaanse rugby was die betogertoer van 1969/70 die laaste in meer as twintig jaar na die Britse Eilande en die sterk rugbybande wat lank reeds tussen die twee lande bestaan het is deur sterk optrede teen Suid-Afrikaanse sportapartheid ontwig.

Vir die STST-beweging was die optrede teen die rugbytoer bloot 'n oefenlopie vir die kriekettoer wat sou volg. Dit is gesien as 'n perfekte springbord van waar gewerk kon word ten einde die kriekettoer te kelder.¹⁷⁸ Die aanloop tot die beoogde kriekettoer het die Engelse Graafskappe baie geld uit die sak gejaag. Twaalf kolfblaai van graafskapvelde is in hierdie tydperk beskadig, wat die MCC genoodsaak het om rolle doringdraad om velde aan te bring om verdere skade te verhoed. As 'n gevolg van die optredes teen die toer is besluit om die toer te verkort na twaalf wedstryde, maar steeds het kritiek teen die toer toegeneem. Die Britse Eerste Minister, Harold Wilson, het sy steun aan die betogings toegesê, die toer bestempel as 'n groot fout en beaam dat enige persoon wat teen die toer wou betoog, dit met vrymoedigheid kon doen.¹⁷⁹ Namate druk teen die toer toegeneem het, het die hoop begin kwyn dat die toer wel sou plaasvind. Die toer het in Brittanje in 'n nasionale politieke stryd ontaard. Die toekoms van Statebond sport was in die weegskaal en verhoudinge met ander Statebondlande is nadelig beïnvloed.¹⁸⁰ Teen hierdie agtergrond is die toer op 22 Mei 1970 gekanselleer(sien hoofstuk3).

Die toenemende krag van internasionale mening teen apartheid gedurende die laat sestigerjare het beteken dat ekonomiese, politieke en sportisolاسie onafwendbaar geword

¹⁷⁶ Dobson, P., *Rugby in Suid-Afrika. 'n Geskiedenis 1861 - 1988*, p. 130.

¹⁷⁷ Hain, P., *Sing the Beloved Country*, p. 54.

¹⁷⁸ Hain, P., *Don't play with apartheid*, p. 161.

¹⁷⁹ Odendaal, p. 12.

¹⁸⁰ Hain, P., *Don't play with apartheid*, p. 181.

het. Soos met die geval van die afgestelde kriekettoer na Engeland is die toer na Australië in die 1971/72-seisoen ook gekanselleer. Dit was 'n duidelike teken dat Suid-Afrikaanse sport by 'n kruispad gekom het ten opsigte van internasionale deelname, want met die swaard van apartheid oor hul kop, sou geen sportspan of sportman uit Suid-Afrika sondermeer in die internasionale arena terugverwelkom word nie.

Sportverskille bring skeuring in die Nasionale Party

Die D'Oliviera-kwessie en die gevolge daarvan het nie net 'n nadeel vir Suid-Afrikaanse sport ingehou nie, dit het ook verreikende gevolge vir die NP ingehou. Alhoewel Vorster se uitsprake ten tye van die D'Oliviera-kwessie sy aansien onder regsgesinde Nasionale bevorder het, is bewerings gemaak dat Vorster se finale besluit eerder 'n reaksie op die gebeure van die oomblik as 'n prinsipiële besluit was.¹⁸¹ Verskillende sieninge ten opsigte van onder andere die hantering van sport en die regering se sportbeleid het 'n dreigende skeuring in die NP tussen die partyleiding en die ultraregse groepering onder dr. Albert Hertzog onafwendbaar gemaak. Hierdie verskille is gedurende die Transvaalse NP-kongres gedurende September 1969 op die spits gedryf.

Tydens die kongres het die Transvaalse partyleier, Ben Schoeman, vier mosies oor die mees omstrede beleidsaspekte, naamlik diplomatieke betrekkinge met swart Afrika-state, samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, sport en immigrasie opgestel en aan die kongres voorgelê.¹⁸² Die doel van hierdie voorlegging was 'n poging om die voortslepende konflik binne die Party in die Transvaal tot 'n punt te bring.

Die kwessie rondom sport en die sportbeleid het reeds sedert 1967 'n aanloop tot konflik binne die NP gehad. Met Vorster se sportbeleidsverklaring in April 1967 was 'n groot groep van die Hertzog/ Jaap Marais ondersteuners nie ten volle gelukkig met dié beleid nie. In reaksie hierop het Vorster 'n inligtingstuk opgestel om die idee dat daar van die tradisionele sportbeleid van sy voorgangers afgewyk is, te neutraliseer. Vorster se optrede tydens die

¹⁸¹ Smit, p. 80.

¹⁸² Du Pisani, J., "B.J. Vorster se nuwe sportbeleid as faktor in die verdeeldheid binne die Nasionale Party wat gelei het tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party" in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Vol. 9, no. 2, Desember 1984, p. 66.

D'Oliviera-kwessie het regse gemoedere binne die NP tydelik in toom gehou. Die regering se hantering van die Maori-kwessie kort hierna was egter die finale doodsteek in die verlig/verkrampstryd.

In September 1968 stel Vorster sy standpunt ten opsigte van die insluiting van Maori's in die 1970 All Black-toerspan baie duidelik. Volgens Vorster was daar geen rede waarom die toer nie kon plaasvind nie, aangesien spelers met Maori-bloed net soos in die verlede in Suid-Afrika ontvang sou word. Die Minister van Sport, Frank Waring het Vorster se siening hieroor bevestig¹⁸³ en Danie Craven is aangesê om die uitnodiging aan die Nieu-Seelandse Rugbyunie net soos in die verlede te bewoord.¹⁸⁴ Hierdie uitsprake deur Vorster en Waring het die tydelike vertroue van die regses in die NP se sportbeleid permanent geskaad en die kloof tussen verlig en verkramp het, ten opsigte van sport, finaal verdiep.

Die ander drie mosies ter sprake tydens die kongres is eenparig aanvaar, maar die sportmosie het ernstige meningsverskille tot gevolg gehad.¹⁸⁵ Hertzog het sy misnoeë met die omstandighede saamgevat in sy toespraak tydens die besprekingsessie deur te sê: "Ek kan nie help om probleme te hê met die nuwe sportbeleid nie, en ek wil hulle vanaand stel."¹⁸⁶ In sy toespraak maak hy beswaar teen die insluiting van Maori's in die 1970 All Black-span na Suid-Afrika, wat hy beskou as 'n vertrekpunt tot toenemende integrasie op alle gebiede van die Suid-Afrikaanse samelewing. Hertzog het voorts na Verwoerd se Loskopdam-toespraak verwys en gesê hy vereenselwig hom met dié standpunt. Hertzog is hierin gesteun deur sy ultraregse vennote, maar die kern van die Party het hier van hom verskil.

Na afloop van die besprekingsessie is daar oorgegaan tot 'n stemming. Van die meer as duisend afgevaardigdes het elf, waaronder Hertzog, teen die sportmosie gestem, terwyl sewe, insluitend Jaap Marais, buite stemming gebly het. Die agtien afgevaardigdes wat nie die

¹⁸³ **Die Beeld**, 24 Augustus 1969.

¹⁸⁴ **B.J. Vorster-versameling** (PV 132, 3/6/1/10) Toespraak te Brakpan, 27 September 1968.

¹⁸⁵ Die mosie het as volg gelui: "Hierdie kongres onderskryf die sportbeleid van die Regering soos uiteengesit deur die Eerste Minister in die Volksraad op 11 April 1967." **Debate van die Volksraad**, 11 April 1967, kolom 4108.

¹⁸⁶ **Die Transvaler**, 10 September 1969.

sportmosie gesteun het nie, is op die laaste dag van die kongres meegedeel dat hul afdelingsbesture hulle oor hul besluit sou konfronteer. Hulle is dus voor die keuse gestel om hul by die meerderheidsbesluit te berus, of die risiko te loop om dissiplinêr verhoor te word.¹⁸⁷ Die langdurige geskil en verskille binne die NP oor onder andere die Kleurvraagstuk en gepaardgaande hiermee die posisie van swartes in Suid-Afrikaanse sport is hiermee tot 'n hoogtepunt aangevuur.

'n Wedersydse moddergooiery het gevolg en 'n verskeidenheid van idees aangaande die sportbeleid en die vertolking daarvan is verkondig. 'n Finale skeuring in die Nasionale Party het gevolg met die skorsing van Hertzog, Marais en Louis Stofberg uit die NP.¹⁸⁸ Kort daarna is die Herstigte Nasionale Party op 25 Oktober 1969 gestig met Albert Hertzog as eerste leier. Die teenstand wat Vorster se sportbeleid uit regse kringe ontlok het, was 'n duidelike teken dat blanke Suid-Afrikaners verdeeld gestaan het teenoor sportapartheid. Vorster se hantering van die D'Oliviera-kwessie het Suid-Afrikaanse sport feitlik totaal geïsoleer, maar sy hantering van die Maori-kwessie kort daarna het die hoop laat ontstaan dat die NP sy sportbeleid in die nabye toekoms met meer deursigtigheid sou aanpak.

Nuwe denkrigtings aangaande 'n sportbeleid vir Suid-Afrika

Teen die einde van die sestigerjare is met groot aandag gekyk na die moontlikheid om nie-blanke sportlui se regmatige aansprake binne die NP se sportbeleid te akkommodeer. Die doel hiermee was nie of hul aansprake erken word of nie, maar hoé dit tot vergestaltung kon kom binne die struktuur van afsonderlikheid in sport.¹⁸⁹ Vorster het reeds in 1967 tekens van hierdie nuwe denkrigting getoon met 'n afwyking van die radikale apartheidsbenadering en die nastrewing van 'n meer pragmatiese benadering tot hierdie probleem. Hoewel dit na nouer en oper skakeling tussen verskillende rassegroepe gelei het, het die strewe na identiteitsbehoud net so belangrik as altyd gebly.

Hierdie nuwe benadering het in 1971 gestalte gekry in die vorm van die NP se "veelvolkige

¹⁸⁷ **M.C.G.J. van Rensburg-versameling** (PV 28, 7) Notule van die jaarkongres van die NP in Transvaal, Pretoria, 9 - 11 September 1969.

¹⁸⁸ Na dié drie se skorsing het 'n hele aantal Hertzog-ondersteuners ook uit die NP bedank.

¹⁸⁹ Scholtz, p. 13.

sportbeleid". In teenstelling met "veelrassige" sportbeoefening is "veelvolkige" sportbeoefening gebaseer op die uitgangspunt dat spanne vanuit verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika teen mekaar kon kompeteer, maar kompetisie tussen verskillende rasse op klubvlak, sowel as kompetisie tussen gemengde spanne was steeds taboe.¹⁹⁰

Veelvolkige naasbestaan is nie 'n beleid wat wesenlik van "afsonderlike ontwikkeling" verskil nie. Dit moet eerder gesien word as 'n fase in die ontplooiing daarvan, met 'n eie beklemtoning. Waar die klem tussen 1948 en 1967 op die implementering van apartheid geval het, het dit mettertyd verskuif na "ontwikkeling" en nouer skakeling binne die bestaande bestel tussen bevolkingsgroepe; na die daadwerklike beoefening van interafhanklikheid en deelname.¹⁹¹

Veelvolkige sport impliseer dat volke en lande teen mekaar kan meeding en nie bloot individue nie. In die lig hiervan kon Suid-Afrikaanse blankes en nie-blankes in sekere oop internasionale byeenkomste teen mekaar kompeteer, maar dan moes dit in veelvolkige verband wees, dit wil sê waar individue verteenwoordigers van hul onderskeie volksgroepe is.¹⁹² Op klub, provinsiale en nasionale vlak sou daar binne Suid-Afrika geen gemengde sport tussen die onderskeie bevolkingsgroepe plaasvind nie, soos dit nog altyd die geval was.¹⁹³ Veelvolkigheid as konsep was gebaseer op die geloof dat volkere vry moet wees om hul eie identiteit te ontwikkel. Wanneer dit na die sportsituasie herlei word, kom dit daarop neer dat elke Suid-Afrikaanse bevolkingsgroep aan sy sportlui die geleentheid moes bied om tot die hoogste vlak te ontwikkel. Op hierdie hoogste vlak was mededinging tussen lede van die onderskeie groepe moontlik.¹⁹⁴ Die beleid, gebaseer op die beginsel van veelvolkigheid, het in die uitvoering daarvan op die volgende berus:

- Dat elke volksgroep die reg het tot die behou van sy identiteit;
- dat alles so gereël word dat wrywing en wanorde uitgeskakel en voorkom sou word; en

¹⁹⁰ Davenport, p. 542.

¹⁹¹ *Ibid.*, p. 14.

¹⁹² **Debatte van die Volksraad.**, 22 April 1971, kolom 5051.

¹⁹³ "Sportbeleid van die Nasionale Party" in **Skietgoed**, 7 Junie 1971, p. 2553.

¹⁹⁴ Smit, p. 111.

- dat elke volksgroep in Suid-Afrika volle aanspraak het op dieselfde maksimum geleentheid op alle terreine van die lewe.¹⁹⁵

Die beleidsrigting soos vervat in bogenoemde het daarop neergekom dat al die verskillende bevolkingsgroepe ook op sportgebied dieselfde optimale benutting van geleentheid sou geniet. In 'n uitgawe van *Skietgoed* in 1977 het dr. Piet Koornhof, Minister van Sport, hom as volg uitgespreek op 'n vraag aangaande wat veelvolkige sport behels:

- Veelvolkige sport veronderstel sport vry van diskriminasie op grond van ras en kleur, met ander woorde 'n sportbedeling gebaseer op gelyke kanse vir almal ongeag kleur;
- Veelvolkige sport impliseer deelname op 'n volksbasis, met ander woorde waar die identiteit en die andersheid van die verskillende volksgroepe erken, beskerm en gerespekteer word; en
- Dat daar nie deurmekaar sportspanne sal wees waar die moontlikheid bestaan dat een volksgroep deur 'n ander oorheers kan word nie.¹⁹⁶

Hieruit is dit duidelik dat afsonderlike ontwikkeling op sportgebied voorgestaan is, wat dui op sterk onderskraging van die NP se apartheidsbeleid. Juis om hierdie rede het die buiteland en 'n groot gedeelte van die plaaslike sportlui nooit werklik opgewonde geraak oor die NP se "nuwe" benadering tot sport en die beheer daarvan gedurende die sewentigerjare nie.

Vorster se sportbeleidverklaring in 1971 is deur politieke woelinge binne die Nasionale Party gedurende die laat sestigerjare voorafgegaan, toenemende druk op sportapartheid en tesame hiermee die frustrasies van Suid-Afrikaanse sportlui ten opsigte van toenemende isolasie. Vroeg in die Vorster-era moes die Regering sportapartheid toepas in 'n poging om 'n skeuring binne die Party te voorkom.¹⁹⁷ Na die skeuring in die NP in 1969 kon Vorster egter nou begin beweeg in die rigting van genormaliseerde Suid-Afrikaanse sport.

In die uiteensetting van die Regering se sportbeleid op 22 April 1971 sê Vorster Suid-Afrika is 'n veelvolkige land met die onderskeie volkere op pad van eiesoortige ontwikkeling.

¹⁹⁵ **Debate van die Volksraad**, 11 Junie 1975, kolom 8236.

¹⁹⁶ "Sportbeleid werp vrugte af" in *Skietgoed*, no. 4, September 1973, p. 3878.

¹⁹⁷ Van der Merwe, p. 169.

Daarom is dit wenslik en goed dat ook die verdere ontwikkeling van sport hiermee tred sal hou.¹⁹⁸ Sport is belangrik vir die mens, maar daar is ander belange wat groter en hoër geag moet word as sportbelange. Verskeie riglyne is daargestel waarvolgens sportontwikkeling in die land moes plaasvind ten einde die sportbeleid ten volle te benut. Alle Suid-Afrikaanse nie-blanke sportliggame is aangemoedig om hul eie internasionale sportverhoudinge aan te knoop ten einde hul sportmense maksimale benutting van veelvolkigheid te bied.

Die stigting van 'n nasionale sportadviesraad ten einde alle sportliggame te koördineer is in die vooruitsig gestel. Hierdie gedagte is deur verskeie sportmense aan die Regering voorgelê, maar die Regering wou eers nog vertoë in die verband aanhoor alvorens dit ernstig oorweeg sou word.¹⁹⁹ Vorster het, in die afsluiting van sy verklaring, die feit beklemtoon dat die Regering se nuwe sportbeleid in sterk kontras met die amptelike opposisie, die Verenigde Party, staan. In sy sportbeleidverklaring in April 1970 het die VP leier, Sir De Villiers Graaff, onder meer verklaar dat "sport lank nie meer as bloot 'n sosiale aktiwiteit gesien kan word nie. Dit is nou 'n saak van nasionale prestige en die Regering moet hierby aanpas en belemmerende wetgewing ten opsigte van Suid-Afrikaanse sport verslap".²⁰⁰ Die VP se siening van die huidige sportsituasie is verwerp, veral as gevolg van die gedagte van gemengde proewe, wat volgens Vorster sou beteken dat gemengde sport tot op laagste vlak deurgetrek sou word, wat nie vir die Regering aanvaarbaar was nie. Die implementering van 'n veelvolkige sportbeleid, met sy beslag in 1971, het met verloop van die sewentigerjare veranderings ondergaan en aanpas, maar dit het die breë basis gevorm vir die Regering se sportbeleid gedurende hierdie tydperk.

Die invloed van die Afrikaner Broederbond in die bepaling van die Regering se sportbeleid

Volgens *Wilkinson en Strydom* het die Broederbond sedert 1971 ten nouste betrokke geraak by die Regering se sportbeleid.²⁰¹ Hulle het beweer dat daar in 1971 afgewyk is van die tradisionele sportbeleid wat sedert bewindsoorname in 1948 deur die Nasionale Party

¹⁹⁸ Skietgoed, 7 Junie 1971, p. 2553.

¹⁹⁹ Ibid., p. 2557.

²⁰⁰ Ibid.

²⁰¹ Wilkinson, p. 239.

daargestel is om te verseker dat die posisie van die Afrikaner in Suid-Afrikaanse sport verskans kan word.²⁰² Sedert die begin van die sewentigerjare het die Broederbond dus, volgens hulle, 'n insiggewende rol gespeel in die daarstelling en ontwikkeling van die NP se sportbeleid en duidelike veranderinge en hernuwings is in die sportbeleid ingebou.

Vanuit die geledere van die Broederbond self is daar egter gesê dat hierdie bewerings onjuis is. Die hele gedagte dat die Broederbond betrokke was by die ontwikkeling van 'n sportbeleid vir Suid-Afrika is 'n mite en 'n aanname.²⁰³ Dit is wel so dat verskeie individue, wat ook toevallig lede van die Broederbond was, betrokke was by alle fasette van die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing, wat sport ook sou insluit. Om egter te sê dat hierdie individue as verteenwoordigers van die Broederbond op hierdie besluitnemende organisasies gedien het, word as verregaande beskou.²⁰⁴ Vir die doel van hierdie studie word daar nie verder in diepte ingegaan in die beweerde betrokkenheid van die Broederbond in die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse sportbeleid nie, hoofsaaklik omdat hierdie onderwerp 'n studie opsigself regverdig. Daar sal wel by tye binne hierdie studie verwys word na aansprake deur sportlui en sportjoernaliste aangaande die Broederbond se siening of optrede ten opsigte van sport, maar daarin moet eerder gesien word die optrede van individue in hul persoonlike hoedanigheid en nie as verteenwoordiger van die Broederbond nie.

Die skeuring van 1969 het die NP gesuiwer van sy regse element, wat dit vir die NP makliker gemaak het om die beleidsuitspraak van 1971 te maak. As die kern van die NP se besluitnemingsproses het die Broederbond die basis daargestel vir die Regering se nuwe sportbeleid, gebaseer op veelvolkigheid. Die negatiewe gevolge wat sportstagnasie op politieke en maatskaplike gebied kon hê, is met groot omslagtigheid bespreek en uiteindelik is daar op veelvolkigheid in sport besluit om hierdie probleem te probeer vermy.²⁰⁵ Die beplanning en opstelling van die nuwe sportbeleid is in die binnekringe van die Broederbond gedoen en met fyn berekende presisie aan die res van die Party verkoop. Ten einde die

²⁰² Ibid.

²⁰³ C.Rademeyer-versameling, Transkripsie van gesprek met dr Kobus Mostert, 8 Oktober 2002, Bloemfontein.

²⁰⁴ Ibid.

²⁰⁵ Wilkinson, p. 244.

aanbieding van veelvolkige sport moontlik te maak, is wetlike voorskrifte daarvoor verwyder.²⁰⁶ Vroeëre maatreëls wat vir swart sportlui 'n bron van irritasie was, is met verloop van tyd verwyder.

Volgens Danie Craven het die Broederbond gedurende die sewentigerjare gewoeker om beheer oor soveel moontlik provinsiale en nasionale sport organisasies in die land te verkry. Verskeie provinsiale rugby unies het op hierdie manier in die hande van die Broederbond beland, een van die vernaamste redes waarom rugby in jare wat sou volg in die buiteland en deur swart Suid-Afrikaners as eng Afrikaans beheerd geklassifiseer is.²⁰⁷

Verskeie botsings en meningsverskille tussen Craven en die Suid-Afrikaanse Regering was gebaseer op die feit dat Craven nie 'n Broeder was nie en sterk anti Broederbond sentimente geopper het.²⁰⁸ Volgens Dobson is Craven se aanstelling as President van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad deur die Broederbond ondersteun, aangesien hulle hom as 'n "skakel" wou gebruik.²⁰⁹ Die Broederbond het hul egter met Craven se politieke oortuigings misreken, en 'n jarelange konflik tussen die NP en Craven tot gevolg gehad. Frank Waring, Minister van Sport ten tye van die 1971 sportbeleid verklaring en 'n voormalige Springbokrugbyspeler, is op só 'n wyse as "skakel" gemanipuleer²¹⁰ en Vorster moes by tye in die Parlement intree as Waring klei getrap het met verduidelikings aangaande die nuwe sportbeleid.²¹¹ Na Waring se bedanking as Minister van Sport het die Broederbond sy saak, volgens Craven, in ere herstel deur Piet Koornhof, 'n lid van die Broederbond, in sy plek aan te stel.²¹² Koornhof was prominent in die nuwe denkstroom aangaande 'n veranderende Suid-Afrikaanse sportbeleid. Hy was aan die spits van sportsake gedurende die sewentigerjare en midde in die NP se strewe na "veelvolkige sportbeoefening" in Suid-Afrika.

²⁰⁶ Kotzé, p. 89.

²⁰⁷ Dobson, P., **Doc. The life of Danie Craven**, p. 118.

²⁰⁸ **Ibid.**, p. 133

²⁰⁹ Dobson beweer dat 'n "skakel" 'n persoon is wat nie aan die Broederbond behoort nie, maar deur die Broederbond in belangrike posisies benut word waarin die Broederbond 'n invloed wou uitoefen. Indien so 'n persoon suksesvol was in hierdie posisie, kon hy gemanipuleer word, maar indien hy misluk, sou dit geen verlies vir die Broederbond inhou nie. **Ibid.**, p. 134.

²¹⁰ **Ibid.**

²¹¹ Wilkinson, p. 245.

²¹² Dobson, p. 135.

Gedurende die tagtigerjare was daar by verskeie geleenthede botsings tussen die Broederbond en vooraanstaande Suid-Afrikaanse rugbylui, veral as gevolg van Springbokrugbyspelers wat strydig met die gedagtegang van die Broederbond opgetree het (sien hoofstuk 4). In meeste van genoemde gevalle het die betrokke spelers of administrateurs stilweg van die rugbytoneel verdwyn.

“Veelvolkige sportbeoefening” kry sy beslag in Suid-Afrikaanse sport

Met Koornhof aan die spits van sportsake het die NP gedurende die sewentigerjare desperaat gepoog om van die Verwoerdiaanse sportbeleid weg te beweeg en, met die implementering van veelvolkigheid in Suid-Afrikaanse sport ‘n nuwe beleidsrigting daar te stel. Koornhof se aanstelling as Minister van Sport en Ontspanning in 1973 het die hoop binne die NP gevestig dat ‘n nuwe denkrigting ten opsigte van die sportbeleid Suid-Afrikaanse sport positief sou adverteer in die buiteland. Die nuwe rigting wat met die sportbeleid ingeslaan is, het egter weinig indruk op die buiteland gemaak. Toenemende druk deur SANROC en SACOS het verseker dat Suid-Afrikaanse sport geïsoleer sou bly totdat ‘n nuwe politieke bestel, aanvaarbaar vir alle Suid-Afrikaners, ‘n werklikheid word.²¹³

In ‘n toespraak in die Volksraad op 25 Mei 1973 oor die Departement Sport en Ontspanning, het Koornhof sy idees aangaande die Suid-Afrikaanse sportbeleid duidelik uiteengesit. Die kampvegters teen apartheid in sport (veral SANROC en SACOS) is uitgewys as “sport-terroriste”²¹⁴ en daarvan beskuldig dat hulle ‘n andersins doodonskuldige sosiale aktiwiteit (sport) met negatiewe publisiteit en sekere wanvoorstellings wou vernietig. By die algemene publiek het bogenoemde situasie die indruk geskep dat die Regering ‘n spesiale sportbeleid het, en is daar voortdurend na die Regering se “sportbeleid” verwys in gesprekke oor Suid-Afrika se dilemma in internasionale sport. Dit, volgens Koornhof, was nie korrek nie. “Die Regering het nie ‘n doelbewuste en omskrewe beleid daargestel wat slegs op sportbeoefening van toepassing is nie”.²¹⁵ Tog het die NP sedert 1956 definitiewe riglyne daargestel waarvolgens Suid-Afrikaanse sport beheer of aangespreek moes word.

²¹³ Davenport, p. 542.

²¹⁴ Riglyne vir Sport in Suid-Afrika, p. 4.

²¹⁵ Ibid.

Die NP het selfs van tyd tot tyd, deur middel van *Skietgoed*, dokumentasie aan die breë publiek beskikbaar gemaak, onder die opskrif "Suid-Afrika se Sportbeleid".

Koornhof verdedig sy standpunt hieroor deur te sê sport vorm slegs 'n deel van die algemene lewenspatroon van die land se inwoners, en is daarom onderworpe aan die gewone wette van die land. "As daar dus van 'n sogenaamde sportbeleid gepraat word, dan moet die deelname aan sport in Suid-Afrika in die eerste plek gesien word teen die agtergrond van die NP se hele beleid van afsonderlike, eiesoortige ontwikkeling wat op die ganse, veelvolkige Suid-Afrika van toepassing is".²¹⁶ Dit is hieruit dus duidelik dat afsonderlike sportdeelname, volgens Koornhof, gesien moes word as 'n natuurlike uitvloeisel van die NP se politieke beleid van afsonderlike ontwikkeling. Enige aspirasies vir die ontwikkeling van 'n outonome sportbeleid, afsonderlik van die politieke oortuigings van die NP as die Regering van die dag, was dus totaal onmoontlik. Hierdie rigiede uitgangspunt van die NP aangaande sport het nie net in die buiteland tot sterk optrede gelei nie, maar plaaslike sportlui het in toenemende mate in opstand gekom teen die Regering se sportbeleid. Sekere "toegewings" ten opsigte van buitelandse deelname en veelvolkige sportbeoefening het min gedoen om enige vriende te wen vir die regering en sy hantering van sport.

In 1975 herhaal Koornhof die Regering se sportbeleid, gebaseer op die veelvolkige beoefening daarvan, in die Volksraad. In verwysing na outonomie in sport sê Koornhof dat die Regering probeer toesien dat die inmenging in sport tot die absolute minimum beperk word. Die Regering skryf nie aan die liggame voor wat hulle moet doen nie. "Ons sê vir hulle wat die beleid van die Regering is, en dan vra ons hulle om dienooreenkomstig op te tree".²¹⁷ Hierdie stelling van Koornhof het tot toenemende konflik met Suid-Afrikaanse sportlui gelei, aangesien die sportadministrateurs self die beleid wou daarstel en sport daarvolgens wou bestuur. Die Regering het in gebreke gebly om hierdie kwessie tot aanvaarding van die meeste sportlui te hanteer, wat tot die steeds groeiende negatiwiteit onder sportlui, ten opsigte van die hantering van sport in Suid-Afrika, bygedra het.

²¹⁶ "Riglyne vir sport in Suid-Afrika" in *Skietgoed*, Junie 1973, p. 2864.

²¹⁷ *Debate van die Volksraad*, 11 Junie 1975, kolom 8237.

Vir Suid-Afrikaanse sport het die prentjie al hoe donkerder geword. Binne die bestek van agt weke in 1970 is Suid-Afrika uit tennis se Davisbeker geskop, geskors uit die Olimpiese Beweging en deur die MCC verwerp. Teen November 1971 het die Verenigde Nasies boikotte teen Suid-Afrikaanse sport aangevra.²¹⁸ Die nuwe sportbeleid, soos bevestig in 1971 en 1973, het weinig gedoen om dié posisie enigsins te herroep of verbeter. In agtien maande, van die begin van 1973, is Suid-Afrika deelname aan twintig buitelandse sportbyeenkomste ontsê.²¹⁹ Alhoewel veelvolkige sportbyeenkomste in Suid-Afrika aan die orde van die dag was, was dit nie genoegsame verandering ten einde sportlui opgewonde daaroor te maak nie. Teen die einde van 1975 het veelvolkige sportbeoefening sy plafon bereik, en die sogenaamde “normalisering” van Suid-Afrikaanse sport in die tweede helfte van die sewentigerjare het min werklike veranderinge tot gevolg gehad. Die isolasie van Suid-Afrikaanse sport was reeds in só mate deel van die alledaagse Suid-Afrikaanse samelewing, dat dit op die agtergrond geskuif is. Binnelandse, sowel as buitelandse druk op die Regering se apartheidsbeleid het die laat sewentigerjare oorheers. Die politieke maalkolk waarin die Regering vasgevang was, het radikale optrede genoodsaak. Die verontregting van Suid-Afrikaanse sportlui is dus vir eers op die agtergrond geskuif, terwyl die “ware” probleme van die land aangespreek is.

Die normalisering van Suid-Afrikaanse sport , 1976 - 1979

Politieke onrus en buitelandse verset teen apartheid het die tweede helfte van die sewentigerjare oorheers. Die Soweto-opstande in Junie 1976 het die Regering geen gunste in die buiteland bewys nie. Oproer en brandstigting by onder andere die Zoeloelandse en Fort Hare Universiteite kort na die Soweto voorval, het wyer uitgekring en teen die einde van 1976 tot feitlik die hele land versprei. In die buiteland is die Regering gekritiseer vir sy optrede tydens die Soweto voorval en daarna, en strenger optrede teen apartheid is vanuit alle oorde bepleit.²²⁰

Die politieke onrus in die land het Suid-Afrikaanse sport ook tot groot nadeel gestrek. Die Regering se verklaring aangaande die beskerming van elke bevolkingsgroep in sport het

²¹⁸ Merrett, p. 146.

²¹⁹ Horrell, M., *A Survey of Race Relations in South Africa, 1974*, p. 396.

²²⁰ Feinberg, B., en A. Odendaal (red.), *Mzabalazo. A pictorial history of the African National Congress*, p. 19.

einde 1976 die lig gesien. Hierdie verklaring, gesien as die agt pilare van die NP se sportbeleid, is saamgestel om die veranderende sportbeleid van die Regering te ondersteun²²¹ (Sien Bylae 2). Die Regering se pogings om sport meer outonomie te gee en te poog om weg te beweeg van 'n rigiede sportbeleid van die vorige dekade het beperkte sukses gehad. Vir die buiteland, en veral vir organisasies verbonde aan die stryd teen apartheid in sport (veral SANROC en SACOS) was enigiets kort van gelyke politieke status in Suid-Afrika onaanvaarbaar.

Die Regering se nuwe sportbeleid van 1976 het egter binnelands groot ongelukkigheid veroorsaak. Met die aankondiging van die nuwe beleid is die toekenning van Springbokkleure, wat tot op datum nog altyd slegs vir blanke sportlui beskore was, aan die oordeel van die sportbeheerliggame oorgelaat.²²² Voor dié wending in die sage rondom die Springbok, was verskeie kabinetslede baie uitgesproke oor die inklusiwiteit van Springbokkleure. "Geen nie-blanke sal ooit 'n Springbokbaadjie dra nie"²²³, het Minister M.C. Botha by 'n geleentheid in 1975 opgemerk. 'n Kollega, dr. Connie Mulder, het Botha hieroor sterk ondersteun. Met die aankondiging van die nuwe sportbeleid in 1976 het die situasie egter in so 'n mate verander dat die sportbeheerliggame nou die reg gehad om te besluit oor die toekening van Springbokkleure.

Gedurende November 1976 het die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Vereniging vergader en met 48 stemme teen 2 besluit dat die Springbokembleem aanvaar word as die wapen wat toegeken word aan alle spanne wat op meriete gekies word om Suid-Afrika te verteenwoordig. Dit was in lyn met Koornhof se vroeëre uitspraak dat alle sportmanne wat gekies word om Suid-Afrika te verteenwoordig, Springbokkleure sal ontvang.²²⁴ In 1978 het Matthews Batswadi, 'n swart langafstandatleet, Suid-Afrika se eerste swart Springbok geword. Hiermee is 'n hewige twis, wat geruime tyd binne die NP-geledere gewoed het ter ruste gelê²²⁵, en is die monopolie van blankes in die toekenning van Springbok kleure beëindig.

²²¹ "Sportbeleid werp goeie vrugte af" in *Skietgoed*, no. 4, September 1977, p. 3870.

²²² Smit, p. 149.

²²³ Kotzé, p. 92.

²²⁴ *Suid-Afrikaanse Oorsig*, 26 November 1976, p. 13.

²²⁵ Kotzé, p. 91.

Alhoewel die normaliseringsprosesse in Suid-Afrikaanse sport gedurende die laat sewentigerjare tot 'n sekere mate plaasgevind het, was dit nie sonder voorvalle nie. Waar sport in die rigting van outonomie²²⁶ en gelyke ontwikkeling op sportgebied begin beweeg het, was daar steeds wetgewing wat spanning op die voortuitgang in sport geplaas het. Die NP kon nie vinniger beweëg as wat sy kongresse toelaat nie, 'n pas wat veels te stadig was vir verskeie Suid-Afrikaanse sport administrateurs.²²⁷ So byvoorbeeld is Cheeky Watson, 'n blanke rugbyspeler wat gedurende die sewentigerjare gereeld vir die Oostelike Provinsie uitgedraf het, in 1977 gearresteer omdat hy langer in 'n swart woongebied was as wat die wet bepaal het.

In 1976 het Watson, sy broer Valence en Colin Snodgrass, aldrie lede van Crusadersklub in Port Elizabeth, by die Kwazakhele Rugby Unie (KWARU) aangesluit. Hierdie rugby unie, 'n affiliaal van die Kleurlingoorheersde Suid-Afrikaanse Rugby Unie (SARU) het geen probleme gehad om die drie nuwelinge te aanvaar nie.²²⁸ Die probleem het egter ontstaan toe dit bekend gemaak is dat hulle as lede van die KWARU-span in 'n wedstryd op Veeplaas, 'n swart dorpie in die Oos-Kaap, gaan speel.²²⁹ Ongeag dreigemente en waarskuwings het niks onvoorsiens daardie jaar gebeur nie. Nadat SARU egter geweier het om met die Suid-Afrikaanse Rugby Voetbal Federasie (SARVF) en die Suid-Afrikaanse Rugby Vereniging (SARV) saam te smelt om die Suid-Afrikaanse Rugby Raad te vorm, is die Watson-broers en Mike Ryan, 'n Oostelike Provinsie slot, gearresteer omdat hulle na 19:00 op 'n Saterdag nog in 'n swart woongebied was. Dit was strydig met die permitstelsel waarvolgens verskillende bevolkingsgroepe in 'n woongebied van 'n ander

²²⁶ Streek merk in hierdie verband op dat daar tussen 1970 en 1985 'n merkbare afname in die Regering se invloed op Suid-Afrikaanse sport was. Dit feit dat daar gedurende die laat sewentigerjare géén regeringsinvloede in Suid-Afrikaanse sport teenwoordig was nie, sien hy egter as "patent rubbish". Streek, B., "Illusions and reality in South Africa's Sport Policy", in *South Africa International*, vol. 16, no. 1, Julie 1985, p. 38.

²²⁷ Gerber, H., *Craven*, p. 266.

²²⁸ Peires, J.B., *Facta non verba: Towards a history of Black rugby in the Eastern Cape*. A paper presented at the History Workshop, University of the Witwatersrand, February 1981, p. 8.

²²⁹ Heel ironies het dié wedstryd op 10 Oktober, Krugerdag, plaasgevind.

bevolkingsgroep sport mag beoefen, om die gebied weer voor 'n sekere tyd te verlaat.

Die sogenaamde "Veeplaas"-insident het wyd reaksie uitgelok en is in rugbykringe hier en oorsee skerp gekritiseer. Dit is voorgehou as slegs nóg 'n teken dat die Suid-Afrikaanse Regering wel nog sport in die land regeer, alhoewel die normalisering van sport en sportoutonomie gedurende die laat sewentigerjare bepaald voorgehou is. Veel groter probleme vanuit die buiteland het Suid-Afrikaanse sport in 1977 geskud. Die normalisering van Suid-Afrikaanse sport en die positiewe benadering van die meeste mense in die land het skielik onvanpas gelyk toe die leiers van verskeie Statebondslende in Skotland bymekaar geroep is om sportbetrekkinge met Suid-Afrika te bespreek.

Die Gleneagles-ooreenkoms en die beperking op internasionale sportbetrekkinge

In die internasionale poging tot sportisolasië teen Suid-Afrika was daar tot en met 1977 geen werklike pogings op regeringsvlak aangewend om hierdie proses suksesvol deur te voer nie.²³⁰ Hierdie taak is gelaat in die hande van verskeie anti-apartheidsbewegings, SANROC, SACOS en kleiner ondersteuningsorganisasies.

As gevolg van besluite geneem gedurende die byeenkoms van verskeie leiers van Statebondslende in die Gleneagles Hotel, Skotland, tussen 8 en 15 Junie 1977, is verskeie lande op regeringsvlak ook direk betrek by die bevegting van sportapartheid. Die Gleneagles-byeenkoms is gereël op aandrang van Malcolm Fraser, die Australiese Eerste Minister, en groot kampvegter teen apartheid, Indira Gandhi van Indië en Pierre Trudeau van Kanada. Die noodsaaklikheid vir só 'n vergadering was die dreigende boikot van die naderende 1978-Statebond Spele deur Afrikalande. Dié dreigemente het gekom van

²³⁰ Hain, P., *Sing the Beloved Country*, p. 98.

dieselfde Afrikastate wat die 1976 Olimpiese Spele geboikot het.²³¹ Hierdié boikot het plaasgevind in protes teen die deelname van die Nieu Seelandse span aan die Olimpiese Spele, aangesien die All Black rugbyspan gedurende dieselfde jaar ook 'n toer na Suid-Afrika onderneem het.²³²

Die Gleneagles samesprekings tussen die verskeie Statebondsleiers het gelei tot die aanvaarding van die sogenaamde "Gleneagles-ooreenkoms", wat alle sportbetrekkinge met Suid-Afrika teëgestaan het. Die vergadering het 'n besluit geneem "... (to) vigorously combat the evil of apartheid by withholding any form of support for, and by taking every practical step to discourage contact or competition by our nationals with sporting organizations, teams or sportsmen from South Africa..."²³³ Sterk optrede teen Suid-Afrika was, volgens die afgevaardigdes noodsaaklik, aangesien Suid-Afrika se volgehou apartheid in sport in direkte konflik was met die Verklaring van Statebondbeginsels, wat in Januarie 1971 in Singapoer opgestel is.²³⁴ Hiervolgens is sport 'n belangrike vorm van ontwikkeling en die aanleer van verdraagsaamheid tussen verskillende bevolkingsgroepe in een land.

Daar word gereeld verkeerdelik na die Gleneagles ooreenkoms verwys as 'n "verdrag". Die ooreenkoms, amptelik ook genoem die 1977 Statebond Verklaring oor Apartheid in Sport, was nie 'n formele verdrag nie. Geen kontrak of die ondertekening daarvan deur die aanwesiges het plaasgevind nie, en dit was dus nie wetlik bindend nie. Die Gleneagles

²³¹ Ironies genoeg was geen Olimpiese Spele gedurende die tydperk van Suid-Afrika se skorsing uit dié liggaam "normaal" nie. Sedert Suid-Afrika se wegwysing van die 1964 Spele, is elke Spele tot in 1992 (Suid-Afrika se hertoetreding) deur politiek ontsuur:

1968: Swartmag saluut deur twee swart Amerikaanse atlete, Tommie Smith en John Carlos op die winners-rostrum in protes teen sterk rassekonflik in Amerika;

1972: Elf Israeliese atlete word tydens die Spele deur Palestynse ekstrimiste in hul Olimpiese slaapkwartiere gedood;

1976: Verskeie Afrikastate boikot die Spele oor Nieu-Seeland se deelname (as gevolg van die 1976 All Black rugbytoer na Suid-Afrika);

1980: Amerika boikot die Spele in Moskou uit protes teen die Russiese inval in Afghanistan;

1984: Alle Kommunistiese lande boikot die Los Angeles-Spele in Amerika;

1988: Verskeie Europese lande boikot die Spele in Seoul op grond van die diktatoriale bewind in Suid-Korea (alhoewel 'n demokratiese verkiesing in 1987 die spanning tot 'n mate verlig het); en

1992: Vir die eerste keer neem feitlik al die wêreldnasies aan die Spele deel. Geen boikotte, en die Spele word wyd geloof as die mees suksesvolle Spele in die geskiedenis. **Sunday Times**, 7 September 1997.

²³² Koenderman, T., **Sanctions. The threat to South Africa**, p. 234.

²³³ Macfarlane, N., **Sport and Politics. A World Divided**, p. 110.

²³⁴ Koenderman, p. 235.

ooreenkoms was bloot 'n beleidsuitspraak van die Statebondlande, wat uitdrukking gegee het aan hul gemeenskaplike afsku in apartheid, veral in sport.²³⁵ Die feit dat die Statebondsleiers dit nie nodig geag het om 'n formele getekende dokument op te stel ten einde die sterk standpunt teenoor sportapartheid uit te druk nie, dui duidelik op die eenheidsgevoel onder die verteenwoordigers aangaande apartheid in sport.

Leiers van Statebondslane het opnuut hul steun toegesê aan die Internasionale Kommissie teen apartheid en die Verenigde Nasies se optrede teen apartheid in sport sterk gesteun. Statebondsregerings het hul sportlui aangemoedig om sportbande met Suid-Afrika te verbreek en breë riglyne is selfs daargestel waarvolgens die regerings kon optree ten einde die Gleneagles-ooreenkoms na te kom. Vir Suid-Afrikaanse sportlui was die ooreenkoms basies 'n doodsvonnis. Die probleme met buitelandse deelname gedurende die sewentigerjare het soms net tydelik voorgekom, maar met die steun van hul onderskeie regerings het sportorganisasies wêreldwyd nou definitiewe doelstellings gehad waarvolgens hulle Suid-Afrika op sportgebied kon isoleer. Die groot kampvegters teen apartheid in sport, SANROC en SACOS, was verheug oor die nuwe steun wat hulle in hul veldtog gekry het. Die Verenigde Nasies se Program vir Aksie teen Apartheid (1976) en die Program vir die Internasionale Anti-Apartheid Jaar (1978) het beide sterk bewoorde uitsprake teen sportbande bevat.²³⁶ Die verdieping van die stryd teen sportapartheid in Suid-Afrika is in die tagtigerjare duidelik gevoel en het die Suid-Afrikaanse Regering tot daadwerklikheid genoodsaak.

Ter afsluiting

Die Gleneagles-ooreenkoms was die finale nekslag wat Suid-Afrikaanse sport in 'n groot mate van onsekerheid gedompel het. Dit was duidelik dat sportlui, reeds vuisvoos na al die politieke aanslae van die sewentigerjare, opnuut moes besin oor die status van sport in Suid-Afrika. Teen die einde van die dekade is veel vermag ten einde binnelandse veranderinge teweeg te bring, maar die internasionale politieke prentjie het daaglik verswak.

²³⁵ Macfarlane, p. 110.

²³⁶ Koenderman, p. 234.

Om sake verder te vertroebel, het sport tot 'n mate nie meer prioriteitbehandeling vanuit regeringsgeledere ontvang nie. Daar was ander sake, soos onder meer die grondwetplanne vir die Kleurlinge en Indiërs, wat voorkeur geniet het.²³⁷ Die gevoel is binne die Regering geskep dat die sportbeleid ten volle ontplooi is. Maksimale benutting van die binnelandse potensiaal van sport is bereik, terwyl internasionale mededinging nie sonder meer oornag 'n werklikheid sou word nie. Op die NP-kongres in 1978 in Durban beklemtoon Koornhof die feit dat diskriminasie in Suid-Afrikaanse sport tot 'n groot mate beveg is, 'n bewys dat wetgewing nie altyd noodsaaklik vir die behoud van die identiteit en die uitkakeling van wrywing tussen bevolkingsgroepe nie is.²³⁸ Die enigste probleem wat sport in Suid-Afrika ondervind, volgens Koornhof, was die vyandskap vanuit die buiteland.

Die beperkte sukses wat die NP gehad het met die implimentering van veelvolkige sport gedurende die sewentigerjare, kan egter baie moeilik vergoed vir die skade wat internasionale sportisolاسie aangerig het. Sportnormalisering, wat gedurende die sewentigerjare van stapel gestuur is, het sonder 'n bepaalde strategie plaasgevind.²³⁹ Die gevolg was dat wisselende sukses behaal is met Suid-Afrika se poging om deel van die internasionale sportgemeenskap te bly.

Teen die einde van die sewentigerjare was bloedweining sportsoorte in Suid-Afrika in 'n normale verhouding met hul buitelandse kollegas. Die NP se beleid van apartheid, wat afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika sedert 1948 op die wetboek geplaas het, het ruim bygedra tot die posisie waarin Suid-Afrikaanse sport hom nou bevind het. As 'n integrale deel van die gesegregeerde Suid-Afrikaanse samelewing, het sport in die hoofstroom van die aanslag teen apartheid beland.²⁴⁰ Hervorming ten einde praktiese veranderinge aan sportapartheid aan te bring, het weinig indruk op die buitewêreld gemaak. Die boodskap wat

²³⁷ Kotzé, p. 107.

²³⁸ *Ibid.*, p. 108.

²³⁹ Saaiman, p. iii.

²⁴⁰ *Apartheid. The facts*, p. 36.

die buitewêreld aan Suid-Afrika uitgestuur het was duidelik: dat geen normale sport in 'n abnormale samelewing geduld sal word nie!

HOOFSTUK 2

DIE SPORTBELEID VAN DIE NASIONALE PARTY-REGERING GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE

Regdeur die geskiedenis is daar 'n baie delikate interaksie tussen sport en politiek. Deur bloot te kyk na die politieke invloede op die moderne Olimpiese Spele kan hierdie opvatting gestaaf word. Sedert Adolf Hitler tydens die 1938-Olimpiese Spele in Berlyn geweier het om die swart Amerikaanse atleet, Jesse Owen, se hand te skud, het die Olimpiese Spele, wat elke vier jaar aangebied word, onder politieke protes gebuk gegaan.

Tydens die 1968-Spele in Mexiko-stad het Tommie Smith (goue medalje wenner) en John Carlos (brons) 'n opskudding veroorsaak toe hulle op die podium die swartmag saluut met gebalde vuus vertoon het. Hierdie aksie was uit protes teen die onderdrukking van swartes in Amerika en uit solidariteit vir die regte van die swartmense regoor die wêreld. In 1972, tydens die Spele in Munchen, Duitsland, het die wêreld een van sy grootste sporttragedies nog beleef toe elf Israeliese atlete in die Olimpiese stad deur Palestynse terroriste doodgeskiet is. In 1976 het twee-en-twintig Afrikalande die Olimpiese Spele in Montreal geboikot uit protes teen die All Black-rugbytoer na Suid-Afrika vroeër in dieselfde jaar. In 1980 het Amerika, tesame met sestig ander lande die Spele in Moskou geboikot in reaksie teen die Russiese inval in Afghanistan. Vier jaar later het Rusland en dertien ander oosblok lande die Olimpiese Spele in Los Angeles geboikot in reaksie op Amerika se boikotaksie van 1980.¹ Uit die bogenoemde lys van voorbeelde is dit baie duidelik dat sport wêreldwyd reeds lank deur politiek misbruik en beïnvloed word. In hierdie opsig is Suid-Afrika geen uitsondering nie, want sport is van die vroegste tye af onlosmaaklik van politiek beoefen. Daar kan dus nie gekyk word na enige aspekte van die geskiedenis van sport sonder om die politieke implikasies en invloede daarvan te besef en te bestudeer nie.

Die pogings vanuit nie-blanke sportgeledere in Suid-Afrika om internasionale erkenning te kry het voortdurend gelei tot geskille met die blanke sportorganisasies. Gerugsteun

¹ Collins, D., *Olympic Dreams. 100 Years of Excellence*, p. 123.

deur die anti-apartheidsgroeperinge is verskeie pogings aangewend om sport op 'n veelrassige grondslag in Suid-Afrika te vestig.² In die lig hiervan het die Regering besluit om konkrete riglyne daar te stel waarbinne sport in Suid-Afrika moes ontplooi.

Smit sien hierdie stap as die Regering se eerste amptelike betrokkenheid by sport deur die afdwinging van 'n vaste sportbeleid wat aan die Regering 'n sekere mate van beheer oor sport in die land gegee het.³ Die NP se neerlegging van 'n sportbeleid in 1956 (sien hoofstuk 1) het ook onvermydelik daartoe bygedra dat die Regering voortaan medeverantwoordelikheid moes aanvaar vir Suid-Afrika se internasionale sportbetrekkings. Verskeie uitlatings deur NP-ministers het egter gou getoon dat die Regering se medeverantwoordelikheid in sport probleme kon veroorsaak.

Binne die NP-geledere was daar heelparty ministers wat dit eens was dat die sportbeleid direk onder die struktuur van die apartheidswetgewing ressorteer en daarom moes sportontwikkeling plaasvind volgens die riglyne wat deur apartheid daargestel is. Met Suid-Afrika se uitsluiting uit die Olimpiese Spele in 1964 het die Minister van Binnelandse Sake, Senator Jan de Klerk, gesê dat veelrassige spanne wat Suid-Afrika verteenwoordig, en dit sluit die Olimpiese Spele in, nie geduld sou word nie.⁴ Hierdie uitlating is hewig gekritiseer in die buiteland en het Suid-Afrikaanse sport se saak baie versleg. Die negatiewe sportbeeld van die sestigerjare, wat aangevuur is deur dr. Verwoerd se Loskopdam-toespraak in 1965 (sien hoofstuk 1), het Suid-Afrikaanse sport onder nog groter druk geplaas.

Selfs nie die stigting van die Departement van Sport in 1966 kon help om die internasionale druk op Suid-Afrikaanse sport te verlig nie.⁵ Die Basil D'Olivieradebakel van 1968 het sport in Suid-Afrika verder onder die internasionale soeklig geplaas. In reaksie hierop kondig die Marylebone Cricket Club (MCC) in 1970 aan dat geen kriekettoetse tussen Suid-Afrika en Engeland sou plaasvind voordat krieket in die

² Saaman, G.B., *Sport en Politiek: Suid-Afrika se sportisolasië en die invloed op die binnelandse politiek*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS), p. 116.

³ Smit, J.P.J., *Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse sportbeleid en sy politieke implikasies, 1948-1979*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling), p. 18.

⁴ *Ibid.*, p. 41.

⁵ Die Departement is gestig om sport binne Suid-Afrika te stimuleer in 'n poging om die buitelandse druk te verlig. Koenderman, T., *Sanctions. The threat to South Africa*, p. 233.

Republiek nie op gelyke grondslag en spanne sonder rasse-oordeel gekies word nie.⁶ Die D'Oliviera debakel het ongetwyfeld ook 'n invloed gehad op die Springbokrugbytoere na Brittanje in 1969 en Australië in 1971. Tydens hierdie toere is daar sterk te velde getrek teen Suid-Afrika en die toergroepe is aanhoudend deur anti-apartheidsbetogers lastig geval.

Die sogenaamde "betogertoer" na Brittanje in 1969 is gekenmerk deur voortdurende betogings en oproer by wedstryde, wat wêreldwye mediadekking geniet het. Hierdie betogings het plaasgevind in protes teen die Suid-Afrikaanse Regering se apartheidsbeleid, en die feit dat afsonderlike ontwikkeling in sport verskeie swartes die kans ontnem het om internasionaal deel te neem. Die gebeure tydens hierdie toere was slegs die begin van 'n lang en uitmergelende konflik wat oor die volgende paar dekades tussen Suid-Afrikaanse sportlui en anti-apartheidsbetogers sou plaasvind. As gevolg van die invloed van apartheid op sport en die afsonderlike ontwikkeling van sport in Suid-Afrika, het sport 'n teiken geword van die anti-apartheidsgroeperinge, plaaslik sowel as in die buiteland. Die belangrike rol wat sport in die Suid-Afrikaanse samelewing gespeel het, het nie ongesiens verby gegaan nie en die anti-apartheidsgroeperinge het besef dat dit 'n ideale teiken sou wees waardeur hulle hul anti-apartheidsboodskap sou kon oordra.

Om sake na afloop van die betogertoer verder te kompliseer het die Maori-kwessie, wat 'n aanleidende rol gespeel het in die skeuring binne die Nasionale Party in 1969 (sien hoofstuk 1), weer opgevlam met advokaat B.J. Vorster, wat dr. Verwoerd opgevolg het as Eerste Minister, se aankondiging dat Maori's welkom sou wees in Suid-Afrika as lede van die 1970 All Black-rugbytoer. Die enigste voorwaarde wat gestel is vir hul toelating tot Suid-Afrika, is dat dit nie polities uitgebuit word om betrekkinge tussen die twee lande te vertroebel nie of om binnelandse moeilikheid in Suid-Afrika te skep nie.⁷ Hierdie aankondiging het tot groot ontevredenheid onder die regse groeperinge binne die NP gelei en was een van die redes vir die skeuring in die party. Dit is ook met groot

⁶ Wilkinson, H., en I. Strydom, *The Super Afrikaners. Inside the Afrikaner Broederbond*, p. 241.

⁷ Alhoewel Vorster 'n gemengde All Black-span, bestaande uit blanke en Maori lede, goedgekeur het, was 'n gemengde Springbokrugbyspan steeds ontoelaatbaar. Du Pisani, J.A., *John Vorster en die Verlig/Verkrampte stryd*, p. 36.

ontevredenheid in Nieu-Seeland ontvang, waar veral die Maori's self sterk te velde getrek het teen die apartheidsbeleid van die NP.

Een van die vernaamste kenmerke van Vorster se nuwe sportbeleid van 1971 was die beoefening van veelvolkige sport in Suid-Afrika.⁸ Volgens *Chadinha* was die riglyne vir veelvolkige sport duidelik uitgestip. Dit het voorsiening gemaak vir veelvolkige deelname op alle vlakke, maar met die voorbehoud dat die verskillende bevolkingsgroepe moes voortgaan met die reël en administrasie van hul eie ligas en kompetisies.⁹ Die Regering het egter sekere riglyne daargestel om te verseker dat die beginsels van afsonderlike ontwikkeling nie geskend word nie. Hierdie riglyne het ingesluit:

- Die behoud van die identiteit van elke bevolkingsgroep;
- Die voorkoming en uitskakeling van wrywingsvlakke en van wanordelikheid; en
- Die daargestelling van ontwikkelingsmoontlikhede vir elke bevolkingsgroep.¹⁰

Alhoewel daar onderlinge verskille binne die NP was aangaande veelvolkige sportbeoefening, is Vorster vanuit verskeie oorde geloof vir die vernuwing in die sportbeleid.

Die eerste veelvolkige gholftoernooi is in 1971 in Johannesburg gehou. In dieselfde jaar is die eerste veelvolkige atletiekbyeenkoms (Kaapstad), en tennistoernooi (Johannesburg) gehou. 'n Gemengde atletiekspan het deur Europa gaan toer en die Proteas¹¹ het 'n toer na Brittanje onderneem.¹² Die proses van "normalisering"¹³ van Suid-Afrikaanse sport het deur die sewentigerjare voortgeduur, maar verskeie anti-

⁸ Chadinha, J.G., *Magsdeling en Magsverdeling. 'n Vergelykende studie van beginselprogramme van blanke politieke partye in Suid-Afrika sedert 1948*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS), p. 122.

⁹ *Ibid.*, p. 123.

¹⁰ *Ibid.*

¹¹ Die naam van die Kleurling nasionale rugbyspan.

¹² Bylaag tot die *SA Digest*, 18 Julie 1980.

¹³ Met die woord "normalisering" word daar verstaan dat die verskillende bevolkingsgroepe as spanne op 'n normale basis teen mekaar kan meeding sonder enige eksterne inmenging of probleme.

apartheidsorganisasies en buitelandse regerings het steeds nie die afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrikaanse sport aanvaar nie.

Die instelling van veelvolkige sport op nasionale vlak het egter soms tot botsende en verwarrende uitsprake aanleiding gegee. Die feit dat 'n gemengde rugbyspan in 1975 teen die besoekende Franse toerspan moes speel, is nie deur die Minister van Polisie, mnr. Louis le Grange, as deel van die NP se beleid gesien nie.¹⁴ Die Franse Rugbyfederasie (FRF) het dit egter feitlik as voorwaarde gestel dat 'n wedstryd teen 'n veelvolkige span gespeel moes word. Dit het die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) in 'n ongemaklike situasie geplaas.

Aan die een kant was die Regering se standpunt dat veelvolkige spanne nie in rugby toegelaat is nie, en aan die ander kant kon die SARR se betrekkings met ander rugbyspelende lande skade ly indien só 'n versoek nie toegestaan word nie.¹⁵ Die onsekerheid rondom veelvolkige sport het verder verdiep toe die Departement van Sport oor die aangeleentheid genader is en die waarnemende Minister van Sport, mnr. Jannie Loots, nie 'n duidelike antwoord hierop gehad het nie. Die Kabinet het wel later toestemming gegee dat 'n uitnodigingspan, bestaande uit twee swartes, twee kleurlinge en elf blankes in 'n wedstryd teen die Franse speel.¹⁶

Die sportbeleid van 1976 (sien Bylae 2) het voorsiening gemaak vir veelvolkige sportbeoefening op klubvlak en 'n nuwe dimensie aan Suid-Afrikaanse sport verleen. Die President van die SARR, dr. Danie Craven het hierdie besluit gesien as 'n stap wat Suid-Afrika kon help om sy plek in internasionale sport te behou. Hy het egter ook gewaarsku dat :

“Ons moenie te optimisties wees nie. Die mense wat teen ons werk sal ook waarskynlik hierteen besware hê.”¹⁷

Die nuwe beleid is deur sommige sportlui beskryf as “sportlogika”¹⁸ en die hoop is

¹⁴ Kotze, G., *Sport en Politiek*, p. 93.

¹⁵ Saaiman, p. 223.

¹⁶ *Ontploffing van die Sportbeleid 1962-1979*, Nasionale Party Inligtingstuk, p. 25.

¹⁷ *Die Burger*, 24 September 1976.

¹⁸ *Die Transvaler*, 25 September 1976.

uitgespreek dat ander interne sake ook aan interne owerhede oorgelaat sal word.

Tydens sy begrotingstoespraak in 1977 wys die Minister van Sport, dr. Piet Koornhof daarop dat die nuwe sportbeleid goeie skakeling en onderlinge samewerking tussen die sportbeheerliggame en die sportmanne van die onderskeie bevolkingsgroepe tot gevolg het.¹⁹ 'n Duidelike toename in veelvolkige sportbeoefening het plaasgevind, wat tot 'n sekere mate 'n aanduiding was dat die NP se gedagtes rondom die sportbeleid vrugte begin afwerp het.

Vorster is deur die konserwatiewe groepering in Suid-Afrika daarvan beskuldig dat hy besig was om "sag te raak" ten opsigte van die sportbeleid²⁰, maar hy is weer vanuit ander oorde geloof vir die vooruitgang met die ontwikkeling van hersiene denke aangaande die beleid. Die Verenigde Nasies se Program vir Aksie teen Apartheid (1976) en die Program vir die Internasionale Anti-Apartheidsjaar (1978) het beide die beëindiging van alle sportbetrekkinge met Suid-Afrika bepleit aangesien die apartheidsbeleid vir die res van die wêreld 'n verleentheid geword het. Die wisselwerking tussen apartheid as regeringsbeleid en apartheid in sport is deur die Verenigde Nasies se Program vir Aksie teen Apartheid as volg uitgewys:

"There can be neither adherence to the principle of merit selection, nor fully integrated non-racial sport in any country participating apartheid until the apartheid system itself is eradicated".²¹

Met hierdie uitlating het die Verenigde Nasies beklemtoon dat sport nie die teiken is van die anti-apartheidsorganisasies nie, maar wel die Suid-Afrikaanse Regering se beleid van rassediskriminasie.²² Sport is egter betrek by die NP-regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling, aangesien die NP se sportbeleid in ooreenkoms met apartheidswetgewing opgestel is. Sportlui in Suid-Afrika is dus benadeel deur die Regering se beleid van segregasie aan die een kant, en die juk van internasionale

¹⁹ Toespraak deur sy Edele die Minister van Sport en Ontspaning dr. Piet Koornhof: Begrotingspos 1977, P.G.J. Koornhof Privaatversameling, PV 476, PS 4/2/41.

²⁰ Geldenhuys, D., *Diplomacy of Isolation. South African Foreign Policy Making*, p. 35.

²¹ Koenderman, p. 234.

²² Ibid.

isolasie, as gevolg van die Regering se sportbeleid, aan die anderkant.

Die Gleneagles-ooreenkoms²³ van 1977 (sien Bylae 3) het die sentimente van die Verenigde Nasies se Programme teen Apartheid sterk ondersteun. Volgens *Macfarlane* het die Gleneagles-ooreenkoms egter primêr die betrokke regerings geraak, en nie die sportlui nie. Die onderskeie regerings se interpretasies aangaande die obligasie van die ooreenkoms, en hul wyer beleid aangaande sportbetrekkinge met Suid-Afrika het egter wel die sportlui geraak.²⁴ Voorts glo *Macfarlane* dat die probleem daarin lê dat die toepassing van die Gleneagles-ooreenkoms en die hardnekkigheid van die Afrikaner, alhoewel daar besef is dat verandering wel moes plaasvind, sportlui negatief sou beïnvloed.²⁵ Dit was dan ook wel die geval, want terwyl die politieke stryd tussen die Suid-Afrikaanse Regering, die Statebondslende en die Verenigde Nasies rondom apartheid al hoe feller geword het, is die Suid-Afrikaanse sportlui al dieper in die wildernis van isolasie ingedryf.

Strukturering van 'n sportbeleid vir die tagtigerjare

Gedurende die sewentigerjare het verdere ontwikkeling in die sportbeleid ingetree en het dit deur die fases van veelvolkige sport en genormaliseerde sport beweeg.²⁶ Gedurende 1978 is verskeie nuwe ontwikkelings in die sportbeleid aangekondig. In 'n brief aan die Internasionale Tafeltennisfederasie, wat op 'n feitesending in Suid-Afrika was, sit Koornhof die Regering se sportbeleid as volg uiteen:

- Geen permit of ander wetlike toestemming is vir enige speler nodig om op enige baan in Suid-Afrika te speel of by enige klub aan te sluit nie;
- Die nasionale of provinsiale sportliggame kan, deur 'n reëling met die Departement van Sport, vooruit jaarliks toestemming verkry dat hul hele program van wedstryde deur toeskouers op 'n alrassige grondslag bygewoon word;
- Vroeë stappe word gedoen om enige beperkinge op die Drankwet te wysig om sportklubs in staat te stel om internasionale status te verkry sodat lisensies drank

²³ Die ooreenkoms staan ook bekend as die 1977-Statebondverklaring aangaande apartheid in sport. *Macfarlane, N., Sport and Politics. A World Divided*, p. 110.

²⁴ *Ibid.*, p. 127.

²⁵ *Ibid.*, p. 131.

²⁶ Scholtz, G.D., *Depolitisering van die Suid-Afrikaanse sport* in *Oënskou. Tydskrif van die Instituut vir Politieke en Afrikastudies*, Jaargang 1, nr 4, Mei 1983.

vir alle sportlui kan voorsien sonder dat om 'n permit aansoek gedoen moet word en die saak dus op dieselfde grondslag gebring word as soortgelyke sportgeleenthede in ander wêrelddele;

- Vroeë stappe sal gedoen word om te verseker dat geld wat deur die Regering aan sport bestee word regverdig en proporsioneel verdeel word op grond van bevolking en deelname; en
- Die Departement van Sport sal sy invloed by plaaslike owerhede gebruik om sportgeriewe vir alle bevolkingsgroepe te verskaf, volgens hul behoeftes en beskikbare geriewe.²⁷

Koornhof se aankondiging is vanuit verskeie oorde met groot tevredenheid begroet. Beide Craven en die President van die Suid-Afrikaanse Gholfunie, mnr. W.M. Kerr, het Koornhof se aankondiging verwelkom.²⁸ Verskeie ander sportliggame het dieselfde siening geopper en dit het begin lyk asof die Regering groter erns begin toon het om die ongelykhede in Suid-Afrikaanse sport uit te wis. Die snelveranderende sportbeleid van die NP onder Koornhof het later aanleiding gegee tot 'n goeie gespot onder Kabinetslede. Op 'n vraag aan die voormalige Minister van Landbou, Hendrik Schoeman, aangaande die Regering se sportbeleid, sou hy voortdurend antwoord:

“Ek weet nie wat die Nasionale Party se sportbeleid tans is nie, want ek het nog nie vandag met Piet Koornhof gesels nie”.²⁹

Die voortdurende verandering aan die sportbeleid gedurende die sewentigerjare kan egter daaraan toegeskryf word dat die NP voortdurend daarna gestreef het om die sportbeleid aan te pas by die veranderende omstandighede en die behoeftes van die Suid-Afrikaanse sportlui, om self die rigting waarin sport moes beweeg, wou bepaal.

Mnr. F.W. de Klerk is teen die einde van 1978 aangestel as die Minister van Sport en Ontspanning. Kort na sy aanwysing as minister herbevestig De Klerk in Februarie 1979

²⁷ Breytenbach, W.J., *Changes in South African Society*, in *South African International*, Vol. 10, No. 3, Januarie 1980, p. 158.

²⁸ *Suid-Afrikaanse Oorsig*, 3 Maart 1978, p. 1.

²⁹ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Willem Kleynhans, 31 Mei 2002, Pretoria.

die Regering se sportbeleid, soos uiteengesit in die sportbeleid van 1976.³⁰ De Klerk stel die Regering se standpunt ten opsigte van sportwetgewing as volg:

“Dit word nie in belang van sport of van Suid-Afrika geag om die gemelde riglyne deur wetgewing af te dwing nie. Die outonomie van sportliggame ten opsigte van sport word erken, met dien verstande dat die goeie orde nie in gedrang kom nie en dat algemene landswette erken word.”³¹

In beginsel het dit beteken dat die verskillende sportliggame hulself kon bestuur en beheer sonder enige staatsinmenging, maar dit was steeds onderworpe aan die Regering se apartheidswetgewing, wat vir die buiteland onaanvaarbaar was.

Die landswette wat ter sprake is en wat op daardie stadium 'n invloed op die “vrye” beoefening van sport gehad het, was hoofsaaklik die Wet op *Aanwysing van Aparte Geriewe* (No. 49 van 1953), die *Drankwet* (No. 87 van 1977), die *Stadsgebiede Konsolidasiewet* (No. 25 van 1945) en die *Groepsgebiedewet* (No. 36 van 1966).³² Die sportliggame en sportklubs was onderworpe aan 'n permitstelsel waarvolgens toestemming verkry moes word vir die aanbieding van 'n veelvolkige sportbyeenkoms. Hierdie wette is aan die begin van die tagtigerjare geïdentifiseer as die vernaamste struikelblokke in die normalisering van sportbande in Suid-Afrika en is dienooreenkomstig aangepas.³³

Ramsamy beskou die minderwaardige veranderinge aan die sportbeleid en die siening aangaande die permitstelsel as lagwekkend.³⁴ Volgens hom is die aanpassings aan die sportbeleid gemaak bloot omdat daar toenemende druk was op die Regering se permitstelsel in sport. Die *status quo* ten opsigte van besluitneming waar die rassamesstelling van spanne ter sprake was, is behou, alhoewel die bevoegdheid hiervoor nou afgeskuif is op die outonome sportliggame.³⁵ Statistiek toon dat die Regering gedurende die 1979-boekjaar baie meer geld spandeer het aan die

³⁰ Saaiman, p. 246.

³¹ **Debate van die Volksraad**, 21 Mei 1979, kolom 6815.

³² Saaiman, p. 246.

³³ van Vuuren, D.J., et al, *Change in South Africa*, p. 250.

³⁴ Ramsamy, S., *Apartheid. The Real Hurdle. Sport in South Africa and the International Boycott*, p. 38.

³⁵ *Ibid.*

ontwikkeling van blanke sport as aan aangeleenthede van nie-blanke belang.³⁶ As daar egter gekyk word na vergelykende syfers tussen 1965 tot en met 1978, het die publieke besteding aan sogenaamde wit sportsoorte met bykans die helfte verminder. Oor dieselfde tydperk het die besteding aan swart- en Kleurlingsportlui in Suid-Afrika toegeneem, terwyl die besteding aan Indiërsportlui, afgesien van die tydperk 1975-76, relatief onbekend is.³⁷ Uit bogenoemde kan gesien word dat, alhoewel die gedagtes van “normalisering” van sport, “veelvolkige sportbeoefening” en die “outonomieit van sportliggame” reeds sterk ontwikkel is, moes verskeie probleme rondom apartheidswetgewing, sportfasiliteite en ander maatskaplike agterstande op die gebied van sport in die tagtigerjare nog hanteer word.

Die Regering se hernude sportbeleid het in 1979 verder momentum gekry met die aankondiging dat die Departement van Sport en Ontspanning voortaan in al die sportbehoefes van al die bevolkingsgroepe sou voorsien.³⁸ Met hierdie stap het die NP gepoog om, sover moontlik, sportoutonomie te verseker en te poog om die sport-politieke verhouding in Suid-Afrika meer gestruktureerd te laat ontwikkel. Die uitgebreide pligtestaat van die Departement sou beteken dat alle besluite aangaande sport en sportverwante aangeleenthede voortaan vanuit een departement geneem sou word. Dit sou beteken dat daar in 'n groot mate eenvormigheid sou wees rondom besluitnemingsprosesse en die ontwikkelingspatrone van Suid-Afrikaanse sport.

Die erkenning van sportoutonomie was egter nie volgens die Regering, 'n blanko tjek nie. Die vryheid van sportliggame om hul eie besluite te neem, was steeds begrens deur hul plig teenoor die gemeenskap en teenoor hulle land, asook deur die outonomie van ander instellings en organisasies in ander sfere.³⁹ Verskeie organisasies wat apartheid in sport beveg het, het sterk negatiewe uitlatings gehad ten opsigte van die Regering se siening dat sogenaamde “sportoutonomie” steeds dikteer word deur die politieke situasie in die land. Hierdie organisasies het verwys na die verskillende diskriminerende wetgewing wat verhoed het dat sportlui van verskillende rasse dieselfde klubhuis mag gebruik en nie in die woongebiede van ander rassegroepe aan sportaktiwiteite mag

³⁶ Jarvie, G., *Class, Race and Sport in South Africa's Political Economy*, p. 57.

³⁷ Archer, R. en A. Bouillon, *The South African Game. Sport and Racism*, p. 168.

³⁸ Lipton, M., *Capitalism and apartheid South Africa 1910-1986*, p. 57.

³⁹ Debatte van die Volksraad, 21 Mei 1979, kolom 6817.

deelneem nie. Volgens hulle wou die Regering nie “pa-staan” vir enige probleme wat met die beheer en bestuur van sport in die land ontstaan nie, maar aan die ander kant wou die Regering ook nie ‘n gulde geleentheid ontnem word om politieke ideologieë deur middel van sport te bevorder nie. Sport in Suid-Afrika was klaarblyklik, volgens die Regering, op outonomie gebaseer, maar steeds wou die Regering voorskryf wie vir die nasionale spanne gekies mag word en wie nie.

Die aanloop tot die tagtigerjare het aangrypende veranderinge op die gebied van sport ingehou. Teen 1980 het die “normaliseringsproses” in Suid-Afrikaanse sport sover ontwikkel dat die sportkompetisies tussen verskillende bevolkingsgroepe en die kies van nie-blanke spelers vir klub-, provinsiale- of internasionale spanne nie meer hoofnuus was in die plaaslike koerante nie.⁴⁰ Die veranderinge wat plaasgevind het, was egter nie genoeg om die anti-apartheidsorganisasies tevrede te stel nie. Met die klemverskuiwing ten opsigte van apartheid wat met verloop van tyd by hierdie organisasies ontstaan het, was die blote opheffing van sportapartheid nie eens meer ter tafel nie.

Met die aanbreek van die tagtigerjare het die Regering nuwe inisiatiewe aan die dag gelê ten einde te poog om die ongelykhede in Suid-Afrikaanse sport verder te neutraliseer en te vernietig. Hierdie inisiatiewe is haarfyn beplan om te verseker dat dit in lyn was met wat die buitewêreld van Suid-Afrikaanse sport verwag het. Daar is selfs van buitelandse evaluering gebruik gemaak om te verseker dat die veranderinge wat plaasgevind het onder die aandag van die internasionale media en die anti-apartheidsgroepeerings kom.

Britse en Franse feitesendings na Suid-Afrika

Gedurende die eerste helfte van 1980 het feitesendings van sowel Brittanje as Frankryk Suid-Afrika besoek om ondersoek in te stel na die vordering wat gemaak is met die normalisering van sport in die land. Hierdie besoeke het gevolg kort op die hakke van die feitesendings van die Internasionale Krieketraad (IKR) en die Internasionale Tennisfederasie na Suid-Afrika gedurende die laat sewentigerjare.⁴¹ Met die koms van

⁴⁰ Bylae tot die *SA Digest*, 18 Julie 1980, p. 4.

⁴¹ *Sport in South Africa Today*, South African Olympic and National Games Association (SANOC) dokumentasie, pp. 13-14.

die onderskeie feitesendings na Suid-Afrika het die Suid-Afrikaanse sportlui gehoop dat die verslag wat vanuit die besoek voortgevloei het, in so 'n mate positief sou wees dat dit sou lei tot die land se hertoelating tot internasionale sport. Inderwaarheid het die verslae egter uiteindelik net tot verdere frustrasies vir die sportlui gelei.

Die afvaardiging van die Britse Sportraad⁴², onder leiding van mnr. Dickie Jeeps, het met verskeie sportlui, ongeag kleur en politieke oortuiging, samesprekings gevoer en na afloop van hul samesprekings 'n lywige verslag saamgestel met betrekking tot die stand van sake in Suid-Afrikaanse sport. Alhoewel Jeeps persoonlik Suid-Afrika baie goedgesind was, het die res van die Britse afvaardiging met gemengde gevoelens na Suid-Afrika gekom. Die rede vir die besoek aan Suid-Afrika was om te bepaal of die besluite wat ten tye van die ondertekening van die Gleneagles-verdrag in 1977 deur leiers van die Statebondslande geneem is, steeds streng toegepas moes word, en of dit tot 'n sekere mate verslap kon word.⁴³ As gevolg van Jeeps se gesindheid teenoor Suid-Afrika het anti-apartheidsgroeperinge hul vrese uitgespreek dat die verslag wat deur die kommissie opgestel word, dalk baie eensydig kon wees.

Die verslag van 184 bladsye het heelwat positiewe en negatiewe aspekte aangaande Suid-Afrikaanse sport uitgelig. Die negatiewe aspekte het meesal gehandel oor die verskille tussen regeringsgesinde sportorganisasies en organisasies wat by die *South African Council of Sport* (SACOS-kyk hoofstuk 3) geaffilieer was. Die Regering se inisiatiewe rondom die normalisering van sport en die SACOS se beginsel van "geen normale sport in 'n abnormale samelewing"⁴⁴ het loodreg teen mekaar ingedruis en veroorsaak dat daar voortdurend konflik was tussen dié twee organisasies ten opsigte van die Regering se sportbeleid.

Verskeie SACOS-affiliate het voor die Britse afvaardiging getuig dat blanke sportsoorte baie geld uit borgskappe verdien het, terwyl die SACOS-groeperinge op hulself aangewese was om sportbyeenkomste te finansier. Die verskille tussen sportorganisasies

⁴² Een interessantheid rondom die Britse afvaardiging is die feit dat Basil D'Oliviera, wat gedurende die sestigerjare deur sportapartheid verneder is, deel uitgemaak het van dié afvaardiging. **PW Botha Privaat Versameling**, PV 203, PS 12/9/1.

⁴³ Hain, P., *Sing the Beloved Country*, p. 152.

⁴⁴ Die slagspreuk waarmee SACOS apartheid in Suid-Afrikaanse sport beveg het, sien hoofstuk 3.

wat SACOS ondersteun en die regeringsgesinde sportstrukture duik telkens op as deel van die negatiewe aspekte binne die verslag.⁴⁵ Hierdie verskille sou regdeur die tagtigerjare aan die orde van die dag bly, met die SACOS wat gegroei het tot een van die sterkste binnelandse strukture wat die sportboikot teen Suid-Afrika voorgestaan het.

Die positiewe opmerkings in die verslag het gekonsentreer op die bereidwilligheid van die meeste sportorganisasies om saam te werk ten einde die normalisering van sport in Suid-Afrika suksesvol te laat plaasvind. Spesifieke melding is ook gemaak van die ontwikkeling van die Regering se sportbeleid vanaf totale segregasie tot die outonomie van sport teen die einde van die sewentigerjare.⁴⁶ Afgesien van die verskille met die SACOS-groepering, was daar wel samewerking oor die kleurgrens heen ten einde die normalisering van sport te bewerkstellig. Hierdie samewerking is egter voortdurend deur SACOS verwerp.

Die Britse Sportraad se aanbeveling ten opsigte van sport in Suid-Afrika het basies berus op drie feite, naamlik: Die Sportraad, alhoewel hy apartheid in sy geheel verdoem het, het aanbeveel dat, in die lig van vordering wat gemaak is met veelrassige sport in Suid-Afrika, en in die hoop dat die abnormale gemeenskap waarin Suid-Afrikaanse sport op hierdie tydstip bedryf is, moet:

- Die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) genader word om Suid-Afrika se sport weer te ondersoek met inagneming van die Sportraad se verslag;
- Internasionale sportliggame deur die nasionale sportbeheerliggame aangemoedig word om Suid-Afrikaanse sport te heroorweeg in die lig van die Sportraad se verslag; en
- Dat die Britse Regering gevra word om kennis te neem van die optrede van die Sportraad.⁴⁷

Jeeps het sy hoop uitgespreek dat die erkenning vir groot vordering in verskeie sportsoorte as aansporing vir die ander sportsoorte, wat nog nie tot dieselfde mate van

⁴⁵ Findings of investigation commissions, South Africa and World Sport, p. 5.

⁴⁶ Ibid., p. 6.

⁴⁷ Oosterlig, 13 Mei 1980.

samewerking geïntegreer is nie, sou dien.⁴⁸ Afskrifte van die Sportraad se aanbevelings is aan die IOK, sowel as die verskillende sportbeheerliggame in Brittanje gestuur met die hoop dat dit deur hierdie liggame aan die internasionale beheerliggame vir die spesifieke sportsoorte voorgelê sou word vir oorweging.

Verskeie lede van die Sportraad was egter baie krities oor die Jeeps-verslag. Bernard Atha, een van die lede van die Sportraad-afvaardiging, het die verslag afgemaak as "betraying an unconscious bias in favour of the South African establishment."⁴⁹ Peter Hain (sien hoofstuk 3) steun Atha se siening en wys daarop dat die verslag juis daarop dui dat daar nog steeds rassisme in Suid-Afrikaanse sport voorkom.⁵⁰ Nog 'n lid van die Sportraad, Paul Stephenson, was ook baie krities teenoor die verslag en is deur SACOS na Suid-Afrika genooi om sy eie ondersoek na die sportsituasie te loods. Stephenson is egter 'n visum om sy beoogde besoek na Suid-Afrika te onderneem geweier.⁵¹ Hieroor was SACOS baie ongelukkig en het die Regering daarvan beskuldig dat hy inmeng met die natuurlike ontwikkeling van outonomie in sport.

Die Franse feitesending, 'n parlementêre groep onder leiding van mnr. Bernard Marié, het ook in hul aanbevelings na sekere negatiewe en positiewe aspekte verwys. Die negatiewe aspek wat die meeste uitgestaan het, is die feit dat apartheid as regeringstelsel steeds funksionierend in Suid-Afrika was.⁵² Aan die positiewe kant het die verslag genoem dat sportsoorte soos sokker, atletiek, boks en skerm ten volle geïntegreerd was en daarom voldoen aan al die voorvereistes soos daargestel deur internasionale versoeke.⁵³ Sportsoorte soos rugby, krieket en tennis was nog nie ten volle geïntegreerd nie, en moes gelei word in die rigting van integrasie alvorens hulle internasionale erkenning daarvoor kon kry.

In die aanbevelings van die Marié-kommissie is dit duidelik gestel dat Frankryk die hervatting van bande met sportsoorte wat nog nie ten volle geïntegreerd was nie, moes uitstel. Frankryk kon sportbande hernu met Suid-Afrikaanse sportfederasies wat wel ten

⁴⁸ *Beeld*, 14 Mei 1980.

⁴⁹ Gordon, L., et al, *Survey of Race Relations in South Africa* 1980, p. 596.

⁵⁰ *The Star*, 11 Maart 1980.

⁵¹ Gordon, et al, p. 596.

⁵² *Findings of investigation commissions, South Africa and World Sport*, p. 8.

⁵³ Gordon, et al, p. 596.

volle geïntegreerd was, maar eers nadat die totale integrasie van die betrokke sportsoorte deur erkende nasionale- en internasionale organisasies geverifieer kon word.⁵⁴ Die feit dat die afvaardiging in sy verslag sterk gekant was teen sanksies en boikotte teen Suid-Afrika, is met sterk teenkating deur Franse anti-apartheidsorganisasies begroet.

Uit die aard van die saak was die algemene indrukke van die verslae van twee feitesendings na Suid-Afrika nie baie positief begroet nie. Vanuit die blanke sportgeledere was daar teleurstelling dat die verslae, alhoewel dit ook positiewe aspekte bevat het, eintlik niksseggend was, aangesien dit niks aan die internasionale status van Suid-Afrikaanse sport kon doen nie. Aan die ander kant was die anti-apartheidsgroeperinge binne en buite Suid-Afrika ongelukkig oor die blote gedagte van internasionale feitesendings om die stand van Suid-Afrikaanse sport te kom ondersoek.

Die positiewe insette van die Britse en Franse feitesendings na Suid-Afrika is spoedig geneutraliseer deur die optrede van internasionale beheerliggame van verskeie sportsoorte. In Maart 1980 besluit die *Federations of International Football Associations* (FIFA), die beheerliggaam van internasionale sokker, dat die Suid-Afrikaanse Sokkerfederasies nie in dié liggaam terugverwelkom kon word terwyl apartheid steeds aan die orde van die dag was nie.⁵⁵ Dit was 'n baie gevoelige slag vir sport in Suid-Afrika, maar is met groot gejuig deur die anti-apartheidsgroeperinge begroet. Die hartseer van hierdie besluit deur FIFA lê daarin dat baie meer swart sokkerspelers in Suid-Afrika deur die besluit geraak is as van blanke spelers. Die realiteite van FIFA se besluit is ironies genoeg daarin gesetel dat swart sportlui dus eintlik gestraf is vir die optrede van blanke politici in Suid-Afrika. Sokker in Suid-Afrika is tradisioneel gesien as 'n swart sportsoort wat deur 'n oorgrote meerderheid van die swart bevolking beoefen en ondersteun is.

FIFA se besluit het die gevoel van anti-apartheidsorganisasies reg oor die wêreld goed saamgevat. Dit het lank reeds nie net meer oor apartheid in sport gegaan nie, maar apartheid as regeringsbeleid is uitgesonder as die vereiste vir die opheffing van die

⁵⁴ Ibid.

⁵⁵ Ibid., p. 597.

sportboikot teen Suid-Afrika. Die feit dat apartheid steeds as regeringstelsel voortbestaan het, het enige kanse op internasionale sportdeelname vir Suid-Afrikaanse sportlui heeltemal vernietig. Dit het al hoe duideliker geword dat die verwydering van apartheid in sport nie noodwendig aanvaarbaar was om die sportboikot op te hef nie. Sportlui sou voortaan meer druk op die politici moes begin plaas om te verseker dat apartheid as wetgewing beëindig word voordat sportbande met die buitewêreld hervat sou kon word.

Die Franse feitesending het gelei tot verdere samesprekings tussen die Voorsitter van die Franse Rugbyfederasie (FRF), Albert Ferrasse, Craven en P.W. Botha in Suid-Afrika. Ook teenwoordig tydens die vergadering was die Minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, die Minister van Nasionale Opvoeding, dr. Gerrit Viljoen en 'n uitvoerende lid van die FRF, Marcel Martin. P.W. Botha het daarop aangedring dat beide Pik Botha en Viljoen die vergadering bywoon, aangesien hy die saak as baie ernstig beskou het.⁵⁶

Die doel van die vergadering was hoofsaaklik om die FRF van meer inligting te voorsien ten opsigte van die positiewe veranderinge wat in Suid-Afrikaanse rugby plaasgevind het, en andersyds om die wankelende sportbetrekkinge met Frankryk te probeer herstel.⁵⁷ Gedurende die vergadering het Ferrasse die Suid-Afrikaanse afvaardiging meegedeel dat die FRU graag 'n Franse rugbyspan op 'n toer na Suid-Afrika wil stuur, maar dat die Franse Regering heeltemal daarteen gekant was. Volgens Ferrasse sou dieselfde Franse minister wat geweier het om visums aan die Franse rugbyspan te gee om in Suid-Afrika te kom toer, ook visums weier aan die Springbokspan om in Frankryk te gaan speel.⁵⁸ Hierop het Botha geantwoord deur basies die Suid-Afrikaanse Regering se sportbeleid van die tyd aan Ferrasse uit te stippel: Volgens Botha het die sportbeleid op die volgende berus:

- Die amptelike standpunt van die Suid-Afrikaanse Regering was dat sport in die land nie gepolitiseer moes word nie.
- Alle sportliggame in Suid-Afrika outonoom was.

⁵⁶ P.W. Botha Privaatversameling, PV 203, PS 12/9/1.

⁵⁷ Ibid.

⁵⁸ Die Burger, 29 Maart 1983.

- Suid-Afrika graag internasionale sport met lande soos Frankryk wou beoefen, maar Suid-Afrika nie kon toelaat dat die buiteland voorskrifte maak aangaande die Suid-Afrikaanse binnelandse beleid nie.
- Die Suid-Afrikaanse Regering die beginsel van outonomie in sport en die vryheid van sportliggame erken. Waar diskriminasie plaasvind, is dit uitgeskakel, maar niemand is gedwing om te integreer nie.⁵⁹

Aan die einde van die vergadering, wat basies op 'n dooiepunt uitgeloop het, het P.W. Botha die vordering van die vergadering as volg opgesom:

“As Frankryk van ons verwag om politieke selfmoord te pleeg om te kan rugby speel, dan is dit nie aanvaarbaar nie”.⁶⁰

Alhoewel die vergadering deur Craven aangevra is, het die Suid-Afrikaanse Regering hier 'n gulde geleentheid gehad om die hand van vriendskap na die Franse Regering uit te reik. Ferrasse het voor sy besoek aan Suid-Afrika eers 'n indringende gesprek met die Franse president, Francois Mitterand gehad, waartydens die vordering in Suid-Afrika ten opsigte van rasseaangeleenthede in diepte, en met waardering vir die vorderings, bespreek is. Die Franse siening dat apartheid eers heeltemal van die wetboeke moes verdwyn alvorens sportbetrekkinge tussen die twee lande hervat kon word, was egter vir die Suid-Afrikaanse Regering onaanvaarbaar.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se ondersoek na sport in Suid-Afrika

Reeds in Oktober 1979 het die Minister van Nasionale Opvoeding en Sport, mnr. Punt Janson, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) genader met die versoek om 'n indringende ondersoek na sport in Suid-Afrika te onderneem.⁶¹ Die riglyne waarvolgens die ondersoek geloods moes word, is volgens Janson ingedeel in “fisiese behoeftes” en “administratiewe probleemgebiede” van sport in Suid-Afrika.⁶² Die fisiese behoeftes het onder andere ingesluit:

- die bestaande fasiliteite vir openbare gebruik;

⁵⁹ P.W. Botha Privaat Versameling, PV 203, PS 12/9/1

⁶⁰ Ibid.

⁶¹ Verslag van die Hoofkomitee: RGN Onderzoek. Sport in Suid-Afrika, 1982. No. 1, p. i.

⁶² Ibid., p. iii.

- die mate van benutting van bestaande skole-sportfasiliteite;
- die identifisering van die bevolkingsgroepe by wie die grootste behoeftes bestaan;
- die aard van dié knelpunte; en
- die finansiering van fasiliteite van plaaslike, streek, of nasionale vlak.

Die administratiewe probleme met betrekking tot sportbevordering het onder meer ingesluit:

- Suid-Afrika se isolasie in wêreldsport;
- die politieke probleme wat binnelands geskep is deur gesamentlike sportbeoefening;
- die rol wat die nuusmedia, sportliggame en individue gespeel het in die vertroebeling van volkereverhoudinge deur sportprobleme wat ondervind is;
- die rol wat sport gespeel het en kon speel om volkereverhoudinge positief te beïnvloed
- die wenslikheid of bevolkingsgroepe elk hul eie sportadministrasie behoort te behartig inagnome die eiendomlike kulturele agtergrond van elke groep, en verskille in belangstelling; en
- 'n waardebeplanning van die rol wat sport in Suid-Afrika speel met betrekking tot die maatskaplik-opvoedkundige behoeftevervulling van die bevolking.

Die kompleksiteit en omvangrykheid van die Minister se versoek het daartoe gelei dat die ondersoek eers teen 30 September 1982 voltooi is, ses maande later as wat vooraf verwag is. Die voorlegging van die Hoofverslag was egter beduidend meer omvangryk as wat vooraf deur die Minister versoek is.⁶³ Uit die verslag kan afgelei word dat daar verskeie gebiede binne die Suid-Afrikaanse sportraamwerk is wat omvorm en herstruktureer moes word ten einde die bestaande probleme aan te spreek. Verskeie van hierdie probleemareas is reeds deur die eerste verslag aangeraak.

⁶³ Ibid., p. 144.

In September 1980 is die eerste verslag van die RGN-ondersoek deur die werkkomitee vir die Regswetenskaplike Onderzoek na Sportwetgewing aan die Regering voorgelê. Die vernaamste aanbevelings wat uit die verslag voortgespruit het, was dat diskriminerende wetgewing in beginsel onaanvaarbaar is op die terrein van sport en dat die beginsel van sportoutonomie gehandhaaf en eerbiedig moet word.⁶⁴ Met betrekking tot die wetgewing wat die normalisering van sportverhoudinge kon beïnvloed het die Regswetenskaplike Komitee aanbeveel dat:

- Artikel 1 (4) van die *Groepsgebiedewet* en *Proklamasie 228* herroep word, of alternatiewelik dat *Proklamasie 228* gewysig word om die teenwoordigheid van sportlui, sportadministrateurs en -organiseerders, ampsdraers en toeskouers by *bona fide*-sportbyeenkomste uit te sluit van die werking van dié proklamasie en so ook die teenwoordigheid as lid van, of gas in, 'n sportklub;
- 'n *bona fide*-sportklub wat die houer van 'n klub- of sportlisensie is, onder die uitsluitingsartikel van die *Drankwet*, naamlik 211, betrek word. Dit behoort alle probleme te ondervang;
- die *Wet op Aanwysing van Aparte Geriewe* in sy geheel heroorweeg moet word by wyse van 'n omvattende navorsingsprojek; en
- artikels 9 en 10 van die *Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet* gewysig word om die reg op deelname aan sport in al sy fasette te waarborg.⁶⁵

In reaksie op die aanbevelings van die komitee is die *Drankwet* (No. 87 van 1977) in Oktober 1981 deur die aanvaarding van die *Drankwysigingswet* (No. 117 van 1981) in die Volksraad gewysig.⁶⁶ Die wysigings het dit vir die dranklisensiehouers moontlik gemaak om mense van alle rasse te bedien, maar dit was nie 'n ongekwalifiseerde oopstel van gelisensieerde persele nie.

Met betrekking tot aanbevelings aangaande ander basiese beginsels het die komitee die volgende riglyne daargestel:

⁶⁴ Saaiman, p. 254.

⁶⁵ Verslag van die Regswetenskaplike Komitee oor Wetgewing wat die normalisering van sportverhoudinge in die Republiek van Suid-Afrika beïnvloed, p. 138.

⁶⁶ Saaiman, p. 257.

- 'n konsekwente erkenning van 'n reg of aanspraak op deelname aan sport;
- die beginsel van sportoutonomie, dit wil sê die aanspraak van 'n sportliggaam om op 'n uitsluitlike en deurslaggewende wyse sy eie, unieke, huishoudelike aangeleenthede te reël, moet aanvaar en eerbiedig word;
- 'n gesonde verhouding tussen sport en politiek (of nasionale beleid) vereis 'n optimale depolitisering van sport: die Staat mag homself nie deur wetgewing of andersins met die interne aangeleenthede van sport en sportorganisasie bemoei nie en ook nie sport doelbewus as politieke middel benut nie; en
- enige wetgewende beperking op die reg van deelname aan sport en die outonomie van sportliggame moet restruktief geïnterpreteer en ooreenkomstig aangepas word.⁶⁷

Die wysigings wat aan die wetgewings aangebring is, is wyd verwelkom, maar vanuit opposisiekringe is daar bespiegel dat meer gedoen sal moet word om die res van die wêreld te oortuig dat Suid-Afrika erns het met die normalisering van sport in die land.⁶⁸ Daar sou 'n veel groter politieke poging aangewend moes word alvorens Suid-Afrikaanse sport sy regmatige plek in die internasionale sportwêreld kon opeis. Die mate waartoe Suid-Afrikaanse sport teen 1980 reeds van die buitewêreld geïsoleerd was, was 'n duidelike bewys dat die apartheidswetgewing in Suid-Afrika baie suksesvol toegepas is.

Die Regering, wat die finale verslag in Junie 1982 ontvang het, het nie onmiddellik op die inhoud daarvan gereageer nie. Vanuit regeringsgeledere is die hoop uitgespreek dat daar gedurende 1983 hieraan aandag geskenk sou word.⁶⁹ Vanuit SACOS-geledere is die verslag egter as lagwekkend afgemaak.⁷⁰ Volgens die verslag verteenwoordig SACOS slegs 'n klein gedeelte van die Suid-Afrikaanse sportsamelewing, aangesien

⁶⁷ Verslag van die Regswetenskaplike Komitee oor Wetgewing wat die normalisering van sportverhoudinge in die Republiek van Suid-Afrika beïnvloed, p. 130.

⁶⁸ Rapport, 4 Oktober 1980.

⁶⁹ The Argus, 7 September 1982.

⁷⁰ Cooper, C., Survey of Race Relations in South Africa 1982, p. 587.

SACOS se ondersteuningsbasis veral vanuit die Indiër-, en tot 'n baie kleiner mate die Kleurlinggeledere in Suid-Afrika kom. Volgens die verslag het dié twee groeperinge slegs sowat 13,8% van die land se totale bevolking uitgemaak, en daarom kan daar gesê word dat SACOS slegs 'n klein deel van die Suid-Afrikaanse bevolking verteenwoordig.⁷¹ Die SACOS-leierskap het op grond hiervan die RGN-verslag verwerp en dit gesien as net nog 'n poging van die Regering om die buitewêreld te probeer bluf met betrekking tot die apartheidswetgewings en die klaarblyklike veranderinge wat oor die jare hieraan aangebring is.

Teen die einde van 1982 is 'n nasionale konferensie gehou om die aanbevelings van die verslag te bespreek.⁷² Verskeie sportadministrateurs is by die konferensie betrek, wat later voorbrand gemaak het vir die aanvaarding van die aanbevelings deur die Regering. Die verslag het die sportbeleid van die tagtigerjare gekomplimenteer en die aanbevelings wat daaruit voortgespruit het, het gehelp om die beleid te skaaf op die terreine wat voorheen nog haakplekke in die samelewing veroorsaak het. Sportlui is by die konferensie betrek juis om te verseker dat daar onder hulle duidelikheid ten opsigte van die aanbevelings van die verslag was, aangesien sportoutonomie daarop dui dat die sportlui self in die toekoms verantwoordelikheid moes aanvaar vir die bestuur van hul onderskeie sportsoorte.

Konflik binne die NP rondom die Cravenweek krisis

Die inwerkingstelling van sportoutonomie in klubs as deel van die Regering se sportbeleid van 1976, het meegebring dat die beoefening van gemengde skolesport 'n aangeleentheid vir die onderskeie Onderwysdepartemente geword het.

Gemengde skolesport het nie altyd regoor Suid-Afrika dieselfde steun geniet nie. Selfs binne die Kabinet was daar gemengde gevoelens rondom die saak. Koornhof laat homself ten gunste daarvan uit deur te sê gemengde skolesport bied die geleentheid vir die jong spelers om mekaar beter te leer ken.⁷³ Daarenteen oor sê die Minister van Polisie, mnr. Louis le Grange dat hy nie gelukkig is met gemengde sport in skole nie,

⁷¹ The Cape Times, 7 September 1982.

⁷² Cooper, C., et al., p. 588.

⁷³ Horrell, M., et al, A Survey of Race Relations in South Africa 1977, p. 560.

aangesien gemengde sport vir grootmense is en nie vir kinders nie.⁷⁴ Die aankondiging van die SARR dat die Craven rugbyweek (kyk hoofstuk 4) van 1979 af aan alle bevolkingsgroepe oopgestel sou word, het 'n ooglopende rimpeleffek in die Suid-Afrikaanse rugbykringe veroorsaak.

Mnr. Jan Preuyt, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging (SAHSRV), se uitspraak teen die beoogde deelname van swart spanne aan die Cravenweek, het 'n direkte konflik tussen hom en Craven tot gevolg gehad. Dit het tot 'n hewige debat gelei, maar die rugbylui het uiteindelik om 'n tafel byeengekom en die saak besleg. Uiteenlopende standpunte rondom hierdie aangeleentheid het groot onmin in Suid-Afrikaanse rugbykringe veroorsaak (kyk hoofstuk 4). Regdeur die tagtigerjare het die geskille rondom skolesport en die veelrassigheid daarvan die NP se sportbeleid beproef en telkemale moes die Regering raadgee oor hoe hierdie probleme in die praktyk opgelos kon word.

Namate die probleem rondom die Cravenweek binne rugbykringe tot 'n punt gebring en opgelos is, het die onmin daar rondom egter ook tot in die politiek uitgekring. Die Minister van Openbare Werke, dr. Andries Treurnicht het in 6 Maart 1980, ten tye van 'n openbare vergadering te Jeppe, uitsprake gemaak ten opsigte van die Kleurling se deelname aan die Cravenweek, wat strydig was met die NP se siening daaromtrent⁷⁵ (sien hoofstuk 4). Treurnicht se uitlatings het tot direkte konflik met die Eerste Minister, mnr. P.W. Botha, gelei en 'n debat ontketen wat tot hoogspanning binne die NP aanleiding gegee het.

Na aanleiding van Treurnicht se toespraak in Jeppe het P.W. Botha die volgende dag skerp daarop gereageer (sien Bylae 4). Botha se verklaring het groot spanning binne die NP veroorsaak. Verskillende sieninge binne die Party het na vore gekom en die dreigende konflik oor die Cravenweek-kwessie het die NP in twee opponerende groepe verdeel. Die situasie binne die NP het interessante parallele getoon met die sestigerjare

⁷⁴ Beeld, 11 Augustus 1977.

⁷⁵ Gordon, L., et al, *Survey of Race Relations in South Africa* 1980, p. 593.

toe die NP as gevolg van die Kleurvraagstuk geskeur het en die “verkrampes” binne die party die Herstigte Nasionale Party gestig het.⁷⁶

Tydens ‘n inligtingsvergadering van NP-ampsdraers het P.W. Botha sy openingsrede oopgestel vir die pers en Treurnicht met die volgende woorde oor die vingers getik:

“Daar is politici in hierdie land wat meen hulle kan bekostig om sirkus te hou, terwyl Suid-Afrika se wit, bruin en swart seuns aan die grense van ons land sterf... Is daar al daaraan gedink of ons agter die rug van die troepe die luuksheid van verdeeldheid en politieke opportunisme kan bekostig, soos sommige mense in hierdie land probeer doen? Ek vra u vat mekaar se hande, omarm mekaar, soek vriende vir Suid-Afrika en wees sterk, nederig en gelowig.”⁷⁷

Botha se verklaring het veel gedoen om die verdeeldheid binne die Party verder aan te blaas. Die provinsiale leiers van beide die Vrystaat en Natal⁷⁸, mnre. Alwyn Schlebusch en Owen Horwood het hul by Botha se verklaring neergelê, maar die ondersteuners van Treurnicht het die spreekwoordelike “koppe getel” en daar is in verskeie kringe in die Transvaal gepraat van “wegbreek.”⁷⁹ Botha se verklaring is wyd in die nasionale media gepubliseer en baie Afrikaners het gevrees dat ‘n moontlike skeuring op hande was. Danksy die tussenkoms van onder andere Ministers Hendrik Schoeman en F.W. de Klerk is die situasie ontlont en is Afrikaner-eenheid gehandhaaf.⁸⁰ Hoewel die woelinge rondom die Cravenweek-krisis binne die Kabinet vir eers opgelos is, was dit duidelik dat die “skietstilstand” nie lank sou hou nie.

Die gebeure rondom die Cravenweek het ernstige gevolge vir die NP en dus vir Suid-Afrika ingehou.⁸¹ Treurnicht se standpunt rondom die Cravenweek het nie verander na die aanvanklike konflik binne die Party oor dié aangeleentheid nie. Dit het duidelik na vore gekom in ‘n antwoord op ‘n vraag wat aan Treurnicht gerig is tydens ‘n NP-vergadering in Oudtshoorn. Treurnicht is vanuit die gehoor gevra of hy homself nog

⁷⁶ Ries, A. en E. Dommissie, *Broedertwis*, p. 75.

⁷⁷ *Die Transvaler*, 10 Maart 1980.

⁷⁸ Botha was leier van die NP in die Kaapprovinsie en Treurnicht leier van die Party in die Transvaal.

⁷⁹ *Rapport*, 9 Maart 1980.

⁸⁰ *Die Burger*, 11 Maart 1980.

⁸¹ *Die Burger*, 12 Maart 1980.

steeds uitspreek teen 'n gemengde Cravenweek, waarop hy kort en saaklik geantwoord het dat sy siening nog dieselfde is.⁸²

Ongeag Treurnicht se aanvalle van binne die NP op die deelname van swartes aan die Cravenweek, het dié week voortgegaan en swartes het wel deel geword van die Cravenweek. Die skeuring binne die NP het plaasgevind as gevolg van verskeie faktore, maar hoofsaaklik as gevolg van die Kleurvraagstuk. Die Cravenweek-kwessie hou direk verband met die Kleurvraagstuk en word allerweë beskou as een van die aanleidende faktore tot die skeuring binne die NP in 1982.

Die skeuring in die NP het 'n tweede konserwatiewe denkstroom meegebring.⁸³ Met die stigting van die Konserwatiewe Party (KP) kort ná die skeuring is die NP egter gesuiwer van sy konserwatiewe elemente en kon die NP nou sonder verdere interne teenkating voortgaan met die proses van normalisering van sport en die ontwikkeling en uitbouing van 'n meer aanvaarbare sportbeleid vir Suid-Afrika.

Die ontwikkeling van die sportbeleid gedurende die tagtigerjare

Gedurende Augustus 1979 het P.W. Botha 'n nasionale strategie uitgespel wat hy as vertrekpunt beskou het vir die toekomstpad van Suid-Afrika. Hierdie twaalfpuntplan, wat later as beleid deur die NP-kongresse aanvaar is, het voorsiening gemaak vir:

1. Die erkenning en aanvaarding van veelvolkigheid en minderhede in Suid-Afrika.
2. Die aanvaarding van vertikale differensiasie, met die ingeboude beginsel van selfbeskikking op soveel vlakke as moontlik.
3. Die daarstelling van staatkundige strukture wat sover as moontlik gekonsolideer is. 'n Deel van hierdie gebiede se selfbeskikkingsreg is om na hul eie oordeel tot onafhanklikheid te ontwikkel.
4. Die verdeling van mag tussen blanke Suid-Afrikaners, Kleurlinge en Indiërs, met 'n stelsel van konsultasie waar gesamentlike belange geraak word.

⁸² Rapport, 13 April 1980.

⁸³ Chadinha, p. 206.

5. Die aanvaarding van die beginsel van eie skole en gemeenskappe waar moontlik. Dit is nie diskriminasie nie, maar erkenning van mekaar se regte.
6. Die verwydering van kwetsende en onnodige diskriminerende maatreëls wat slegte gevoelens kan skep.
7. Die interafhanklikheid van Suid-Afrikaanse state op ekonomiese en ander gebiede.
8. Die nastrewing van 'n konstellasie van Suider-Afrika state.
9. Suid-Afrika se wil teen inmenging.
10. Nastrewing van 'n beleid van gekwalifiseerde neutraliteit wanneer daar botsings tussen die Weste en die Ooste is.
11. Die handhawing van doeltreffende besluitneming en suiwer administrasie. Dit is noodsaaklik op alle vlakke.
12. Die handhawing van 'n vrye ondernemingstelsel as grondslag vir ekonomiese en finansiële beleid.⁸⁴

Die duidelike riglyne wat daargestel is deur die twaalfpuntplan het in die tagtigerjare die grondslag vir die regeringsbeleid gelê. Gedurende die sewentigerjare is daar ook hard agter die skerms gewerk om 'n doelgerigte sportbeleid daar te stel waarmee die aanslae van die tagtigerjare die hoof gebied kon word.

Die ontwikkeling van sportoutonomie in Suid-Afrika het gedurende die laat sewentigerjare daartoe gelei dat die Regering op 'n toenemende basis sport-aangeleenthede in die hande van die sportadministrateurs wou oorlaat. Sedert 1980 het die portefeulje van Sport binne die Kabinet met dié van Nasionale Opvoeding saamgeval en het nie meer enige prominensie as afsonderlike kabinetsportefeulje ingehou nie.⁸⁵ In Junie 1982 herbevestig die Minister van Nasionale Opvoeding, dr. Gerrit Viljoen, die gedagte dat sport gedepolitiseer moet word.⁸⁶ Die feit dat sport voortaan onder die Departement van Nasionale Opvoeding sou resorteer, is gedoen ten einde te verseker dat die sportadministrateurs meer mag en beheer in Suid-Afrikaanse

⁸⁴ Ries, A., en E. Dommissie, *Broedertwis*, p. 42.

⁸⁵ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Jerry Segwaba, 18 Augustus 1999, Bloemfontein.

⁸⁶ *Daily Dispatch*, 4 Junie 1982.

sport verkry. Die Minister van Nasionale Opvoeding sou bloot in raadgewende hoedanigheid diens doen ten opsigte van sport en die administrateurs van hulp wees met sportaangeleenthede wat landsbelang voorop stel.

Alhoewel sport, en die beoefening daarvan steeds onderhewig was aan die wetgewing van die Staat, het sport in 'n groot mate onafhanklik begin ontwikkel volgens die gedagte van sportoutonomie. Volgens *van Vuuren* het sportoutonomie berus op die feit dat sportliggame:

- “comes into existence by the voluntary decision and agreement of its founders;
- must be able to decide for itself whom it wishes to admit or exclude as members;
- must itself determine its domestic rules for internal organisation and good order;
- must have the unfettered power to constitute its own organs and appoint its own officials;
- has the power to take disciplinary steps against disobedient members;
- is free to arrange its external relations, which include inter alia the freedom to decide against whom it wants to compete and who may participate as spectators and guests at its sporting events.”⁸⁷

Hierdie riglyne vir die ontwikkeling van sportoutonomie is die basis waarvolgens die Regering gehoop het dat administrateurs binne sport leiding sou neem en daardeur verseker dat die Regering slegs op beperkte basis by sportontwikkeling in die land betrokke hoef te wees.

Die gebeure gedurende die vroeë tagtigerjare het dit duidelik uitgespel dat Suid-Afrika, alhoewel goeie vordering reeds getoon is op dié gebied, steeds hard sou moes werk om die juk van apartheid in sport af te skud. Die RGN-ondersoek het getoon dat verskeie onreëlmatighede steeds aan die orde van die dag was as dit by sportontwikkeling en sportfasiliteite kom.

⁸⁷ Van Vuuren, D.J., et al, *Change in South Africa*, p. 253.

Gedurende die 1982-83 boekjaar het die NP-regering R 9,9 miljoen spandeer aan die ontwikkeling van skoesport in blanke woongebiede. Gedurende dieselfde tydperk is nagenoeg R 14, 700,00 gebruik vir skoesportontwikkeling in swart gebiede.⁸⁸ Te danke aan die RGN-ondersoek is 'n geregtelike komitee in 1981 aangestel om enige diskriminerende provinsiale ordinanse, munisipale regulasies en ander wetgewings wat sportfasiliteite op 'n diskriminerende basis aan sportlui uitleen of verhuur te ondersoek.⁸⁹ Die aanstelling van hierdie komitee was tekenend van die feit dat die RGN-ondersoek en die gepaardgaande verslag 'n groot mate van hoop en vooruitsigte vir alle sportlui in Suid-Afrika ingehou het.

Die konflik tussen die NP en die nuutgestigte KP het in 1982 weer opgevlam rondom die kwessie van Sondagsport. In 'n vraag aangaande die beoefening van sport op 'n Sondag het die Eerste Minsiter bloot geantwoord dat die eerbiediging van 'n Sondag 'n persoonlike saak vir elke Suid-Afrikaner is.⁹⁰ Met betrekking tot die die KP se vraag aangaande die beoefening van Sondagsport deur ander kultuurgroepe het Botha soos volg geantwoord:

“'n Besondere probleem is veral die groot omvang van gevestigde sportbeoefening op Sondag onder Swart mense en andere vir wie georganiseerde sport 'n positiewe uitlaatklep bied. Dit is ondenkbaar dat die Staat Sondagereerbieding op 'n rassegedifferensieerde grondslag kan afdwing. 'n Interkerklike kommissie oor Sondagsport het in 1974 dan ook optrede deur wetgewing gevra, slegs teen gekommersialiseerde openbare sportbeoefening op Sondag en nie teen alle sportbeoefening of vermaaklikheid as sodanig op Sondag nie.”⁹¹

Die NP se sportbeleid is sedert 1982 met arendsoë deur die KP dopgehou, en enige onduidelikhede, kontrasterende opmerkings of -besluite is deur die KP aangeval en uitgebuit.

⁸⁸ **Debate van die Volksraad**, 2 Mei 1983, kolom 6128.

⁸⁹ Van Vuuren, p. 250.

⁹⁰ **Debate van die Volksraad**, 15 April 1982, kolom 4508.

⁹¹ **Skietgoed**, No. 10/82, 20 April 1982, p. 2.

'n Voorbeeld hiervan is uitlatings vanuit KP-geledere in 1983 waarvolgens die "eens magtige" NP nou die instrument geword het van 'n geleidelike toename tot integrasie op alle terreine van die samelewing.⁹² Hierdie aanmerking is gemaak in reaksie op die debat oor die Gewysigde *Wet op Samewerking en Ontwikkeling* (No. 102 van 1983), waarvan 'n klousule aandui dat 'n blanke persoon voortaan nie meer 'n permit nodig het om binne 'n swart woongebied aan sport deel te neem nie.⁹³ In teenstelling met die KP se siening het die Progressiewe Federale Party (PFP) dié stap verwelkom en dit gesien as 'n stap in die regte rigting. Vanuit die sportgeledere is hierdie wysiging in die wet ook met groot vreugde begroet, want dit het 'n minder beperkende uitwerking op die outonadiese bestuur en beoefening van sport tot gevolg gehad het. Die behoeftes van sportlui in die land het 'n wesenlike realiteit geword en die NP het besef dat daar daadwerklik opgetree moet word om te verseker dat die Party nie verder vervreem word van die sportlui in die land nie. Die NP se optrede in hierdie verband kan gesien word as 'n positiewe poging om hierdie vertrouensposisie met sportlui te probeer herbou.

Met die instelling van die driekamerparlement⁹⁴ in 1983 het die Regering opnuut in die spervuur van buitelandse regerings en anti-apartheidsorganisasies beland. Die afskaffing van die Westminster-regeringstelsel en die vervanging daarvan met 'n politieke bestel wat aan beide Indiërs en Kleurlinge meer seggenskap gee, is in 1983 geïmplementeer. Die nuwe bedeling het voorsiening gemaak vir eie beskikking oor sake van spesiale groepsbelang en vir die medebesikking oor sake van algemene belang.⁹⁵ Die buiteland, sowel as die amptelike opposisie, die PFP, en die swartes het die driekamerstelsel skerp veroordeel, hoofsaaklik as gevolg van die uitsluiting van swartes in dié stelsel.

As deel van die ontwikkeling en implementering van die nuwe politieke bestel het die NP in 1983 besluit dat skolesport voortaan as "eie sake" beheer sou word.⁹⁶ Dit beteken in beginsel dat die drie kleurgroepe wat in die nuwe bestel verteenwoordig is, self besluite kan neem aangaande skolesport binne die spesifieke kleurgroep. Alle ander

⁹² Cooper, C., et al, *Survey of Race Relations in South Africa 1983*, p. 639.

⁹³ *Debatte van die Volksraad*, 10 Augustus 1983, kolom 1014.

⁹⁴ Die driekamerparlementstelsel het voorsiening gemaak vir medeseggenskap oor sekere aangeleenthede vir blankes, Kleurlinge en Indiërs, maar het swartes uitgesluit.

⁹⁵ Rademeyer, J.S., *Die rol van A.L. Schlebusch in die totstandkoming van die nuwe politieke bedeling, 1978-1983*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS), p. 95.

⁹⁶ *Debatte van die Volksraad*, 2 Mei 1983, kolom 6145.

vorms van sport, insluitende swart sport, sou egter as "algemene sake" hanteer word, met ander woorde die swartmense het geen seggenskap gehad oor beleidsake en die hantering van hul eie sportstrukture nie. Hierdie besluite is deur die blanke politici vir hulle geneem.

Tydens 'n besoek aan Brittanje in Maart 1984 verwerp die Minister van Nasionale Opvoeding, dr. Gerritt Viljoen, bewerings dat die integrasie proses in Suid-Afrikaanse sport kunsmatig hanteer word. Wat in sport gebeur was, volgens Viljoen nie 'n verdere ontwikkeling van segregasie nie, intendeel, dit moes gesien word as 'n geleentheid vir alle rassegroepe om op 'n veelrassige basis teen mekaar te kompeteer.⁹⁷

Joernaliste was verstom oor dr Viljoen se duidelike ondersteuning van segregasie in sport. Die gedagte agter die besluit was om die magte van SACOS in te perk, aangesien hierdie organisasie volgens die NP 'n duidelike politieke agenda in sport gehad het.⁹⁸ Die Regering het verder druk op SACOS geplaas deur visums aan hooggeplaasde SACOS-lede, wat in die buiteland vir hulp wou gaan aanklop in die stryd teen apartheid in sport, te weier. Vanuit verskeie oorde het kritiek op die Regering toegeneem, veral as gevolg van Viljoen se uitlating en die weiering van visums aan die SACOS sportlui wat SACOS se saak in die buiteland wou gaan stel.

Terwyl SACOS, in samewerking met verskeie internasionale organisasies op grootskaal druk op die Regering toegepas het om af te sien van apartheid, het die Regering alles in hul vermoë gedoen om organisasies soos SACOS te neutraliseer. Die weiering van visums aan die SACOS-leierskorps was een van die mees suksesvolle metodes om te verseker dat direkte buitelandse kontak met ander soortgelyke organisasies nie plaasvind nie. In reaksie hierop het SACOS in 1984 'n aksie geloods om die verkiesing van Kfeurling- en Indiërverteenvoerders vir die nuwe politieke bestel in Suid-Afrika te ontwig.⁹⁹ Elke sportbyeenkoms moes gesien word as 'n betoging vir die bevrydingstryd en bande is gebreek met enige sportstruktuur wat die nuwe bestel ondersteun het.

⁹⁷ The Star, 12 Maart 1984.

⁹⁸ The Cape Times, 9 Junie 1983.

⁹⁹ Cooper, C., et al, *Survey of Race Relations in South Africa 1984*, p. 922.

Die NP se sportbeleid is ook in die tuislande bevraagteken. In die Ciskei is 'n besluit aanvaar dat slegs "nasionale" sportsoorte erken sal word. Dit beteken in beginsel dat slegs sportsoorte wat die onafhanklikheid van die Republiek van die Ciskei erken, van sportfasiliteite voorsien sou word. In 'n poging om te verseker dat die oprigting van sportfasiliteite vinniger plaasvind, het die Minister van Binnelandse Sake, mnr. F.W. de Klerk, die privaatsektor versoek om deur borgskappe deel te word van die ontwikkelingsproses.

In die 1983/84 boekjaar is R 11,9 miljoen spandeer aan die beskikbaarstelling van sportfasiliteite vir swartes.¹⁰⁰ Verskeie groot organisasies het betrokke begin raak by borgskappe in sport. Veral skolesportkompetisies, wat op nie-rassige basis plaasgevind het, het by hierdie borgskappe baat gevind. Teen die einde van 1984 het dr. Viljoen gesê die Regering se sportbeleid en die uitvoering daarvan is tekenend van die NP se vasbeslotenheid om diskriminasie te vernietig. Die wysigings aan wette wat sport direk raak is, volgens Viljoen, van groot waarde en beklemtoon die toewyding van die Regering om alle beperkende wetgewing uit sport te verwyder.¹⁰¹ Hierdie stellings is buite die NP verwerp en organisasies soos SACOS het dit as wensdenkery afgemaak.

Daar was gedurende die tagtigerjare voortdurend 'n duidelike verskil in wat die NP as "normale" sportbetrekkings gesien het, en wat deur organisasies soos SACOS as "normaal" gesien is. Terwyl die NP sport so ver moontlik outonoom wou laat ontwikkel, het die anti-apartheidorganisasies sport voortdurend gesien as 'n middel tot die verwesenliking van hulle ideaal, naamlik die afskaffing van apartheid in sy totaliteit.

Teen die middel van die tagtigerjare het Suid-Afrikaanse sport die druk van internasionale boikotte al hoe meer begin voel. Die weerstand teen apartheid in Suid-Afrika het gedurende hierdie tydperk drastiese afmetings begin aanneem en in 1985 is 'n noodtoestand, vergelykbaar met 'n vorm van krygswet, in sekere dele van die land ingestel.¹⁰² Die gebiede wat direk deur die noodtoestand geraak is, was die Oos-Kaap,

¹⁰⁰ Ibid., p. 924.

¹⁰¹ Rand Daily Mail, 8 November 1984.

¹⁰² Shire, R., *Adapt or die: The end of white politics in South Africa*, p. 161.

die Witwatersrand en later ook die Wes-Kaap.¹⁰³ Meer as agtduisend mense was gedurende die agt maande, wat die noodtoestand in plek was, in aanhouding vir minagting van die noodtoestand.¹⁰⁴ Die noodtoestande in die land het egter nie die weerstand teen apartheid afgebreek nie. Voorvalle soos verbruikersboikotte teen blanke besighede en die stigting van straatkomitees in die swart woonbuurte het die organisasies, wat teen apartheid gerebelleer, het net meer vaartbelyn gemaak.¹⁰⁵ 'n Tweede noodtoestand is middel-1986 ingestel wat regoor die land van toepassing was. Die Regering se aankondiging van hierdie noodtoestand is slegs dae voor die tiende herdenking van die Soweto-oproer van 16 Junie 1976 gedoen. Die instelling van die noodtoestande het Suid-Afrika opnuut die voorblaai van internasionale nuusblaai laat haal.¹⁰⁶ Die gevolge hiervan is duidelik gevoel, ook onder sportlui in Suid-Afrika wat reeds geruime tyd besig was met die afbreek van diskriminerende invloede in die land se sport.

Die afstelling van die 1985-All Black-rugbytoer het die besef opnuut laat ontstaan dat Suid-Afrika se internasionale sportbetrekkinge hom in 'n doodloopstraat bevind. In September 1985 kondig die NP aan dat die Regering heeltemal uit sport wil onttrek. Die Regering het ook aanbeveel dat 'n meer verteenwoordigende sportfederasie, bestaande uit alle bevolkingsgroepe, op die been gebring moet word om sport in Suid-Afrika meer doeltreffend te bestuur.¹⁰⁷ Die hoofrede hiervoor was dat die Regering graag die beheer en organisasie van sport in Suid-Afrika in die hande van die administrateurs wou laat, maar nie wou toesien dat die administrateurs 'n politieke speelbal van sport maak nie.

'n Loodskomitee bestaande uit Hugo Olivier van die Suid-Afrikaanse Sportfederasie (SASF), dr. Danie Craven, Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR), Joe Pamensky, Suid-Afrikaanse Krieketunie (SAKU), Rudolph Opperman, Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spele Vereniging (SAONGA) en Professor Putter, verbonde aan die Potchefstroomse Universiteit, is aangewys om die voorstelle vir 'n nuwe sportfederasie te ondersoek. Die komitee het hulle bevindinge aan die einde van Maart 1985 aan die

¹⁰³ Lodge, T, et al, **All, Here and Now: Black Politics in South Africa in the 1980s**, p. 78.

¹⁰⁴ Pampallis, J., **Foundations of the New South Africa**, p. 286.

¹⁰⁵ Lodge, p. 79.

¹⁰⁶ **Ibid.**

¹⁰⁷ Cooper, C., et al, **Race Relations Survey 1986**, p. 295.

Regering voorgelê. Volgens die komitee het hulle saamgestem met die Regering se gedagte om self te onttrek aan die beheer van sport in Suid-Afrika, maar het verskil van die gedagte dat die bestaande SASF moes ontbind en vervang moes word met 'n nuwe sportfederasie wat meer verteenwoordigend van al die bevolkingsgroepe in die land sou wees.¹⁰⁸ Die hoofrede waarom die komitee besluit het dat daar nie na 'n nuwe sportfederasie gekyk moes word nie, was die feit dat sportbestuur en -ontwikkeling op daardie stadium nie by alle bevolkingsgroepe op dieselfde vlak was nie. Die skielike samevoeging van die verskillende sportstrukture in een sportfederasie sou dus op daardie stadium dalk meer ontwrigtend wees as enige iets anders.

Die Suid-Afrikaanse Regering se plan om heeltemal uit sport te onttrek word as volg regverdig:

"South Africa is an example to many other governments in the world, illustrating that politics and sport should not be mixed and that sport should not become a political punitive instrument."¹⁰⁹

Die NP se sportbeleid toon duidelik dat daar gedurende die tagtigerjare altyd gepoog is om sport outonoom te laat funksioneer. Alhoewel die NP hierdie beginsel tot 'n groot mate probeer nastreef het, was dit lank reeds nie meer 'n kwelpunt by die internasionale organisasies teen apartheid in sport nie. Die beginsel van apartheid het gedurende die tagtigerjare sterk na vore getree as die kern van die anti-apartheidsorganisasies se aanvalle. Die sportboikotte is slegs gebruik as 'n middel tot 'n doel, en het handig te pas gekom aangesien Suid-Afrika by uitstek 'n sportmal land was.

In 1986 het die regeringsbeleid ten opsigte van skolesport drasties verander. Die NP het begin om veelrassige sportbeoefening in skole aan te moedig, alhoewel die Regering nie self by die organisering daarvan betrek wou word nie.¹¹⁰ In September 1986 het beamptes van die verskillende bevolkingsgroepe bymekaar gekom en die Suid-Afrikaanse Skolesportraad (SASSR) is gestig.

¹⁰⁸ Pretoria News, 17 Maart 1985.

¹⁰⁹ The Daily News, 25 April 1986.

¹¹⁰ Evening Post, 23 Januarie 1986.

Die hoofdoel van die SASSR was om skoesport onder al die bevolkingsgroepe te bevorder, diskriminasie in skoesport te vernietig, en kontak in skoesport te bevorder ten einde 'n klimaat van wedersydse samewerking te vestig.¹¹¹ Die SASSR is egter vanuit verskeie oorde verwerp. Die Transvaalse Onderwysvereniging, die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (SABRA) en ACOS het SASSR om uiteenlopende redes verwerp. Volgens Professor Carel Boshoff, die voorsitter van SABRA, sou 'n veelrassige skoesportorganisasie die toekoms van die Afrikanervolk in gevaar stel.¹¹² SACOS daarenteen het die struktuur verwerp omdat die Regering afsonderlike skole voorstaan, maar nou 'n gesamentlike skoesportraad wou instel. Die instelling van só 'n raad is vanuit die SACOS-geledere gesien as nog 'n aanval op SACOS en het dit dienoooreenkomstig verwerp.

Verskeie skole het geweier om aan veelrassige sportbyeenkomste deel te neem. Gemoedere het verder opgevlam toe 'n swart atleet uit Durban nie toegelaat is om aan 'n byeenkoms by Menlopark Hoërskool in Pretoria deel te neem nie, bloot omdat hy swart was. Verskeie atlete en hul ouers het dié byeenkoms geboikot uit protes teen die weiering om die spesifieke atleet te laat deelneem aan die byeenkoms.

Die situasie het in 'n politieke debat ontaard en die hulp van die Regering is ingeroep om die situasie op te los. P.W. Botha se siening was duidelik dat die Regering hom nie inmeng met sport in Suid-Afrika nie. Dit was 'n taak vir die sportadministrateurs en die ouers.¹¹³ Namate die probleem egter verdiep het, het die Regering bekend gemaak dat hy sy beleid ten opsigte van skoesport hersien het. Volgens die gewysigde beleid moes skole, wat nie bereid was om aan veelrassige sportgeleenthede deel te neem nie, hulself aan die betrokke byeenkoms onttrek. Soos met die sportbeleid in sy geheel is die NP weereens vanuit alle hoeke gekritiseer oor die nuutste wysiging.

Voor die Algemene Verkiesing van 1987 het verskeie sportlui hulself teen die NP se sportbeleid uitgespreek en hul steun aan die opposisie-alliansie toegesê.¹¹⁴ Die President

¹¹¹ **The New Nation**, 9 Oktober 1986.

¹¹² **The Star**, 12 September 1986.

¹¹³ **Debate van die Volksraad**, 16-20 Februarie 1987, kolom 1120.

¹¹⁴ Die PFP, die Nuwe Republiek Party (NRP) en die Onafhanklike kandidate het voor die verkiesing 'n "hervormingsalliansie gestig om die NP in die verkiesing teen te staan. Cooper, C., et al, **Race Relations Survey 1987/88**, p. 276.

van SARR, dr. Danie Craven, was een van die sportlui wat die Stellenbosch verklaring onderteken het. Hierdie verklaring, wat deur verskeie vooraanstaande sportlui onderteken is, lui as volg:

"We, Stellenbosch sportsmen and women, will support and encourage others to support those in party-political contests, including independent candidates, who are united in a common search for sincere and urgent initiatives to ensure a normal and peaceful life for all South Africans."¹¹⁵

Craven het selfs so ver gegaan as om uitvoerende lede van SARR te vra om openlik hul steun tot veelrassige sport toe te sê. Twee lede van die uitvoerende bestuur, mnre. Daan Nolte en Boetie Malan, het as gevolg hiervan uit SARR bedank, omdat hulle te kenne gegee het dat hulle as kandidate vir die KP in die 1987-verkiesing beskikbaar wou stel.¹¹⁶ Party-politiek het voor die verkiesing sterk na vore getree in sport en bogenoemde is slegs een voorbeeld van sportadministrateurs wat ook in die politiek betrokke geraak het.

Die NP se veranderende beleid ten opsigte van sport, en veral skolesport, het gedurende die tagtigerjare tot groot ontevredenheid onder veral die konserwatiewe blanke groeperinge in die land aanleiding gegee. Verskeie voorvalle van konflik as gevolg van die kleurkwessie en skolesport het ook gedurende hierdie tydperk voorgekom. Die veelbesproke Menlopark-voorval, wat later in die hoofstuk in meer detail bespreek word, die weiering van skoleswemmers aan kampioenskappe omdat hulle swart was en die verbod op sport teen swart kinders deur veral verskeie skole in die Transvaal is slegs 'n paar voorbeelde hiervan. In die Parlement het die KP homself by verskeie geleenthede toegespits op die Regering se veranderde benadering tot veelrassige sport en dit voortdurend gekritiseer.

Die 1987-verkiesing het 'n ingrypende verandering in die opposisie tot gevolg gehad. Vir die NP was die verkiesing 'n morele oorwinning, want die Party het 123 Volksraadsetels in die verkiesing verower. Die PFP het 10 setels verower en is deur die

¹¹⁵ Sunday Times, 3 May 1987.

¹¹⁶ The Cape Times, 9 Januarie 1987.

KP, wat 22 setels verower het, vervang as amptelike Opposisie in die Parlement.¹¹⁷ Die KP se vertoning in die verkiesing kan vanuit sportgeledere gesien word as 'n herposisionering van die konserwatiewe elemente teen die NP se beleid van veelrassige sportbeoefening in Suid-Afrika.

Waar die Regering voor 1987 deur die PFP-opposisie gekonfronteer is met die probleme rondom apartheid in sport, het die KP-opposisie hulle na 1987 daarop toegespits om die Regering se beleid aangaande integrasie op sportgebied te kritiseer. Alhoewel die kritiek vanuit die KP baie fel was en steeds baie druk op die Regering geplaas het, sou die Regering tot 'n mate verlig wees dat die nuwe amptelike opposisie en die anti-apartheidsbewegings nie die Regering uit een mond oor apartheid in sport kritiseer nie. Die KP het 'n nuwe dimensie van opposisie ingelei en die NP vanuit 'n heel ander hoek aangeval oor die sportbeleid.

Probleme op hierdie vlak het reeds begin met die KP se verowering van sekere Transvaalse setels in die 1987-verkiesing. Afsonderlike munisipale fasiliteite is in sekere van die plaaslike owerhede, wat onder die beheer van die KP was, ingestel.¹¹⁸ Dit het weer afsonderlike sportfasiliteite en die afsonderlike beoefening van sport in hierdie gebiede tot gevolg gehad. Dit het tot verskeie rasseverwante insidente in plekke soos Brakpan, Boksburg, Nigel, Delmas en Welkom aanleiding gegee.¹¹⁹ In sy geheel gesien het die beperkte suksesse wat die KP met die verkiesing in 1987 behaal het, sterk negatiewe gevolge vir die NP se sportbeleid ingehou en dit tot 'n groot mate gerem. Verskeie van die inisiatiewe wat gedurende die tagtigerjare deur die NP opgebou is, is met die toetrede van die KP weer afgebreek en het die reeds troebele verhoudinge met swart sportlui nog verder versuur.

Die Suid-Afrikaanse sportlui het wel in groot getalle in die 1987-verkiesing teen die NP gestem. Pogings deur Craven en oud-Springbokkaptein Tommy Bedford het soveel moontlik sportlui agter hulle geskaar om te stem teen die "Verwoerds, Vorsters en vele ander binne die Broederbond- gedomineerde strukture van die NP wat oor die jare heen

¹¹⁷ Ries, A., en E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 67.

¹¹⁸ Cooper, C., *Race Relations Survey, 1989/90*, p. 26.

¹¹⁹ *Ibid.*, p. 27.

soveel skade aan sport in Suid-Afrika aangerig het.”¹²⁰ Craven en Bedford se siening was gesteun deur ‘n oud-Springbokkrieketspeler, Eddie Barlow, wat die volgende pleitdooi tot sportlui in Suid-Afrika gerig het:

“All South Africans who wanted to end the international isolation campaign must stand up and be counted and make loud protests when blatant racism is practiced.”¹²¹

Barlow het voortgegaan en gesê dat sportadministrateurs hulself moet distansieer van die Regering se beleid, want geïntegreerde sport beteken niks indien gelyke geleenthede en vryheid van spraak en -assosiasie nie op alle terreine van die samelewing geldig is nie.¹²²

Die nagevolge van die Menlopark voorval vroeër dieselfde jaar het die loodsing van die sogenaamde “never again”-veldtog tot gevolg gehad. Die “never again”-veldtog is van stapel gestuur deur handtekeninge in te samel vir gelykheid in sport en die ontwikkeling van veelrassige sport regdeur Suid-Afrika. Die veldtog is nie gesien as ‘n politieke stryd nie, maar eerder as ‘n morele plig teenoor die jeug van die land.¹²³ Teen Januarie 1988 is meer as nege-en-twintig duisend handtekeninge reeds ingesamel en die veldtog teen ongelykhede in sport het groot momentum begin kry. Dit het die Minister van Nasionale Opvoeding, mnr. F.W. de Klerk genoodsaak om aan die saak aandag te gee. Hy het egter die sportadministrateurs daarop gewys dat hulle hulself moes beperk tot aangeleenthede wat sport direk beïnvloed, en nie by die sport-politieke debatte betrek moet word nie. Hy het gemaan dat, indien sportlui direk betrokke sou raak by die breë politieke spel in Suid-Afrika, sport net weer die slagoffer sou wees.¹²⁴ Die optrede van sportlui met betrekking tot die politieke situasie in die land teen die einde van die tagtigerjare toon ‘n duidelike gevoel van verwerping aan.

Sportlui het ‘n punt bereik waar die politieke situasie in die land nie meer vir hulle aanvaarbaar was nie, omdat dit hul deelname aan internasionale byeenkomste kortwiek.

¹²⁰ **Sunday Tribune**, 3 Mei 1987.

¹²¹ **The Daily News**, 14 Augustus 1987.

¹²² **Sunday Tribune**, 16 Augustus 1987.

¹²³ Cooper, C., et al, **Race Relations Survey 1987/88**, p. 277.

¹²⁴ **Business Day**, 3 Maart 1988.

In die meeste gevalle was die sport-politieke probleme binne die sportopset in Suid-Afrika reeds tot die tevredenheid van almal betrokke aangespreek. Die politieke klimaat in die land het egter die vordering wat op gebied van sport gemaak is, feitlik totaal geneutraliseer, want alhoewel sport outonoom bestuur is, was dit uiteindelik steeds uitgelewer aan die grondwetlike voorskrifte van die land.

Die sportlui se vrese dat politiek in die land steeds sport dikteer, is bewaarheid toe die Internasionale Olimpiese Komitee in Junie 1988 in Lausanne, Switserland byeengekom het vir 'n vergadering. Tydens hierdie vergadering het die IOK sy opposisie teen apartheid herbevestig en sy steun toegesê aan die opskorting van sportbande met Suid-Afrika.¹²⁵ Die IOK-vergadering, wat deur 12 internasionale sportorganisasies bygewoon is, het na afloop van die vergadering onder andere die volgende verklaar:

- "that the practice of apartheid violated the fundamental principles of the Olympic Charter;
- all member bodies of the Olympic movement should exclude or suspend South African national sports federations from membership (where it has not already taken place) and discourage sports contacts with South Africa until apartheid had been abolished;
- actions designed to disrupt the unity of the Olympic movement, especially efforts to organise sports contacts with South Africa, would be denounced;
- a commission should be established to examine apartheid in sport; and
- no non-African entity could impose a solution to resolve this specifically African problems (ie South Africa's racial policies), and the only solution would be one based on proposals made by Africans."¹²⁶

Die Verenigde Nasies (VN) het sy steun aan die IOK se siening toegesê deur 'n sogenaamde "swartlys" vry te stel van sportlui wat, teen die wil van die VN in, sportbande met Suid-Afrika behou het. Hierdie tipe van reaksie vanuit die hoogste geleedere van wêreldsport het dit duidelik gemaak dat apartheid in geen vorm meer

¹²⁵ Cooper, C., et al, **Race Relations Survey 1988/89**, p. 36.

¹²⁶ **The New Nation**, 30 Junie 1988.

geduld sou word nie. Die NP se apartheidsbeleid is nou, veel erger as ooit tevore, voor stok gekry omdat dit die natuurlike interaksie deur sport in sy wese belemmer het.

Die negatiewe effek van buitelandse weerstand teen Suid-Afrikaanse sport is opgevolg met hernieuwe aanslae deur anti-apartheidorganisasies binne die land. Op 2 Julie 1988 ontplof 'n kragtige motorbom in 'n systraat langs Ellispark, kort na afloop van 'n Curriebekerwedstryd tussen Transvaal en die Vrystaat. Twee burgerlikes, wat na afloop van die wedstryd besig was om die stadion te verlaat, is dood in die ontploffing, terwyl 35 toeskouers beseer is.¹²⁷ Die Regering het die optrede verdoem en strenger aksie teen die anti-apartheidsgroeperinge belowe. Die aanslag was 'n duidelike teken dat die anti-apartheidsaktiviste se klem nou verskuif het en dat burgerlikes betrek is by die aanslag teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport. Die ANC het later verantwoordelikheid vir die ontploffing aanvaar en gesê dit het deel uitgemaak van hul strategie aan die einde van die tagtigerjare om "die stryd na die wit gebiede te neem".¹²⁸ Aanvanklik het die ANC, ten tye van dr. Danie Craven en Louis Luyt se besoek aan die ANC in Harare in 1988 enige betrokkenheid by die bomontploffing ontken. Volgens die ANC was die doel nie om onskuldige burgerlikes dood te maak nie, maar om die blankes bewus te maak van die onregverdigheide van apartheid in Suid-Afrika.¹²⁹ Craven en Luyt se onverwagte besoek aan die ANC in Harare het skokgolwe deur Suid-Afrika gestuur (sien hoofstuk 4).

Sedert 1988 het daar 'n nuwe klimaat in Suider-Afrika ontstaan wat 'n nuwe fase in die geskiedenis van die ANC kon inlui.¹³⁰ Die gesprekke wat die ANC sedert 1985 met Suid-Afrikaanse sakelui, redakteurs en later ook sportlui gevoer het, het heelparty felle openbare protes onder blankes veroorsaak. Die blanke Suid-Afrikaners se siening aangaande die ANC was meestal gekoppel aan die geweldsopsie. Hoe daar ook al gekyk word na die ANC, kan dit nie ontken word dat die ANC hom gedurende die tagtigerjare in die buiteland en die binneland gevestig het as 'n organisasie wat politieke erkenning

¹²⁷ Johns, S., en R. Hunt Davis Jr, *Mandela, Tambo and the African National Congress. The struggle against apartheid, 1948-1990*, p. 205.

¹²⁸ *Die Volksblad*, 4 Julie 1999.

¹²⁹ C. Rademeyer-versameling: *Transkripsie van onderhoud met Mthobi Tyanmzashe*, 14 Junie 2002, Johannesburg.

¹³⁰ Esterhuyse, W., en P. Nel, *Die ANC*, p. 23.

geniet.¹³¹ Geen gesprek oor die toekoms van die land kon dus plaasvind sonder om die ANC ook te betrek nie.

Die sportlui se samesprekings met die ANC, wat daarop gemik was om nouer bande met die drukgroepe teen apartheid in sport te smee, het toenemend druk op die NP geplaas om van die beleid van apartheid af te sien. Die politieke situasie in die land was in 'n baie delikate stadium en die sportlui se betrokkenheid by politieke debatte het die proses verder gekompliseer.

Die Regering se beleid ten opsigte van skolesport het gedurende 1989 weer onder die soeklig gekom. Die Minister van Opvoeding en Kultuur in die Volksraad, mnr. Piet Clase, het dit in die Parlement duidelik gestel dat die besluite oor deelname aan veelrassige sport en kulturele aktiwiteite by elke skool berus. Die skoolhoof, in samewerking met die beheerliggaam en die ouerkomitee, moes self besluit oor hierdie aangeleentheid.¹³² Sekere riglyne sou egter daargestel word om te verseker dat die aanbieding van genoemde byeenkomste en aktiwiteite nie politieke krisisse veroorsaak nie.

Hierdie riglyne is, volgens *Cooper*, daargestel om te verhoed dat 'n situasie, soortgelyk aan die Menlopark-voorval van 1987 homself herhaal.¹³³ Menlopark was egter weer in die nuus toe toegang in Januarie 1989 aan swart atlete geweier is wat aan 'n byeenkoms by dié skool wou deelneem. Uit protes teen die optrede van die Menlopark-owerhede het verskeie atlete uit Natal die byeenkoms geboikot en matrikulante aan die Menlopark Hoërskool het 'n petisie aan die skoolhoof oorhandig uit protes teen die uitsluiting van swart atlete aan die byeenkoms.¹³⁴

Die beleid rondom skolesport het steeds probleme veroorsaak en verskeie ander voorvalle van rasseverskille het by skolesportgeleenthede voorgekom. Hierdie probleme het grootliks voorgekom as gevolg van die politieke voorkeure van die skoolhoofde,

¹³¹ *Ibid.*

¹³² *The Citizen*, 30 Maart 1989.

¹³³ Cooper, C, et al, *Race Relations Survey 1988/89*, p. 42.

¹³⁴ *City Press*, 31 Januarie 1989.

ouers of beheerliggame van sekere skole en het niks te doen gehad met die veelrassige beoefening van sport as sulks nie.

Syfers wat gedurende 1990 bekend gemaak is, het getoon dat die NP gedurende die tagtigerjare veel gedoen het om fasiliteite vir die beoefening van sport onder die swart gemeenskappe te skep. Tussen 1981 en 1990 is meer as R 48 miljoen spandeer aan die daargestelling en opgradering van sportfasiliteite vir swartes in Suid-Afrika.¹³⁵ Verskeie sportsoorte het hierby gebaat en 'n groot bydrae is hierdeur tot die ontwikkeling van sekere sportsoorte onder die minderbevoorregte gemeenskappe gemaak.

Alhoewel gemengde sport teen 1989-90 wel in Suid-Afrika bestaan het, was dit hoofsaaklik in die groter sentra gesetel. Groot stede soos Johannesburg en Kaapstad het byvoorbeeld baie meer geleenthede vir gemengde sport gebied, terwyl kleiner plekkies soos byvoorbeeld Oudsthoorn geen moontlikhede vir gemengde sport nie kon bied.¹³⁶ 'n Opname in Pietermaritzburg het getoon dat 11 567 blanke skoolkinders 32 krieketvelde en 65 kriketoefennette deel, terwyl 13 608 Kleurling- en Indiërskoolkinders een veld en 5 oefennette moes deel.¹³⁷ Dieselfde ondersoek het getoon dat daar by swart skole in die omgewing geen soortgelyke fasiliteite gevind kon word nie.

Ten afsluiting

Sedert die laat sewentigerjare het die NP-regering verskeie stappe geneem om die aanwesigheid van apartheid in sport te probeer vernietig. Om hierdie veranderinge teweeg te bring moes verskeie diskriminerende wette gewysig of geskrap word.¹³⁸ Met verloop van tyd het wysigings aan hierdie wetgewing gedurende die tagtigerjare die outonome bestuur van sport in die land help ontwikkel en die sportlui oor die hele spektrum heen help bou aan 'n nuwe model vir sport in Suid-Afrika. Die apartheidswetgewing het egter steeds 'n struikelblok gebly en is voortdurend deur die buitewêreld as rede voorgehou waarom Suid-Afrika in wêreldsport geïsoleerd bly.

¹³⁵ Cooper, C., et al, *Race Relations Survey 1989/90*, p. 28.

¹³⁶ Hain, P., *Sing the Beloved Country. The Struggle for a new South Africa*, p. 169.

¹³⁷ *Ibid.*

¹³⁸ Kidd, B., *The campaign against sport in South Africa* in *International Journal*, Vol. XLVII, No. 4, Autumn 1988, p. 658.

Juis hierdie stelling van die internasionale sportgemeenskap het die sportlui in Suid-Afrika meer vasbeslote gemaak om die juk van isolasie finaal af te skud. Regdeur die tagtigerjare het die sportlui oor die kleurgrense heen gepoog om hul huis in orde te kry ten einde die goedkeuring van die internasionale liggame te verkry om die boikotte op te hef. Die NP-regering se beleid van sportoutonomie het probeer verseker dat politiek so min as moontlik by sport in die land betrek word. Ongelukkig het sport voortdurend by politiek betrokke geraak en het dit veral op skolevlak tot grootskaalse probleme en konfliktsituasies aanleiding gegee.

In die oë van die buitewêreld het die ontwikkeling van veelrassige sportbeoefening in Suid-Afrika gedurende die tagtigerjare nie veel beteken nie. Apartheid as wetgewing het die losprys geword, en bloedweinig internasionale organisasies was tevrede met bloot die gedagte dat apartheid in sport besig was om te verdwyn; vir hulle sou slegs die vernietiging van apartheid op alle vlakke van die samelewing goed genoeg wees.

Selfs nie eers die Regering se doelgerigtheid om gedurende hierdie tydperk onbetrokke teenoor die bestuur van sport in Suid-Afrika te staan het enige impak gehad nie. Soos reeds vroeër in hierdie hoofstuk vermeld was daar voortdurend 'n baie delikate verband tussen sport en politiek regdeur die wêreld. Die feit dat die NP dus probeer het om onbetrokke te raak by die bestuur en ontwikkeling van sport in Suid-Afrika, is deurgaans deur die groter beeld van apartheid in die skadu gestel, wat volgens die internasionale anti-apartheidvegters allesomvattend was. Dit was dus gedurende die tagtigerjare baie duidelik dat sportoutonomie alleen nie sou verseker dat Suid-Afrika sy status in die internasionale sportwêreld kon verander nie. Hierdie besef het ook by die sportlui in Suid-Afrika posgevat en dit het tot groot frustrasie gelei. Verskeie sportsoorte in Suid-Afrika het gedurende die tagtigerjare hard gewerk om hul huis in orde te kry, maar dit het geblyk irrelevant te wees, want die oë van die buitewêreld was slegs gerig op apartheid, en slegs veranderinge in die politieke bestel van Suid-Afrika sou die toekoms van sport in die land kon bepaal.

Die Regering kon ook nie altyd die pas waarmee die sportlui in die land gepoog het om genormaliseerde internasionale betrekkinge te hernu, volhou nie. Vanuit sportkringe was dit egter belangrik dat die tempo van verandering versnel word ten einde te

verseker dat daar aan die eise van die internasionale versoeke ten opsigte van apartheid in sport voldoen word. Dit is gesien as die enigste manier waarop Suid-Afrikaanse sport sy terugkeer tot die internasionale arena kon verseker.

HOOFSTUK 3

PLAASLIKE EN INTERNASIONALE VERSET TEEN APARTHEID IN SUID-AFRIKAANSE SPORT

Die versetaksies teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport strek net so ver terug as die afsonderlike ontwikkeling van sport in Suid-Afrika self. Juis omdat sport as sosiale faktor die omvattende Suid-Afrikaanse samelewing in sy totaliteit raak, het die sport-politieke verhouding in die land van meet af hewige reaksie tot gevolg gehad.

Die interaksie tussen sport en politiek in Suid-Afrika is nie 'n unieke verskynsel nie. Die rol wat sport in wêreldpolitiek speel word soos volg deur Dennis Brutus verklaar:

"There is today almost no society in the world in which sport is not an important part of man's activities - how important has perhaps not yet been accurately measured by the students of society. Sport has not only become a universal phenomenon; it has also become an important means of securing national prestige and is often a tool of state policy. In addition, it reflects the political attitudes of the nation."¹

Wat die verhouding tussen sport en politiek in Suid-Afrika egter wel uniek maak, is die feit dat landsburgers se potensiele deelname aan sport na 1948 direk deur die politiek beheer is.

Die Britse Imperiale beleid was altyd bekend vir sy klasseverskil. In Suid-Afrika, soos in menige ander Britse kolonies, is die nie-blankes polities en sosiaal as ondergeskiktes behandel.² Uit die aard van die saak het hierdie ondergeskiktheid ook na sport deurgesypel. Teen Uniewording in 1910 het Engelstaliges volle beheer oor sport uitgeoefen.³ Dit het meegebring dat klubs, provinsiale en nasionale sportliggame suiwer op rassegrondslag georganiseer is. Alhoewel daar geen wet bestaan het wat afsonderlike sportbeoefening in Suid-Afrika gereguleer het nie, het dit wel op grond van sosiale skeiding op grond van kleur plaasgevind.

¹ Brutus, D., "The Blacks and the Whites in Sport" in *Africa Today*, Vol. 17, No. 6, November - Desember 1970, p. 2.

² van der Merwe, F.J.G., *Sportgeskiedenis*, p. 166.

³ *Ibid.*

Voor 1948 het die informele sportkontak tussen swart en wit by uitsondering wel plaasgevind. Dit het veral plaasgevind in sportsoorte soos krieket en ander sportsoorte waarin dit moontlik was om die sport te speel en terselfdertyd "sosiale afstand" tussen die groepe te handhaaf.⁴ 'n Voorbeeld hiervan is Rhodes Universiteit en die Universiteit van Fort Hare wat jaarliks op 'n vriendskaplike basis teen mekaar sport beoefen het, en vriendskaplike sokkerwedstryde tussen wit en swart spanne is gedurende die 1920s en die 1930s in Johannesburg gespeel.⁵

As gevolg van die koloniale beheer in Afrika en die kulturele en sosiale degradering van swartes deur hierdie proses, het verskeie swart sportstrukture in Afrika onderlinge kompetisies geïnisieer om die effek van die Europese magte in Afrika te probeer neutraliseer. 'n Voorbeeld hiervan is die nie-amptelike sub-Sahara sokkertoernooi vir swartes wat in 1949 in die destydse Belgiese Kongo gehou is. Die doel van die toernooi was tweeledig van aard: die ontwikkeling van sokker onder swartmense in Afrika en die maatskaplike ontwikkeling van die swart werkersklas en middelklas in Afrika.⁶ Afsonderlike sportbeoefening het dus reeds voor 1948, veral as gevolg van die invloed van kolonialisme in Afrika, in Suid-Afrika voorgekom.

Die beleid van afsonderlike sportontwikkeling het stelselmatig saam met die maatskaplike segregasie in Suid-Afrika ontwikkel. Na afloop van die Tweede Wêreldoorlog het die weerstand teen rassesseiding in Suid-Afrikaanse sport vir die eerste keer sterk na vore getree. Binne die volgende twee dekades het die weerstand soveel momentum opgebou dat die protes tot 'n goed georganiseerde internasionale aanslag teen Suid-Afrika ontwikkel het.⁷ Met die Nasionale Party (NP) se bewindsoorname in 1948 is die rassesseiding in sport, wat reeds goed gevestig was, vir die eerste keer deur wetgewing gekonkretiseer.

⁴ Patterson, S., *Colour and Culture in South Africa: a study of the status of the Cape Coloured People within the social structures of the Union of South Africa*, p. 131.

⁵ Archer, R., en A. Bouillon, *The South African Game. Sport and Racism*, p. 151.

⁶ Alegi, P.C., *Katanga vs Johannesburg: a History of the first sub-Saharan Football championship, 1949-50* in *Kleio XXXI*, 1999, p 55.

⁷ Kotzé, G., *Sport en Politiek*, p. 41.

Met apartheid as die hoeksteen van die NP-beleid was dit onvermydelik dat sport ook deur dié beleid geraak sou word. Teen die tyd dat die NP in 1956 sy eerste formele sportbeleid afgekondig het, het verskeie internasionale sportorganisasies besluit om teen apartheid in sport te begin optree. In dieselfde jaar het die Internasionale Tafeltennisfederasie die lidmaatskap van die blanke beheerliggaam in Suid-Afrika opgeskort as gevolg van die feit dat die Suid-Afrikaanse span nie verteenwoordigend was van al die bevolkingsgroepe in die land nie.⁸ Dit kan gesien word as die begin van die amptelike internasionale versetaksie teen Suid-Afrikaanse sport.

Ander sportorganisasies het die voorbeeld van tafeltennis gevolg en die Suid-Afrikaanse Sokkerfederasie (SASF), die Suid-Afrikaanse Gewigoptelfederasie, die Suid-Afrikaanse Liggaamsboufederasie en die Krieketbeheerraad het ook in opstand gekom teen apartheid in sport.⁹ Die sportbeleid van 1956 het sterk reaksie uitgelok van sportgroeperinge, anti-apartheidsbewegings en politieke partye in Suid-Afrika en in die buiteland.

Die stigting van die *South African Sport Association* (SASA)

Hierdie weerstand teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport het veral vanuit die geledere van die Liberale Party in Suid-Afrika sterk steun ontvang.¹⁰ Op aandrang van die Liberale Party, en ook as gevolg van druk van internasionale liggame, het die swart sportlui in Suid-Afrika besluit op veelrassige sportorganisasies.¹¹ Gesien in die lig van die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis voor 1948 was dit vir die liberales vroeg reeds duidelik dat sport as werktuig gebruik moes word om die maatskaplike ongelykhede in die Suid-Afrikaanse samelewing te probeer hanteer.

In Junie 1955 publiseer die *London Times* 'n brief van eerwaarde Trevor Huddleston en Patrick Duncan waarin hulle aandrang op die beëindiging van Suid-Afrika se deelname aan die Statebondspele tensy veelrassigheid in Suid-Afrikaanse sport konsekwent toegepas word.¹² Hierdie pleidooi word opgevolg deur 'n boek waarin

⁸ Van der Merwe, p. 167.

⁹ Horrell, M., *South Africa and the Olympic Games*, p. 9

¹⁰ Horrell, M., *A Survey of Race Relations in South Africa 1952-53*, p. 5.

¹¹ Smit, J.P.J., *Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse sportbeleid en sy politieke implikasies, 1948-1979*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS), p. 160.

¹² *London Times*, 1 Junie 1955.

Huddlestone hom verder teen apartheid in sport uitspreek. In die boek sien Huddlestone Suid-Afrikaanse sport soos volg:

"The white South African is obsessed by sport to any extent, I believe, unequalled else in the world. The fact remains that South Africa, for the size of its white population, is quite astonishingly adept at all games. It is in world class at rugby, football, cricket and swimming, and has produced world-class performers at golf, tennis and boxing. For a population of two and a half million that is very remarkable. No doubt the glorious climate has something to do with it...The South African Sunday is a constant battle between the 'kerk' and the bowling green or the tennis court."¹³

Huddlestone suggereer dat sport vir die blanke Suid-Afrikaner bykans soos 'n tweede godsdiens geword het; 'n gedagte wat deur baie ander sporthistorici gedeel word.

Huddlestone het egter in sy boek ook melding gemaak van die weerstand teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport en die moontlike optredes daarteen deur boikotaksies. Hy het sy steun aan hierdie boikotaksies toegesê deur te verklaar:

"Just because the Union is so good at sport, such isolation would shake its self-assurance very severely...It is long past the time when the doors of international athletics should be opened to Africans from the Union. If a policy of boycott against white South Africa by the rest of the world will bring that day nearer, then I hope it will speedily happen."¹⁴

Huddlestone is in sy argument rondom 'n boikotaksie teen sport ondersteun deur Alan Paton wat homself soos volg teen apartheid in sport uitgelaat het:

"Sooner or later it seems to me that every international sporting body will have to reject South Africa as a participant as long as she maintains a colour bar. I for one do not understand how a country like New Zealand can consent to a colour

¹³ Huddlestone, T., *Naught for your comfort*, p. 200.

¹⁴ *Ibid.*

bar when she visits South Africa; I should have thought she would have had more pride."¹⁵

Die oproepe tot boikotaksies teen apartheid in sport het toenemend vanuit verskillende oorde begin opklink. Die miskenning van die regte van swart sportlui is betreur en 'n daadwerklike, gekoördineerde optrede teen die situasie is bepleit. Dit het uiteindelik gelei tot die stigting van die *South African Sport Association* (SASA) in 1958. SASA is gestig met die doel om nie-rassige sport deur die stig van nie-rassige sportliggame te bevorder.¹⁶ Teen die einde van die vyftigerjare was daar 'n algemene ontwaking van belangstelling in sport onder die swart Suid-Afrikaners en die apartheidswetgewing het hulle gedwing om te veg vir hul regmatige plek in Suid-Afrikaanse sport.¹⁷ Sport was een van die gebiede waarop die swartes die meeste uitgesluit gevoel het, veral as gevolg van die struktuursamestelling van die Suid-Afrikaanse sportgemeenskap wat reeds voor 1948 op grond van kleur grootliks verdeel was. Dit was dus noodsaaklik vir hierdie swart groeperinge in die land om vir hulle strukture daar te stel waardeur hulle kon veg vir hul regmatige plek in Suid-Afrikaanse sport.

Met die stigting van SASA is gepoog om die probleme rondom swart sport in die land te besleg. Daar is gehoop dat SASA, wat 'n samebindende faktor binne swart sportgeledere was, die verskillende swart sportstrukture beter sou kon koördineer ten einde die probleme van die dag beter hanteer. Voor 1958 was die swart sport beheerliggame verdeel in swart, Indiër en Kleurling groepe en het hierdie groepe behoort aan provinsiale strukture wat nie deur 'n nasionale beheerliggaam georganiseer was nie.¹⁸ Afgesien van die feit dat SASA swart sportstrukture in Suid-Afrika in een liggaam probeer saamvoeg het, was die organisasie se verdere oogmerk ook om vir hierdie sportsoorte hulle regmatige erkenning in die buiteland te verkry.

SASA het ongeveer 70 000 swart sportpersone verteenwoordig wat sportsoorte soos atletiek, fietsry, krieket, sokker, tennis, tafeltennis, sagtebal en netbal ingesluit het.¹⁹

¹⁵ Paton, A., *South Africa and her people*, p. 44.

¹⁶ Allison, L. (red), *The politics of sport*, p 122.

¹⁷ *South Africa and World Sport* (9): *The anti-forces: SACOS & SANROC*, p. 2.

¹⁸ Brickhill, J., *Race against Race. South Africa's "Multi-national" Sport Fraud*, p. 9.

¹⁹ de Broglio, C., *South Africa: Racism in Sport*, p. 3.

Aangesien SASA nie veel steun vanuit die blanke beheerliggaame van sport in Suid-Afrika kon kry nie, het hulle hul direk tot die internasionale sportbeheerliggame gewend in 'n poging om internasionale deelname vir nie-blanke sportlui in Suid-Afrika te probeer verseker.²⁰ Onder die voogdyskap van Alan Paton en die sekretarisskap van Dennis Brutus het SASA in 1959 hul eerste suksesvolle poging aangewend om apartheid in Suid-Afrikaanse sport teen te staan. 'n Beroep is op die Brasiliaanse sokkerbeheerligaam gedoen om 'n beoogde wedstryd teen 'n blanke Suid-Afrikaanse span af te stel. Daar is ook 'n versoek tot die Wes-Indiese Krieketraad gerig om 'n toer na Suid-Afrika, waartydens daar teen 'n uitsluitlik swart Suid-Afrikaanse span gespeel sou word, te kanselleer.²¹ Alhoewel die bogenoemde toere verskil het op grond van die feit dat die een teen 'n uitsluitlik blanke span sou speel en die ander teen 'n uitsluitlik swart span, was SASA van mening dat enige internasionale mededinging gestaak moes word totdat blanke en nie-blanke sportlui in Suid-Afrika in dieselfde span teen internasionale mededingers kon meeding.

In 1961 het 'n gesamentlike poging deur SASA en verskeie buitelandse anti-apartheidsgroeperinge daartoe bygedra dat die blanke sokkerbeheerligaam uit die wêreldbeheerligaam vir sokker, FIFA, geskors is.²² Afgesien van die vroeë suksesse wat SASA behaal het, het die weerstand vanuit blanke sportgeledere, veral in die sestigerjare, teen enige verdere SASA versetaksies teen die afsonderlike beoefening van sport in Suid-Afrika begin groei. Die suksesse wat SASA in 1959 met die kansellering van die Brasiliaanse sokkertoer en die Wes-Indiese kriekettoer gehad het, het onder blanke sportlui die besef laat ontstaan dat hierdie soort protesoptrede in die toekoms dalk meer skade kon aanrig.

Die onvermoë van SASA om die aanvanklike suksesse met soortgelyke optrede op te volg, kan toegeskryf word aan die feit dat die organisasie nie fisies groot en finansieel sterk genoeg was om die aanslae vanuit blanke sportgeledere en die Suid-Afrikaanse regering die hoof te bied nie. Die blanke sportstrukture in Suid-Afrika het sterk bondgenootskappe met hul buitelandse sportorganisasies gehad, wat telkens daartoe

20 Nauright, J., *Sport, Cultures and Identities in South Africa*, p. 128.

21 Lapchick, R., *The politics of race and international sport*, p. 68.

22 Brickhill, p. 9.

bygedra het dat die SASA se saak nie met groot erns in die buiteland aangehoor is nie. Hierdie argument kan gestaaf word deur die uitspraak van Reg Honey, 'n Suid-Afrikaanse lid van die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) ten tye van 'n IOK-vergadering in 1960:

"There's no racial discrimination in South African sport; it's all lies; it's just that there are no blacks fit to take part in the Olympics. If there were, they would be selected like everybody else. But they are running around wild".²³

Volgens Brickhill het blanke sportlui voortdurend die verskoning voorgehou dat nie-blanke sportlui nie goed genoeg was om die nasionale span te verteenwoordig nie, wanneer hulle met diskriminasie gekonfronteer was.²⁴ Feit van die saak is egter dat swart sportlui voortdurend deur verregaande verskonings uit nasionale spanne gehou is. Die kies van 'n uitsluitlik wit span vir 'n swemkompetisie in 1968 is soos volg verdedig:

"Some sports the African is not suited for. In swimming the water closes their pores and they cannot get rid of carbon dioxide, so they tire quickly".²⁵

Gesien teen die agtergrond van bogenoemde voorbeelde was dit vir SASA toenemend moeiliker gemaak om sy plig as "waghond" in Suid-Afrikaanse sport suksesvol uit te voer. SASA se pogings is oordonder deur die optrede van die blanke sport organisasies in Suid-Afrika, wat nie maklik van hulle internasionale status en kompetisiegeleenthede sou wou afsien nie. Hierdie blanke organisasies se bande met hul buitelandse bondgenote was bloot net te sterk vir SASA om enige blywende indruk te maak ten opsigte van apartheid in Suid-Afrikaanse sport.

Die stigting van SASA het egter 'n positiewe bydrae gelewer tot die daarstelling van weerstandstrukture teen afsonderlike sportontwikkeling in Suid-Afrika. Vanuit die organisasie het individue soos Dennis Brutus na vore getree wat in die toekoms diep

23 Newnham, T., *Apartheid is not a game*, p. 22.

24 Brickhill, p. 44.

25 Ibid.

spore sou trap in die stryd teen apartheid in sport.²⁶ Dit was ook danksy die optrede van SASA dat die IOK in 1962 'n waarskuwing aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee (SANOK) gerig het dat Suid-Afrika uit die IOK geskors sal word indien diskriminerende wetgewing in Suid-Afrika steeds in plek is tydens die volgende sitting van die IOK in Oktober 1963.²⁷ Deur die blanke SANOK die stryd aan te sê, het SASA enige hoop op blanke ondersteuning feitlik totaal vernietig. Aan die ander kant was dit egter vir die blanke sportstrukture nou duidelik dat die swart sportlui in die land nie sou terugsit en toelaat dat sportbeoefening in Suid-Afrika eksklusief vir blankes voorgehou word nie.

Dit het duidelik geword dat die swart sportorganisasies in die land nie meer enige steun van die blankes kon verwag ten einde internasionale deelname te bekom nie. Swart organisasies soos SASA sou in die toekoms meer daarop moes konsentreer om die blanke organisasies te dwing om sport op 'n meer geïntegreerde basis te bedryf, of die gevolge te dra van skorsing vanuit die internasionale ligamme.

SASA het sy rol hoofsaaklik gesien ten opsigte van die daarstelling van geleenthede vir sy lede om op internasionale vlak mee te ding. Die stigting van die *South African Non-Racial Committee* (SANROC) in 1962 was egter weer meer daarop gemik om die blanke sportorganisasies in die land trompop te loop wat sportapartheid betref.²⁸

Die werksaamhede van SANROC

Die aanvanklike suksesse van SASA het die versetaksie teen apartheid in sport die nodige momentum gegee om die blanke sportstrukture in die land die stryd aan te sê.

²⁶ Brutus het bekendheid verwerf as 'n digter, maar was ook nou verbonde aan die stryd teen apartheid. Na afloop van gevangenskap op Robbeneiland het Brutus in selfopgelede ballingskap in Engeland gaan woon waar hy by verskeie anti-apartheidsbewegings en veral die South African Non-Racial Olympic Committee (SANROC) betrokke geraak het. Klein, L.S., *African Literatures in the 20th Century*, p. 188

²⁷ SASA het 'n brief aan die IOK gerig waarin daar gemeld word dat die Suid-Afrikaanse Regering die grondwet van die IOK oortree deur rasse-diskriminasie te beoefen. Brickhill, p. 10.

²⁸ de Broglio, p. 4.

Suid-Afrika se skorsing uit die Statebond in 1961 kort na die Sharpeville-slagting²⁹ en die daaropvolgende noodtoestand in die land vroeg in die sestigerjare, het 'n mate van onsekerheid by blanke Suid-Afrikaners geskep oor wat die toekoms van die land sou inhou.³⁰ Hieruit het nuwe geleenthede vir die versetbewegings ontstaan om druk op apartheid in sport toe te pas.

Tydens die stigtingsvergadering van SANROC in 1962 is dit duidelik gestel dat die geleenthede uitgebuit moet word om te verseker dat die blanke sportstrukture in die land algaande meer van hulle internasionale bondgenote geïsoleer word. Dit kon slegs bereik word deur rassisme in sport uit te wys en die blanke sportlui se betrokkenheid hierby aan te dui.³¹ SANROC is gestig met die hoofdoel om internasionale solidariteit vir die stryd teen apartheid in sport te verseker. Meer belangrik nog was die gedagte dat SANROC gevestig moes word as Suid-Afrika se amptelike Olimpiese verteenwoordigende struktuur.³² Dit was vir die versetaksie teen apartheid in sport belangrik dat SANROC die land se amptelike Olimpiese verteenwoordiger word, aangesien dit die enigste wyse was waarop daar amptelike Olimpiese steun verkry kon word vir die optrede teen apartheid in sport. Van meet af aan het SANROC homself daarvoor beywer om die swakhede van die "establishment" sportsoorte uit te buit.

Die eerste optrede in hierdie verband was SANROC se aksies wat uiteindelik daartoe gelei het dat die IOK 'n sterk bewoorde waarskuwing aan SANOK gerig het ten tye van die IOK se jaarvergadering in 1963 in Baden-Baden. Volgens die IOK sou Suid-Afrika se uitnodiging na die Olimpiese Spele van 1964 in Tokio teruggetrek word indien daar nie aan sekere voorwaardes voldoen word nie. Hierdie voorwaardes het as volg gelui:

- Dat SANOK in 'n besliste verklaring sy aanvaarding van die Olimpiese Kode uitsprek en in besonder reëls 1 en 24 van die konstitusie. Dit lees dat diskriminasie op grond van ras, godsdiens of politiek verbied word. Verder bepaal reël 24 dat alle

²⁹ Die Pan Africanist Congress(PAC) het op 21 Maart 1960 'n protesoptog teen die paswetstelsel in Sharpeville, naby Vereeniging, gehou. 'n Groot groep swartes het by die Sharpeville polisiestasie byeengekom in protes teen die stelsel. Die polisie het op die betogers losgebrand en 69 swartes is deur die polisie in die aanval gedood. In reaksie hierop is 'n noodtoestand op 30 Maart 1960 deur die regering afgekondig. Lodge, T., en B. Nasson, *All here and now: Black politics in South Africa in the 1980s*, p. 6.

³⁰ Brickhill, p. 10.

³¹ de Broglio, p. 4.

³² Roberts, C., *SACOS: 15 years of sports resistance*, p. 13.

nasionale Olimpiese komitees in 'n posisie moet wees om enige politieke of ander druk te weerstaan wat hulle sal dwing om af te wyk van die Olimpiese beginsel.

- Dat SANOK 'n politieke verandering ten opsigte van diskriminasie op grond van kleur by die Suid-Afrikaanse regering moet teweegbring. Die keurdatum hiervoor is verleng tot 15 Januarie 1964.³³

Groot druk is op SANOK geplaas om aan hierdie voorwaardes gehoor te gee. Dit was feitlik onmoontlik vir SANOK om die voorwaardes aangaande die politieke veranderinge vanuit die Regeringskringe na te kom. Tydens SANOK se voorlegging aan die IOK in Augustus 1964 is dit aan die IOK gestel dat SANOK nie aan die Regering kan voorskryf oor hoe die politiek hanteer moet word nie. Dit het tot gevolg gehad dat Suid-Afrika uitgesluit is van die 1964-Olimpiese Spele in Tokio. Dit was die eerste keer sedert 1908 dat Suid-Afrika uitgesluit is van deelname aan 'n Olimpiese Spele.³⁴

Die inhegtenisneming van Brutus en die terdoodveroordeling van John Harris, een van die ringleiers binne SANROC, was uiteindelik een van die aanleidende faktore wat aanleiding gegee het tot die IOK se besluit om Suid-Afrika van die 1964-Spele uit te sluit.³⁵ Dit het ook die buiteland se benadering ten opsigte van SANOK en die Regering se sportbeleid met groter prominensie onder die vergrootglas geplaas. Alhoewel die noodtoestand in die land en die Regering se toepassing van apartheid groot druk op SANROC geplaas het, het die organisasie wel daarin geslaag om die Regering se sportbeleid te konfronteer. 'n Voorbeeld hiervan is die klemverskuiwing in die sestigerjare van 'n eksklusiewe blanke magsbasis in sport na 'n situasie waar al meer vroeë gevra is rondom nie-rassige strukture in Suid-Afrikaanse sport.³⁶ Die internasionale reaksie op dr. H.F. Verwoerd se Loskopdam-toespraak in 1965 is 'n voorbeeld van hoe SANROC in die buiteland steun probeer werf vir die veldtog teen apartheid in sport. Heftige reaksie vanuit die buiteland op die toespraak het die Regering laat beseef dat die teësin in die Regering se hantering van sport in Suid-Afrika aan die toeneem was.

³³ Horrell, M., *South Africa and the Olympic Games*, p. 14.

³⁴ Alhoewel twee swart Suid-Afrikaanse atlete, Jan Mashiani en Len Tau, in 1904 aan die Olimpiese marathon in St. Louis deelgeneem het, het Suid-Afrika in 1908 vir die eerste keer amptelik aan die Olimpiese Spele deelgeneem. Van der Merwe, F., *Die Boere-sirkus van St. Louis (1904)*, p. 31.

³⁵ Brutus en Harris het beide 'n groot rol gespeel in die veldtog om Suid-Afrika uit die IOK te skors (sien hoofstuk 1).

³⁶ Roberts, p. 13.

Die dood van Harris, en Brutus se inhegtenisname, het egter ook daartoe gelei dat SANROC teen die middel sestigerjare basies leierloos gelaat is. Dit was een van die redes waarom dié organisasie in 1965 besluit om hulle werksaamhede in Suid-Afrika op te skort.³⁷ Die ander rede was die feit dat die Suid-Afrikaanse regering met sy optrede teen SANROC dit baie moeilik gemaak het vir die SANROC om vanuit Suid-Afrika suksesvolle aksies teen apartheid in sport te loods. Met verskeie leiersfigure van SANROC wat in selfopgelegde ballingskap in die buiteland gaan woon het, het die organisasie egter in 1966 weer in ballingskap herrys.³⁸ SANROC het in Londen hergroepeer en het opnuut toegetree tot die stryd teen apartheid in sport. Alhoewel SANROC 'n relatief kort lewensduur in Suid-Afrika gehad het, het die optrede van veral Brutus en Harris 'n groot rol gespeel in die daarstelling van strukture om die Regering se sportbeleid te probeer ontwig. Dit was egter na die hergroepering van SANROC in 1966 in die buiteland dat die organisasie werklik tot sy reg gekom het in die stryd teen apartheid in sport.

Chris de Broglio en Brutus, wat ná sy vrylating uit die tronk na die buiteland uitgewyk het, het saamgespan om te verseker dat Suid-Afrika se uitsluiting van die Olimpiese beweging steeds gehandhaaf word. Die SANROC-afvaardiging was in 1966 teenwoordig met die stigting van die Opperraad vir Sport in Afrika, 'n verteenwoordigende internasionale organisasie wat 'n belangrike rol gespeel het in die stryd teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport. Tydens die stigtingsvergadering van die Opperraad vir Sport in Afrika het dié organisasie homself soos volg teen Suid-Afrika uitgelaat:

"It is the firm decision of the Supreme Council to use every means to obtain the expulsion of South African sports organisations from the Olympic movement and from International Federations should South Africa fail to comply fully with the IOC rules".³⁹

³⁷ Lapchick, R., *The politics of race and international sport*, p. 133.

³⁸ Roberts, p. 14.

³⁹ Lapchick, p. 145.

Met die stigting van die Opperraad vir Sport in Afrika het SANROC 'n waardevolle bondgenoot in Afrika bygekry, wat die belange van Afrikalande en die swartes in Suid-Afrika op die hart gedra het in die stryd teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport.

As verteenwoordigers van SANROC het de Broglie en Brutus vergaderings van die IOK in Teheran in 1967 en die Opperraad vir Sport in Afrika in Mali in 1968 bygewoon. Tydens die vergadering in Teheran het veertien Afrikalande met sekere van die oosbloklande saamgewerk om die uitsluiting van Suid-Afrika uit die Olimpiese beweging, sowel as internasionale sportbeheerliggame, te bepleit.⁴⁰ Die IOK het hierop gereageer deur 'n IOK-feitesending na Suid-Afrika aan te wys om die rassekwessie in Suid-Afrikaanse sport te ondersoek.

Die komitee, bestaande uit drie lede, naamlik Lord Killanin ('n toekomstige IOK president), Ade Ademola van Nigerië en Reginald Alexander van Kenia, het ná hul besoek aan Suid-Afrika verslag gedoen dat goeie vordering reeds gemaak is. Daar is gehoop dat 'n gemengde Suid-Afrikaanse span die land by die 1968-Spele in Mexiko sou kon verteenwoordig. Op grond hiervan het die IOK vroeg in 1968 met 36 stemme teen 25 daarvoor gestem dat Suid-Afrika wel aan die Spele mag deelneem.⁴¹ Kort voor die Spele het die IOK egter van besluit verander en Suid-Afrika se uitnodiging na die Spele teruggetrek. Dit is veral gedoen as gevolg van die feit dat verskeie Afrikalande, die Sowjet-Unie en verskeie lede van die Opperraad vir Sport in Afrika met boikotaksies gedreig het indien Suid-Afrika aan die Spele sou deelneem.

Volgens SANOK is politieke druk op die IOK geplaas om hierdie besluit te neem.⁴² Alhoewel die feitesending na Suid-Afrika positiewe terugvoering aan die IOK gegee het, het negatiewe berigging in plaaslike en internasionale anti-regeringskoerante Suid-Afrika se deelname in Mexiko vernietig.

Suid-Afrika is uiteindelik in 1970 deur die IOK uit die Olimpiese beweging geskors omdat apartheid in al sy vorme steeds in Suid-Afrika aan die orde van die dag was en

⁴⁰ Horrell, M., et al., *A Survey of Race Relations in South Africa 1967*, p. 322.

⁴¹ Nauright, J., *Sport, Cultures and Identities in South Africa*, p. 137.

⁴² Opperman, R.W.J., *The South African Olympic and National Games Association (SANOC) and the International Olympic Committee*, p. 15.

Olimpiese Handves daardeur verontagsaam is. Dit is deur die anti-apartheidsbewegings gesien as 'n eerste groot oorwinning teen apartheid in sport en het die weg gebaan vir hernieuwe optredes om Suid-Afrikaanse sport verder te isoleer. Ten tye van die IOK-feitesending na Suid-Afrika is SANROC deur die IOK erken as die verteenwoordiger van nie-rassige sport in Suid-Afrika. Dit was 'n verdere aanduiding dat die stryd teen apartheid in sport die botoon begin voer het teen die establishment in sport in Suid-Afrika.

SANROC se hergroepering in die buiteland het tot groot voordeel van die anti-apartheidsgroeperinge in die buiteland gestrek. SANROC, wat toe hoofsaaklik vanuit Londen gefunksioneer het, het meer met hierdie organisasies begin saamwerk ten einde apartheid in sport te beveg. Daar was hier meer vryheid vir SANROC om doelgerig op te tree, aangesien die Suid-Afrikaanse Regering nie so doeltreffend teen die organisasie in Londen kon optree nie. Die regering se hande was in 'n groot mate afgekap wat betref pogings om SANROC se werksaamhede in die buiteland te probeer destabiliseer. Onder leiding van Brutus, de Broglio en Reg Hlongwane het SANROC in Londen van krag tot krag gegaan en baie bondgenote gevind in die protesaksie teen apartheid in sport.

Die stigting van die *South African Council on Sport (SACOS)*

SANROC se hergroepering in Londen het 'n leemte in Suid-Afrika gelaat ten opsigte van 'n plaaslike versetorganisasie teen apartheid in sport. Die strewe na 'n nie-rassige sportorganisasie het egter bly voortbestaan en in 1970 is die Suid-Afrikaanse nie-rassige sportorganisasie (SASPO) gestig. As gevolg van die aksie teen die Regering se optrede teen SANROC, die dood van Harris, en die feit dat de Broglio, Brutus en Hlongwane hul stryd in die buiteland gaan voortsit het, het die stryd teen apartheid in sport binne Suid-Afrika relatief herderloos voorgekom. SASPO moes dus van onder af geherorganiseer word.

'n Loodskomitee bestaande uit verteenwoordigers vanuit die swart rugby-, sokker-, swem-, tafeltennis-, tennis-, atletiek-, hokkie-, fietsry-, gewigoptel- en liggaamsbougeledere het byeengekom om die werksaamhede van die organisasie te koördineer.⁴³

⁴³ Horrell, M., et al., *A Survey of Race Relations in South Africa 1972*, p. 418.

Die eerste vergadering het in September 1970 in Johannesburg plaasgevind waar SASPO die pleidooi van SANROC waarin die skorsing van Suid-Afrikaanse sport uit alle internasionale beheerliggame herbevestig is. Hierdie stap was volgens SASPO die enigste manier waarop die Suid-Afrikaanse Regering tot insig gebring kon word ten opsigte van die sportbeleid.⁴⁴ SASPO het twaalf riglyne aanvaar, waarvan die verwerping van multi-nasionalisme, die permitstelsel en 'n aanval op die ongelyke verspreiding van borgskappe in sport die belangrikstes was.⁴⁵ Voorts het SASPO nie dieselfde politieke aanslag gevolg as die swart bewussynsbewegings nie, maar het dié organisasie gepoog om 'n nie-rassige basis in te bou waardeur daar op 'n positiewe vlak met blanke sportfederasies samesprekings gehou kan word ten einde sportapartheid te beëindig.

In Maart 1973 is SASPO omskep in die *South African Council of Sport* (SACOS), met Norman Hamilton, M.N. Panther en Hassan Howa aan die spits.⁴⁶ Van meet af aan het SACOS daarna gestreef om die anti-apartheid sportstrukture suksesvol uit te bou en nie-rassigheid in sport te bevorder. Nie-rassige sportorganisasies is voorgelê as alternatief vir die Regering se konsep van veelvolkige sportbeoefening. Met die konsep van nie-rassigheid in sport het SACOS gepoog om weg te doen met die klem op velkleur en om meer te konsentreer op die persoon se deelname aan sportaktiwiteite as 'n sportpersoon. Dit was 'n voortsetting van SANROC se siening rondom sportbeoefening en 'n poging om die grense van kleurverskille in sport te probeer oorbrug.

SACOS se hoofmerke kan soos volg saamgevat word:

- Die bevordering van 'n gees van welwillendheid, gelykheid en eensgesindheid tussen al die mense, sonder enige diskriminasie op grond van ras, kleur en geloof, en die uitbouing van die statute van die IOK en ander internasionale sportbeheerliggame wat ook ten doel het om diskriminasie ten opsigte van ras, kleur, geloof of politieke in sport uit te roei.
- Om behulpsaam te wees met die verwerwing van internasionale affiliasie aan lidorganisasies van SACOS met hulle onderskeie sportvertakings.

⁴⁴ *Ibid.*, p. 419.

⁴⁵ Archer, R. en A. Bouillon, *The South African Game. Sport and Racism*, p. 10.

⁴⁶ Roberts, p. 17.

- Om vreedsame verhoudinge tussen die nasionale verenigings, administrateurs en spelers in Suid-Afrika en in die buiteland uit te bou.
- Om geaffilieerde lede van SACOS behulpsaam te wees met die bekendstelling, beheer en administrasie van hul spesifieke sportsoorte deur middel van die reëls en regulasies soos neergelê deur die onderskeie internasionale beheerliggame.⁴⁷

SACOS se uitgangspunt van “no normal sport in an abnormal society” het die organisasie in direkte konflik gebring met die Regering en is SACOS verskeie kere in die Parlement veroordeel vir hulle bydrae tot die boikotaksie teen Suid-Afrikaanse sport.⁴⁸ ‘n Interessante feit in hierdie verband is dat die Regering geen direkte kontak met SACOS gehad het nie, maar in die Parlement is daar erken dat SACOS, die enigste Suid-Afrikaanse sportliggaam wat deur die Opperraad vir Sport in Afrika erken is, moontlik die sleutel kon hou vir Suid-Afrika se hertoetreding tot internasionale sport.⁴⁹ Alhoewel die Regering dit vir lede van SACOS so moeilik moontlik gemaak het om hulle veldtog teen apartheid in sport te voer, het die Regering tog besef dat daar in die toekoms met hierdie organisasie onderhandel moes word ten einde die sportboikot te ontlaai.

Beide SANROC en SACOS het, met die samewerking van verskeie anti-apartheidsorganisasies, daarin geslaag om die druk op die beginsel van apartheid in sport te laat toeneem. Met die aanvang van die sewentigerjare het Suid-Afrikaanse sport reeds die druk van die anti-apartheidsorganisasies gevoel en optredes vanuit verskeie oorde het die druk op die Suid-Afrikaanse Regering laat toeneem om sy sportbeleid te herevalueer. SACOS het sy eerste twee bestaansjare daaraan gewy om te konsolideer, te bou aan die ontwikkelende anti-apartheid sportstrukture wat regoor Suid-Afrika begin posvat het, en om die nie-rassige terrein van sport deeglik af te baken.⁵⁰ Streeksgebonde eenheid is ontwikkel tot nasionale strukture en provinsiale sportrade, om die koördinering en ontwikkeling van sport op streeksvlak te verseker.

⁴⁷ Grondwet van die *South African Council of Sport*.

⁴⁸ Horrell, M., *A Survey of Race Relations in South Africa 1979*, p. 592.

⁴⁹ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Jerry Segwaba, 18 Augustus 1999, Bloemfontein.

⁵⁰ Grondwet van die *South African Council of Sport*.

Van meet af het SACOS die Regering se konsep van multi-nasionalisme verwerp, en daarna verwys dat multi-nasionalisme aanvanklik daarop gemik was om die apartheids-ideologie te handhaaf waarvolgens vier afsonderlike kultuurgroepe in die land sport afsonderlik beoefen.⁵¹ Volgens SACOS was die Regering se siening van wysigings aan die sportbeleid eintlik niks meer as blote reaksie op internasionale druk nie en het dit geen radikale veranderinge ingehou nie. SACOS het die optrede van die Regering soos volg gesien:

"We need to remember that whatever movements are made by the white sports bodies are only to safeguard their own positions and add more camouflage for overseas. The same thing is happening in the political arena. Everyone is saying we are moving away from discrimination, which is not true, and I must challenge the white administrators because I feel there is no sincerity in their approach."⁵²

SACOS is in hulle optrede gesteun deur die geaffilieerde sportsoorte wat saamgestaan het om druk op die Regering se sportbeleid uit te oefen. Die nie-rassige Suid-Afrikaanse Krieket Beheerraad (SACBOC) het in die vroeë sewentigerjare sterk te velde getrek teen 'n beoogde Engelse kriekettoer na Suid-Afrika. Die Engelse span, wat wedstryde teen gesegregeerde Suid-Afrikaanse spanne sou speel, is uiteindelik afgelas nadat daar betoog is dat die toer slegs tot voordeel van apartheid sou wees.⁵³ Verskeie ander nie-rassige sportsoorte wat by SACOS geaffilieerd was het SACBOC se voorbeeld gevolg en buitelandse toere en kontak met blanke sportlui in Suid-Afrika sterk teengestaan.

Die samewerking tussen SACOS, SANROC en die sportliggame wat by SACOS geaffilieerd was, het groot probleme vir die Regering ingehou. Die gesamentlike poging deur hierdie organisasies om die Regering se sportbeleid aan bande te lê het nie net die Suid-Afrikaanse Regering in 'n slegte lig geplaas in die buiteland nie, maar SANROC se werksaamhede vanuit Londen het tot groot frustrasie van blanke sportorganisasies feitlik onversteurd voortgegaan. SANROC het in 1976 sy eerste betaalde amptenaar, Sam Ramsamy aangestel.⁵⁴ Ramsamy, wat Suid-Afrika in 1972 verlaat het om hom in

⁵¹ Verslag van SACOS se Tweejaarlikse Konferensie, Oktober 1975, p. 70.

⁵² Ibid.

⁵³ Cape Times, 29 Januarie 1972.

⁵⁴ Opperman, D.J.J., Die ondermynende internasionale aanslag teen Suid-Afrika, (Ongepubliseerde D.Admin-proefskrif, UOVS), p. 328.

Londen te vestig, het die goeie werk wat deur Brutus, de Broglio en Hlongwane begin is, met ywer voortgesit en het met verloop van tyd een van die mees prominente figure in die stryd teen apartheid in sport geword.

Tydens 'n vergadering van die Ad-hoc komitee van die Verenigde Nasies oor apartheid in sport in Mei 1978, herbevestig Abraham Ordia van die Opperraad van Sport in Afrika sy organisasie se steun aan SACOS en SANROC deur te sê:

"Again, I am happy to report that on 27 January 1977, the Supreme Council of Sport in Africa granted recognition to the South African Council of Sport (SACOS), the non-racial sporting authority inside South Africa, whose external agent is the South African Non-Racial Olympic Committee (SANROC). Thus, SANROC ceased to be a separate and independent body and became an integral part of the Supreme Council for Sport in Africa. They take part in all our meetings and other activities, since members of their parent body, SACOS, are denied passports by the racist regime in Pretoria."⁵⁵

Hieruit kan duidelik gesien word dat die boikotaksie teen apartheid in sport gedurende die sewentigerjare 'n meer samebindende faktor geword het. Die steun wat SACOS en SANROC vanuit die buiteland verkry het is op die hoogste vlakke binne regeringsposisies en die Verenigde Nasies bestuur. De Broglio bevestig die feit dat die boikotaksie meer eenvormig bestuur word toe hy in 1979 voor die Verenigde Nasies se spesiale komitee teen apartheid die volgende uitlating maak:

"SANROC's success in the campaign to isolate South Africa racist sport was due to a combination of factors. For example, supported by the Supreme Council for Sport in Africa, SANROC's activities, at the level of the IOC and the International Sports Federations, had resulted in South Africa's expulsion from the Olympic Movement and from numerous sporting events. Within South Africa, its efforts had been backed by SACOS, which had been recognised by the Supreme Council for Sport in Africa at its 1977 Congress, thereby ensuring

⁵⁵ Statement by Mr Abraham Ordia, President of the Supreme Council for Sport in Africa, before the 5th meeting of the Ad Hoc Committee on the drafting of an international convention against apartheid in sports on 10 May 1978, VN-dokument no. A/AC 192/L.1, 17 Mei 1979, p. 4.

that no racist South African Olympic body could henceforth be considered for membership by the International Olympic Committee.”⁵⁶

Die werksaamhede van SANROC en SACOS gedurende die sewentigerjare is verder ook ondersteun deur verskeie anti-apartheidsbewegings regdeur die wêreld, verskeie internasionale regerings en invloedryke individue wat deur die skep van anti-apartheidstrukture bygedra het tot die stryd teen apartheid in sport. Die ondertekening van die Gleneagles-ooreenkoms in 1977 het die grondslag gelê vir die boikotaksie teen Suid-Afrikaanse sport in die tagtigerjare (sien hoofstuk 1).

Die “*Stop the Seventy Tour*”

Die *Stop the Seventy Tour* (STST) is in September 1969 tydens ‘n perskonferensie van SANROC in Londen gestig. Die Springbokrugbyspan het Brittanje in 1969 besoek, terwyl ‘n Suid-Afrikaanse kriekettoer na die Britse Eilande vir die volgende jaar beplan was. Die gedagte van die STST was om die kriekettoer van 1970 te gebruik as platform vir betogings teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport. Die STST het vanuit verskeie anti-apartheidsgroeperinge steun gekry vir hulle veldtog teen Suid-Afrikaanse sport. Peter Hain, ‘n oud Suid-Afrikaner, is deur Brutus en de Broglie oorreed om die STST te lei en deur die STST soveel moontlik betogings en onderbrekings tydens die kriekettoer te veroorsaak.⁵⁷ Die STST het verder laat blyk dat die 1969-Springbokrugbytoer ook deur betogings geteister sou word.

Reeds met hulle aankoms in Brittanje is die Springbokrugbyspan begroet met krete soos,

“Boere, julle moere!....Go home you Fascist pigs!.....Sieg Heil!”⁵⁸

Die eerste wedstryd van die toer, op die Engelse heiligdom Twickenham, het vir die Springbokke in ‘n nagmerrie ontaard toe hulle die wedstryd verloor het en gekonfronteer is deur meer as ‘n duisend betogers langs die veld. Die wedstryd is juis vooraf geskuif uit vrees vir betogings, maar die nuus is aan die STST gelek wat toe die

⁵⁶ United Nations Special Committee Against Apartheid, VN-dokument no. A/AC 115/SR 431, 12 Junie 1979, p. 2.

⁵⁷ Hain, P., *Sing the beloved country. The struggle for the new South Africa*, p. 51.

⁵⁸ Viviers, G., *Rugby agter Doringdraad*, p. 15.

wedstryd op Twickenham bygewoon en ontwrig het. Al die wedstryde van die toer-daar was 24 beplan, is deur betogings ontsier. Tydens die toer was konfrontasies tussen betogers en die polisie 'n alledaagse gesig en doringdraad is by verskeie geleenthede om die veld gespan om die betogers van die veld te hou.⁵⁹ Die spelers het by tye tydens die toer depressief begin raak en wou net huis toe gaan. Sommige van die spelers het openlik hulle haat teenoor Hain uitgespreek, aangesien hulle net wou rugby speel en niks met politiek te doen wou hê nie.⁶⁰ Die toer het ook in die Suid-Afrikaanse pers ongekende belangstelling geniet, waarskynlik omdat dit die eerste keer was dat 'n Suid-Afrikaanse nasionale span aan hierdie toestande blootgestel is in die buiteland.

Volgens Hain was dit vir die Afrikaner 'n bitter pil om te sluk dat dit juis Suid-Afrikaanse rugby moes wees wat onder die aanslag van die betogings moes deurloop.⁶¹ Die betogings tydens die 1969-toer het die momentum verskaf vir die beoogde protesoptredes tydens die kriekettoer van 1970. Die anti-apartheidsbeweging in Brittanje het ten tye van die 1969-toer soos 'n geoliede masjien begin saamwerk en groot verwagtinge is vanuit hulle geledere gekoester vir wat tydens die 1970-kriekettoer kon volg. Die Statebondspele wat op dieselfde tyd as die Suid-Afrikaanse kriekettoer in Brittanje in Edinburgh, Skotland, sou plaasvind, is deur die anti-apartheidsbeweging in Brittanje as hefboom gebruik in hulle betogings teen apartheid in sport.⁶² Verskeie lande in Afrika en Asië is genader en dit is aan hulle uitgewys dat hulle hulself in 'n ongemaklike posisie kan plaas deur aan die Statebondspele deel te neem op dieselfde tydstop wat 'n apartheid-krieketspan uit Suid-Afrika ook op Britse bodem aan sport deelneem. Terselfdertyd is al die velde waarop die Suid-Afrikaanse span gedurende hul toer sou speel een nag met slagspreuke geverf en van die velde se kolfblaaië is beskadig of omgedolwe.

Die druk op die krieketowerhede het verder toegeneem toe die Wes-Indiese Krieket Beheerraad hulle ontevredenheid met die toer te kenne gegee het. Dit, gepaardgaande met die bespiegeling dat sommige Afrika-, Asië- en Karibiese lande hulle aan die Statebondspele in Edinburgh sou onttrek, het druk teen die toer verder laat toeneem. Die

⁵⁹ Hain, p. 54.

⁶⁰ Griffiths, E., *Die Kapteins*, p. 225.

⁶¹ Hain, p. 56.

⁶² *Ibid.*

uiteindelijke kansellasië van die toer in Mei 1970 was amper net 'n formaliteit, want die STST het, met behulp van ander anti-apartheidsorganisasies, toenemend druk op die krieketowerhede geplaas om die toer af te las. Selfs die Britse Eerste Minister, Harold Wilson, het tot die debat rondom die toer toegetree en sy steun aan die STST toegesê.⁶³ Hain sien Wilson se toetrede tot die debat as 'n uitsluitlik politieke skuif, aangesien die Britte op die vooraand van 'n algemene verkiesing was en Wilson bang was om steun te verloor deur die STST te veroordeel vir hul optrede.⁶⁴ Desondanks Wilson se motiewe vir die steun aan die STST, het sy mening baie bygedra tot die besluit om die toer af te las.

Die kansellasië van die toer was 'n geweldige slag vir Suid-Afrikaanse sport, maar dit is deur anti-apartheidsorganisasies gesien as 'n morele oorwinning teen apartheid in sport. Volgens Hain was daar na die tien hartseerjare sedert die Sharpeville-slagting nou vir die eerste keer vir swartes en wittes wat betrokke was in die stryd teen apartheid rede om fees te vier.⁶⁵ Die suksesse van die STST het die veldtog teen apartheid in sport wêreldwyd 'n groot hupstoot gegee en gelei tot 'n verskerpte veldtog teen Suid-Afrikaanse sport.

Die STST-veldtog van 1969/70 word gereken as die waterskeiding vir die stryd teen apartheid in sport. Die D'Oliviera-voorval teen die einde van die sestigerjare het die stryd teen apartheid in sport tot groter aksie aangevuur en die STST-veldtog van 1969 en 1970 is gesien as die platform vir enige toekomstige optredes teen sportkontak met Suid-Afrika. In dieselfde konteks het Peter Hain as oppergesag van die anti-apartheidsbeweging in Brittanje, een van die steunpilare van die stryd teen apartheid geword. Hain het sy missie teen die Suid-Afrikaanse Regering soos volg uitgespel:

"Voordat die huidige bewind in Suid-Afrika nie padgee nie, of omvergewerp word nie, sal die sportboikotte voortgesit word, selfs al word elke individu, ongeag ras of kleur, toegelaat om op enige vlak, vry van wetlike beperkinge, sport te beoefen."⁶⁶

⁶³ Odendaal, A., *Cricket in isolation. The politics of race and cricket in South Africa*, p. 12.

⁶⁴ Hain, p. 60.

⁶⁵ *Ibid.*, p. 61.

⁶⁶ *Sunday Times*, 22 Mei 1983.

Hain se sportaksie teen Suid-Afrika, wat hy deur die anti-apartheidsbeweging in Brittanje van stapel gestuur het, het baie goed ingepas by die breër politieke aanslag teen Suid-Afrika en die veldtogte wat deur SANROC en SACOS teen sport in die land geloods is.

Gedurende die sewentigerjare het die Regering se beleid van veelvolkigheid voortdurend onder skoot gekom vanuit SACOS- en SANROC-geledere. Vanuit die binnekringe van SACOS is daar gesê dat die Regering voortdurend organisasies soos SACOS en SANROC met ammunisie gevoer het om teen hulle te gebruik. 'n Voorbeeld hiervan is die Regering se weiering om paspoorte aan vier swart Suid-Afrikaanse tafeltennisspelers toe te staan om in 1971 aan die wêreldkampioenskappe in Japan te gaan deelneem.⁶⁷ Die Internasionale Tafeltennis Federasie het die Regering se besluit verwerp en gesê iets daadwerklik moet gedoen word om die situasie in Suid-Afrikaanse sport aan te spreek. Voorvalle soos hierdie was tot voordeel van organisasies soos SACOS en SANROC, en het 'n verdieping in Suid-Afrika se sportisolasië tot gevolg gehad. Deur hierdie soort besluite te neem het die regering in die hande van stryderters teen apartheid in sport gespeel, wat op hulle beurt die geleentheid aangegryp het om die internasionale saak teen Suid-Afrika te versterk.

In 'n toespraak in die Parlement op 22 April 1971, het die Eerste Minister, Advokaat B.J. Vorster die Regering se besluit om veelvolkigheid as amptelike sportbeleid te implementeer soos volg verdedig:

"I want to make it quite clear that from South Africa's point of view no mixed sport between whites and non-whites will be practised locally, irrespective of the standard of proficiency of the participants...the position is simply that whites practise and administer their sport separately and that the other colour groups practise their sport separately."⁶⁸

Vorster se uitgangspunt was dat Suid-Afrika 'n veelvolkige land was, eerder as 'n multi-kulturele land waarin sport nog altyd afsonderlik beoefen is. Afsonderlike sportbeoefening sou dus voortgaan, maar die verskillende "nasies" binne die land sou

⁶⁷ Rand Daily Mail, 27 November 1970.

⁶⁸ Brickhill, p. 22.

teen mekaar kon meeding op internasionale vlak in toernooie binne Suid-Afrika, indien ander nie-Suid-Afrikaanse nasies ook aan die toernooi deelneem.⁶⁹ Anti-apartheidsorganisasies het onmiddellik die Regering se sportbeleid van 1971 gekritiseer, want volgens hulle was dit bloot apartheid in 'n ander gewaad.

Die gedagte van veelvolkigheid het deur die sewentigerjare bly voortbestaan as die sportbeleid van die Regering. Namate die beleid gedurende hierdie tydperk ontwikkel het, is dit met meer teenkanting deur die anti-apartheidsgroeperinge begroet. Teen 1977 het SACOS die sogenaamde "dubbele standarde"-voorstel aanvaar waarvolgens geen persoon, waaronder 'n speler, administrateur of toeskouer, wat die beginsels van nie-rassigheid in sport voorstaan, mag deelneem of betrokke wees by enige sportsoort wat rassisme of veelvolkige sport beoefen, ondersteun of erken nie.⁷⁰ Enige persoon, hetsy speler, administrateur of toeskouer, wat hierdie beginsels oortree het, het hulself skuldig gemaak aan die beoefening van dubbele standarde en kon daarom nie langer 'n lid van enige SACOS-geaffilieerde sportsoort wees nie.

Die doel agter die dubbele standarde-beginsel is deur Archer en Bouillon soos volg opgesom:

"To reinforce the non-racial movement against splits and secessions by stating that non-racial sportsmen would be defined as all those, and only those, who agreed to break their ties with officially recognised sports bodies."⁷¹

Deur 'n voorstel van hierdie afmetings te aanvaar, het SACOS die standpunt ingeneem om nie met sekere strukture en organisasies saam te werk nie. Dit het aan SACOS die geleentheid gegee om met die versetaksie in sport, ook die politieke terrein te omarm en in die proses is 'n agenda vir politieke weerstand daargestel.

Binne SACOS het daar egter twee denkrigtings ontstaan as gevolg van die gedagte van dubbele standarde. Daar is by verskeie geleenthede geredeneer oor die gedagte of die voorstel 'n taktiek of 'n beginsel moes wees.⁷² Probleme het ook ontstaan rondom die

⁶⁹ Ibid.

⁷⁰ Roberts, p. 27.

⁷¹ Archer, R. en A. Bouillon, p. 235.

⁷² Roberts, p. 28.

manier waarop die beleid van dubbele standarde toegepas is. Dit is op vertikale vlak van bo na onder toegepas, met ander woorde die leierskap van SACOS het dit geïmplimenteer en die res van die organisasie is basies gedwing om dit so te aanvaar. Wanneer daar probleme ontstaan het, moes die provinsiale sportrade intree en verduidelik hoe die stelsel werk en wat die gevolge daarvan was. Dit blyk dat daar op voetsoolvlak soms onduidelikheid was oor die hantering van die beleid van dubbele standarde, maar dit is met groot entoesiasme voorgehou as die teenvoeter vir die Regering se beleid van veelvolkigheid. Volgens Roberts het die oordrewe klem wat geplaas is op die rol van die beleid van dubbele standarde, gepaard met die boikotaksies teen sekere fasiliteite, daartoe aanleiding gegee dat SACOS nie op 'n breër vlak erkenning geniet het as nie-rassige organisasie nie.⁷³ Daar het veral infrastrukturele probleme in van die swart townships voorgekom wat baie moeilik opgelos kon word. Segwaba deel hierdie siening deur te sê SACOS het nie altyd die belange van die groter swart gemeenskap gedien nie. Volgens hom het SACOS se kleursamestelling en die feit dat té veel Kleurlinge en te min swartes in die topstruktuur van SACOS gedien het, uiteindelik daartoe gelei dat SACOS net 'n beperkte hoeveelheid van die swartes se sportbehoefte kon aanspreek.⁷⁴ SACOS het egter 'n prominente rol ingeneem in die stryd teen apartheid in sport gedurende 'n tydperk waarin daar min georganiseerde politieke verset teen die toestande binne Suid-Afrikaanse sport plaasgevind het. SACOS het dus nie net 'n rol binne die sport vertolk nie, maar het ook op politieke terrein 'n baie belangrike rol gespeel om die sportbeleid van die Regering in die sewentigerjare teë te staan.

Teen die einde van die sewentigerjare het die Regering besluit om van die gedagte van veelvolkigheid te begin wegbeweeg en sport in Suid-Afrika te begin normaliseer. Die stigting van die Departement van Sport en Ontspanning in 1979 (sien hoofstuk 1) was vir die Regering 'n eerste stap in die rigting van normalisering, want dié Departement sou voortaan in al die sportbehoefte van die bevolkingsgroepe in die land voorsien. Die probleem was egter dat Suid-Afrikaanse sport teen die aanbreek van die tagtigerjare reeds so stewig vasgevang was in die web van isolasie, dat die Regering se inisiatiewe nie veel kon doen om hierdie proses om te keer nie.

⁷³ Ibid.

Betrokkenheid van die Verenigde Nasies by die versetaksie teen sport

Die Verenigde Nasies het ten tye van die stryd teen apartheid lank gestreef na 'n gepaste manier om druk op Suid-Afrika toe te pas om af te sien van die beleid van apartheid.⁷⁵ Die Verenigde Nasies het egter eers teen die einde van die sestigerjare voorstelle ter tafel begin lê ten einde die probleme rondom apartheid in sport aan te spreek. Die eerste voorstel is in 1968 geformuleer en aan die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies voorgelê. Dit het gevolg kort op die hakke van die dreigende internasionale boikot van die 1968-Olimpiese Spele, wat deur apartheid in Suid-Afrikaanse sport ontketen is. Hierdie voorstel aangaande apartheid in sport is gesien as revolusionêr, aangesien dit die eerste keer was dat sport op die voorgrond getree het in die Verenigde Nasies se voorstelle oor sanksies teen Suid-Afrika.⁷⁶ Die 1968-voorstel van die Algemene Vergadering het bepleit dat alle kulturele, opvoedkundige, sport- en ander betrokkenheid van lidlande met Suid-Afrika onmiddellik gestaak word totdat apartheid in al sy vorme afgeskaf is.

Die tweede sportvoorstel wat deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies voorgelê is, het in 1970 die lig gesien. Hierdie voorstel is in Desember 1970 aanvaar en het min of meer dieselfde strekking as die voortsel van 1968 getoon, maar dit het 'n bykomende verklaring bevat waarin alle lidlande en internasionale sportorganisasies wat Suid-Afrikaanse sportspanne geboikot het, geloof is.⁷⁷ Die passiewe toon van verset teen apartheid in sport, wat in die VN-voorstelle van 1968 en 1970 duidelik sigbaar was, het egter in 1971 verander in 'n benadering wat saamgevat is in 'n omvattende voorstel waarin daar uitsluitlik gekonsentreer is op apartheid in sport.

In die 1971-voorstel het die Verenigde Nasies elf riglyne daargestel waarvolgens apartheid in sport beveg moes word. Hierdie riglyne het kortliks die volgende behels:

- 'n Verklaring van steun aan die Olimpiese beginsels dat geen diskriminasie op grond van ras, geloof en politieke oortuiginge geduld sou word nie.

⁷⁴ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Jerry Segwaba, 18 Augustus 1999, Bloemfontein.

⁷⁵ Hunter, M.G., "The United Nations and the anti-apartheid in sport movement" in *Canadian Journal of History of Sport and Physical Education*, Vol. 11, no. 1, Mei 1980, p. 19.

⁷⁶ Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 2396 (XXIII), 2 Desember 1968.

⁷⁷ Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 2671 F (XXV), 8 Desember 1970.

- 'n Herbevestiging dat meriete die enigste maatstaf sou wees vir deelname aan enige sportaktiwiteite.
- 'n Oproep tot alle nasionale en internasionale sportorganisasies om die Olimpiese beginsels van nie-diskriminasie te eerbiedig en alle bande te verbreek met sportgebeurtenisse wat hierdie beginsel oortree.
- 'n Beroep aan alle individuele sportlui om deelname aan 'n sportbyeenkoms in 'n land waar rasse-diskriminasie en apartheid die amptelike beleid is, te weier.
- Die algemene verwerping van die aksies van die Suid-Afrikaanse Regering om rasse-diskriminasie voor te staan en segregasie in sport af te dwing.
- Die kennisname van sekere lidlande se besluit om steeds sportbetrekkinge met Suid-Afrika te handhaaf, afgesien van die beroep wat daar deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies gedoen is vir 'n boikotaksie met betrekking tot sportbande met dié land.
- Die aanprysing van sekere lande en internasionale sportorganisasies wat die internasionale versetaksie teen apartheid in sport ondersteun het.
- 'n Versoek aan die Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies om die jongste voorstel onder die aandag van alle internasionale sportorganisasies te bring; die Spesiale Komitee oor Apartheid in te lig oor die implementering van die nuwe voortsel; en om 'n verslag oor die aangeleentheid aan die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies voor te lê.⁷⁸

Alhoewel hierdie voorstel van die Verenigde Nasies op die oog af alle moontlike riglyne vir boikotaksies teen Suid-Afrika gedek het, het die Algemene Vergadering tussen 1972 en 1975 nog drie voorstelle aangaande apartheid in sport die lig laat sien.

Die 1972-voorstel het bloot versoek dat die 1971-voorstel noukeurig nagevolg moet word.⁷⁹ Die 1973-voorstel het egter 'n versoek tot die lidlande gedoen om hulle nasionale sportbeheerliggame in te lig oor die voorstelle van die Algemene Vergadering.⁸⁰ Die voorstel van 1975 het die opstel en verspreiding van materiaal oor apartheid in sport bepleit en sportorganisasies gevra om meer invloed uit te oefen op

⁷⁸ Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 2775 D (XXVI), 29 November 1971.

⁷⁹ Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 2923 (XXVII), 15 November 1972.

⁸⁰ Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 3151 G (XXVIII), 14 Desember 1973.

sportsoorte en –organisasies wat steeds kontak met Suid-Afrika gehad het.⁸¹ Alhoewel die Verenigde Nasies se voorstelle ten opsigte van apartheid in sport tot en met 1975 veel gedoen het om lidlande en internasionale sportbeheerliggame bewus te maak van die situasie in Suid-Afrika, het dit nie werklik 'n grootskaalse verskil gemaak aan die situasie nie. Suid-Afrikaanse sportlui het steeds tot 'n sekere mate internasionale sportvriende gehad wat deelname aan internasionale kompetisies tot gevolg gehad het. Gebeure gedurende 1976 het egter die Verenigde Nasies genoodsaak om 'n meer radikale standpunt in te neem ten opsigte van apartheid in sport.

Verskeie Afrikalande het in 1976 gedreig om die Olimpiese Spele in Montreal, Kanada te boikot uit protes teen die All Black rugbytoer na Suid-Afrika vroeër dieselfde jaar. Op politieke terrein het die Soweto-onluste op 16 Junie 1976 ook bygedra tot die negatiewe internasionale publisiteit teen Suid-Afrika. Die Verenigde Nasies het hierop gereageer deur 'n voorstel te aanvaar wat baie meer aggresief en omvattend was as die vroeëre voorstelle van die sewentigerjare. In hierdie voorstel is lidlande aangemoedig om:

- Alle amptelike borgskappe, bystand en aanmoediging tot sportkontakte met Suid-Afrika te verbreek.
- Visums te weier aan Suid-Afrikaanse sportliggame of -spanne, behalwe nie-rassige sportorganisasies wat deur die Spesiale Komitee oor Apartheid of die anti-apartheidsbewegings ondersteun word.
- Enige fasiliteite aan sportorganisasies of -spanne wat Suid-Afrika wil besoek te weier.⁸²

Die onmiddellike reaksie van die Suid-Afrikaanse Regering hierteen was om op sy beurt visums te weier aan lede van SACOS, soos byvoorbeeld Hassan Howa, wat gereeld na die buiteland moes reis om internasionale steun vir die veldtog teen apartheid in sport te probeer kry.⁸³ Dit het tot gevolg gehad dat Suid-Afrikaanse sportlui vanuit twee oorde visums geweier is om in die buiteland te gaan deelneem. Die Verenigde Nasies het daarop aangedring dat lande visums moes weier aan die veelvolkige sportsoorte wat die

⁸¹ Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 3411 E (XXX), 28 November 1975.

⁸² Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 31/6 F, 9 November 1976.

⁸³ Horrell, M., et al, *A Survey of Race Relations in South Africa* 1977, p. 236.

Regering se sportbeleid ondersteun het. Intussen het die Suid-Afrikaanse Regering visums geweier aan die SACOS-geaffilieerde sportsoorte wat in die buiteland wou gaan deelneem. Dit het in effek beteken dat feitlik geen van die Suid-Afrikaanse sportlui teen 1976 meer in die buiteland kon gaan deelneem sonder om probleme van een of ander aard te ondervind ten opsigte van die verkryging van hulle visums nie.

'n Verenigde Nasies voorstel wat in die 1976-voorstel gemaak is, was dat 'n Ad-hoc komitee daargestel moes word om apartheid in sport te ondersoek. Een van die hoof funksies van hierdie komitee sou wees om 'n internasionale kongres teen apartheid te reël, terwyl daar ook aandag geskenk moes word aan die opstel van 'n internasionale verklaring aangaande apartheid in sport.

Teen 1977 was daar reeds sewe voorstelle deur die Verenigde Nasies aanvaar aangaande apartheid in sport, wat op die oog af alle fasette van die versetaksie teen Suid-Afrikaanse sport gedek het. Aangesien die greep van apartheid op sport in Suid-Afrika egter nie wou breek nie, is daar in 1977 nog 'n voorstel deur die Verenigde Nasies aanvaar. Hierdie voorstel het weereens die belangrikheid van 'n internasionale kongres teen apartheid beklemtoon, maar die belangrikheid van die 1977-voorstel lê daarin dat 'n "Internasionale Verklaring teen Apartheid in Sport" as 'n bylaag aan die voorstel geheg is.⁸⁴ Hierdie verklaring, wat agtien artikels bevat het, was 'n samestelling van al die vorige voorstelle van die Verenigde Nasies aangaande apartheid in sport. Soos die vorige voorstelle, het die verklaring sekere riglyne daargestel waarvolgens sportisolasië in Suid-Afrika teweeggebring kon word.

Daar het egter vrese binne die Verenigde Nasies ontstaan dat die voorstelle en aanbevelings van die Algemene Vergadering nie altyd bindend is op lidlande en onafhanklike sportorganisasies nie, en daarom is daar gevrees dat al die voorstelle nie tot die letter van die woord uitgevoer sou word nie. Daar is dus besluit om 'n verklaring uit te reik oor apartheid in sport, wat aanleiding sou gee tot 'n kongres waartydens die lidlande en individuele sportorganisasies hulle steun kon toesê en hulself verbind tot die voorstelle van die Verenigde Nasies. Daar het egter steeds vrese bestaan dat die lidlande en sportorganisasies die voorstelle tydens die kongres kon aanvaar, maar steeds onwillig

⁸⁴ Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 32/105 M, 14 Desember 1977.

was om direk betrokke te raak by die isolasieproses teen Suid-Afrikaanse sport.⁸⁵ Die voorstelle teen apartheid in sport het egter wel 'n invloed gehad op verskeie lidlande van die Algemene Vergadering. Alhoewel die voorstelle nie grondwetlik afdwingbaar was nie, kon die regerings van die Verenigde Nasies-lidlande tog wel tot 'n sekere mate 'n invloed op hulle nasionale sportbeheerliggame uitoefen om aan die aksie teen Suid-Afrikaanse sport deel te neem. Daar was ook altyd die moontlikheid dat die regering van 'n land kon sny aan die begroting vir sport, indien die betrokke sportbeheerliggaam nie ag geslaan het op sy regering se pleitdooi om by die isolasieproses betrokke te raak nie.

Die reaksie vanuit sportgeledere teenoor die voorstelle was meer toereikend as dié van die politici. Dit het die vraag laat ontstaan of sport 'n ondergeskikte rol speel teenoor politiek, en of sport die wegwyser was in die stryd teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport.⁸⁶ Daar is bewyse dat internasionale sportorganisasies druk op Suid-Afrikaanse sport begin toepas het lank voordat die Verenigde Nasies se voorstelle rondom apartheid in sport aan die regerings van die Verenigde Nasies se lidlande voorgelê is vir oorweging. Aangesien die Suid-Afrikaanse Tafeltennisvereniging in die vyftigerjare deur die Internasionale Tafeltennisfederasie uit dié organisasie geskors is, het verskeie internasionale beheerliggame Suid-Afrika se lidmaatskap aan internasionale kompetisies opgeskort.

Met die voorstelle ten opsigte van apartheid in sport wat sedert 1968 deur die Verenigde Nasies aanvaar is, kon internasionale sportbeheerliggame nou teen Suid-Afrikaanse sport optree op grond van voorstelle wat deur die Verenigde Nasies aanvaar is. Dit was basies die argument wat Dennis Brutus gevolg het toe hy in 1978 'n brief aan President Jimmy Carter van Amerika geskryf het oor die Davisbeker tenniskompetisie in Amerika.⁸⁷ Alhoewel die goedkeuring van die Verenigde Nasies meer moreel bindend is

⁸⁵ "More time sought for drafting convention against apartheid", in *United Nations Chronicle*, Vol. XV, no. 10, November 1978, p. 22.

⁸⁶ Hunter, p. 24.

⁸⁷ Dennis Brutus, "Brief aan President Jimmy Carter", Ongepubliseerde brief, Suid-Afrikaanse sportdokumentasie en – en inligtingsentrum-versameling, 21 Maart 1978.

as grondwetlik, word die goedkeuring of afkeuring deur die Verenigde Nasies steeds gesien as baie belangrik, aangesien regeringsleiers baie waarde daaraan heg.⁸⁸ Die voorstelle wat dus gedurende die sestiger- en sewentigerjare deur die Verenigde Nasies aanvaar is met betrekking tot die situasie aangaande apartheid in Suid-Afrikaanse sport, het die anti-apartheidsbewegings met meer selfvertroue toegerus om die versetaksie teen sport in Suid-Afrika te intensifiseer. Vanuit 'n ander hoek gesien is die Suid-Afrikaanse Regering en die sportbeleid in die internasionale kollig geplaas. Dit het druk op die Regering geplaas om van apartheid af te sien, want alhoewel sportlui in die land teen die einde van die sewentigerjare reeds ver gevorder het om ongelykhede in sport te probeer regstel, het die algehele beleid van apartheid ook nou onder skoot gekom van die anti-apartheidsbewegings wêreldwyd.

Ter ondersteuning van die Verenigde Nasies se voorstelle ten opsigte van apartheid in sport, het die Opperraad van Sport in Afrika tydens sy negende algemene vergadering in Desember 1979 'n voorstel aanvaar wat sterk uitsprake teen apartheid en rasse-diskriminasie in sport gelever het. In die voorstel het die Opperraad vir Sport in Afrika die volgende voorstel aanvaar:

- 'n Herbevestiging van die OAE se besluite 526/XXIII en 585/XXIX van 1977 met betrekking tot sportbetrekkings met Suid-Afrika, asook die voorstel van Statebondsleiers in Londen in 1977 en in Lusaka in 1979 wat sportbetrekkings met Suid-Afrika verwerp.
- Die stryd teen rasse-diskriminasie in sport moet op alle vlakke verdiep word.
- Alle regerings en onafhanklike state wat lede is van die OAE moet die stryd ondersteun met die oog daarop om apartheid en rasse-diskriminasie so spoedig moontlik uit die samelewing te verwyder.
- Alle sportbetrekkings met Suid-Afrika moet betreur word. Hier word daar spesiale verwysing gemaak na die Britse Leeus wat in 1980 'n rugbytoer na Suid-Afrika sou onderneem.
- SACOS moet gelukgewens en aangemoedig word in die stryd teen rasse-diskriminasie in Suid-Afrika.⁸⁹

⁸⁸ Claude, I.L., *The changing United Nations*, p. 73

⁸⁹ Supreme Council of Sport in Africa, Ninth General Assembly, held at Yaoundé from 14 to 17 December 1979, Resolution no. 10/9GA/79.

Die voorstel van die Opperraad van Sport in Afrika is deur SACOS en SANROC verwelkom as 'n baie positiewe bydrae uit die res van Afrika om momentum te gee aan die stryd teen apartheid in sport.⁹⁰ Dit het 'n gevoel van eensgesindheid onder Afrikane laat ontstaan en 'n gesonde basis daargestel vir SACOS en SANROC se versetaksie teen Suid-Afrikaanse sport.

Die versetaksies gedurende die tagtigerjare

Met die aanbreek van die tagtigerjare was die versetaksie teen Suid-Afrikaanse sport in 'n hegte eenheid saamgesnoer. Dit was soms moeilik om te onderskei watter organisasie verantwoordelikheid was vir watter aksies, so sterk het die verskillende organisasies en strukture saamgewerk om sport in Suid-Afrika te isoleer.⁹¹

Die Verenigde Nasies het met die aanbreek van die tagtigerjare op nog groter skaal by die versetaksie teen Suid-Afrikaanse sport betrokke geraak. Dit het SANROC, SACOS, die Opperraad van Sport in Afrika en die vele anti-apartheidsbewegings se taak aansienlik aangevul. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Regering teen die einde van die sewentigerjare begin het met die normalisering van sport en aan sport 'n outonome beslag gegee het, het die versetaksies met die aanvang van die tagtigerjare steeds toegeneem. Die gebeure van die sewentigerjare en die reaksie van die Regering op die versetaksie teen Suid-Afrikaanse sport het tot gevolg gehad dat die anti-apartheidsgroeperinge besluit het om hulle standpunt hieroor sterker oor te dra.

Die Verenigde Nasies het deur die Spesiale Komitee oor Apartheid, wat binne die Sentrum teen Apartheid gehuisves was, 'n register opgestel van alle sportkontak met Suid-Afrika tussen September 1980 en Maart 1981. Hierdie dokument is gesien as 'n eerste poging om die belangrikheid van die veldtog teen apartheid in sport oor te dra, die noodsaaklikheid om die register onder lidlande van die Verenigde Nasies te vestig en 'n oproep tot verdere versetaksies teen Suid-Afrika te bepleit.⁹² Die verslag is gesien

⁹⁰ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Mthobi Taymzashe, 14 Junie 2002, Johannesburg.

⁹¹ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Sam Ramsamy, 14 Junie 2002 Johannesburg.

⁹² Register of sports contacts with South Africa. Report by the Special Committee against apartheid, 1981. VN-dokument 18/81, 81-14897, p. 1.

as die Verenigde Nasies se “swartlys” van sportlui wat sportkontak met Suid-Afrika gehad het.⁹³ Die verslag sou, volgens die Spesiale Komitee, deurlopend opgegradeer word om te verseker dat buitelandse sportlui ontmoedig word om besoeke aan Suid-Afrika af te lê. Dit moes ook dien as afskrikmiddel vir die toenemende tendens van rebelle-sporttoere na Suid-Afrika wat vroeg in die tagtigerjare begin posvat het.

Volgens die verslag was daar verskeie redes waarom daar op ‘n boikotaksie teen Suid-Afrikaanse sport besluit is. Hierdie redes kan soos volg omskryf word:

- Sport in Suid-Afrika het by veral blankes ‘n tweede geloof geword. ‘n Boikotaksie teen Suid-Afrikaanse sportlui en sportspanne sou dus effektief neerkom op die vertoon van internasionale weersin in apartheid.
- Apartheid is reeds voor 1948 op sport in Suid-Afrika afgedwing, maar met die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 is hierdie aksie met wetgewing herbevestig. Alhoewel daar ná 1948 verskeie kunsmatige wysigings aan die sportbeleid aangebring is, was dit steeds deur apartheid gereguleer.
- Oor die wêreld heen word sport beheer deur ‘n gees van regverdigheid en sekere beginsels, waarvan die Olimpiese beginsel van nie-diskriminasie een van die belangrikstes is. Hierdie beginsel was binne die Suid-Afrikaanse sportkonteks totaal en al verwerp.
- Die besluit om apartheid in sport te beveg deur middel van boikot- en versetaksies het in Suid-Afrika posgevat en is deur swart Suid-Afrikaners, sowel as ander sportlui wat gekant is teen rassisme, geïnisieer. Dit was hierdie sportlui wat die internasionale isolasie van blanke Suid-Afrikaanse sport by die buitewêreld bepleit het. Die internasionale sportboikot is dus in reaksie op die pleidooi van die onderdrukte mense en sportlui in Suid-Afrika.
- As gevolg van die aksies en reaksies van verskeie organisasies en individue het die veldtog teen apartheid in sport beduidende openbare aansien geniet regdeur die wêreld. Honderde en duisende sportlui en toeskouers van verskeie lande het deelgeneem aan die boikotaksies teen apartheid in sport. Dit het weer daartoe gelei dat miljoene mense regoor die wêreld kennis geneem het van die waarhede

⁹³ Smit, p. 168.

aangaande apartheid en hoe dit beveg kon word. Van besondere waarde was die feit dat baie jongmense kon meedoen aan die veldtog teen apartheid in sport.⁹⁴

Die Sentrum teen Apartheid het die optrede teen Suid-Afrika en sport in Suid-Afrika probeer regverdig deur die redes aan te stip waarom boikotaksies teen dié land ingestel is. Die verslag het ook melding gemaak van al die welslae wat reeds met die veldtog behaal is sedert die sestigerjare. Suid-Afrika se skorsing uit die Olimpiese beweging word gesien as die algehele hoogtepunt van die veldtog, maar verskeie ander gebeure is ook in die verslag uitgewys.

Die verslag het voorts op die Suid-Afrikaanse Regering se optrede en reaksie op die versetaksies uitgebrei. Die verslag het gesê dat elke optrede en reaksie van die Regering fyn deur SACOS, SANROC en die Opperraad vir Sport in Afrika ontleed word waarna daar dan dienooreenkomstig deur hierdie organisasies daarteenoor opgetree sal word. In die lig van die feit dat die Regering egter ongesteurd voortgegaan het met die onderdrukking van die nie-rassige sportstrukture in Suid-Afrika en die verwerping van enige inisiatief vanuit die swart sportgeledere, het die Sentrum teen Apartheid besluit om die verslag op te stel.

Volgens die Spesiale Komitee sou die verslag van groot waarde wees vir die anti-apartheidsgroeperinge se stryd teen apartheid in sport, maar dit kon ook vir die swart sportstrukture in Suid-Afrika dien as aansporing om te bly veg vir dit waarin hulle glo. In die samevatting van die verslag het die Spesiale Komitee alle regerings, nie-regeringsorganisasies en die media uitgenooi om die verslag te publiseer ten einde hulle invloede maksimaal te benut om sport in Suid-Afrika maksimaal te isoleer.⁹⁵

As bylaag tot die verslag het drie afsonderlike lyste die name van alle sportlui, -organisasies en lande bekend gemaak wat sportkontak met Suid-Afrika gehad het en daarom op die Verenigde Nasies se "swartlys" verskyn het. Name van sportlui wat egter onderneem het om nie verdere kontak met Suid-Afrika te hê nie, se name is

⁹⁴ Register of sports contacts with South Africa. Report by the Special Committee against Apartheid, 1981. VN-dokument 18/81, 81-14897, p. 2.

⁹⁵ Ibid., p. 9

vooraf van die lys verwyder.

Volgens die verslag het vyf en twintig verskillende internasionale sportsoorte tussen September 1980 en Maart 1981 sportbetrekkinge van een of ander wyse met Suid-Afrika gehad.⁹⁶ Volgens die verslag het 233 sportlui van regoor die wêreld in die genoemde tydperk Suid-Afrika besoek. Die getal is egter baie misleidend, aangesien daar in sommige gevalle na 'n hele span verwys is, sonder om die name van die spelers van die span te verstrek. So byvoorbeeld is daar verwys na Tucuman Universiteit se rugbyspan wat Suid-Afrika besoek het, maar geen name van spanlede word aangedui nie en daar word ook nie melding gemaak van die groter van die toergroep wat Suid-Afrika besoek het nie.⁹⁷ Daar word by 'n paar geleenthede verwys na spanne, in plaas van spelers, wat veroorsaak dat die getal aansienlik laer is as wat in die verslag deurgegee word.

Op die dokument self is verskeie name met pen ingeskryf. By navraag hieroor is daar gemeld dat 'n afskrif van die dokument sedert die einde van die tagtigerjare in 'n argief bewaar word. Die argief word tans deur die Suid-Afrikaanse Sportkommissie bestuur. Besoekers aan die argief het met verloop van tyd verskeie name van sportlui bygevoeg wat Suid-Afrika tussen die genoemde datums besoek het, maar nie op die Verenigde Nasies se lys verskyn nie.⁹⁸ Dit dui daarop dat die Spesiale Komitee teen Apartheid enersyds oningelig was ten tye van die opstel van die lys, of andersyds is die navorsing nie deeglik gedoen voordat die lys saamgestel is nie. Hierdie afleiding word gemaak op grond van die feit dat die name van sportspanne, soos die Tucuman Universiteit se rugbyspan, gelys word, maar die name van die spanlede ontbreek, asook die feit dat minstens 35 name reeds na verloop van tyd per hand by die lys gevoeg is deur navorsers wat die argief van tyd tot tyd besoek.

Die derde bylaag tot die verslag word gewy aan die verskillende lande wie se sportlui besoeke aan Suid-Afrika gebring het. Sestien lande word in die verslag gelys as die

⁹⁶ Ibid., Addendum I, List of sports exchange with South Africa, 1 September 1980 – 31 March 1981, p. ii.

⁹⁷ Ibid., Addendum II, List of sportsmen and sportswomen who participated in sports events in South Africa, 1 September 1980 – 31 March 1981, p. xviii.

⁹⁸ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van gesprek met Tersia Grobler, 31 Mei 2002, Pretoria.

lande van herkoms van die sportlui wat Suid-Afrika in die genoemde tydperk besoek het. Weereens kan die akkuraatheid van die verslag in twyfel getrek word, veral as gevolg van die feit dat gegewens nie altyd gebaseer was op konkrete bewyse nie. 'n Voorbeeld hiervan is die feit dat die verslag oor lande van herkoms afgesluit word met 'n opskrif getiteld "*The following were reported as from Taiwan*", gevolg deur 'n lys van een atleet en vyf gholfspelers wat Suid-Afrika in die genoemde tydperk sou besoek het.⁹⁹ Die lys van gholfspelers verskyn egter nêrens in die eerste bylaag tot die verslag waarin sportkontakte met Suid-Afrika op grond van Suid-Afrikaanse koerantberigte en onderhoude nagevors is nie. Dit laat die vermoede ontstaan dat hier ook 'n moontlike tekortkoming was in die navorsing vir die opstel van die lys.

Ongeag die vrae aangaande die korrektheid van die bylae, is die verslag baie goed deur die Opperraad vir Sport in Afrika, SACOS, SANROC en verskeie ander anti-apartheidstrukture ontvang en ondersteun. Dit het ook steun ontvang van Suid-Afrikaanse organisasies wat besluit het om sogenaamde "swartlyste" op te stel ten einde nasionale en internasionale versetaksies te fasiliteer. Die Opperraad van Sport in Afrika het tydens die organisasie se uitvoerende vergadering op 18 Desember 1980 in Freetown, Sierra Leone reeds besluit dat alle lidlande in verset moes kom teen die lande wat steeds sportbande met Suid-Afrika gehandhaaf het. Die register wat deur die Spesiale Komitee teen Apartheid van die Verenigde Nasies opgestel is, is voorgehou as die riglyne waarvolgens protesaksies geloods kon word.

SANROC het ook teen 1981 daarmee begin om kwartaallikse verslae op te stel van sportlui wat steeds kontak met Suid-Afrikaanse sport gehad het. Die eerste SANROC-verslag wat verskyn het ná die voorlegging van die Spesiale Komitee teen Apartheid in 1981, was 'n bygewerkte verslag wat die name op die lys van die verslag van die Spesiale Komitee ingesluit het, maar dit was baie meer omvattend as die Spesiale Komitee se lys. In 'n omsendbrief wat SANROC se "swartlys" vergesel het, is daar gemeld dat die lys in samewerking tussen SANROC, SACOS en anti-apartheidsbewegings van verskeie lande opgestel is. Die brief is uitgestuur deur die

⁹⁹ Register of sports contacts with South Africa. Report by the Special Committee against Apartheid, 1981. VN-dokument 18/81, 81-14897, Addendum II, List of sportsmen and sportswomen who participated in sports events in South Africa, 1 September 1980 – 31 March 1981, p. xxvii.

"International Co-ordinating Centre against Apartheid in Sport" wat volgens die briefhoof uit die volgende komitee bestuur was:

- Abraham Ordia, Nigerië (voorsitter);
- Sam Ramsamy (waarnemende koördineerder);
- Kader Asmal (Ierland);
- Richard Lapchick (Amerika); en
- Trevor Richards (Nieu-Seeland).¹⁰⁰

Uit die samestelling van die komitee kan daar gesien word dat dit verteenwoordigend was van 'n groot spektrum van organisasies wat die versetaksie teen Suid-Afrikaanse sport geloods het. Die feit dat die komitee se besigheidsadres op die briefhoof aangegee word as dié van SANROC, dui ook daarop dat daar in die tagtigerjare baie nouer saamgewerk is tussen die verskillende anti-apartheidsorganisasies in 'n poging om die isolasieproses van Suid-Afrikaanse sport suksesvol deur te voer.

Die lys self vertoon meer indrukwekkend en volledig as die een wat deur die Verenigde Nasies uitgegee is. In SANROC se swartlys word daar byvoorbeeld ook verwys na die Tucuman Universiteit se rugbyspan, maar Hugo Porta, die Argentynse internasionale rugbykaptein, word in hierdie lys aangegee as die skakelbeampte van die span.¹⁰¹ In die SANROC-lys word daar ook verwys na internasionale sportadministrateurs wat betrokke was by die reel van sporttoere na Suid-Afrika. In die geval van administrateurs vanuit Brittanje word hul naam, sportsoort en kontakbesonderhede gelys.

Hierdie administrateurs se name word gelys onder 'n opskrif waarin regerings en sportorganisasies gevra word om die name wat daaronder gelys is met groot versigtigheid te hanteer, aangesien hierdie persone nou betrokke is by verskillende sportsoorte in Suid-Afrika.¹⁰² Alhoewel SANROC se swartlys met meer deeglikheid as die een van die Verenigde Nasies opgestel is, was daar weereens sekere tekortkominge wat later van tyd uitgewys is. In hierdie geval het die tekortkominge egter ontstaan as gevolg van die toestroming van individuele buitelandse sportlui en rebelle-toere wat met

¹⁰⁰ Abraham Ordia, Dekkingsbrief vir sportboikotlys, Ongepubliseerde brief, International Co-ordinating Centre Against Apartheid in Sport, 22 April 1981.

¹⁰¹ International Co-ordinating Centre against Apartheid in Sport, Sport boycott list, p. 1.

¹⁰² Ibid., p. 2.

die aanvang van die tagtigerjare redelik gereeld plaasgevind het. Veral Suid-Afrikaanse rugby en krieket het in die tagtigerjare gebruik gemaak van rebelle-toere om internasionale mededinging vir die Suid-Afrikaanse sportlui te verseker (sien hoofstukke 4 en 5). Individuele sportlui is deur groot borgskappe na Suid-Afrika gelok om hulle sportloopbane hier voort te sit. Gewoonlik het hierdie sportlui langer as beplan in Suid-Afrika agtergebly, aangesien hulle in hul lande van herkoms geskors is omdat hulle in Suid-Afrika kom speel het.

Een voorbeeld van 'n tekortkoming in die SANROC-lys is die weglating van die name van Mark Loane en Gary Pearse, twee Australiese rugbyspelers wat deur die Natalse Rugby Unie genader is om hulle rugbyloopbane in 1981 in Natal te kom voortsit. Loane en Pearse se name is ten tye van 'n besoek van John Nauright aan die Argief in 1985 tot die lys gevoeg.¹⁰³ Die SANROC-swartlys is afgesluit met 'n nota oor name van sportlui wat met die opdatering van die swartlys aangeheg sou word. Op hierdie manier is al die rugby- en krieketspelers wat gedurende die tagtigerjare rebelle-toere na Suid-Afrika onderneem het, se name met verloop van tyd op die swartlys aangebring.

Die enigste sportlui wie se name nooit op enige van SANROC se sportboikotlyste verskyn het nie, was junior sportlui onder die ouderdom van agtien jaar. Volgens SANROC was hierdie sportlui nie verantwoordelik vir hulle eie optrede nie, maar het onder aanmoediging en invloed van hulle ouers of afrigters na Suid-Afrika gereis om hier aan sport deel te neem.¹⁰⁴ Die name van hierdie junior sportlui se afrigters is egter wel op die swartlys geplaas, aangesien hulle die sportlui aangemoedig het om Suid-Afrika te besoek.

Die Verenigde Nasies se voorstelle van 1976, 1977 en 1979 oor apartheid in sport (resolusie 31/6 F van 1976, resoluusie 32/105 M van 1977 en resoluusie 34/93 N van 1979) het in die tagtigerjare begin vrugte afwerp toe die Ad-hoc komitee oor die opstel van 'n internasionale kongres teen apartheid in sport sy eerste verslag in September 1980 aan die Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, Kurt Waldheim, voorgelê het. Volgens die verslag was die take van die komitee hoofsaaklik om:

¹⁰³ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van gesprek met John Nauright, 4 Julie 1997, Perth.

¹⁰⁴ International Co-ordinating Centre against apartheid in sport, Sport boycott list, p. 6.

- 'n Tussentydse konsepvoorstel daar te stel aangaande apartheid in sport en dit aan die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies voor te lê vir kondonering; en
- Voorstelle in te dien aangaande die beplanning vir 'n internasionale kongres oor apartheid in sport en by 'n sitting van die Algemene Vergadering terugvoering daaroor te gee sodat lidlande hulle daarop kan voorberei.¹⁰⁵

In die verslag word daar genoem dat die Ad-hoc komitee uit 24 lidlande bestaan en dat twee Suid-Afrikaanse bevrydingsbewegings wat deur die Organisasie van Afrika Eenheid (OAE) erken word – die ANC en die Pan Africanist Congress of Azania (PAC) die vergaderings van die komitee as belangstellendes bywoon. Hieruit kan afgelei word dat die ANC en die PAC eerstehands ingelig is oor die moontlike versetaksies wat vanuit die Verenigde Nasies teen Suid-Afrikaanse sport beplan is. Dit kon net so aan SANROC en SACOS oorgedra word om te verseker dat die optrede teen apartheid in sport op 'n eenvormige basis gekoördineer word.

Die verslag van die Ad-hoc komitee het baie dieselfde strekking gehad as die ander voorstelle en besluite wat vanuit die Verenigde Nasies teen Suid-Afrika geneem is. Apartheid is basies in al sy vorme verwerp en die betrokkenheid van enige sportlui, sportorganisasie of lidland van die Verenigde Nasies is ten sterkste afgekeur. Sekere riglyne en regulasies is voorgestel om te verseker dat sportkontak met Suid-Afrika nie voortduur nie. 'n Nuwe idee wat wel vanuit die komitee se verslag na vore gekom het, is die voorstel dat 'n internasionale kommissie daargestel word om apartheid in sport te ondersoek. Die kommissie sou bly voortbestaan totdat apartheid in sy totaliteit uitgewis is en die lidlande van die Verenigde Nasies tevrede is dat sport in Suid-Afrika op 'n eenvormige, nie-rassige grondsag bedryf en bestuur word.¹⁰⁶ Die komitee het die moontlikhede van die hou van 'n kongres of beraad oor apartheid in sport in diepte bespreek en was van mening dat dit 'n noodsaaklikheid was in die stryd teen apartheid in sport. Die aanbevelings aangaande die hou van só 'n kongres is na die Sekretaris-

¹⁰⁵ Report of the Ad Hoc Committee on the drafting of an international convention against apartheid in sport, General Assembly, United Nations, Official Records: Thirty-fifth session, Supplement no. 36 (A/35/36), p. 1.

¹⁰⁶ Report of the Ad Hoc Committee on the drafting of an international convention against apartheid in sport, General Assembly, United Nations, Official Records: Thirty-fifth session, Supplement no. 36 (A/35/36), artikel 11, p. 6.

generaal van die Verenigde Nasies verwys vir die implementering daarvan.¹⁰⁷ Op die keper beskou is die aanbevelings van die komitee baie positief deur die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies aanvaar. Die werksaamhede van die komitee het egter baie stadig beweeg en die konsepvoorstel van die komitee aangaande 'n internasionale kongres teen apartheid in sport is eers in Augustus 1985 aan die Sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies voorgelê.

In 1984 egter het die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies besluit dat die Ad-hoc komitee moet voortgaan met hulle werk ten opsigte van die beplanning van die kongres teen apartheid in sport.¹⁰⁸ Die opdrag aan die komitee was om voor te gaan en die finale konsepvoorstel tydens die Algemene Vergadering se veertigste sessie in 1985 aan die lidlande voor te lê.

Die verslag wat in 1985 voorgelê is, het baie ooreengestem met die vorige verslag, met konsepvoorstelle oor die hantering van apartheid in sport en wysigings en aanpassings aan sekere van die artikels wat in die vorige voorstel opgeneem is. Nadat die Ad-hoc komitee tevrede was dat die nodige wysigings en aanpassings die voorstel meer vaartbelyn gemaak het, is die voorstel op 26 Augustus 1985 aan die Algemene Vergadering voorgelê vir goedkeuring.¹⁰⁹ Nadat dit deur die Algemene Vergadering goedgekeur is, is dit aan al die sportorganisasies in die verskillende lidlande beskikbaar gestel sodat die inhoud daarvan so wyd moontlik openbaargemaak kon word. In kort het die konsepvoorstel aangaande die internasionale kongres teen apartheid in sport die volgende behels:

- Die aanvaarding van al die vorige voorstelle van die Algemene Vergadering ten opsigte van 'n internasionale kongres teen apartheid in sport (resolusie 32/105 M van 1977 en resolusie 39/72 van 1984).
- Die bevestiging van die verwerping van apartheid in al sy vorme en die aanvaarding dat apartheid 'n misdaad is wat indruis teen die beginsels van internasionale reg en dat dit met wortel en tak in sport uitgeroei moet word.

¹⁰⁷ Ibid., artikel 20, p. 8

¹⁰⁸ Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 39/72 D, 13 Desember 1984.

¹⁰⁹ Report of the Ad Hoc Committee on the drafting of an international convention against apartheid in sport, General Assembly, United Nations, Official Records: Fortieth session, Supplement no. 36 (A/40/36), p. 5.

- Die oortuiging van die Algemene Vergadering dat apartheid en rasse-diskriminasie steeds sport en ook die breëre samelewing in Suid-Afrika oorheers en dat sogenaamde hervormingsinisiatiewe in die land nog tot geen noemenswaardige veranderinge op sportgebied gelei het nie.
- Op grond van die bogenoemde beginsel moet die lidlande wat steeds die Olimpiese beginsels ondersteun, 'n gesamentlike internasionale aksie teen Suid-Afrika loods ten einde te verseker dat die rassitiese regime in Suid-Afrika in algehele isolasie verkeer.
- Om bogenoemde te verseker moes alle internasionale sportliggame en individuele sportlui verder gemotiveer word om bande met Suid-Afrikaanse sportlui te verbreek ten einde te verseker dat die isolasie-aksie suksesvol verloop.
- Die Algemene Vergadering was oortuig dat die kongres 'n baie belangrike instrument is tot die isolering van die apartheidregime in Suid-Afrika en die vernietiging van apartheid in sport, en dat dit deur alle lidlande ondersteun en onderteken moet word sodat dit in aksie gestel kan word.¹¹⁰

Die Algemene Vergadering was baie opgewonde oor die werksaamhede van die Ad-hoc komitee en het die voorstel van optrede teen apartheid in Suid-Afrika baie entoesiasies aanvaar. Die tydsverloop verbonde aan die afhandeling van sommige van die voorstelle wat in die Verenigde Nasies teen Suid-Afrika na vore gekom het, het egter veroorsaak dat die implementering daarvan nie altyd só suksesvol was nie. Die waarde van die Verenigde Nasies se deelname aan die versetaksie teen Suid-Afrika en apartheid in sport moet egter daarin gesien word dat dit meer legitimiteit aan die optrede van die anti-apartheidsgroepeerings verskaf het. Dit het ook druk op veral die blanke Suid-Afrikaanse gemeenskap geplaas om selfondersoek te doen en die beleid van apartheid te herevalueer. Die NP-regering se apartheidsbeleid is vanuit die geledere van die Verenigde Nasies intensief gekritiseer en moes stof tot nadenke gelaat het by die deursnee blanke kieser in Suid-Afrika wat nie altyd op hoogte was van die volle impak van apartheid nie.

Terwyl die Verenigde Nasies met voorstelle en aanbevelings die platform daargestel

¹¹⁰ Ibid., p. 7.

het vanwaar versetaksies teen apartheid in sport bedryf kon word, het SACOS, SANROC en ander anti-apartheidsorganisasies gedurende die tagtigerjare doelgerig voortgegaan met hulle veldtog teen apartheid in sport. Een van die beste voorbeelde van versetaksies teen apartheid in sport het plaasgevind tydens die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland.

Versetaksies teen die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland

Die wisselwerking tussen sport en politiek is oor 'n lang tydperk in die sportverhoudinge tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland goed uitgebeeld. Oor die jare heen het die Suid-Afrikaanse Regering se hantering van die Maori-kwessie groot weerstand vanuit Nieu-Seeland veroorsaak. Verskeie anti-apartheidsorganisasies is in Nieu-Seeland gestig om sportbetrekkinge tussen die twee lande te probeer omvergooi. 'n Paar van hierdie organisasies word hier genoem, net om 'n idee te vorm van die omvang in optrede van die verskillende anti-apartheidsbewegings wêreldwyd. Die organisasies in Nieu-Seeland word nie as belangriker beskou as die ander anti-apartheidsbewegings in ander wêrelddele nie, maar dit word as voorbeeld voorgehou van hoe die netwerk van anti-apartheidsbewegings by mekaar aangesluit en organisasies soos SANROC en SACOS ondersteun het. Vir die doel van die studie sou dit egter onmoontlik wees om anti-apartheidsbewegings in ander lande ook in diepte te bespreek, omdat dit 'n studie op sy eie regverdig.

Die stigting van die Citizen's All Black Association (CABTA) is juis in 1959 gestig nadat die Nieu-Seelandse Rugby Unie besluit het om nie Maori's in die 1960-All Black toerspan na Suid-Afrika in te sluit nie. CABTA se doelstellings is ten tye van die stigtingsvergadering uitgestippel as:

"To combat racial discrimination in the selection of the 1960 rugby team to South Africa, and to demand the abandonment of the tour if absolute equality of treatment cannot be assured."¹¹¹

CABTA het 'n landwye veldtog in Nieu-Seeland geloods en daarin geslaag om kerke, vakbonde en professionele groepe by hulle veldtog te betrek. Onder die leiding van

¹¹¹ Thompson, R., *Retreat from Apartheid: New Zealand's sporting contacts with South Africa*, p. 21.

Rolland O'Regan het CABTA ook 'n petisie teen die toer laat opstel wat deur meer as 160 000 mense onderteken is.¹¹² In 1964 is die Citizen's Association for Racial Equality (CARE) gestig wat in 1968 'n aksie van stapel gestuur het waarin alle sportkontak met Suid-Afrika en Rhodesië (tans Zimbabwe) teengestaan is as gevolg van dié twee lande se rassebeleid. Protesoptredes is gehou en petisies is onderteken wat veral daarop gemik was om die All Blacktoer na Suid-Afrika in 1970 te probeer verongeluk.¹¹³ Dennis Brutus was nou betrokke die veldtogte wat deur CARE van stapel gestuur is. Uit die aard van die saak het CARE en SANROC dus nou saamgewerk ten einde sportbetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland te vertroebel.

In 1969 is die Halt All Racist Tours (HART) in Nieu-Seeland gestig om op te tree as koördinerende struktuur vir die pogings van organisasies en individue om die 1970-All Blacktoer na Suid-Afrika teen te staan. Die nasionale voorsitter van HART, Trevor Richards, was 'n goeie vriend van SANROC, en het later gedien in die hoofkomitee van die "International Co-ordinating Centre against Apartheid in Sport" wat SANROC behulpzaam was met die opstel van die sogenaamde "swartlyste". Soos in die geval met die ander organisasies was HART se hoofdoel die teenstaan van rassisme in die breëre sin en in besonder om apartheid in sport te beveg.

In 1972 het die Anti-Tour Action Committee (ATAC) die lig gesien met die hoofdoel om die beplande Springboktoer van 1973 na Nieu-Seeland te laat afstel. ATAC het gedreig om geweld te gebruik en geboue van mense wat die 1973-Springboktoer steun met dinamiet op te blaas en te beskadig.¹¹⁴ Die Nieu-Seelandse anti-apartheidsorganisasies soos CARE en HART het sterk te velde getrek teen ATAC se gewelddadige optrede en doelstellings, aangesien CARE en HART ingestel was op vreedsame verset teen rassisme in sport. Gedurende die sestiger- en sewentigerjare het verskeie anti-apartheidsorganisasies in Nieu-Seeland dus ontstaan, wat optredes teen hoofsaaklik die sterk rugbyverhoudinge tussen Nieu-Seeland en Suid-Afrika gemik het.

¹¹² Omer-Cooper, J.D. (red), *New Zealand, South Africa and sport: Background Papers*, p. 23.

¹¹³ Saaiman, G. B., *Sport en Politiek: Suid-Afrika se sportisolasië en die invloed van die binnelandse politiek*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS), p. 62.

¹¹⁴ Wolmarans, B. J., *Die politisering van sportbetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland met spesiale verwysing na die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS), p. 123.

Met die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland was die optrede van versetgroepe teen apartheid in sport geen nuwe gesig vir die inwoners van Nieu-Seeland nie. Die gebeure tydens die 1981-toer het egter tot ongekennde protesoptredes in Nieu-Seeland aanleiding gegee, met verskeie botsings wat tussen die anti-apartheidsbewegings en die Nieu-Seelandse onlustepolisie plaasgevind het. Die optrede van HART en CARE tydens die 1981-Springboktoer het grootliks gelei tot konflik met die polisie en die omverwerping van wedstryde waarin die Springbokke gespeel het. CARE en HART was egter nie alleen in hul pogings om die toer te probeer kanselleer nie.

Aan die einde van 1980 het Sam Ramsamy na Nieu-Seeland gereis om samesprekings te voer met die leiers van HART en CARE.¹¹⁵ Ramsamy het die leiers van HART en CARE ontmoet en samesprekings met hulle gevoer oor apartheid en die moontlike versetaksies daarteen. Ander Suid-Afrikaanse anti-apartheidsaktiviste, soos Arnold Stofile, het ook hard agter die skerm gewerk om die toer te probeer verongeluk. Volgens Taymzashe moet die optrede van mense soos Stofile en Ramsamy ten tye van die 1981-toer gesien word as die versetoptrede van 'n organisasie wat teen die einde van die tagtigerjare bekend sou staan as die "*sports desk of the United Democratic Front*."¹¹⁶ Stofile was ook direk betrokke by die pogings om die beplande All Blacktoer na Suid-Afrika in 1985 te verongeluk.

Die gebeure ten tye van die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland het die Suid-Afrikaanse sportlui opnuut laat besef dat die skrif aan die muur was wat betref hulle internasionale deelname. Vir die anti-apartheidsgroeperinge was die versetaksies tydens die toer egter 'n beloning vir harde werk, wat die sportwêreld opnuut laat besef het dat Suid-Afrikaanse sport gedoem is, tensy apartheid as regeringsbeleid geskrap word.

Die versetaksies van SACOS en SANROC gedurende die tagtigerjare

Op plaaslike vlak het die stryd tussen SACOS en die Regering voortgeduur met betrekking tot die verskillende sienings rondom veelvolkige sportbeoefening en SACOS se beleid van dubbele standaarde in sport. SACOS is vroeg in 1980 deur die

¹¹⁵ Die Volksblad, 15 Oktober 1980.

¹¹⁶ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Mthobi Taymzashe, 14 Junie 2002, Johannesburg.

Minister van Sport, mnr. Punt Janson, daarvan beskuldig dat SACOS samewerkingsooreenkomste het met SANROC en die Opperraad vir Sport in Afrika, wat albei teen die Suid-Afrikaanse Regering gekant was.¹¹⁷ Na aanleiding van die minister se uitlating, het die SAUKTV en *Die Burger* SACOS ook daarvan beskuldig dat dié organisasie behulpsaam is met die uitbouing van kommunisme in Suid-Afrika. Hassan Howa het enige betrokkenheid by kommunisme ontken en gesê dat dit nie vir die SACOS nodig sou wees om van ander organisasies gebruik te maak vir buitelandse optrede namens SACOS indien die Regering nie telkens visums aan SACOS-lede geweier het om die buiteland te besoek nie.¹¹⁸ SACOS is gedurende die tagtigerjare deurlopend daarvan beskuldig dat dié organisasie politieke ideologie nastreef, eerder as om die belang van sport in Suid-Afrika eerste te stel. SACOS het egter volgehou met sy beleid van "*no normal sport in anabnormal society*", tot groot frustrasie van die blanke sportlui in die land.

In April 1980 het M.N. Panther, die Sekretaris-generaal van SACOS, die eerste SACOS-beampte geword aan wie 'n visum toegeken is om in die buiteland te reis sedert die organisasie in 1973 gestig is. Panther het die Verenigde Nasies gaan toespreek oor apartheid in sport, maar sy visum is in Junie 1980 weer deur die Regering teruggetrek sodat hy nie kon optree as raadgewer vir die Verenigde Nasies se Spesiale Komitee oor Apartheid nie.¹¹⁹ Daardeur is enige inisiatiewe wat SACOS moontlik binne hierdie Komitee kon hê, in die wiele gery en was dit aan SANROC oorgelaat om vanuit Londen die Verenigde Nasies tot hulp te wees.

Vroeg in die tagtigerjare het die Jeeps en Marie Kommissies van Onderzoek vanuit Brittanje en Frankryk, onderskeidelik, Suid-Afrika besoek om die situasie in Suid-Afrikaanse sport te ondersoek. Die Jeeps Kommissie is deur beide SANROC en SACOS gekritiseer en daarvan beskuldig dat die Kommissie bevooroordeeld en ten gunste van die Suid-Afrikaanse Regering se beleid van veelvolkigheid is.¹²⁰ Alhoewel die lede van die Jeeps Kommissie verskeie townships besoek het om hulle te vergewis van die omstandighede in die swart woonbuurte, was SACOS nie beïndruk met die

¹¹⁷ *The Star*, 10 Januarie 1980.

¹¹⁸ *Argus*, 10 Januarie 1980.

¹¹⁹ Gordon, L., et al, *Survey of Race Relations in South Africa 1980*, p. 599.

¹²⁰ *The Star*, 16 Januarie 1980.

pogings wat deur die Kommissie aangewend is om die ware stand van sake in die land se sport te ondersoek nie. Na afloop van die Jeeps Kommissie se besoek aan Suid-Afrika, het Bernard Atha, 'n lid van die Britse Kommissie van Ondersoek na die toedrag van sake in Suid-Afrikaanse sport, die Kommissie se verslag gekritiseer deur te sê die verslag weerspieël nie die ware stand van sake in Suid-Afrikaanse sport nie. Hy is hierin gesteun deur Peter Hain, 'wat die kommissie beskou het as blind ten opsigte van die rassisme wat wel nog in Suid-Afrikaanse sport voorkom.'¹²¹ Paul Stephenson, 'n lid van die Britse Sportraad, wat ook baie skepties was oor die Kommissie se verslag, is deur SACOS na Suid-Afrika genooi om self die toedrag van sake te kom ondersoek, maar hy is deur die Suid-Afrikaanse Regering 'n visum geweier om die land binne te kom.

Die rugbytoer van die Britse Leeus na Suid-Afrika in 1980 is in Brittanje met groot weerstand begroet. Die Arbeidersparty en SANROC het 'n leidende rol ingeneem ten opsigte van kritiek teen die toer, wat volgens SANROC teen die Gleneagles-ooreenkoms van 1977 en die raad van die Britse Sportraad ingedruis het.¹²² Die Britse Regering het betaalde verlof aan lede van die toerspan wat in die staatsdiens en weermag gewerk het, geweier en SANROC het 'n beroep gedoen op die Zimbabwiese Regering om die wedstryd wat in Salisbury teen die Britse Leeus gespeel sou word af te stel. Die gevolg van die Britse Leeu-toer na Suid-Afrika was dat die wedstryd in Salisbury afgestel is en dat verskeie Afrikalande versoek het dat Brittanje uit die volgende Statebondspele in Brisbane, Australië, geskors word.

Die nie-SACOS geaffilieerde sportsoorte in Suid-Afrika het die isolasieveldtog teen Suid-Afrika probeer breek deur vroeg in die tagtigerjare sogenaamde rebelle-toere na Suid-Afrika te inisieer. In krieket en rugby is dit baie suksesvol aangepak, maar in sokker het dit misluk toe plaaslike swart spanne geweier het om teen 'n buitelandse span te speel en die toer is afgestel. Hierdie rebelle-toere het daarop gedui dat die blanke sportadministrateurs in die tagtigerjare verbete daarop ingestel was om die greep van sportisolasië te probeer vernietig. Hierdie toere het egter strenger

¹²¹ The Star, 11 Maart 1980.

¹²² Alhoewel die Britse Regering die Gleneagles-ooreenkoms ondersteun het, wou dit nie inmeng met die besluit van die rugbyunie nie. Rand Daily Mail, 5 Januarie 1980.

internasionale optrede tot gevolg gehad en Swede en Denemarke het visums aan Suid-Afrikaanse tennisspelers geweier wat in hierdie lande aan toernooie wou gaan deelneem.

Die meer aggresiewe houding van Suid-Afrikaanse sportliggame kan toegeskryf word aan interne veranderinge binne Suid-Afrikaanse sport en 'n meer vyandige houding teenoor SACOS. Daar is geglo dat SACOS buitelandse anti-apartheidsorganisasies bystaan in hulle stryd teen apartheid in sport en die blanke sportlui is gefrustreer deur die magsgreep wat die politiek op Suid-Afrikaanse sport gehad het. Met die aanvang van die tagtigerjare was verskeie Suid-Afrikaanse sportsoorte al besig met 'n proses van normalisering binne hulle spesifieke sportsoorte, maar die politieke situasie in die land het veroorsaak dat die isolasieveldtog steeds van krag was. Die blanke sportlui was daarvan oortuig dat SACOS veel daarmee te doen gehad het dat die internasionale veldtog teen Suid-Afrikaanse sport net toegeneem het, en het 'n meer aggresiewe houding teenoor dié organisasie ingeneem.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se ondersoek en verslag na die stand van sport in Suid-Afrika (sien hoofstuk 2) het SACOS se aanspraak dat dié organisasie die meeste van die sportlui in Suid-Afrika verteenwoordig, verwerp. SACOS het hierdie uitlating afgemaak as 'n desperate poging deur die blanke sportadministrateurs om steun te werf vir die veldtog teen SACOS. In die RGN-verslag is SACOS se aanspraak op verteenwoordiging van sportlui soos volg verwerp:

"If it is borne in mind that the organisation (SACOS) draws its main support from Indians, and to a lesser extent from coloureds, and that the Asian and coloureds only account for some 13,8% of the total South African population."¹²³

Op grond hiervan het die verslag aanbeveel dat die Regering nie veel aandag moet skenk aan SACOS se bewerings dat dié organisasie die meerderheid van die sportlui in Suid-Afrika verteenwoordig nie. Uit die aard van die saak het SACOS die verslag verwerp en dit as apartheid-propoganda afgemaak.

¹²³ Cape Times, 7 September 1982.

Die president van SANOK, Rudolph Opperman, het na afloop van 'n vergadering van die Statebondspele Federasie in Brisbane, Australië, daarop gewys dat die internasionale isolasieveldtog teen Suid-Afrika besig was om te groei. Volgens Opperman het 47 van die lande wat die vergadering bygewoon het, 'n besluit geneem om alle sportverbintenisse met Suid-Afrika te verbreek.¹²⁴ Daar is ook besluit om alle lande wat steeds sportkontak met Suid-Afrika gehad het uit die Statebondspele te skors. Hierdie besluite was daarop gemik om die besluite van die Gleneagles-ooreenkoms te herbevestig en die boikotaksie teen Suid-Afrika te versterk. Al die lande wat teenwoordig was het die voorstel gesteun, maar Engeland en Nieu-Seeland het die voortsel teengestaan en buite stemming gebly.¹²⁵ Die rede waarom hierdie twee lande buite stemming gebly het, was die feit dat albei nog sportbetrekkinge met Suid-Afrika gehad het en die Britse Leeu-toer na Suid-Afrika in 1980, en die Springboktoer na Nieu-Seeland in 1981, juis hewige reaksie van regoor die wêreld uitgelok het.

Op grond van hierdie besluit het die Franse Regering alle sportliggame in dié land gevra om betrekkinge met Suid-Afrikaanse sportlui op te kort. Dit het daartoe gelei dat die beplande Franse rugbytoer na Suid-Afrika in 1983 afgestel is. Dit is in Suid-Afrika as 'n groot terugslag beskou deur die sportstrukture wat die land se sportisolasië beveg het. Ondanks twee rugbytoere na Suid-Afrika in 1984, deur 'n Engelse span en 'n gekombineerde span uit Suid-Amerika, het die situasie rondom die isolasie van Suid-Afrikaanse sport teen die middel van die tagtigerjare bykans onveranderd gebly. Die beplande All Blacktoer na Suid-Afrika in 1985 is op die laaste nippertjie gekanselleer danksy 'n hofuitspraak in Nieu-Seeland. Arnold Stofile het 'n leidende rol gespeel in die kanselering van die toer, wat deur die anti-apartheidsbewegings as een van die waterskeidings vir die versetaksie teen apartheid in sport bestempel is.

Gedurende die tagtigerjare het SACOS egter steeds die probleem ondervind dat daar vanuit verskeie groeperinge na die organisasie verwys is as nie verteenwoordigend van die hele swart Suid-Afrikaanse sportgemeenskap nie. In 1982 is Frank van der Horst as die nuwe president van SACOS verkies en hy het onmiddellik standpunt ingeneem ten

¹²⁴ Cooper, C., et al., *Survey of Race Relations in South Africa 1982*, p. 589.

¹²⁵ *Sunday Times*, 7 September 1982.

einde hierdie probleem te probeer aanspreek. Hy het die nuwe visie van SACOS soos volg uitgespel:

"We should re-dedicate and redirect our organisation to become part of the liberation struggle. SACOS will go into the ghettos, into the townships – because its thrust must be centred in the mass of the people. SACOS sees that there is a need for unity between the workers and the trade unions, the residents in the civic bodies, the sports bodies under SACOS, the church movements, the womens movements and others....We cannot include the agents of the ruling class in our mass movement."¹²⁶

In hierdie stelling het Van der Horst verwys na die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS), 'n blanke anti-apartheidsorganisasie as 'n "*agent of the ruling class*". Van der Horst se uitlating het tot tweespalt binne SACOS gelei en die vorige twee presidente van SACOS het hulself skerp teen sy stelling uitgelaat. Norman Middleton het SACOS se nuwe beleid gesien as 'n klug, terwyl Hassan Howa na SACOS verwys het as 'n sterwende organisasie.¹²⁷ Na afloop van Van der Horst se uitlating, het verskeie sportorganisasies in Suid-Afrika hul rug op SACOS gedraai, as gevolg van die organisasie se aanval op individue wat die saak van SACOS goedgesind was.

Op 'n tweejaarlikse vergadering van SACOS in Mei 1986, is Stofile aangewys as voog van die organisasie. Volgens Roberts het die SACOS hierdeur 'n gulde geleentheid gehad om weg te beweeg van die beeld van eendimensionaliteit en betrokke te raak by die probleme wat in die townships rondom sport ontstaan het.¹²⁸ SACOS kon egter nie daarin slaag om genoeg steun binne die townships te verkry ten einde gesien te word as 'n verteenwoordigende organisasie nie. Die feit dat SACOS deur baie mense gesien is as 'n organisasie wat verteenwoordigend was van die Kleurlinge en nie genoeg steun onder swartes gehad het nie, het uiteindelik bygedra tot die ondergang van dié organisasie.¹²⁹ SACOS se beleid van politieke onverbondenheid is in 1987 hersien toe

¹²⁶ *Argus*, 22 Maart 1983.

¹²⁷ Cooper, C., et al., *Survey of Race Relations in South Africa 1983*, p. 641.

¹²⁸ Roberts, p. 51.

¹²⁹ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Jerry Segwaba, 18 Augustus 1999, Bloemfontein.

die United Democratic Front (UDF) in 'n ontleding van sport in Suid-Afrika tot die slotsom gekom het dat sport 'n baie belangrike rol te speel het in die beëindiging van apartheid.¹³⁰ SACOS is aangemoedig om in samewerking met die UDF en COSATU kontakte binne die townships op te bou ten einde hierdie aangeleentheid verder in diepte te bespreek. Daar is gesê SACOS se ideologiese oriëntering neig in die rigting van die UDF-COSATU denkstroom en dat dit vir SACOS sin sou maak om politiek in dié rigting te begin beweeg.

In 'n poging om die magsbasis van SANROC in Brittanje te verbreek, het die nie-SACOS-sportgroepeerings in 1983 'n Suid-Afrikaanse sportkantoor in Londen geopen. Met Eddie Barlow aan die spits was die hoofdoel van dié organisasie om Suid-Afrika se hertoetreding tot internasionale sport te help bewerkstellig. Die Suid-Afrikaanse sportkantoor is begin met 'n begroting van R 200 000,00 wat deur die Suid-Afrikaanse Krieketunie (SAKU), die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) en SANOK bewillig is. Die Regering het ook 'n sekretaris vir Barlow, Philip Moolman, in Londen aangestel met die doel om beter verhoudings en sportbetrekkinge met die buitelandse regerings te verseker.¹³¹ Na drie maande het Barlow in Suid-Afrika kom besoek aflê met voorstelle wat hy opgestel het, nadat hy verskeie samesprekings en onderhoude in die buiteland gevoer het oor die isolasie-aangeleentheid. Barlow se aanbeveling was dat daar met toewyding gekyk moet word na nie-rassige sport, daar beweeg moet word na die uitwissing van rassisme in sport, en dat gelyke geleenthede in sport geskep moet word vir alle Suid-Afrikaanse sportlui, ongeag ras, kleur of geloof.¹³² Alhoewel SANOK Barlow se voorstel gesteun het, het geen formele ondertekening van die voorstel plaasgevind nie en die gedagte is op die langebaan geskuif.

Barlow het gewaarsku dat mense besig was om ongeduldig te raak oor die invloed van politiek in Suid-Afrikaanse sport. Volgens hom het die hele Suid-Afrikaanse landloopspan uit swart lede bestaan, daar was geen blanke gesig in die nasionale sokkerspan nie en die atletiekspan het toenemend meer swart atlete bevat. Hierdie swart sportlui was die mense wat, volgens Barlow, op die langeduur die meeste benadeel sou word deur die versetaksie teen Suid-Afrikaanse sport, terwyl hulle eintlik heeltemal

¹³⁰ Cooper, C., et al., *Race Relations Survey 1987/88*, p. 277.

¹³¹ *Eastern Cape Herald*, 14 Junie 1984.

onskuldig was in die apartheidkwessie.¹³³ Die gevaarligte het dus, volgens Barlow, begin flikker in die stryd teen apartheid in sport. Die tyd het nou aangebreek om te begin onderhandel om die strydbyle te begrawe en nuwe rigting te gee aan Suid-Afrikaanse sport.

Zola Budd se deelname aan die Olimpiese Spele in Los Angeles in 1984 het hewige reaksie vanuit IOK-, die Opperraad vir Sport in Afrika en SANROC-geledere tot gevolg gehad. Dié drie organisasies het saamgestaan om te verseker dat soortgelyke voorvalle nie in die toekoms weer sou kon plaasvind nie. So byvoorbeeld is alle media-fasiliteite tydens die 1984-Spele aan die Suid-Afrikaanse media geweier wat die Spele bygewoon het hoofsaaklik om verslag te doen oor Budd se deelname. Die Statebondspele van 1986 in Edinburgh, Skotland, is deur 31 van die 58 lande geboikot in reaksie op Budd en Annette Cowley, 'n Suid-Afrikaansgebore swemmer, se insluiting in die Engelse Statebondspan. Die Statebondspele Federasie het egter die Engelse Statebondspele Raad se besluit geveto en bekend gemaak dat Budd en Cowley nie verkiesbaar is vir die Engelse span nie.¹³⁴ Dit het gemengde reaksie vanuit die verskillende sportstrukture in Suid-Afrika en in die buiteland tot gevolg gehad. Terwyl dit met skok begroet is deur die nie-SACOS sportgroeperinge in Suid-Afrika, het die anti-apartheidsgroeperinge dit verwelkom as 'n verdere stap om Suid-Afrikaanse sport en sportlui heeltemal te isoleer.

In 1987 het SANROC waarnemerstatus van die Vereniging van Nasionale Olimpiese Komitees van Afrika (ANOCA) verkry. Dit het SANROC in staat gestel om enige pogings van SANOK tot hertoetrede tot die Olimpiese beweging te veto. Ramsamy het ANOCA se besluit soos volg gesien:

“South Africa now had no earthly chance of getting back into the Olympic movement while apartheid continued.”¹³⁵

Volgens Ramsamy het geskiedenis reeds bewys dat dit baie moeilik sou wees om alle

¹³² **The Citizen**, 27 Oktober 1984.

¹³³ **The Citizen**, 1 Desember 1984.

¹³⁴ **The Star**, 14 Julie 1986.

¹³⁵ **C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Sam Ramsamy**, 14 Junie 2002, Johannesburg.

Suid-Afrikaanse sportlui internasionaal te isoleer. Daar was te veel skuiwergate daarvoor. Daarom is daar besluit dat daar op die Olimpiese sportsoorte gefokus sou word om te verseker dat Suid-Afrika op hierdie terrein total afgesonder word.

Die derde internasionale konferensie teen apartheid in sport in November 1987 in Harare is deur 300 afgevaardigdes vanuit 50 lande bygewoon. Op die konferensie het Ramsamy, wat as koördineerder daarvan opgetree het, gesê die afgevaardigdes sal aandag gee aan Suid-Afrika se strategieë om die sportboikot te omseil, werkswyses beplan om hierdie optredes teen te staan en sal die intensifisering van sportisolasië bespreek.¹³⁶ Tydens die konferensie is daar teverteenwoordiging uitgespreek oor die stand van sake ten opsigte van Suid-Afrika se isolasië uit wêreldsport. Teen 1987 was Suid-Afrika uitgesluit van ongeveer 90% van die internasionale sportsoorte en -gebeurtenisse.¹³⁷ Volgens afgevaardigdes aan die konferensie het die Verenigde Nasies se implementering van die internasionale kongres teen apartheid in sport baie daarmee te doen gehad dat Suid-Afrika toenemend sportisolasië beleef het.

In Junie 1989 het die sportministers van 23 lande in Reykjavik, Swede, byeengekom om Europese sportbande met Suid-Afrika te bespreek. Die voorstelle en besluite van die Harare-voorstelle van 1987 is heelhartig ondersteun en die Europese sportministers het hulself daartoe verbind om 'n verskerpte aksie teen apartheid in sport toe te pas.¹³⁸ In dieselfde jaar het verteenwoordigers van die ANC, die Internasionale Veldtog teen Apartheid in Sport en SANROC in Lusaka, Zambië, samesprekings gehou. Na afloop van die vergadering is 'n persverklaring uitgereik wat soos volg daaruit gesien het:

“The meeting reaffirmed the policy that the creation of non-racial sports bodies does not imply their immediate entry into international sport competition”.¹³⁹

Hierdie uitspraak is gemaak in reaksie op Dennis Brutus se stelling in Februarie 1989 dat Suid-Afrikaanse sportorganisasies, wat nie-rassige en anti-apartheid beleide het,

¹³⁶ Ibid.

¹³⁷ City Press, 15 November 1987.

¹³⁸ Cooper, C., et al., *Race Relations Survey, 1989/90*, p. 18.

¹³⁹ The Weekly Mail, 17 Maart 1989.

hertoegelaat moet word tot die Olimpiese beweging.¹⁴⁰ Brutus het hier egter uitsluitlik verwys na SACOS-geaffilieerde sportsoorte.

Die verklaring wat uitgereik is ná die ontmoeting tussen die ANC en SANROC in Lusaka dui daarop dat die ANC, wat steeds in ballingskap was, 'n meer direkte toetrede gemaak het tot die sportsituasie in Suid-Afrika. Dit is moontlik gemaak deur die NP-regering se besluit om ANC-lede in aanhouding geleidelik vry te laat uit die tronk. Verskeie ANC-lede is in 1989 reeds vrygelaat en het konstruktief betrokke geraak by die sportsituasie in die land. Vroeër in die tagtigerjare het die ANC 'n meer indirekte aanslag op Suid-Afrikaanse sport gehad en deur middel van anti-apartheidsorganisasies 'n invloed op die versetaksie probeer uitoefen. Teen die einde van die tagtigerjare het die ANC egter, veral vanuit ander Afrikalande, direk betrokke geraak by die kwessie. Die ANC en het selfs samesprekings gehou met blanke sportadministrateurs soos Danie Craven en Louis Luyt om die situasie in Suid-Afrikaanse rugby te bespreek. Die feit dat die ANC in samesprekings met tradisionele vyande in sport gewikkel was, was toonaangewend in die proses om die hele kwessie rondom sportisolاسie te verander, want die politieke klimaat in die land het getoon dat die NP-regering tot 'n groot mate aangewese was op die ANC om deur middel van onderhandelinge die beleid van apartheid onomkeerbaar af te sweer.

Die toetrede van die ANC tot die onderhandelingsproses rondom sport het die geboorte van 'n nuwe sportliggaam, die *National Sports Congress* (NSC) tot gevolg gehad. Die NSC, wat in 1989 gestig is, het Suid-Afrikaanse sport in die negentigerjare in 'n nuwe rigting ingelei. Hierdie rigting is gedurende die tagtigerjare deur SANROC en SACOS in die vooruitsig gestel. Alhoewel SACOS die stigting van die NSC gesien het as verdelend en onnodig, het die NSC in die negentigerjare die goeie werk van SACOS en SANROC voortgesit, ten einde te verseker dat sport in Suid-Afrika op 'n nie-rassige grondslag bedryf kon word.

Ter afsluiting

Die versetaksie teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport het gedurende die tagtigerjare as een groot eenheid gefunksioneer. As gevolg van die feit dat organisasies soos SACOS,

¹⁴⁰ The Citizen, 21 Februarie 1989.

SANROC, die Opperraad vir Sport in Afrika, en die vele vertakings van die anti-apartheidsbewegings regoor die wêreld reeds lank voor die tagtigerjare bestaan het, het dit makliker gemaak om as eenheid saam te werk.

Al die genoemde organisasies het 'n eenvormige vyand gehad, naamlik apartheid in sport. Met die aanbreek van die tagtigerjare was afsonderlike sportontwikkeling in Suid-Afrika lank reeds aan die orde van die dag. Die versetaksie daarteen het gedurende die tagtigerjare meer funksioneel geraak, veral as gevolg van die feit dat die anti-apartheidsorganisasies in groter mate begin saamwerk het om Suid-Afrika internasionaal te isoleer. Die invloed van die Verenigde Nasies en die Organisasie vir Afrika-Eenheid het die nodige platform daargestel vanwaar hierdie aksies deur organisasies soos SANROC en SACOS teen Suid-Afrikaanse sport geloods kon word. SANROC en SACOS kon egter nie op hul eie soveel sukses behaal nie, maar in samewerking met die anti-apartheidsbewegings in lande soos Engeland, Nieu-Seeland, Amerika, verskeie Afrikalande en Skandinawiese lande is die versetaksie suksesvol geloods.

Binne hierdie versetgroeperinge het individue uitgestaan wat gewoonlik die ruggraat van die organisasie gevorm het. Die name van Sam Ramsamy, Dennis Brutus en Chris de Broglio (almal SANROC); Frank van der Horst, Hassan Howa, M.N. Panther en Norman Middleton (almal SACOS); Peter Hain (AAM), John Minto (HART) en Arnold Stofile het gereeld opgeduik as die kern waarrondom die stryd teen apartheid in sport gedurende die tagtigerjare gevoer is. Hulle was die meesterbreine agter die uitvoering van opdragte teen sport in Suid-Afrika. Vele name kan egter gevoeg word tot hierdie lys, want baie politieke besluite en strategiese beplanning is gedoen deur sportlui en politici wat nooit direk betrokke was by die uitvoering van hierdie besluite nie.

Die optredes van die versetaksies het die foute in die Suid-Afrikaanse sportbeleid uitgewys, die Regering gefrustreer en die sportlui in die land se ideale van internasionale deelname heeltemal aan bande gelê. Die Suid-Afrikaanse sportlui het nie altyd die rasionaal van die versetaksie heeltemal verstaan nie, want daar was baie ongelukkigheid onder sportlui as gevolg van die feit dat sportisolasië steeds in plek gebly het lank nadat sekere sportsoorte in die land reeds die proses van normalisering

ondergaan het. Die feit van die saak was egter dat die politieke omstandighede in die land aanleiding gegee het tot die versetaksie teen sport. Die versetaksies het bloot net sport in die land gebruik as pion om politieke veranderinge in die land te noodsaak. In hierdie opsig was sport ondergeskik aan die politieke ideologie van baie van die strydende groepe teen apartheid in sport wat bereid was om hul moontlikhede in sport op te offer ten einde 'n veranderende politieke bestel in die land te verseker. Sport is allerweë beskou as 'n wapen in die stryd teen apartheid in Suid-Afrika en is naas ekonomiese boikotte gesien as die mees suksesvolle instrument in hierdie stryd. Die Suid-Afrikaanse sportlui is in hierdie proses deur die bank te na gekom, aangesien hulle almal internasionale deelname ontsê is, maar anti-apartheidsgroeperinge regoor die wêreld is dit eens dat hierdie situasie nie sou verander alvorens apartheid nie van die Suid-Afrikaanse wetboeke geskrap is nie.

HOOFSTUK 4

POGINGS DEUR SUID-AFRIKAANSE RUGBY- ADMINISTRATEURS, -SPELERS EN -ORGANISASIES IN DIE TAGTIGERJARE OM SPORTISOLASIE TE VERBREEK.

Die ontwikkelingspatroon van Suid-Afrikaanse rugby en die sosiale denkwys van die Afrikaner is baie nou verweef. Die belangrikheid van rugby in die Afrikanersamelewing en die betekenisvolle bydrae vanuit hierdie samelewing op die ontwikkeling van rugby in Suid-Afrika kan dus moeilik ontken word.¹ Die wisselwerking tussen rugby, die Afrikanersamelewing en die Afrikanerpolitiek is so intens dat daar dikwels na rugby verwys word as die Afrikaner se tweede godsdiens. Die Afrikaner se betrokkenheid by rugby het reeds dikwels tot gevolg gehad dat die Afrikaner Broederbond deur verskeie politieke en veral sporthistorici betrek is by die stryd teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport, en veral rugby. Hierdie siening het deur die jare bygedra tot die etiketering van rugby as 'n toonbeeld van apartheid in sport.

Rugby in Suid-Afrika het gedurende die apartheidsjare veel meer buitelandse bondgenote gehad as enige van die ander Suid-Afrikaanse sportsoorte. Dit is interessant om in hierdie verband daarop te let dat die Internasionale Rugby Raad (IRR) nie die voorbeeld van ander internasionale sportorganisasies gevolg het en Suid-Afrikaanse rugby uit die internasionale liggaam geskors het nie. Verskeie toere van en na Suid-Afrika het gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare steeds plaasgevind, en Suid-Afrika het die Wêreldbeker-toernooie van 1987 en 1991 misgeloop bloot as gevolg van die feit dat die IRR Suid-Afrika nie na die toernooie genooi het nie.² Hierdie besluit is geneem uit protes teen die apartheidsbeleid in Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse rugby het dus gedurende die tagtigerjare steeds voordeel getrek uit sterk vriendskapsbande met die buiteland terwyl ander Suid-Afrikaanse sportsoorte deur hul internasionale beheerliggame uit die sport geskors is.

Alhoewel rugby in Suid-Afrika nie van internasionale deelname ontnem is nie, is daar wel sterk

¹ Grundlingh, A., et al, *Beyond the tryline. Rugby and South African society*, p. 64.

² Cobus Rademeyer-versameling: Transkripsie van gesprek met John Nauright, 4 Julie 1997, Perth.

beperkinge daarop geplaas. Die Gleneagles-ooreenkoms van 1977 het Suid-Afrikaanse sport 'n gevoelige slag toegedien, maar so kort daarna as 1980 het die Verenigde Koninkryk reeds hierdie ooreenkoms geïgnoreer deur 'n rugbytoer van die Britse Leeus³ na Suid-Afrika toe te laat. Dit het hewige reaksie tot gevolg gehad, veral omdat buitelandse sporthistorici die Gleneagles-ooreenkoms juis gesien het as 'n uitvloeisel van die pogings om rugbybande tussen Suid-Afrika en ander IRB-lidlande op te skort.⁴

Gedurende die sewentigerjare is vanuit rugbygeleedere 'n grootse poging aangewend om rugbybetrekkinge in Suid-Afrika te normaliseer en te beweeg in die rigting van veelrassigheid in rugby. As gevolg van die verskillende persepsies van politici, rugby-owerhede in die land en die buitelandse drukgroepe teen apartheid in sport is hierdie pogings tot vereniging verskillend geïnterpreteer. Die NP se beleid ten opsigte van afsonderlike sportontwikkeling en die groepsgebiedewet het in die sewentigerjare aanleiding gegee tot die sogenaamde "Veeplaas"-insident.

Cheeky Watson, wat voorheen met sukses vir die Oostelike Provinsie in die Curriebeker-reeks gespeel het, het saam met sy broer Valence en Colin Snodgrass in 1976 hul bande met die blanke beheerde Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbalraad (SARVR) verbreek en in die Oos-Kaap by Kwazakhele Rugby Union (KWARU)⁵ aangesluit. Teen die einde van dieselfde jaar het nog 5 blanke studente van Rhodes universiteit Watson-hulle se voorbeeld gevolg en hulle by SEDRU (die Grahamstadse afdeling van die Suid-Afrikaanse Rugby Unie – SARU)⁶ aangesluit.

Ondanks dreigemente van die Regering, SARR en die veiligheidspolisie het 'n veelrassige wedstryd onder beheer van SARU in Oktober 1976 in die Dan Qequ stadion in Veeplaas naby Port Elizabeth plaasgevind. Volgens Dobson is 'n groot bohaai gemaak oor die situasie, maar

³ Die vier Britse tuisunies, Engeland, Skotland, Wallis en Ierland het van tyd tot tyd 'n gesamentlike span na die buiteland gestuur wat as die Britse Leeus bekend gestaan het. Toere is gewoonlik onderneem na Suid-Afrika, Nieu-Seeland of Australië, tradisioneel die drie sterkste rugbyspelende lande.

⁴ Die Gleneagles-ooreenkoms is bereik op aandrang van die Kanadese regering ten einde 'n moontlike boikot teen die 1978 Edmonton Statebondspele af te weer. Die 1976 All Black-rugbytoer na Suid-Afrika is aangevoer as die rede vir die moontlike boikot. Nauright, J., **Sport, Cultures and Identities in South Africa**, p. 149.

⁵ KWARU is in die vroeë sewentigerjare gestig deur tien rugbyklubs in die Oos-Kaap wat ontevrede was met die meningsverskille en verdeeldheid binne die swart gedomineerde *South African African Rugby Board* (SAARB). Dobson, **Rugby in Suid-Afrika. 'n Geskiedenis 1861 – 1988**, p. 217.

⁶ Die ontevrede klubs het hul bande met SAKRR verbreek en by SARU aangesluit. *Ibid.*, p. 222.

daar is nie teen die blanke spelers opgetree nie. Die “lastigvallery” sou eers later plaasvind.⁷ Hain daarenteen beskryf die voorval soos volg:

“Watson...was arrested several times, solely for the ‘crime’ of entering the black township of New Brighton outside Port Elizabeth in order to play for his new non-racial team in the local KWARU league (Whites needed permits to enter black areas and he was refused one). He was severely reprimanded by white rugby officials such as Danie Craven when he ‘defected’ and was subject to harassment by the security services. The family business was targeted and their home mysteriously burnt down. He was also jailed for six months during the state of emergency. Their non-racial matches were monitored by the Security Police and even by military intelligence officers”.⁸

Watson het na sy uittrede uit rugby sterk te velde getrek teen die rassistiese houding van SARU⁹ en dit voorgehou as rede waarom hulle KWARU verlaat het.

Die hantering van die “Veeplaas”-insident deur die regering het veel bygedra tot die onnatuurlike konflik tussen rasse in die beoefening van rugby in Suid-Afrika. Die Cheeky Watson-voorval is een van verskeie wat daarop dui dat die Regering met die aanbreek van die tagtigerjare reeds gesteld was daarop om sportbeoefening in alle opsigte afsonderlik te hou.

Die pogings vanuit rugbyeledere om die “skeidingsmure” tussen rugbygroeperinge in die land te vernietig, het ook nie altyd sonder voorvalle verloop nie. In die sewentigerjare was Suid-Afrikaanse rugby gekenmerk deur drie formele groeperinge: die blanke SARVR; die Kleurlinge se Federasie (SARVF)¹⁰; en die swartes se Vereniging (SARA). Kulturele verskille en politieke afsondering in Suid-Afrika het ‘n wesenlike uitwerking gehad op die ontwikkeling van die verskillende groeperinge se rugbyverlede.

⁷ Ibid.

⁸ Hain, P., *Sing the Beloved Country*, p. p. 95.

⁹ Die SARVF en die *South African Rugby Union* (SARU) het albei ontstaan uit die *Suid-Afrikaanse Kleurling Rugbyraad* (SAKRR) wat rugby onder Kleurlinge bestuur het. Onderlinge verskille het egter gelei tot die skeuring in SAKRR waarna SARVF en SARU onderskeidelik gestig is.

¹⁰ Verskille tussen SARVF, SARA en SARU het blyk onversoenbaar te wees-SARU het ‘n baie sterk anti-apartheidsbeleid gehandhaaf, terwyl SARVF en SARA te vinde was vir samesprekings met SARR met die oog op samesmelting.

Die onstaansgeskiedenis van rugby onder anderskleurige Suid-Afrikaners

Tydens 'n Springboktoer na Australië in 1971 het Hannes Marais, kaptein van die toerspan by geleentheid opgemerk dat die Kleurlingbevolking nie veel in sport skyn belang te stel nie, want hulle speel min rugby en krieket.¹¹ Dit is min of meer die veronderstelling van die deursnee blanke Suid-Afrikaner gedurende die sewentigerjare, bloot omdat weinig in daardie stadium bekend was aangaande die Kleurlinge en hul voorliefde vir sport. Die Kleurling bevolking het egter 'n trotse geskiedenis in dié sport wat in sekere opsigte terugdateer tot voor dié van hul blanke eweknieë.

Die Westelike Provinsie Kleurling Rugby Unie (WPKRU) is in 1886 gestig, wat beteken dat slegs die Westelike Provinsie Rugby Voetbal Unie¹² van al SARR se unies ouer is.¹³ Kort hierna is klubs in die Oos-Kaap, Transvaal en Griekwaland-Wes ook gestig. Die Rhodesbeker-toernooie vir Kleurling spanne is sedert 1898 gespeel en in 1938 is die eerste Kleurling Springbokspan gekies. Met die oorhandiging van die trofee na afloop van die Rhodesbekertoernooi in 1938 het dr. Abdul Adurahman (kyk hoofstuk 3) die samewerking tussen Kleurlinge en blankes op die rugbyveld bepleit en gevra dat daar oor die kleurgrens heen om die Rhodesbeker meegeding moet word, want Cecil John Rhodes (die skenker van die beker) was "ten gunste van gelyke regte vir alle beskaafde mense van die Kaap tot by die Zambezi".¹⁴ Die daaropvolgende jaar het 'n Kleurling Springbokspan 'n binnelandse toer onderneem en sewe van hul nege wedstryde gewen.

Die verloop van die Kleurling rugbygeskiedenis in Suid-Afrika toon, na die aanvanklike suksesse, ook probleme soos skeurings, onmin en persoonlike verskille, maar dit is belangrik om daarop te let dat hierdie sport reeds meer as 'n eeu deur die Kleurlinge beoefen word en dat hul net soos hul blanke eweknieë vroeg reeds oor 'n verteenwoordigende Springbokspan beskik het.

In aansluiting by Marais se uitlating aangaande die Kleurlinge se gebrek aan belangstelling in sport het nog 'n voormalige Springbok rugbyspeler, Uli Schmidt, hom in 1994 die gramskap

¹¹ Dobson, P., **Rugby in Suid-Afrika. 'n Geskiedenis 1861 – 1988**, p. 167.

¹² Die blanke Westelike Provinsie Rugby Voetbal Unie is in 1883 gestig, Grundlingh, et al, p. 27.

¹³ Die Westelike Provinsie Kleurling Rugby Unie is selfs ouer as SARR, Dobson, p. 167.

¹⁴ **Ibid.**, p. 174.

van verskeie sportlui op die hals gehaal deur te sê dat rugby nie die natuurlike spel van Suid-Afrikaanse swartes is nie, "hulle moet eerder sokker speel".¹⁵ Net soos in die geval van Marais se idee rondom die Kleurlinge se deelname aan sport, het Schmidt se uitlating weereens die deursnee blanke Suid-Afrikaner se opvatting saamgevat. Rugby is deur die meeste blanke Afrikaners gesien as 'n blanke sport en meer spesifiek 'n sport van die Afrikaner. Enige verbintenis tussen rugby en enige ander kleurgroep in die land is gesien as 'n inbraak op die regte van die Afrikaner.

In 1981 herhaal Dawie de Villiers, oud-Springbok kaptein en later kabinetsminister, hierdie sentimente in die volgende woorde:

"Don't forget that the Blacks have really known western sports (only) for the last ten years. They have naturally not yet reached the same standard".¹⁶

Hierdie wanopvattinge dat swartmense net sokker speel kan duidelik weerlê word deur die lang geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Rugbyvereniging. 'n Referaat gelewer deur J.B. Peires in 1981 getiteld "*Facta non verba*": *Towards a history of Black rugby* dui daarop dat rugby in die Oos-Kaap aan die Xhosas bekend gestel is deur eerwaarde Mullins.¹⁷

Dobson beskryf voorts die ontstaan en ontwikkelingsgeskiedenis van die spel onder swartes soos volg:

"Dat rugby in Suid-Afrika se swart gemeenskappe armoede, verwaarlosing deur meer bevoorregte mense, onvoldoende geriewe, onderlinge twis en gevegte, skeurings en meer onlangs – intimidasie gebore uit politieke ontevredenheid, oorleef het, dien as veel meer van 'n bewys van die Xhosa se liefde vir die spel".¹⁸

Odendaal sluit hierby aan deur te sê swart rugbyspelers en administrateurs is relatief onderontwikkel as 'n direkte gevolg van Suid-Afrika se geskiedenis van kolonialisme,

¹⁵ Cape Times, 26 Oktober 1994.

¹⁶ Archer, R., and A. Bouillon, *The South African Game. Sport and Racism*, p. 8.

¹⁷ Eerwaarde Mullins, 'n Britse sendeling, het rugby (Xhosa woord "*Mxobo*" beteken "'n ding wat nie rond is nie") aan die Xhosas bekend gestel. "*Facta non verba*": *Towards a History of Black rugby in the Eastern Cape*. Referaat gelewer te Universiteit van die Witwatersrand, 1981.

¹⁸ Dobson, P., *Rugby in Suid-Afrika. 'n Geskiedenis 1861 – 1988*, p. 200.

segregasie en apartheid.¹⁹ Alhoewel beide Dobson en Odendaal daarop wys dat swart mense te na gekom is in die ontwikkeling van rugby, is hierdie sportsoort aan die einde van die vorige eeu reeds deur die Britse Setlaars aan die inboorlinge van die Oos-Kaap verduidelik.

Die eerste swart rugbyklub, die Union-klub in Port Elizabeth, is in 1887 gestig. Aanvanklik het hulle teen Kleurling klubs gespeel, maar ander swart klubs is mettertyd gestig. Die Tigers klub, wat in 1895 in Somerset-Oos gestig is, het gedurende die eerste kwart van die twintigste eeu gereeld teen blanke klubs in die omgewing gespeel, meestal as gevolg van die gebrek aan ander swart klubs in die direkte omgewing. Verdere interesantheid omtrent dié klub is die feit dat hul blou, rooi en wit trui na die Anglo-Boereoorlog ontwerp is ter ere van die oorwinnaars van die oorlog en ook dat hul weekliks veertig kilometer te voet moes aflê om hul wedstryde op Cookhouse te speel.²⁰ Ná die wedstryde moes hul weer die terugtog aanpak. Dit is dus duidelik dat rugby onder die swartes in Suid-Afrika onder baie moeilike omstandighede ontstaan en ontwikkel het.

In die begin dae het rugby onder swartes veral ontwikkel by groot onderwysinstellings soos Fort Hare, Loveday, Healdtown naby Fort Beaufort, en St Matthew's College in Grahamstad.²¹ Die eerste klubtoernooi vir swart spanne is in 1904 in Port Elizabeth gehou, en die eerste swart rugby-unie in Suid-Afrika is kort hierna gestig.²² Alhoewel rugby in die Oos-Kaapgebied stadig versprei het onder swartes, het die invloed van dié sport vanuit die Oos-Kaap en Kaapstad gebiede begin uitbrei na dorpe soos Oos-Londen, Queenstown en Aliwal-Noord.²³ Met die ontdekking van diamante in die Kimberley-omgewing teen die einde van die negentiende eeu het groot groepe Xhosas vanuit die Oos-Kaap na die Noord-Kaap migreer op soek na rykdom.

Op hierdie manier het Kimberley 'n kulturele smeltpot en sterk groeipunt vir sport geword.²⁴ Die Griekwaland-Wes Koloniale Rugby Voetbal Unie (GWCRFU), bestaande uit Kleurling, Maleier en swart klubs, is in 1894 gestig. 'n Interessante feit aangaande die GWCRFU is dat dit

¹⁹ Grundlingh, A., et al, p. 25.

²⁰ Dobson, p. 201

²¹ **Ibid.**

²² Die *Eastern Province Native Rugby Board* is in 1905 in Port Elizabeth gestig. *Ibid.*

²³ Grundlingh, et al, p. 36.

²⁴ Marks, S., en R. Rathbone, **Industrialisation and social change, African class formation, culture and consciousness, 1870-1930**, p. 238. Londen, 1982

een van die heel eerste sportklubs in Suid-Afrika was wat spesifiek was aangaande die nie-rassige basis van die klub.²⁵

Rugby het gaandeweg al sterker toegeneem onder verskeie swart groeperinge in die land en in 1935 is die *Suid-Afrikaanse Bantoe Rugbyraad* (SABRR)²⁶ gestig. Die daaropvolgende jaar is die eerste SABRR interprovinsiale toernooi in Kimberley gehou.²⁷ In 1950 het die eerste van 'n reeks toetswedstryde tussen die SABRR en die *Suid-Afrikaanse Kleurling Rugbyraad* (SAKRR) plaasgevind. Beide organisasies het hul spelers beskou as Springbokke en daar is verwys na die onderskeie spanne as die Bantoe-Springbokke(sic) en die Kleurling Springbokke.²⁸ Hieruit is dit duidelik dat beide groeperinge hulself reeds sedert 1950 as goed genoeg beskou om as Springbokke gesien te word.

Dit is voorts ook van belang om daarop te let dat hierdie benaming aan hul onderskeie spanne gegee is, omdat dit toe reeds duidelik was dat anderskleuriges nie sondermeer in die blanke Springbokspan opgeneem sou word nie. Apartheid in rugby het dus duidelik apartheid as wetgewing vooruitgegaan en teen 1950 was afsonderlike ontwikkeling in dié sportsoort reeds voor die hand liggend.

Die vyftigerjare het nog meer frustrasies vir die swart en Kleurling rugbyspelers inhou. Volgens Nauright is hierdie die tydperk waarin die anderskleurige sportlui in die land toenemend meer in opstand gekom het teen afsonderlike sportontwikkeling en apartheid.²⁹ Op grond hiervan het SABRR en SAKRR samesprekings gehou ten einde 'n federasie te stig.³⁰ Hierdie federasie het die sake van anderskleurige rugbyspelers in die land behartig en gepoog om die beperkinge ten opsigte van buitelandse deelname vir die anderskleurige spanne te oorkom. Onderlinge verskille

²⁵ Volgens Grundlingh, et al, het die GWCRFU se grondwet gestipuleer dat klub nie gediskrimineer het op grond van kleur, nasionaliteit, taal en geloof nie. Grundlingh, et al, p. 37.

²⁶ Verskeie bronne, onder andere Dobson, verwys na *South African Bantu Rugby Board* (SABRB), maar daar word ook na die organisasie verwys as die *South African African Rugby Board* (SAARB), Peires, p. 3. Volgens Dobson het SABRB se naam kort ná die stigting van SASA in 1959 verander waarna dit SAARB genoem is. Dobson, p. 208.

²⁷ Hierdie formaat van interprovinsiale toernooie is tot en met 1973 aangebied, waarna daar begin is met 'n program van wedstryde op tuis-en-weg-grondslag. Dobson, p. 203.

²⁸ *Ibid.*, Die Bantoe Springbokke het in swart trui gespeel met 'n Afrika-embleem en 'n Springbok daarop, terwyl die Kleurling-Springbokke in groen trui gespeel het.

²⁹ Nauright, p. 94.

³⁰ Dobson, p. 205.

tussen SABRR en SAKRR³¹ het egter veroorsaak dat die federasie nie altyd ten volle kon funksioneer nie.

Verskeie pogings om 'n federasiespan op toer te stuur het misluk. Die 1953 binnelandse toer, sowel as 'n Fidjiaanse toer na Suid-Afrika is gekanselleer as gevolg van rassspanning in Suid-Afrika.³² Die swak gehalte van swart rugby in die land is ook aangevoer as 'n verdere rede waarom die Fidjiaanse span se toer gekanselleer is. Beweringe is gemaak dat die destydse Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, gedurende die vyftigerjare geweier het om paspoorte aan anderskleurige rugbyspelers te gee sodat hulle in die buiteland kon gaan toer. Hierdie beweringe kon nooit bevestig word nie, maar die Veiligheidspolisie het wel in 1955 die paspoorte van swart Suid-Afrikaanse tennisspelers gekonfiskeer toe hulle in die buiteland aan toernooie wou gaan deelneem.³³ Verskeie ander voorvalle gedurende die vyftigerjare het verder bygedra tot die stryd tussen sport en politiek in die land, wat 'n snelgroeiende weersin onder anderskleurige sportlui in die land tot gevolg gehad het.

Een voorbeeld van 'n voorval wat die wisselwerking tussen sport en politiek gedurende hierdie tydperk goed illustreer het, was die 1955 Britse Leeutoer deur Suid-Afrika. Nie-blanke toeskouers is toegang tot die Vrystaatstadion in Bloemfontein geweier om die wedstryd tussen die Britse Leeus en die Junior Springbokke by te woon. Dobson beskryf die wedstryd as:

“.....vervelig, so kleurloos soos die toeskouers, maar apartheid het Bloemfontein met mening getref.”³⁴

Voorvalle soos bogenoemde het aanleiding gegee tot die stigting van organisasies soos SASA, SACOS en SANROC. Alhoewel SABRR nie vanuit die staanspoor vir SASA ondersteun het nie, het albei organisasies, soos feitlik alle anderskleurige sportorganisasies, die verwydering van apartheid uit sport as hoofdoel gehad.

Onderlinge twis in Kleurling geledere het veroorsaak dat 'n skeuring binne SAKRR plaasgevind

³¹ Die verskille tussen kleurlinge en swartes is ook genoem as een van die hoofredes waarom SACOS nie altyd suksesvol kon funksioneer in sy pogings teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport nie – sien hoofstuk 3.

³² Dobson, p.205.

³³ Lapchick, R.E., *The politics of Race and International Sport: The case of South Africa*, p. 21.

³⁴ Dobson, p. 207.

het. In 1959 is die Suid-Afrikaanse Rugbyvoetbal Federasie (SARVF) gestig, terwyl die oorblywende groepering binne SAKRR hulself nou gesien het as die *South African Rugby Union* (SARU).³⁵ Rugbywedstryde het nog op gereelde basis tussen SARA (*South African Rugby Assosiasie* - Suid-Afrikaanse Rugbyvereniging)³⁶ en SARVF plaasgevind, maar SARU se sterk anti-apartheids beleid het verwydering met SARA en SARVF tot gevolg gehad.

Beide SARA en SARVF het samesprekings met die blanke SARVR gevoer wat gelei het tot die stigting van 'n eenvormige struktuur, die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) in 1978.³⁷ Die onderhandelings tussen SARVR, SARA en SARVF is egter voortdurend bemoeilik deur die feit dat die swart en Kleurling administrateurs huiwerig was om hul blanke ampsgenote van SARVR te vertrou.³⁸ SARVR is, volgens dr Craven, gesien as 'n marionet van die NP-regering wat gebruik word om rugby in Suid-Afrika te beheer.³⁹ Baie werk moes dus binne die nuut gestigte SARR gedoen word om die vrese van die Kleurling en swart amptenare in Suid-Afrikaanse rugby te besweer.

Uit die geskiedenis van die verskillende groeperinge binne Suid-Afrikaanse rugby kan gesien word dat dié sportsoort, soos alle ander Suid-Afrikaanse sporte, 'n baie ingewikkelde verlede het. Met die aanbreek van die tagtigerjare is rugby onder blankes, Kleurlinge en swartes in Suid-Afrika reeds vanuit verskillende hoeke deur politiek bearbei. Onder die vaandel van SARR is daar in die tagtigerjare gepoog om "genormaliseerde" rugby regdeur die land te ontwikkel, maar ongelukkig het dié sportsoort se noue bande met die Afrikanerkultuur steeds voortdurend van rugby 'n politieke speelbal gemaak.

Suid-Afrikaanse rugby en die juk van apartheid in sport gedurende die tagtigerjare

Suid-Afrikaanse rugby het die tagtigerjare met gemengde gevoelens binnegegaan. Die toenemende internasionale weersin teen apartheid in sport het rugby sedert die Shimla-rugbytoer na Brittanje in 1968 soos 'n skaduwee gevolg. Die Shimla-rugbyspan, die eerste rugbyspan van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS), was in 1968 die eerste Suid-Afrikaanse

³⁵ *Ibid.*, p. 208.

³⁶ SAARB se naam het later verander na SARA.

³⁷ *Ibid.*, p. 258.

³⁸ Clayton, K., *Doc Craven's Tribute. The Legends of Springbok Rugby 1899-1989*, p. 197.

³⁹ *Ibid.*

sportspan wat oorsee met betogers te doen gekry het.⁴⁰ Die Soweto-onrus in 1976 en die Gleneagles-ooreenkoms van 1977 het Suid-Afrikaanse sport nog verder benadeel en internasionale druk vir sportisolasië teen die land verder laat toeneem.

Rugby het, in teenstelling met baie ander Suid-Afrikaanse sportsoorte, gedurende die sewentigerjare tot 'n groot mate nog internasionale mededinging gehad. Toere deur die Engelse (1972), die Britse Leeus (1974), Frankryk (1971 en 1975), die All Blacks (1970 en 1976) en Wêreldspanne (1977 en 1979) na Suid-Afrika het deurlopende internasionale mededinging verseker. Die Springbokke het gedurende hierdie tydperk ook toere onderneem na Australië (1971) en Frankryk (1974).

Alhoewel die buitelandse druk op Suid-Afrikaanse sport toenemend verhoog het, het Suid-Afrikaanse rugby die tagtigerjare ingegaan met die wete dat verskeie rugbyspelende lande steeds baie sterk bande met die Republiek gehad het. Hierdie feit word gestaaf deur die feit dat die Springbokke in 1980 nege toetse teen die Britse Leeus, die Franse en die Jaguars⁴¹ gespeel het. Die daaropvolgende jaar het die Springbokke in toetse teen Ierland en Amerika gespeel en ook 'n toer na Nieu-Seeland onderneem.

Op die oppervlak beskou het dit gelyk of Suid-Afrikaanse rugby die tagtigerjare op 'n positiewe noot begin het deur in die eerste twee jaar van die dekade in vyftien toetse te speel. By nadere ondersoek sal daar egter gesien word dat die eerste deel van die tagtigerjare die grondslag vir die grootste buitelandse weerstand nog teen Suid-Afrikaanse rugby daargestel het.

Druk teen bande met Suid-Afrikaanse rugby het veral vanuit ander sportsoorte na vore gekom. Verskeie Afrikalande het die 1976-Olimpiese Spele in Montreal geboikot uit protes teen die All Black-rugbytoer na Suid-Afrika vroeër dieselfde jaar.⁴² Die hoofrede vir die boikot van die Spele deur 22 Afrikalande was die feit dat die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) geweier het om Nieu Seeland deelname aan die Spele te ontsê.⁴³ Alhoewel die Afrika-boikot van die

⁴⁰ van Rensburg, F., *Shimla* 25, p. 14.

⁴¹ Die Jaguars het bestaan uit spelers van Suid-Amerika-22 Argentyne en een speler elk van Chili, Brasilië, Uruguay en Paraguay. Dobson, p. 137.

⁴² Goldsmith, M., "Sporting boycotts as a political tool", in *Australian Quarterly*, Herfs 1995, vol. 67, no. 1, p. 11.

⁴³ Collins, D., *Olympic Dreams. 100 Years of Excellence*, p. 217.

1976-Spele groot opslae gemaak het, is dit in die Olimpiese geskiedenis op die agtergrond geplaas deur die Amerikaanse boikot van die 1980-Spele⁴⁴ en die Russiese boikot van die 1984-Spele.⁴⁵ Selfs die feit dat rugbybande met Suid-Afrika die delikate balans van Statebondsport versteur het, het nie rugbytoere na Suid-Afrika enigsins beperk nie.⁴⁶ Die rugbytoere wat egter steeds na Suid-Afrika plaasgevind het, het toenemende druk vanuit anti-apartheidsgeledere laat ontstaan. Hierdie sentimente is deur verskeie buitelandse regerings gedeel, maar die rugbyowerhede van hierdie lande het gewoonlik geen moeite ontsien om die Suid-Afrikaanse rugbybehoefte te bevredig nie.

Die Argentynse Regering het in 1980 geweier dat Suid-Afrikaanse spelers aan 'n feeswedstryd in Argentinië deelneem of dat die Springbokspan op sy Suid-Amerikaanse toer daar mag speel.⁴⁷ Dit het egter nie die rugbyvriende van Suid-Afrika afgeskrik nie en 'n gekombineerde Jaguars span besoek Suid-Afrika vroeg in 1980. Kort hierna onderneem die Briste Leeus 'n toer na Suid-Afrika. Groot polemieks het die toer voorafgegaan, veral as gevolg van die verskillende sieninge onder lande ten opsigte van die Gleneagles-ooreenkoms.

Die vier Britse Tuisunies - Engeland, Wallis Ierland en Skotland - se besluit om 'n rugbytoer na Suid-Afrika te onderneem, het hewige reaksie deur die Britse Regering tot gevolg gehad.⁴⁸ Die feit dat die toer wel plaasgevind het, het groot druk op die Britse Regering geplaas, die Statebond-sportstruktuur in krisis gedompel en die sensitiwiteit rondom die Gleneagles-ooreenkoms verder verdiep. Nie net is die Britse Regering daarvan beskuldig dat hulle die Gleneagles-ooreenkoms verontagsaam het nie, maar hulle het ook die toekomst van die Statebondspele in gedrang geplaas.⁴⁹ Die 1980 Britse Leeutoer na Suid-Afrika, die Springbok rugbytoer na Nieu-Seeland in 1981 en die Engelse "rebellie"-kriekettoer na Suid-Afrika in 1982 (kyk hoofstuk 6) is gedurende die tagtigerjare uitgesonder as die sportgebeurtenisse wat tot 'n groot mate verantwoordelik was vir probleme rondom die Gleneagles-ooreenkoms.

⁴⁴ Amerika het die 1980-Spele in Moskou geboikot uit protes teen Rusland se inval in Afghanistan. *Ibid.*, p. 227.

⁴⁵ Rusland en 13 bondgenote het die 1984-Spele in Los Angeles gebokot as gevolg van "veiligheidsredes". *Ibid.*, p. 237.

⁴⁶ Macfarlane, N, *Sport and Politics. A World Divided*, p. 141.

⁴⁷ Dobson, p. 137. Die Springbokspan het laat in 1980 'n toer na Suid-Afrika onderneem en twee toetse teen die Jaguars in Montevideo (Uruguay) en Santiago (Chili) gespeel. P. 138.

⁴⁸ Gerber, H., *Craven*, p. 268.

⁴⁹ Macfarlane, p. 114.

Die toer van die Britse Leeus na Suid-Afrika in 1980 is gevolg deur 'n Springboktoer na Suid-Amerika. Errol Tobias het tydens hierdie toer die eerste anderskleurige rugbyspeler geword wat vir die Springbokspan gekies is.⁵⁰ Na afloop van die Springboktoer na Suid-Amerika het die Franse rugbyspan Suid-Afrika gedurende Oktober en November 1980 besoek. Alhoewel dit hierdie tyd van die jaar reeds somer is in die suidelike halfmond, het beide die Franse en die Springbokke die geleentheid om teen mekaar te speel met altwee hande aangegryp. Die speel van 'n "somertoets" of "krismistoets"⁵¹ tussen die twee lande dui op die feit dat beide lande groot opofferings sou maak om die toets wel te laat plaasvind. Selfs die temperatuur van bykans dertig grade celsius in Pretoria ten tye van die toets, het nie die spelers afgesit om die toets wel te laat plaasvind nie.

Die positiewe houding van die Franse Rugbyfederasie (FRF) teenoor Suid-Afrika het vir die grootste gedeelte van die tagtigerjare voortgeduur. Die hoofrede hiervoor was die vriendskap tussen dr. Danie Craven en mnr. Albert Ferrasse, die President van die Franse Rugbyfederasie. Ferrasse het in 1983 op uitnodiging van dr. Craven samesprekings met die Suid-Afrikaanse Eerste Minister, mnr. P.W. Botha gehad om die kansellering van die 1983 Franse toer na Suid-Afrika te bespreek.

Alhoewel die Franse Regering voortdurend apartheid verwerp en sportbande met Suid-Afrika teengestaan het, het FRF by verskeie geleenthede gedurende die tagtigerjare sy steun aan Suid-Afrikaanse rugby toegesê.⁵² Die rede vir Ferrasse se besoek aan Suid-Afrika was basies om inligting in te win aangaande die stand van sake in Suid-Afrikaanse rugby, want volgens FRF het SARR in die laat sewentiger- en vroeg tagtigerjare baie vooruitgang gemaak ten einde apartheid in rugby te vernietig.⁵³ Die feit dat FRF die veranderinge in Suid-Afrikaanse sport bemoedigend gevind het terwyl die Franse Regering steeds teen die politieke probleme in Suid-Afrika vasgestaan het, dui weereens op die feitlik onskeibare verhouding tussen sport en politiek regdeur die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die

⁵⁰ Dobson, p. 138.

⁵¹ So genoem as gevolg van die feit dat die toetswedstryd gedurende Novembermaand gespeel is. Dit was onnatuurlik om gedurende hierdie tyd van die jaar rugby te speel in die suidelike halfmond, as gevolg van die warm somertemperature. *Ibid.*, p. 139.

⁵² P.W. Botha *Privaat Versameling* PV 203 (PS 12/9/1).

⁵³ *Ibid.*

besoek van Ferrasse na Suid-Afrika plaasgevind het in 1983; twee jaar ná die Springbokrugbytoer na Nieu-Seeland in 1981. Hierdie toer het baie negatiewe nagevolge vir rugby in Suid-Afrika ingehou.

Die 1981 Springboktoer na Nieu-Seeland

Hierdie veelbesproke toer na Nieu-Seeland in 1981 word wyd gesien as die katalisator vir buitelandse verset teen Suid-Afrikaanse rugby gedurende die tagtigerjare. Dit word ook gesien as die keerpunt vir Suid-Afrikaanse rugby,⁵⁴ want ná 1981 het Suid-Afrikaanse rugby 'n tydperk van internasionale isolasie binnegegaan wat grootliks te wyte is aan gebeure rondom die 1981-toer.

Met die Springbokke se vertrek uit Suid-Afrika is die weersin in die toer reeds duidelik gemaak toe die toerspan toestemming geweier is om in Australië te land.⁵⁵ Die vlug na Nieu-Seeland, wat onder normale omstandighede 'n baie lang vlug is, is verder verleng deurdat die toerspan oor Amerika na Nieu-Seeland moes vlieg.

Reeds voor die begin van die toer is dit gebrandmerk as kontroversieel, verkeerd en sleg vir rugby in sy geheel.⁵⁶ Die gereelde All Black-kaptein, Graham Mourie, het homself uit protes teen die beginsels van apartheid, nie beskikbaar gestel vir die toetsreeks teen die Springbokke nie.⁵⁷ Mourie het sy besluit verdedig deur te verwys na die geskiedenis van rugbybetrekkinge tussen dié twee lande. Volgens hom het verskeie vooraanstaande All Blacks die Springbokke gesien as:

“.....the highest expression of the Afrikaner spirit after the ruling of the National Party and the Dutch Reform Church, and when the Springboks took the field, the existence of South African social order was on the chopping block”.⁵⁸

⁵⁴ Rademeyer, C., “No normal sport in an abnormal society” – *Sports isolation and the struggle against apartheid in South African sport, 1980-1992* in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, Volume 25, no. 1, Junie 2000, p. 32.

⁵⁵ **Try Freedom**, SABC 3, 25 Augustus 1996.

⁵⁶ Palenski, R., **Graham Mourie, captain**, p. 27.

⁵⁷ Later het die All Black senter, Bruce Robertson, asook Gary Seear te kenne gegee dat hulle nie beskikbaar is om teen die Springbokke te speel nie. *Ibid.*, p.28.

⁵⁸ *Ibid.*, p. 30.

Die hele aangeleentheid aangaande Suid-Afrika se rasseprobleme en die hantering van die Maori-kwessie gedurende die sestigerjare is deur Mourie as bydraend tot sy besluit om nie teen die Springbokke te speel nie aangevoer.

Afgesien van die gebeure op die veld het die toer die hele Nieu-Seeland in twee groepe verdeel – dié wat die toer ondersteun het en dié wat daarteen was. McKinnon sien bogenoemde dilemma soos volg:

“Over eight weeks tens of thousands of anti-apartheid demonstrators in New Zealand battled to convince the rest of the country that sporting relations with South Africa should be severed because they gave aid and comfort to the apartheid regime in that country. Over the same period tens of thousands of other New Zealanders who went to Springbok matches showed by such attendance that they were not convinced by this argument. At the end of the Springbok tour no one was sure what its impact had been. Had any attitudes changed, or was the country in an impasse?”⁵⁹

Hieruit is dit duidelik dat die Nieu-Seelande bevolking in twee geskeur was deur die toer. Die hoofrolspelers in die geskil was die anti-apartheidsbewegings in dié land, die Nieu-Seelandse Rugby Unie (NZRFU), die Nieu-Seelandse regering en die publiek. ‘n Verder toevoeging tot hierdie groeperinge is die “Red Squad” ‘n elite onlustebeheerafdeling van die Nieu-Seelandse polisie wat die Springbokke regdeur hul toer beskerm het. Die “Red Squad” is die naam wat gegee is aan die “Red Escort Group”, ‘n elite onlusbeheerafdeling van die Nieu-Seelandse polisie wat die Springbokke regdeur hul toer in Nieu-Seeland gevolg het ten einde hul veiligheid te verseker. Die hoofsaak van die “Red Squad” was om te verseker dat reg en geregtigheid seëvier, en dat die betogers nie hand uitruk nie.⁶⁰ Tydens die toer het daar ‘n sterk vriendskapsband tussen lede van die “Red Square” en lede van die Springboktoerspan ontstaan, wat jare ná die toer steeds bly voortbestaan het.⁶¹

Macfarlane benadruk McKinnon se siening dat die toer ‘n nasie in twee geskeur het. Volgens

⁵⁹ McKinnon, M., *Impasse or turning point? New Zealand and the 1981 Springbok tour in South African International*, Vol 13, no. 1, Julie 1982, p. 15.

⁶⁰ Meurant, R., *The Red Squad Story...*, p. 13.

⁶¹ C. Rademeyer versameling, transkripsie van gesprek met Nelie Smith, 15 September 2002, Bloemfontein.

hom het die groot probleem rondom die toer ontstaan toe die Nieu-Seelandse Eerste Minister, mnr. Robert Muldoon, geweier het om die toer af te las. Volgens Muldoon is NZRFU onafhanklik van die Nieu-Seelandse Regering en dit staan NZRFU dus vry om enige rugbyspan na Nieu-Seeland te nooi om daar te kom speel.⁶² Die negatiewe impak van die toer het Muldoon egter tot nuwe insigte gebring en het hy ten tye van 'n Statebondleiersberaad na die toer verwys as "a disaster" en "our biggest mistake".⁶³

Spelers moes by velde ingesmokkel word om die wedstryde te speel en verskeie wedstryde is op alternatiewe velde gespeel, aangesien die betogers dit onmoontlik gemaak het om sekere wedstryde op geskeduleerde velde te speel. Die meeste van die betogers het geen nut gesien in sportbetrekkinge met Suid-Afrika nie, maar hulle slegs toegespits op die negatiewe effek van die Suid-Afrikaanse politiek op die Suid-Afrikaanse samelewing.⁶⁴ Alhoewel derduisende betogers die 1981-toer probeer ontwig het, was slegs 'n klein persentasie van hulle goed ingelig aangaande die politieke situasie in Suid-Afrika en die agtergrond tot die toer.⁶⁵

Wynand Claassen, kaptein van die 1981-Springboktoerspan, verwys hierna deur te sê dat die kerngroep van die betogers teen die einde van die toer aan bykans al die toerlede bekend was. Dieselfde groep van ongeveer veertig was elke keer betrokke by betogings teen die toer op verskillende dorpe en stede.⁶⁶ 'n Groot persentasie van die betogers is deur die anti-apartheidsleierskap opgekommandeer om te betoog teen die Springbokke se teenwoordigheid, en het nie werklik enige benul of belang by rugby gehad nie. Hulle het bloot opgetree in opdrag van die anti-apartheidsgroepe wat die toer wou kelder⁶⁷ en omdat hulle gekant was teen sportbetrekkinge met Suid-Afrika.

Die betogings ten tye van die eerste toerwedstryd in Gisborne het almal verras.⁶⁸ Die polisie was verbaas oor die intensiteit daarvan en het geglo dit is daarop gemik om konfrontasie uit te lok.

⁶² Macfarlane, N., p. 115.

⁶³ Cameron, D., **Barbed Wire Boks**, p. 11.

⁶⁴ Hayden, A., **Boots and All**, p. 194.

⁶⁵ Meurant, R., p. 24.

⁶⁶ Claassen, W., **More than just rugby**, p. 217.

⁶⁷ Daar word selfs in Nieu-Seeland bespiegel dat die betogers deur anti-apartheidsgroeperinge betaal is om teen die toer te betoog. **Try Freedom.**

⁶⁸ **New Zealand Herald**, 24 Julie 1981.

Hulle is gedurende die wedstryd met allerlei voorwerpe gegooi en het dienooreenkomstig besluit om voortaan met verskerpte optrede teen die betogers vorendag te kom.

Die tweede wedstryd van die toer, teen Waikato in Hamilton, is afgestel toe 'n groot groep betogers die veld beset het en geweier het om dit te verlaat. Voorts het 'n ligte vliegtuig oor die veld gesirkel en die vlieënier het gedreig om met die vliegtuig in die hoofpawiljoen vas te vlieg indien die wedstryd sou voortgaan. Te midde van die chaos het Wynand Claassen, kaptein van die toerspan, vir dr. Craven, President van SARR, gebel en gevra of die toergroep moet terugkeer na Suid-Afrika. Die reaksie van Craven was 'n uitdruklike opdrag dat die Springbokke met die toer moet voortgaan.⁶⁹ Claassen het die spelers se benadering tot Craven se besluit soos volg saamgevat:

“Ons was dit aan dié mense verskuldig, dus was ons vasbeslote om voort te gaan... maar dit verander niks aan die feit dat die toer nie die ontwrigting werd was nie. As Springbokke moes ons nie op daardie oomblik op daardie plek gewees het nie.”⁷⁰

Uit hierdie opmerking kan duidelik gesien word dat die lede van die toerspan self ongemaklik gevoel het oor die situasie rondom die toer. Hulle was in daardie stadium egter bloot pione in 'n politieke stryd wat beide die Springbokke en die Nieu-Seelandse samelewing negatief gestem het.

Ná die afgestelde wedstryd teen Waikato het dit duidelik nie meer gegaan oor die toer as sodanig nie, maar oor die kwessie van wet en orde. Vreedsame protes is vervang met openbare geweld en ondersteuners van die toer het sogenaamde “hit squads” gevorm om met die betogers af te reken.⁷¹ Die konflik tussen die voorstanders van die toer en die betogers het merkbaar toegeneem. 'n Duidelike toename in polisieoptrede voor en tydens wedstryde was ook sigbaar.

Die gebeure in Hamilton was in meer as een opsig 'n waterskeiding vir die 1981-Springboktoer.

⁶⁹ Griffiths, E., **Die Kapteins**, p. 319

⁷⁰ **Ibid.**

⁷¹ Wolmarans, B., **Die politisering van sportbetrekkings tussen Suid-Afrika en Nieu Seeland met spesiale verwysing na die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland**, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS), p. 169.

Volgens Wolmarans⁷² was die toerspan nou meer vasberade om van die toer 'n sukses te maak. Die spelers was nou nie meer individue nie, maar 'n sterk groepsverband het begin posvat. Die krisissituasie waarin hulle hulself bevind het, het die toergroep as hegte eenheid saamgesnoer.⁷³ Daarby het die Nieu-Seelandse polisiemag besef dat hul trots nou op die spel was. Hul optrede gedurende die oorblywende deel van die toer het daarop gedui dat hulle voorbereid was daarop om die betogers se optrede hok te slaan.⁷⁴ Met hul optrede wou die polisie bewys dat hulle wel wet en orde in Nieu-Seeland kan handhaaf en het hul kwynende aansien by die publiek probeer herstel.

Die Hamilton-debakel het vir die betogers gemengde welslae ingehou. Aan die een kant het hulle 'n morele oorwinning oor die polisie behaal en daardeur bykans die toer gekelder.⁷⁵ Selfs op Robbeneiland, waar verskeie politieke gevangenes gedurende die tagtigerjare aangehou is, is die nuus dat die wedstryd afgelas is met groot vreugde begroet. Eerwaarde Arnold Stofile⁷⁶ het die afstel van die wedstryd bestempel as 'n oorwinning vir almal wat teen die toer gekant is. Die gevoel op Robbeneiland is soos volg saamgevat:

“(the cancellation of the match)..... was a victory to us, because we wanted to change the (apartheid) policy of the country.”⁷⁷

Die afstelling van die wedstryd het Stofile, die *Halt All Racist Tours* aktiviste (HART) en alle ander anti-apartheidsbewegings groot hoop gegee dat die toer finaal afgelas sou word. Die

⁷² Barry Wolmarans het die toer as speler meegemaak en het 'n paar jaar later sy M.A.-graad in Politieke Wetenskap verwerf met 'n verhandeling aangaande die verpolitiserings van sport in Suid-Afrika, met spesiale verwysing na die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland.

⁷³ *Ibid.*, p. 172.

⁷⁴ Na afloop van die Hamilton-voorval het die Nieu-Seelandse polisiemag hergroepeer om te verseker dat die res van die toer sonder soortgelyke voorvalle kon plaasvind. “Operasie Rugby”, die polisie se plan waarvolgens die Springboktoer beveilig en beheer moes word, is weer herbevestig. Cameron, p. 22.

⁷⁵ *Ibid.*, p. 21.

⁷⁶ Stofile is 'n gebore en getoë Oos-Kapenaar. Sedert 1963 is hy lid van die *African Students Association*, 'n frontorganisasie van die ANC en later word hy ook 'n sleutelpersoon van die *United Democratic Front* (UDF) in die Grensstreek. Stofile is egter nie net in die politiek bekend vir sy kampvegterswerk nie. Hy het ook veel gedoen om op die terrein van sport uit te styg. Gedurende die laat sestigerjare en die sewentigerjare was hy kaptein van die Grensrugbyspan en lid die Victoria-Oos Rugbyunie en die Victoria-Oos Sportraad. Stofile was van meet af 'n voorstaander van nie-rassige sport en 'n steunpilaar van SARU. As verteenwoordiger van die UDF is hy in 1984 na Nieu-Seeland waar hy 'n groot rol gespeel het in die planne om die 1985 All Blacktoer na Suid-Afrika te ontwig. Met sy terugkeer na Suid-Afrika is hy vier maande tronk toe gestuur vir sy aandeel in die ontwigting van die toer. [Http://www.anc.org.za/people/stofile_ma.html](http://www.anc.org.za/people/stofile_ma.html)

⁷⁷ Try Freedom.

betogers se suksesverhaal in Hamilton is soos volg saamgevat:

"We have achieved our aim, we have shown our protest by stopping a match. We have shown rugby our strength and our courage. From now on we will march in our thousands in every city, at every match. We may have broken the law at Hamilton, but now we do not need to do that again. We represent thousands, hundreds of thousands, of New Zealanders of all walks of life who see this tour as an expression of apartheid. Our feet will be their voice".⁷⁸

Na afloop van die gebeure in Hamilton kon die betogers met 'n groot mate van sekerheid voel dat hulle genoeg gedoen het om die toer te kelder. Die ongekende uitbarstings in 'n tradisioneel vreedsame Nieu-Seelandse samelewing was, volgens die betogers, genoeg bewys daarvan dat die toer sonder enige verdere samesprekings afgelas moes word.

Die "Red Squad" was woedend oor die nederlaag wat hulle teen die betogers gelei het.⁷⁹ In direkte opdrag van die Kommissaris van die Nieu-Seelandse Polisie, Bob Walton, is die polisie-optrede op die veld tot vreedsame verwydering van betogers beperk. In teenstelling met die "Red Squad" se opleiding om oproer met kragdadige optrede te onderdruk, is hulle aangesê om betogers een-een van die speelveld te dra. Hierdie opdrag is gegee om te verseker dat die beeld van die polisiemag "skoon" bly, aangesin die gebeure wêreldwyd op televisie gebeeldsaai is.⁸⁰ Die "Red Squad" wou graag die nederlaag teen die betogers wreek, en was vasberade dat die toer sonder soortgelyke voorvalle moes voortgaan. Samesprekings na die Hamilton-debakel het tussen die Nieu-Seelandse Polisiehoofde, NZRFU en die Nieu-Seelandse Regering gevolg, en daar is besluit om wel met die toer voort te gaan.

Die res van die toer het plaasgevind onder 'n wolk van oproer en betogings. Verskeie anti-apartheidstrukture en -organisasies, binne sowel as buite Nieu-Seeland, het saamgewerk om die toer te probeer kelder (sien hoofstuk 3). Dit het die Nieu-Seelandse Regering \$ 7.2 miljoen gekos vir polisie-optredes ten einde die veiligheid van die Springbokke te verseker.⁸¹ Betogers het van alternatiewe metodes gebruik gemaak om die wedstryde te ontwrig. Rook-, meel- en

⁷⁸ Cameron, p. 32.

⁷⁹ Cameron, p. 21.

⁸⁰ **Try Freedom.**

⁸¹ Bose, M., *Sporting Colours. Sport and Politics in South Africa*, p. 119.

verfbomme is vanuit die pawiljoene en ligtevliegtuie na die speelveld gegooi. Spelers op die veld se aandag is afgetrek deur betogers wat hulle met spieëltjies probeer verblind het en derduisende fluitjies wat aanhoudend vanuit die pawiljoen geblaas is.⁸² Hierdie vorm van betoging het 'n hoogtepunt bereik met die derde toetswedstryd tussen die Springbokke en die All Blacks in Auckland.

Die toets is voorafgegaan deur grootskaalse protesoptredes teen die aanbieding van die toets in Auckland. Sowat 80% van die inwoners van Auckland was gekant teen die toer⁸³ en daar is verwag dat die betogings skerp sou toeneem met die opbou voor die toetswedstryd in Auckland. Na 'n toer wat reeds 55 dae aan die gang was en sedert dag een deur ongeëwenaarde betogings beproef is, het geeneen van die toerspan of die polisie egter dit wat tydens die derde toets op 12 September 1981 sou plaasvind, verwag nie.

Die "lugaanval" tydens die wedstryd het die mate waarin sport en onsportiewe oproer tydens die Springboktoer saamgesmelt het, uitstekend geïllustreer. 'n Aktivist in 'n ligtevliegtuig het laag oor Edenpark, waar die wedstryd gespeel is, gesirkel, en "meelbomme", rookgranate en brosjures is telkens uit die vliegtuig na die veld geslinger.⁸⁴ Rookgranate is ook deur betogers wat die wedstryd bygewoon het, na die veld gegooi. Die grootste ontwigting is egter veroorsaak deur die laagsirkelende vliegtuig⁸⁵, wat onverstreurd sy rondtes gedoen het terwyl die polisie magteloos van die grond staan en toekyk het.

Toe die All Blackstut, Gary Knight, kort voor die einde van die wedstryd deur 'n meelbom neergevel is, het verskeie Nieu-Seelandse politici en die media die situasie aangegryp om die toer af te maak as "an alien violence spilling over from the rugby field and engulfing New Zealand as a nation."⁸⁶ Selfs in Suid-Afrika het geharde rugbymanne die beeldmateriaal van Knight-wat deur 'n meelbom neergevel word met skok aanskou. Dit het die realiteite bevestig dat Suid-Afrikaanse rugby by 'n kruispad gekom het vanwaar daar nie omgedraai kan word

⁸² Nixon, R., *Homelands, Harlem and Hollywood. South African Culture and the World Beyond*, p. 146.

⁸³ **Try Freedom.**

⁸⁴ Nixon, p. 146.

⁸⁵ Volgens Divan Serfontein het die vliegtuig só laag gevlieg dat die toeskouers op die boonste vlak van die pawiljoen hom met leë bierblikke kon gooi. **Try Freedom.**

⁸⁶ *Ibid.*, p. 147.

nie.⁸⁷ Die gebeure tydens die derde toetswedstryd het die toer op 'n laagtepunt laat eindig, want vanuit verskeie oorde het die besef ontstaan dat die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland 'n reuse skeuring veroorsaak het binne die Nieu-Seelandse samelewing, maar ook wat betref die sportbande tussen die twee tradisionele rugbyvriende, die Springbokke en die All Blacks.

Na afloop van die derde toets som Cameron die toer soos volg op:

"There will never be another tour like it, should there ever be another Springbok visit. But whatever happens, there can never be another test like this one".⁸⁸

Die skokkende realiteite van die toer word bevestig deur Stofile wat sê dit is goed dat die toer wel voortgegaan het, want dit het hopelik die mense van Suid-Afrika en Nieu-Seeland opgevoed met betrekking tot die apartheidsbeleid van die Suid-Afrikaanse Regering.⁸⁹ Wynand Claassen sluit hierby aan deur sy hoop uit te spreek dat die Suid-Afrikaanse politici die gebeure tydens die toer ter harte neem.⁹⁰ Claassen se standpunt was duideklik daarop gemik om die politici se aandag daarop te vestig dat die invloed van apartheid op internasionale sportdeelname nie langer geduld kan word nie. Politieke verandering is noodsaaklik ten einde die onreg wat sportlui aangedoen word, reg te stel.

Die optrede van anti-apartheidsgroeperinge vertel egter net 'n gedeelte van die uitbeelding van die sport-politieke verhouding tydens die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland. 'n Ander realiteit wat in gedagte gehou moet word wanneer daar na die toer gekyk word, is die interne Suid-Afrikaanse politiek, en veral die invloed van verskeie individue wat tydens die toer op Suid-Afrikaanse rugby gehad het.

Na afloop van die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland het verskeie gerugte die rondte gedoen dat die invloed van die Broederbond tydens die toer groot probleme tot gevolg gehad het. Die teenwoordigheid van Errol Tobais, die eerste anderskleurige wat vir die Springbokke gekies is⁹¹, was reeds voor die aanvang van die toer 'n onderwerp van bespreking. Volgens Griffiths het

⁸⁷ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met mnr. Willie Crowther, 22 September 1994, Brethlehem.

⁸⁸ Cameron, p. 223.

⁸⁹ Try Freedom.

⁹⁰ Ibid.

⁹¹ Rugby World, Vol. 2, no. 2, November 1994, p. 34.

'n ongelukkigheid by verskeie Suid-Afrikaanse rugbykenners ontstaan as gevolg van Tobais se insluiting bo ander, blanke spelers wat tydens die proewe getoon het dat hulle goed op vorm was.⁹² Die voorval het 'n duidelike rasse-ondertoon gehad, en dit het ten tye van die toer tot verskeie persoonlike konflikte aanleiding gegee.

As die enigste anderskleurige speler in die toergroep was Tobais vasberade om die meriete van sy keuse te regverdig. Toe hy nie gekies is vir die eerste toetswedstryd nie, het Tobais die saak met die spanbestuurder, Johan Claassen, bespreek. Die gesprek tussen Tobais en Claassen het wyer uitgekring en sterk bewoorde reaksie tot gevolg gehad. Volgens *Nauright* het Claassen teen Tobais te velde getrek as gevolg van sy velkleur en nie soseer oor Tobais se versoek om vir die toetsspan oorweeg te word nie. Claassen het Tobais se versoek om in 'n ander posisie oorweeg te word vir die toets⁹³ afgemaak as "inability of people without proper education to stand up to pressure".⁹⁴ Rob Louw, nog 'n lid van die toerspan, en goeie vriend van Tobais, het Claassen se uitlating gekritiseer deur te sê hy twyfel of Claassen só 'n aanmerking teenoor enige van die blanke spelers in die toergroep sou maak.⁹⁵ Tobais het gedurende die toer heeltyd ongemaklik gevoel en die gevoel gekry dat hy, as gevolg van sy velkleur, nie by die toergroep in pas nie.⁹⁶

Tobais het, na sy woordewisseling met Claassen, die gevoel begin kry dat "...I was too black to play for South Africa against New Zealand".⁹⁷ Sy ongelukkigheid het voortdurend toegeneem namate hy al meer die teiken van die betogers geword het. Die betogers het hom gekritiseer omdat hy, as enigste anderskleurige speler, die rassitiese toer ondersteun het en dit steeds meemaak. Die feit dat al die posstukke wat Tobais vanuit Suid-Afrika ontvang het, reeds oopgemaak is teen die tyd dat hy dit ontvang het, het hom nog meer "homesick" laat voel.⁹⁸ Hy het al hoe meer geïsoleerd gevoel in die toergroep, alhoewel spelers soos Louw en Wynand Claassen hom laat probeer tuisvoel het. Tobais het homself op 'n stadium gedurende die toer

⁹² Griffiths, p. 313.

⁹³ Tobais is senter gekies vir die toerspan, maar wou as losskakel, sy voorkeurposisie, vir die toetse oorweeg word.

⁹⁴ Nauright, p. 142.

⁹⁵ Louw, R., *For the Love of Rugby*, p. 148.

⁹⁶ **Try Freedom.**

⁹⁷ **Ibid.**

⁹⁸ **Ibid.**

gesien as 'n "token selection" en wou met alle mag terugkeer na Suid-Afrika.⁹⁹ Dit het uiteindelik die optrede van dr. Craven geverg om te verseker dat Tobais oortuig word om in Nieu-Seeland aan te bly.¹⁰⁰ Craven het later by geleentheid gesê dat Tobais se insluiting in die Springbokspan die grootste slag geslaan het vir die normalisering van sport in Suid-Afrika en onteenseglik bewys dat alles waarvoor Kleurlinge gestreef het, bereik is.¹⁰¹ Hieruit kan 'n mens aflei waarom dit vir Craven so belangrik was dat Tobais wel in Nieu-Seeland aanbly en die res van die toer voltooi.

Die assistent-bestuurder van die toerspan, Abe Williams, ook 'n Kleurling, het by tye dieselfde frustrasies as Tobais ervaar. Tydens die verwelkoming wat die Maori's vir die toerspan gegee het,¹⁰² het die Maori's 'n spesiale woord van welkom aan Tobais gerig en gesê hy verteenwoordig die belange van 18 miljoen swartes in Suid-Afrika. Williams het in 'n roerende toespraak hierop geantwoord deur te sê:

"No one can tell us what, how or when to do it. Rugby in South Africa is a way of change and it makes me proud, even if I don't have a vote. I will die for South Africa".¹⁰³

Afgesien van die geselligheid waartydens die Maori's die toergroep onthaal het, is Williams nooit toegelaat om tydens perskonferensies die media toe te spreek nie. Hierdie taak is aan Johan Claassen, wat egter veel gemakliker in Afrikaans as in Engels gekommunikeer het, toevertrou.¹⁰⁴ Williams was ook nie lid van die keurkomitee tydens die toer nie, wat die vraag laat ontstaan het wat die doel dan was om hom saam te neem op toer. Soos met die geval van Tobais is daar wyd bespiegel dat Williams se aanstelling as deel van die toerbestuur slegs daarop gemik was om "kleur" te verleen aan die andersins blanke toergroep.¹⁰⁵

Bary Glasspool, bekende Suid-Afrikaanse sportjoernalis, beweer dat die hele kwessie rondom Williams en veral Tobais 'n baie delikate situasie veroorsaak het, want indien Tobais wel

⁹⁹ **Ibid.**

¹⁰⁰ Clayton, K., en C. Greyvenstein, **The Craven Tapse. Doc tells all**, p. 130.

¹⁰¹ Gerber, p. 269.

¹⁰² Die Maori-verwelkoming is later deur Williams bestempel as sy hoogtepunt van die toer, Cameron, p. 55.

¹⁰³ **Try Freedom.**

¹⁰⁴ Cameron, p. 51.

¹⁰⁵ **Try Freedom.**

voortydig sou terugkeer na Suid-Afrika, kon dit die einde van die toer beteken.¹⁰⁶ Vanuit verskeie oorde is daar bespiegel dat die politieke onderstrominge in Suid-Afrika ook verskille tussen individue op die toer tot gevolg gehad het. Alhoewel die Tobais-geval die enigste is waar kleur ter sprake is, het ander voorvalle gedurende die toer sterk daarop gedui dat politieke onderstrominge wel aan die orde van die dag was.

Wynand Claassen het, volgens Griffiths, Tobais met groot vertoon as lid van die span verwelkom, aangesien Claassen "...van nature en oortuiging verlig en baie ver van die Broeders verwyder is".¹⁰⁷ In 'n baie omstrede besluit is Claassen weggelaat uit die span vir die eerste toetswedsryd.¹⁰⁸ Beide Suid-Afrikaanse en as Nieu-Seelandse rugbykenner was geskok deur die besluit om die toerkaptein weg te laat. *Cameron* beklemtoon dat dit reeds vroeg in die toer duidelik was dat Claassen nie die afrigter, Nelie Smith, en bestuurder, Johan Claassen, se eerste keuse as kaptein was nie.¹⁰⁹ Claassen se meer liberale lewensfilosofie word telkens geopper as een van die redes waarom hy nie gekies is vir die eerste toets nie. Daar kan egter baie ander faktore wees wat aanleiding gegee het tot Claassen se weglating. Deur gebruik te maak van die "Broederbond-etiket" was dit vir sommige sportjoernaliste maklik om te probeer aandui dat die invloed van die Broederbond ten tye van die toer sterk aanwesig was binne die toerspan.

Daar is verskillende weergawes van die redes waarom Claassen vir die eerste toets uit die span weggelaat is. In die toergroep self het sommige spelers gedink die feit dat beide Smith en Theuns Stoffberg, wat in Claassen se plek as kaptein vir die toets aangewys is, van die Vrystaat afkomstig is, deurslaggewend was in Smith se besluitneming. Ander spelers was egter meer op die man af en het gevoel dat die invloed van die lede van die toergroep wat ook lede van die Broederbond was iets te doen gehad het met Smith se vasberadenheid om Stoffberg bo Claassen

106

Ibid.

107

Griffiths, p. 313.

108

Dobson, p. 140.

109

Cameron, p. 69.

te kies.¹¹⁰ Die keurkomitee se besluit is selfs deur die All Blacks met verbasing begroet. Andy Dalton, wat die All Blacks in Mourie se afwesigheid gelei het, het die All Blacks se oorheersende siening rondom Claassen saamgevat deur te sê almal het geweet hy moet eintlik speel.¹¹¹ Nadat die Sprinbokke egter die eerste toets verloor het, is Claassen as kaptein vir die laaste twee toetswedstryde van die toer gekies.

Nog 'n voorval wat gedurende die toer wenkbroue laat lig het, was die weglating van Rob Louw uit die toetsspan as gevolg van dissiplinêre redes. Voor die tweede toets het die keurkomitee verskeie veranderinge aan die Springboktoetsspan aangebring. Rob Louw se weglating ten koste van Burger Geldenhuys het nuwe omstredenheid binne die toerspan veroorsaak.

Louw het na afloop van die eerste toets saam met Andy Hayden en ander All Black-spelers besoek lede van die "Red Squad" besoek en tot in die vroeë oggendure gekuier.¹¹² Die daaropvolgende konfrontasie tussen Louw en die toersbestuur het verhoudings tussen 'n groep Springbokke en die toerbeamptes verswak.¹¹³ Alhoewel die keurkomitee van mening was dat Geldenhuys op huidige vorm 'n beter keuse sou wees as Louw, het die gerugte begin versprei dat Louw sy plek in die span verloor het as gevolg van die laatnagpartytjie wat hy saam met verskeie All Blacks bygewoon het. Verdere gerigte wat ook versprei het, is dat Smith en Johan Claassen nie van Louw gehou nie omdat hy Engelssprekend was.¹¹⁴ Nauright bespiegel egter dat dit eerder was dat Louw se vriendskap met Tobais vir sekere lede van die toerbestuur problematies was.¹¹⁵ Die feit dat Louw peetpa was van een van Tobais se seuns¹¹⁶ dien as aanduiding dat hulle inderdaad baie goeie vriende was.

Soos in die geval van Claassen se weglating voor die eerste toets is verskeie weergawes voorgehou as redes vir Louw se weglating. Die verskil in politieke oortuiginge binne die toergroep, sowel as die politieke druk van buite op die toergroep, het progressief bygedra tot

¹¹⁰ Griffiths, p. 323.

¹¹¹ **Ibid.**

¹¹² Hayden, p. 198.

¹¹³ Griffiths, p. 326.

¹¹⁴ **Ibid.**

¹¹⁵ Nauright, p. 142.

¹¹⁶ Louw, p. 149.

die sombere atmosfeer wat soms na aanleiding van die voorvalle binne die toergroep bespeur is. Die verskil tussen spankeuses onder gewone omstandighede en die kies van spanne gedurende die 1981-toer is egter dat die unieke omstandighede van die toer skynbaar veroorsaak het dat elke drama vinig 'n openbare krisis geword het.¹¹⁷ Dat die toerspan egter, ongeag soveel krisisse en politieke druk, karakter kon toon en die toer voltooi het, is opsigself prysenswaardig.

Vir die rekord moet daar gemeld word dat die Springbokke die 1981-toetsreeks met 2-1 verloor het. 'n Omstrede strafskop kort voor die einde van die beslissende derde toets het aan die All Blacks die geleentheid gegee om die toets met 25-22 te wen en sodoende die reeks te red.¹¹⁸ Hierbenewens het die Springbokke tien van hul elf toerwedstryde teen provinsiale en gekombineerde spanne op die toer gewen, terwyl die elfde wedstryd, teen die Maori's, gelykop geëindig het.¹¹⁹ Wat hierdie prestasie so merkwaardig maak is die toestand waarin meeste van die wedstryde plaasgevind het en die konstante druk waaronder die toerspan vir meer as agt weke hulself moes voorberei vir die wedstryde.

Verskeie onnatuurlike gebeure het die toer gekenmerk. So byvoorbeeld moes die Springbokke die aand voor die tweede toets in 'n saal in die hoofpawiljoen van Athletic Park¹²⁰ slaap. Die span het die Vrydagmiddag net ná middagete by die veld aangekom en het eers weer daglig gesien toe hulle die Saterdagmiddag om drie-uur op die veld draf vir die wedstryd!¹²¹ Hulle het hulself hier vermaak deur videos te kyk en snoeker te speel, terwyl die betogers in die duister gehou is oor die toergroep se posisie. 'n Verdere uniekheid aan die situasie is die feit dat die Springbokke, ná al hul ontberinge, die tweede toets met 24-12 gewen het!

Die gebeure rondom die derde toets is nog meer buitengewoon as mens in gedagte hou dat die sogenaamde "meelbomtoets" in uiters ongewone omstandighede plaasgevind het. Soos reeds vroeër aangedui is, was dit juis die buitengewone omstandighede waaronder die toets gespeel is wat rugbylui in Suid-Afrika en Nieu-Seeland laat besef het dat die rugbybande tussen die twee

¹¹⁷ Griffiths, p. 326.

¹¹⁸ Dobson, p. 141.

¹¹⁹ Cameron, p. 237.

¹²⁰ Die tweede toets het te Athletic Park, Wellington, plaasgevind.

¹²¹ Griffiths, p. 326.

lande met die 1981-toer onherroeplike skade berokken is.

Verskeie ander voorbeelde kan genoem word van onnatuurlike voorvalle wat die toer ontsier het en by tye feitlik onmoontlik gemaak het. Wolmarans som die onnatuurlikheid van die toer soos volg op:

“Die atmosfeer waarin die 1981-toer plaasgevind het, was alles behalwe normaal, met die onttrekking van die noodsaaklike dienste deur vakbonde, die verblyf in muurbalbane voor wedstryde, die steun op privaat inwoners vir huisvesting, steun op beskerming deur feitlik die totale Nieu-Seelandse polisiemag, met ander woorde die ontsê van demokratiese reg om sport te beoefen terwyl jy as gas in Nieu-Seeland is”.¹²²

Voeg hierby die teistering van spelers regdeur die toer; die strooi van glasstukke en ander gevaarlike voorwerpe op die speelveld¹²³; konflik tussen die polisie, betogers en rugbyondersteuners, sowel as die ongekende vlaag van oproer regoor Nieu-Seeland gedurende die toer wat verseker het dat die 1981-toer uitstaan as die mees onnatuurlike Springboktoer nog.

Ná afloop van die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland is daar met gemengde gevoelens nabetragting gehou. Andy Hayden het die fisieke en emosionele uitdagings van die toer soos volg opgesom:

“I felt an enormous relief that the chapter of events of the previous two and a halve months were closing. The pages of history could be turned to saner times. That goal had indeed meant more than just a scoreboard victory for New Zealand”.¹²⁴

Die toenemende politieke druk waarmee Suid-Afrikaanse sportspanne oorsee begroet is, het aanleiding gegewe tot Craven se opsomming van die 1981-toer, waartydens hy sê:

“We can’t go abroad without causing chaos. It’s not pleasant to feel as if we’re suffering from a disease.... We live in a world of sick people, weaklings, so-called

¹²² Wolmarans, p. 306.

¹²³ Voor feitlik elke wedstryd het die “bucket brigade” die speelveld gefynkam vir voorwerpe wat die spelers kon beseer. Cameron, p. 27.

¹²⁴ Hayden, p. 205.

leaders, who are intimidated by boycotts".¹²⁵

Craven se opsomming van die probleme rondom die 1981-toer wys duidelik op die frustrasie wat gedurende die tagtigerjare onder Suid-Afrikaanse sportlui begin opbou het. Verskeie sportsoorte in die land het reeds pogings begin aanwend om normalisering van sport in die land te bewerkstellig. Die politieke situasie in die land het egter verseker dat anti-apartheidsbewegings genoeg skietgoed gehad het om Suid-Afrikaanse sport steeds te isoleer.

Ná afloop van die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland kan daar teruggekyk word en verskeie vrae gevra word. Die verloop van die toer het 'n blywende uitwerking op die Nieu-Seelandse en Suid-Afrikaanse samelewings, asook die anti-apartheidsbewegings se versetaksies teen apartheid in sport gehad.

Die NZRFU se uitnodiging aan die Springbokke om 'n toer deur Nieu-Seeland te onderneem is in September 1980 aan die SARR voorgelê. Gedurende dieselfde tydperk het 'n meningspeiling in Nieu-Seeland getoon dat 50% van die Nieu-Seelanders wat deelgeneem het aan die meningspeiling voorstanders van die toer was.¹²⁶ Die Nieu-Seelandse Regering was bewus van hierdie steun vir die toer en wou nie onnodig kiesers verloor deur self te besluit die toer moet afgestel word nie.¹²⁷ Die Nieu-Seelandse Regering se seining van die Gleneagles-ooreenkoms was dat Statebondsregerings sportbande met Suid-Afrika moet "ontmoedig" en nie "weier" nie.¹²⁸ Die finale besluit aangaande die status van die toer het dus vierkantig by die NZRFU gelê. Die Regering was in 'n baie moeilike posisie en het stilweg gehoop dat die NZRFU sal besluit om die toer te kanselleer.¹²⁹ Die Regering het egter geen grootskaalse poging aangewend om te verseker dat die NZRFU wel die regte besluit neem nie. Die toer het voortgegaan, wat tot gevolg gehad het dat Nieu-Seeland na afloop van die toer deur verskeie Statebondslande voor stok gekry is.

Verskeie hoofde van Statebondslande, sowel as protesbriewe vanuit die die Organisasie vir

¹²⁵ **Cape Times**, 7 Desember 1981.

¹²⁶ **Evening Post**, 12 Oktober 1981.

¹²⁷ McKinnon, p. 2.

¹²⁸ **Nieu Zealand Foreign Affairs Review**, Vol. XXXI, no. 2, April-Junie 1981, p. 61.

¹²⁹ McKinnon, p. 22.

Afrika-Eenheid (OAE) het versoek dat die Statebondsvergadering vir finansies, wat in September 1981 in Auckland moes plaasvind, verskuif word.¹³⁰ Die naderende Statebondspele in Brisbane was in gedrang, met moontlike boikotaksies deur verskeie Afrikalande. Indien hierdie boikot sou voortgaan, kon dit verreikende implikasies vir die Nasionale Party-regering in Nieu-Seeland inhou.¹³¹ Hierdie aksies het egter nie plaasgevind nie.

Tydens 'n Statebondsvergadering van die staatshoofde teen die einde van 1981, prys die President van Tanzanië, Julius Nyerere, Nieu-Seeland deur te sê hy dink nie "that any population represented at this meeting has shown such determination against, or such opposition to, sporting links with South Africa as has Nieu Zealand".¹³² Die feit dat betogings in groot mate tydens die Springboktoer plaasgevind het, word deur die sekretaris-generaal van die Statebond, Shridath Ramphal, voorgehou as bewys van Nieu-Seeland se verset teen sportbetrekkinge met Suid-Afrika.¹³³

In Suid-Afrika is die gebeure rondom die toer met gemengde gevoelens ontvang. Suid-Afrika se betrokkenheid by die militêre optrede in Suidwes-Afrika/Angola het vroeg in die tagtigerjare reg oor die wêreld opslae gemaak. Daar is telkens in internasionale koerante verwys na die "obstructive aggressive role that the South African Government is now playing in the Southern Africa region".¹³⁴ Die Suid-Afrikaanse Regering is met groot venyn tereggewys en deur die internasionale media gekritiseer vir hul betrokkenheid in die militêre stryd.

Die gebeure tydens die 1981-Springboktoer het egter alle beriggewing oor Angola van die voorblaaie van meeste van die vooraanstaande dagblaaie gedwing.¹³⁵ Waar die gebeure in Angola voor en ná die toer strykdeur voorbladnuus was, het die dagblaaie ten tye van die toer hul voorblaaie voordurend gewei aan die gebeure in Nieu-Seeland. Die nuus wat deur middel van die dagblaaie, radio en die televisiebeeldsendings na Suid-Afrika oorgestuurd is, was vir Suid-Afrikaners basies die enigste bron van inligting aangaande die gebeure tydens die toer.

¹³⁰ Ibid.

¹³¹ *Nieu Zealand Foreign Affairs Review*, Vol. XXXI, no. 2, April-Junie 1981, p. 56.

¹³² *Evening Post*, 2 Oktober 1981.

¹³³ *Evening Post*, 6 Mei, 1982.

¹³⁴ *Evening Post*, 2 Oktober 1981.

¹³⁵ *Try Freedom*.

Die televisiebeelsending van die 1981-toer het groot problematiek vir die NP-regering in Suid-Afrika ingehou. Die staatsbeheerde Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) het direkte uitsendings vanuit Nieu-Seeland aan die Suid-Afrikaanse publiek gebeeldsaai. Televisie het eers in 1976 in Suid-Afrika posgevat, dus was dit in 1981 die eerste keer dat blanke Suid-Afrikaners die buitelandse versetreaksie teen apartheid in sport eerstehands kon aanskou.¹³⁶ Aangesien dit moeilik is om direkte buitelandse uitsendings te sensor, is die Suid-Afrikaanse kykers gekonfronteer met die konflik tussen die anti-apartheidsbetogers en die Nieu-Seelandese polisie.¹³⁷ Die beeldmateriaal het, gepaardgaande met die teenkanting teen die toer vanuit verskeie plaaslike en internasionaal, veel vermag om addisionele druk op die sportlui in Suid-Afrika te plaas om apartheid as regeringstelsel te veroordeel.

Vir verskeie blanke Suid-Afrikaners was die gebeure gedurende die toer 'n groot morele nederlaag.¹³⁸ Tot voor 1981 is druk op Suid-Afrikaanse sportlui geplaas om veelvolkige sportbeoefening te laat geskied ten einde die sportboikot te beëindig. Alhoewel veel reeds vermag is met veelvolkige sportbeoefening in Suid-Afrika, het gebeure ten tye van die 1981-toer duidelik getoon dat die mikpunt van anti-apartheidsbewegings ten einde die sportboikotte op te hef, verskuif het. Waar groeperinge soos SACOS aanvanklik die afskaffing van apartheid in sport bepleit het, is gelyke politieke regte vir alle Suid-Afrikaners nou as voorwaarde gestel vir die afskaffing van die sportboikotte.

Die ontnugtering wat die 1981-toer vir vele blanke Suid-Afrikaners ingehou het, was 'n morele oorwinning vir die kampvegters teen apartheid. Vir die politieke aktiviste op Robbeneiland was die 1981-toer 'n tweeledige oorwinning. Afgesien van die feit dat die ganse rugbywêreld geruk is deur die optrede van die betogers gedurende die toer¹³⁹, is die All Blacks se reeksoorwinning oor die Springbokke met groot vreugde deur alle nie-blanke rugbyondersteuners in Suid-Afrika begroet.¹⁴⁰ In Nieu-Seeland het anti-apartheidsgroeperinge ook 'n morele oorwinning gevier. Alhoewel daar lank ná die toer steeds druk op die Nieu-Seelandse Regering toegepas is omdat die toer wel toegelaat is, het die anti-apartheidsaktiviste met groot genoegdoening teruggekyk

¹³⁶ Grundhlingh, et al, p. 90.

¹³⁷ Nauright, p. 150.

¹³⁸ Bose, p. 120.

¹³⁹ **Try Freedom.**

¹⁴⁰ Regdeur die apartheidsjare het die swart en Kleurling rugbyondersteuners voortdurend enige span ondersteun wat teen die Springbokke gespeel.

na verskeie geslaagde versetoptredes tydens die toer.

Die sogenaamde "56 dae" het 'n ere-staanplek gekry in die liberale tradisie van aktiewe protesoptredes en ná die toer het verskeie geskifte en fotografiese gedenkwaardighede verskyn wat uitsluitlik op die aktiviste en simpatiseerders van die betogings teen die toer konsentreer het.¹⁴¹ Die aktiviste het besef dat hul optrede teen die toer moontlik genoeg was om te verhoed dat enige Springboktoer na Nieu-Seeland ooit weer sou plaasvind alvorens die politieke situasie in Suid-Afrika nie verander het nie.

Vir SARR was die gebeure tydens die toer baie problematies. 'n Paar maande na afloop van die toer het Craven Nieu-Seeland besoek om te probeer om die verbrokkelende rugbybande met Nieu-Seeland te herstel.¹⁴² Craven se besoek is opgevolg deur 'n besoek van die NZRFU-president, mnr. Ces Blazey¹⁴³, aan Suid-Afrika in Februarie 1982. Só sterk was die band tussen die Suid-Afrikaanse en Nieu-Seelandse rugbyunies, dat die beplande toere vir 1985 (All Blacks) en 1987 (Springbokke) tydens hierdie besoeke steeds op die tafel was.¹⁴⁴ Toenemende druk deur die anti-apartheidsgroepeerings en selfs 'n hofsak sou egter verhoed dat hierdie toere voortgaan.

Die Springboktoergroep het uit Nieu-Seeland teruggekeer met 'n verligte siening aangaande rassegeskille en het opnuut vrae begin vra ten opsigte van verskeie beperkende apartheidswette.¹⁴⁵ Na afloop van die toer het verskeie toerlede, onder wie Wynand Claassen en Rob Louw, hul wedervaringe in Nieu-Seeland in boeke gepubliseer.

Claassen het in sy boek *More than just rugby* sy ongelukkigheid uitgespreek oor die behandeling wat hyself, Louw en Tobias gedurende die toer van die bestuur ontvang het. Sekere lede van die toerbestuur is deur Claassen gebelag as lede van die Broederbond. Claassen het die teenwoordigheid van die Broederbond tydens die toer dan ook voorgehou as die rede

¹⁴¹ McKinnon, p. 25.

¹⁴² *Evening Post*, 26 Oktober 1981.

¹⁴³ Blazey was 'n uitgesproke vriend van Suid-Afrikaanse rugby en was instrumenteel in die IRR se besluit om Suid-Afrika nie gedurende die apartheidsera uit dié liggaam te skors nie, *The Citizen*, 23 Februarie 1998.

¹⁴⁴ Die IRR beplan toere lank vooruit op 'n vasgestelde grondslag en daarom was genoemde twee toere ten tye van Blazey se besoek aan Suid-Afrika in 1982 reeds afgekondig.

¹⁴⁵ *Sunday Times*, 11 Oktober 1981.

vir baie van die konflik wat plaasgevind het tussen die toerbestuur en van die spelers. Dr. Kobus Mostert, 'n huidige senior beampte van die Afrikanerbond, die opvolger van die Afrikaner Broederbond, meen egter dat dit onvanpas was van Claassen om te aanvaar dat sekere lede van die toerbestuur lede van die Broederbond was. Volgens Mostert is Claassen se bewerings nagegaan en is gevind dat sekere van die lede van die toerbestuur wat as Broederbondlede voorgehou is, glad nie eers lede van dié organisasie was nie.¹⁴⁶ Louw se boek, *For the Love of Rugby*, volg min of meer dieselfde strekking as Claassen se boek. Louw probeer sy optrede gedurende die toer regverdig deur te verwys na die uitbuiting van die situasie rondom Tobais en sy vriendskap met Tobais.

Ander lede van die toer, sowel as All Blacks wat in die reeks gespeel het, het later van tyd in outobiografieë hul misnoeë te kenne gegee met die invloed van politiek op die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland. Die politieke toestande en die invloed van die betogers tydens die toer kan gesien word as die vernaamste rede waarom meeste van die spelers ongelukkig was oor die 1981-toer. As daar teruggekyk word in die geskiedenis van wêreldrugby was hierdie toer inderdaad 'n baie uitsonderlike toer en sal die graad van ontwrigting daarvan in die toekoms baie moeilik geëwenaar kan word.

In sy verhandeling sien *Wolmarans* die 1981 as "'n waterskeidingsmoment in die politieke en sportbetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland".¹⁴⁷ Die ander geskrifte wat op persoonlike ondervindinge tydens die toer gegrond is, het die politieke inmenging in die toer veroordeel en genoem dat die spelers self bloot net wou rugby speel en nie wou betrokke raak by die politieke stryd rondom apartheid nie.

Voordat die Springbokke egter kon terugkeer na Suid-Afrika ná afloop van die toer deur Nieu-Seeland, het 'n volgende ontnugtering op hulle gewag. Op aandrang van die SARR het die Springbokke op pad huis toe eers 'n draai gemaak in Amerika om drie wedstryde daar te speel. Die besluit om ná afloop van die uitdagende toer deur Nieu-Seeland, ook nog in Amerika te gaan speel, was 'n duidelike teken dat die SARR deperaat was om toetsteenstaanders vir die

¹⁴⁶ C. Rademeyer-versameling, Transkripsie van gesprek met dr. Kobus Mostert, 8 Oktober 2002, Bloemfontein.

¹⁴⁷ Wolmarans, p. ix.

Springbokke te kry.¹⁴⁸ Met hul aankoms in die VSA het die Springbokke hulle vasgeloop in betogers wat meer militant en gevaarliker as dié in Nieu-Seeland was.¹⁴⁹ Die eerste wedstryd het op 'n Amerikaanse voetbalveld plaasgevind en die tweede een is in die Bleekerstadion, Albany gespeel.

Die probleme rondom die aanbied van die tweede wedstryd het dit duidelik gemaak dat die Springbokke verskeie probleme te wagte kon wees met die derde wedstryd, die toetswedstryd teen die Amerikaanse Eagles. Die voorsitter van die Eastern Rugby Union, mnr. Tom Selfridge, het 'n Amerikaanse Hooggeregshofuitspraak in sy guns verkry om die tweede wedstryd te laat plaasvind.¹⁵⁰ Terwyl die betogers buite die hekke van die stadion betoog het, het die wedstryd voortgegaan. Die omstandighede waarin die toetswedstryd teen die Eagles plaasgevind het, plaas egter die gebeure gedurende die Nieu-Seelandse toer en die eerste deel van die toer deur die VSA totaal in die skadu.

Dié toets sou ook in die Bleekerstadion plaasgevind het, maar as gevolg van veiligheidsmaatreëls is dit met 'n dag vervroeg en op 'n poloveld naby Glenville gespeel.¹⁵¹ Die spelers is in groot geheimhouding met motors na Selfridge se huis geneem waar hulle voor die toets aangetrek het. Hierna is hulle met motors na die poloveld geneem waar die vervroegde wedstryd gespeel is.

Rugbygeskiedenis is gemaak toe slegs 35 toeskouers, 19 polisiemanne, 'n televisiespan en een joernalis die wedstryd bygewoon het.¹⁵² Die Suid-Afrikaanse rugbyskrywers wat die toer meegemaak het, die President van die VSA Rugbyvoetbalvereniging, dr. David Chambers en Don Reardson, die aangewese skeidsregter vir die toets, was almal ewe verbaas om Vrydagaand uit te vind dat die toets reeds die Vrydag plaasgevind het!¹⁵³ Selfs verskeie van die Springbokke wat nie deel was van die toetsspan nie, het nie geweet dat die toets die Vrydag gespeel is nie.

Een van die interresante verhale wat na afloop van die toets vertel is, was die wedervaringe van

¹⁴⁸ Griffiths, p. 336.

¹⁴⁹ Dobson, p. 141.

¹⁵⁰ Griffiths, p. 336.

¹⁵¹ Dobson, p. 141.

¹⁵² Die Springbokke het die toets met 38-7 gewen. Griffiths, p. 337.

¹⁵³ Ibid.

Een van die interessante verhare wat na afloop van die toets vertel is, was die wedervaringe van Thys Burger. Burger, wat as Springbokreserwe deel uitgemaak het van die "geheime" toets, het met hul aankoms by die poloveld gehelp om die rugbypale in te plant. As gevolg van 'n tekort aan beamptes het Burger gedurende die wedstryd opgetree as vlagman, maar hy het gedurende die tweede helfte van die toets as 'n plaasvervanger op die veld gegaan. Om sy dag af te rond het Burger toe ook 'n drie vir die Springbokke gedruk.¹⁵⁴ Burger se verhaal illustreer duidelik die ongewone omstandighede waarin die toets, sowel as die hele toer na die VSA, plaasgevind het.

Opsommend kan die 1981-Springbokktoer na Nieu-Seeland en Amerika met reg gesien word as 'n waterskeidingsera in Suid-Afrikaanse rugby. Teen die einde van 1981 was dit duidelik dat Springbokrugby se posisie ten opsigte van internasionale isolasie besig was om te verdiep.¹⁵⁵ Alhoewel die stryd teen apartheid in sport en apartheid as regeringstelsel reeds lank voor 1981 reeds aan die orde van die dag was, het die 1981-toer 'n nuwe dimensie aan die konflikterende wisselwerking tussen sport en politiek laat ontstaan.

Voor 1981 was daar wel verskeie pogings om Suid-Afrikaanse rugby te isoleer, maar danksy sterk vriendskapsbande met van die IRR-lidlande het Suid-Afrika hierdie aanslag telkens afgeweer. Selfs die Gleneagles-ooreenkom het Suid-Afrikaanse rugby nie gestuit nie en verskeie toere van en na Suid-Afrika het steeds tussen 1977 en 1981 plaasgevind. Die gebeure van die 1981-toer het egter die effek van 'n bak yswater in die gesig van Suid-Afrikaanse rugby gehad. Die koms van televisie het die gebeure tydens die toer in Nieu-Seeland na die huise van vele Suid-Afrikaners gebring. Kinders en jongmense is deur middel van televisie in groot getalle vir die eerste keer werklik in aanraking gebring met konflik. Selfs blanke, volwasse Suid-Afrikaners het nou vir die eerste keer besef dat die buitewêreld 'n baie sterk weersin het in wat in Suid-Afrikaanse politiek aan die gang is.

Die optrede van die anti-apartheidsgroepe gedurende die toer en die wêreldwye reaksie wat dit tot gevolg gehad het, was vir die anti-apartheidsbewegings self 'n aangename verrassing. Die feit dat die toer, na die Hamilton-voorval, steeds voortgegaan het, het nie juis die suksesverhaal

¹⁵⁴ **Ibid.**

¹⁵⁵ Dobson, p. 142.

geloof vir die meeste blanke Afrikaners¹⁵⁶ het die weg gebaan vir toekomstige optredes teen sportbande met Suid-Afrika.

Vanuit 'n Suid-Afrikaanse rugby-oogpunt het die 1981-toer net mooi die teenoorgestelde uitwerking gehad. Tot voor die toer was rugby deur verskeie ander sportlui beny vir hul ononderbreekte verbintenis met internasionale deelname. Met die gebeure tydens die toer het rugby egter nou die middelpunt geword van versetaksies teen apartheid in sport en is die lewensaar tot internasionale rugbydeelname botweg gestaak.

Gepaardgaande hiermee het druk van binne Suid-Afrika op apartheid in sport ook daadwerklik toegeneem. Asof die gebeure rondom die 1981-toer nie genoeg was om Suid-Afrikaanse rugby permanente skade aan te rig nie, was die volgende rugbykrisis, die geskilpunt rondom die Cravenweek, steeds aan die broei.

Die invloed van die Cravenrugbyweek

Die Cravenrugbyweek het sy ontstaan te danke aan die gedagte dat 'n nasionale rugbyweek vir hoërskole, soortgelyk aan krieket se Nuffieldweek¹⁵⁷, in Suid-Afrika ingestel moes word. Volgens Pretorius maak verskeie rugbylui daarop aanspraak dat hulle eerste met dr. Craven gesels het aangaande die instelling van só 'n rugbyweek.¹⁵⁸ Ongeag die inisiatiewe wat gelei het tot die ontstaan van hierdie week, het dit as deel van die SARR se 75ste Jubileumjaar in 1964 tot stand gekom. Die eerste nasionale week vir hoërskolerugby, wat op aandrang van Jan Preuyt na Craven vernoem is¹⁵⁹, is in Julie 1964 gehou, met 14 provinsiale skolespanne wat daaraan deelgeneem het.

Daar was van die begin af, veral uit onderwyskringe, sterk teenkanting teen die Cravenweek.

¹⁵⁶ **Try Freedom.**

¹⁵⁷ Die Nuffieldweek, waartydens provinsiale hoërskoolspanne kompeterend teen mekaar meeding, is reeds in 1943 in Pietermaritzburg ingestel. Patridge, T., et al, **The 1988 Protea Cricket Annual of South Africa**, p. 25.

¹⁵⁸ Volgens Pretorius het Jan Preuyt en Piet Malan, beide nou verbonde aan skolerugby in Suid-Afrika, albei daarop aanspraak gemaak dat hulle eerste die gedagte van 'n nasionale hoërskolerugbyweek met Craven bespreek het. Pretorius, I.P.W., **'n Historiese analise van die betekenis van en die geskilpunte rondom die Cravenweek vir Hoërskole as Interprovinsiale rugbykompetisie**, (Ongepubliseerde Ph. D.-proefskrif, UOVS), p. 76.

¹⁵⁹ **Ibid.**, p. 81.

Die kompeterende aard van die week was vir die onderwysers 'n probleem¹⁶⁰, maar Craven het hulle egter verseker dat daar nie van 'n kampioenskap sprake was nie¹⁶¹ en dat die komitee sou verseker dat die ander vrese nie bewaarheid word nie. Die Cravenweek het ook ander, kleiner groeipyne gehad, maar het deur die jare heen gegroei tot die hoogtepunt vir hoërskole op die rugbykalender.

Met die kritiese ontleding wat sedert die sewentigerjare in sommige politieke en akademiese kringe ten opsigte van die beleid van afsonderlike ontwikkeling soos dit deur die NP-regering topegepas is, het verskeie vorms van hervorming begin plaasvind.¹⁶² Hierdie hervormings het verskeie aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing geraak en sport as 'n belangrike sosiaal-kulturele aktiwiteit ook betrek.

Met die affiliasie van SARVF en SARA tot SARR in 1977 het Kleurling en swart rugbyspelers nou meer kanse gehad het om kompetend op alle vlakke in Suid-Afrikaanse rugby mee te ding.¹⁶³ Die Kleurlinge se deelname aan die 1980-Cravenweek was dus 'n direkte uitvloeisel van bogenoemde gebeure. In opdrag van die SARR sou die Kleurlingspan 'n deel uitmaak van die 1980-Cravenweek en en nie net een vertoonwedstryd speel soos wat eers besluit is nie. Preuyt het egter vasgeskop teen die besluit en soos volg daarop gereageer:

“Dit sal indruis teen die gees en identiteit van dié Week, wat 'n pragtige tradisie het. Daar is reeds besluit dat die Bruines geen integrerende deel van dié Week sal wees nie, en sover dit my aangaan bly die Vereniging se vroeëre besluit nog staan”.¹⁶⁴

Die besluit wat Preuyt hier na verwys het, het te doen met die feit dat die Suid-Afrikaanse Hoërskolerugbyvereniging (SAHSRV) in November 1979 besluit het dat die SARVF-span tydens die 1980-Cravenweek 'n vertoonwedstryd teen 'n gekombineerde span van die WP en Boland sou speel. Volgens Preuyt het hy ook nie die mandaat van die vier onderwysdepartemente gehad om die Cravenweek veelrassig te maak nie.

¹⁶⁰ Die grootste vrese by onderwysers was dat dissipline by so groot groep spelers nie gehandhaaf kan word nie, dat dit opvoedkundig verkeerd is om so 'n ophef van skoolkinders te maak, vrese vir provinsialisme en dat die week in 'n soort kampioenskap sou ontaard. **Die Volksblad**, 3 April 1964.

¹⁶¹ **Die Volksblad**, 4 Julie 1964.

¹⁶² Pretorius, p. 304.

¹⁶³ Dobson, p. 136.

¹⁶⁴ **Die Burger**, 5 Februarie 1980.

Preuyt se uitlatings het heftige reaksie tot gevolg gehad en dr. Craven het daarop gereageer deur te sê Preuyt stel die komende toer van die Briste Leeus (in 1980) in gevaar met sy onvanpaste verklaring.¹⁶⁵ Die SARR het probeer om die vure wat rondom die situasie ontstaan het, dood te slaan en Craven het Preuyt na Kaapstad ontbied ten einde die saak te probeer regstel. Ná afloop van die gesprek reik Preuyt 'n persverklaring uit waarin hy om verskoning vra vir sy uitlatings aangaande die deelname van Kleurlinge aan die Cravenweek. Preuyt verdedig sy uitlatings later deur te sê hy het 'n skeuring in skoolgeledere gevrees, aangesien veral die Transvaalse skole konserwatief ingestel was en hy ten alle koste tweespalt in die SAHSRV wou verhoed.¹⁶⁶

Hierdie vrese van Preuyt word deur verskeie dagblaie wat melding maak van 'n moontlike boikot van die Cravenweek gestaaf, aangesien konserwatief denkende ouers en onderwysers nie wou toelaat dat hul kinders en/of spelers teen anderskleuriges deelneem nie.¹⁶⁷ 'n Boikot van die Cravenweek deur die Transvaalse skolespanne sou egter nie slaag nie, aangesien die Transvaalse senior rugby-unies dit nie sou toelaat nie.

Nadat die krisis van 'n moontlike boikot afgeweer is, is uitnodigings aan die Kleurling spanne gestuur om deel te neem aan die 1980-Cravenweek. Die SARVF, die WP en Boland is genader om elk 'n uitnodigingspan na die week te stuur. Kort nadat uitnodigings aan die drie spanne uitgestuur is, het die Transvaalse Onderwysersvereniging (TO) verklaar dat hy gekant is teen gemengde deelname op skoolvlak. Alhoewel die standpunt nie eenparig deur die Onderwysersvereniging aanvaar is nie, het sy voorsitter, prof. Hennie Maree, die rektor van die Onderwyskollege Pretoria, die boodskap sterk uitgedra.¹⁶⁸ Die ander drie provinsiale Onderwysersverenigings het nie dieselfde besware as die TO gekoester nie, maar dit het nie die TO daarvan weerhou om met sy betoog teen 'n veelrassige Cravenweek voort te gaan nie.

Die standpunt en persverklaring van prof. Maree het die Transvaalse leier van die NP, dr.

¹⁶⁵ **Die Volksblad**, 6 Februarie 1980.

¹⁶⁶ Pretorius, p. 322.

¹⁶⁷ **Beeld**, 14 Februarie 1980.

¹⁶⁸ Prof. Maree was 'n hoofbestuurslid van die Transvaalse Nasionale Party en 'n ondersteuner van dr. Andries Treurnicht, Ries, A., en E. Dommissee, **Broedertwis**, p. 85.

Andries Treurnicht, genoodsaak om tydens 'n daaropvolgende NP-vergadering in die kiesafdeling Jeppe verskeie vrae rondom die aangeleentheid te beantwoord. Dr. Treurnicht is vooraf deur Jan Preuyt, Fonnies van der Vyver en dr. Piet Krynauw ingelig dat Craven en die Minister van Nasionale Opvoeding, Sport en Ontspanning, mnr. Punt Janson, druk op hulle toepas om die Cravenweek gemeng te maak.

Hierdie feit dui daarop dat die besluit oor die gemengde deelname aan die Cravenweek nie net deur rugby- en onderwyslui geneem is nie. Die deelname van Janson aan die polemieks dui daarop dat daar regeringsintervensie in die hele saak was.¹⁶⁹ Treurnicht was dus voorbereid op moontlike vrae oor die Cravenweek gedurende die Jeppe-vergadering. Tydens die vergadering is Treurnicht gevra of teen die deelname van 'n Kleurling span aan die Cravenweek gekant was. Hierop het hy soos volg geantwoord:

“Hoekom beywer die rugbymense hulle nie daarvoor om vir die Kleurlinge 'n soortgelyke week te skep nie?”¹⁷⁰

Treurnicht het ook Craven se stelling dat unies wat nie die deelname van die Kleurlinge aan die Cravenweek steun nie, nie kans sal kry om teen die Britse Leeus te speel nie, as blatante afdreiging afgemaak.¹⁷¹ Treurnicht se siening van Craven se stelling het in direkte teenstelling met die SARR se siening rondom die saak gestaan en is 'n duidelike uitbeelding van die afspeel van Suid-Afrikaanse sport en politiek teen mekaar gedurende die tagtigerjare.

Treurnicht se standpunt het wye reaksie tot gevolg gehad, nie net binne sportkringe nie, maar ook in die kabinet, waar dit daartoe bygedra het dat die voortslepende stryd tussen 'n meer konserwatiewe groep en 'n meer gemagtigde groep binne die NP op die spits gedryf is.¹⁷² Die reaksie vanuit die NP-geledere het tot groot konflik binne die Party gelei.

Gedurende sy begrotingsrede in 1981 is aan die Eerste Minister, mnr. P.W. Botha, gevra wat sy beleid is ten opsigte van die Cravenweek was. Botha het hierop geantwoord dat dit 'n saak

¹⁶⁹ Treurnicht, A.P., *Noodlottige Hervorming*, p. 34.

¹⁷⁰ *The Citizen*, 7 Maart 1980.

¹⁷¹ Treurnicht, p. 34.

¹⁷² Heath, M.R., *'n Inhoudsontleding van persberigte oor gemengde skolesport in Suid-Afrikaanse dagblaaie (1979-1982)*, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS), p. 68.

is wat in die hande van die rugby-owerhede, ouers en betrokke spelers tuishoort.¹⁷³ Hiermee het Botha probeer aandui dat die Regering se standpunt is om nie in te meng met die Cravenweek nie, solank daar nie botsings met die landswette is nie, en dat sport oorgelaat moet word aan die sportowerhede.

In Februarie 1981 het die krisis rondom die Cravenweek verder verdiep toe vyftien Oos-Randse skole hulle aan die Cravenweek onttrek het weens besware teen die deelname van Kleurlinge aan die week. Hierdie boikotaksie het egter nie wye steun geniet nie, aangesien die ander streke vanuit die Transvaal¹⁷⁴ hulself ten gunste van Kleurling deelname aan die Cravenweek uitgespreek het. Die kwessie rondom beperkinge ten opsigte van gemengde rugby in Transvaalse skole het wyd uitgekring en die SARR, die Transvaalse Onderwysdepartement en die regse groeperinge binne die NP is daarby betrek.

In 1982 is die aksie van die Oos-Randse skole laat vaar, aangesien die “kulturele protesaksie nou ‘n politieke kleur begin aanneem het” met die stigting van die Konserwatiewe Party (KP) en die skoolhoofde was nie bereid om by ‘n politieke twis, die skeuring in die NP, betrokke te raak nie.¹⁷⁵ Die optrede van die regse groepering binne die NP en later die kerngroep van die KP het Suid-Afrikaanse rugby baie skade berokken in die buiteland. Die feit dat Transvaalse skole tussen 1982 en 1984 nie teen Kleurling spanne meegeding het nie¹⁷⁶, het groot kritiek uit internasionale rugbykringe ontlok. In ‘n dokument wat deur die Australiese Departement van Buitelandse Sake en Handel opgestel is, is die Suid-Afrikaanse rugby geloof vir die vooruitgang wat gemaak is met die ontwikkeling van rugby onder die anderskleurige gemeenskappe. Daar is egter ‘n vraagteken geplaas oor die situasie rondom die Cravenweek en die weiering van die Transvaalse skole om teen Kleurling spanne te speel. Volgens die dokument was daar ook probleme met die samestelling van die spanne met die oog op die Cravenweek. Hierdie probleme word soos volg bewoord:

“In practice, however, reflecting the overall school situation, most of the teams comprise a specific race, but the teams of different races play against each other in the

¹⁷³ Prinsloo, D., ‘n Stem uit die Wildernis. P.W. Botha – Dokumentêre biografie, p. 17.

¹⁷⁴ Noord-Transvaal, Vaaldriehoek, Suidoos-Transvaal, Wes-Transvaal en Verre Noord.

¹⁷⁵ Pretorius, p. 341.

¹⁷⁶ Die Transvaalse Vyftiental is sederet 1982 gekies uit die Engelse privaat skole, en het wel teen die Kleurling spanne gespeel. Die Transvaalse span, bestaande uit spelers van TOD-skole, het nie teen Kleurling spanne gepeel nie. Van Rooyen, Q., Suid-Afrikaanse Rugbyjaarboek 1984, p. 206.

tournament".¹⁷⁷

Die dokument bevraagteken ook die feit dat swart spanne nie toegelaat word om op dieselfde grondslag as die Kleurling spanne aan die toernooi deel te neem nie.

In 1985 is hierdie onderskeid tussen blanke en Kleurling spanne egter beëindig, namate die vooroordeel teen die SARVF-spanne op die Cravenweek begin verdwyn het.¹⁷⁸ Die geleidelike infasering van die SARVF-spanne tot die Cravenweek sedert die begin van die tagtigerjare, het teen 1985 'n hoogtepunt bereik toe daar om gelyke vlak met alle blanke spanne meegeding kon word.

Alhoewel die storm in onderwyskringe rondom die Cravenweek gaan lê het, het dit in politieke kringe steeds voortgewoed. In Oktober 1988 kondig Treurnicht tydens 'n openbare vergadering in Pretoria aan dat nuwe sportliggame gestig gaan word volgens die KP se resepsie. In sy toespraak verwys hy na die Cravenweek en sê dat dit met 'n ander stelsel vervang moet word.¹⁷⁹ Ondanks die besware van die SAHSRV en die Suid-Afrikaanse Laerskole-Rugbyvereniging het Treurnicht se gedagte rondom 'n alternatiewe skole rugbyweek in 1992 beslag gekry.

Die organisasie *Aksie Volkseie Sport*, wat die politieke filosofie van die KP aanhang, het 'n rugbyweek, die *Springbokweek* geloods, waartydens spanne, wat deur die ouers van die skole gekies is, teen mekaar gespeel het.¹⁸⁰ Die verwydering binne skolerugby was vir die SARR 'n groot bron van kommer. Die gebeure gedurende die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland, sowel as die Cravenweek krisis, het Suid-Afrikaanse rugby se beeld in die buiteland baie skade berokken en die gevolg hiervan was dat feitlik geen buitelandse spanne Suid-Afrika tot en met 1992 besoek het nie.

Na die Nieu-Seelandse toer kon selfs die Springbokrugbyspan nie gou weer oorsee gaan toer nie, al was Suid-Afrika steeds deel van die IRR. Die antwoord hierop was om rebelle-spanne

¹⁷⁷ **South Africa Race and Rugby**, Australiese Departement van Buitelandse Sake en Handel, p. 15.

¹⁷⁸ Pretorius, p.350.

¹⁷⁹ **Die Burger**, 27 Oktober 1988.

¹⁸⁰ **Die Volksblad**, 10 Julie 1992.

te oorreed om na Suid-Afrika te kom en hier teen die Springbokke te speel.¹⁸¹ Dit was 'n uitklophou vir rugby in Suid-Afrika. Alhoewel rebelle-toere internasionale mededinging sou verseker, sou dit beteken dat die Springbokke teen tweederangse spanne moes meeding en nie meer met die bestes in wêreldrugby kon saamgesels nie.

Suid-Afrikaanse rugby en die era van rebelle-toere

Bose beskryf die rebelle-era in Suid-Afrikaanse sport as die Krugerrand-era: 'n klomp uitgewekens wat Krugerrande sou gebruik om die dienste van internasionale sportsterre te koop. Hy beskryf dié dilemma voorts soos volg:

"The world's sporting community may have confiscated white South Africa's ball: white South Africa was determined to take away its players".¹⁸²

Ná 1981 het rugby toenemend in politiek verstrengel geraak en geld het 'n groot rol begin speel. Alhoewel daar tussen 1982 en 1984 'n paar rugbytoere na Suid-Afrika onderneem is, het dit al hoe duideliker geword dat druk van buite en die eise van die 1981-toer sy tol begin eis het.

In 1982 en 1984 het die Jaguars van Suid-Amerika weer toere na Suid-Afrika onderneem. In 1982 het die Jaguars die Springbokke geskok deur die tweede toets te wen nadat die Springbokke die eerste een baie gemaklik gewen het. Die 1984-Jaguartoer na Suid-Afrika het slegs plaasgevind as gevolg van Craven se ingryping. Argentinië het al hoe meer anti-Suid-Afrikaans geword en die nuwe demokratiese Regering was gekant teen rugbybande met Suid-Afrika.¹⁸³ Die spelers self het in 'n stemming besluit om na Suid-Afrika te kom en hulle moes Argentinië stil-stil verlaat om te verhoed dat hul toer deur die Regering verongeluk word.

Die toenemende druk teen rugbybande met Suid-Afrika het by die dag duideliker sigbaar geword. Beoogde toere deur Wallis en Frankryk na Suid-Afrika is gekanselleer en spanne wat Suid-Afrika besoek het, was meestal gekombineerde spanne – 'n Vyfnasiesspan wat genooi is vir die opening van die nuut herboude Ellispark, 'n internasionale feesspan wat genooi is om die WP se eeufeesvieringe te herdenk, en verskeie kleiner klubs en gekombineerde spanne.¹⁸⁴ Daar

¹⁸¹ Bose, p. 122.

¹⁸² *Ibid.*

¹⁸³ Dobson, p. 150.

¹⁸⁴ *Ibid.*, p. 144.

is wyd verkondig dat Suid-Afrika steeds internasionale rugbyspanne na die Republiek lok, maar die prys wat Suid-Afrikaanse rugby uiteindelik daarvoor betaal het was verseker nie die moeite werd nie.

Met die koms van die Engelse toerspan na Suid-Afrika in 1984 het Suid-Afrikaanse rugbygeesdriftiges begin hoop dat die probleme van internasionale druk nou iets van die verlede was en dat rugby in Suid-Afrika weer 'n bloeitydperk sou beleef. Die vreugde was egter van korte duur, want die Engelse sou die laaste IRR-lidland wees wat in die tagtigerjare amptelike toetse teen die Springbokke speel.¹⁸⁵ Sedert die samesprekings tussen die Suid-Afrikaanse en Nieu-Seelandse rugby-unies na afloop van die 1981-toer, was alle aanduidings daar dat die beoogde All Black-toer na Suid-Afrika in 1985 wel sou voortgaan. Die toer is deur die Raad van NZRFU goedgekeur en die All Blackspan was reeds vir die toer gekies. In Nieu-Seeland het regs- en verskeie rugbylui egter agter die skerm aan die werk gespring om die toer te probeer stop.

Twee prokureurs van Auckland het regstappe teen NZRFU ingestel op grond daarvan dat die Unie nie in die belang van die Nieu-Seelandse grondwet optree nie.¹⁸⁶ Die Nieu-Seelandse Hoërhof het aanvanklik die aansoek van die hand gewys en talle rugbymal Suid-Afrikaners het geglo die toer steeds sou voortgaan. Die aansoekers het hulle egter tot die Appèlhof gewend en die Hoërhof is verplig om die saak aan te hoor.

Die Regter, J.P. Casey het 'n interdik toegestaan en die toer is afgestel.¹⁸⁷ Eerwaarde Arnold Stofile het 'n leidende rol in die afstelling van die toer gespeel. Stofile is na Nieu-Seeland gebring om in die hof getuienis te lewer oor hoekom die toer nie moes plaasvind nie.¹⁸⁸ Die Suid-Afrikaanse rugbygemeenskap was geskok met die hofuitspraak, en weereens het rugbygebeure ander nuuswaardighede van die koerante se voorblaaie gedwing. Die reaksie van SARR, by monde van Craven, was dat Suid-Afrikaanse rugby sonder die All Blacks nooit dieselfde sou wees nie.¹⁸⁹ Die dag waarop regter Casey sy uitspraak teen toer gegee het, het die

¹⁸⁵ *Ibid.*, p. 150.

¹⁸⁶ Griffiths, p. 355.

¹⁸⁷ Dobson, p. 153.

¹⁸⁸ Bose, p. 161.

¹⁸⁹ Dobson, p. 153.

realiteite van verandering vir Suid-Afrikaanse rugby begin deurskemer.

Volgens Bose kenmerk die afstel van die toer die begin van die druk op blanke rugbyadministrateurs om verandering teweeg te bring.¹⁹⁰ Die afstel van die toer het as groot skok vir die meeste rugbykenners in beide Suid-Afrika en Nieu-Seeland gekom. Alhoewel die All Black-toergroep in groot geheimhouding bymekaar gekom het vir hul geskeduleerde vertrek na Suid-Afrika, het almal steeds bly glo dat die toer wel sou plaasvind. Uit vrees vir moontlike betogings is die toergroep se reisprogram aangepas en in groot geheimhouding beplan. Al die spelers se uitrusting en ander toerusting wat nodig was vir die toer is op 'n vroeëre vlug na Suid-Afrika gestuur en was reeds op die Jan Smuts-lughawe in Johannesburg toe die toer afgelas is.¹⁹¹ Hierdie voorsorgmaatreël is getref om te verseker dat die toergroep Nieu-Seeland met so min moontlik bagasie hoef te verlaat, aangesien die groep nie direk na Suid-Afrika sou vlieg nie.

Die eerste reaksie van blanke rugbylui in Suid-Afrika op die afstel van die 1985-All Blacktoer was, soos met die geval van krieket, om hulle tot die organisering van rebelle-toere na Suid-Afrika te wend. Die eerste van 'n reeks rebelle-rugbytoere na Suid-Afrika is onderneem deur die Kavaliers¹⁹², 'n groep van dertig Nieu-Seelandse spelers, in 1986. Die beplanning vir die rebelle-toer, wat as die Kavaliertoer bekend sou staan, het agter die skerms op dieselfde dag begin wat regter Casey sy uitspraak teen die 1985-All Blacktoer gegee het. Die Kavaliertoer word gesien as die mees omstrede toer nog in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse rugby.¹⁹³ Die toer het die SARR in die warm water laat beland en na afloop van die toer moes Craven die versekering gee dat geen verdere rebelle-toere na Suid-Afrika beplan sou word nie.

Slegs twee lede van die toergroep van dertig was nie in die vorige jaar se beoogde All Black

¹⁹⁰ Bose, p. 181.

¹⁹¹ C. Rademeyer-versameling, transkripsie van gesprek met Michael Owen-Smith, Newcastle, 3 Julie 1994.

¹⁹² Alhoewel die groep feitlik in sy totaliteit uit All Black-spelers bestaan het, kon hulle nie as die All Blacks bekend staan nie, omdat die span sonder die medewete en goedkeuring van NZRFU op 'n nie-ampteklike besoek aan Suid-Afrika was.

¹⁹³ Dobson, p. 155.

toergroep na Suid-Afrika nie¹⁹⁴. Hieruit kan afgelei word dat die 1985-toergroep as geheel genader is om die Kavalierstoer mee te maak. Die reeks is geborg deur Geelbladsye, wat R2,5 miljoen tot die toer bygedra het, die SAUK (R 1,5 miljoen) en Toyota (R 75 000,00).¹⁹⁵ Borgskappe van hierdie omvang was tot in hierdie stadium ongewoon in Suid-Afrikaanse rugby en is 'n duidelike bewys dat die rugbypubliek in Suid-Afrika feitlik enigiets sou doen om internasionale rugby te ervaar.

Die toetsreeks teen die Kavaliers was vir die Springbokke 'n morele oorwinning, aangesien hulle die reeks met 3-1 gewen het.¹⁹⁶ Alhoewel die reeks nie internasionaal amptelike erkenning gekry het nie, was die gevoel onder rugbylui in Suid-Afrika dat die Springbokke met een van die sterkste rugbylande in die wêreld afgereken het. Die oorwinning oor die Kavaliers het Springbokrugby egter in 'n gekkeparadys laat beland waar daar aanvaar is dat die ander sterk rugbyspelende lande soos Australië, die Britse Leeus en die Franse net so desperaat sou wees om teen die Springbokke te speel.¹⁹⁷ Alhoewel die Springbokke tot 'n sekere mate die aandag van die rugbywêreld op hulle gevestig het met hul reeksoorwinning oor 'n feitlik volsterkte All Black-groep, vermom in Kavalierklere, het die toer veel bygedra om Suid-Afrika verder in onguns te bring by die IRR.

In die oë van die buitewêreld was die Kavaliers 'n groep rebelle wat geen amptelike status gehad het nie en aan niemand verantwoording moes doen vir die uitslae van hul wedstryde in Suid-Afrika nie.¹⁹⁸ Met hul terugkeer na Nieu-Seeland is die toergroep deur die bank vir twee toetswedstryde geskors, maar heelparty van die Kavaliers was weer deel van die All Blackgroep vir die Wêreldbekertoernooi die volgende jaar.

Die 1987-Wêreldbekertoernooi het gewys dat Suid-Afrikaanse rugby al hoe meer geïsoleerd geraak het.¹⁹⁹ Die reaksie op die Kavalierstoer van 1986, die aflas van die Britse Leeutoer

¹⁹⁴ John Kirwan het tuisgebly om sy pa te help aansterk na 'n hartaanval en David Kirk het 'n Rhodes-beurs ontvang om in 1986 aan Oxford Universiteit te studeer. *Ibid.*, p. 156.

¹⁹⁵ *Ibid.*, p. 157.

¹⁹⁶ Nauright, p. 93.

¹⁹⁷ Griffiths, p. 377.

¹⁹⁸ *Ibid.*, p. 367.

¹⁹⁹ Die All Blacks het in die finaal met 29-9 teen Frankryk geseëvier. Verskeie All Blacks wat in die finaal gespeel het was die vorige jaar lede van die Kavalierspan wat teen die Springbokke verloor het. **1995 Rugby Wêreldbeker Finaal Amptelike program**, p. 34.

dieselfde jaar²⁰⁰ en die weerhouding van 'n uitnodiging na die 1987-Wêreldbekertoernooi het Springbokrugby op sy knieë gedwing. Terwyl die ander rugbyspelende lande om die Wêreldbeker meegeding het, is daar in Suid-Afrika besef dat die Springbokke nooit weer in 'n amptelike toets sou speel alvorens apartheid op alle terreine van die samelewing vernietig is nie.

Ná afloop van die 1987-Wêreldbekertoernooi het die Australiese-kaptein, Andrew Slack, vergesel van nog 'n Wallabyspeler²⁰¹, David Codey, na Suid-Afrika gereis om met Craven samesprekings te voer ten einde 'n Wallabytoer na Suid-Afrika te reël.²⁰² Die hele Australiese span het aangedui dat hul gretig was om as individue in Suid-Afrika te kom toer, maar Craven het vasgeskop en besluit om die wense van die IRR te eerbiedig. Ná afloop van die Kavalieretoer het die IRR tugmaatreëls ingestel wat voorsiening maak vir die skorsing van enige lidland wat nie toerprosedures volg nie.²⁰³ Die Wallabytoer het nooit plaasgevind nie, maar met hul terugkeer na Australië is Slack en Codey vir twee jaar geskors vir hul pogings om 'n toer na Suid-Afrika te organiseer. Hierdie straf is egter opgehef nadat verskeie senior lede van die Wallabyspan daarteen geïntestueer het.

Die Springbokke het in 1987 en 1988 geen toetswedstryde gespeel nie, maar gedurende 1987 het 'n verdere nie-amptelike toer na Suid-Afrika die SARR tot op die rand van skeuring met die IRR gebring. Die Suidsee Barbarians, bestaande uit spelers van Kanada, Fidji, Tonga en Wes-Samoa, het teen die einde van die 1987-seisoen na Suid-Afrika gekom om in 13 wedstryde hier te speel. Alhoewel die toergroep op een na almal swart spelers was, en meeste van hul wedstryde teen Suid-Afrikaanse "voederspanne"²⁰⁴ gespeel is, is die toer vanuit verskeie oorde gekritiseer.

'n Reisagent in Kaapstad, wat homself as 'n diamantsmous voorgedoen het, het na die Suidsee-

²⁰⁰ Die Britse Tuisunies het besluit om die Gleneagles-ooreenkoms te eerbiedig en het die toer afgelas, Macfarlane, p. 141.

²⁰¹ Die Australiese rugbyspan staan in rugbykringe algemeen bekend as die Wallabies.

²⁰² Slack is reeds in 1986, ten tye van die Australiese rebelle-kriekettoer na Suid-Afrika, in die land om voorbrand te maak 'n moontlike Wallabytoer na Suid-Afrika. Dobson, p. 161.

²⁰³ *Ibid.*, p. 160.

²⁰⁴ Die gedagte rondom voederspanne het reeds vroeg in die tagtigerjare begin en was toegespits op die ontwikkeling van rugby onder agtergeblewe gemeenskappe. Sogenaamde "voederspanne" wat in 1987 teen die Suidsee Barbarians gespeel het, het bestaan uit agt gekluerde spelers en sewe blanke spelers. Dobson, p. 162.

eilande gereis om die spelers vir die toer te werf.²⁰⁵ Eerste Nasionale Bank (ENB) het ingestaan vir die reiskoste van die spelers en die toer het voortgegaan sonder enige noemenswaardige voorvalle. Die feit dat die Suidsee Barbarians nie teen die Springbokke gespeel het nie, het die toer baie afgewater laat voorkom. Die toer het ook verseker dat die IRR se druk op SARR om hul huis in orde te kry, sou toeneem. Die IRR het SARR voor stok gekry en SARR moes belowe dat daar in die toekoms geen toere na Suid-Afrika gereël sal word sonder die toestemming van die IRR nie.

Die toenemende druk op Suid-Afrikaanse rugby, wat na die 1981-toer algaande verdiep het, het uiteindelik sy tol geëis. Craven het besef dat die spel in die land besig was om te stagneer. Alhoewel die Curriebekerstelsel²⁰⁶ van provinsiale rugby tot 'n mate opgemaak het vir die gebrek aan internasionale deelname, het rugby toenemend onder die buitelandse druk begin swig. Die groter unies het tot 'n mate gebaat by die provinsiale kompetisie, maar die plattelandse unies was finansiële swakker daaraan toe as gevolg van die gebrek aan internasionale deelname.²⁰⁷ Die konflik tussen die SARR en die SACOS-geaffilieerde SARU het ook verdiep namate apartheid toenemend op rugby ingespeel het.

Die negatiewe effek van gebeure op die speelveld is opgevolg deur hernieuwe aanslae deur anti-apartheidorganisasies. Op 2 Julie 1988 ontplof 'n kragtige motorbom in 'n systraat langs Ellispark, kort ná afloop van 'n Curriebekerwedstryd tussen Transvaal en die Vrystaat. Twee burgerlikes, wat na afloop van die wedstryd besig was om die stadion te verlaat, is dood in die ontploffing, terwyl 35 toeskouers beseer is.²⁰⁸ Tot en met hierdie ontploffing was die meeste blanke sportondersteuners en toeskouers in Suid-Afrika verwyderd van die fisiese aspek van die aanslag teen apartheid in sport. Die feit dat sport 'n integrale deel geword het van die teiken waarop die stryd teen apartheid hulself ingestel het, het hier 'n sigbare werklikheid vir die algemene blanke publiek geword.

²⁰⁵ C.Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Willie Crowther, 22 September 1994, Bethlehem.

²⁰⁶ Die sterkste provinsiale spanne in die land het jaarliks meegeding om die Curriebeker. As gevolg van die gebrek aan internasionale deelname is die Curriebekerreeks gedurende die sewentiger- en tagtigerjare beskou as die hoogtepunt van die rugbykalender.

²⁰⁷ Agenda: Stellalandse Rugby Unie Beplanningskomiteevergadering, 12 en 13 Junie 1994, p. 13.

²⁰⁸ Johns, S., en R. Hunt Davis Jr, *Mandela, Tambo and the African National Congress. The struggle against apartheid, 1948-1990*, p. 205.

Die eksterne en interne invloede wat op Suid-Afrikaanse rugby inwerk het begin vrugte afwerp toe Craven en Louis Luyt drie maande ná die bomaanval by Ellispark na Harare gaan om met lede van die African National Congress (ANC) en SARU-lede samesprekings te voer.

Samesprekings bring nuwe visie vir Suid-Afrikaanse rugby

Die samesprekings, wat reeds gedurende Maart 1988 in Europa beplan is, was daarop gemik om 'n enkele veelrassige rugby-unie in Suid-Afrika te stig.²⁰⁹ Die ontmoeting tussen die ANC, SARR en SARU is voorafgegaan deur 'n besoek aan Dakar, Senegal in 1987 wat deur die Instituut vir 'n Demokratiese Suid-Afrika (IDASA) georganiseer is.²¹⁰ Onder leiding van dr. van Zyl Slabbert en oud-Springbokrugbykaptein, Tommy Bedford, het verskeie Suid-Afrikaanse sakelui 'n besoek aan die ANC gebring om gesprekke te voer rondom die opheffing van apartheid en die toekoms van Suid-Afrika.

Die buitengewone, geheime vergadering tussen die ANC, SARR en SARU het in Oktober 1988 in Harare plaasgevind. Die ANC-afvaardiging is gelei deur Thabo Mbeki, Alfred Nzo en Steve Tshwete, terwyl Ebrahim Patel die SARU-groep gelei het.²¹¹ Na twee dae van onderhandelinge is 'n ooreenkoms bereik dat die ANC homself daarvoor sou beywer om die verbod op internasionale deelname vir die Springbokke te lig indien rugby in Suid-Afrika op 'n nie-rassige grondslag herstruktureer word.²¹² Hain bestempel die ontmoeting as die begin van die einde van apartheid in rugby. Volgens hom was Mbeki se idee ná afloop van die vergadering die volgende:

“Thabo Mbeki indicated a softening in the ANC's position on the sport and the cultural boycott, stating that while the boycott should be maintained against racist institutions in South Africa, non-racial organisations had to be treated differently.”²¹³

Met hierdie uitspraak het Mbeki eintlik weggetree van die ANC se gedagte dat apartheid eers op alle-terreine van die samelewing vernietig moes word voordat sportbande internasionaal hervat kon word.

²⁰⁹ **Ibid.**

²¹⁰ Idasa is in 1987 gestig met die gedagte om demokrasie voor te hou as 'n alternatief vir outoritarisme, konflik en geweld in Suid-Afrika. Die hoofsaak van IDASA was om vertroue op te bou in die onderhandelingsproses en tussen die konlikerende groepe wat in onderhandeling met mekaar staan.
[Http://www.idasa.org.za.html](http://www.idasa.org.za.html).

²¹¹ Hain, p. 155.

²¹² **Leadership**, vol. 7, no. 5, 1988, p. 9.

²¹³ Hain, p. 155.

Tshwete se eerste ontmoeting met Craven in Harare het 'n positiewe indruk op hom gelaat. Tshwete het Craven gesien as 'n saggeaarde, opregte persoon wat werklik die belange van rugby in Suid-Afrika op sy hart dra. Na die eerste ontmoeting tussen Tshwete en Craven het daar 'n sterk band tussen hulle ontstaan. Tshwete het Craven per geleentheid aan Sam Ramsamy voorgestel met die gedagte dat Craven verdere steun van Ramsamy kon kry vir die saak van Suid-Afrikaanse rugby. Met hulle eerste kennismaking het Craven aan Ramsamy die volgende vraag gevra:

“Are you the little bugger who causes all the problems for us?”²¹⁴

Hierop het Ramsamy bloot gemoedelik gelag en die gesprek het op 'n positiewe trant voortgegaan.

Die vergadering in Harare is vanuit Suid-Afrika met gemengde gevoelens ontvang. Die noodtoestand in die land het veroorsaak dat enige gesprekke met die ANC as onaanvaarbaar gesien is.²¹⁵ Vanuit verskeie kringe is die partye ten sterkste gekritiseer vir hul optrede. Patel is met sy terugkeer na die land deur die veiligheidspolisie ondervra²¹⁶ en Craven, Luyt en Bedford, wat die vergadering help reël het, is deur die Minister van Nasionale Opvoeding, mnr. F.W. de Klerk, uitgekryt as verraaiers.²¹⁷ Konserwatiewe rugbylui het Craven se optrede bestempel as selfsugtig en bloot daarop gemik om te verseker dat die Springbokke in 1989 hul eeufeesjaar kan vier met toetse teen internasionale teenstaanders.²¹⁸ Hain glo egter dat, indien Craven toegelaat is om sy ooreenkoms met die ANC te implementeer, dit 'n geskiedkundige stap vir Suid-Afrikaanse sport sou wees. Craven is egter vanuit die SARR teengestaan en F.W. de Klerk het Craven en Luyt se aksies bestempel as “plunging politics knee-deep into rugby”.²¹⁹ Die momentum wat Suid-Afrikaanse rugby opgebou het ten einde 'n veelrassige beheerliggaam daar te stel, is deur die weerstand daarteen vertraag. Sterk bande is met die Harare-vergadering in 1988 opgebou tussen SARR, SARU en die ANC, maar die konserwatiewe elemente in Suid-Afrikaanse politiek het verseker dat die herstrukturering van

²¹⁴ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Mthobi Tyamzashe, 14 Junie 2002, Johannesburg.

²¹⁵ Dobson, P., *Doc. The life of Danie Craven*, p. 180.

²¹⁶ *Ibid.*

²¹⁷ Bose, p. 187.

²¹⁸ Dobson, *Doc. The life of Danie Craven*, p. 180.

²¹⁹ Hain, p. 156.

Suid-Afrikaanse rugby uiteindelik veel langer sou neem om te gebeur.

In 1989 het die SARR sy eenhonderdjarige bestaan gevier en danksy Craven-hulle se besoek aan Harare die vorige jaar het SARR weer sterk steun in die buiteland ervaar. Gesien teen die agtergrond van die gebeure in Harare het die IRR toestemming verleen dat 'n Wêreldspan na Suid-Afrika kan toer om deel uit te maak van die SARR-eeufeesvieringe. Die positiewe gesindheid teenoor SARR word soos volg deur Britse rugbylui beskryf:

"You should thank dr. Danie Craven for the positive mood towards South Africa. The talks dr. Craven and dr. Louis Luyt held with the ANC in Harare last year made all the difference."²²⁰

Verskeie vooraanstaande rugbylui van oor die hele wêreld, onder wie mnre. Ken Smith en Keith Rowlands, onderskeidelik ondervoorsitter en sekretaris van die IRR, het Suid-Afrika op uitnodiging van die SARR besoek.²²¹ Vir die Suid-Afrikaanse rugbypubliek was die aankoms van die Wêreldspan egter net 'n verskoning sodat die Springbokke weer kon speel.²²² Die span het bestaan uit spelers van ses verskillende lande en, alhoewel daar verskeie sterre in die span was, het niemand hulle enige kans gegun om die Springbokke te klop nie.

Die toerspan is groot bedrae geld betaal om die toer mee te maak. Volgens Brain Moore, die Engelse haker wat die aanbod om te toer van die hand gewys het, het spelers op die toer 'n "Eerste Nasionale Bank-handdruk" van R 230 00,00 elk gekry om die toer mee te maak.²²³ Moore het die aanbod van die hand gewys omdat hy bang was dat hy 'n moontlike vennootskap by 'n prokureurspraktyk in Brittanje kon verloor indien hy die toer sou meemaak.

Soos feitlik al die toere na Suid-Afrika gedurende die tagtigerjare het die toer van die Wêreldspan in 1989 ook hewige internasionale kritiek uitgelok. In Wallis het die toer tot 'n kommissie van ondersoek en aantuigings van 'n toesmeerdery deur die Walliese Rugby Unie gelei.²²⁴ Verskeie internasionale sterre het die aanbod om na Suid-Afrika te toer van die hand

²²⁰ Dobson, P. **Doc. The life of Danie Craven**, p. 181.

²²¹ **Suid-Afrikaanse Panorama**, vol. 34, no. 10, November/Desember 1989, p. 41.

²²² Griffiths, p. 384.

²²³ ENB het die toer geborg. **Die Volksblad**, 28 September 1995.

²²⁴ **Ibid.**

gewys omdat apartheid nog in plek was en die swaard van IRR-skorsing nie heeltemal verdwyn het nie.

Met die toer het die amateurstatus van rugby ook weereens in gedrang gekom. Reeds vroeg in die tagtigerjare was daar sprake dat rugbyspelers betaal word vir hul dienste, iets wat strydig was met die amateurkode van die spel. Toe dit op die lappe kom dat die spelers elk meer as tweehonderd duisend rand betaal is vir hul deelname aan die 1989-toer, het die probleme rondom amateurisme opnuut weer begin opvlam.

Ter afsluiting

Die toer van die Wêreldspan na Suid-Afrika in 1989 het 'n stromagtige dekade in Suid-Afrikaanse rugby afgesluit. Met die aanbreek van die tagtigerjare sou weinig rugbylui in die land kon raai dat die volgende dekade soveel pyn en probleme vir die spel sou inhou. Elke toer waarby die Springbokke betrokke was, in Suid-Afrika of in die buiteland, is met sterk teenkanting begroet. Namate die dekade gevorder het, het internasionale deelname vir die Springbokke al hoe moeiliker geword.

Die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland kan met reg gesien word as die katalisator vir optredes teen apartheid in sport. Die optrede van die betogers tydens die toer was 'n morele oorwinning vir die anti-apartheidsorganisasies regdeur die wêreld, want dit het die beeld van Suid-Afrikaanse rugby permanente skade aangerig. In die jare wat sou volg is die betogings tydens die 1981-toer gebruik as voorbeeld en basis waarvolgens optredes teen Suid-Afrikaanse sport geskoei moet word. Vir verskeie blanke Suid-Afrikaners het die pogings om Suid-Afrikaanse sport te isoleer eers 'n werklikheid geword met die gebeure gedurende die 1981-toer. Hierdeur het die deursnee blanke Suid-Afrikaner eerstehands kennis gemaak met die buitelandse sieninge rondom die NP-regering se beleid van apartheid, en die beeldmateriaal wat vanuit Nieu-Seeland gebeeldsend is, het skokgolwe deur die meeste Suid-Afrikaanse huishoudings gestuur.

Die teenkanting wat die Springbokke in Nieu-Seeland en Amerika ondervind het, het die weg gebaan vir plaaslike organisasies soos SACOS om opnuut meer druk op Suid-Afrikaanse sport te plaas. Die invloed wat anti-apartheidsorganisasies tydens hierdie toere op Suid-Afrikaanse

rugby, gehad het, het die anti-apartheidsgroeperinge in Suid-Afrika hoop gegee in hul stryd teen apartheid in sport en daar is geglo dat die sportboikot toe meer as ooit met vrug ingespan sou kon word om die ongelykhede in die Suid-Afrikaanse samelewing te beveg.

Rugbylui in Suid-Afrika was van mening dat die boikotte verskeie rugbyspelers gedurende die tagtigerjare daarvan ontnem het om internasionaal deel te neem, maar daar is nie ag geslaan op die swart Suid-Afrikaanse spelers wat as gevolg van hul velkleur nooit hierdie voorreg gehad het nie.

Teen die einde van die tagtigerjare het Suid-Afrikaanse rugby homself in 'n skaakmatsituasie bevind en Craven het besef dat samesprekings die enigste uitweg was om die spel in Suid-Afrika te red. Met sy inhuuldiging as Staatspresident het Nelson Mandela op 10 Mei 1994 melding gemaak van Craven en Luyt se besoek aan Harare in 1988 en hulle daarvoor geprys. As voorbeeld van hoe die politieke klimaat in die land verander het, het Mandela daarop gewys dat F.W. de Klerk, sy nuut aangestelde vise-president, in 1988 die besoek aan Harare veroordeel het en vir Craven en Luyt as verraaiers uitgekryt het.

Craven het deur die samesprekings 'n groot mate van respek by die ANC afgedwing, veral as gevolg van sy openhartigheid en sy opregte ywer ten bate van rugby in Suid-Afrika. Die eerste twee rugbytoetswedstryde wat Suid-Afrika in 1992, ná afloop van die isolasiejare gespeel het, was ook Craven se toedoen. Craven het die National Sports Council (NSC) genader en aan Tshwete en Muleleki George die volgende gesê:

"I am old now, I think I am closer to dying than anything now. I just want these tours".²²⁵

Tshwete was heeltemal simpatiek teenoor Craven, wat volgens Tyamzashe moeg en afgeleef gelyk het tydens die vergadering met die NSC.

Ná afloop van die vergadering met Craven het Tshwete Craven buite laat wag terwyl die NSC oor die saak besluit het. Die besluit is geneem dat die toetswedstryde teen Nieu-Seeland en Australië kon voortgaan, op een voorwaarde – die Suid-Afrikaanse volkslied sou nie voor die wedstryd gespeel word nie. Craven het hiertoe ingestem en die toetswedstryde

²²⁵ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Mthobi Tyamzashe, 14 Junie 2002, Johannesburg..

het voortgegaan. Louis Luyt, in daardie stadium President van die Transvaalse Rugby Unie, het egter amper veroorsaak dat Suid-Afrikaanse rugby se isolasietydperk nog langer voortgaan toe hy eiehandig besluit het om die volkslied wel voor die toetswedstryd op Ellispark, Johannesburg, te laat sing.

Kort nadat de Klerk in 1989 die leierskap van die NP oorgeneem het, is stappe begin neem ten einde politieke verandering in die land te laat geskied.²²⁶ Die drastiese en snelle politieke veranderinge wat teen die einde van die tagtigerjare in Suid-Afrika begin kop uitsteek het, kon nie op 'n beter tydstip vir Suid-Afrikaanse rugby gekom het nie. Alhoewel rugby die eerste van die sogenaamde "establishment"-sportsoorte was wat in onderhandelings met die ANC betrokke geraak het, het krieket rugby voorgespring deur die eerste sportsoort te word om sy hertoetrede tot die internasionale arena te maak.

Die tagtigerjare was donker jare vir rugby in Suid-Afrika. Alhoewel daar gedurende die eerste helfte van die dekade nog internasionale toere na Suid-Afrika was en die Springbokke in die buiteland besoek afgelê het, het die prentjie toenemend verswak. As gevolg van die internasionale boikotte het die mantel al hoe meer op provinsiale rugby begin val om die krag van rugby in die land te toets. Die Curriebekerstelsel het toegeneem in belangrikheid, maar daarmee saam het 'n baie sterk komponent van provinsialisme ontstaan. Gedurende die negentigerjare, ná die Springbokke se terugkeer na internasionale rugby, was dit steeds duidelik dat die nalatenskap van provinsialisme baie negatief ingewerk het op Suid-Afrikaanse rugby. Verskeie Springbokafrigeters van die negentigerjare is daarvan beskuldig dat hulle voorkeur gegee het aan spelers van hul eie provinsies by die kies van die nasionale span.

Voorts het rugby op die platteland ook feitlik gestagneer en die gebrek aan internasionale deelname het verreikende negatiewe finansiële implikasies vir rugby in hierdie gebiede ingehou. In die geheel gesien het Suid-Afrikaanse rugby 'n frustrerende tydperk beleef met die boikotte gedurende die tagtigerjare. Die optrede van Craven en Luyt het egter duidelik getoon dat rugbylui in die land keelvol was vir die wurggreep wat politiek op rugby gehad het. Daadwerklike stappe om hierdie wurggreep te breek, is begin met die besoek aan Harare in

²²⁶ Dobson, *Doc. The life of Danie Craven*, p. 181.

1988. Craven se besondere verhouding wat hy ten tye van hierdie vergadering met veral Steve Tshwete en Muleleki George opgebou het, was deurslaggewend in die onderhandelingsproses wat nog tussen die twee groeperinge sou volg.

Die tagtigerjare hou, juis as gevolg van die ongewone natuur daarvan, gemengde herhinneringe in vir rugbylui in die land. Alhoewel verskeie spelers as gevolg van die boikotte nooit die Springboktrui kon aantrek nie, is hulle dit eens dat dit noodsaaklik was vir veranderinge om plaas te vind ten einde dié sport aanvaarbaar te maak vir alle rasse-groepe. Met die aanvang van die tagtigerjare was rugby nog hoofsaaklik 'n witmansport, maar met verloop van dié dekade het verskeie voorvalle en paradigmaskuiwe verseker dat rugby voortaan 'n heel nuwe beeld in Suid-Afrika sou hê.

Op sý beurt het die veranderinge in Suid-Afrikaanse rugby ook 'n rol gespeel in die verandering van die politieke opset in die land. Die besef het by verskeie politici ontstaan dat daar veral gelet moet word op die veranderinge wat in Suid-Afrikaanse sport besig was om te gebeur. Indien nie, sou hierdie politici die gevaar staan om agtergelaat te word in die strewe na 'n nuwe bedeling vir alle Suid-Afrikaners.

HOOFSTUK 5

KRIEKET EN DIE STRYD TEEN APARTHEID IN SPORT GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE

Alhoewel krieket in Suid-Afrika altyd beskou is as die spel van die Engelssprekende blankes, het dit met verloop van tyd tog nou ingeskakel by die leefwyse van die Afrikaner. Al hoe meer Afrikaanssprekende skole in Suid-Afrika het krieket, naas rugby, as die tweede grootste sportsoort op skolevlak begin identifiseer. Hierdie siening het tot senior en klubvlakke uitgebrei en teen die tagtigerjare was krieket baie sterk verteenwoordigend van beide die Engelssprekende, sowel as die Afrikaanssprekende blankes in Suid-Afrika.

Soos in die geval van rugby, het krieket in Suid-Afrika 'n gedokumenteerde geskiedenis wat oorheers is deur blanke insette. In teenstelling met rugby, wat deur Afrikaanssprekende blankes as hul eie opgeëis is, was Engelssprekende blanke Suid-Afrikaners meer prominent in die ontwikkelingsgeskiedenis van krieket in die land.

Die geskiedenis van krieket onder swartes in Suid-Afrika is egter baie selektief opgeteken. Met nadere studie is dit egter duidelik dat die swart, Kleurling en Asiër gemeenskappe in die land reeds voor, of tergelyktydig met hul blanke landgenote die sport begin beoefen het. Die geskiedenis van dié sportsoort is nie so sorgvuldig opgeteken nie – 'n bydraende faktor tot die gedagte wat soms geopper is dat krieket nie juis deur swartes in Suid-Afrika beoefen is nie.

Die Suid-Afrikaanse Krieket Vereniging is in 1890 gestig met die doel " *(to) foster and develop cricket throughout SouthAfrica*".¹ Met die stigting van die SAKV was dit nie nodig om skeiding op grond van kleur in die grondwet te vervat nie, want maatskaplike tradisie in Suid-Afrika het reeds hierdie skeiding laat plaasvind.² Wedstryde, toere en toernooie is gehou om krieket onder blanke gemeenskappe te bevorder, met

¹ Parker, G.A., *South African Sports: An Official Handbook*, p. 47.

² Nauright, J., *Sport, Cultures and Identities in South Africa*, p. 25.

interkoloniale wedstryde teen blanke spanne van Brits-Betsuanaland en Portugees Oos-Afrika (vandag bekend as Botswana en Mosambiek).

Sedert 1864 is die jaarlikse wedstryd tussen die Britse moederland en die Suid-Afrikaanse kolonie 'n permanente instelling.³ Albei spanne het uitsluitlik bestaan uit blanke spelers. Verskeie blanke spanne vanuit Britse kolonies in Afrika en die Britse Eilande het teen hul Suid-Afrikaanse eweknieë krieket gespeel, terwyl die ontwikkeling van dié sport onder swartes in Suid-Afrika beperk is tot sekere streke. In 1888 is die Curriebekerreeks ingestel waarvolgens blanke provinsiale spanne in Suid-Afrika teen mekaar kon meeding.⁴ Rhodesië is in die 1904/05-seisoen tydelik tot die reeks toegelaat en in 1930 op 'n meer permanente grondslag. Tot en met die 1950s het beide die Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners krieket beskou as 'n Engelse sport. Die feit dat swart krieket in die land gekonsentreerd was op streke onder sterk Britse invloed - die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Natal, bevestig hierdie siening.⁵ Op enkele uitsonderings na, het krieket in die negentiende eeu in Suid-Afrika ontwikkel volgens die maatskaplike strukture van afsonderlikheid. Een van hierdie uitsonderings was die wedstryd in 1854 tussen die "Hottentotte en die Boere Afrikaners" wat volgens oorlewering deur die Hottentotte(sic) gewen is.⁶

Kleurlinge, swartes en Indiërs het aan die einde van die negentiende eeu reeds op gereelde basis krieket beoefen. Opgetekende rekords oor swart krieket toon dat georganiseerde krieket reeds in 1876 gespeel is, met die Kleurlinge as die leidende groep. Hul klubs en organisasie van die spel was van 'n veel beter standaard as dié van swartes en Indiërs⁷ en kompetisies is gereeld in Kimberley, Port Elizabeth en in Kaapstad gehou. In 1902 is die Suid-Afrikaanse Kleurling Krieketraad (SAKKR) gestig. Alhoewel hierdie liggaam van tyd tot tyd deur interne politiek geskeur is, het die SAKKR die ontwikkeling van krieket onder Kleurlinge deur provinsiale kompetisies bevorder.

³ Nauright, p. 27.

⁴ Die Curriebeker is geskenk deur Donald Currie, 'n mynmagnaat van die Castle Shipping Line, wat die seevervoer tussen Engeland en die Kaap voorsien het. Swanton, E.W., en J. Woodcock, *Barclay's World of Cricket: The Game from A - Z*, p. 72.

⁵ Archer, R., en A. Bouillon, *The South African Game. Sport and Racism*, p. 79.

⁶ Bowen, R., *Cricket, a history of its growth and development throughout the world*, p. 227.

⁷ Wilson, M., en A. Majefe, *Langa: a study of social groups in an African Township*, p. 115.

Die ontwikkeling van krieket onder Kleurlinge en swartes gaan hand-aan-hand. Swartes het vroeg in die 1850s reeds begin krieket speel en teen die einde van die negentiende eeu as volwaardige spanne deelgeneem aan toernooie wat gereël is vir swart krieketspanne in die Kaapkolonie. Teen die einde van die negentiende eeu is krieket onder swartes bykans uitsluitlik deur 'n beperkte groep bevoorregtes beoefen.⁸ As gevolg hiervan is die beoefening van krieket onder die swart Suid-Afrikaanse gemeenskap beperk tot die myne. In die Transvaal, byvoorbeeld, was die groot mynorganisasies verantwoordelik vir die ontwikkeling van krieket onder swartes.⁹ Fasiliteite deur die myne daargestel het die swartes help ontwikkel in die speel en administrasie van die spel.

Die maatskaplike en fisiese segregasie van rasse het tussen 1926 en 1932 het 'n wesenlike bydrae gelewer tot die staak van krieketbetrekkinge tussen die Kleurlinge en swartes. In 1926 het 'n aantal swart klubs weggebreek van hul Kleurling bondgenote en die Westelike Provinsie Bantoe Krieket Unie gestig. In 1932 het al die swart krieketklubs wat by die SAKKR geaffilieerd was, weggebreek en die Suid-Afrikaanse Bantoe Krieketraad (SABKR) gestig.¹⁰ Die ses unies van die SABKR het onderling begin meeding om 'n trofee, geskenk deur die Kamer van Mynwese, wat tot in die sewentigerjare as die vernaamste kompetisie onder swart krieketspelers bly bestaan het.

Pas nadat 'n groep Indiërs as arbeiders na Suid-Afrika gebring is, stig hulle in 1896 hul eie krieketunie. Soos in die geval van die swartes, is krieket aanvanklik ook slegs deur 'n beperkte groep Indiërs in Suid-Afrika gespeel. Lidmaatskap van sommige klubs was ook beperk tot sekere gelowe.¹¹ In 1940 is die Suid-Afrikaanse Indiër Krieketunie gestig, met die unies van Transvaal; die Oostelike Provinsie en Natal as lede. Die ontwikkeling van krieket onder die Indiërgemeenskap in Suid-Afrika het onder hierdie liggaam sterk gegroei en is slegs tot 'n geringe mate deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog beperk. Ná die oorlog het die rade van die drie swart krieketunies in Suid-

⁷ Wilson, M., en A. Majefe, *Langa: a study of social groups in an African Township*, p. 115.

⁸ Archer, R., en A. Bouillon, p. 92.

⁹ Odendaal, A., *Cricket in isolation. The politics of race and cricket in South Africa*, p. 307.

¹⁰ Archer, R., en A. Bouillon, p. 92.

byeengekom en kompetisies begin reël tussen die verskillende kleurgroepe.¹² Hieruit het 'n gesamentlike kriketraad, die Suid-Afrikaanse *Cricket Board of Control* (SACBOC), in 1952 ontstaan.

Dié organisasie het bestaan uit al drie die swart kriketspelende groeperinge in Suid-Afrika en hul hoofdoel was die ontwikkeling van krieket onder die swart gemeenskappe in die land. Dit het hier nie meer gegaan oor die afsonderlike beoefening en ontwikkeling van die sport binne die verskeie kleurgroepe in die land nie, maar 'n gesamentlike poging om apartheid binne Suid-Afrikaanse krieket te probeer beveg. Met die stigting van SACBOC is die minderheidsgroepe in krieket dus verenig en het hulle voortaan saamgewerk om druk op die blanke groeperinge binne die sportsoort te plaas ten einde apartheid in sport te vernietig.

Konflik met die Nasionale Party Regering was aan die orde van die dag en teen die einde van die 1950s was SACBOC een van die toonaangewende partye in die stryd teen apartheid in Suid-Afrikaanse krieket.¹³ Die Basil D'Oliveira-debakel het die weerstand teen blanke kriketoorheersing in Suid-Afrika verder aangevuur en teen 1970 was die stryd teen apartheid in hierdie sport reeds ver gevorder.

Suid-Afrikaanse krieket gedurende die isolasiejare

Vanuit 'n swart perspektief het die D'Oliveira-aangeleentheid sedert die laat sestigjare 'n simbool geword van blanke rassisme in sport.¹⁴ Terwyl die beoefening van krieket onder swartes in Suid-Afrika toenemend beperk is, het die blanke Suid-Afrikaanse span van krag tot krag gegaan. Die span is teen die begin van die sewentigerjare gesien as een van die toonaangewende kriketspelende lande in die wêreld. Mike Procter som hierdie siening-soos volg op:

" On that March day in 1970, I led the South African side off the field at Port Elizabeth after taking 9 wickets in the match to hammer the Australians. That

¹² Odendaal, p. 309.

¹³ Archer, R., p. 93.

¹⁴ *Ibid.*, p. 94.

victory wrapped up the series 4-0 and hardly anyone doubted we were the best side in world cricket".¹⁵

Die ironie van die saak is dat Suid-Afrika ná hierdie toetsreeks twee en twintig jaar moes wag voor hul weer toetskrieket kon speel. Een van die vernaamste redes hiervoor is die feit dat die volgehoue druk op apartheid in Suid-Afrikaanse sport sy tol begin eis het.

In September 1969 is die *Stop the Seventy Tour* (STST) Komitee in Brittanje gestig met die doel om die 1970-Springbokrugbytoer na Brittanje aan bande te lê. Gerugsteun deur anti-apartheidsbewegings, soos Dennis Brutus, SANROC en ander organisasies gekant teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport, het die STST-veldtog groot welslae behaal in hul betogings teen die toer.¹⁶ Die 1970-Springbokrugbytoer na Brittanje het, as gevolg van die geslaagde veldtog en betogings tydens die toer, alombekend geword as die "betogertoer". Die beoogde Springbokkriekettoer na Brittanje later in 1970 is afgelas juis as gevolg van die suksesverhaal van die STST-veldtog tydens die "betogertoer". Die Britse Regering het gevra dat die toer afgelas word, omdat daar gevoel is die veiligheid van die krieketspelers en toeskouers kan nie gewaarborg word nie. Die anti-apartheidsbewegings het 'n morele oorwinning behaal en politiek het uiteindelik sy tol in krieket begin eis.¹⁷

Ontneem van internasionale deelname moes alternatiewe gekry word om krieket in Suid-Afrika te laat voortleef. Grootskaalse veranderinge in Suid-Afrikaanse krieket aangebring om die voortbestaan van die sport buite die internasionale arena te verseker. Kommersiële borgskappe vir die sport was aan die orde van die dag en die instelling van

¹⁵ Procter, M., *South Africa. The years in isolation and the return to international cricket*, p. 9.

¹⁶ Gedurende die voorbereidings van die STST-veldtog het Peter Hain sterk na vore getree as kampvegter in die stryd teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport. Hain het in die jare wat sou volg al hoe meer prominent geraak in sy veldtog teen apartheid in sport. Hain, P., *Sing the Beloved Country. The Struggle for the new South Africa*, p. 51.

¹⁷ Procter, p. 19.

eendagwedstryde¹⁸ het veel vermag om die spel opwindend te hou. Borgskappe van Suid-Afrikaanse Brouerye (SAB) vir die meerdaagse Curriebekerreeks, en die Gillette maatskappy, wat later vervang is deur Datsun, vir die eendagreeks¹⁹, het verseker dat beide die spelers en die toeskouers tot 'n mate vergoed is vir die gebrek aan internasionale deelname.

Terwyl blanke krieketspelers, alhoewel ontnem van internasionale mededinging, steeds hulself kon uitleef in beide meerdaagse en eendagse provinsiale wedstryde, het kwaliteit spelers aan die anderkant van die kleurgrens teleurgesteld toegekyk, want hulle moes tevrede wees met tweederangse fasiliteite en kompetisies. 'n Sprekende voorbeeld hiervan is Omar Henry, 'n Kleurlingkrieketspeler van gehalte, wat tydens die Australiese rebelle-toer in 1986/87 die eerste swart speler geword het wat in Suid-Afrika se nasionale span opgeneem is.²⁰

Met sy debuut in die Suid-Afrikaanse span was Henry reeds aan die verkeerde kant van dertig, maar hy het al gedurende die isolasie-era getoon dat hy oor die nodige kwaliteite beskik om die nasionale span te haal. Henry is in 1980 die eerste keer gekies om vir die provinsiale span van die Westelike-Provinsie (WP) in die Curriebekerreeks te speel. Hyself sien hierdie ervaring soos volg:

“...nothing will live longer in my memory than the day I walked out to the middle at my beloved Newlands in January 1980 to become the first non-white ever to represent Western Province against Transvaal.....Perhaps if I had died after that first Currie Cup game, I would have died happy.”²¹

Henry se insluiting in die WP-span is deur verskeie krieket-administrateurs gesien as die vrug van 'n onderhandelingsproses in Suid-Afrikaanse krieket wat reeds in plek was om

¹⁸ Eendagwedstrydse is ingestel om krieket meer aanskoulik vir die publiek te maak. Waar toets- en eersterangse wedstryde oor onderskeidelik vyf en drie dae beslis is, is eendagse wedstryde beperk tot vyftig of vyf en veertig boulbeurte per span. Dit het tot gevolg gehad dat 'n volledige wedstryd oor een dag beslis kan word, en het 'n groter bywonersyfer tot gevolg gehad. Hierdie wedstryde is eers net gedurende die dag beslis, maar later is aandwedstryde ingestel, wat selfs nog groter toeskouergetalle tot gevolg gehad het.

¹⁹ Archer, p. 94.

²⁰ Cooper, C., et al., *Race Relations in South Africa 1987/88*, p. 281.

²¹ Henry, O., *The man in the middle*, p. 10.

afsonderlike ontwikkeling in dié sportsoort te vernietig. Lede van anti-apartheidsgroeperinge het hierdie skuif egter afgemaak as "*window dressing*". Henry het homself egter bewys deur later sy nasionale kleure te verwerf.

Henry spreek 'n verdere probleem aan as hy verwys na sy speeljare in die Vrystaat²² deur te sê:

"As a coloured guy, when you go into the heart of Afrikaner territory, you have a sense that you are bearding the lion in his own den. That may seem sceptical, but I suppose such feelings are an inevitable consequence of a lifetime of having to battle against an unfair system"²³.

Bogenoemde stelling bewys net weereens die frustrasies waaraan die swart sportlui in die land blootgestel is. Dit sinspeel ook op die feit dat die diskriminerende wetgewing en die maatskaplike standarde van 'n groot persentasie van die blanke Suid-Afrikaners nog nie aangepas het by hierdie soort verandering nie.

Verskeie Suid-Afrikaanse organisasies het min moeite ontsien om deur die skenking van groot fondse provinsiale krieket in Suid-Afrika aan die gang te hou. Nuwe, blanke krikethelde het gedurende hierdie reekse na vore gekom, terwyl krieket onder ander bevolkingsgroepe weens 'n gebrek aan geld feitlik stagneer het. Hierdie neiging was vir kriketspelers aan beide kante van die kleurgrens tot groot nadeel, maar van groter belang was die feit dat die verwydering tussen dié groeperinge algaande vergroot het.

Teen die tagtigerjare is krieket gesien as een van die sterkste boustene van die Suid-Afrikaanse sport, maar dan moet in ag geneem word dat hier verwys word na krieket in die blanke gemeenskap. Die krag van die Suid-Afrikaanse provinsiale kompetisies is soms uit verband uit opgehemel. Daar is gedurende die sewentiger- en vroeg tagtigerjare na die Transvaalse span verwys as die "Mean Team" vanweë die span se goeie rekord en die groot hoeveelheid sterre wat in die span aanwesig was. Hieronder tel name soos Graeme Pollock, Jimmy Cook, Vincent van der Bijl en Clive Rice. Alhoewel hierdie

²² Henry het vroeg in die negentigerjare sy krieket in Bloemfontein gespeel.

²³ Henry, p. 13.

spelers in verskillende tydperke van Suid-Afrika se internasionale deelname wel met die bestes in die wêreld vergelyk is, het 'n gebrek aan internasionale deelname hierdie spelers se werklike potensiaal tot 'n groot mate gedemp.²⁴ Die strawwe interprovinsiale kompetisies het soms die wanpersepsie laat ontstaan dat Suid-Afrikaanse krieket kerngesond is. Gedurende die 1992 Krieket Wêreldbekertoernooi in Australië is die toeskouers begroet met 'n banier waarop die Suid-Afrikaanse span uitgebeeld word as wêreldkampioene in dié sport tussen 1970 en 1992 (Onoorwonne).²⁵ Hierdie stelling is in die buiteland gesien as 'n oordrewe vorm van arrogansie en die Suid-Afrikaners se verwronge idee oor die stand van internasionale krieket.

Met die aanbreek van die tagtigerjare het verskeie wanvoorstellings oor Suid-Afrikaanse krieket voorgekom. Op die oog af was provinsiale krieket in die land kerngesond, want danksy groot borgskappe en die intense kompetisie tussen die vernaamste provinsies het die eendagse- en meerdaagse reekse groot belangstelling uitgelok. By nadere ondersoek sal daar egter gesien word dat die Curriebeker- en Nissanskildreekse soveel opgang gemaak het onder beide spelers en toeskouers, bloot omdat Suid-Afrika op daardie stadium van internasionale kompetisie ontsê is. Die voormalige Engelse krieketkaptein, Graham Gooch, beklemtoon die belangrikheid van interprovinsiale krieket in Suid-Afrika gedurende die tagtigerjare soos volg:

“Inter-provincial rivalry is very fierce and this partisan support evidently gets through to the players, who are made to feel they must win at virtually any cost.”²⁶

Die internasionale boikot teen Suid-Afrikaanse sport het die interne krieketkompetisie baie sterker gemaak en onder die aandag van die toeskouers gebring, maar op die lange duur het dit krieket in die land tot 'n groot mate laat stagneer. Die blanke krieketspelers het deur middel van die provinsiale kompetisies teen mekaar gewedywer, maar

²⁴ Pollock is aan die einde van 1999 aangewys as die Suid-Afrikaanse krieketspeler van die eeu. 'n Interessantheid aangaande hierdie toekenning is dat bykans die helfte van die 10 kandidate vir hierdie toekenning swart was. *Die Volksblad*, 29 Desember 1999.

²⁵ Gedurende die tydperk vanaf 1970 tot 1992 is Suid-Afrikaanse sport aan internasionale isolasie onderwerp. Procter, M, *South Africa. The years in isolation and the return to international cricket*, p. 1.

²⁶ Gooch, G., *Out of the Wilderness*, p.99.

verdeeldheid binne Suid-Afrikaanse sport en die beleid van afsonderlike ontwikkeling het steeds veroorsaak dat weinig of geen krieketkompetisie oor die kleurgrens heen plaasgevind het nie.

Alhoewel daar vanuit krieketgeledere desperate pogings aangewend is om gelyke moontlikhede vir krieketspelers vanuit alle rassegroepe daar te stel, het apartheidswetgewing en buitelandse druk op Suid-Afrika krieket steeds in die wildernis gehou. Gedurende die tagtigerjare is veel gedoen om hierdie probleme vanuit krieketgeledere te probeer aanspreek.

Suid-Afrikaanse krieket by die kruispad

Vir alle praktiese doeleindes het Suid-Afrikaanse krieket in 1968 reeds in die krieketwildernis beland met Eerste Minister John Vorster se aankondiging dat Basil D'Oliviera nie as lid van die MCC-krieketspan in Suid-Afrika welkom sou wees nie.²⁷ Oor die volgende dekade heen het krieketadministrateurs verskeie pogings aangewend om die nasionale struktuur van krieket in die land te normaliseer.

Teen die einde van die sewentigerjare het die Nasionale Party se sportbeleid voorsiening gemaak vir moontlikhede tot gemengde krieket op klubvlak. In Januarie 1976 het 'n groep krieketadministrateurs 'n geskiedkundige vergadering in Johannesburg gehou waarna, onder andere, die volgende verklaring uitgereik is:

"The South African Cricket Board of Control (SACBOC), South African African Cricket Board (SAACB) and South African Cricket Association (SACA) hereby adopt the principle that cricket in South Africa be played on a normal basis under the controlling aegis of one united governing body in South Africa, the name and constitution of which will be agreed on as soon as possible. 'Normal Cricket' shall mean at this stage participation of and competition between all cricketers regardless of race, creed or colour in cricket at Club Level under one provincial governing body."²⁸

²⁷ Crowley, B., *Cricket's Exiles. The Saga of South African Cricket*, p. 129.

²⁸ Odendaal A., *Cricket in Isolation. The politics of race and cricket in South Africa*, p. 41.

Hierdie optrede is gesien as 'n reuse stap in die rigting van die normalisering van krieket, maar ook van sport in die algemeen. Vanuit verskeie oorde is die verklaring in 'n baie positiewe lig gesien. SACOS het dit geprys as 'n aanpassing om by te hou met die veranderende omstandighede en in lyn met SACOS se denkrigting²⁹. Anti-apartheidsaktivis Peter Hain het dit gesien as 'n duidelike teken dat die boikotaksie teen Suid-Afrika begin vrugte afwerp het. Volgens Hain het die bekende hartchirurg, prof. Chris Barnard en dr. Danie Craven, die leiersfiguur van blanke rugby in Suid-Afrika in 1979, erken dat isolasie in sport wel doeltreffend was. Beide het, volgens Hain, getuig dat die boikotaksies teen sport, meer as enigiets anders, veranderinge teweeg gebring het.³⁰ Hain het die pogings in Suid-Afrikaanse krieket geloof en daarop gewys dat krieket in dié land ongesteurd sou kon voortgaan indien hierdie gedagtes geïmplementeer word.

Sam Ramsamy, woordvoerder van SANROC, was egter veel meer skepties oor die vooruitsigte van die normalisering van krieket in Suid-Afrika. As motivering van sy siening het hy gesê:

“...(but) we know white sports officials and the way they have acted previously – not matching words with deeds – and will only believe it when it is done.”³¹

Samesprekings met dr. Piet Koornhof, die Minister van Sport het plaasgevind ten einde die normaliseringsproses op regeringsvlak goed te keur. Terwyl feitlik al die groot krieketunies in die land hul huis in orde gekry het om normale krieketbande te vernuwe, het die Regering gesloer met hul besluit om “gemengde” krieketwedstryde goed te keur. Ten einde laaste het die sportbeleid wat einde 1976 die lig gesien het, voorsiening gemaak vir die speel van “normale”krieket.³² Verskille in interpretasie van sekere aangeleenthede tussen die Minister van Sport en die Departement van Sport ten opsigte van “gemengde sport”, het tot gevolg gehad dat SABCOB ontevrede was oor die terme waarvolgens “normale” krieket beoefen is. SABCOB het uiteindelik besluit om terug te

²⁹ Ibid., p. 42.

³⁰ Beide Prof. Barnard en Dr. Craven het die veldtog teen Suid-Afrikaanse sport voor 1979 hewig gekritiseer. Hain, P., *Sing the Beloved Country. The Struggle for the New South Africa*, p. 93.

³¹ Odendaal, p. 42.

³² Die woord “normaal” verwys hier na die speel van krieket ongeag ras.

val op die vorige stelsel waarvolgens daar binne verskillende kleurgroepe teen mekaar meegeding is. Samesprekings het egter voortgegaan ten einde 'n enkele beheerliggaam in Suid-Afrikaanse krieket daar te stel. Gedurende die tweede helfte van 1977 is die Suid-Afrikaanse Krieket Raad (SAKR) gestig met die doel om samehorigheid in Suid-Afrikaanse krieket te bewerkstellig.

Suid-Afrikaanse krieket het die tagtigerjare betree met die hoop op ontwikkeling van die nuut gestigte beheerliggaam, maar die swaard van apartheid het steeds oor almal se koppe gehang. SACOS het teen die einde van die sewentigerjare begin gebruik maak van die slagspreuk "*No normal sport in an abnormal society*".³³ Alhoewel krieket reeds vordering getoon het op die pad na eenwording, was apartheid steeds 'n struikelblok. Procter beskryf die frustrasies van krieket as politieke speelbal soos volg:

"By 1977 there had been dramatic and welcome changes in the organisation of South Africa's domestic cricket. Yet it would take another 14 years before we were welcomed back. If ever we needed proof that the matter was now a political football, beyond the influence of cricketers and our administration, here it was".³⁴

Die frustrasies binne die Suid-Afrikaanse krieketgeledere het toenemend verdiep. Die Regering se beleid van apartheid is steeds met sterk reaksie begroet, en die toenemende druk van groepe soos SACOS en SANROC het bygedra tot 'n feitlik ondraaglike situasie binne Suid-Afrikaanse sport. Die SACOS-gedagte rondom "*No normal sport in an abnormal society*" is met groot sukses toegepas, en het veroorsaak dat "gemengde" krieket steeds slegs op interprovinsiale vlak beoefen is. Hierdie frustrasies het uiteindelik uitgeloop op 'n reeks rebelle-toere na Suid-Afrika tussen 1982 en 1990. Hierdie toere het verreikende gevolge vir Suid-Afrikaanse krieket ingehou en die struktuur van wêreldkrieket aansienlik beïnvloed.

Suid-Afrikaanse krieket en die era van die rebelle-toere

³³ Hierdie slagspreuk is die breinkind van Hasan Howa, woordvoerder van SABCOB en kampvegter vir gelyke regte in Suid-Afrikaanse sport. Bose, M., *Sporting Colours. Sport and Politics in South Africa*, p. 155.

³⁴ Procter, M., *South Africa. The years of isolation and the return to international cricket*, p. 57.

Die gebeure gedurende die sewentigerjare wat uiteindelik aanleiding gegee het tot die normalisering van krieket in Suid-Afrika aan die einde van dié dekade, het voorts ook aanleiding gegee tot 'n besoek van die Internasionale Krieketraad (IKR) aan die land. In 1979 het 'n IKR-afvaardiging Suid-Afrika op 'n feitesending besoek ten einde die nuwe verwikkelinge in die land se krieket te ondersoek. Die afvaardiging was hoogs tevrede met wat hier gesien is en het in hul verslag onder andere gemeld dat:

“...(we are) greatly impressed by the progress made towards non-racial cricket and the amount of non-racial cricket being played... There is no hindrance to any non-white cricketer playing at the very highest level of the game in South Africa for any reason other than cricket ability”.³⁵

Die IKR se positiewe houding teenoor veranderinge in Suid-Afrikaanse krieket is vanuit krieketgeledere met groot blydschap begroet. Dit is gesien as 'n internasionale erkenning van SAKR as die enigste bestuursliggaam van Suid-Afrikaanse krieket, wat basies beteken dat daar geen apartheid in krieket meer teenwoordig was nie.

Daar was egter ook struikelblokke wat die IKR-verklaring tot nietigheid gestem het. Die feit dat nie een van die swart krieketspelende lande in die wêreld³⁶ deel wou uitmaak van die IKR-afvaardiging nie, het aan die verklaring minder kredietwaardigheid verleen.³⁷ 'n Ander probleem was die feit dat die NP-regering se apartheidsbeleid steeds sterk reaksie uitgelok het onder politici in swart krieketspelende lande soos Indië en Wes-Indië. Dit sou dus onmoontlik wees om normale krieketbande met hierdie lande te smee, terwyl politieke verskille steeds onderlinge konflik veroorsaak het. Alhoewel Suid-Afrikaanse krieket, volgens die voorstel van die IKR-afvaardiging in 1979, voldoen het aan die vereiste van totale integrasie, het politieke struikelblokke steeds 'n groot rol gespeel. Juis om hierdie rede het die IKR-afvaardiging voorgestel dat nie-amptelike spanne, sonder die toestemming van die individuele lande, kriekettoere na Suid-Afrika moet onderneem.³⁸ Die IKR het egter nie gehoor gegee aan die afvaardiging se verslag en aanbevelings nie. Tydens die Raad se jaarvergadering in 1979 is Suid-Afrika bloot geprys vir die vordering

³⁵ Macfarlane, N., *Sport and Politics. A World Divided*, p. 119

³⁶ Indië, Wes-Indië en Pakistan.

³⁷ Bryden, C., *Return of the Prodigal. South Africa's cricketing comeback*, p. 20.

³⁸ Macfarlane, p. 118.

wat gemaak is met die integrasieproses in krieket en die saak is daar gelaat.³⁹ Dit het die krieketowerhede in Suid-Afrika tot groot ongelukkigheid gestem en die moontlikheid laat ontstaan dat daar na ander alternatiewe gekyk moet word ten einde internasionale mededinging moontlik te maak.

Hierdie alternatief het vergestaltung gekry in die sogenaamde “rebelle-toere” gedurende die tagtigerjare. Die hele gedagte rondom rebelle-toere is nie oral met ewe groot ywer begroet nie. Die anti-apartheidsbewegings het die toere gesien as bevorderlik vir slegs die blanke krieketspelers in die land en 'n tydelike oplossing teen die sportboikot. 'n Meer aanvaarbare oplossing sou wees om nouer bande tussen swart en wit krieketadministrateurs te ontwikkel en daarna as 'n eenheid te begin streef na internasionale deelname.⁴⁰ Vir die Suid-Afrikaanse krieketowerhede en die blanke toeskouers was dit egter 'n geleentheid tot internasionale deelname; 'n absolute kans wat geneem moes word. Alan Donald beskryf die koms van die Australiese span na Suid-Afrika as "...a godsend to cricket in South Africa".⁴¹ Die Suid-Afrikaanse krieketspelers het, alhoewel hulle deeglik bewus was van die moontlike nagevolg van die rebelle-toere, hierdie kans om internasionaal mee te ding met albei hande aangegryp.

Tussen 1982 en 1990 het sewe toerspanne van vier krieketspelende lande Suid-Afrika besoek om hier teen die nasionale span te speel. Die wedstryde teen spanne van Engeland, Sri Lanka, Australië en Wes-Indië is nie deur die IKR as amptelike toetse erken nie, maar vir vele Suid-Afrikaanse krieketspelers was hierdie toergroepe 'n ondersteuningsbasis vir die ontwikkeling van multi-kulturele krieket in Suid-Afrika.⁴² Die IKR se huiwering om 'n positiewe uitspraak te maak ten opsigte van Suid-Afrikaanse krieket, het tot gevolg gehad dat die rebelle-toere gesien is as die enigste uitweg om gereelde internasionale kompetisie vir die nasionale span te bekom en sodoende

³⁹ Procter, p. 79.

⁴⁰ Woods, D., *World Cricket. Reflections on the 1992 World Cup*, p. 64.

⁴¹ Donald, A., *White Lightning. Alan Donald – The Autobiography*, p. 17. Alhoewel Donald as jong speler teen verskeie van die rebellespanne gespeel het, het hy ná 1990 een van die groot helde van die Suid-Afrikaanse krieketspan geword. Hy is onder alle bevolkings in die land gesien as 'n nasionale held; in só 'n mate dat Nelson Mandela selfs die voorwoord van bogenoemde boek geskryf het.

⁴² Procter, p. 77.

internasionale krieketbande te ontwikkel.

Groot versigtigheid is aan die dag gelê met die reël van die toere. Internasionale sportbyeenkomste soos die Olimpiese Spele en die Statebondspele was voortdurend in die gedrang wanneer Suid-Afrika ter sprake gekom het. Die Gleneagles-ooreenkoms van 1977 het buitelandse regerings op hul tone gehou en verseker dat sportbande met die Republiek tot die minimum beperk is. Hierdie aanslag deur die Statebondslande was egter nie altyd maklik deurvoerbaar nie. Veral Nieu Seeland en die Britse Eilande het steeds volhard in hul sportbande met Suid-Afrika.

'n Sprekende voorbeeld hiervan is die Engelse rebelle-kriekettoer na Suid-Afrika in Maart 1982. Sonder veel publisiteit vooraf, maar met harde werk agter die skerms, het die toerspan van Graham Gooch in Suid-Afrika aangekom. Hierdie toer is regdeur die wêreld met skokgolwe begroet. Met verwysing na die Gleneagles-ooreenkoms het die Britse Eerste Minister, Margaret Thatcher, soos volg gereageer:

“We are signatories to the Glenragles Agreement. We re-affirmed it and we try to uphold its terms....(but) our powers are limited to persuasion. The Test and County Cricket Board did everything with regard to the cricketers who have gone to play in South Africa. We do not, however, have the power to prevent our sportsmen and women from visiting South Africa or anywhere else. If we did we would no longer be a free country”.⁴³

Haarfyn beplanning het die toer voorafgegaan, want binne krieketgeledere is daar terdeë besef dat enige voortydige inligting aangaande die toer juis die hele projek sou kelder. Die reaksie op die bekendmaking van die toer het uiteenlopende reaksie tot gevolg gehad. Binne die Britse Regering was daar sterk verskille oor die toer. As Margaret Thatcher se siening van die toer as die een uiterste van die pool geneem word, kan dié van die skadu-sekretaris van Omgewingsaangeleenthede in die Thatcher-kabinet, Gerald Kaufman, sekerlik die ander uiterste verteenwoordig. Kaufman het die toergroep se optrede gesien as “...(they are) selling themselves for blood-covered Kruger rands”.⁴⁴

⁴³ Macfarlane, p. 121.

⁴⁴ *Ibid.*, p. 138.

Die aankondiging van die toer het 'n rimpeleffek tot gevolg gehad en die 1982 Statebondspele in Brisbane, Australië in gevaar geplaas.⁴⁵ Die rebelle-toer het die verhouding tussen Statebondsregerings en Statebondsport 'n ernstige knou toegedien, en slegs 'n hernieude verbintenis tot die Gleneagles-ooreenkoms en die lidlande se beloftes dat die 1982-Statebondspele nie geboikot sal word nie, het die gemoedere laat kalmeer.

Onder die lede van die rebelle-toerspan was daar weinig twyfel oor die noodsaaklikheid van die toer. Graham Gooch het by navraag oor die noodsaaklikheid van die toer geantwoord:

"We stand by our decision to come and play here. We want to encourage multi-racial sport in South Africa."⁴⁶

Nadat die spelers by hul terugkeer in Engeland 'n skorsing opgelê is, het senior spanlid, Wayne Larkins, sy besluit om die toer mee te maak soos volg verdedig:

"I'm a professional the way the engineers and the industrialists are who visit South Africa.There is no reason why South Africa should not be allowed back into the ICC. The game there is multi-racial and they have a right to feel betrayed."⁴⁷

Uit Larkin se verklaring kom duidelik na vore dat sport, eerder as ekonomiese en handelsbande, met groter sukses aangewend is as sanksies teen Suid-Afrika. In die meeste gevalle het Britse handelsbande met die Republiek bly voortbestaan, maar enige sportverbintenis is met swaar strawwe begroet.

Met hul terugkeer in Brittanje ná die toer is die hele toergroep vir drie jaar uit internasionale krieket geskors.⁴⁸ Twee hoofredes is aangevoer vir die beheerligaam van krieket in Engeland, die *Test and County Cricket Board* (TCCB), se besluit om die

⁴⁵ Gedurende die isolasiejare is die Olimpiese- en Statebondspele en die boikot daarvan voortdurend gebruik as afskrikmiddel vir lidlande wat sportbetrekkinge met Suid-Afrika het.

⁴⁶ Crowley, p. 138.

⁴⁷ Macfarlane, p. 123.

⁴⁸ Procter, p. 81.

skorsing van die toergroep in werking te stel. Hierdie redes is die feit dat twee swart krieketspelende lande, Indië en Pakistan, hul toere na Engeland in 1982 sou kanselleer, en Australië se vrees vir boikotaksies teen die 1982-Statebondspele in Brisbane.⁴⁹ Australië was juis een van die lande wat in 1981 tydens die IKR se jaarvergadering teen Suid-Afrika se hertoelating tot internasionale krieket gestem het. Die aanbieding van die 1982-Statebondspele en die wins wat daarmee gepaard gaan, was vir die Australiese sportbase op daardie stadium van té groot belang om juis tóé in die politiek rondom Suid-Afrikaanse sport betrokke te raak.

Terwyl die Engelse rebelle-toer in die buiteland groot opspraak gemaak het, is dit in Suid-Afrikaanse krieketgeledere met groot blydschap begroet. As gevolg van die feit dat geen staatsfondse gebruik is vir die finansiering van die toer nie⁵⁰, het die SAKR die feit beklemtoon dat die toer onderneem word ten einde "normale" krieket in Suid-Afrika te bevorder. Die IKR se neutrale houding teenoor verandering in Suid-Afrikaanse krieket het die spelers en administrateurs in Suid-Afrika gedwing om hulle na rebelle-toere te wend ten einde internasionaal deel te neem. Procter sien derhalwe die koms van die Engelse soos volg:

"There was no sympathy among our cricketers for the ICC in March, 1982, when Graham Gooch arrived in South Africa with his English team, the first of the rebel tours. We felt the world game's rulers had bought it on themselves by turning a blind eye to the genuine progress made in the previous ten years."⁵¹

Die gevoel onder die meeste krieketspelers en administrateurs was dat die grondslag vir normale krieket in die land reeds gelê is. Die totstandkoming van die SAKR, wat eenvormigheid en samehorigheid in Suid-Afrikaanse krieket voorstaan, dien dus, volgens hulle, as duidelike bewys dat daar geen apartheid in Suid-Afrikaanse krieket meer was nie.

⁴⁹ Ibid.

⁵⁰ Daar was geen direkte staatsfondse betrokke by die finansiering van die toer nie, alhoewel 'n staatsinsentief gedurende die isolasiejare aan groot maatskappye gegee is om hul produkte na die buiteland uit te voer. Fondse wat deur hierdie insentief verkry is, is deur die Suid-Afrikaanse Brouerye aangewend om die toer te finansier. Bose, p. 133.

⁵¹ Procter, p. 78.

Vir die krieketowerhede in die land was die Engelse rebelle-toer dus veel meer as net 'n eenmalige poging tot internasionale deelname. Dit was eerder die begin van 'n reeks toere deur internasionale spanne ten einde Suid-Afrikaanse krieket te ontwikkel en 'n bydrae te maak tot die land se terugkeer na internasionale krieket. Hierdie proses was egter nie die eindproduk van Suid-Afrikaanse krieket se stryd teen apartheid nie, want teen die einde van die tagtigerjare sou rebelle-toere opnuut opspraak verwek midde in die stryd teen apartheid in sport.

Die realiteite van die Engelse rebelle-toer na Suid-Afrika is vasgevang in die feit dat Suid-Afrikaanse sportlui die rigting aangetoon het teen apartheid in sport. Sport het 'n katalisator geword vir maatskaplike verandering in die land. Deur die optrede van die spelers en administrateurs het die meeste diskriminerende stukke wetgewing in krieket reeds verdwyn teen die tyd dat die Gooch-toerspan in die land aangekom het.⁵² Krieket het begin verander en die Regering moes later by hierdie realiteite inval – 'n merkwaardige prestasie as in ag geneem word die negatiewe effek wat afsonderlike ontwikkeling voorheen op sport gehad het.

Die Suid-Afrikaanse Brouerye (SAB) het 'n groot borgskap vir die toer beding en die rebelle het goeie bonusse verdien vir hul deelname aan die toer. Of hierdie geld egter kan vergoed vir die drie jaar skorsing wat die spelers met hul terugkeer in Brittanje opgelê is, is debatteerbaar. Sprake van skorsings is reeds geopper terwyl die span nog in Suid-Afrika was. 'n Groot groep van die Engelse span het daarom ná die toer in Suid-Afrika agtergebly om hier Curriebekerkrieket te speel.⁵³ Die besluit van die kaptein, Graham Gooch, en die draaibouler, John Emburey, om in die WP agter te bly, het opnuut verreikende gevolge ingehou. Emburey was direkte opposisie vir Omar Henry in die WP-span. Henry is na die WP-B span afgeskuif en Emburey is as nommer een draaibouler ingespan.⁵⁴ Henry was nie die enigste slagoffer van die toevloei van rebelle in die plaaslike reeks nie, maar die feit dat hy as Kleurlingspeler groot opgang gemaak het in Suid-Afrikaanse krieket, het groter aandag op sy lot gevestig.

⁵² Ibid., p. 81.

⁵³ Weens hul skorsing uit internasionale krieket, het die spelers die Curriebekerreeks gesien as die beste alternatief om steeds mededingende krieket te speel.

⁵⁴ Henry, p. 125.

Die Engelse toer het nuwe lewe geblaas in Suid-Afrikaanse krieket, want nou kon daar vir 'n plek in die internasionale span gewedywer word. Afgesien hiervan het borgskappe en televisiebeeldsendings van krieketwedstryde en -reekse op provinsiale vlak die hoogte in geskiet. Daar was duidelike tekens dat Suid-Afrikaanse krieket in die toekoms eerder sou toesien dat ontwikkeling plaasvind, as om te wag vir die krummels wat moontlik van die IKR se kant af sou kom.

Alhoewel die Engelse rebelle-toer nie allerweë as 'n sukses beskou is nie, het Suid-Afrikaanse krieket op die veld baie daarby gebaat. Die Suid-Afrikaners het die toetsreeks van drie wedstryde 1-0 gewen, met twee toetse wat onbeslis geëindig het.⁵⁵ Van die veld af het die SAKR finansieël gebaat by die toer en die nuwe lewe wat dit in plaaslike krieketreekse geblaas het. Daar is egter gevoel dat veel meer gedoen moes word om krieket bemerkbaar te maak onder ander bevolkingsgroepe in die land. Die Engelse spelers het ná die toer erken dat hulle meer sou wou doen ten einde sogenaamde *townships* te besoek, maar as gevolg van die politieke omstandighede in die land was dit bloot nie moontlik nie.⁵⁶ Om krieket meer bemerkbaar te maak onder die swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika, is daar besluit dat die volgende rebelle-toer na Suid-Afrika onderneem sou word deur een van die nie-blanke kriketspelende lande, naamlik Sri Lanka.

Volgens Procter was die Sri Lanka-toerspan, wat in Oktober 1982 in Suid-Afrika aangekom het, 'n goeie oefening in openbare betrekkings, weens die feit dat al veertien lede van die toergroep nie-blankes was.⁵⁷ In kriketterme was die toer egter 'n reuse mislukking. Die Sri Lankane was nie opgewasse teen die Suid-Afrikaanse span nie⁵⁸ en die toeskouers het as gevolg hiervan in groot getalle weggebly van die wedstryde af. Die toer was 'n finansiële verleentheid vir die SAKR en het bewys dat die Suid-Afrikaanse krieketpubliek net tevrede sou wees met kwaliteit teenstand. Slegs vyf spelers van die Sri

⁵⁵ Procter, p. 188.

⁵⁶ Bose, p. 134.

⁵⁷ *Ibid.*, p. 83.

⁵⁸ Die Suid-Afrikaanse span het in beide toetse groot beurt oorwinnings behaal. *Ibid.*, p. 190.

Lankaanse toergroep het voor hul toer na Suid-Afrika wel reeds toetskrieket gespeel⁵⁹ en dit het duidelik na vore gekom in die toetswedstryde sowel as in wedstryde teen provinsiale en gekombineerde spanne. Alhoewel die toerspan mildelik vergoed is vir hul verbintenis tot normale krieket in Suid-Afrika, is hulle met hul terugkeer in Sri Lanka vir 25 jaar uit internasionale krieket geskors.

As daar een pluspunt uit die Sri Lankaanse rebelle-toer na vore gekom het, was dit die baanbrekerswerk om 'n swart toergroep na Suid-Afrika te bring. Die deurbraak wat met die Sri Lanka-toer gemaak is, het die weg gebaan vir die reël van 'n Wes-Indiese rebelle-toer na Suid-Afrika vroeg in 1983.

Die Wes-Indiese toer sou in baie opsigte die benadering van swart Suid-Afrikaners ten opsigte van krieket verander. Ten tye van die Engelse en Sri Lankaanse toere het feitlik geen swart toeskouers die wedstryde bygewoon nie. Gedurende die Wes-Indiese toer het swart toeskouers wedstryde begin bywoon en kon hulle hul vereenselwig met swart kriekethelde.⁶⁰ Die swartes se heldeverering van die Wes-Indiërs het daartoe gelei dat die besoekers, eerder as die Suid-Afrikaanse span, plaaslike, swart toeskouers se steun gekry het tydens die toetswedstryde. 'n Rede hiervoor was die feit dat apartheid steeds hoogty gevier het in die Suid-Afrikaanse politiek en die swartes hul eerder kon vereenselwig met die besoekers, wat ook swart was. Die feit dat die Suid-Afrikaanse span "lelieblank"⁶¹ was, het verder bygedra tot dié gevoel onder swartes. Die belangrikheid van die toer lê in hierdie opsig daarin dat die swart Suid-Afrikaners met die koms van die Wes-Indiese toerspan skielik ook belangstelling begin toon het in krieket.

Procter merk hieroor op dat hy oortuig is die Wes-Indiese toer was 'n groot terugslag vir apartheid.⁶² Die toer het getoon dat die hoogste vlak in sport bereik kan word, ongeag kleur, en kindertjies in die swart woonbuurte het tydens hul eie "krieketwedstryde" in die stofstrate die boulaksie van Sylvester Clarke en die kolfaksie van Collis King probeer

⁵⁹ Crowley, p. 142.

⁶⁰ Procter, p. 83.

⁶¹ Namate apartheid in sport ontwikkel het, is daar toenemend na wit sportspanne verwys as "lelieblank" spanne omdat daar geen swartes in die span was nie.

⁶² Procter, p. 84.

naboots. Die toetswedstryde tussen Suid-Afrika en die Wes-Indiërs was die eerste ooit tussen die twee lande⁶³ en is met groot entoesiasme vanuit die Wes-Indiese Eilande gevolg.

Die beplanning rondom die toer is, tradisioneel aan alle rebelle-toere na Suid-Afrika, in die grootste geheimhouding gedoen. Wes-Indiese krieketadministrateurs het Suid-Afrika onder skuilname besoek om die toer te beklink. Hierdie besoeke, wat tydens die Sri-Lanka toer plaasgevind het, het die weg gebaan vir onderhandelinge met die spelers wat genader is om die toer mee te maak. Kodename is gebruik wanneer daar van en met die spelers gepraat en onderhandel is.⁶⁴ Daar was sprake dat telefoongesprekke met die Wes-Indiese spelers afgeluister is, en die Wes-Indiese ambassades is aangesê om op die uitkyk te wees vir die krieketspelers wat moontlik kon aansoek doen vir paspoorte.

Na vele ontkenninge dat die toer wel sou plaasvind, die herskedulering van vlugte en die gebruik van alternatiewe roetes, het die toergroep in middel Januarie 1983 in die land aangekom. Reeds met die bekendmaking van hul aankoms op die Jan Smuts Lughawe, het die Wes-Indiërs uiteenlopende reaksie uitgelok. Die optrede van Malcolm Fraser, Australiese Eerste Minister, word deur Macfarlane beskryf as histories. Fraser het in 'n verklaring geëis dat al die krieketspelers wat die Wes-Indiese rebelle-toer meemaak toegang tot Australië geweier moet word.⁶⁵ Die voorsitter van die Wes-Indiese Krieketraad, Alan Rae, het Fraser se sentimente rondom die toer gedeel en gesê die toer is 'n ramp vir wêreldkrieket.⁶⁶ Soortgelyke menings is geopper vanuit SANROC- en SACOS-geledere, met Hassan Howa wat die SACOS-spreekwoord van "*no normal sport in an abnormal society*" voorgehou het as die rede vir dié liggaam se kondonering van die toer.

⁶³ Die rebelle-toere is nooit erken as amptelike toere nie. Die eerste amptelike toets tussen die twee lande is eers in 1992 gespeel.

⁶⁴ Crowley, p. 143.

⁶⁵ Dit het ingrypende gevolge vir David Murray, die Wes-Indiese paaltjiewagter ingehou, want hy was getroud met 'n Australiese vrou, het 'n kind met Australiese burgerskap en 'n huis in Australië gehad. Macfarlane, p. 123.

⁶⁶ Crowley, p. 144.

Volgens Howa kon blanke krieketadministratoureurs nog nie die feit insien dat die internasionale sportwêreld eers 'n normale samelewing in Suid-Afrika wil sien, voordat sportbetrekkinge hervat word, en nie net normale sport soos gesien deur die blanke krieketadministratoureurs nie.⁶⁷ Hierdie uitspraak van Howa wys duidelik daarop dat daar binne Suid-Afrikaanse sport voortdurende verskille was aangaande die gedagte van "normale" sport en die interpretasie daarvan.

Vanuit die buiteland het verskeie vooraanstaande kriekettydskrifte die toer skerp veroordeel. *The Cricketer* (Pakistan), *The Cricket Player* (Nieu Seeland) en die *Wisden Cricket Monthly* (Brittanje) het in hoofartikels hulself baie sterk teen die toer uitgelaat.⁶⁸ Opposisie teenoor die toer het ook die feit beklemtoon dat dit nie 'n volwaardige Wes-Indiese span was wat in Suid-Afrika kom toer het nie,⁶⁹ maar wel die uitgeworpenes wat nie goed genoeg was om die amptelike span te haal nie.

Al die negatiewe publisiteit kon egter nie die entoesiasme van die krieket-honger Suid-Afrikaanse spelers en toeskouers blus nie. Kaartjies vir die toetswedstryde is lank voor die tyd uitverkoop en beide blanke en nie-blanke toeskouers het die toetse bygewoon. Vir baie van die swart Suid-Afrikaners was die Wes-Indiese span die eerste toerspan waarmee hulle hulself kon vereenselwig. Spelers soos Sylvester Clarke, Franklyn Stephenson en Collis King het spoedig die helde van jong swartmense, oud en jonk, geword. Alhoewel Procter die Wes-Indiese toer sien as 'n groot verleentheid vir apartheid⁷⁰, het die optrede van die blanke krieketbase in Suid-Afrika skerp reaksie uitgelok vanuit die swart krieketgeleedere. Donald Woods, wat voor sy verbanning uit Suid-Afrika as verteenwoordiger van SACBOC⁷¹ geveg het vir gelyke regte in Suid-Afrikaanse krieket, het die rebelle-toere na Suid-Afrika gekritiseer en daarop gewys dat die situasie rondom internasionale kompetisie eerder anders hanteer moes word. Woods het sy standpunt ten opsigte van gelykheid in krieket verdedig deur te sê:

⁶⁷ Ibid.

⁶⁸ Ibid., p. 145.

⁶⁹ Die amptelike Wes-Indiese krieketspan was op daardie stadium op toer in Australië. Henry, p. 126.

⁷⁰ Ibid.

⁷¹ SACBOC was 'n voorstaander vir moratoriums op alle internasionale sport deelname alvorens apartheid nie afgeskaf is nie. Die uitvoerende raad van SACBOC het bestaan uit sewentien lede, waarvan Woods die enigste blanke was.

"Unfortunately the white South African cricket authorities, instead of undertaking serious steps to get significantly closer to the black administrators and to show readiness to follow their lead, embarked on a policy of arranging rebel tours to bypass the boycott."⁷²

Woods het hiermee die gevoel van die meeste anti-apartheidsgroeperinge ten opsigte van die rebelle-toere saamgevat. Die hoofgedagte hierrondom onder die vegters teen apartheid in Suid-Afrikaanse krieket was dat die blanke administrateurs kortsigtig was in hul aanvaarding van die rebelle-toere.

Woods was 'n goeie vriend van Steve Biko, wat in 1977 in polisie-aanhouding oorlede is. Toe Woods ná Biko se dood vrae begin vra het oor die oorsake en omstandighede van sy dood, is hy deur die polisie gearresteer.⁷³ Woods het uiteindelik na Lesotho gevlug waarna hy na die buiteland verhuis het. Dit het later aan die lig gekom dat dr. Piet Koornhof, die Minister van Sport, sy kollegas in die kabinet probeer ompraat het om Woods nie uit die land te verban nie.⁷⁴ Woods en Koornhof het gedurende die sewentigerjare verskeie samesprekings gehad oor die integrasie van krieket in die Grens-omgewing. 'n Interessante voorval wat hieruit spruit is die geval waar Koornhof op die agterkant van 'n leë sigarethouer sy skriftelike goedkeuring gegee het dat die Rainbow Krieket Klub, 'n swart klub, mag deelneem aan 'n veelrassige krieketkompetisie in die Grensprovinsie. Hierdie ooreenkoms is op hierdie wyse beklank, omdat Koornhof nie die ooreenkoms op 'n ministeriële briefhoof wou laat tik nie.⁷⁵

Op die korttermyn het die toere 'n oplossing gebied vir internasionale deelname vir die blanke krieketspelers, maar eintlik het die toere net groter verwydering gebring tussen die verskillende rasse-groepe binne Suid-Afrikaanse krieket. Hierdie is 'n duidelike teken van die desperate pogings vanuit sportgeledere om die juk van sportisolاسie af te skud. Geen langtermynbeplanning het die besluit voorafgegaan nie, maar die Suid-Afrikaanse krieketbase het moedeloos geraak met die IKR se huiwering om die vordering van

⁷² p. 64.

⁷³ Hain, p. 131

⁷⁴ Woods, p. 63.

⁷⁵ Ibid., p. 62.

SAKU ten opsigte van die normalisering van die sport te erken. Dit is ironies dat rebelles-toere, meer spesifiek die Engelse toerspan van Mike Gatting, uiteindelik sou lei tot die totale omwenteling ten opsigte van sportisolasië in Suid-Afrika.

Tydens die Wes-Indiërs se tweede toer na Suid-Afrika die volgende seisoen het hulle die eerste en enigste rebellespan geword om Suid-Afrika in 'n toetsreeks te verslaan. Hulle het ook die eendagreeks teen die tuispan gewen.⁷⁶ Gedurende hierdie toer het die Wes-Indiërs egter ook met die naakte waarheid van apartheid kennis gemaak. Colin Croft, een van die toerspan se snelboulers, het by 'n geleentheid per trein vanaf Nuweland krieketstadion na die Kaapstadse middestad gereis. Croft het in 'n kompartement, wat vir blankes gereserveer is ingestap en is gevra om die trein te verlaat. In 'n soortgelyke voorval het Alvin Kallicharran, Wes-Indiese kolwer van Asiatiese herkoms, saam met 'n blanke vriend in Johannesburg gaan uiteet. Die restaurant waar hulle gaan eet het, het egter geweier om Kallicharran te bedien weens sy velkleur.⁷⁷ Voorvalle soos hierdie het persoonlike verleentheid vir die Wes-Indiërs veroorsaak. Dit het ook hul Suid-Afrikaanse gashere in 'n baie ongemaklike posisie geplaas en die land in 'n baie swak lig geplaas in die buiteland.

Tydens die Wes-Indiese toer is die beginsels van apartheid as regeringsbeleid baie sterk beproef, terwyl die toergroep terselfdertyd die beperkinge wat apartheid in sport daargestel het, stelselmatig help aftakel het. Met hierdie toer het die apartheidstelsel skielik te doen gehad met swart buitelanders wat op hoogste vlak teen Suid-Afrikaanse sportlui kom meeding. Die Wes-Indiërs is in hul eie land, en feitlik al die ander lande waar hul gaan krieket speel het, op die hande gedra vir hul krieketvaardighede en nooit het hul velkleur enigsins teen hulle getel nie. Gedurende hulle toere na Suid-Afrika het hulle vanuit sportgeledere dieselfde heldeverering gekry vir die flamboyante manier waarop hulle die spel speel, maar van die veld af het apartheid sekere beperkings op hulle geplaas.

⁷⁶ Bryden, p. 23.

⁷⁷ Bose, p. 137.

Bose deel Procter se siening dat die Wes-Indiese toer apartheid heelwat skade berokken het. Volgens hom het die Wes-Indiërs die apartheidstelsel voortdurend getoets om te sien hoe buigsaam dit is.⁷⁸ Hiervan is Kallicharran en Croft se konfrontasies met die Suid-Afrikaanse rassebeleid 'n leidende voorbeeld. Die Suid-Afrikaanse samelewing, soos beperk deur apartheidswetgewings, was besig om te verkrummel. Al was die rebelle-toere nie oral met ewe veel entusiasme begroet nie, het dit wel 'n groot rol gespeel om die politieke strukture onder druk te plaas. Die Wes-Indiese span het die krake duidelik uitgewys en die druk wat dit op afsonderlike ontwikkeling in Suid-Afrika geplaas het, het bygedra tot die gevoel onder sportlui in die land dat apartheid in sport se rol uitgedien was.

Ongelukkig was dit nie net sekere aspekte van apartheid wat onder die aanslag van die Wes-Indiërs geswig het nie. Die jare van isolasie het sy merk gelaat op die Suid-Afrikaanse krieketadministrateurs, wat by tye gedurende die Wes-Indiese toere onbeholpe en verroes voorgekom het.⁷⁹ Bose lê hierdie probleme voor die deur van onervarenheid en die gebrek aan internasionale mededinging. Probleme met borgskappe tydens die Wes-Indiese toer en die ooreenkoms tussen die oorsese spelers en SAKR het by tye tot groot ontevredenheid aan beide kante gelei, maar ook hierdie krisis is met verloop van tyd opgelos. Die Suid-Afrikaanse krieketadministrateurs het egter hieruit geleer dat daar nie op internasionale vlak meegeding kan word indien die administrasie van die spel nie ook op peil is nie.

In sy geheel gesien was die Wes-Indiese toere seker die mees suksesvolste van al die rebelle-toere gedurende die tagtigerjare. Dit het swart Suid-Afrikaners in kontak gebring met die sport, 'n groot uitdaging daargestel vir apartheid in die Suid-Afrikaanse samelewing en die krieketspelers en administrateurs laat besef dat daar steeds baie werk gedoen moes word om te verseker dat Suid-Afrika met vertroue die internasionale arena kan betree.

⁷⁸ Ibid.

⁷⁹ Ibid.

Die grootste faktor wat van die Wes-Indiese toere 'n sukses gemaak het, was die feit dat ontwikkeling op die gebied van Suid-Afrikaanse sport nou begin druk uitoefen het op die Suid-Afrikaanse politiek. Met die hulp van die mediadekking wat die toer aan alle bevolkingsgroepe in die land toeganklik gemaak het,⁸⁰ het apartheid onder toenemende druk gekom van die Suid-Afrikaanse krieketpubliek, wat bederf is deur internasionale deelname. Na afloop van die toer het heelparty van die Wes-Indiërs in Suid-Afrika agtergebly om hul krieketloopbane hier voort te sit, aangesien die Wes-Indiese Krieketraad die rebelle lewenslank uit internasionale krieket geskors het. Die rebelle was dit eens dat die toere die moeite werd was. Collis King het dit beskryf as "n buitengewone ervaring wat beslis 'n groot bydrae gemaak het wat betref die verhoudinge tussen swart en wit in Suid-Afrika".⁸¹ In Suid-Afrika was dit duidelik dat krieket na dese groter belangstelling onder swartes geniet het, alhoewel sokker steeds die gewildste sport onder die swart gemeenskappe was.

Ten tye van die twee Wes-Indiese toere na Suid-Afrika het die nuwe grondwet van 1983 aan Indiërs en Kleurlinge 'n beperkte mate van stemreg gegee, alhoewel die raamwerk van apartheid steeds in plek was.⁸² Suid-Afrikaanse sportlui was egter meer verbind tot hul taak om apartheid in sport af te takel. 'n Paar maande ná die tweede Wes-Indiese toer het meer as 'n honderd sportorganisasies in Suid-Afrika 'n dokument onderteken waarin hulle hul verbintenis tot gelykheid in Suid-Afrika sport, ongeag ras, verklaar.⁸³ Dit het gevolg op maandelange onderhandelings tussen die SAKR, die SARR, die Suid-Afrikaanse Olimpiese Komitee en die Suid-Afrikaanse Sportfederasie. Hierdie verklaring deur Suid-Afrikaanse sportlui was die eerste gesamentlike poging tot die verwerping van apartheid in sport.

⁸⁰ Procter, p. 84.

⁸¹ Crowley, p. 149.

⁸² Die Driekamer-Parlement wat volgens die nuwe Suid-Afrikaanse Grondwet van 1983 daargestel is, het berus op medeseggenkap vir Indiërs en Kleurlinge in Suid-Afrika. Hierdie twee bevolkingsgroepe sou voortaan deur magsdeling met die blankes in die Parlement besluite kon neem oor sake van eie belang. Die driekamer-parlementêre stelsel was gebaseer op segmentele outonomie, leierskapkoalisies, proporsionaliteit en onderlinge veto. Rademeyer, J.S., *Die rol van A.L. Schlebusch in die totstandkoming van die nuwe politieke bedeling, 1978-1983*, (ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS), p. 99.

⁸³ Procter, p. 89.

Ongelukkig is hierdie verklaring oorskadu deur die oproer in Langa naby Uitenhage in die Oos Kaap, wat plaasgevind het as deel van landswye oproer wat vroeg in 1984 uitgebreek het.⁸⁴ Hierdie oproer het plaasgevind binne dae nadat die verklaring deur Suid-Afrikaanse sportlui onderteken is. Negentien swartes is doodgeskiet in konflik met die polisie tydens 'n optog ter herdenking van die Sharpeville-oproer in 1960.⁸⁵ In reaksie hierop het grootskaalse geweld regoor die land uitgebreek, wat uiteindelik daartoe gelei het dat die Regering in Junie 1985 'n gedeeltelike noodtoestand afgekondig het.⁸⁶ Uit die aard van die saak is sport op die agtergrond geskuif deur hierdie gebeure, en die buiteland het heftig gereageer op die politieke onstabiliteit in die land. Isolاسie teen Suid-Afrika is opnuut deur verskeie organisasies, plaaslik, sowel as in die buiteland, as hoof prioriteit gesien. Dit het die goeie werk wat op die terrein van sport gemaak is ten einde gelykheid in dié verband teweeg te bring, feitlik vernietig.

Die IKR se negatiewe houding teenoor Suid-Afrikaanse krieket het voortgeduur en die suksesverhaal van die Wes-Indiese toere het die SAKR laat besluit om te volhard met die gedagte van rebelle-toere. Beide Indië en Pakistan is genader om rebelle-toere na Suid-Afrika te onderneem, maar albei lande het die aanbod van die hand gewys.⁸⁷ Onderhandelinge, wat reeds geruime tyd agter die skerms aan die gang was, is met verskeie Australiese krieketspelers gevoer om 'n rebelle-toer na Suid-Afrika te onderneem.

Net soos in die geval van die vorige toere, het die onderhandelinge met die Australiërs in die grootste geheimhouding plaasgevind. Uiteindelik het die toerspan, onder leiding van Kim Hughes, aan die einde van 1985 in Suid-Afrika aangekom vir die eerste van twee

⁸⁴ Leach, G., *South Africa*, p. 163.

⁸⁵ Holland, H., *The Struggle. A History of the African National Congress*, p. 205.

⁸⁶ Tussen Junie 1985 en Maart 1986 het 'n gedeeltelike noodtoestand-situasie in die land geheers. Tussen Maart en Junie 1986 is die gedeeltelike noodtoestand opgehef, maar in Junie 1986, met die tienjarige herdenking van die Soweto-opstande, is 'n nasionale noodtoestand deur die Regering afgekondig. Venter, A.J., *Challenge. Southern Africa within the African Revolutionary context*, p. 395.

⁸⁷ Indië het in 1983 die Krieket Wêreldbeker gewen en is gesien as die ideale teenstanders vir die Suid-Afrikaners. Bose, p. 138. Beide Indië en Pakistan, as deel van die swart krieketspelende lande, was egter sterk gekant teen Suid-Afrika se beleid van apartheid en het die sportboikot teen die land ondersteun.

toere.⁸⁸ Soos met die vorige rebelle-toere, het buitelandse mediadekking die buitewêreld se misnoeë met die toer bekendgemaak. Die herskedulering van vlugte, die gebruik van skuilname en die aanvanklike ontkenning dat die toer wel sou plaasvind, het die proses voorafgegaan.

Die finansiering van die toer het ook weer sterk reaksie uitgelok. Onder die nie-blanke krieketadministrateurs was daar 'n groot mate van ontevredenheid oor hul blanke kollegas se verbloemde skynheiligheid. Volgens Bose het feitlik al die blanke verteenwoordigers op die hoofbestuur van die SAKR apartheid sterk teengestaan, maar het sonder teenspraak regeringsfondse aanvaar om die toer mee te finansier.⁸⁹ Terwyl daar onder nie-blanke administrateurs 'n sterk gevoel van ondersteuning was vir die SACOS-leuse van geen normale sport in 'n abnormale samelewing nie, het die blanke administrateurs in hoofsaak saamgestem dat rebelle-toere op hierdie stadium die beste teenvoeter is vir die IKR se huiwering om ontwikkeling in Suid-Afrikaanse krieket te erken.

Die Australiese span, wat bestaan het uit verskeie spelers met internasionale ervaring, het vanuit hul eie land baie sterk teenkating gekry oor die toer. Eerste Minister, Bob Hawke, wat self 'n groot krieketentoesias was, het gedreig om die spelers lewenslank uit krieket te skors en om hul met swaar belasting te straf vir hul deelname aan die toer. Dit was verregaande as dit vergelyk word met die toenemende ekonomiese bande tussen Australië en Suid-Afrika gedurende dieselfde tydperk.⁹⁰ Hierdie uitlating is weereens 'n duidelike bewys van hoe sportisolasië gebruik is as meganisme om die politieke omstandighede in Suid-Afrika te probeer omswaai. Daar is nie fout gesien met die feit dat Australië ekonomies baat by ekonomiese bande met Suid-Afrika nie, maar op sportterrein was dit heeltemal taboe om bande met Suid-Afrika te bly behou.

⁸⁸ Die opeenvolgende toere het plaasgevind tydens die 1985/86- en 1986/87-seisoene. Bryden, p. 23.

⁸⁹ Fondse vir die toer is verkry uit belastingtoegewings wat gemaak is aan maatskappye wat hul produkte oorsee adverteer. Bose, p. 144.

⁹⁰ In die twee jaar wat die Australiese rebelle-toere na Suid-Afrika vooraf gegaan het, het Australiese uitvoerprodukte na Suid-Afrika met 80% gestyg. Procter, p. 91.

Die Australiese Regering was voortdurend een van die felste teenstanders teen sportbetrekkinge met Suid-Afrika, en daarom het die rebelle-kriekettoer na die Republiek vir die Hawke Regering as groot skok gekom. By verskeie geleenthede het die Australiese Regering die Nieu-Seelandse en Britse sportbase oor die vingers getik vir hul informele sportbetrekkinge met Suid-Afrika, wat in direkte konflik was met die Gleneagles-ooreenkoms van 1977. Die behoud van die Olimpiese en Statebondspele is, volgens die Australiese Regering, onder onnodige druk geplaas deur sporttoere wat na Suid-Afrika gereël word. Vir die eerste keer was die Australiese Regering nou aan die ontvangkant van soortgelyke kritiek, en kon Eerste Minister Hawke niks anders doen as om die toer in die sterkste moontlike bewoording af te keur nie.

Die toere van 1985/86 en 1986/87 het egter voortgegaan, met verreikende gevolge vir Suid-Afrikaanse krieket. Gedurende die tweede deel van die toer in die 1986/87-seisoen, het Omar Henry die eerste swart speler geword om vir die Springbokkrieketspan gekies te word. Alhoewel Henry se insluiting in die span met statistiek regverdig kan word⁹¹, het Alan Kourie, vir wie Henry in die nasionale span vervang het, 'n groot bohaai opgeskop oor Henry se insluiting. Kourie het Henry se insluiting gesien as "*window dressing*".⁹² Die feit dat Henry vir Boland, 'n Castle Bowl-span⁹³, gespeel het, het Kourie laat voel dat Henry nie goed genoeg was om toetskrieket te speel nie.

Henry se insluiting in die span was suiwer op meriete en het niks te doen gehad met sogenaamde "*window dressing*" vanuit die Suid-Afrikaanse krieketgeleedere nie. Dit kan gemotiveer word met die gedagte dat Henry in 1992, met Suid-Afrika se eerste deelname aan die Krieket Wêreldbekertoernooi steeds goed genoeg geag is om in die span ingesluit te word.⁹⁴ Kourie se optrede is deur die bank deur krieketspelers en –

⁹¹ In die 1986/87-seisoen het Henry 'n kolfgemiddeld van 38 gehandhaaf en 20 paaltjies geneem vir Boland in die Castle Bowl-reeks. Die daaropvolgende seisoen was sy kolfgemiddeld 34 en het hy 36 paaltjies geneem. Henry het ook 'n groot rol gespeel in Boland se verowering van die Castle Bowl-trofee in die 1985/86-seisoen. Henry, p. 137.

⁹² Kourie het Henry se insluiting gesien as 'n politieke korrekte skuif van die Suid-Afrikaanse krieketkeurders om die swartes in die land, sowel as kritici in die buiteland, tevrede te stel.

⁹³ Die top provinsiale spanne in die land het om die Curriebeker meegeding, terwyl die kleiner provinsies in 'n sogenaamde B-liga om die Castle Bowlbeker meegeding het.

⁹⁴ Na Suid-Afrika se hertoetreding tot internasionale krieket, het Henry gedurende die 1992/93-seisoen ook in drie vyfdagtoetse en twee eendagwedstryde vir Suid-Afrika gespeel. Henry, p. 235.

administrateurs afgekeur. Hy is met R2000,00 beboet en moes 'n openbare verskoning aanbied vir sy uitlatings. Optrede soos dié van Kourie is iets wat Suid-Afrikaanse krieket op daardie stadium nie kon bekostig nie. Die normalisering van krieket in Suid-Afrika was ten tye van sy uitlatings net goed op koers en uitlatings soos dié kon die verhoudinge tussen die verskillende groeperinge binne die SAKU net skade berokken.

Gedurende die tydperk waarin Omar Henry die eerste swart Springbokkrieketspeler geword het, het Salieg Nackerdien die eerste swart speler geword wat vir die Suid-Afrikaanse Skolekrieketspan gekies is.⁹⁵ Alle aanduidings was dus daar dat Suid-Afrikaanse krieket ten tye van die Australiese rebelle-toere na Suid-Afrika onafwendbaar begin beweeg het in 'n rigting van totale integrasie.

Die onderskeie toerspanne na Suid-Afrika het egter met hul terugkeer na hul onderskeie lande die gevolge gedra van hul besluit om hier te kom toer. Die Engelse krieketspelers wat die eerste rebelle-toer meegemaak het, is vir drie jaar uit toetskrieket geskors. Die Sri Lankane is vir 25 jaar uit enige vorm van krieket in hul eie land geskors en die Wes-Indiërs lewenslank.⁹⁶ Die Australiërs, wat vooraf met lang skorsings gedreig is, is uiteindelik vir twee jaar uit provinsiale krieket en drie jaar uit internasionale krieket geskors. Alhoewel die skorsings in sommige gevalle, soos dié van Sri Lanka en Wes-Indië baie straf was, het al die spelers voor die tyd geweet dat hulle met hul koms na Suid-Afrika 'n moontlike skorsing in die gesig sou staar. Dit was 'n geval van die opweeg van die kompensasie, wat meer as voldoende was, teen die moontlike straf verbonde aan die meemaak van die toer.

Vir baie van die “rebelle” wat aan die einde van hul internasionale loopbane gestaan het, het die toere die geleentheid gebied om goeie geld te maak en om, in baie gevalle, die eerste en enigste keer teen Suid-Afrika te speel.⁹⁷ Die feit dat die rebelle swaar gestraf is

⁹⁵ Procter, p. 93.

⁹⁶ Bryden, p. 23.

⁹⁷ Aangesien Suid-Afrika sedert vroeg in die sewentigerjare nie op internasionale vlak krieket kon speel nie as gevolg van die sportboikot, het baie spelers van die ander krieketspelende lande die wens geopper om teen Suid-Afrika te kan speel. Met die inwerkingtreding van die krieketboikot teen Suid-Afrika in 1970, was die Springbokke een van die toonaangewendste krieketspanne in die wêreld.

deur hulle onderskeie beheerliggame vir hul deelname aan toere na Suid-Afrika, word deur Ramphal gesien as die vernaamste rede vir die afname van soortgelyke toere gedurende die laaste deel van die tagtigerjare.⁹⁸ Die rebelle-toere het verskeie verreikende gevolge, positief sowel as negatief, vir Suid-Afrikaanse krieket ingehou. Dit het ook gevolge ingehou vir apartheid as regeringsbeleid en apartheid in sport 'n groot knou toegedien.

Die rebelle-toere het hoofsaaklik plaasgevind in reaksie op die IKR se onpartydige houding teenoor vernuwing in Suid-Afrikaanse krieket. Die organisering van die eerste rebelle-toer was 'n groot waagstuk, omdat dit 'n onbekende terrein was waarop die SAKU homself begewe het en dit baie maklik tot selfvernietiging kon lei. Toe die toer egter sonder veel probleme afgeloop het, het die reël van soortgelyke toere vir SAKU algaande makliker begin word.

Die opeenvolgende rebelle-toere na Suid-Afrika gedurende die middel tagtigerjare het plaasgevind, ondanks die feit dat al die strukture van apartheid steeds in plek was in die Suid-Afrikaanse politiek. Die Suid-Afrikaanse krieketpubliek het begin antwoorde eis oor die rol van politiek in Suid-Afrikaanse sport. Die feit dat die krieketgemeenskap in Suid-Afrika op koers was ten einde diskriminasie in dié sportsoort uit te wis, het vrae laat ontstaan oor die apartheidsbeleid van die NP. Die rebelle-toere het tot 'n mate 'n verleentheid geword vir apartheid, want die omwentelinge op die krieketveld het druk begin uitoefen op die Regering om hul beleid van apartheid weer in oënskou te neem.

Vir Suid-Afrikaanse krieket was die rebelle-toere 'n geleentheid om internasionaal mee te ding. Alhoewel die toerspanne nie altyd hul heel beste spanne na Suid-Afrika gestuur het nie, was daar in feitlik al die rebellespanne 'n groot hoeveelheid spelers met internasionale aansien. Bloot die gedagte van internasionale deelname het vir die Suid-Afrikaanse spelers baie beteken, maar die kennis en ervaring wat opgedoen is deur 'n krieketveld met van die beste spelers in die wêreld te deel, was deurslaggewend in die sukses van die rebelle-era.

⁹⁸ Ramphal, S., et al, **Changing Southern Africa: The Sanctions Report**, p. 70.

Vir die stryders teen apartheid in sport het die rebelle-toere die besef laat ontstaan dat sportlui in Suid-Afrika die reg in eie hande begin neem het ten einde die greep van sportisolاسie te probeer vernietig. Dit was gedurende die rebelle-era duidelik dat die stryders teen apartheid in sport nie werklik gereed was om die toere enigins te ontwig nie. Onderdrukkende faktore soos die noodtoestand in die land en die NP se ystergreep op die onderdrukking van militante groepe het die anti-apartheidsbewegings in Suid-Afrika basies tot verbale verwerping van die toere beperk.

Die aanwending van rebelle-toere het, volgens Peter Hain, Suid-Afrika se terugkeer na internasionale krieket egter net langer uitgestel.⁹⁹ Die toere gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare is deur baie gesien as 'n morele oorwinning oor apartheid in sport. Inderwaarheid het dit slegs gedien as 'n opbouproses tot die Mike Gatting-toer aan die begin van die negentigerjare, wat as katalisator gedien het vir die vernietiging van apartheid in Suid-Afrikaanse sport.

Vir die Suid-Afrikaanse Regering, wat die rebelle-toere indirek gefinansier het, het die tyd aangebreek om te luister na die behoeftes van die sportlui in die land, aangesien daar nou ook vanuit sportgeledere begin is om druk toe te pas om die gedagte van rasseseëiding vaarwel toe te roep. Die politieke toestande in die land was op hierdie stadium, gedurende die middel tagtigerjare, op 'n mespunt gebalanseer. Die noodtoestande in die land het die Regering in die buiteland in 'n swak lig geplaas en die sanksieveldtog opnuut laat opvlam. Die houding van Suid-Afrikaanse sportlui teenoor apartheid was alles behalwe positief, aangesien verskeie sportstrukture in die land samesprekings begin hou het met die ANC ten einde die dooie punte in internasionale sportbetrekkinge te probeer oplos.

Waar die politieke struktuur in die land nog gegrond was op die apartheidstelsel, het sportliggame lank reeds besef dat apartheid die vernaamste struikelblok was op hul pad terug na die internasionale arena. Die normaliseringsproses binne Suid-Afrikaanse sport

⁹⁹ Hain, p. 166.

was geruime tyd reeds aan die opbou, wat samesprekings met die ANC met groter vrymoedigheid kon laat plaasvind. Die rebelle-toere, met die gepaardgaande negatiewe implikasies, het dus die sport-politieke verhouding in die land by 'n kruispad laat beland. Die sportlui het 'n nuwe rigting, gegrond op hervorming, ingeslaan en hierdie keer moes die Regering besluit of hulle daarby inval, of die bekende pad van apartheid bly bewandel.

Krieketontwikkeling in die "townships"¹⁰⁰

Die politieke situasie in die land gedurende die middel tagtigerjare was vanuit Suid-Afrikaanse sportlui se oogpunt 'n groot frustrasie. Teen 1986 het die noodtoestand in die land 'n groot invloed uitgeoefen op die alledaagse lewe van die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking. Vir sportlui in die land kon die noodtoestande nie op 'n meer ongeleë tydstip gekom het nie. Procter som die situasie soos volg op:

"In 1986, many parts of South Africa were almost out of control. The State of Emergency declared by the Government had led to even greater unrest and the restrictions on the media indicated that the politicians were badly rattled. With Nelson Mandela still in prison, and the ANC seemed to have right on their side in the eyes of many liberal-minded people, and it looked as if South Africa was heading for another damaging period of bloodshed".¹⁰¹

Selfs sportlui het die erns van die situasie besef. Die feit dat sportsoorte soos krieket reeds ver gevorder was op hul pad na die normalisering van die spel, het die frustrasie onder sportlui verder laat opwel. Die regering van die dag het, vanuit 'n sportoogpunt, nie genoeg gedoen om die beklemmende situasie in die land te verlig nie.

Onder krieketlui was daar 'n gevoel dat die politieke situasie in die land al die hervormingsinisiatiewe binne Suid-Afrikaanse krieket negatief kon beïnvloed. Teen 1986 het krieketlui in die land reeds ver gevorder met onderlinge samesprekings wat die normalisering van die spel ten doel het. Dit was dus baie belangrik om te verseker dat

¹⁰⁰ Die woord "township" word voortdurend gebruik as daar verwys word na swart woonbuurte rondom stede.

¹⁰¹ Procter, p. 103.

hierdie momentum behou word en nie deur die politieke onstabiliteit in die land gekelder word nie. Met hierdie gedagte in die agterkop het Ali Bacher¹⁰² 'n veldtog geloods om krieket onder die minderbevoorregte kinders in die townships te bevorder.

Terwyl Bacher en Alvin Kallicharran¹⁰³ een oggend saam gedraf het, het Kallicharran aan Bacher verduidelik hoe die kinders in Wes-Indië hul krieket leer deur met 'n sagte bal op die strande mini-krieket te speel. Hierdie verhaal het by Bacher die idee laat ontstaan dat 'n soortgelyke program vir swart kinders in die townships regoor Suid-Afrika ingestel kan word.¹⁰⁴ Blanke kinders het in die meeste gevalle uitstekende geriewe by hulle skole gehad waar hulle, veral in die stede, deur goed gekwalifiseerde afrigters afrigting ontvang het. 'n Gebrek aan fondse en die beperkinge van apartheidswette het egter die swart skoolgaande kinders van hierdie voorregte ontnem. In die 1986-begroting is R2299 deur die staat voorsien vir die opvoeding van 'n blanke kind. Terselfdertyd is R368 toegeken vir die opvoeding van 'n swart kind in Suid-Afrikaanse skole¹⁰⁵. In blanke skole het onderwysers 'n gemiddeld van sestien kinders in hul klas gehad. In vergelyking hiermee moes onderwysers in swart skole gemiddeld 41 leerlinge onderrig¹⁰⁶. In die swart skole het min of geen onderwysers enige kennis van krieket gehad nie, terwyl onderwysers in blanke skole meestal self kriketafrigterskursusse afgelê het as deel van hul opleiding.¹⁰⁷ Daar was dus 'n duidelike onderskeid in die voordele en geleenthede van blanke en swart skoolgaande kinders.

Bacher se gedagte rondom die krieketontwikkelingsprogram vir swart kinders was om in Soweto, suid-oos van Johannesburg te begin. Dit was na genoeg aan die stad om op 'n

¹⁰² Ali Bacher, kaptein van die Springbokkrieketspan teen Australië in 1970, was ten tye van die ontwikkelingsprogram in die townships die besturende direkteur van Transvaal Krieket Unie. Bryden, C., *The First Century, 1890-1990. Transvaal Cricket Centenary Book*, p. 102.

¹⁰³ Kallicharran, wat ook deel was van die Wes-Indiese rebelle-toere na Suid-Afrika, is in 1982 deur Bacher na Suid-Afrika gebring om vir Transvaal krieket te speel. Die doel hiermee was om 'n swart speler in die plaaslike reeks bekend te stel as deel van die integrasieprogram in Suid-Afrikaanse krieket. Kallicharran, 'n Guyanees van Indiese afkoms kon, as gevolg van die Groepsgebiede Wet, nie soos sy blanke spanmaats in die blanke woonbuurte in Johannesburg bly nie, maar is in 'n woonstel bo 'n restaurant naby die Wanderers krieketveld gehuisves.

¹⁰⁴ Bose, p. 146.

¹⁰⁵ *Ibid.*, p. 149.

¹⁰⁶ *Ibid.*

¹⁰⁷ Al die studente wat aan tradisioneel blanke universiteite opgelei is in Menslike Bewegingskunde, moes as deel van hul graadkursus verskeie provinsiale afrigtingskursusse slaag.

gereelde basis oor naweke daarheen te reis om kursusse aan te bied, en daar het 'n groot konsentrasie van swart kinders gewoon wat die kursusse kon bywoon. Die politieke situasie in die land het Bacher se planne om in swart woonbuurte krieketkursusse aan te bied baie bemoeilik. Die situasie in die townships was gespanne en blankes is feitlik sonder uitsondering toegang tot die woonbuurtes geweier. Bacher het egter vas geglo in sport as voertuig tot samehorigheid onder die verskillende bevolkingsgroepe in die land en het verskeie radiostasies in en om Soweto oorreed om die beplande kursusse aan die inwoners te adverteer.¹⁰⁸

Op 20 Oktober 1986 het die eerste krieketontwikkelingsprogram in Soweto 'n aanvang geneem. Groot vrees en onsekerheid, gegrond op die feit dat die wit-swart verhouding in die land op daardie stadium op 'n laagtepunt was, het die beplanning vooruitgegaan. Hierdie vrese het egter in vreugde verander toe meer as 'n duisend swart kinders by die program opgedaag het. Groot maatskappye het geld in die projek begin belê en binne 'n jaar is twee miljoen rand se borgskappe ontvang om die projek te bestuur. Binne agtien maande het bykans 50 000 swart kinders tussen die ouderdomme van agt en elf jaar oud deel uitgemaak van die projek.¹⁰⁹ Rondom die groot sentra is Soweto en Alexandra (naby Johannesburg) en Khayelitsha (naby Kaapstad) as prominente ontwikkelingspunte gesien. Die res van die land het egter spoedig hierdie streke se voorbeeld gevolg en in 1988 is 'n voltydse afrigter deur SAKU aangestel wat gekonsentreer het op afrigting in die townships.

Die ontwikkelingsprogram het nie sonder enige probleme verloop nie. Met die aanvang van die projek in Soweto het Bacher gou agtergekom dat die meeste onderwysers aan laerskole vroulik was. Die onderwyseresse moes eers die spel leer voordat hulle op hul beurt die kinders kon touwys maak. Met die bekendstelling van die projek het Bacher weggebreek van die kriekettradisie met twee nuwe innovasies, naamlik mini-krieket, wat met 'n bal heelwat sagter as 'n krieketbal gespeel is, en vroulike afrigters.¹¹⁰ Daar is gou agtergekom dat die onderwyseresse se groter deernis met die jonger kinders van hulle 'n

¹⁰⁸ Procter, p. 103.

¹⁰⁹ *Ibid.*, p. 105.

¹¹⁰ Bose, p. 152.

groot sukses maak as afrigters. Alhoewel die tradisionele krieketinstellings in die land aanvanklik huiwerig was oor die besluit om vroue-onderwysers te gebruik in die program, het Bacher volhard met dié gedagte en uiteindelik die vrugte van sy optrede gepluk.

Bacher se opregtheid in die ontwikkeling van krieket is in die begin stadium van die projek voortdurend bevraagteken. Die teenwoordigheid van 'n blanke man in 'n swart woonbuurt, veral teen die agtergrond van die politieke onstabiliteit in die land gedurende die tagtigerjare, was alreeds baie ongewoon. Gegewe die agtergrond van apartheid in sport en die genoemde politieke situasie in die land, het die betrokkenheid van 'n blanke man in die ontwikkeling van krieket onder swart kinders binne 'n swart woonbuurt nog meer wenkbroue laat lig. Die vraag het onmiddellik ontstaan of Bacher se program 'n georkestreerde poging was van die Regering om die gemoedere in die swart woonbuurte te sus.¹¹¹ Selfs vanuit krieketgeledere, wat die projek gesien het as innoverend en baie noodsaaklik, was daar aanvanklik vrae aangaande Bacher se motiewe.

André Odendaal, bekende sporthistorikus en groot bewonderaar van Bacher se hervormingspogings, was bekommerd oor die feit dat die projek op dieselfde wyse begin is as die Botha Regering se pogings om swart steun te werf.¹¹² Alhoewel Odendaal se siening van die projek nie 'n negatiewe houding jeens Bacher self weerspieël nie, is dit 'n duidelike voorbeeld van die aanvanklike onsekerheid binne Suid-Afrikaanse krieketgeledere ten opsigte van Bacher se program. Meer daadwerklike weerstand teen die program het gekom vanaf SACOS, wat die program gesien het as voortydig en in 'n groot mate 'n vorm van "*window dressing*" van die kant van die Regering.¹¹³ Namate die projek egter die ondersteuning van die jeugdiges en onderwyseresse in die swart woonbuurte regverdig het, het Bacher toenemende steun vanuit die swart krieketgeledere begin kry.

Die sukses van Bacher se projek in die swart woonbuurte het die nie-rassige

¹¹¹ Ibid.

¹¹² Ibid.

¹¹³ Procter, p. 109.

krieketorganisasies heeltemal onkant betrap. Al die nie-rassige strukture, wat sterk gekant was teen die blanke Suid-Afrikaanse Krieketunie (SAKU), was só besig om apartheid in krieket te beveg, dat hul weinig of selfs geen tyd afgestaan het om dié sport onder nie-blanke jeugdiges te bevorder nie.¹¹⁴ Alhoewel dit 'n onbewustelike handeling was, het Bacher met die projek duidelik die beperkinge van die swart krieketstrukture in die land uitgewys. Deur uit te reik na die swart jeug, het die blanke krieketstruktuur in die land die eerste positiewe stap geneem in die rigting van nie-blanke sport in Suid-Afrika.

Die uitreikaksie deur middel van krieket het veel bygedra tot die proses van normalisering van Suid-Afrikaanse sport, maar die feit dat apartheid steeds die grondbeginsel van die Suid-Afrikaanse samelewing was, was steeds die kern van die anti-apartheidsbewegings se veldtog teen apartheid in sport. Aan die ander kant het Bacher se stryd teen die IKR vir Suid-Afrika se hertoelating tot dié organisasie, steeds voortgeduur. Terwyl 'n afvaardiging vanuit die blanke rugbygeledere met die ANC begin samesprekings hou het, het die blanke krieketadministrateurs se pogings om die IKR se guns te wen, steeds voortgegaan.

Die IKR het gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare strenger begin optree teen krieketspelers wat teen blanke Suid-Afrikaanse spanne gespeel het. Die nie-blanke krieketspelende lande het ook hul misnoeë met die rebelle-toere te kenne gegee deur te weier om teen spelers te speel wat gedurende die tagtigerjare deel uitgemaak het van rebelle-toere na Suid-Afrika.

Die 1988-89 Engelse toer na Indië is gekanselleer, omdat die Indiese spelers gekant was teen Graham Gooch en John Emburey se insluiting in die Engelse toerspan.¹¹⁵ Die Engelse krieketowerhede het Nieu-Seeland en Australië probeer oorreed om as plaasvervangers vir die toer na Indië in te staan, maar beide lande het intussen besluit om die Gleneagles-ooreenkoms strenger na te kom. Bacher het die geleentheid raakgesien

¹¹⁴ Bose, p. 153.

¹¹⁵ Gooch en Emburey was onderskeidelik die kaptein en onder-kaptein van die Engelse rebelle-toer na Suid-Afrika in 1982.

om nog 'n rebelle-toer na Suid-Afrika te nooi, veral omdat die blanke krieketorganisasie in Suid-Afrika in 1989 hul eeufeesvieringe sou hou. Bacher het agter die skerms samesprekings gehou met verskeie Suid-Afrikaanse politici, sportadministrateurs en invloedryke individue om die moontlike gevolge van 'n beplande rebelle-toer te bespreek. Bacher was veral bekommerd oor die nadelige effek wat die beplande toer op sy jeugontwikkelingsprojekte kon hê asook die reaksie vanuit ANC-geleedere teenoor die toer.¹¹⁶ Met die omstandighede rondom die kanselering van die Engelse toer na Indië, het Bacher egter 'n geleentheid gesien om Suid-Afrika as 'n alternatief voor te stel vir 'n moontlike toer.

Teen 1989 het die politieke situasie in die land egter reeds baie verander. Die stigting van die Breë Demokratiese Beweging (MDM) in 1989 het die Verenigde Demokratiese Front (UDF) en COSATU (Congress of South African Trade Unions) saamgevoeg in 'n sterk eenheid teen apartheid. Die MDM was nie 'n amptelike organisasie nie en is daarom nie ingeperk deur die grondwetlike voorskrifte nie. Die MDM het sterk bande gehad met die ANC, maar het in breër perspektief opgetree as 'n sambreelorganisasie vir verskeie anti-apartheidsgroepe. Vanuit die MDM is die NSC (National Sports Council) gestig wat basies opgetree het as die sportvleuel van die MDM.¹¹⁷ Die NSC het die kampvegters teen apartheid in sport, onder die vaandels van SACOS en SANROC, nou in een groep saamgesnoer. Verskeie sportlui het op deurlopende basis met die NSC begin samesprekings voer kort ná die stigting van hierdie organisasie. Die blanke sportstrukture wat egter nog nie deel wou uitmaak van demokrasie in sport nie, het swaar onder kritiek van die NSC deurgeloopt.

Aan die ander kant van die politieke spektrum het die NP self ook verreikende veranderinge ondergaan. In 'n opspraakwekkende tydperk in die Suid-Afrikaanse blanke politieke geskiedenis het F.W. de Klerk vir P.W. Botha opgevolg as Staatspresident en snelle politieke veranderinge vir Suid-Afrika was aan die orde van die dag. Die vrylating van Walter Sisulu en ander langtermyn politieke gevangenis van Robbeneiland het

¹¹⁶ Ten tye van die beplanning van die toer het verskeie blanke sportstrukture reeds samesprekings begin voer met die ANC ten einde Suid-Afrikaanse sport te normaliseer.

¹¹⁷ Interessant genoeg was Ali Bacher se dogter, Lynn, 'n lid van die MDM en sy het sterk te velde getrek teen die Engelse kriekettoer na Suid-Afrika in 1989-90. Bose, p. 201.

Bacher moed gegee. Dit het vir hom begin lyk asof de Klerk, wat voorheen deur vele sportlui as konserwatief bestempel is,¹¹⁸ moontlik genoeg politieke waagmoed aan die dag sou lê om politieke verandering in Suid-Afrika teweeg te bring. Dit het Bacher nou meer as ooit laat glo dat die beplande Engelse toer wel moes voortgaan. Nie eens desperate pogings van verskeie NSC-amptenare om die toer af te las het hom van stryk gebring nie.

Die NSC het selfs gedreig om die toe reeds baie suksesvolle krieketontwikkelingsprogramme in die swart woonbuurte te kelder indien die toer nie gekanselleer word nie.¹¹⁹ Die NSC het agter die skerms verskeie pogings aangewend om die toer af te stel, maar uiteindelik het die Engelse toerspan, onder leiding van Mike Gatting, op 19 Januarie 1990 in Suid-Afrika aangekom.

Die politieke veranderinge van 1989, wat die stigting van die MDM en die leierskapstryd in die NP insluit, het tot 'n mate aansluiting gevind by die veranderinge op die gebied van sport. Die stigting van die NSC, as sportvleuel van die MDM, het aansienlike veranderinge vir die toekoms van sport in die land ingehou. Verskeie swart politieke leiers, wat meestal voor 1989 weens hul politieke oortuigings in aanhouding was, het sterk na vore getree as leiers binne die NSC. Die eerste groot toets vir die NSC was die Gatting-toer na Suid-Afrika.

Die Gatting-toer

Verskeie rebelle-toere het gedurende die tagtigerjare Suid-Afrika besoek om teen die nasionale rugby- en krieketspanne mee te ding. Met die besoek van die Engelse rebelle-krieketspan na Suid-Afrika in Januarie 1990, het die politieke situasie in die land reeds beduidend begin verander en was die skrif reeds aan die muur vir apartheid en afsonderlike sportbeoefening in Suid-Afrika.

Die Gatting-toer is gefinaliseer tydens 'n besoek van die uitvoerende bestuur van die

¹¹⁸ Bose, p. 202.

¹¹⁹ Bacher het nie hierdie dreigemente ernstig opgeneem nie, want SACOS het voorheen verskeie soortgelyke dreigemente gemaak, maar nooit daadwerklik opgetree nie. *Ibid.*, p. 203.

SAKU aan Lords gedurende die die Suid-Afrikaanse winter van 1989. Terwyl Geoff Dakin, die president van die SAKU, saam met ander lede van die IKK 'n skemerkelgeleentheid in die onthaalsaal by Lords bygewoon het, het Bacher agter die pawiljoen op die stadion met van die Engelse toetsspelers onderhandel om die beplande toer na Suid-Afrika mee te maak.¹²⁰ Bacher het reeds vooraf kontrakte opgestel vir die Engelse spelers en tydens die geheime ontmoeting met die spelers het hulle hierdie kontrakte onderteken.

In September 1989 het die nuus oor die beoogde Engelse-toer na Suid-Afrika aan die media uitgelek. Ngconde Balfour, wat as politieke aktivis in die tronk was as gevolg van sy stryd teen apartheid, het twee dae ná sy vrylating uit Polsmoor Gevangenis na Londen gevlieg om Gatting te probeer oortuig om nie na Suid-Afrika te toer nie.¹²¹ Krish Mackerdhuj, wat Hassan Howa as die president van die Suid-Afrikaanse Krieket Raad (SAKR) opgevolg het, het saam met Balfour na Londen vertrek. Balfour en Mackerdhuj het vir langer as 'n uur met Gatting en John Emburey, 'n senior spanmaat van Gatting gesels, maar kon hulle nie oorreed om nie na Suid-Afrika te toer nie.

Alhoewel Balfour en Mackerdhuj se missie misluk het, het hul besoek aan Lords die nuwe beeld van swart Suid-Afrikaanse sport uitgebeeld. Beide Balfour en Mackerdhuj was lede van die ANC, en alhoewel Balfour 'n politieke aktivis was, was Mackerdhuj vir jare reeds betrokke by sportadministrasie onder swartes in Suid-Afrika. Verskeie pogings in die verlede deur SACOS om soortgelyke besoeke aan Londen en Lords te bring het misluk, omdat die Regering paspoorte aan, onder andere, Howa geweier het om na die buiteland te reis. Die SACOS-besoeke is gewoonlik ook slegs deur sportadministrateurs gedoen, terwyl die NSC duidelik laat blyk het dat hul van politieke aktiviste gebruik sou maak om hul doelwitte in sport te bereik.

Die stigting van die NSC in 1989 het juis ten doel gehad om die vereniging van sport in Suid-Afrika te monitor en daardeur te verseker dat nie-rassige strukture in alle

¹²⁰ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein.

¹²¹ Bose, p. 204.

sportsoorte opgestel word.¹²² Vrese het binne die NSC ontstaan dat die beoogde toer die pogings tot die vereniging van sport in die land opnuut sou laat skipbreuk ly.

Kort hierna, in November 1989, het die NSC die SAKU gevra om nie met die toer voort te gaan nie. Samesprekings tussen die SAKU en die NSC het in Johannesburg plaasgevind om die beoogde toer te bespreek. Die NSC was op hierdie vergadering verteenwoordig deur Krish Naidoo, Harry Naidoo, Nconde Balfour, Bill Jardine, Mthobi Tyamzashe en Muleleki George. Die SAKU-afvaardiging by die vergadering het bestaan uit Dakin, Bacher, Peter van der Merwe, Willie Basson, Julian Thornton, Ewie Cronjé, Don McCloud en Robbie Muzzell. Die NSC het gedreig dat die toer nie moet voortgaan nie. Indien die toer wel sou voortgaan, sou daar chaos in die land wees.¹²³ Die NSC het verskeie protesoptredes teen die toer beplan en gedreig om hierdie optredes tot uitvoering te bring indien die toer sou voortgaan.

Die vergadering is verdaag sonder dat veel uitgerig is. Volgens Bose was lede van die SAKU nie baie beïndruk met die NSC-afvaardiging nie. Hulle was gewoond aan die dreigende houding van SACOS in die verlede wat gewoonlik nie op veel uitgeloop het nie. *Bose* beskryf Ewie Cronjé se siening aangaande die NSC tydens die vergadering soos volg:

“I knew very little about the NSC. I don’t think they have much of a standing. They made it out we should not carry on with the tour and that it would be a wrong thing. I thought these chaps were just threatening and they had no power.”¹²⁴

Volgens Cronjé het die NSC egter nie die uitvoerende bestuur van die SAKU genoegsaam oortuig dat die toer nie moet plaasvind nie, en die SAKU het besluit dat die toer sal voortgaan.¹²⁵ Na afloop van die vergadering was Tyamzashe, George en Muzzell

¹²² Nauright, J., *Sport, Cultures and Identities in South Africa*, p. 154.

¹²³ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein.

¹²⁴ Bose, p. 206.

¹²⁵ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein..

op dieselfde vlug terug na Oos-Londen. George se opmerking aangaande die SAKU se besluit dat die toer sal voortgaan was:

"If you decided negatively, you will feel the wrath."¹²⁶

Dit bevestig weereens die NSC se planne om teen die toer te betoog. Alhoewel die vergadering nie veel opgelos het nie, was Taymzashe baie hoopvol dat 'n skikking tussen die partye nie te ver in die toekoms was nie. Volgens hom het Willie Basson, een van die SAKU-afgevaardigdes by die vergadering tydens die middagete aan lede van die NSC-afvaardiging gesê:

"I think you guys are unto something, I think you are good".¹²⁷

Hierdie woorde het Tyamzashe laat besef dat selfs lede van die SAKU se hoofbestuur besef het dat die skrif aan die muur was vir sport soos wat dit op daardie stadium beoefen en beheer is in Suid-Afrika.

Die SAKU het vooraf geweet dat daar moontlike protesoptredes tydens die toer sou wees. Ongeag die waarskuwings van die NSC, het die SAKU besluit om wel met die toer voort te gaan. Gesien teen die agtergrond van die veranderende politieke situasie in die land was dit 'n waagstuk om wel voort te gaan met die toer. Die SAKU was egter vasbeslote om die toer te laat plaasvind en sodoende internasionale mededinging vir hul top spelers te verseker. Die SAKU kon moontlik die magte en vermoëns van die NSC onderskat het, want oor die volgende paar weke het die NSC-georganiseerde optredes teen die toer groot welslae behaal. Die vlug waarmee die Gatting-toergroep van Londen na Suid-Afrika moes vlieg, is vertraag as gevolg van 'n bomdreigement. Dit opsigself moes reeds vir die SAKU 'n duidelike aanduiding gewees het dat die NSC en sy bondgenote die toer nie sonder enige weerstand sou laat plaasvind nie.

Die belangrikste optredes van die NSC teen die toer kan soos volg opgesom word.¹²⁸

¹²⁶ Bose, p. 206.

¹²⁷ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Mthobi Tyamzashe, 14 Junie 2002, Johannesburg.

¹²⁸ Cooper, C., et al, *A Race Relations Survey, 1989-90*, p. 25.

- Op 23 Januarie 1990 het sowat 300 lede van die *South African Commercial, Catering and Allied Workers Union* 'n protesoptog gehou voor die hotel in Sandton (Johannesburg) waar die Engelse toerspan gebly het.
- Op 24 Januarie 1990 het die polisie twee busse onderskep wat van Alexandra onderweg was na Johannesburg met sowat 70 betogers wat deur middel van plakkaat en baniere voor die hotel teen die toer wou betoog.
- Ongeveer 1 000 singende en dansende betogers het voor die hotel van die Engelse span in Kimberley betoog en 'n brief met hul siening van die toer aan Gatting self oorhandig.
- Op 26 Januarie 1990 het die polisie ongeveer 2 000 jong betogers verhoed om die veld by die De Beers buiteveld in Kimberley te beset. In hul opmars na die De Beers Stadion het die betogers verskeie winkel- en voertuigruite in Kimberley gebreek. Meer as 30 betogers is later deur die polisie ondervra oor die voorval. Die uiteinde van die saak is dat die Direkteur van die Suid-Afrikaanse Krieketunie (SAKU), dr. Ali Bacher, by 'n landdros toestemming gekry het vir vreedsame betogings buite die De Beers Stadion ten tye van die toerwedstryd op 27 Januarie 1990.
- Op 30 Januarie 1990 het dr. Bacher toestemming van 'n Bloemfonteinse landdros verkry dat 'n vreedsame optog in die stad gehou kon word ten tye van 'n toerwedstryd op Springbokpark in die stad. Sowat 800 mense het aan die vreedsame protesoptog, wat buite Springbokpark plaasgevind het deelgenem, terwyl ongeveer 150 toeskouers binne die Stadion na die wedstryd sit en kyk het!
- Op dieselfde dag het meer as 2 000 anti-toer betogers 'n vergadering gehou in die Mangaung Gemeenskapsaal. Die polisie het die vergadering as onwettig bestempel en die mense met traangas uit die saal verwyder; 80 mense is in hegtenis geneem.
- Ongeveer 1 000 betogers het op 31 Januarie 1990 buite Springbokpark gesing en gedans sonder dat die polisie enigsins ingemeng het.

- In Pietermaritzburg het honderde betogers op 3 Februarie 1990 'n protesaksie geloods buite die Jan Smuts Stadion, terwyl die rebellespan besig was met 'n wedstryd op dieselfde veld.
- Soortgelyke optrede is by die Wanderers Stadion in Johannesburg verhoed, toe ongeveer 2 000 skoolkinders van Alexandra op 8 Februarie 1990 deur die polisie verbied is om met busse na die Stadion te reis.

Ten tye van die eerste toerwedstryd op Kimberley, het Krish Naidoo by die De Beers Stadion aangekom waar dié wedstryd gespeel is. Hy het die lede van die SAKU se uitvoerende bestuur gewaarsku dat die protesoptog vanuit Kimberley se middestad na die De Beers Stadion op pad is.

Bacher het, met die aanhoor van hierdie nuus, dadelik vertrek na die plek waar polisieversperrings die betogers se opmars na die De Beers Stadion sou gestuit het. Hier het hy met die polisie beraadslaag en daarna in een van die nabygeleë huise die Minister van Sport, dr. Gerrit Viljoen, gaan bel.¹²⁹ Viljoen het Bacher aangeraai om die Minister van Polisie, Adriaan Vlok, te skakel ten einde toestemming te verkry vir die betoging.¹³⁰ Wat tydens die telefoongesprek tussen Bacher en Vlok gesê is, is nie duidelik nie, maar met die gesprek het Bacher toestemming verkry dat die betogers 'n vreedsame protesoptog teen die toer kan hou.

Bacher se optrede in hierdie situasie is baie interessant, want alhoewel die SAKU die rebelle-toer gereël het, het Bacher, as die hoof uitvoerende beampte van die SAKU, in Kimberley toestemming gevra dat die betogers, wat gekant was teen die toer, wel teen die toer kan betoog. In hierdie opsig verwys Cronjé daarna dat Bacher verskeie dreigoproepe ontvang het ten tye van die toer, en onder groot druk geplaas is deur die MDM en lede van die ANC wat reeds uit die tronk vrygelaat is¹³¹, om die toer te

¹²⁹ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein.

¹³⁰ Bose, p. 209.

¹³¹ Verskeie ANC-lede wat as sekuriteitsgevangenes geklassifiseer is, is sedert die laat tagtigerjare uit die tronk losgelaat as deel van die NP-regering se beleid van verandering en vernuwing. Ries, A., en E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 43.

kanselleer.¹³² Hieruit kan duidelik gesien word dat groot druk op Bacher en die SAKU uitgeoefen is om die toer te stop.

Bose opper egter 'n ander interessante redenasie aangaande Bacher se optrede. Volgens hom het Bacher die wind uit die NSC se seile geneem deur toestemming te verkry vir die betoging. Tyamzashe was woedend omdat Bacher onregmatig namens die NSC toestemming verkry het vir die betoging. Tyamzashe het sy woede soos volg bewoord:

“He (Bacher) took the wind out of our sails, because now we couldn't get angry about being refused the right to demonstrate.”¹³³

Die vreedsame betogings teen die wedstryd in Kimberley het 'n nuwe era in die stryd teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport ingelei. Tot en met die Gatting-toer het Suid-Afrikaners nooit voorheen sulke optrede van betogers binne Suid-Afrika beleef nie. Bose beskryf die Gatting-toer as die mees gewelddadige sporttoer nog na Suid-Afrika.¹³⁴ Daar is wel voorheen op televisie gesien hoe die rugbyspelers tydens die 1981-Springbokrugbytoer na Nieu-Seeland deur betogers geteister word, maar dit was die eerste keer dat dit op só 'n skaal binne Suid-Afrika plaasgevind het. Bacher se optrede, wat gelei het tot die toelating van betogings tydens die toer, het ook 'n nuwe sport en politieke fenomeen in Suid-Afrika laat ontstaan, naamlik wettige betogings en protesoptredes.

In Bloemfontein het die betogers tydens die tweede toerwedstryd, teen die Suid-Afrikaanse Universiteite, onder bloekombome aan die suidekant van Springbokpark betoog. Hulle het eers aan die noordekant van die veld betoog, maar toe gesien hulle kry nie veel reaksie nie. Hulle het daarna na die suidelike kant van Springbokpark gegaan om agter die hoofpawiljoen te betoog.

¹³² C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein.

¹³³ Bose, p. 209.

¹³⁴ Bose, p. 208.

Die Britse media wat die wedstryd bygewoon het, was nie eintlik krieketskrywers nie, maar het die toer gevolg om oor die politieke toestande in Suid-Afrika verslag te doen.¹³⁵ Tydens die betogings agter die hoofpawiljoen, was die Britse persmense op die daktuin bo die hoofpawiljoen. Daarvandaan het hulle hul foto's geneem van die betogers wat singend en dansend teen die toer betoog het. Gedurende die wedstryd was Mike Gatting ook op 'n stadion bo in die daktuin waar die media met hom 'n onderhoud gevoer het. Die werknemers van Springbokpark en die Vrystaat Krieketunie (OVSKU) het gedurende die wedstryd vir die betogers water aangedra om te drink, aangesien dit baie warm was.

Ná die wedstryde in Bloemfontein en Pietermaritzburg, waar grootskaalse betogings ook plaasgevind het¹³⁶, is die eerste vyfdagtoets op die Wanderers in Johannesburg gespeel. Die toets is in abnormale omstandighede gespeel met polisiehelikopters en Caspirvoertuie wat die veld en die spelers beskerm het.¹³⁷ Die toets is, as gevolg van 'n baie lewendige kolfblad, binne drie dae afgehandel en al die lede van die SAKRU se hoofbestuur kon voortydig na hulle onderskeie unies terugkeer. Die dag nadat die toets voltooi is (Sondag) het die hoofbestuurslede van die SAKR egter almal 'n telefoonoproep ontvang dat hulle die Maandagoggend in Johannesburg moes wees vir 'n dringende vergadering.

Op hierdie vergadering het Bacher die uitvoerende bestuur van die SAKU meegedeel dat 'n vername Afrikaner sakeman vanuit Londen met hom geskakel het en hom gevra het om die toer kort te knip. Bacher is belowe dat Suid-Afrika binne twee jaar weer internasionale krieket sou kon speel indien die toer op hierdie stadion stopgesit word. Volgens Cronjé was almal op die vergadering verheug oor die belofte dat Suid-Afrika binnekort weer internasionaal sou kon meeding, maar daar is swaar gesluk aan Bacher se verduideliking rondom die Afrikaner sakeman se oproep uit Londen.¹³⁸ Taymzashe kon

¹³⁵ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein.

¹³⁶ Meer as 10 000 mense het tydens die wedstryde in Bloemfontein en Pietermaritzburg teen die toer betoog. Bose, p. 210.

¹³⁷ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein.

¹³⁸ Ibid.

bevestig dat Bacher wel verskeie oproepe uit Londen ontvang het, maar, volgens Tyamzashe, het hierdie oproepe vanuit die ANC-geledere gekom. Bacher is by verskeie geleenthede deur die ANC uit Londen geskakel en versoek om die res van die toer te kanselleer.¹³⁹ Die uitvoerende bestuur van die SAKU het op grond van die voorwaarde dat Suid-Afrika binnekort weer internasionaal kan meeding besluit om die res van die toer te kanselleer. Slegs twee eendagtoetse, in Bloemfontein en Johannesburg, en 'n wedstryd teen die Suid-Afrikaanse A-span in Pietermaritzburg, sou steeds plaasvind.

Op 14 Februarie 1990 kondig Bacher aan dat die Gatting-toer ingekort gaan word ter ondersteuning van die dramatiese politieke veranderinge wat op 2 Februarie 1990 deur President F.W. de Klerk afgekondig is. Bacher verdedig sy besluit deur te noem dat die SAKU en die NSC tot 'n vergelyk gekom het aangaande die res van die toer. Bacher het ook, sonder die medewete van die ander lede van die uitvoerende bestuur van die SAKU, besluit om die tweede gedeelte van die Engelse toer, wat die daaropvolgende seisoen weer in Suid-Afrika sou plaasvind, te kanselleer.

Volgens Cronjé was die uitvoerende bestuur uit die veld geslaan met die aankondiging dat die tweede helfte van die toer van die baan is.¹⁴⁰ Die NSC het egter munt geslaan uit die situasie, aangesien Bacher nie van plan was om die aankondiging oor die toer onmiddelik te maak nie. Bacher het egter met die NSC gesprek gevoer oor die moontlikheid dat die toer afgestel kan word. Krish Naidoo het egter die geleentheid hierin gesien en aangekondig dat die toer wel afgestel is. Bacher is hierdeur genoodsaak om dit te bevestig en daarmee die besluit amptelik bekend gemaak.¹⁴¹ Hierdie optrede van die NSC is 'n duidelike teken dat die groepringe wat die stryd teen apartheid in sport voer, nou meer doelgerig begin funksioneer het. Tweedens het dit daarop gedui dat die NSC geregverdig was in hul besluit om nie net van sportadministrateurs gebruik te maak om die stryd teen apartheid in sport te beveg nie, maar ook politici hiervoor in te span. Aangesien die sterk politieke leiers binne die swart politiek gedurende die tagtigerjare as

¹³⁹ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Mthobi Tyamzashe, 14 Junie 2002, Johannesburg.

¹⁴⁰ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein.

¹⁴¹ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Mthobi Tyamzashe, 14 Junie 2002, Johannesburg.

bannelinge in die buiteland gewoon het, het die swart leiers op die gebied van sport in Suid-Afrika ook die rol van politieke ikone begin inneem.¹⁴² Veral in die Oos-Kaap het sterk sportleiers soos Muleleki George en Mthobi Tyamzashe, ook in die politiek sterk op die voorgrond getree.

Die besluit om die toer te verkort was 'n morele oorwinning vir die NSC. Alhoewel die NSC slegs 'n paar maande vantevore gestig is, het dit krieket, een van die sterk "establishment" sportsoorte, gedwing om 'n rebelle-toer in te perk. Daar moet egter gemeld word dat die politieke verandering wat op daardie stadium in die land aan die gang was, tot groot voordeel van die NSC ingespan is. Die toespraak van F. W. de Klerk op 2 Februarie 1990 het basies die einde van apartheid ingelei, en die besluit om die toer te verkort is geneem met hierdie politieke verandering in gedagte.

Die optrede van die NSC, SACOS en invloedryke individue kort voor die toetswedstryd in Kaapstad sou begin, was deurslaggewend in die aanslag teen die toer. Die hekke by die Nuweland Krieketstadion is ten tye van die Gatting-toer gedeeltelik deur 'n tuisgemaakte bom opgeblaas. Volgens Cronjé was Percy Sonn en SACOS agter hierdie aksie, maar Taymzashe en Bose is dit eens dat dit die werk van Balfour was. Volgens Bose is Balfour gearresteer vir die ontploffing en moes 'n nag in die polisie-selle deurbring.¹⁴³ Hy is egter die volgende dag op sy eie verantwoordelikheid vrygelaat en die saak het nooit die howe bereik nie. Die volgende dag het Bacher aangekondig dat die res van die toer afgestel is.

Gedurende dieselfde tydperk is olie in die swembad by die huis van Fritz Bing, die president van die Westelike Provinsie Krieketunie (WPKU) gegooi.¹⁴⁴ Al hierdie aktiwiteite wat in die Wes-Kaap voorgekom het, het daarop gedui dat die beplande toetswedstryd op Nuweland met baie teenstand begroet sou word. Hierdie optrede is ook daaraan toe te skryf dat SACOS, wat oorwegend die ondersteuning van die

¹⁴² **Ibid.**

¹⁴³ Bose, p. 211.

¹⁴⁴ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein.

Kleurlinge geniet het,¹⁴⁵ in die Wes-Kaap baie meer aktief sou wees, aangesien die grootste konsentrasie van die Kleurlinge in Suid-Afrika hier woon.

Verskeie wedstryde, sommige toetswedstryde, sou afgestel word en die res van die toer aangepas word, indien die NSC sou belowe om nie meer betogings vir die oorblywende toerwedstryde te beplan nie.¹⁴⁶ Vir Bacher het die toer nie veel meer waarde ingehou nie, want met die ingrypende politieke veranderinge in Suid-Afrika het rebelle-toere geen werklike nut meer gehad nie.¹⁴⁷ Die waarde van die toer het egter daarin gelê dat dit bewys het dat geen verdere rebelle-toere deur die nuutgestigte NSC geduld sou word nie. Aangesien die politieke situasie in die land radikaal verander het sou hierdie soort toere egter ook nie weer nodig wees nie. Indien die momentum waarmee die politieke veranderinge aangekondig en aanvaar is, behou kan word, sou Suid-Afrika binnekort die woestyn van sportisolاسie kon verlaat.

Ter afsluiting

Suid-Afrikaanse krieketlui het gedurende die tagtigerjare van verskeie uiteenlopende metodes gebruik gemaak in 'n poging om diskriminasie in dié sport vir altyd te vernietig. Alhoewel verskeie samesprekings en pogings tot die normalisering van krieket in Suid-Afrika gedurende hierdie tydperk plaasgevind het, was daar steeds duidelik twee afsonderlike groepe binne die sport: blank en swart.

Aan die een kant het veral Ali Bacher, deur gebruik te maak van rebelle-toere, SAKU se misnoeë duidelik te kenne gegee met die IKR se negatiewe houding teenoor die stand van sake in Suid-Afrikaanse krieket. Die IKR se voortdurende weiering om Suid-Afrika se toetsstatus te heroorweeg, was vir die SAKU onaanvaarbaar en 'n teken van hardkoppigheid vanuit IKR-geledere.

Die krieketlui in die land het toenemend meer gefrustreerd begin raak oor die feit dat die politieke situasie in die land die normaliseringsproses van die verskillende sportsoorte in

¹⁴⁵ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Jerry Segwaba, 18 Augustus 1999, Bloemfontein.

¹⁴⁶ *The Citizen*, 14 Februarie 1990

¹⁴⁷ *The Star*, 14 Februarie 1990.

Suid-Afrika oordonder. Volgens Procter was dit moeilik om te glo dat, ná al die veranderinge wat reeds in krieket in die land plaasgevind het, dit steeds nie goed genoeg was om Suid-Afrika se hertoelating tot die internasionale arena te regverdig nie.¹⁴⁸ Die IKR het egter die menings van die buitewêreld bevestig dat daar nie genoegsame voeding gemaak is om swart sportlui op ander samelewingsvlakke in Suid-Afrika ook gelykmatig te behandel nie. Gelykheid in sport was duidelik nie meer die enigste oorwegingsrede vir die afskaffing van die sportboikot nie, maar wel gelykheid op alle terreine.

Aan die ander kant van die stryd teen apartheid in krieket, het SACOS, onder leiding van Haasan Howa, en die NSC hul steun toegesê aan die SACBOC en die ander swart strukture in Suid-Afrikaanse sport. Vir hierdie organisasies, wat normale sport in 'n abnormale samelewing teengestaan het, was die afskaffing van apartheid en gelyke regte vir alle Suid-Afrikaners 'n fundamentele onderhandelingspunt. Alvorens hierdie voorwaardes nie nagekom is nie, het bogenoemde organisasies nie die moontlikhede van internasionale deelname in die vooruitsig gestel nie. Hierdie houding is duidelik weerspieël in die swartes se ondersteuning van die rebellespanne, eerder as om die Suid-Afrikaanse span in die "toetswedstryde"¹⁴⁹ gedurende die rebelle- era te ondersteun.

Bacher se "rebelle"-strategie vroeg in die tagtigerjare, het verskeie korttermyn oplossings vir internasionale deelname tot gevolg gehad. 'n Steeds groeiende verwydering met swart krieketlui as gevolg van die rebelle-toere het Suid-Afrikaanse krieket egter baie skade berokken. Die sterk teenstand wat Bacher ontvang het met die aanvang van sy krieketontwikkelingsprogramme in die swart woonbuurte, kan ongetwyfeld toegeskryf word aan die konflik rondom die rebelle-toere.

Bacher se aansien het met die suksesvolle implementering van sy krieket ontwikkelingsprogram in die swart woonbuurte, stelselmatig begin toeneem. Vanuit

¹⁴⁸ Procter, p. 135.

¹⁴⁹ Die toetswedstryde wat teen die rebellespanne gespeel is, is ná eenwording in Suid-Afrikaanse krieket van die rekordboeke geskrap en is nie erken as internasionale wedstryde nie, Bose, p. 215.

SACOS-geledere is daar egter gesê dat Bacher, na die rebelle-toere debakel wat vroeg in die tagtigerjare begin posvat het, nooit weer vertrou kon word nie.¹⁵⁰ Hierdie sterk uitsprake teen Bacher is in 1989 herbevestig met die stryd wat tussen Bacher, SACOS en die NSC ontstaan het oor die beplande Gating-toer.¹⁵¹ Met Bacher se hantering van die gebeure tydens die toer, sy standpunt ten opsigte van die uiteindelijke afstelling van die toer, en die kansellering van die beoogde tweede toer, het hy meer steun vir hom gewerf onder die andersdenkende krieketgroeperinge in die land.

Rebelle-kriekettoere na Suid-Afrika het in die tagtigerjare 'n groot deel begin uitmaak van die Suid-Afrikaanse krieketkalender. Sedert die eerste besoek van die Engelse in 1982, het die Suid-Afrikaanse krieketpubliek vir die volgende vyf seisoene feitlik ononderbroke internasionale krieket gesien.¹⁵² Gedurende hierdie tydperk was daar, afgesien van die uitsprake en veroordelings, weinig fisiese teenkanting teen die toere binne Suid-Afrika. Daar was wel geïsoleerde gevalle waar versetreaksie teen die rebelle-toere plaasgevind het.

Stakings het ten tye van die Engelse toer in 1982 by die Suid-Afrikaanse Brouerye (SAB) plaasgevind. Hierdie stakings was as gevolg van SAB-werkers se ontevredenheid oor die groot hoeveelheid geld wat aan borgskappe vir rebelle-toere daargestel is, in plaas van om hierdie geld te gebruik om hul salarisse te verbeter.¹⁵³ By 'n ander geleentheid is daar olie op die Nuweland kolfblad uitgegooi in 'n poging om te probeer verhoed dat 'n "toetswedstryd" tydens die Australiese rebelle-toer van 1986/87 daar kon plaasvind.¹⁵⁴ Frank Braggie, 'n eertydse lid van SACOS, se huis is verskeie kere met petrolbomme bestook. Ten tye van die Australiese toer in die 1986/87-seisoen is sy huis gedeeltelik afgebrand. Braggie het met die eenwording van Suid-Afrikaanse krieket in

¹⁵⁰ C. Rademeyer-versameling. Transkripsie van gesprek met John Baxter, 4 Julie 1997, Perth.

¹⁵¹ C. Rademeyer-versameling. Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein.

¹⁵² Gedurende die 1984/85 seisoen was daar 'n onderbreking in rebelle-toere, voordat die Australiërs laat in 1985 hier aangekom het. *Ibid.*, p. 197.

¹⁵³ Na afloop van 'n mislukte Engelse sokkertoer na Suid-Afrika in 1982, het SAB besluit om in die toekoms hul borgskappe te beperk tot plaaslike sportgebeurtenisse. Bryden, p. 23.

¹⁵⁴ C. Rademeyer-versameling. Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein.

1977 deel van die SAKU geword.¹⁵⁵ Afgesien van hierdie voorvalle het daar slegs ander minder noemenswaardige voorvalle in Suid-Afrika en in die buiteland plaasgevind waar betogings op klein skaal teen die rebelle-toere geloods is.

As daar gekyk word na Gatting se rebelle-toer kan 'n mens van die veronderstelling uitgaan dat die vegters vir apartheid in Suid-Afrikaanse sport tydens die rebelle-era tussen 1982 en 1987 nie volkome gereed was om die toere te probeer omverwerp nie. Die politieke omstandighede in die land, wat deur die noodtoestand oorheers is, kan as een van die hooforsake gesien word vir die relatief vreedsame verloop van die toere gedurende hierdie tydperk. Die NP-regering het die potensiële betogingsmag van die stryderts teen apartheid in sport tot 'n groot mate in toom gehou deur die noodtoestand en apartheidswetgewing wat steeds gedurende die tagtigerjare in plek was. Die aanslag van die NSC gedurende die Gatting-toer het egter 'n totaal nuwe benadering gehad en het met die hulp van die veranderende politieke klimaat in Suid-Afrika die SAKU gedwing om die toer in te kort.

Duidelike verskille oor hoe apartheid in Suid-Afrikaanse krieket beveg moes word, is gedurende die tagtigerjare ten toon gestel. Die twee opponerende groepe- die een oorwegend blank en die ander oorwegend swart- het nie en wou nie mekaar se standpunte insien nie. Alhoewel beide groepe sterk gekant was teen politieke inmenging in krieket, en beide gepoog het om die gedagte van die "normalisering" van krieket voorgestaan het, het die verskillende sieninge rondom apartheid in krieket steeds 'n groot verwydering tussen die twee groepe veroorsaak. Die insluiting van swart spelers in verteenwoordigende nasionale spanne,¹⁵⁶ het tot 'n mate van versoening bygedra, maar die verskille tussen die twee groepe was steeds duidelik sigbaar.

Afgesien van enkele uitsonderings, soos byvoorbeeld die Alan Kourie/Omar Henry-geval, was ernstige konflik tussen spelers van die verskillende groepe relatief beperk. Die probleme tussen die administrateurs van die twee groepe was egter baie duidelik sigbaar.

¹⁵⁵ Braggie se suster is getroud met Basil D'Oliviera, wat in die sestigerjare aan die voorpunt gestaan het van die rassestryd in Suid-Afrikaanse sport. *Ibid.*

¹⁵⁶ Byvoorbeeld Omar Henry en Salieg Nackerdien.

Dit is interessant om daarop te let dat die blanke en nie-blanke spelers, nie net in krieket nie, maar ook in baie ander sportsoorte, in die meeste gevalle goed oor die weg gekom het. Die uiteenlopende idees van die blanke en nie-blanke administrateurs van die verskillende sporte het egter tot verskeie konfrontasies gelei. Die rol van politici in sport het hierin ook 'n groot rol gespeel. So byvoorbeeld is die weiering om aan Hassan Howa 'n visum uit te reik om die buiteland te besoek¹⁵⁷ 'n duidelike bewys van hoe daar op hoogste vlak wisselwerking tussen sport en politiek in die land was.

Vanuit verskillende perspektiewe, en met uiteenlopende metodes en idees, het al die verskillende krieketgroeperinge in Suid-Afrika gedurende die tagtigerjare 'n wesenlike bydrae gelewer ten einde politieke verandering teweeg te bring. Die reël van rebelle-toere, wat verskeie swart spelers ingesluit het, en die voortdurende druk en verzet teen apartheid in Suid-Afrikaanse krieket, het afsonderlik, maar ook wel gesamentlik, die beleid van apartheid voortdurend onder druk gehou. Op sy beurt het die apartheidswetgewing gedurende die tagtigerjare weer bygedra tot verskeie frustrasies binne krieket, veral omdat dit duidelike skeiding tussen rassegroepe voorgestaan het, nie net op die sportveld nie, maar ook in die alledaagse lewe.

¹⁵⁷ Die Suid-Afrikaanse Regering het by verskeie geleenthede 'n paspoort aan Howa geweier wanneer hy die buiteland wou besoek ten einde SACOS se saak daar te versterk. Horrell, M., *A Survey of Race Relations in South Africa*, 1979, p. 593.

HOOFSTUK 6

ANDER SPORTSOORTE EN DIE STRYD TEEN APARTHEID IN SUID-AFRIKAANSE SPORT GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE

In die vorige twee hoofstukke is daar veral gekonsentreer op onderskeidelik rugby en krieket en die stryd teen internasionale isolasie en apartheid in Suid-Afrikaanse sport. Hierdie twee sportsoorte is in detail bespreek, aangesien hulle vanuit alle oorde gesien is as die tradisioneel blanke sportsoorte. Hierdie twee sportsoorte is egter nie uitgesonder gedurende die stryd teen apartheid in sport nie. Feitlik al die sportsoorte wat in die land beoefen word is deur die versetveldtog getref. Dit was bloot as gevolg van die feit dat die boikotaksie teen rugby en krieket soveel reaksie en publisiteit vanuit die blanke geleedere in Suid-Afrika ontlok het, dat dit soms voorgekom het asof die aksie net teen hierdie sportsoorte gerig was.

Daar is ook soms verkeerdelik aanvaar dat slegs blanke sportlui deur die sportboikot benadeel is. Weereens is hierdie wanopvatting veroorsaak as gevolg van mediadekking en reaksie vanuit blanke geleedere. Verskeie swart sportlui, wat self ook sterk gekant was teen afsonderlike sportontwikkeling in Suid-Afrika, is ook deur die aanslag teen Suid-Afrikaanse sport geraak en is daardeur verhoed om internasionaal deel te neem. In die proses is nie net blanke sportlui nadelig daardeur getref nie, maar swart sportlui het deur die bank ook gewoonlik deurgeloop. Dit is feitlik onmoontlik om al die sportgebeure van die tagtigerjare wat betrekking het op die sportboikot, te bespreek, maar daar kan wel 'n paar gevalle uitgesonder word om aan te toon hoe Suid-Afrikaanse sportlui en sportsoorte, afgesien van rugby en krieket, gedurende hierdie tydperk is as gevolg van die sportboikot te na gekom.

Ten die aanvang van die tagtigerjare was Suid-Afrikaanse sport reeds op groot skaal in isolasie, veral as gevolg van die Gleneagles-ooreenkoms van 1977. Dié ooreenkoms het dit vir Suid-Afrikaanse sportlui feitlik onmoontlik gemaak om hul internasionale sportloopbane in Suid-Afrika voort te sit. Alhoewel lande soos Nieu-Seeland en ook

Brittanje nie altyd die ooreenkoms ten volle ondersteun het nie¹, het ander lande dit tot die letter van die woord nagevolg. Dit het tot gevolg gehad dat plaaslike sportlui in die toekoms tevrede sou moes wees daarmee om slegs in onderlinge provinsiale kompetisies teen mekaar mee te ding. Van internasionale deelname was daar weinig sprake en baie individue het 'n vroeë uittrede uit sport of stagnasie in die gesig gestaar. Die enigste ander uitweg was om hulle rug op Suid-Afrika te draai in 'n poging om hul sportloopbane in die buiteland voort te sit.

Vroeg in 1982 was dit reeds duidelik dat verskeie Suid-Afrikaanse sportlui die land sou verlaat om hul internasionale loopbane elders voort te sit. Alan Lamb (krieket in Engeland), Kepler Wessels (krieket in Australië), Johan Kriek (tennis in Amerika), Sydney Maree (atletiek in Amerika) en Gerrie Coetzee (boks in Amerika) is van die land se top sportlui wat aangedui het dat hulle Suid-Afrika gaan verlaat as gevolg van die boikotaksie teen sport in die land.² Met verloop van tyd het die boikot meer en meer slagoffers geëis. Dit het die sportlui verslae gelaat, met geen ander opsie as om saam te staan en te poog om apartheid in sport te veroordeel, want dit is deurgaans gesien as die wortel van alle kwaad in Suid-Afrikaanse sport.

Verskeie voorbeelde kan uit die Suid-Afrikaanse sport geneem word om die te staaf dat beide wit en swart Suid-Afrikaanse sportlui oor 'n lang tydperk deur sportapartheid benadeel is. Die omvang van hierdie boikot- en isolasieaksies teen Suid-Afrikaanse sportlui was egter só breedvoerig dat dit 'n studie op sy eie regverdig. Vervolgens word daar vir die doel van hierdie studie slegs op atletiek en boks gefokus.

Atletiek

Naas rugby, sokker en krieket is atletiek sekerlik een van die mees gewilde sportsoorte in Suid-Afrika. As gevolg van hul natuurlike fiksheid en fisieke vaardighede is veral langafstandnommers baie gewild onder swart atlete. Die feit dat atletiek so gewild is en in groot getalle onder sportlui in Suid-Afrika beoefen word, kan gesien word as een van

¹ Die toer van die Britse Leeus na Suid-Afrika in 1980 en die Springbokrugbytoer na Nieu-Seeland in 1981 het die ooreenkoms, wat die verbreking van sportbande met Suid-Afrika voorstaan, teengegaan.

² Cooper, C., et al., *Survey of Race Relations in South Africa*, 1982, p. 585.

die moontlike redes waarom soveel gevalle opgeteken is waar atlete te na gekom is deur die internasionale aksie teen Suid-Afrikaanse sport.

Afgesien van rugby en krieket is atletiek deur die strydters teen apartheid as 'n sagte teiken gesien. Verskeie voorvalle van botsings met anti-apartheidsbewegings het in Suid-Afrikaanse atletiek plaasgevind en baie van hierdie voorvalle het swart atlete betrek. Sydney Maree, 'n swart Suid-Afrikaans gebore langafstand atleet, het Suid-Afrika teen die einde van die sewentigerjare verlaat om aan die Villanova Universiteit in Amerika te gaan studeer, aangesien hy, as gevolg van sy velkleur, nie in Suid-Afrika op die hoogste vlak in atletiek kon meeding nie. In 1979 is Maree toestemming geweier om aan enige internasionale kompetisies in Amerika deel te neem, aangesien Suid-Afrikaanse atletiek uit die Internasionale Amateur Atletiek Federasie (IAAF) geskors is.³ Ná die probleme van 1979 het die organiseerders van atletiekbyeenkomste in Amerika sekere toegewings gemaak ten einde Suid-Afrikaanse atlete wat in Amerika gestudeer het aan die byeenkomste te mag laat deelneem. Die woord "internasionaal" is met die woord "binnelandse" vervang ten einde die Suid-Afrikaners toelating te laat verkry tot die byeenkomste. Vroeg in 1980 is Maree toe wel toegelaat om aan die *Philadelphia Trail Classic*-byeenkoms in Amerika deel te neem.⁴ Die Sydney Mareegeval was nie 'n eenmalige probleem nie. Verskeie swart sportlui het gedurende die tagtigerjare dieselfde probleem as Maree ondervind en is deur die versetaksie teen apartheid in sport gekortwiek in hul strewe daarna om op internasionale vlak deel te neem.

Teen die einde van 1980 het Willie Smit, 'n blanke Suid-Afrikaanse naelloopatleet homself in Amerika gaan vestig as gevolg van, volgens hom, die hopelose internasionale posisie van Suid-Afrikaanse atletiek. Smit het aangevoer dat die vooruitgang van die Suid-Afrikaanse Atletiek Unie (SAAU) gekniehalter word deur die inmenging van die Broederbond in dié organisasie.⁵ Baie sportlui het Smit se siening aangaande die Broederbond gedeel, maar die fisiese betrokkenheid van die Broederbond by hierdie gebeure is debateerbaar. In baie gevalle was dit eerder die optrede van 'n individu, hetsy 'n afrigter, beampte, keurder of administrateur, wat die sportlui moontlik

³ Ibid.

⁴ Gordon, L., et al, *Survey of Race Relations in South Africa 1980*, p. 602.

te na sou gekom het. Dit kon toevallig wees dat hierdie individu op daardie stadium wel 'n lid van die Broederbond was, maar in sy privaat hoedanigheid as administrateur opgetree het en nie in belang van die Broederbond nie.

In April 1982 het die SAAU regsprosedures teen die IAAF begin om die stappe van die IAAF, waardeur die SAAU uit die internasionale atletiek geskors is, te probeer teëstaan. Die SAAU se poging in Britse howe het in 1983 steeds voortgeduur, maar die IAAF het volgehou dat sportisolasië steeds moes voortduur, as gevolg van die feit dat apartheid in Suid-Afrika steeds aan die orde van die dag was.⁶ 'n Probleem wat verskeie sportstrukture en sportlui in Suid-Afrika ondervind het, was om die politieke situasie in die land te probeer verdedig. Dit was maklik vir die SAAU om Suid-Afrikaanse atletiek se saak voor die IAAF te stel, maar dit was vir hulle bykans 'n onmoontlike saak om die IAAF se siening aangaande apartheid te probeer verander. Alhoewel sport in Suid-Afrika volgens die Regering gedurende die tagtigerjare outonoom gefunksioneer het, het die skaduwee van apartheid steeds 'n donker wolk oor sport in die land gewerp.

'n Veelrassige Suid-Afrikaanse atletiekspan is in Augustus 1983 na die wêreldkampioenskappe in Helsinki, Finland gestuur, maar die span is nie toegelaat om aan die kampioenskappe deel te neem nie. Voorts is die deelname van 23 Suid-Afrikaanse atlete aan die Londen-na-Brighton padwedloop deur protesaksies vanuit SANROC-geledere begroet. SANROC het hul eie optrede verdedig deur daarop te wys dat die atlete se teenwoordigheid strydig is met die verbod wat deur die IAAF op Suid-Afrikaanse atlete geplaas is.⁷ Druk op buitelandse regerings het begin toeneem om Suid-Afrikaanse sportlui deelname aan internasionale kompetisies in die buiteland te ontsê. SANROC se optrede was baie doeltreffend in hierdie opsig, veral as gevolg van die feit dat dié organisasie vanuit Londen sy aanslag teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport kon lei sonder dat die Suid-Afrikaanse Regering by magte was om teen die organisasie in die buiteland op te tree.

⁵ *Sunday Express*, 17 Augustus 1980.

⁶ Cooper, C., et al., *Survey of Race Relations in South Africa 1983*, p. 642.

⁷ 'n Suid-Afrikaner, Bruce Fordyce, het hierdie wedloop in 1983 vir die derde keer agtereenvolgens gewen. *Ibid.*

Afgesien van 'n geheime toer van junior atlete uit België na Suid-Afrika vroeg in 1984, het die greep van internasionale isolasie in atletiek al hoe sterker geword. Gedurende 1984 het verskeie rassevoorvalle binne Suid-Afrikaanse atletiek plaasgevind. Vier swart atlete van 'n veelrassige klub in Kaapstad is in Junie 1984 toegang tot 'n woonstelkompleks in Durban geweier as gevolg van hul velkleur.⁸ Die atlete was in Durban vir die jaarlikse Comrades-marathon wat tussen Durban en Pietermaritzburg plaasvind. Hierdie voorval was vir die organiseerders van die Comrades 'n groot vernedering, aangesien die Comrades juis bekendheid verwerf het vir die kameraadskap wat ten tye van die wedloop deur atlete ten toon gestel word.

Die mees suksesvolle Comrades-atleet van alle tye, Bruce Fordyce⁹, het gedurende die tagtigerjare gereeld met die Regering swaarde gekruis. Hy is deur die Regering veroordeel vir sy aandeel in die verbranding van die Suid-Afrikaanse landsvlag deur Wits studente in 1989 en in sy biografie beskuldig Fordyce regeringsamptenare daarvan dat hulle hom probeer vergiftig het tydens die 1988-Comrades deur gif in sy drankie te gooi. Hy het egter net naartoe geword van die drankie en 'n ernstige maagaandoening daarvan oorgehou.¹⁰ Fordyce was strykdeur baie krities teenoor die Regering se apartheidsbeleid en het hom beywer vir gelykheid in alle fasette van die samelewing.

In nog 'n voorval wat tot verdere vernedering vir swart atlete gelei het, is 'n swart marathonatleet van Transvaal, Ephraim Sibisi, aangesê is om sy pasboek oral met hom saam te dra wanneer en waar hy oefen. Sibisi het gekla dat hy voortdurend deur die polisie lastig geval is wanneer hy geoefen het sonder om sy pasboek by hom te dra. Tydens een van die voorvalle is Sibisi gedreig dat hy aangerand sal word indien hy nie sy pasboek op aanvraag kan toon nie.¹¹ Soortgelyke voorvalle van onregverdige behandeling van swart sportlui is voortdurend aangemeld. In hierdie opsig was die speelveld in Suid-Afrikaanse sport alles behalwe gelyk, want die blanke sportlui het ten alle tye die nuutste en beste oefenfasiliteite tot hul beskikking gehad. Daarenteen het die swart sportlui feitlik daaglik krisisse van een of ander soort in die gesig gestaar ten

⁸ Cooper, C., et al., *Race Relations Survey 1984*, p. 925.

⁹ Fordyce het die Comrades-marathon nege keer tussen 1979 en 1990 gewen. Cameron-Dow, J., *Bruce Fordyce. King of the Comrades*, p. 11.

¹⁰ *Ibid.*, p. 132.

¹¹ *The Argus*, 1 September 1984.

einde te verseker dat hulle behoorlik kon oefen of aan kompetisies kon deelneem. Borgskappe het hier 'n groot rol gespeel, want van die groot organisasies in Suid-Afrika het betrokke geraak by die ontwikkeling van kompetisies op klub of provinsiale vlak. Die voortbestaan van provinsiale kompetisies is gesien as die behoud van baie sportsoorte in Suid-Afrika. Ongelukkig is hierdie kompetisies meestal net onder blankes gehou en min of geen van die geld van die groot borge het by die swart sportstrukture uitgekom nie.

In Oktober 1984 het Professor Charles Nieuwoudt, die voorsitter van die SAAU, sy bekommernis uitgespreek oor die geïsoleerde rassevoorvalle wat binne Suid-Afrikaanse atletiek geleedere plaasvind. Nieuwoudt het sy vrese van rasse intimidasie in atletiek soos volg bewoord:

“The SAAU has done everything to abolish racial discrimination in sport, yet the incidents continue to crop up”.¹²

Alhoewel die SAAU hierdie voorvalle betreur het, is daar nie veel gedoen om dit te probeer oplos nie. In die meeste gevalle het die swart atlete al hoe meer vervreemd geraak van die atletiekowerhede in Suid-Afrika, terwyl die realiteite van sportisolاسie al hoe meer tot die blanke atlete begin deurdring het. Een van die beste voorbeelde hiervan is dit wat gedurende die middel tagtigerjare met Zola Budd gebeur het.

Die Zola Budd-geval

Een van die mees opspraakwekkende gebeure in Suid-Afrikaanse sport gedurende die tagtigerjare is die geval van Zola Budd, wat Suid-Afrika verlaat het om in 1984 as Britse burger aan die Olimpiese Spele in Los Angeles deel te neem.

Zola Budd het sedert haar dae as skooler in Bloemfontein die verbeelding van die atletiekwêreld aangegryp met uitstekende tye in die langafstandnommers. Op 4 Januarie 1984 het Budd, wat kenmerkend altyd kaalvoet gehardloop het, die wêreldrekord in die 5 000 m gebreek en letterlik die wêreld aan haar voete gehad.¹³ Drie maande later het

¹² Sunday Times, 18 November 1984.

¹³ Budd, Z., en H. Eley, Zola. The autobiography of Zola Budd, p. 3.

Budd gehoor dat Britse burgerskap aan haar toegestaan is op grond van die feit dat haar pa, Frank Budd, en haar oupa, Frank George Budd, Britse burgers was. Dit het goed te pas gekom, want met die wêreldklastye wat Budd gehardloop het, sou sy haarself baie graag wou toets teen die bestes in die wêreld. Op navraag oor die moontlikheid om haar internasionale loopbaan in Brittanje te hervat, het die IAAF geantwoord dat Budd slegs 'n Britse paspoort nodig het om as Britse atleet te kwalifiseer.¹⁴ Onder 'n groot mate van druk van haar pa het Budd die geleentheid aangegryp en na Brittanje vertrek om haar atletiekvermoëns in die internasionale arena te beproef.

Die spoed en gemak waarmee 'n Britse paspoort aan Budd toegeken is, het tot 'n groot dispuut in wêreldatletiek aanleiding gegee.¹⁵ Daar is verwys na Budd se "paspoort van gerieflikheid" en al die moontlike skuiwergate met betrekking tot die verkryging van buitelandse paspoorte deur Suid-Afrikaanse sportlui in die toekoms is feitlik onmiddellik aangespreek. Die opperraad van sport in Afrika het die IOK genader vir antwoorde rondom Budd se posisie en SANROC het sy siening aangaande haar situasie soos volg opgesom:

"We cannot accept a situation where Zola Budd suddenly decides to become British and expects to compete in the Olympics in just four months' time".¹⁶

Die IAAF het bevestig dat Budd nie toegelaat sal word om aan die Olimpiese Spele deel te neem terwyl sy nog Suid-Afrikaanse burgerskap het nie. Beide Budd en haar pa het egter van hul Suid-Afrikaanse burgerskap afstand gedoen kort nadat haar aansoek vir Britse paspoorte aanvaar is.¹⁷ Met die aanvaarding van Britse burgerskap is 'n droom verwesenlik om aan die Olimpiese Spele te kan deelneem, maar Budd se Suid-Afrikaanse agtergrond sou oor die volgende vier jaar telkens teen haar gehou word in die buiteland.

Budd se deelname aan die 1984 Olimpiese Spele het verdere drama tot gevolg gehad. In die finaal van die 3 000 meter sou Budd te staan kom teen onder andere Mary Decker,

¹⁴ Ibid., p. 32.

¹⁵ Cooper, C., et al., *Race Relations Survey 1984*, p. 926.

¹⁶ *The Argus*, 30 Maart 1984.

¹⁷ In terme van die Suid-Afrikaanse wetgewing kon Budd egter weer aansoek doen om haar Suid-Afrikaanse burgerskap te herbevestig tot op die ouderdom van een en twintig jaar. Cooper, C., et al., *Race Relations Survey 1984*, p. 926.

wat allerweë as gunsteling beskou is om die goue medalje te wen. Decker was ook een van Amerika se gunsteling atlete en is voor die finaal met krete van "Mary, Mary" deur die skare aangemoedig.¹⁸ 'n Ongelukkige voorval tydens die wedloop, waarby Decker en Budd betrokke was, het tot Decker se val gelei. Terwyl hulle in 'n bondel gehardloop het, het van die atlete per ongeluk aan mekaar gestamp en Decker het geval. Budd het nie onmiddellik agtergekom dat dit Decker was wat geval het nie. Sy het wel gevoel hoe sy en een van die atlete met mekaar kontak gemaak het, maar het eers later deur die wedloop besef dat dit Decker was en dat Decker as gevolg van die stamp geval het en uit die wedloop was.¹⁹ Budd het uiteindelik vyfde geëindig, veel swakker as waartoe sy in staat was, maar die uitjouery van die bykans negentigduisend mense in die Olimpiese stadion het haar laat besef dat sy verantwoordelik gehou is vir die val van Amerika se gunsteling atleet.

Met die aanloop tot die 1984 Olimpiese Spele en ná die gebeure tydens die 3 000 meter finaal, het Budd chronies voorbladnuus reg deur die wêreld gemaak. Die feit dat sy van Suid-Afrikaanse afkoms was en haar voorval met Mary Decker, het bygedra tot die sensasie in die nuusblaaië. Budd self het gevoel dat die Decker-voorval heeltemal anders hanteer sou word indien enige van die ander atlete in die voorval betrokke was. Die feit dat dit egter Zola Budd was, tesame met haar Suid-Afrikaanse agtergrond en die hele geskiedenis van die omstandighede in Suid-Afrikaanse sport, het vir die media baie meer sensasie gegee om mee te werk.²⁰

In 'n brief aan Budd teen die einde van 1984 vra Decker haar om verskoning omdat sy nie Budd se verskoning kort ná die voorval wou aanvaar nie. Decker skryf onder andere:

"I am sorry I turned you away after the race, it was a very hard moment for me 'emotionally and I reacted in an emotional manner".²¹

Hiermee is die emosionele strydbyle tussen Budd en Decker begrawe, maar vir Budd sou die trauma rondom die deelnames aan Olimpiese Speles nie daar ophou nie.

¹⁸ Budd, p. 75.

¹⁹ *Ibid.*, p. 77.

²⁰ *Ibid.*

²¹ *Ibid.*, p. 79.

Budd sou ook die Spele in 1988 in Seoul misloop omdat sy vroeg in 1988 vir een jaar deur die IAAF uit atletiek geskors is. Met die aankondiging van die Britse span vir die wêreld-landloopkampioenskappe in Nieu-Seeland was Budd ingesluit in die span. Verskeie Afrikalande, wat Nigerië, Kenia en Zimbabwe insluit, het gedreig om die byeenkoms te boikot indien Budd wel sou deelneem. Hierdie reaksie was uitsluitlik as gevolg van Budd se Suid-Afrikaanse agtergrond en die gepaardgaande onbereidwilligheid van Afrikalande om sportbande met enige Suid-Afrikaanse sportlui te hê. Die Britse pers het ook bespiegel dat Budd ten tye van 'n besoek aan familie in Suid-Afrika in 1987 aan 'n wedloop in Brakpan aan die Oos-Rand deelgeneem het. Dit was strydig met die Britse beleid wat die boikot van Suid-Afrikaanse sport voorgestaan het.

Budd het egter al die beweringe ontken.²² Sy het wel tyd in Suid-Afrika deurgebring en op haar eie geoefen, maar sy het nooit aan byeenkomste deelgeneem nie, omdat sy geweet het dit sal 'n negatiewe impak op haar loopbaan in Brittanje hê. Die Britse pers het Budd daarvan beskuldig dat sy haarself nie as 'n Brit beskou het nie en meeste van haar tyd in Suid-Afrika deurgebring het. Sy gebruik bloot haar "paspoort van gerieflikheid" ten einde internasionaal te kan deelneem. Voordat die Britse Amateur Atletiek Vereniging egter Budd se beweerde deelname aan byeenkomste in Suid-Afrika kon ondersoek, het Budd na Suid-Afrika teruggekeer en aangekondig dat sy haar atletiekloopbaan tydelik gestaak het.²³ As rede vir haar besluit het Budd aangevoer dat sy besig was om haar liefde vir atletiek en belangstelling in alles rondom haar te verloor.²⁴ Vir iemand wat oor so 'n lang tydperk só deur die media gekritiseer en uitmekargetrek is, was Budd se besluit nie onverwags nie. Haar aanvanklike besluit om haar atletiekloopbaan in die buiteland te gaan voortsit, was vir bykans alle Suid-Afrikaanse sportlui gedurende die tagtigerjare heeltemal aanvaarbaar. Indien hulle voor dieselfde keuse as Budd gestaan het, sou hulle oorwegend dieselfde keuse gemaak het.

Die publisiteit wat Budd in die media ontvang het, was nie altyd regverdig nie,

²² *The Citizen*, 17 Maart 1988.

²³ Cooper, et al., *Race Relations Survey 1987/88*, p. 280.

²⁴ Budd, p. 170.

aangesien sy meeste van die tyd bloot gesien is as 'n Suid-Afrikaanse atleet wat haar land verlaat het om haar roem elders te soek. Die gebeure tydens die 1984 Olimpiese Spele het die media se houding teen Budd verder aangevuur en die situasie in Suid-Afrikaanse sport opnuut weer onder die vergrootglas geplaas. As daar in ag geneem word dat Budd in 1984 slegs agtienjaar oud was, kan 'n mens die situasie met groter deernis gade slaan. Gedurende haar verblyf in Brittanje is Budd telkemale oor die kole gehaal oor die rasse-situasie in Suid-Afrikaanse sport. Budd kon haarself 'n groot mate van probleme en ongerief gespaar het deur apartheid te verwerp die oomblik toe sy in Brittanje aangekom het. Sy het egter nie simplistiese antwoorde probeer gee vir 'n komplekse saak nie en sy het haarself ook nie gesien as 'n pion in 'n politieke skaakspel nie.²⁵ Per slot van sake was sy 'n atleet wat op agtienjarige ouderdom reeds wêreldklastye gehardloop het en nie veel belang gehad het by die politieke strukture en situasies in Suid-Afrika nie.

Die Zola Budd-geval geniet spesiale vermelding aangesien sy 'n sprekende voorbeeld is van 'n vooraanstaande Suid-Afrikaanse sportvrou wat 'n slagoffer geword het van die boikotaksie in die tagtigerjare. Alhoewel die geleentheid vir haar geskep is om haar belowende internasionale loopbaan in die buiteland voort te sit, is Budd feitlik oral deur die internasionale media as buitestaander ontvang en hanteer. Die feit dat sy van Suid-Afrikaanse afkoms was, is strykdeur teen haar gehou en dit is deur die media uitgebuit in hulle veldtog teen apartheid in sport. Die feit dat Budd uiteindelik na Suid-Afrika teruggekeer het om haar weer hier te vestig, wys daarop dat Suid-Afrikaanse sportlui gedurende die tagtigerjare nie 'n plek in internasionale sport gegun is nie.

Budd was egter nie die enigste atleet met 'n Suid-Afrikaanse verbintenis wat aan die 1984 Olimpiese Spele deelgeneem het nie. Mark Handelsman en Matthews Motshwerathu, beide middellafstandatlete, het Israel en Botswana onderskeidelik verteenwoordig; John da Silva, 'n hindernisatleet, het vir Portugal deelgeneem en Cornelia Burki, wat in die Oos-Kaap gebore is, het Switserland verteenwoordig. Sydney Maree, wat kort voor die Spele Amerikaanse burgerskap ontvang het, en Koos van der

²⁵ Ibid., p. 173.

Merwe, spiesgooier wat gekwalifiseer het om Wes-Duitsland te verteenwoordig, was albei beseer en kon nie aan die Spele deelneem nie.²⁶

Ander Suid-Afrikaanse atlete se pogings om internasionale erkenning

In Januarie 1986 is die sekretaris van die Londen-na-Brighton padwedloop, Ian Champion, deur die Padwedloopvereniging van Londen geskors omdat hy agt Suid-Afrikaanse atlete toegelaat het om aan die 1985 Londen-na-Brighton-wedloop deel te neem. Hosea Tjale, een van die agt Suid-Afrikaners in die wedloop, het ook die wedloop gewen.²⁷ In 1986 het nog 'n Suid-Afrikaner, Danny de Chaumont, vir die wedloop ingeskryf deur homself as 'n Fransman voor te doen. De Chaumont het die wedloop gewen, maar is gediskwalifiseer toe daar uitgevind is dat hy eintlik 'n Suid-Afrikaner is.²⁸ Na die probleme van 1985 het die wedlooporganiseerders besluit om in die toekoms geen Suid-Afrikaners in die wedloop toe te laat nie, en daarom die besluit van de Chaumont om onder 'n valse identiteit aan die wedloop van 1986 deel te neem. De Chaumont se optrede beeld tot 'n groot mate die tragiek van Suid-Afrikaanse sport gedurende die tagtigerjare uit. As gevolg van die sportboikot teen die land, het atlete hulle tot ander alternatiewe gewend ten einde internasionaal te kon deelneem. De Chaumont was nie die enigste voorbeeld van 'n Suid-Afrikaanse atleet wat uit desperaatheid hierdie opsie uitgeoefen het nie.

In 1988 het David Tsebe onder 'n vals naam aan die Honolulu-marathon deelgeneem. Tsebe het homself as 'n burger van Paraguay voorgedoen net om aan die wedloop te kan deelneem.²⁹ Hy het seker gemaak dat hy nie die wedloop wen nie, want dit sou meer publisiteit vir hom beteken en dan sou sy leuen ook ontdek word. Hy het uiteindelik tweede geëindig, wat minder publisiteit op hom gefokus het. Die organiseerder van die wedloop, Jim Barahal, het later gesê dat hulle Tsebe verseker nie sou toegelaat het om deel te neem aan die wedloop indien hulle vooraf geweet het dat hy 'n Suid-Afrikaner was nie. Die Honolulu-marathon sou ook sy IAAF-akkreditasie verloor het indien dit bekend sou word dat 'n Suid-Afrikaner aan die wedloop

²⁶ Cooper, C., et al., *Race Relations Survey 1984*, p. 926.

²⁷ Cooper, C., et al., *Race Relations Survey 1986*, p. 301.

²⁸ *The Weekly Mail*, 19 Desember 1986.

²⁹ Cooper, C., et al., *Race Relations Survey 1989/90*, p. 21.

deelgeneem het.³⁰ Tsebe se optrede was nie in lyn met die riglyne van die IAAF nie, maar dit is nog 'n voorbeeld van die uiterstes waartoe Suid-Afrikaanse atlete gedurende die isolasiejare gedryf is. In Suid-Afrika is die voorval nie goedgepraat nie, maar Tsebe is deur sportlui geprys vir sy optrede wat daartoe gelei het dat hy 'n voorsmaak van internasionale deelname vir himself kon verseker. Optrede soortgelyk aan dié van Tsebe was egter vir die atletiekowerhede 'n bron van kommer, want dit het hulle daarop gewys dat atlete, en dan ook ander sportlui, tot drastiese stappe sou oorgaan om internasionale deelname te verseker. Hierdie optrede kon nie deur die atletiekowerhede beheer word nie, en dit het tot gevolg gehad dat die situasie kon hand uitruk indien die sportowerhede nie daadwerklik optree ten einde die belange van die sportlui te beskerm nie.

Mark Plaatjes is in April 1986 verhoed om aan die Londen-marathon deel te neem omdat hy 'n Suid-Afrikaner is. Aangesien Plaatjes swart is, het SANROC vas geglo dat die SAAU Plaatjes se onkoste gedra het om in Londen te kom deelneem, ten einde simpatie te probeer wen vir die stryd teen sportisolasië.³¹ Londen was gedurende die tagtigerjare een van die moeilikste plekke vir Suid-Afrikaanse sportlui om aan internasionale byeenkomste te probeer deelneem, aangesien SANROC se hoofkantoor in dié stad was. Enige sportaktiwiteite waarby Suid-Afrikaanse sportlui moontlik betrokke kon wees in Londen, is baie noukeurig deur SANROC gekontroleer en daar is dienooreenkomstig opgetree om enige Suid-Afrikaanse deelname te voorkom. Later van tyd is Londen deur sportlui vermy, omdat hulle besef het SANROC hou die situasie met valkoë dop.

In April 1986 is die eeufeesvieringe van Johannesburg op luisterryke wyse gevier. Die Suid-Afrikaanse Olimpiese en Nasionale Spele Vereniging (SAONGA) het die geleentheid aangegryp om die geleentheid deur sport te vier en het 'n groot Suid-Afrikaanse spele in Johannesburg aangebied. Hierdie spele het egter ontaard in 'n rassepolimiek toe verskeie professionele swart sportlui aan die byeenkoms onttrek het omdat daar, volgens hulle, weinig rede gesien is om blanke oorheersing in Suid-Afrika

³⁰ The Citizen, 21 Julie 1989.

³¹ Daily Dispatch, 19 April 1986.

te vier.³² Swart sportlui is met die dood gedreig indien hulle dit sou oorweeg om aan die Spele deel te neem. 'n Swart sagtebalspeler, Mike Mhlongo, is deur medespelers aangerand nadat hy bekend gemaak het dat hy wel aan die Spele wou deelneem. Die gevoel onder die meerderheid swart sportlui was dat die Spele geboikot moet word uit solidariteit teen apartheid in sport. Alhoewel die sportboikot swart sportlui ook negatief geraak het, het die gedagte van apartheid vir hulle groter probleme ingehou. Hulle was dus bereid om hulle sportaktiwiteite in te perk of op te skort ten einde die saak van apartheid teen te staan.

Selfs sommige van die borge was huiwerig om by die Spele betrokke te raak, aangesien hulle latere boikotaksies teen hulle organisasies gevrees het. Die Regering het toe vir die koste van die Spele, wat meer as een miljoen rand beloop het, ingestaan.³³ Hieruit kan afgelei word dat die Regering nie onwillig was om finansieel by te dra tot die aanbied van sportgeleenthede in Suid-Afrika nie, veral as die sportbeeld van die land daardeur bevorder kon word. In hierdie geval was dit egter nie geslaagd nie, want die swart sportlui se boikotaksie het die geleentheid baie van sy aansien laat verloor. Dit het ook weer eens die fokus op rasseverskille binne Suid-Afrikaanse sport geplaas en bygedra tot die anti-apartheidsbewegings se gevoel dat die sportboikotte teen die land steeds in plek gehou moes word.

Die situasie het met verloop van tyd so ondraaglik geword dat 'n groot gedeelte van die Suid-Afrikaanse atlete toenemend hul sportheil in die buiteland begin soek het. In 1987 het drie van Suid-Afrika se toptatlete besluit om na Swaziland te emigreer met die doel om as deel van die Swazilandse span aan die 1988 Olimpiese Spele in Seoul, Suid-Korea, deel te neem. Die middellafstandatleet, Johan Fourie, die marathonatleet Mark Plaatjes en die spiegooier, Chris de Beer, wou Swazi-burgerskap aanvaar ten einde hul ideaal van internasionale deelname te verwesenlik.³⁴ Die Swazilandse Olimpiese en Statebond Spele Vereniging het egter gewaarsku dat Swaziland die wense van die internasionale atletiekwêreld moes eerbiedig, en sou daarom nie die land se posisie in internasionale atletiek in gedrang bring net om die drie Suid-Afrikaanse atlete te

³² *The Citizen*, 21 April 1986.

³³ *Debatte van die Volksraad*, April 1986, kolom 484.

³⁴ Cooper, C., *Race Relations Survey 1987/88*, p. 279.

akkommodeer nie. In Desember 1987 het die Vereniging 'n verklaring uitgereik waarin gemeld word dat die drie atlete volgens die Swazilandse immigrasiewette nie sou kwalifiseer om vir Swaziland aan die 1988 Olimpiese Spele deel te neem nie. Die drie atlete het teleurgesteld na Suid-Afrika teruggekeer; hul strewe na Olimpiese deelname aan skerwe.

In 1988 het Mark Plaatjes in Amerika om politieke assiel aansoek gedoen omdat hy homself as gevolg van sy velkleur as 'n slagoffer van apartheid bestempel het. Die "Supreme Council for Sport in Africa" het egter Plaatjes se verweer as politieke opportunisme afgemaak. As gevolg van die Zola Budd-voorval het Plaatjes se poging egter misluk, want die Suid-Afrikaners wat met sogenaamde "paspoort van gerieflikheid" in die buiteland wou gaan deelneem, se voorregte is ingekort om 'n herhaling van die Budd-voorval te verhoed.³⁵ In April 1988 het die IAAF in beginsel besluit dat enige Suid-Afrikaanse atleet wat na 'n ander land emigreer ten einde hul loopbaan daar voort te sit, eers vir twee jaar lank in die aangenome land moet woon voordat hulle toegelaat sal word om weer internasionaal deel te neem. Hiermee is die voorreg wat Suid-Afrikaanse atlete geniet het om met hul sogenaamde paspoort van gerieflikheid vir 'n aangenome land internasionaal deel te neem, finaal 'n nekslag toegedien.

Matthews Temane het in Julie 1987 'n nie-amptelike wêreldrekord in die halfmarathon (21,1 km) opgestel. Dit feit dat Suid-Afrika egter reeds sedert 1976 deur die IAAF uit internasionale atletiek geskors is, het dit onmoontlik gemaak om die rekordtyd amptelik deur die IAAF te laat erken.³⁶ Alhoewel die wêreld kennis geneem het van Temane se prestasie, is sy rekordpoging nooit in enige internasionale rekordboek opgeteken nie.

Tydens 'n vergadering van die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) in Lausanne, Switserland, in Junie 1988, het die IOK sy posisie teen apartheid herbevestig deur te sê dat die Organisasie steeds die boikotaksie teen Suid-Afrika steun. Die vergadering, wat deur twaalf internasionale sportorganisasies bygewoon is, het na afloop van die sitting die volgende verklaring uitgereik:

³⁵ Ibid.

³⁶ The Natal Mercury, 28 Julie 1987.

- Die beoefening van apartheid in Suid-Afrika oortree die fundamentele beginsels van die Olimpiese Handves;
- Die lidlande van die Olimpiese beweging moet alle Suid-Afrikaanse sportfederasies se lidmaatskap opskort (in die gevalle waar dit nog nie van toepassing is nie) en alle sportbande met Suid-Afrika moet gebreek word totdat apartheid in sy totaliteit vernietig is;
- Alle aksies wat uitgevoer word ten einde die eenheid van die Olimpiese beweging te vernietig, veral pogings om sportkontak met Suid-Afrika te behou, moet verwerp word;
- 'n Kommissie van ondersoek moet aangestel word om die wese van apartheid in sport te ondersoek; en
- Konkrete voorstelle vanuit Afrika moet aangehoor word aangaande die moontlike oplossings vir die probleem van rasse diskriminasie in Suid-Afrika.³⁷

Die verklaring van die IOK het die gevoel van die meerderheid internasionale sportorganisasies en lande uitgestippel. Dit is deur veral die anti-apartheidsorganisasies baie sterk ondersteun, terwyl dit vir die sportlui in Suid-Afrika net nog 'n klap in die gesig was.

Nog sout is in die wonde van Suid-Afrikaanse sportlui gevryf toe die Suid-Koreaanse Regering aankondig dat geen visums aan Suid-Afrikaners uitgereik sou word om die 1988 Olimpiese Spele in Seoul as besoekers by te woon nie.³⁸ Alhoewel Suid-Afrika reeds sedert 1960 uit die Olimpiese beweging geskors is, het individue nog gereeld die Olimpiese Spele as toeskouers bygewoon. Suid-Korea se besluit om Suid-Afrika ook hierdie voorreg te ontsê, het groot ongelukkigheid onder sportlui tot gevolg gehad. Die SAAU se reaksie hierop was een van moedeloosheid en frustrasie. Die President van die SAAU, professor Charles Nieuwoudt, het die situasie soos volg opgesom:

“Despite all the efforts we are putting into normalising our sport, we are being isolated more and more each day. And this will soon go further than just the

³⁷ The New Nation, 30 Junie 1988.

³⁸ Cooper, C., et al., Race Relations Survey 1988/89, p. 37.

Olympic Games".³⁹

Nieuwoudt se opmerking toon duidelik tekens van frustrasie met die situasie, want dit is duidelik dat die buitewêreld toenemend daarop ingestel was om Suid-Afrikaanse sport op alle moontlike maniere totaal te isoleer. Die Suid-Koreaanse Regering se besluit het veral die sportadministrateurs direk geraak, want verskeie afrigters en ander atletiekkenners het gewoonlik die Olimpiese Spele gebruik as bron van kennis vir die ontwikkeling van hul afrigtingsvaardighede.

Die veranderende politieke situasie in Suid-Afrika het die President van die Suid-Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee (SANOK), Johan du Plessis, genoop om in Januarie 1990 'n oproep tot samesprekings aangaande sport in Suid-Afrika te maak. Du Plessis het gevra dat alle sportorganisasies in Suid-Afrika moet saamwerk in onderhandelinge ten einde 'n oorkoepelende beheerliggaam vir sport in die land te stig. Hierdie oorkoepelende liggaam is deur du Plessis gesien as 'n voorvereiste vir Suid-Afrika se hertoetrede tot internasionale sport.⁴⁰ Du Plessis se pleitdooi volg na samesprekings tussen SANOK en verteenwoordigers van die IOK in Parys, Frankryk.

Volgens du Plessis het die IOK tydens die samesprekings twee voorvereistes daargestel vir Suid-Afrika se terugkeer tot die Olimpiese beweging. Hierdie voorwaardes was dat daar een verteenwoordigende Olimpiese beweging in die land gevorm moet word en dat die sportgemeenskap in die res van Afrika Suid-Afrika se terugkeer tot wêreldsport moet aanvaar.⁴¹ Deur hierdie voorwaardes daar te stel het die IOK seker gemaak dat onderhandelinge tussen die verskillende sportgroepeerings binne Suid-Afrika, sowel as samesprekings met die breë sportgemeenskap in Afrika, moes plaasvind ten einde die probleme in Suid-Afrikaanse sport te probeer oplos.

Die voorwaardes wat deur die IOK daargestel is, is nie as verregaande beskou nie, want teen die einde van die tagtigerjare was onderhandelinge tussen sportlui en politici aan die orde van die dag. Die inisiatiewe wat deur rugby-administrateurs geneem is om met

³⁹ *The Citizen*, 1 Augustus 1988.

⁴⁰ Cooper, C., et al., *Race Relations Survey 1989/90*, p. 22.

⁴¹ *The Citizen*, 13 Januarie 1990.

die ANC in Lusaka gesprek te gaan voer is deur die Gatting-kriekettoer, sokkerafvaardigings na Lusaka en onderhandelinge met die IOK opgevolg.

Die President van die IOK, Juan Antonio Samaranch, het die veranderende politieke situasie in Suid-Afrika geloof en gesê 'n spesiale IOK-kommissie van ondersoek sou aangestel word om ondersoek in te stel na die mate van politieke verandering in Suid-Afrika en hoe dit moontlike hertoelating van Suid-Afrika tot die Olimpiese beweging kan raak.⁴² Samaranch het egter bygevoeg dat daar deurlopend samesprekings met ander Afrikalande gevoer sal word voordat 'n besluit oor Suid-Afrika se hertoetreding geneem sal word.

Sam Ramsamy het F.W. de Klerk se toespraak van 2 Februarie 1990 geloof as 'n stap in die regte rigting, maar gewaarsku dat dit dalk nie genoeg kan wees om te verseker dat daar 'n verslapping in die sportboikot sou kom nie. Ramsamy het gesê dat die boikot slegs sal eindig wanneer apartheid in sy geheel vernietig is.⁴³ Hierdie uitspraak van Ramsamy kan gesien word as 'n eerste reaksie op De Klerk se openingstoespraak in die parlement op 2 Februarie. Namate die effek van De Klerk se toespraak begin realiseer het, het Ramsamy meer gematigd begin optree en uiteindelik 'n groot rol gespeel om te help verseker dat die transformasieproses in Suid-Afrikaanse sport suksesvol uitgevoer word.

In atletiekkringe is die sportboikot gedurende die tagtigerjare op verskillende maniere aangevoel. Beide swart en wit atlete is deur die boikotte geraak, maar dit is hoofsaaklik op uiteenlopende maniere hanteer. Vanuit 'n blanke perspektief is die boikotaksie gekritiseer as die politisering van sport in Suid-Afrika en die gebruik van atletiek as 'n politieke speelbal. Die swart atlete het egter die dieperliggende betekenis van die boikotaksie beter verstaan, veral omdat hulle direk daardeur geraak is. Hulle het apartheid daagliks in die gesig gestaar en moes daarmee saamleef, terwyl die blanke atlete net gekonfronteer is met die onregverdigheid van die sportboikot self. Desperate pogings is deur beide swart en wit atlete aangewend in 'n poging om internasionaal te

⁴² The Citizen, 16 Januarie 1990.

⁴³ The Citizen, 3 Februarie 1990.

kan deelneem, maar eindelik was die onderhandelingsstafel die enigste uitweg om die verwronge situasie van Suid-Afrikaanse atletiek te besleg.

Verhoudinge tussen Suid-Afrika en die internasionale boksbeheerliggame

Rasseverskille binne boksegeledere in Suid-Afrika het vroeg in die tagtigerjare reeds probleme veroorsaak. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Amateur Boks Federasie (SABF) gepoog het om die nie-rassige samestelling in amateurboks in Suid-Afrika geleidelik te laat infaseer, het die drie afsonderlike professionele boksorganisasies hierdie proses vertraag.

Die Suid-Afrikaanse Boks Vereniging (blank), die Suid-Afrikaanse Amateur Boks Unie (swart) en die Suid-Afrikaanse Boks Raad (Kleurling) het gesamentlik besluit dat die implementering van 'n nie-rassige basis vir boks op klubvlak nie gehaas moet word nie en 'n drie- of vyfjaarplan is daarvoor in die vooruitsig gestel.⁴⁴ 'n Hewige stryd het ontstaan rondom hierdie kwessie en verskeie provinsies het hul van die SABF gedistansieer. Die SABF is gekritiseer vir die feit dat daar op grond van ras gediskrimineer word met die aanbied van die jaarlikse bokstoernooie. Slegs wit en swart bokkers is genooi om aan die toernooie deel te neem, terwyl Indiër en Kleurling bokkers van hierdie voorreg ontnem is.⁴⁵ Volgens die grondwet van die SABF mag Indiër en Kleurling bokkers aan dieselfde klubs as swart bokkers behoort, maar slegs die swart boksers van die klub mag vir die verskillende toernooie oorweeg word. Die onderstrominge in boksegeledere het tot op die hoogste vlak uitgekring en organisasies soos SACOS is hierby betrek. Hierdie konflik het gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare voortgeduur, maar is later van tyd besleg.

Op professionele vlak het Mike Weaver, 'n hoogs aangeskrewe swart Amerikaanse bokser' in Oktober 1981 in Bophuthatswana teen die Suid-Afrikaanse swaargewigkampioen, Gerrie Coetzee, geboks.⁴⁶ Die geveg is vanuit verskeie oorde, binne sowel as buite Suid-Afrika gekritiseer. Gedurende die tagtigerjare het verskeie sportgebeure, hoofsaaklik boksgevegte, in die Suid-Afrikaanse tuislandgebiede

⁴⁴ *Sunday Post*, 6 Januarie 1980.

⁴⁵ Gordon, et al., *Survey of Race Relations in South Africa* 1980, p. 602.

⁴⁶ *Ibid.*, p. 603.

plaasgevind. As gevolg van die outonome bestuur van die tuislande kon die buiteland nie optree teen sportlui wat teen Suid-Afrikaners sport beoefen nie, aangesien dit nie op Suid-Afrikaanse grondgebied plaasgevind het nie. Die geveg het plaasgevind in 'n tydperk waartydens die meeste ander internasionale sportliggame geveg het vir die verbreking van sportbande met Suid-Afrika, maar die Wêreld Boks Vereniging (WBV) wat die geveg aangebied het, het hom nie daaraan gesteur nie. Die aanbieding van die Weaver/Coetzee-geveg in Suid-Afrika het die boikotaksie teen Suid-Afrika tot 'n mate geneutraliseer, veral omdat die WBV groot aansien geniet het in internasionale boksgeledere. Weaver is egter gekritiseer omdat hy as swart sportman in Suid-Afrika kom boks het en sodoende basies sy steun toegesê het aan apartheid. Vir Weaver het dit egter net gegaan oor die prysgeld wat hy ontvang het ná die geveg, want dit is wat sorg vir kos op die tafel.

Weaver het die geveg gewen, wat groot feesvieringe in die swart woongebiede in Suid-Afrika tot gevolg gehad het. Hierdie optrede in die townships was 'n algemene verskynsel. Regdeur die tagtigerjare het die swart Suid-Afrikaners die buitelandse sportlui wat teen blanke Suid-Afrikaners in Suid-Afrika kom kompeteer het, ondersteun. Dit het veral byklank gevind by die swart sportondersteuners in die land indien die buitelandse opposisie ook swart was en hulle daarin kon slaag om hul blanke Suid-Afrikaanse opponente te klop.

Wanneer die buitelandse sportlui hul blanke Suid-Afrikaanse teenstaanders geklop het, is daar tot laataand in die townships feesgevier. Enige oorwinning teen blanke sportlui is gesien as 'n oorwinning teen apartheid en is met groot feesvieringe begroet.⁴⁷ Ook op Robbeneiland, waar sportgebeure op die radio gevolg is, is besoekende buitelandse sportspanne se oorwinnings oor blanke Suid-Afrikaanse sportlui gewoonlik met oorgawe gevier.⁴⁸

Die Suid-Afrikaanse Boks Beheerraad het gedurende die tagtigerjare 'n belangrike rol binne die WBV gespeel. Regter H.W.O. Klopper het vir lank as Waarnemende

⁴⁷ C.Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Jerry Segwaba, 18 Augustus 1999, Bloemfontein.

⁴⁸ Ibid.

President van die WBV gedien en Gilbert Mendoza, wat later as President van die WBV aangewys is, was 'n groot vriend van Suid-Afrika. Mendoza se verkiesing as President van die WBV het egter groot druk op dié organisasie geplaas. Die Kanadese Professionele Boks Federasie het van die WBV onttrek en gesê dié organisasie is ondemokraties en is besig om 'n morele dood te sterf.⁴⁹ Hierdie besluit deur die Kanadese is hoofsaaklik as gevolg van die WBV se sterk bande met Suid-Afrika gemaak.

Die ANC het verskeie georganiseerde protesaksies geloods teen die wêreld junior middelgewigkampioen, Davey Moore, wat in 1983 sy titel in Suid-Afrika kom verdedig het.⁵⁰ Moore is met sy aankoms op die lughawe in Suid-Afrika met neerhalende plakkate ingewag. By die hotel waar hy en sy ondersteuningspan gebly het en selfs by die gimnasium waar hy homself vir die geveg voorberei het, is hy deur singende, dansende protesteerders begroet wat met slagspreuke op plakkate hulle misnoeë met die geveg uitgespreek het. Hierdie protesaksies was egter nie altyd suksesvol nie, aangesien boks baie gewild was onder swart Suid-Afrikaners, en Moore het as swart Amerikaner baie steun onder 'n groot groep van die swart bevolking geniet.

In dieselfde jaar het Gerrie Coetzee na Amerika verhuis in 'n poging om 'n derde keer om die swaargewigtitel van die wêreld te boks. Hy het aangevoer dat hy vir Amerikaanse burgerskap sou aansoek doen, aangesien hy nie met die apartheidsbeleid saamgestem het nie. Coetzee het apartheid gekritiseer en homself soos volg daarteen uitgespreek:

"We have the wrong system. I think it is very wrong. I'll say its wrong even if they sort of hold it against me".⁵¹

Coetzee se droom is verwesenlik toe hy in September 1983 teen Micheal Dokes deur die toue geklim het om vir die WBV se swaargewigtitel te veg. Coetzee het 'n onverwagte oorwinning oor Dokes behaal en sodoende Suid-Afrika se eerste swaargewig-

⁴⁹ Cape Times, 20 Oktober 1982.

⁵⁰ C.Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Jerry Segwaba, 18 Augustus 1999, Bloemfontein.

⁵¹ Sunday Times, 22 Februarie 1983.

wêreldkampioen geword.⁵² In die sportwêreld word die swaargewig-wêreldtitel in boks gesien as een van die mees gesogte sportprestasies en Coetzee se oorwinning het tot gevolg gehad dat Suid-Afrika nou kon aanspraak maak daarop dat een van die wêreld se vernaamste sporttitels hier tuis hoort. Coetzee se oorwinning was baie ironies, want dit het verskeie hooggeplaasde internasionale sportorganisasies op hul neuse laat kyk. Die feit dat die swaargewig-wêreldtitel so hoog aangeslaan word in wêreldsport, het Suid-Afrika tot 'n mate 'n hefboom gegee om aan te dring op beter behandeling deur die internasionale sportorganisasies. Dit was vir hierdie organisasies 'n bitter pil om te sluk, aangesien Suid-Afrikaanse sport internasionaal nie enige geleenthede gegun is nie.

Coetzee se oorwinning oor Dokes het die sportwêreld geskok en die kwessie van Suid-Afrika opnuut vierkantig in die kollig gestel. Alhoewel Suid-Afrika baie vyande binne boksegeledere gehad het, het die WBV dit nooit nodig geag om Suid-Afrikaanse bokkers van sy wêreldranglys te verwyder nie. Coetzee se oorwinning oor Dokes het die verskille binne internasionale boksegeledere verder laat verdiep, aangesien die WBV deur al die ander internasionale boksorganisasies, sowel as die internasionale media en die anti-apartheidorganisasies gekritiseer is vir sy optrede. In Suid-Afrika is Coetzee se oorwinning egter deur hoofsaaklik blanke sportondersteuners as een van die grootste sportprestasies nog gevier.

Na sy oorwinning teen Dokes het Coetzee gepoog om 'n geveg teen die Internasionale Boks Federasie (IBF) se swaargewig-kampioen, Larry Holmes, te verseker. Holmes het egter die aanbod van die hand gewys deur te sê dat hy nooit in Suid-Afrika sou boks nie.⁵³ Coetzee het toe uiteindelik 'n kontrak onderteken om teen 'n ander swart Amerikaner, Greg Page, by Sun City te boks. Volgens Page is sy familie deur anti-apartheidorganisasies geteister na hy die kontrak vir die geveg onderteken het. Die Amerikaanse televisienetwerk NBC het onttrek aan 'n kontrak van meer as 'n miljoen rand om die geveg te beeldsend nadat verskeie anti-apartheidsgroepeerings druk op die netwerk toegepas het.⁵⁴ Dit was 'n gevoelige slag vir die Suid-Afrikaanse sportpubliek, want dit het daartoe gelei dat buitelandse sportuitsendings na Suid-Afrika verder

⁵² Cooper, C., et al., *Survey of Race Relations in South Africa 1983*, p. 643.

⁵³ Cooper, C., et al., *Race Relations Survey 1984*, p. 927.

⁵⁴ Sowetan, 3 Desember 1984.

ingekort is. Aangesien die sportpubliek met so min internasionale sport binne Suid-Afrika tevrede moes wees, was daar op beeldsendings vanuit die buiteland staat gemaak ten einde die honger vir internasionale sport te stil. Met die suksesvolle druk wat op die NBC toegepas is om nie die geveg te beeldsend nie, het die anti-apartheidsgroepeerings nou besef dat druk op internasionale uitsaaikorporasies groot moontlikhede kon inhou om Suid-Afrikaanse sport verder te isoleer.

In 1983 is Suid-Afrika se voorste boksskeidsregter, Stan Christodolou⁵⁵, genomineer om die middelgewig-wêreldtitelgeveg tussen Marvin Hagler en Roberto Duran te behartig. Die Nevada Sport Kommissie in Amerika het egter die nominasie teengestaan, omdat Christodolou gesien is as 'n "agent van die Suid-Afrikaanse Regering".⁵⁶ Christodolou is egter wel aangewys as skeidsregter van die geveg nadat daar gesê is dat hy eintlik van Griekse herkoms is en die voorsitter van die kommissie het voorts sy tevredenheid uitgespreek oor Christodolou se gesindheid teenoor swartes. Die Wêreld Boksraad (WBR) wat sterk gekant was teen sportbetrekkinge met Suid-Afrika, het geprotesteer teen Christodolou se aanwysing as skeidsregter, maar die WBV het Christodolou verdedig en gesê die WBV is trots om Suid-Afrika as 'n lid van die organisasie te hê.⁵⁷

Vroeg in 1986 is daar aangekondig dat Coetzee in Londen teen Frank Bruno, die voorste Britse swaargewigbokser sou veg. Die anti-apartheidsbeweging in Brittanje, ondersteun deur van die Britse Arbeidersparty se parlamentslede, het die Britse Regering gevra om die bokseveg af te las. In 'n brief aan Bruno se bestuurspan het SANROC die geveg beskryf as politieke propaganda en gesê:

"The apartheid regime will use this fight for its propaganda campaign to boost diminishing white morale in its effort to maintain race discrimination and 'domination in South Africa'".⁵⁸

⁵⁵ Christodolou was ook die sekretaris van die Suid-Afrikaanse Boksbeheerraad, *The Argus*, 11 November 1983.

⁵⁶ Cooper, C., et al., *Survey of Race Relations 1983*, p. 643.

⁵⁷ Die WBV en die WBR het voortdurend gebots rondom Suid-Afrika se lidmaatskap van die WBV. Die WBR het geen Suid-Afrikaanse bokser erken op hul internasionale ranglyste nie, bloot op gronde van die stryd teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport. *Cape Times*, 16 November 1983.

⁵⁸ *The Star*, 22 Januarie 1986.

Die geveg het ondanks protesoptogte en betogings egter voortgegaan en Bruno het Coetzee in die eerste minuut van die geveg uitgeslaan. Dit het basies die einde van Coetzee se boksloopbaan beteken, terwyl Bruno se oorwinning terselfdertyd ook 'n morele oorwinning was vir die anti-apartheidsbeweging en organisasies soos SANROC se stryd teen Suid-Afrikaanse sport was.

In Oktober 1986 is Suid-Afrika onder druk van verskeie internasionale sportorganisasies uit die WBV geskors "totdat alle strukture van apartheid vernietig is".⁵⁹ Hierdie besluit was 'n baie gevoelige slag vir Suid-Afrikaanse boks, aangesien die WBV een van min vriende was wat boks in die land tot in daardie stadium nog gehad het. Volgens SANROC het die WBV se besluit voortgespruit uit moontlike eenwording met die WBR, wat egter nie sou kon plaasvind indien die WBV Suid-Afrika steeds ondersteun nie.⁶⁰ Die WBV se besluit het daarop neergekom dat Suid-Afrikaanse bokkers steeds op die WBV-ranglyste geplaas sou word en steeds aan WBV-titelgevegte sou kon deelneem, maar net buite Suid-Afrika. Op grond hiervan is Brain Mitchell steeds beskou as die WBV se junior liggewig-wêreldkampioen, alhoewel hy 'n Suid-Afrikaner was. Gerugte het in 1987 die rondte gedoen dat Mitchell dit selfs oorweeg het om sy Suid-Afrikaanse burgerskap op te sê ten einde sy WBV-titel te behou.⁶¹ Die President van die WBV, Gilberto Mendoza, het Mitchell egter verseker dat daar nie binne die WBV teen hom gediskrimineer sal word op grond van die feit dat hy 'n Suid-Afrikaner is nie. Mitchell het besluit om in Suid-Afrika aan te bly en het sy wêreldtitel in 1987 vier keer suksesvol verdedig.

In Desember 1986 is die WBV se weltergewig-kampioen, Lloyd Honeyghan, van sy titel gestroop omdat hy geweier het om sy titel teen 'n Suid-Afrikaner, Harold Volbrecht, te verdedig.⁶² Honeyghan het 'n geveg teen Volbrecht gesien as 'n teken van ondersteuning vir apartheid en het besluit om eerder van sy titel afstand te doen. Twee bokkers wat op die WBV-ranglyste verskyn, Mike Weaver en Rickey Parkey, se name is van die Vereniging se ranglys verwyder omdat hulle, strydig met die Vereniging se grondwet, in Suid-Afrika kom boks het. Die WBV het na die twee bokkers, albei swart,

⁵⁹ *The Star*, 31 Oktober 1986.

⁶⁰ *The New Nation*, 23 Oktober 1986.

⁶¹ *Business Day*, 28 September 1987.

⁶² *Cape Times*, 23 Desember 1986.

verwys as verraaers van hul eie ras.⁶³ Die dubbele standaard wat deur die WBV toegepas is, het verwarring onder bokkers veroorsaak. Dit was onverstaanbaar hoe Suid-Afrikaanse bokkers se name steeds op die Vereniging se ranglys kon verskyn, maar geen wêreldtitelgeveg kon in Suid-Afrika plaasvind nie. Die ander boksportorganisasies het hulle toenemend van die WBV vervreem as gevolg van hul onewewigtige siening rondom Suid-Afrika, maar Suid-Afrikaanse bokkers het die geleentheid aangegryp om internasionale gevegte te bekom en die WBV strykdeur ondersteun.

Afgesien van die veldtog teen Suid-Afrikaanse sport het boks gedurende die tagtigerjare gemengde welslae gehad in die stryd teen isolasie. Die pogings wat deur die anti-apartheidsorganisasies en die WBR teen die land geloods is, is in 'n groot mate deur die optrede van die WBV geneutraliseer. Alhoewel die WBV in die tweede helfte van die tagtigerjare 'n meer vyandige houding ingeneem het ten opsigte van die aanbod van gevegte in Suid-Afrika, was dié organisasie steeds Suid-Afrika se beste vriend in wêreldboks. Die kwessie van geld kan as moontlike rede gesien word vir die WBV se steun van Suid-Afrikaanse bokkers, want verskeie bokspromotors was Suid-Afrika baie goedgesind en het die talente van 'n Gerrie Coetzee, Brain Mitchell en ander raakgesien en besef dat hierdie bokkers vir hulle baie geld in die sak kan bring. Dit was moontlik ook die verskil tussen boks en van die ander sportsoorte. Waar boks as professionele sport hoofsaaklik rondom geld gewentel het, was baie ander sportsoorte gedurende die tagtigerjare steeds gesien as amateur sportsoorte wat nie op 'n sterk ekonomiese basis gefunksioneer het nie.

Evaluering

Suid-Afrikaanse sport is teen die middel van die tagtigerjare met 'n hernieude isolasie-aanslag gekonfronteer, afgesien van die feit dat desegregasie in Suid-Afrikaanse sport reeds tot 'n groot mate in die land plaasgevind het. Teen 1985 is 38 Suid-Afrikaanse sportsoorte deelname aan internasionale byeenkomste geweier, of hul uitnodigings om aan hierdie byeenkomste deel te neem, is teruggetrek.⁶⁴ Teen Februarie 1986 was slegs 31 van die 108 nasionale Suid-Afrikaanse sportbeheerligame wat deur die Regering erken word steeds volwaardige lede van hul onderskeie internasionale beheerliggame.⁶⁵

⁶³ **Business Day**, 25 September 1987.

⁶⁴ **Debate van die Volksraad**, April 1985, kolom 228.

⁶⁵ Cooper, C., et al., **Race Relations Survey 1986**, p. 291.

Hieruit kan afgelei word dat die sportlui in Suid-Afrika hoogs gefrustreerd moes gewees het met die situasie, want die moontlikhede vir internasionale deelname het vir hulle al hoe skaarser geword.

Soos reeds genoem is verskeie ander Suid-Afrikaanse sportsoorte en –sportlui ook deur sportisolasië benadeel. Ná die ondertekening van die Gleneagles-ooreenkoms het die min internasionale geleenthede wat Suid-Afrikaanse sportlui toe nog gehad het, feitlik opgedroog. Verskeie rasverwante voorvalle het steeds regdeur Suid-Afrika by sportklubs voorgekom.

Voorvalle rondom die gebruik van golfbane deur swart spelers het in die tagtigerjare op grootskaal voorgekom. Sommige golfklubs het volle lidmaatskapvoorregte aan hul swart lede gegee, ander klubs het bepaal dat swart spelers die baan mag gebruik, maar nie die klubhuis nie, en nog 'n groep golfklubs het swart spelers heeltemal uitgesluit. Alhoewel verskeie klubs baie sterk daarvoor gevoel het dat swart spelers uitgesluit moet word, het meer en meer klubs hul deure vir swart spelers begin oopgooi. Gesien in die lig van die geskiedenis van Suid-Afrikaanse sport het die negatiewe aspekte egter veel swaarder geweeg as die feit dat sekere klubs wel hulle geriewe vir alle bevolkingsgroepe oopgestel het. Elke voorval waar swart spelers toegang tot 'n golfklub geweier is, is in die anti-apartheidsgroepeerings met groot protesaksies begroet.

Gary Player, sekerlik die mees suksesvolle beroepsgolfspeler nog in Suid-Afrika, het tot die debat toegetree en sy skok uitgespreek omdat van sy swart vriende by verskillende golfklubs weggewys is. Van veelrassige golf het Henry Govender, die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Golf Vereniging, aan Player die volgende gesê:

“At present multi-racial golf simply does not exist, except as window dressing and not of the government's making. It is nothing more than a token gesture by a few clubs in Natal and elsewhere in South Africa”.⁶⁶

⁶⁶ The Star, 12 Desember 1984.

Hierdie uitspraak het nie 'n baie goeie beeld van Suid-Afrikaanse sport in die buiteland uitgedra nie en binne sportgeledere in Suid-Afrika is groot ontevredenheid uitgespreek ten opsigte van die hantering van swart spelers in sekere sportklubs.

Die kommerwekkende feit hieraan verbonde is dat die sportklubs hulself voortdurend beroep het op die klub se grondwet, wat gewoonlik gedui het op die uitsluiting van swartes. Baie van hierdie sportklubs was geleë in streke waar die plaaslike owerheid beheer is deur die Konserwatiewe Party (KP). Dit het die Suid-Afrikaanse sportadministrateurs se saak om te poog om swart sportlui toegang tot alle sportklubs te verseker, baie bemoeilik, aangesien die KP nie veelrassige sportbeoefening voorgestaan het nie.

Die probleme rondom die gebruik van blanke sportfasiliteite deur swart sportlui is in 1986 op die spits gedryf toe die Pretoriase stadsraad toestemming het vir die aanbied van swart sokkerwedstryde op die Loftus Versfeld-rugbystadion geweier. Die stadsraad se besluit is deur die opposisie, die Progressiewe Federale Party (PFP), sowel as die Mamelodi Sundowns Sokkerklub, wat die stadion wou gebruik, gekritiseer. Die PFP het die besluit veroordeel en dit gesien as bevestiging van die swart sportlui se siening dat die blankes selfsugtig is en weier om hul sportgeriewe met die swart sportlui in die land te deel.⁶⁷ Voorvalle soos hierdie is 'n voorbeeld van hoe die politici en die plaaslike owerhede die relatief goeie gesindhede wat gedurende die tagtigerjare tussen wit en swart sportlui in Suid-Afrika bestaan het, telkens feitlik heeltemal vernietig het. Die sportlui se stryd was nie net om die buitewêreld te probeer oortuig dat sport in die land genormaliseer is nie, maar daar moes ook deurgaans geveg word teen die apartheidstrukture wat deur die plaaslike owerhede nagevolg is. Hierdie strukture het gereeld tot voorvalle van rassediskriminasie in sport aanleiding gegee en het die sportlui in verdere krisis gedompel.

Navorsing in 1984 het getoon dat sokker die gewildste sportsoort in Suid-Afrika is. Ongeveer vier miljoen mense het in 1983 wedstryde van die NPSL bygewoon, wat 'n hekinkomste van meer as agt miljoen rand verseker het.⁶⁸ Alhoewel Suid-Afrikaanse

⁶⁷ Pretoria News, 23 September 1986.

⁶⁸ Cooper, C., et al., *Race Relations Survey 1984*, p. 931.

sokker ook deur sterk borgskappe ondersteun is, het verskeie rasverwante probleme egter die vooruitgang van dié sportsoort grootliks benadeel.

Verskeie wit sokkerklubs het probleme ondervind om geskikte velde te kry om op te speel, hoofsaaklik as gevolg van die feit dat sommige plaaslike owerhede die speel van veelrassige wedstryde in blanke gebiede verbied het. Dit het tot gevolg gehad dat net een blanke klub, Wits Universiteit, verseker was van hul toekoms binne die Nasionale Professionele Sokker Liga (NPSL), aangesien hulle sportgronde nie onder beheer van die Johannesburgse Stadsraad geval het nie.⁶⁹ Konflik tussen die verskillende klubs en die plaaslike owerhede het gevolg, wat die toekoms van die NPSL tot 'n groot mate in gedrang geplaas het.

Dit was kenmerkend van die tagtigerjare dat hoëprofiel-instansies in Suid-Afrika betrokke geraak het by borgskappe van buitelandse sportspanne wat in Suidelike Afrika kom besoek aflê het. Hierdie organisasies het soms miljoene rande betaal om te verseker dat die Suider-Afrikaanse sportpubliek internasionale sport eerstehands kon ervaar, alhoewel daar vanuit anti-apartheidsgelidere heelwat teenkanting en teenreaksie teen hierdie organisasies plaasgevind het in die vorm van boikotaksies en protesoptogte. Hierdie buitelandse sportlui is nie net deur die Suid-Afrikaanse sportpubliek op die hande gedra nie, maar hulle is ook deur grootskaalse borgskappe ondersteun om hulle vir 'n tydperk in Suid-Afrika te vestig.

Die beoefening van sport in die "onafhanklike" tuislande het gedurende die isolasiejare 'n algemene gesig geword. Verskeie wêreldtitel boksgevegte is in veral Bophuthatswana aangebied. Die NPSL het egter in 1983 besluit om die aanbied van sokkerwedstryde in enige van die tuislande te verbied. Volgens die NPSL het die sogenaamde "middel manne" wat die wedstryde in die tuislande reël, te veel geld gemaak, terwyl die betrokke sokkerklubs weerloos gelaat is. Voorts is spanne vanuit die tuislande toegelaat om teen internasionale spanne te speel, terwyl die Suid-Afrikaanse spanne, wat oorwegend swart was, geen buitelandse kompetisie gegun is nie.

⁶⁹ Sunday Times, 30 November 1980.

Een van Suid-Afrika se mees begaafte swemsterre van die tagtigerjare, Annette Cowley, het in 1983 aangekondig dat sy Suid-Afrika gaan verlaat om haar swemloopbaan in die buiteland voort te sit. Haar besluit word weerspreekend deur die feit dat sy in Maart 1983 die wêreldrekord in die tweehonderd meter gemengde wisselslag met meer as sewe sekondes gebreek het. Die rekord is egter nie erken nie, aangesien die Suid-Afrikaanse Amateur Swem Unie (SAASU) deur die internasionale beheerliggaam, die Federation Internationale de Natation Amateur (FINA), uit internasionale deelname geskors is.⁷⁰

Die Zola Budd-voorval het in 1988 daartoe gelei dat Annette Cowley weer in 'n internasionale voorval betrokke geraak het. Met die gebeure rondom Budd kort voor die 1988 Olimpiese Spele, het Cowley egter besluit om haarself nie beskikbaar te stel vir die Engelse swemspan na die Olimpiese Spele nie, omdat sy nie in voorvalle soortgelyk aan dié van Budd betrokke wou raak nie.⁷¹ Cowley se frustrasies was kenmerkend van 'n groot hoeveelheid sportlui gedurende die tagtigerjare. Die Suid-Afrikaanse sportlui wou graag internasionaal deelneem om hulself met die bestes in die wêreld te vergelyk. Die feit dat sportlui 'n beperkte loopbaantydperk het, het gelei tot wanhoop en frustrasie onder Suid-Afrikaanse sportlui, wat daartoe gelei het dat hulle hul rug op Suid-Afrika gedraai het en hul sportloopbane in die buiteland gaan voortsit het.

Die insluiting van twee swart swemmers in 'n skoolspan in Pretoria het in 1984 tot groot konflik gelei en het tot gevolg gehad dat verskeie skoolswemligas in die stad in duie gestort het.⁷² Ook in Kaapstad is die besluit om die munisipale swembad vir alle rasse-groepe oop te stel met groot teenstand begroet. In Durban is 'n protesaksie gehou omdat 'n swart man aangestel is as 'n lewensredder by een van die swembaddens wat uitsluitlik deur blankes gebruik word. Bogenoemde is voorbeelde van die eng siening van sekere groeperinge binne die Suid-Afrikaanse samelewing. In hierdie opsig was sport die ander substrukture van die Suid-Afrika sosiale strukture ver vooruit. Waar dit in sport gegaan het oor die deelname, ongeag teen wie, het afsonderlike ontwikkeling en groei aan die orde van die dag gebly in die deursnee samelewingsverband in die land.

⁷⁰ Cooper, C., et al., *Survey of Race Relations in South Africa 1983*, p. 649.

⁷¹ *Business Day*, 16 Mei 1988.

⁷² Cooper, C., *Race Relations Survey 1984*, p. 930

Ray Moore, 'n veteraan tennisspeler en President van die Vereniging van Professionele Tennis spelers (ATP), 'n internasionale organisasie, het in 1984 die waarskuwing gerig dat Suid-Afrikaanse sport kon verwag dat die versmorende effek van sportisolasië sal toeneem met verloop van die tagtigerjare. As redes hiervoor het hy aangevoer die toenemende steun wat anti-apartheidsorganisasies van buitelandse regerings ontvang, asook die verdieping in aktiwiteite teen sportapartheid vanuit hierdie organisasies, juis omdat hulle meer steun en geld vanuit verskillende oorde hiervoor ontvang.⁷³

Die impak van apartheid het toenemend negatief ingewerk op Suid-Afrika se sportbetrekkinge met die buitewêreld. Die afskaffing van alle fasette van apartheid is as voorskrif neergelê vir Suid-Afrikaanse sport se hertoetrede tot die internasionale arena. Alhoewel Suid-Afrikaanse sportlui nie enige politieke aspirasies gehad het nie, is hulle deur die politieke stelsel in die land betrek by die boikotaksies wat deur die buitewêreld teen hulle ingestel is.

Die ironie van die saak was dat sportlui oor die kleurgrens heen met mekaar oor die weg gekom en teen mekaar gekompeteer het, maar die politieke situasie in die land het uiteindelik veroorsaak dat sportlui internasionaal geïsoleer was. Sportlui het uit noodweer begin optree om die wurggreep van die boikotaksie te probeer breek en baie het hul toevlug na die buiteland geneem om daar hulle internasionale loopbane te probeer voortsit. Ongelukkig was hierdie pogings nie altyd suksesvol nie en baie van die sportlui het na Suid-Afrika teruggekeer en moes hulle by die situasie berus.

Ander alternatiewe wat gevolg is, is die reël van rebelle-toere vanuit die buiteland om teen die Suid-Afrikaanse spanne te kom meeding. Op die lang duur het dit ook nie die probleem opgelos nie en Suid-Afrikaanse sport het verder verval in die skadu van apartheid. Die optrede van verskeie regsgeinde plaaslike owerhede het nie die saak van sport in Suid-Afrika enigins bevorder nie. Veral in sportsoorte soos swem, golf en atletiek is swart sportlui gedurende die tagtigerjare die deur gewys wanneer hulle as lede van klubs wou aansluit. Hierdie inligting is baie vinnig deur organisasies soos SACOS en SANROC ingespan en aan die groot klok gehang. Dit het die beeld van

⁷³ Cooper, C., et al., *Race Relations Survey 1984*, p. 931.

Suid-Afrikaanse sport in die buiteland nog verder vernietig en tot dreigende konflik tussen swart en wit sportlui gelei.

As gevolg van die druk wat teen die Regering se apartheidsbeleid toegepas is, moes sportlui in Suid-Afrika al hoe meer in die oë van die politici kyk, want dit was hoe die aanslag op sport verander het. Ondanks die feit dat die meeste sportsoorte teen die middel van die tagtigerjare beantwoord het aan dit wat aanvanklik verwag is, het die politieke situasie in Suid-Afrika totaal oorheers en die sportadministrateurs moes maar gedweë by die politieke besluite inval.

Aan die einde van die tagtigerjare was dit duidelik dat slegs een opsie oorgebly het vir sportlui in Suid-Afrika, naamlik dié van onderhandeling. Verskeie sportsoorte het om die tafel gaan sit en onderhandel vir die totstandkoming van nie-rassige beheerliggame vir die betrokke sportsoorte in die land. Die veranderende politieke klimaat in die land het die onderhandelingsproses positief beïnvloed, maar daar moet ook in ag geneem word dat die sportlui by tye druk op die politici geplaas het om anders na die situasie rondom apartheid te kyk.

HOOFSTUK 7

POLITIEKE VERANDERING IN SUID-AFRIKA EN DIE EINDE VAN DIE SPORTISOLASIE

Gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare was dit reeds duidelik dat veranderinge op die terreine van politiek sowel as sport in Suid-Afrika onafwendbaar was. Die Nasionale Party (NP) se sportbeleid van die tagtigerjare, gebaseer op die beginsel van sportoutonomie, het sportadministrateurs aangemoedig om die leiding ten opsigte van die bestuur van sport in die land te neem. Die groter prentjie rondom apartheid het sportlui egter verhoed om onder die juk van sportisolاسie uit te beweeg, aangesien die internasionale sportboikotaksie sy momentum in die tagtigerjare behou het en daarop aangedring het dat apartheid in sy totaliteit moes verdwyn alvorens normale internasionale sportbetrekkings vir Suid-Afrikaanse sportlui 'n realiteit sou wees.

Die sportlui het moedeloos begin word oor die politieke etiket wat om die nek van Suid-Afrikaanse sport gehang is, aangesien baie van die Suid-Afrikaanse sportsoorte reeds in 'n groot mate op 'n veelrassige basis bestuur en gespeel is. Die besoek van 'n afvaardiging van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) na Harare in 1988 het die aksie vanuit sportgeledere aan die gang gesit en verskeie gesprekke tussen Suid-Afrikaanse sportadministrateurs en die *African National Congress* (ANC) oor die volgende paar maande het gevolg. Die politieke aansien wat die ANC teen 1988 wêreldwyd geniet het, het hierdie samesprekings basies noodsaaklik gemaak indien Suid-Afrikaanse sport sy regmatige plek in internasionale sport wou herwin.

Op die Suid-Afrikaanse politieke front was veranderinge ook aan die orde van die dag. Reeds tydens die 1987-verkiesing was dit duidelik dat die blanke politieke strominge in die land besig was om te verander. Alhoewel die NP steeds die verkiesing met 'n groot meerderheid gewen het, het die verrysing van 'n konserwatiewe opposisie nuwe lewe in die verlig-verkrampde stryd in die Suid-Afrikaanse politiek geblaas. Die konserwatiewe elemente in die land se blanke politiek het die wit-swart verhoudings in die land tot 'n groot mate versuur. Die KP se verowering van sekere setels in die Transvaal het tot gevolg gehad dat afsonderlike sportbeoefening weer in hierdie gebiede gebesig is,

terwyl fasiliteite ook op afsonderlike basis benut is. Binne die NP self het sekere gebeure aanleiding gegee tot grootskaalse veranderinge wat op die lange duur verreikende implikasies vir Suid-Afrika sou inhou. Teen 1989 was daar 'n gevoel binne die NP dat groter momentum noodsaaklik was vir onderhandelingspolitiek in die land.¹ Hierdie onderhandelingspolitiek was, vanuit die NP-oogpunt, baie belangrik ten opsigte van die vraagstuk van swart politieke regte wat al hoe sterker na vore begin tree het.

Die tydgees wat oor die hele wêreld posgevat het, het nuwe horisonne vir Suid-Afrika laat wink. Dramatiese vordering is gemaak met die skikking in Suidwes-Afrika en Angola, wat aanleiding gegee het tot 'n verbeterde internasionale houding teenoor Suid-Afrika.² Vir die anti-apartheidsbeweging in Brittanje het dit begin lyk asof die NP sy politieke wil verloor het om volgens die ou, rigiede stelsel van apartheid te regeer.³ Die klimaat was dus gunstig vir samesprekings en onderhandelinge ten einde die Suid-Afrikaanse politiek, en daarmee saam ook sport, uit die internasionale wildernis te bevry.

Op 18 Januarie 1989 is NP ondersteuners regdeur die land geskok met die aanhoor van die nuus dat President P.W. Botha 'n beroerte gehad het. 'n Senior lid van die Kabinet, mnr. Chris Heunis, is as Waarnemende Staatspresident aangewys. Vrae is uit verskeie oorde gevra oor Botha se gesondheid en of hy sy amp as staatshoof sou kon hervat. In 'n brief aan die NP-koukus het Botha gesê dat hy voel die tyd nou aangebreek het dat die ampte van staatspresident en dié van hoofleier van die NP geskei moes word.⁴ In die daaropvolgende stemming binne die NP is F.W. de Klerk aangewys as die nuwe Hoofleier van die NP. In Botha se afwesigheid het persoonlike verskille binne die NP gemoedere hoog laat loop. Heunis en De Klerk het by verskeie geleenthede van mekaar verskil en Botha se siektetoestand het verder tot die krisissituasie binne die Party bygedra.

Verskeie senior Kabinetslede het gedurende hierdie tydperk hul bedanking uit aktiewe politiek aangekondig. Heunis was een van vier senior NP-lede wat deur die loop van

¹ Ries, A., en E. Dommissie, *Leierstryd*, p. 43.

² *Ibid.*, p. 76.

³ Hain, P., *Sing the Beloved Country. The Struggle for the New South Africa*, p. 172.

⁴ Ries, p. 91.

1989 hul uittrede uit die politiek bekend gemaak het.⁵ Hierdie bedankings, gepaardgaande met Botha se siekte, het die NP meer toeganklik vir kritiek van buite gemaak.

Op 8 Julie 1989 het Suid-Afrika aan die wêreld die nuus oorgedra dat een van die hooffigure in die ANC, Nelson Mandela drie dae van tevore 'n hoflikheidsbesoek by Botha afgelê het.⁶ Mandela se rol in die veranderende politiek in Suid-Afrika was baie belangrik: hy was baie gewild op die voetsoolvlak binne die swart woonbuurte en takties baie gesofistikeerd. Mandela se teenwoordigheid in die Suid-Afrikaanse politiek was moontlik die laaste geleentheid tot onderhandelings ten einde 'n nuwe politieke bestel vir Suid-Afrika daar te stel.⁷ Die ontmoeting tussen Botha en Mandela het in groot geheimhouding plaasgevind uit vrees vir reaksie uit veral konserwatiewe blanke geleedere. Botha is deur die opposisie veroordeel vir sy ontmoeting met Mandela en daar is gesê die ontmoeting is gereël om Botha se kwynende politieke aansien te probeer red. Die buitewêreld was egter verheug met die aanhoor van die nuus.

Toenemende wrywing tussen Botha en senior Kabinetslede oor 'n beoogde besoek van die Zambiese leier, Kenneth Kaunda, na Suid-Afrika het tot verdere rusie gelei. Hierdie rusie was die laaste in 'n reeks konflikte binne die Kabinet wat uiteindelik aanleiding gegee het tot Botha se bedanking as Staatspresident op 15 Augustus 1989.⁸ De Klerk is as waarnemende Staatspresident aangewys en die NP het die 1989-verkiesing ingegaan op die rug van konflik, rusie en onsekerheid binne die kieserskorps.

In die verkiesing het die NP 93 setels verower, die KP 39 setels en die Demokratiese Party 33 setels.⁹ Teenoor die 1987-verkiesing het die NP stemme ingeboet teen beide die KP en die DP, maar die NP het 'n besliste mandaat gehad om voort te gaan met die hantering van die land se sake. Ná die verkiesing is De Klerk eenparig tot

⁵ Ibid., p. 220.

⁶ Ibid., p. 225.

⁷ Hain, p. 173.

⁸ Ries, p. 250.

⁹ In die 166ste kiesafdeling, Fauresmith, was daar 'n staking van stemme, Ibid., p. 256.

Staatspresident verkies en hy het hom tot sy mandaat vir hervorming en vernuwing as sy hoogste prioriteit verbind. Die inisiatiewe van vrylating van sekuriteitsgevangenes, wat onder Botha se leiding reeds begin is, is voortgesit.

Agt sodanige gevangenes, van wie die prominentste mnr. Walter Sisulu, 'n voormalige sekretaris-generaal van die ANC, is vrygelaat.¹⁰ Die onvoorwaardelike vrylating van hierdie gevangenes is oor die wêreld heen besonder gunstig ontvang. Die positiewe beeld wat die De Klerk-regering, as gevolg van die hervormingsinisiatiewe in die buiteland begin ontwikkel het, het verreikende positiewe implikasies vir Suid-Afrika ingehou. De Klerk se toespraak tydens die opening van die Parlement op 2 Februarie 1990 sou egter die lot van beide politiek en sport in Suid-Afrika vir altyd verander.

Met sy toespraak op 2 Februarie 1990, toe De Klerk die verbod op die ANC, die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) en die *Pan-African Congress* (PAC) opgehef het,¹¹ het hy ook die begin van die einde van sportisolasië ingelei.¹² Deur sy toespraak het De Klerk alles verander waarin die deursnee Suid-Afrikaanse blanke vir soveel jare bly vaskleef het. Hy het vryheid aan 'n breë spektrum van swart bevrydingsorganisasies gegee, Nelson Mandela se vrylating uit die tronk aangekondig en homself bereidwillig verklaar om oor 'n tafel te onderhandel vir die totstandkoming van 'n nuwe Suid-Afrika.¹³ Wat die politiek aanbetref was die tafel nou gedek vir samesprekings ten einde apartheid finaal van die wetboeke te verwyder en 'n stelsel van een-man-een-stem te implementeer.

De Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990 het die toekoms van Suid-Afrika onherroeplik verander. Suid-Afrika het 'n nuwe era in sy geskiedenis binnegegaan met De Klerk se toespraak waarin hy, afgesien van die ANC, die SAKP en die PAC, ook die beperking op 58 soortgelyke organisasies opgehef het.¹⁴ Die vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 het die realiteit van De Klerk se optrede stelselmatig nog meer laat insink. Samesprekings tussen die NP en die ANC ten einde die politieke

¹⁰ *Ibid.*, p. 261.

¹¹ *Die Burger*, 18 November 1993.

¹² Van der Merwe, F.J.G., *Sportgeskiedenis*, p. 173.

¹³ Schrire, R., *Adapt or die: The end of white politics in South Africa*, p. 9.

¹⁴ Pampallis, J., *Foundations of the New South Africa*, p. 305.

toekoms van die land te bespreek het kort hierna begin. In sportkringe het verkennende gesprekke lankal reeds plaasgevind, maar met die dramatiese ommeswaai in die politiek kon die sameprekings onder sportlui nou in groter erns aangepak word. Voor De Klerk se toespraak was daar altyd huiwering onder sportlui om ten volle betrokke te raak by onderhandelings wat indruis teen die wese van apartheid, omdat daar tot voor Februarie 1990 nie honderd persent sekerheid was oor die rigting waarin die politiek gedurende die negentigerjare sou kon beweeg nie. Met die onsekerheid van die toekomstige politieke ontwikkeling in die land nou uit die weg geruim kon die sportlui nou meer konstruktief aandag gee aan die hervormingsinisiatiewe wat gedurende die tagtigerjare op die gebied van sport ontwikkel is.

Die stryd om die opheffing van die sportboikot het teen die einde van die tagtigerjare momentum begin kry met verskeie samesprekings wat tussen die verskillende rolspelers plaasgevind het. Die besoek van Craven en Luyt aan die ANC in Harare gedurende 1988 het aanleiding gegee tot verdere besoeke deur die Nasionale Sokker Liga (NSL) en die Suid-Afrikaanse Sokkerfederasie (SASF) aan die ANC in Lusaka gedurende dieselfde jaar. Dit was egter die stigting van 'n nuwe sportorganisasie, met sterk politieke bande, wat die mees doelgerigte onderhandelinge in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse sport in 'n definitiewe rigting laat beweeg het.

Die stigting van die NationalSports Council

Met die aanbreek van die negentigerjare was die skrif reeds aan die muur vir apartheid en afsonderlike sportbeoefening in Suid-Afrika. Die stigting van die *National Sport Congress* (NSC) in 1989 het ten doel gehad om die vereniging van sport in Suid-Afrika te monitor en daardeur te verseker dat nie-rassige strukture in alle sportsoorte opgestel word.¹⁵ Die NSC is gestig op grond van die feit dat SACOS se aansien besig was om te kwyn en dié organisasie nie kon reken op die steun van al die swart sportlui in die land nie. Die idee agter die stigting van die NSC was dus om as ondersteuningsbasis te dien vir SACOS en te help om die administrasie van sport in die land te normaliseer. Die idee was dus nooit dat die NSC 'n sportorganisasie in eie reg moes word nie, maar

¹⁵ Nauright, J., *Sport, Cultures and Identities in South Africa*, p. 154.

eerder dat dit as 'n kulturele ondersteuningsbasis vir SACOS moes dien.¹⁶ Die NSC het egter soveel steun vanuit die swart sportgeledere in die land gekry dat dit met verloop van tyd meer steun as SACOS gehad het en op natuurlike wyse ontwikkel het in 'n struktuur wat die basiese sportbehoeftes van die swart sportlui kon aanspreek.

Een van die vernaamste redes vir die NSC se toename in aansien en gewildheid onder die swart bevolking was die feit dat verskeie prominente swart politieke leiers, wat voorheen in ballingskap oorsee was, nou sterk na vore binne die hiërargie van die ANC getree het. As gevolg van die gebrek aan politieke leierskap in die tagtigerjare het swart sportleiers ook die rol van politieke leiers binne die swart gemeenskap vervul. So het leiers soos Muleleki George na vore getree op beide sportgebied sowel as die terrein van politiek.¹⁷ Met die stigting van die NSC is die geleentheid geskep vir beide die sportleiers, sowel as die politieke leiers wat uit ballingskap teruggekeer het, om saam te staan vir die ontwikkeling van sport in Suid-Afrika.

In Junie 1990 is die NSC amptelik geherstruktureer en sou voortaan bekend staan as die *National and Olympic Sports Congress* (NOSC), alhoewel die meeste mense steeds daarna bly verwys het as die NSC.¹⁸ Die woord "Congress" in die naam van die NSC is later vervang met die woord "Council" veral omdat blanke sportadministrateurs ongemaklik was met die woord "Congress" was wat ook in die naam van die ANC voorkom.¹⁹ Nadat die Nasionale Olimpiese Komitee van Suid-Afrika (NOKSA) onder aanvoering van Sam Ramsamy vroeg in die negentigerjare met sy werksaamhede begin het, het die NOSC besluit om die woord "Olympic" ook uit die naam te verwyder en sou dus voortaan bekend staan as die *National Sports Council*.

Sedert die gebeure van 2 Februarie 1990 het die ANC amptelik betrokke geraak by die NSC en is dié organisasie dus basies gesien as die sportbeen van die ANC. Die NSC het in die negentigerjare die rol wat voorheen deur die ander swart sportstrukture in die land vervul is oorgeneem. Verskeie van hierdie sportstrukture is in die NSC opgeneem,

¹⁶ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Mthobi Tyamzashe, 14 Junie 2002, Johannesburg.

¹⁷ Ibid.

¹⁸ Nauright, p. 217.

¹⁹ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Mthobi Tyamzashe, 14 Junie 2002, Johannesburg.

terwyl ander, soos SACOS, besluit het om outonoom voort te bestaan, maar sonder enige noemenswaardige suksesse. Waar daar vóór Februarie 1990 geveg is vir die isolasie van Suid-Afrikaanse sport vanuit die internasionale arena, moes daar ná De Klerk se toespraak gewerk word na die vereniging van alle sportsoorte in die land, ongeag die verskille van die verlede.²⁰ Die rol van die NSC in die stabiliseringsproses van sport in Suid-Afrika is 'n paar maande na sy ontstaan reeds tot die uiterste beproef met die Gatting-kriekettoer na Suid-Afrika.

Die NSC se optrede tydens die toer het tot 'n groot mate die toekoms van sport in Suid-Afrika uitgespel. Deur sy optrede was die NSC vasbeslote om te wys dat sport in Suid-Afrika voortaan beheer sou word deur dié organisasie, wat op 'n nie-rassige basis daarna sou streef om sport in die land te normaliseer en stabiliseer. Die NSC het ook aangedui dat die sportmoratorium steeds in plek sou bly tot en met daar deur die NSC besluit word dat die politieke veranderinge in die land genoegsaam verander het vir die moratorium op internasionale deelname om getermineer te word. Verskeie massa-optredes tydens die eerste klomp wedstryde van die toer het die media se aandag op die aksies van die NSC gevestig. Die feit dat die Gatting rebelle-toer wel plaasgevind het, was strydig met die NSC se siening rondom die sportmoratorium en dit moes dus ten alle koste teengestaan word.

Tot en met die Gatting-toer het Suid-Afrikaners nooit werklik grootskaalse optrede van betogers teen sport binne Suid-Afrika beleef nie. Daar is wel op televisie gesien hoe die betogers tydens die 1981-Springbokrugbytoer na Nieu-Seeland deur betogers geteister word, maar dit was die eerste keer dat dit op só 'n skaal binne Suid-Afrika plaasgevind het. Die uiteindelijke besluit van die Suid-Afrikaanse Krieket Unie (SAKU) op 14 Februarie 1990 om die oorblywende gedeelte van die toer, sowel as die tweede been van die toef, wat gedurende die 1990/91 seisoen sou plaasvind, te kanselleer, was 'n morele oorwinning vir die NSC. Die politieke verandering in die land het wel in die guns van die NSC getel, maar die blanke Suid-Afrikaanse sport het ten tye van die Gatting-toer vir die eerste keer werklik op aktiewe basis teenstand gekry van 'n binnelandse sportstruktuur wat apartheid in sport verwerp het. Blanke sportlui was gewoon aan die passiewe wyse waarop SACOS gedurende die tagtigerjare te werk gegaan het om sport

²⁰ Roberts, C., *Challenges facing South African sport*, p. 5.

in die land aan bande te probeer lê, maar die NSC het met sy nuwe aanslag getoon dat rebelle-toere nie meer geduld sou word nie.

Suid-Afrikaanse sport se pad terug na internasionale deelname sou, soos in die geval van politiek, plaasvind deur middel van onderhandelinge tussen die opponerende faksies ten einde sport in die land se eenvormigheid te verseker. Reeds in Oktober 1989 het die Suid-Afrikaanse Nasionale Olimpiese Komitee (SANOK) samesprekings gevoer met Juan Antonio Samaranch, die President van die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK). Tydens 'n opvolg gesprek het Regter Keba Mbaye, die Vise-president van die IOK en Voorsitter van die *Apartheid and Olympic Commission* sekere vereistes vir Suid-Afrika se moontlike hertoelating tot die Olimpiese Beweging gestel. Hierdie vereistes sluit onder meer in dat:

- Die verhoudinge tussen die sportgroepe in Suid-Afrika genormaliseer moes word.
- Dit geld ook vir die verhoudinge met nie-rassige organisasies (soos SANROC) buite Suid-Afrika.
- Suid-Afrika sportbande met sy buurlande moes aanknoop.
- Sportverhoudinge met ander Afrika-state ontgin moes word.²¹

Soortgelyke vergaderings kon nou in alle sportsoorte plaasvind ten einde die verskillende beheerliggame binne elke sportsoort te verenig.

Die meeste internasionale federasies het drie voorvereistes vir Suid-Afrika se hertoelating tot internasionale deelname gestel, naamlik 'n enkele nasionale beheerliggaam vir elke sportkode, 'n nie-diskriminerende grondwet en die vernietiging van apartheidwetgewing.²² Die laaste twee is bereik as 'n resultaat van F.W. de Klerk se toespraak op 2 Februarie 1990, maar die daarstelling van 'n enkele beheerliggaam vir elke sportkode was baie moeiliker om te bereik.

Tussen 1990 en 1992 het die NSC en die bestaande sportstrukture en administrateurs

²¹ Van der Merwe, p. 173.

²² Booth, D., *United Sport: An Alternative Hegemony in South Africa?* in *The International Journal of the History of Sport*, p. 107.

in 'n bittere stryd gewikkel geraak. Die probleem was dat die blanke en nie-blanke sport administrateurs vir jare nie rondom dieselfde tafel gesit het nie. Die internasionale beheerliggame in die verskillende sportsoorte sou nie sondermeer net internasionale deelname aan Suid-Afrikaanse spanne, wat letterlik 'n paar dae van tevore nog rebelle-toere na die land gereël het, toestaan nie.²³ Selfs dr. Ali Bacher, wat gedurende die tagtigerjare groot sukses met krieketontwikkeling in die swart woonbuurte behaal het, was eensklaps huiwerig om sy ontwikkelingsprogramme in die swart woonbuurtes te hervat.

Ten tye van die Gatting-toer het betogers in Alexandra met die polisie slaags geraak en sommige van hulle is deur die polisie aangerand. Aangesien Bacher die Gatting-toer gereël het, het die jeugdige hom direk verantwoordelik gehou vir hul lot. Bacher het 'n mate van bitterheid by hulle bespeur en was bang dat sy teenwoordigheid in die swart woonbuurtes tot onnodige konflik sou lei.

Bacher het die hulp van Van Zyl Slabbert ingewin, wat Bacher daarop gewys het dat die tydsberekening met die Gatting-toer heeltemal uit was. Slabbert het egter daarop gewys dat selfs die ANC deur De Klerk met hul broek op die knieë gevang is, en dat die situasie weer sou normaliseer.²⁴ Kort hierna is samesprekings met uitvoerende lede van die ANC vir Bacher gereël, wat verskeie ontmoetings met Steve Tshwete ingesluit het. Tshwete is gesien as die segspersoon van die ANC met betrekking tot sport en al die onderhandelinge met die ANC wat op sport betrekking het is na Tshwete verwys.

Samesprekings oor die toekoms van Suid-Afrikaanse sport

Samesprekings insake die ontwikkeling van sport in Suid-Afrika ná 2 Februarie 1990 het baie vinniger gevorder as in die geval van die samesprekings rondom politieke hervormings. Sportlui het besef dat die droom wat hul almal gekoester het, naamlik internasionale deelname, nou 'n werklikheid kon word indien hulle saamwerk. Maklik sou dit verseker nie wees nie, want slegs maande gelede het die verskillende groepe mekaar nog geopponeer en aan weerskante van die apartheidsgedagte gestaan. Dit was nie maklik om meer as vyftig jaar se verskille onvoorwaardelik opsy te skuif en rondom

²³ **Business Day**, 26 Junie 1992.

²⁴ Bose, M., **Sporting Colours. Sport and Politics in South Africa**, p. 215.

'n tafel te begin saamwerk nie. Die onderhandelingsproses het juis daarop gedui dat die isolering van Suid-Afrikaanse sport gedurende veral die tagtigerjare 'n baie suksesvolle wapen in die hande van die anti-apartheidsbewegings was. Dit was volgens Taymzashe makliker om die isolasieproses aan die gang te sit as wat dit was om dit weer te beëindig.²⁵ Vir talle kleiner organisasies wat teen apartheid in sport geveg het, was dit baie moeilik om te verstaan dat die stryd nou verby was. Dit het harde werk van die NSC gekos om hierdie organisasies te oorrede om die isolasiewapen neer te lê.

Op 3 en 4 November 1990 het 14 afgevaardigdes uit Afrika en 43 uit Suid-Afrika in Harare ontmoet. Die vergadering is gelei deur Jean-Claude Ganga, die Voorsitter van die *Association of National Olympic Committees of Africa* (ANOCA). Tydens die vergadering is daar besluit dat die sportboikot teen Suid-Afrika gehandhaaf moes word totdat apartheid finaal vernietig is. Daar is toe besluit op 'n sportmoratorium, wat tydelik in plek sou wees totdat apartheid van die wetboeke geskrap is.²⁶ 'n Enkele sportbeheerliggaam moes ook tot stand gebring word om te verseker dat die verenigingsproses in al die verskillende sportsoorte glad verloop. Vir hierdie doel is 'n komitee van agt lede benoem wat bestaan het uit twee lede elk van die Konfederasie van Suid-Afrikaanse Sport (KOSAS), SANOK, die *South African Non-Racial Olympic Committee* (SANROC), NOSC en SACOS. Die koepelliggaam wat uit hierdie geledere gebore is, het bekend gestaan as die *South African Co-ordinating Committee* (SACC).²⁷

Na afloop van SACC se eerste reeks samesprekings is daar in Maart 1991 terugvoering aan ANOCA gegee aangaande SACC se werksaamhede. Tydens hierdie vergadering is daar besluit dat SACC herdoop moet word na die *Interim National Olympic Committee of South Africa* (INOCSA), wat met sy werksaamhede sou voortgaan en onder andere alle Olimpiese en nie-Olimpiese sportliggame, wat reeds verenig was, moes aanmoedig om by die INOCSA te affilieer.

Teen die einde van Maart 1991 het 'n IOK -afvaardiging Suid-Afrika besoek om met die drie vernaamste politieke partye samesprekings te voer aangaande Suid-Afrika se

²⁵ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van onderhoud met Mthobi Tyamzashe, 14 Junie 2002, Johannesburg.

²⁶ Van der Merwe, p. 173.

²⁷ Ibid.

moontlike deelname aan die 1992-Olimpiese Spele in Barcelona. Al drie partye, die ANC, die NP en die Inkatha Vryheidsparty (IFP) het hul ondersteuning aan die gedagte toegesê, maar dit was die besoek van die afvaardiging aan die President van die ANC, mnr. Nelson Mandela wat Suid-Afrika se kanse tot hertoetrede tot die Olimpiese Spele aansienlik versterk het.²⁸ Mandela het die Olimpiese Spele gesien as 'n moontlikheid om die Suid-Afrikaanse samelewing te verenig agter die span en was dadelik te vinde vir die voorstel.

Die IOK-afvaardiging het egter sekere voorwaardes gehad waaraan Suid-Afrika moes voldoen om sy lidmaatskap van die IOK te hervat, naamlik:

- Apartheid moes afgeskaf word.
- INOCSA se struktuur en aksies moes aan die Olimpiese handves voldoen.
- INOCSA moes 'n permanente nasionale Olimpiese vereniging stig en hom vir die normalisering van sportverhoudinge beywer.
- INOCSA moes betrekkinge met die internasionale sportliggame soos ANOCA normaliseer.
- Sporteenheid moes op 'n nie-rassige grondslag bereik word.²⁹

Op 9 Julie 1991 het die IOK Suid-Afrika weer amptelik hertoegelaat tot dié beweging en is die Nasionale Olimpiese Komitee van Suid-Afrika (NOKSA) amptelik erken as die nasionale Olimpiese organisasie van Suid-Afrika.³⁰ Op 26 Julie 1991 is Suid-Afrika amptelik uitgenooi om aan die Olimpiese Spele van 1992 in Barcelona, Spanje, deel te neem.³¹

Met NOKSA en Suid-Afrika terug in die Olimpiese Beweging, was dit vir die ander internasionale sportkodes baie moeiliker om Suid-Afrika se hertoetrede tot hul spesifieke sportsoorte teen te staan.³² Ander sportsoorte het die voorbeeld van die

²⁸ www.nocsa.co.za/corporate.asp.

²⁹ Departement van Nasionale Opvoeding: Direktoraat Sport- en Ontspanningsbevordering. Nuusbrief, 1991, p. 8.

³⁰ Die woord "interim" is laat vaar sodat NOKSA die permanente nasionale Olimpiese vereniging van Suid-Afrika geword het.

³¹ *Die Burger*, 26 Julie 1992.

³² Nauright, p. 154.

Olimpiese Beweging gevolg, maar dit is veral drie sportgebeurtenisse wat Suid-Afrika se terugkeer tot die internasionale arena met groot luister gevier het.

Suid-Afrika se hertoetrede tot internasionale sport

Afgesien van die 1992-Olimpiese Spele word Suid-Afrika se terugkeer tot internasionale sport veral ook gekenmerk deur die dramatiese terugkeer tot internasionale krieket en rugby.

Samesprekings aangaande 'n enkele beheerliggaam vir krieket in Suid-Afrika was nie altyd maklik nie. SACOS en die *South African Cricket Board of Control* (SACBOC) was voortdurend van mening dat die blanke-beheerde Suid-Afrikaanse Krieketunie (SAKU) te sag was ten opsigte van apartheid en te gewillig om met die NP-regering saam te werk.³³ Samesprekings tussen die verskillende groeperinge binne Suid-Afrikaanse krieket het in September 1990 begin en binne drie maande is daar in beginsel saamgestem dat al die krieketrade saam moet smelt en een beheerliggaam vir dié sportsoort stig. Teen April 1991 was die Verenigde Krieketraad van Suid-Afrika (SAVKR) se struktuur reeds beplan en op 29 Junie 1991 is die SAVKR, wat alle rolspelers in Suid-Afrikaanse krieket onder een sambreel verenig het, amptelik gestig.³⁴

Skaars 'n week later was die SAVKR op Lords, die tuiste van wêreldkrieket, om sy saak aan die Internasionale Krieketraad (IKR) te stel. Op 10 Julie 1991 is Suid-Afrikaanse krieket weer tot internasionale krieket hertoegelaat met die IKR se besluit dat Suid-Afrika weer lid mag word van die IKR.³⁵ Ironies genoeg was dit Indië, die eerste land wat sanksies teen Suid-Afrika ingestel het in 1948, wat Suid-Afrika se lidmaatskap van die IKR in 1991 voorgestel het.³⁶ Procter het na afloop van die IKR se besluit om aan Suid-Afrika lidmaatskap toe te staan, die krieketspelers in die land se frustrasies van die apartheidsjare as volg opgesom:

“Despite our successful attempts to commit ourselves to integration in our sport,

³³ Procter, M., *South Africa. The years of isolation and the return to international cricket*, p. 121.

³⁴ Bryden, C., *Return of the Prodgal. South Africa's Cricketing Comeback*, p. 37.

³⁵ Procter, p. 125.

³⁶ Bryden, p. 38.

South Africa's cricketers had been helpless in the face of so much implacable political opposition. We did all we could to show what a unifying agent sport can be, but it was a complex political issue for most of the time we were kicking our heels."³⁷

Baie "agter die skerm" samesprekings en onderhandelings het die hertoelating van krieket en die Olimpiese Beweging voorafgegaan. Die ANC was sentraal in die meeste van hierdie samesprekings en het die internasionale liggame oorgehaal om Suid-Afrika weer toe te laat tot die internasionale arena.³⁸

Na aanleiding van die gesprekke wat Craven en Luyt tydens hulle besoek in 1988 aan Harare met die ANC en lede van die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (SARU) gehad het, het die samesprekings tussen die Suid-Afrikaanse Rugbyraad (SARR) en SARU gelei tot die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Rugby Voetbalunie (SARVU), 'n struktuur wat vir alle rugbylui in die land aanvaarbaar was.³⁹ Aangesien Suid-Afrikaanse rugby nooit deur die Internasionale Rugbyraad (IRR) geskors is nie, was SARVU se hertoetreding tot internasionale rugby basies gebaseer op die vernietiging van apartheid. Alhoewel rugby se saak ten opsigte van hertoetreding relatief simplisties klink, het die eenheidsamesprekings eintlik pynlik stadig verloop. Dit was eers met die toetreding van Steve Tshwete tot die samesprekings, dat sake begin vlot het.⁴⁰ Danie Craven (SARR) en Ebrahim Patel (SARU) is as medepresidente van SARVU aangewys.

Suid-Afrika se hertoetreding tot die internasionale sportarena is in November 1991 gevier toe die Indiese Krieketbeheerraad (BCCI) 'n uitnodiging aan Suid-Afrika stuur om 'n kort toer na Indië te onderneem. Pakistan was veronderstel om na Indië te toer, maar uit vrees vir geweld deur anti-Moslem ekstremiste is dié toer afgestel.⁴¹ Suid-Afrika het toe gepas die geleentheid gekry om sy terugkeer tot internasionale sport in Indië te vier.

Die besoek aan Indië was in meer as een opsig baanbrekerswerk vir Suid-Afrika. Met

³⁷ Procter, p. 128.

³⁸ Bose, p. 234.

³⁹ Nauright, p. 152.

⁴⁰ Griffiths, E., *Die Kapteins*, p. 388.

⁴¹ Bryden, p. 41.

die span se aankoms in Calcutta was dit die eerste keer dat 'n Suid-Afrikaanse vliegtuig op Indiese bodem land.⁴² Die span was droomverlore in 'n wêreld wat min Suid-Afrikaners as gevolg van isolasie al ooit gesien het. Afgesien van die derduisende nuwighede wat die span aan gewoonde moes raak, het die blote gedagte van internasionale deelname al die ander negatiewe gedagtes soos mis voor die son laat verdwyn.

Met die historiese toer na Indië agter die rug het Suid-Afrika se eerste werklike toets gekom in die vorm van die 1992-Krieketwêreldbeker-toernooi in Australasië. Die blote feit dat Suid-Afrika in 1992 die eerste keer aan hierdie toernooi kon deelneem, het daarvan 'n baie geskiedkundige geleentheid gemaak.⁴³ Suid-Afrika se deelname aan die toernooi het vir die eerste keer werklik die besef laat ontstaan dat al die jare van wag verby is en dat Suid-Afrikaanse sport weer deel uitmaak van die internasionale sportarena.

Die enigste sigbare tekens dat Suid-Afrika slegs twee jaar van tevore nog deur apartheid geteister is, was die feit dat geen Suid-Afrikaanse volkslied voor die wedstryde gespeel is nie,⁴⁴ en die Suid-Afrikaanse referendum wat ten tye van die Wêreldbekertoernooi plaasgevind het. In die aanloop tot die een halfeindstryde, tussen Suid-Afrika en Engeland,⁴⁵ het blanke kiesers in Suid-Afrika die geleentheid gehad om te stem of die hervormingsinisiatiewe van die NP moes voortgaan of nie. 'n "Ja"-stem sou beteken die veranderinge wat sedert 1990 op die politieke terrein plaasgevind het, kon voortgaan, maar 'n meerderheid "nee"-stem sou beteken dat die inisiatiewe gestaak moes word en dat daar heel moontlik teruggegaan sou word na die onderdrukkende stelsel van apartheid.

Die uitslag van die referendum sou ook 'n wesenlike uitwerking op die Suid-Afrikaanse krieketspan gehad het. 'n "Nee"-stem sou weereens die einde van internasionale deelname vir hulle beteken. Alhoewel almal in die stilligheid gehoop het dat die uitslag

⁴² Ibid., p. 46.

⁴³ Woods, D., *World Cricket. Reflections on the 1992 World Cup*, p. 10.

⁴⁴ Bryden, p. 89.

⁴⁵ Suid-Afrika het vriend en vyand in die toernooi verras deur tot die halfeindronde deur te dring. Op pad daarheen het hulle selfs in hul eerste wedstryd van die toernooi met een van die gunsteling, die gasheerland Australië afgereken.

van die referendum positief sou wees, was die span voorbereid op die ergste en daarom was almal se tasse gepak, gereed om terug te keer na Suid-Afrika indien die uitslag negatief was.⁴⁶ Sowat 68% van die blanke Suid-Afrikaners het egter vir die voortsetting van die hervormingsinisiatiewe van die NP gestem, wat beteken het dat Suid-Afrika kon voortgaan op die pad weg van apartheid.⁴⁷ Dit het ook beteken dat die nasionale krieketspan by die wêreldbekertoernooi kon aanbly en alhoewel hulle in die halfeindstryd teen Engeland verloor het, het Suid-Afrika sy terugkeer tot internasionale krieket op luisterryke wyse gevier.

Suid-Afrikaanse rugby se terugkeer na internasionale mededinging is self ook met 'n paar skokke terugverwelkom. Die Springbokke sou op twee agtereenvolgende Saterdag kragte meet teen die sterkste rugbyspelende lande, Nieu-Seeland (die All Blacks) en Australië (die Wallabies). Die toetswedstryd teen die All Blacks is gespeel 'n week ná die menseslagting by Boipatong,⁴⁸ die speel van *Die Stem*⁴⁹ en vertoon van vele "ou" Suid-Afrikaanse vlae het die wedstryd teen die All Blacks gekenmerk en bykans veroorsaak dat die wedstryd teen die Wallabies die volgende week afgestel is. Voor die toetswedstryd is daar reeds ooreengekom dat geen volkslied voor die wedstryd gespeel sou word nie en dat die toeskouers so ver moontlik ontmoedig moet word om "ou" Suid-Afrikaanse vlae te vertoon.

Na afloop van die toetswedstryd teen die All Blacks is daar indringende samesprekings tussen SARVU en die ANC gehou om te verseker dat dieselfde voorvalle hulle nie in die daaropvolgende week in Kaapstad herhaal nie. Die gebeure gedurende die Ellispark-toets het bykans veroorsaak dat eenheid in Suid-Afrikaanse rugby 'n wiegiedood sterf, maar die tussenkoms van prominente politici het die saak besleg.

Suid-Afrika se terugkeer na die Olimpiese Spele na jare van afwesigheid het die kroon gespan op die land se terugkeer uit sportisolasië. Die IOK se uitnodiging aan NOKSA om 'n span na die 1992-Spele in Barcelona te stuur het gebeur kort voordat die Spele

⁴⁶ Woods, p. 141.

⁴⁷ Procter, p. 142.

⁴⁸ Vyftig inwoners van Boipatong is op 17 Junie 1992 in polisieoptredes doodgeskiet; 'n dag na die herdenking van die Soweto-opstande in 1976. www.anc.org.za/ancdocs/pr/1992/pr0618.html

⁴⁹ "Die Stem" is die nasionale volkslied onder die NP-regering en is deur baie mense gesien as 'n integrale deel van die onderdrukking van die apartheidsera.

plaasgevind het. As gevolg hiervan het die Suid-Afrikaanse span sonder 'n volkslied, 'n amptelike vlag of 'n amptelike drag na die Olimpiese Spele vertrek.⁵⁰ Vir die Suid-Afrikaanse span was dit 'n klein prys om te betaal ten einde deelname aan die Olimpiese Spele te verseker.

'n Span van 95 atlete, wat 17 verskillende Olimpiese sportsoorte verteenwoordig het, het Suid-Afrika se naam by die Spele in Barcelona hoog gehou. Wayne Ferreira en Piet Norval (Tennis) en Elana Meyer (10 000 m) het silwer medaljes tydens die Spele gewen. Alhoewel Suid-Afrika nie baie suksesvol in die medaljewedloop was nie, is die span oral op die hande gedra en met ope arms deur die ander lande terugverwelkom. Die mees positiewe aspek aangaande die span wat in Barcelona deelgeneem het, was die feit dat die span saamgestel is uit atlete vanuit alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Olimpiese Spele het Suid-Afrika 'n verteenwoordigende span op die Spele gehad waarop alle Suid-Afrikaners trots kon wees.

Ten besluite

Met die deelname van die nasionale krieketspan aan die Wêreldbekerkrieket, die rugbytoetse teen die All Blacks en die Wallabies en die Suid-Afrikaanse span se deelname aan die Olimpiese Spele in Barcelona in 1992 is 'n lang, uitgerekte era van onderdrukking in Suid-Afrikaanse sport afgesluit. Die siklus van apartheid in sport is voltooi en die onuitputbare bron van internasionale deelname het vir Suid-Afrika voorgelê. Na feitlik 'n halfeeue van afsonderlike sportontwikkeling, internasionale uitsluiting en 'n gebrek aan kwaliteit kompetisie kon Suid-Afrikaanse sportlui uiteindelik weer uitsien na die uitdagings van internasionale sport.

Die deelname aan internasionale sport bring weer sy eie uitdagings en uit die aard van die saak ook probleme mee, maar vir Suid-Afrika kon geen probleem groter wees as die een van internasionale isolasie, wat in 1992 ten einde geloop het, nie. Wat in 1948 begin is as deel van die groter beleid van apartheid het uiteindelik 'n klip in die skoen van elke

⁵⁰ NOKSA se besluit om nie van "die Stem" en die "ou" Suid-Afrikaanse vlag, sowel as die Springbok embleem gebruik te maak nie, het wyduiteenlopende reaksie tot gevolg gehad. www.nocsa.co.za/corporate.asp

Suid-Afrikaanse sportlui, wat enige ambisie gehad het om op internasionale vlak deel te kan neem, geword.

Die sportisolasië het nie net die blanke atlete benadeel nie. Swart Suid-Afrikaanse atlete van wêreldgehalte is net so negatief deur die boikotaksies getref. Die buitewêreld het nie altyd besef dat hulle optrede, wat gemik was teen die apartheidsideaal van die blanke politieke struktuur in Suid-Afrika, ook die swartman in Suid-Afrika benadeel het nie. Verskeie topgehalte swart atlete het in die niet verdwyn, bloot omdat daar nie vir hulle geleenthede geskep is om hul staal internasionaal te toon nie. Swart sportlui is eintlik tot 'n mate erger getref deur die boikotte as hul blanke kollegas. Waar blanke sport vanaf die sestigerjare tot en met die einde van die tagtigerjare 'n sterk provinsiale stelsel van sport tot hul beskikking gehad het, kon die stelsels wat vir swartsport op provinsiale vlak daargestel is, nie werklik kers vashou by wat vir die blankes gebied is nie. Geldelik was die swart sportlui in die land ook baie slegter daaraan af, want groot borgskappe het die provinsiale kompetisies in blanke sportsoorte sterk ondersteun. As gevolg van die apartheidsbeleid en afsonderlike sportontwikkeling het die swartes nie al hierdie luukshede gehad nie.

Die politieke veranderinge wat aan die begin van die negentigerjare op die Suid-Afrikaanse gemeenskap afgedwing is, het baie vinniger plaasgevind as wat algemeen verwag is.⁵¹ Hierdie probleem is ook binne die sportgeledere ervaar, maar die gebeure tydens die Gatting-toer en die stigting van die NSC het sportlui tot 'n mate voorberei op wat kon gebeur.

Met die pogings tot samesprekings wat aan die einde van die tagtigerjare algemeen voorgekom het onder sportlui in Suid-Afrika, het die sportkodes hulself begin posisioneer vir moontlike veranderinge wat hul aksies in die politiek tot gevolg kon hê. Dat hierdie veranderinge so gou as 2 Februarie 1990 kon plaasvind, het baie min mense egter werklik voorsien.

⁵¹ C. Rademeyer-versameling: Transkripsie van gesprek met John Nauright, 4 Julie 1997, Perth.

HOOFSTUK 8

EVALUERING

In 'n studie van Suid-Afrikaanse sport se pad terug na internasionale deelname moet verskeie faktore in ag geneem word. Die rol van die Nasionale Party-regering, die versetaksie teen Suid-Afrikaanse sport deur verskeie anti-apartheidsorganisasies en die optrede van sportlui teen die konsep van isolasie, het in hoofsaak 'n driehoek gevorm in die stryd tussen sport en apartheid. Hierdie konflik, wat in sy geheel tot nadeel van sport in Suid-Afrika was, het weer verskeie vertakings en onderafdelings gehad wat die stryd rondom apartheid in sport verder gekompliseer het.

Afsonderlike sportbeoefening in Suid-Afrika het ontwikkel as natuurlike onderafdeling van die afsonderlike kulturele samestellings van die Suid-Afrikaanse samelewing. Reeds vroeg in die twintigste eeu was daar tekens van afsonderlike sportontwikkeling in Suid-Afrika, waarin die invloed van beide Boer en Brit duidelik sigbaar was. Die proses van afsonderlikheid in sport was reeds goed ontwikkel toe die Nasionale Party (NP) in 1948 aan bewind gekom het. Met die NP se oorname is die konsep van apartheid in 1948 aan die wêreld bekendgestel. Dit was feitlik onafwendbaar dat sport in die land ná 1948 ook onder apartheid sou deurloop, veral omdat sport so nou verweef met die Suid-Afrikaanse samelewing is. Met die afkondiging van die NP se eerste sportbeleid in die vyftigerjare het dit duidelik geword dat sport 'n belangrike rol sou speel in die Regering se uitlewing van apartheid.

Die NP se formulering van sy eerste sportbeleid het ook die eerste amptelike weerstand teen apartheid in sport tot gevolg gehad. Die stigting van SASA het as hoofdoel gehad die uitbouing van sport onder die swartmense in Suid-Afrika en uit die aard van die saak het dit ook die bevegting van apartheid in sport in die oog gehad. Die Regering se hantering van sportverwante sake gedurende die sestigjare het 'n groter wig tussen homself, die anti-apartheidsgroepeerings en die Suid-Afrikaanse sportlui ingedryf. Voorvalle soos die D'Oliviera-kwessie, die Loskopdam-toespraak, die Maori-kwessie en die Sewsunker-voorval het die NP net verder vervreem van Suid-Afrikaanse sportlui.

en die anti-apartheidsorganisasies meer skietgoed in hul stryd teen apartheid in sport gegee. Die Maori-kwessie en die D'Oliviera-voorval het ook direkte internasionale betrokkenheid tot gevolg gehad, met Engeland en Nieu-Seeland wat by die debat aangaande sport in Suid-Afrika betrek is.

Met die aanbreek van die sewentigerjare het die internasionale aksie teen Suid-Afrikaanse sport reeds baie momentum gekry en teen die begin van die tagtigerjare het sport in Suid-Afrika op die randjie van totale isolasie gestaan. Teen die einde van die sewentigerjare het die NP-regering gepoog om die kwessie rondom die sportbeleid te ontfont deur sport in Suid-Afrika ten volle outonoom te maak. Daar is gereken dat die paaie van sport en politiek in Suid-Afrika moes skei en elkeen moes op sy eie die toekoms binnegaan. Dit was egter nie so maklik nie, want die wisselwerking tussen sport en politiek in Suid-Afrika was toe reeds so ver gevorderd dat dit moeilik geskei sou kon word.

Sport kon egter, alhoewel dit gedurende die tagtigerjare outonoom gefunksioneer het, nooit die juk van die politiek in die vorm van apartheid heeltemal afskud nie. Alhoewel die Suid-Afrikaanse Regering se betrokkenheid by sport in die tagtigerjare tot 'n groot mate beperk was, het die vroeëre inslag van die politiek in sport egter steeds bly deurskemer. Die beginsel van apartheid het baie sterk na vore gekom in die afsonderlike sportgeriewe, die groepsgebiedewet en ander beperkings wat sportlui gedurende die tagtigerjare in die gesig moes staar. Die grondslae van apartheid was teen die aanvang van die tagtigerjare reeds goed gevestig en die invloed daarvan in sport was reeds feitlik onherroeplik geplant.

Die Regering se pogings om sport in die tagtigerjare outonoom te laat voortbestaan, is egter nie oral met ewe veel entoesiasme begroet nie. Die anti-apartheidsbewegings het vas geglo dat die Regering, wat sport aanbetref, 'n verskuilde agenda gehad het, en die Afrikaner Broederbond is voortdurend daarvan beskuldig dat dié organisasie die sportbeleid in die land manipuleer. Daar is telkens na die Broederbond verwys wanneer gesprekke oor sport na vore gekom het. Persoonlike verskille en botsende politieke belange was egter gereeld die rede vir die konflik tussen sportadministrateurs wat die Broederbond voorgehou het as die oorsaak vir al die probleme in Suid-Afrikaanse sport.

Dat sport in Suid-Afrika gedurende die tagtigerjare ondergeskik was aan die politieke situasie in die land is wel waar, maar die Regering het veral in die tagtigerjare 'n sigbare poging aangewend om sport te probeer losmaak van die politieke prosesse in Suid-Afrika. Ongelukkig het die wisselwerking tussen sport en politiek reeds só goed ontwikkel dat dit feitlik onmoontlik was om na die Suid-Afrikaanse sportsituasie te kyk sonder om die politieke invloede daarop raak te sien. Hierdie feit is veral deur die anti-apartheidsgroepeerings misbruik in hulle pogings om Suid-Afrikaanse sport internasionaal te isoleer.

Die stryd teen Suid-Afrikaanse sport is baie effektief deur verskeie van anti-apartheidsorganisasies beplan, sowel as 'n paar magtige entiteite wat oor 'n sekere mate van mag beskik het om veranderinge binne die internasionale sportstrukture af te dwing of te implementeer. Gerugsteun deur organisasies soos die Verenigde Nasies, die Statebond en die Organisasie vir Afrika-Eenheid het die anti-apartheidstrukture soos 'n eenheid saamgewerk om sport in Suid-Afrika internasionaal te isoleer.

Tesame hiermee het die Gleneagles-ooreenkoms van 1977 spesifieke riglyne daargestel om sportbande met Suid-Afrika te ontmoedig. In sportkringe word die Gleneagles-ooreenkoms gesien as 'n waterskeiding in die stryd teen apartheid in sport, want dit was een van die eerste internasionaal-ooreengekome sanksiemaatreëls wat teen Suid-Afrika ingestel is. Op grond van dié ooreenkoms het die meeste lande hulle sportbetrekkinge met Suid-Afrika só afgeskaal en beperk dat enige poging van Suid-Afrikaanse sportlui om internasionaal deel te neem basies voorbladnuus regoor die wêreld was. Dit was egter nie altyd so maklik om internasionale sportlui te ontmoedig om in Suid-Afrika te kom deelneem nie.

Die kwessie van sportborgskappe ook in die tagtigerjare sterk na vor gekom in Suid-Afrika en die Regering is gereeld beskuldig van samewerking met sekere organisasies ten einde blanke sportlui in die land finansieel te bevoordeel. Groot bedrae geld is deur borge gewerf om internasionale sportlui na die land te lok en te verseker dat Suid-Afrika wel nog ná 1980 'n mate van internasionale deelname gehad het. Hierdie tendens is egter stopgesit met die Verenigde Nasies se besluit om 'n swartlys op te stel met al die

name van sportlui wat steeds kontakte met hulle Suid-Afrikaanse eweknieë gehad het. Kort op die hakke van die Verenigde Nasies het SANROC ook 'n swartlys opgestel wat internasionale sportlui met Suid-Afrikaanse betrekkings internasionaal in 'n swak lig gestel het.

SANROC se tweestryd met die Suid-Afrikaanse Regering het eers werklik op dreef gekom toe dié organisasie in die sestigerjare besluit het om die stryd teen apartheid in sport vanuit die buiteland voort te sit. Met die verskuiwing van SANROC se hoofkantore na Londen is die politieke greep wat die NP-regering op dié organisasie gehad het tot 'n groot mate gebreek. SANROC het vanuit 'n meer verdraagsame politieke omgewing sy stryd teen apartheid in sport voortgesit en baie internasionale bondegenote daardeur betrek. Binne Suid-Afrika het SACOS die werk van SANROC voortgesit en dié twee organisasies het in wisselwerking met mekaar opgetree ten einde apartheid in sport teë te werk.

Beide SANROC en SACOS het, afgesien van die ondersteuning van verskeie anti-apartheidsorganisasies, ook die morele steun van die Suid-Afrikaanse politieke uitgewekenes in ballingskap gehad. Die uitgewekenes het met behulp van middelmannen voortdurend in kontak met die organisasies wat teen apartheid in sport werksaam was gebly en hulle van raad voorsien. Die verskillende anti-apartheidsgroepe het nou saamgewerk om Suid-Afrikaanse sport internasionaal te isoleer en is in hierdie strewes goed ondersteun deur verskeie lande en internasionale organisasies.

In die tagtigerjare het dit baie duidelik geword dat die anti-apartheidsgroepeerings se teken nie altyd net sport self was nie, maar die politieke bestel in die land het gereeld onder die stryd teen apartheid in sport deurgeloop. SACOS se leuse van "*no normal sport in an abnormal society*" het die algemene gevoel van die anti-apartheidsgroepeerings goed saamgevat, wat geëis het dat alle vorme van apartheid eers moes verdwyn alvorens Suid-Afrikaanse sport sy regmatige plek in die internasionale arena sou kon inneem.

Suid-Afrikaanse sportspanne wat oorsee gaan toer het, is voortdurend deur anti-apartheidsgroepeerings lastig geval. Vir die meerderheid van die Suid-Afrikaanse

sportlui wat in die buiteland gaan deelneem het, was sport dié hoofsaak en het politiek nie 'n rol gespeel nie. Hulle is egter in die buiteland deur organisasies soos HART, STST en CARE met politieke strydvrage gekonfronteer. Dit het gou duidelik geword dat hierdie organisasies gedurende die tagtigerjare nie net meer gekonsentreer het op moontlike oplossings vir die probleem van apartheid in sport nie, maar sport is wel gebruik as meganisme teen die NP se algemene beleid van apartheid. Met die steun van SANROC, SACOS en verskeie invloedryke individue het hierdie organisasies grootskaalse pogings aangewend om Suid-Afrikaanse sporttoere in die buiteland te destabiliseer. Hierdie doelwit is tot 'n groot mate bereik, want met die 1981-Springboktoer na Nieu-Seeland is daar regoor die wêreld kennis geneem van die anti-apartheidsbewegings se inisiatiewe om Suid-Afrikaanse sport te isoleer. In hierdie opsig is Suid-Afrikaanse sport gedurende die tagtigerjare in 'n baie onregverdigte situasie geplaas. Alhoewel verskeie sportsoorte opregte pogings aangewend het om die rassekwessie in sport aan te spreek, het die politieke situasie in die land veroorsaak dat die eksterne druk op hierdie sportsoorte bly toeneem het.

Teen die einde van die tagtigerjare was verskeie sportsoorte in Suid-Afrika reeds tot 'n groot mate genormaliseer. Verskeie swart sportlui is reeds as deel van nasionale spanne aanvaar en het saam met hulle blanke spanmaats in dieselfde wedstryde gespeel. Juis die feit dat die pogings vanuit die sportgeledere nie veel impak gehad het op die sanksieveldtog nie, het tot groot frustrasie onder sportlui aanleiding gegee. Dit het daartoe gelei dat sommige sportlui die reg in eie hande geneem het in 'n poging om internasionale mededinging te bekom. Daar is egter gou besef dat hulle 'n verlore strydstry, want die pogings van sportlui om die juk van apartheid af te skud, is telkens deur internasionale optredes tot niet gemaak. Met die aanvang van die negentigerjare het die NSC erken dat hulle nooit besef het hoe sterk die verenigde stryd teen apartheid in Suid-Afrikaanse sport werklik was nie. Dit het eers tot hulle deurgedring namate die eerste pogings vanuit NSC-geledere aangewend is die boikotaksie teen sport op te hef. Gesprekke met verskeie internasionale anti-apartheidsbewegings en lede van die uitgediende SANROC en SACOS het aan die lig gebring dat die versetaksie teen sport 'n hegte band onder hierdie organisasies laat ontstaan het. Volgens Tyamzashe was dit veel moeiliker om die boikotproses in die vroeg-negentigerjare te ontbind as wat dit aanvanklik was om die aksie van die grond af te kry.

Wanneer daar na die oogmerke, doelwitte en taktiek van die sanksiestrategieë gekyk word, sal sportlui moet erken dat plaaslike en internasionale politici die sleutel gehou het tot Suid-Afrika se hertoetreding tot die internasionale sportarena. Alhoewel baie op sportgebied gedoen is om te voldoen aan die voorvereistes van die anti-apartheidsgroeperinge, het die Regering se apartheidsbeleid steeds in die pad van Suid-Afrikaanse sport se hertoelating tot internasionale mededinging gestaan. Sportlui moes dus in hierdie verband in die oë van die politici kyk. Die politieke situasie in Suid-Afrika was allesomvattend en die sportadministrateurs moes maar gedweë inval by die gedagte dat sport aan die politiek ondergeskik is.

Die sanksieveldtog teen Suid-Afrika is duidelik uitgestippel en die uiteindelijke oorhoofse politieke doelwitte daarvan was die totale afskaffing van apartheid, onafhanklikheid vir Namibië en die vestiging van demokrasie in Suid-Afrika en Namibië gebaseer op 'n stelsel van een-man-een-stem. Sportisolasië is gebruik as 'n instrument om die oorhoofse doelwitte te bereik, maar die politieke situasie in die land het verhoed dat sportlui vir hulle pogings tot verandering vergoed is. Gedurende die tagtigerjare het die sportlui in Suid-Afrika telkemale gepoog om die juk van isolasië op eie stoom te probeer verwyder. Deur gebruik te maak van rebelle-toere, verhoogde borgskappe en ander vergoedingspakkette het die sportstrukture in die land probeer om ten alle koste internasionale kompetisie vir plaaslike sportlui te verkry. Die enigste gevolg hiervan was die feit dat swart en wit sportadministrateurs verder van mekaar verwyderd geraak het, aangesien die swart sportlui die anti-apartheidsgroeperinge se oproep tot politieke verandering onvoorwaardelik ondersteun het.

Tydens die derde konferensie teen apartheid in sport, wat in November 1988 in Harare, Zimbabwe gehou is, is die Suid-Afrikaanse strategieë om die sportboikot te omseil bestudeer en alle moontlikhede is ondersoek om hierdie strategieë teen te staan of te neutraliseer. Gepaardgaande hiermee is die isolasiëproses in sport verskerp ten einde te verseker dat blanke sportlui in die land hulself sou uitspreek teen die beleid van apartheid. Die anti-apartheidsgroeperinge het alles in hulle vermoë gedoen om Suid-Afrikaanse sport in isolasië te hou vir so lank as wat apartheid steeds in plek was. Selfs ná afloop van F.W. de Klerk se toespraak van 2 Februarie 1990 het Sam Ramsamy gesê

die beloftes van politieke veranderinge is nie genoeg om die sportboikot te beëindig nie. Slegs wanneer daar duidelike tekens was dat die politieke situasie in die land wel verander het, sou die boikotaksie teen sport opgehef word.

Hieruit is dit duidelik dat sportisolasië 'n belangrike rol gespeel het in die daarstelling van 'n nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika. Die wisselwerking tussen sport en politiek het van Suid-Afrikaanse sport 'n speelbal gemaak in die proses, maar sport self is ook van binne geherstruktureer om by die veranderende politieke omstandighede in die land aan te pas. Die stigting van die NSC was 'n finale teken van die feit dat sport oor die kleurgrens heen verander het om voortaan op 'n nie-rassige basis te funksioneer. Die invloed wat deur die anti-apartheidsgroepeerings op Suid-Afrikaanse sport uitgeoefen is, het 'n rimpeleffek in die land se politieke klimaat tot gevolg gehad. Vanuit sportgeledere is kritiese vrae aangaande die politieke situasie in die land, sowel as die hantering daarvan, gevra. Vanuit 'n politieke perspektief het die besef ontstaan dat die voortbestaan van apartheid as regeringstelsel veel meer as net politieke implikasies vir die land inhou. Die negatiewe invloed daarvan op sport het verreikende sosiale probleme vir Suid-Afrikaners ingehou wat slegs deur die Regering se toedoen, deur apartheid af te skaf, verander kon word.

Die wisselwerking tussen sport en politiek sal nooit ongedaan gemaak kan word nie. Regoor die wêreld word sport steeds deur politiek as 'n middel tot 'n doel gebruik. Die situasie in Suid-Afrika tussen 1980 en 1992 is egter uniek in dié sin dat sport as faktor aangewend is in 'n poging om 'n land se politieke bestel te verander. Deur sport internasionaal te isoleer is 'n sportmal-nasie daarvan bewus gemaak dat die Regering van die dag se politieke beleid nie gestrook het met wat in die res van die wêreld aan die orde van die dag was nie. Deur hierdie proses is sport in Suid-Afrika onherroeplike skade berokken, maar as middel tot 'n doel het dit daarin geslaag om te help om politieke veranderinge in Suid-Afrika mee te bring. Op sy beurt weer het hierdie veranderde politieke situasie in die land daartoe gelei dat alle inwoners van die land gelykmatig hanteer word, ook op die terrein van sport.

Sportisolasië staan sentraal in die Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis. Sonder om afbreek te doen aan ander sportgebeure wat ook deel uitmaak van ons land se verlede, kan

Suid-Afrikaanse sportgeskiedenis nie in diepte bestudeer word sonder om ag te slaan op die hele proses van sportisolasië nie. In studies aangaande die algemene geskiedenis van Suid-Afrika word daar ook telkens verwys na sportisolasië en die invloed daarvan op hedendaagse Suid-Afrikaanse sport. Suid-Afrikaanse sport word selfs deesdae ingedeel in twee eras- die era vóór isolasië en die era ná isolasië. Verskeie vergelykings word getref tussen die twee eras- en sportlui vanuit die verskillende eras word met mekaar vergelyk.

Verskeie kenners op die gebied van sport maak soms die afleiding dat die huidige situasie in Suid-Afrikaanse sport toegeskryf kan word aan die sportlui se onvermoë om by die veranderende professionele sportsituasie aan te pas. Gerieflikheidshalwe word daar telkens vergeet van die impak van sportisolasië op die sportlui. Dit is feitlik onmoontlik om maatskaplike invloede wat vir meer as veertig jaar deel van die Suid-Afrikaanse sportsamelewing was, in 'n kwessie van agt tot tien jaar uit te wis.

Alhoewel sportisolasië op die lang duur 'n negatiewe effek op Suid-Afrikaanse sport gehad het, het dit positief bygedra tot die daarstelling van 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika. Met betrekking tot die probleemstelling in die voorwoord kan daar gesê word dat sportisolasië wel tot 'n groot mate bygedra het tot die verandering van die politieke situasie in Suid-Afrika. Die feit dat Suid-Afrikaanse sportlui deur sportisolasië ontnem is van 'n geleentheid tot internasionale deelname, het tot gevolg gehad dat die sportlui self kritiese vrae begin vra het aangaande apartheid as wetgewing.

Die ondergeskikte rol wat sport met betrekking tot die politieke situasie in die land ingeneem het, het tot groot frustrasie by verskeie politici, sportadministrateurs en die spelers self gelei. Verskeie sportlui het hulself in die openbaar teen apartheid uitgelaat, terwyl 'ander op meer 'n gematigde manier hulle misnoeë met die situasie te kenne gegee het.

Vanuit sportgeledere is veel vermag om die rassekwessie in sport suksesvol aan te spreek, maar steeds het die politieke mag in die land die lot van sport beheer. Sportlui moes voortdurend in die oë van politici kyk vir die oplossing van hierdie probleem. Die situasie is takties baie goed deur die anti-apartheidsbewegings uitgebuit. Die brandende

begeerte by sportlui om internasionaal te kan deelneem is deur die stryders teen apartheid in sport gebruik om die sportlui teen apartheid te verenig. Namate die situasie vir die sportlui meer ondraaglik geraak het, het die anti-apartheidsbewegings meer op hulle steun begin staatmaak om politici te probeer oorreed dat apartheid uitgedien was.

Die toespraak van F.W. de Klerk op 2 Februarie 1990 het die weg gebaan vir die normalisering van sportbetrekkinge met die internasionale sportgemeenskap. Agter die skerms het politici en sportlui egter ewe hard gewerk om hierdie doel te verwesenlik. Die uitreikaksie van die Regering, wat teen die einde van die tagtigerjare begin het met die proses om politieke gevangenes uit die tronke vry te laat, was 'n bewys van die feit dat apartheid besig was om te verkrummel.

Veranderinge was egter nie net op politieke vlak aan die orde van die dag nie. Samesprekings tussen sportstrukture en -organisasies wat voorheen as tradisionele vyande gesien is, het teen die einde van die tagtigerjare begin plaasvind. In die NSC-geledere was dit duidelik sigbaar dat politieke leiers ook op die gebied van sport na vore begin tree het. Vooraanstaande politieke leiers soos Thabo Mbeki en Steve Tshwete was baie prominent in die NSC se samesprekings met blanke rugby- en krieketadministrateurs. Dit het die besef laat ontstaan dat die ANC sport baie hoog aangeslaan het met betrekking tot die onderhandelingsproses vir 'n nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika.

Alhoewel sport, en die beoefening daarvan, regdeur die tagtigerjare steeds onderhewig was aan die politieke situasie in die land, het dit 'n leidende rol gespeel in die prosesse wat uiteindelik daartoe gelei het dat alle Suid-Afrikaners gelyke politieke regte kon verkry. Die slagspreuk van SACOS wat normale sportbeoefening in 'n abnormale Suid-Afrikaanse samelewing teengestaan het, is hier sterk ter sprake. Feitlike elke Suid-Afrikaanse sportman en -vrou is op een of ander manier negatief deur sportisolاسie beïnvloed.

Sportisolاسie was blind ten opsigte van ras, prestasies en sporttalent. Die onregverdigheid verbonde aan sportisolاسie lê daarin dat dit talle Suid-Afrikaanse sportsterre die geleentheid ontnem het om aan internasionale geleenthede soos die

Olimpiese Spele deel te neem. Vandag is dit baie moeilik om sportsterre van die isolasiejare te vergelyk met die hedendaagse sterre, want met die koms van 'n nuwe politieke bedeling vir Suid-Afrika het die deure tot internasionale deelname vir alle Suid-Afrikaanse sportlui oopgegaan. Hierdie geleenthede was egter nie vir die sportlui tydens die isolasie-era beskore nie.

Alhoewel sportisolasië deur verskeie Suid-Afrikaners vanuit 'n baie negatiewe perspektief beskou word, het dit ook positiewe aspekte gehad. Die bydrae wat sportisolasië gelewer het om te verseker dat Suid-Afrika 'n nuwe politieke bedeling kon binnegaan, kan nooit te gering geskat word nie.

BYLAE 1**SENATOR JAN DE KLERK SE NEGEPUNT SPORTVERKLARING, 30 MAART 1961**

1. Die Suid-Afrikaanse gebruik is dat binne die grense van die Republiek, blankes en nie-blankes hul sport afsonderlik beoefen en hierdie gebruik moet eerbiedig word, dit wil sê dat binne ons landsgrense blankes en nie-blankes nie met mekaar moet meeding nie, hetsy in individuele items of in spanne of as deel van spanne.
2. Dat Suid-Afrikaanse sportmanne van een besondere ras buite die grense van ons land teen die sportmanne van 'n ander ras, wat nie Suid-Afrikaners is nie, kan deelneem waar dit in daardie lande die gebruik is.
3. Die Regering sal hom, wat betref sport buite ons landgrense, aan die gebruike van die ander lande hou, maar hy verlang dat andere, wanneer hulle Suid-Afrika besoek, hulle hul aan ons gebruike moet hou, dit wil sê dat binne ons landsgrense blankes teen blankes en nie-blankes teen nie-blankes sal meeding.
4. Die deelname aan wêreldsporttoernooie of -kompetisies van gemengde spanne as verteenwoordigers van Suid-Afrika as geheel nie goedgekeur kan word nie. Waar blankes byvoorbeeld aan sodanige toernooie individueel deelneem moet hulle dit doen as verteenwoordigers van die blankes van ons land en net so sal die nie-blankes as verteenwoordigers van die nie-blanke Suid-Afrikaners optree.
5. Die uitnodiging van Suid-Afrikaanse spanne deur sportverenigings in ons buurgebiede om daar aan wedstryde deel te neem wat strydig is met ons gebruik binne die Republiek en wát klaarblyklik nie internasionale wedstryde is nie, sal nie in 'n gunstige lig beskou word nie.
6. Dit is in ooreenstemming met die Republiek se beleid van afsonderlike ontwikkeling om blanke en nie-blanke sportverenigings sover as moontlik te help maar seersekerlik ook nie

1 Persverklaring deur die Minister van Binnelandse Sake, Sy Edele Senator Jan de Klerk. Uitgereik op 4 Februarie 1963 deur die Departement van Inligting, Kaapstad..

as hulle hul dit ten doel stel om die land te dwing om van sy verklaarde beleid af te sien nie.

7. Sover dit die administrasie en beheer van sportbedrywighele aanbetref, is dit in ooreenstemming met regeringsbeleid dat nie-blanke verenigings langs die ooreenstemmende blanke verenigings bestaan en ontwikkel en by die oorweging van sake wat nie-blanke verenigings raak kan een of twee lede van die blanke uitvoerende komitee van die hoofliggaam die vergaderings van die nie-blanke liggaam se uitvoerende komitee bywoon wanneer daartoe versoek word ten einde die komitee in te lig oor die menings van die nie-blanke komitee wanneer sake van belang vir laasgenoemde behandel word.
8. Indien die metode in die voorafgaande paragraaf geskets om een of ander rede in 'n besondere geval miskien nie uitvoerbaar klink nie, kan een of meer lede van die nie-blanke liggaam gekoöpteer of gekies word om in die blanke uitvoerende komitee te dien in 'n adviserende hoedanigheid wanneer sake rakende die nie-blanke liggaam bespreek word, om sodoende die belange van die nie-blankes te verteenwoordig.
9. Die blanke uitvoerende komitee kan op hoë vlak as koördinerende liggame tussen die verenigings en die verteenwoordigers in die ooreenstemmende wêreldliggame dien.

BYLAE 2**SPORTVERKLARING VAN DIE NASIONALE PARTY, 23 SEPTEMBER 1976**

1. Sportlui van blankes, Kleurlinge, Indiërs en swart mense moet aan hul eie klubs behoort en hul eie sportaangeleenthede beheer, reël en bestuur;
2. Waar prakties moontlik en gewens, moet die komitees of rade van die verskillende bevolkingsgroepe met mekaar kan raadpleeg of skakel op sodanige wyse as wat die belange van die betrokke sportsoort die beste bevorder;
3. Dar moet in die geval van individuele sportsoorte onderlinge mededinging op alle vlakke toelaatbaar wees indien beheerliggame so besluit;
4. In die geval van spansportsoorte moet die rade of komitees van elke bevolkingsgroep hul eie ligas of roosters binne die volksverband reël;
5. Waar onderling ooreengekom is kan rade of komitees, in oorleg met die Minister van Sport, ook ligas of wedstryde reël waarin spanne van verskillende bevolkingsgroepe teen mekaar meeding;
6. Enige van die bevolkingsgroepe kan sy eie sportverhoudings met ander lande of sportliggame reël na goeddenke en hul eie wapens en kleure aan sy eie spelers toeken;
7. Indien so uitgenooi of ooreengekom, kan spanne bestaande uit spelers van alle bevolkingsgroepe Suid-Afrika verteenwoordig, of sodanige sportsoort 'n Olimpiese sportsoort is al dan nie, en aan sodanige spelers en deelnemers kan kleure en 'n embleem toegeken word wat, indien so verkies, die landsvlag of die kleure daarvan, kan wees; en
8. die bywoning van sportaangeleenthede moet deur die onderskeie beheerliggame gereël word.¹

¹ Skietgoed: Sport, Inligtingsdiens van die Nasionale Party van SA, p. 3645.

BYLAE 3**COMMONWEALTH STATEMENT ON APARTHEID IN SPORT¹**

The member countries of the Commonwealth, embracing peoples of diverse races, colours, languages and faiths, have long recognised racial prejudice and discrimination as a dangerous sickness and an unmitigated evil and are pledged to use all their efforts to foster human dignity everywhere. At their London Meeting, the Heads of Government reaffirmed that apartheid in sport, as in other fields, is an abomination and runs directly counter to the Declaration of Commonwealth Principles which they made at Singapore on 22 January 1971.

They were conscious that sport is an important means of developing and fostering understanding between people, and especially between the young people, of all countries. But, they were also aware that, quite apart from other factors, sporting contacts between their nationals and the nationals of countries practicing apartheid in sport tend to encourage the belief (however unwarranted) that they are prepared to condone this abhorrent policy or are less than totally committed to the Principles embodied in their Singapore Declaration. Regretting past misunderstandings and difficulties and recognising that these were partly the result of inadequate inter-governmental consultations, they agreed that they would seek to remedy this situation in the context of the increased level of understanding now achieved.

They reaffirmed their full support for the international campaign against apartheid and welcomed the efforts of the United Nations to reach universally accepted approaches to the question of sporting contacts within the framework of that campaign.

Mindful of these and other considerations, they accepted it as the urgent duty of each of their Governments vigorously to combat the evil of apartheid by withholding any form of support for, and by taking every practical step to discourage, contact or competition by

¹ Gleneagles Accord 1977, Suid-Afrikaanse Sportdokumentasie- en inligtingsentrum-versameling.

their nationals with sporting organisations, teams or sportsmen from South Africa or from any other country where sports are organised on the basis of race, colour or ethnic origin.

They fully acknowledge that it was for each Government to determine in accordance with its laws the methods by which it might best discharge these commitments. But they recognised that the effective fulfillment of their commitments was essential to the harmonious development of Commonwealth sport hereafter.

They acknowledge also that the full realisation of their objectives involved the understanding, support and active participation of the nationals of their countries and of their national sporting organisations and authorities. As they drew a curtain across the past they issued a collective call for that understanding, support and participation with a view to ensuring that in this matter the peoples and Government of the Commonwealth might help to give a lead to the world.

Heads of Government specially welcomed the belief, unanimously expressed at their Meeting, that in the light of their consultations and accord there were unlikely to be future sporting contacts of any significance between Commonwealth countries or their nationals and South Africa while that country continues to pursue the detestable policy of apartheid. On that basis, and having regard to their commitments, they looked forward with satisfaction to the holding of the Commonwealth games in Edmonton and to the continued strengthening of Commonwealth sport generally.

GLENEAGLES

June 12, 1977

BYLAE 4

P.W. Botha se reaksie op Treurnicht se siening van die Kleurlinge se deelname aan die Cravenweek:

“Dis onnodig dat die Regering of die Nasionale Party betrek word of dat politieke rusie ontstaan in verband met die reëlings vir die Craven-rugbyweek.”

“Geen wet van die land word oortree nie. Trouens daar was ook nog nooit ‘n wet wat bedoel was om sport in Suid-Afrika te reël nie, behalwe om goeie orde te handhaaf nie.”

“Die blanke skoolkinders wat na die toernooi genooi word, sowel as hulle ouers, het die uitsluitlike reg om oor hulle deelname te besluit.”

“Wat die Kleurlinge se deelname betref is dit ook ‘n saak waarmee die Regering hom nie inlaat nie.”

“Dis tyd dat ons in hierdie land besef dat houdings wat die indruk skep dat die Kleurlinge melaats is, nou ‘n einde moet kry.”

“Ek kan my nie vereenselwig met openbare uitlating of gedrag wat verdere spanning tussen blankes en Kleurlinge veroorsaak nie.”

Daar is ernstiger sake waaraan die Ministers en leiers hulle aandag moet skenk. Ons land se veiligheid word vandag ook in stand gehou deur bruin en swart soldate en polisie, saam met die blankes.”

Laat ons dus ons sin vir verhoudinge behou.”¹

¹ Treurnicht, A.P., *Noodlottige Hervorming*, p. 35.

BIBLIOGRAFIE

1. ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

1.1 Argief vir Eietydse Aangeleenthede, UV, Bloemfontein

Nasionale Party Kaaplandse Versameling

PV 27, PS 6/5/1/2/1/1

P.W. Botha Privaatversameling

PV 203, PS 12/9/1

P.G.J. Koornhof Privaatversameling

PV 476, PS 4/2/41.

M.C.G.J. van Rensburg Privaatversameling

PV 28, PS 7

B.J. Vorster Privaatversameling

PV 132, PS 3/6/1/10

2. PERSOONLIKE VERSAMELING

2.1 Transkripsies van onderhoude en gesprekke

Transkripsie van gesprek met John Baxter, 4 Julie 1997, Perth.

Transkripsie van onderhoud met Ewie Cronjé, 14 Mei 2002, Bloemfontein.

Transkripsie van onderhoud met Willie Crowther, 22 September 1994, Bethlehem.

Transkripsie van gesprek met Tersia Grobler, 31 Mei 2002, Pretoria.

Transkripsie van gesprek met Willem Kleynhans, 31 Mei 2002, Pretoria.

Transkripsie van gesprek met dr. Kobus Mostert, 8 Oktober 2002, Bloemfontein.

Transkripsie van gesprek met John Nauright, 4 Julie 1997, Perth.

Transkripsie van onderhoud met Michael Owen-Smith, 3 Julie 1994, Newcastle.

Transkripsie van onderhoud met Sam Ramsamy, 14 Junie 2002, Johannesburg.

Transkripsie van onderhoud met Jerry Segwaba, 18 Augustus 1999, Bloemfontein.

Transkripsie van onderhoud met Mthobi Tyamzashe, 14 Junie 2002, Johannesburg.

2.2 Ander dokumentasie in privaatversameling

Suid-Afrikaanse sportdokumentasie- en inligtingsentrum-versameling

Statement by Mr. Abraham Ordia, President of the Supreme Council for Sport in Africa, before the 5th meeting of the Ad Hoc Committee on the drafting of an international convention against apartheid in sport on 10 May 1978, A/AC 192/L.1, 17 Mei 1979.

United Nations Special Committee against Apartheid, A/AC 115/SR 431, 12 Junie 1979.

Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 2396 (XXIII), 2 Desember 1968.

Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 2671 F (XXV), 8 Desember 1970.

Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 2775 D (XXVI), 29 November 1971.

Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 2923 (XXIII), 15 November 1972.

Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 3151 G (XXV VIII), 14 Desember 1973.

Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 3411 E (XXX), 28 November 1975.

Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 31/6 F, 9 November 1976.

Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 32/105 M, 14 Desember 1977.

Verenigde Nasies Algemene Vergadering Resolusie 39/72 D, 13 Desember 1980.

"More time sought for drafting convention against apartheid", in **United Nations Chronicle**, Vol. XV, no. 10, November 1978.

Supreme Council of Sport in Africa, Ninth General Assembly, held in Yaoundé, 14 to 17 December 1979, Resolution no. 10/9GA/79.

Register of sports contact with South Africa. Report by the Special Committee against apartheid, 1981, VN-dokument 18/81, 81-14897.

Report of the Ad Hoc Committee on the drafting of an international convention against apartheid in sport, General Assembly, Official Records: Thirty-fifth session, Supplement no. 36 (A/35/36), 1980.

Dennis Brutus, **Brief aan President Jimmy Carter**, Ongepubliseerde brief, 21 Maart 1978.

Abraham Ordia, **Dekkingsbrief vir sportboikotlys**, Ongepubliseerde brief, International Co-ordinating Centre against apartheid in sport, 22 April 1981.

International Co-ordinating Centre against apartheid in sport, sport boycott list, April 1981.

Grondwet van die *South African Sports Council* (SACOS), Oktober 1975.

Verslag van SACOS tweejaarlikse Konferensie, Oktober 1975.

South Africa Race and Rugby, Australiese Departement van Buitelandse Sake en Handel, Johannesburg, 1996.

2.3 Korrespondensie ontvang

Brief met aangehegte notule van die Stellalandse Rugbyunie Beplanningskomitee-vergadering, 12 en 13 Junie 1994

3. AMPTELIKE PUBLIKASIES

3.1 Parlementêre debatte

Debatte van die Volksraad, Tweede Sessie, Derde Parlement, 11 April 1967.

Debatte van die Volksraad, Tweede Sessie, Vierde Parlement, 22 April 1971.

Debatte van die Volksraad, Tweede Sessie, Vyfde Parlement, 11 Junie 1975.

Debatte van die Volksraad, Derde Sessie, Sesde Parlement, 21 Mei 1979.

Debatte van die Volksraad, Tweede Sessie, Sewende Parlement, 15 April 1982.

Debatte van die Volksraad, Derde Sessie, Sewende Parlement, 2 Mei 1983.

Debatte van die Volksraad, Derde Sessie, Sewende Parlement, 10 Augustus 1983.

Debatte van die Volksraad, Vierde Sessie, Agtste Parlement, 16-20 Februarie 1987.

3.2 Verslae deur Kommissies van Onderzoek

Findings of the investigation commissions, South Africa and World sport, 1967.

South African Law Report, Januarie-Maart 1963 (Die staat teen Brandsma en ander).

Report of the IOC Commission on South Africa, 1970.

Verslag van die Hoofkomitee: RGN-onderzoek. Sport in Suid-Afrika, 1982.

Verslag van die Regswetenskaplike Komitee oor Wetgewing wat die normalisering van sportverhoudinge in die Republiek van Suid-Afrika beïnvloed, 1980.

4. PERIODIEKE PUBLIKASIES

4.1 Daaglikse koerante en weeklikse publikasies

The Argus

10 Januarie 1980

16 Januarie 1980

7 Augustus 1982

7 September 1982

22 Maart 1983

11 November 1983

1 September 1984

16 Julie 1986

Beeld

24 Augustus 1969

11 Augustus 1977

14 Februarie 1980

14 Mei 1980

Die Burger

26 Junie 1956

24 September 1976

5 Februarie 1980

11 Maart 1980

12 Maart 1980

26 Oktober 1982

29 Maart 1983

27 Oktober, 1990

26 Julie 1992

18 November 1993

Business Day

25 September 1987

28 September 1987

3 Maart 1988

26 Junie 1992

The Cape Times

29 Januarie 1972

7 Desember 1981

7 September 1982

20 Oktober 1982

9 Junie 1983

16 November 1983

6 Desember 1983

17 Mei 1984

23 Desember 1986

9 Januarie 1987

26 Oktober 1994

The Citizen

7 Maart 1980

9 Junie 1983

27 Oktober 1984

1 Desember 1984

21 April 1986

11 Julie 1986

17 Maart 1988

21 Februarie 1989

23 Februarie 1989

30 Maart 1989

14 Februarie 1990

City Press

15 November 1987

31 Januarie 1989

Daily Dispatch

4 Junie 1982

19 April 1986

The Daily News

25 April 1986

14 Augustus 1987

Eastern Cape Herald

14 Junie 1984

Evening Post

21 Oktober 1963

12 Oktober 1981

26 Oktober 1981

6 Mei 1982

23 Januarie 1986

The London Times

1 Junie 1955

19 Januarie 1957

11 Maart 1959

13 Junie 1959

7 April 1960

16 April 1960

14 Februarie 1962

26 April 1962

29 Januarie 1963

31 Mei 1963

The Natal Mercury

28 Julie 1987

The New Nation

9 Oktober 1986

23 Oktober 1986

30 Junie 1988

New York Times

29 Januarie 1962

23 September 1963

New Zealand Herald

24 Julie 1981

Oosterlig

13 Mei 1980

Post

29 Januarie 1980

Pretoria News

17 Maart 1985

23 September 1986

Rand Daily Mail

17 November 1958

27 November 1970

5 Januarie 1980

8 November 1984

Rapport

9 Maart 1980

13 April 1980

4 Oktober 1980

Sowetan

3 Desember 1984

25 Februarie 1987

The Star

31 Maart 1962

28 Mei 1962

10 Januarie 1980

15 Februarie 1980

11 Maart 1980

12 Maart 1983

12 Maart 1984

12 Desember 1984

22 Januarie 1986

12 April 1986

14 Julie 1986

12 September 1986

31 Oktober 1986

2 November 1988

14 Februarie 1990

Sunday Express

17 Augustus 1980

Sunday Post

6 Januarie 1980

Sunday Times

30 November 1980
11 Oktober 1981
7 September 1982
22 Februarie 1983
22 Mei 1983
18 November 1984
3 Mei 1987
7 September 1997

Sunday Tribune

3 Mei 1987

Die Transvaler

15 Augustus 1942
10 September 1969
25 September 1976
10 Maart 1980

Die Volksblad

3 April 1964
4 Julie 1964
6 Februarie 1980
15 Oktober 1980
10 Julie 1992
28 September 1995
4 Julie 1999
29 Desember 1999

The Weekly Mail

19 Desember 1986
17 Maart 1989

4.2 Pamflette en brosjures

Ontplooing van die Sportbeleid 1962-1979. Departement van Sport en Ontspanning, 11 September 1979.

Riglyne vir sport in Suid-Afrika, in **Skietgoed**, Mei 1973.

SA Digest, 18 Julie 1980.

Bylaag tot SA Digest, 18 Julie 1980.

Sportbeleid van die Nasionale Party in **Skietgoed**, 7 Junie 1971, p. 2553.

Sportbeleid werp vrugte af in **Skietgoed**, no. 4, September 1973, p. 3878.

Skietgoed: Sport, Inligtingsdiens van die Nasionale Party van SA, no. 3, September 1976.

Sportbeleid werp goeie vrugte af in **Skietgoed**, no. 4, September 1977, kolom 3870.

Skietgoed, No. 10/82, 20 April 1982.

Sport in South Africa Today, South African Olympic and National Games Association (SANOK) dokumentasie, Pretoria, 1981.

South Africa and the World(9): The anti-forces: SACOS and SANROC, (SANOK publikasie)

Suid-Afrikaanse Oorsig, 26 November 1976.

Vrugte van die Nasionale bewind, 1948-1970.

Leadership, vol. 7., no. 5, 1988

1995 Wereldbeker finaal - amptelike program

Rugby World, Vol. 2, no. 2, November 1994.

New Zealand Foreign Affairs Review, Vol. XXXI, no. 2, April-Junie 1981.

Suid-Afrikaanse Oorsig, 3 Maart 1978

Suid-Afrikaanse Panorama, vol. 34, no. 10, November/Desember 1989.

5. GEPUBLISEERDE WERKE

5.1 Artikels

Alegi, P.C., "Katanga vs Johannesburg: a history of the first sub-Saharan Football championship, 1949-50" in **Kleio XXXI**, 1999

Booth, D., "United Sport: An Alternative Hegemony in South Africa?" in **The International Journal of the History of Sport**, Vol. 12, No. 3 Desember 1995.

Breytenbach, W.J., "Changes in South African Society" in **South African International**, Vol. 10, No. 3, Januarie 1980.

Brutus, D., "The Blacks and the Whites in Sport" in **Africa Today**, Vol. 17, No. 6, November-Desember 1970.

Davies, J., "Politics, Sport and Education in South Africa" in **African Affairs**, vol. 85, no. 340, Julie 1986.

Du Pisani, J.A., "B.J. Vorster se nuwe sportbeleid as faktor in die verdeeldheid binne die Nasionale Party wat gelei het tot die stigting van die Herstigte Nasionale Party" in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, vol. 9, no. 2, Desember 1984.

Goldsmith, M., "Sporting boycotts as a political tool" in **Australian Quarterly**, vol. 67, no. 1, 1995

Hartmann, D., "The politics of race and sport: resistance and domination in the 1968 African American Olympic protest movement" in **Ethnic and Racial Studies**, vol. 19, no. 3, Julie 1996.

Hunter, M.G., "The United Nations and the anti-apartheid in sport movement" in **Canadian Journal of History of Sport and Physical Education**, Vol. 11, no. 1, Mei 1980.

Kidd, B., "The campaign against sport" in **South Africa in International Journal**, Vol. XLVII, no. 4, Autumn 1988.

Marais, A.H, en O. Geyser, "Die redes vir die totstandkoming van die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika, 1982-1983" in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, Jaargang 20, nommer 2, Desember 1995.

McKinnon, M., "Impasse or Turning Point? New Zealand and the 1981 Springbok tour" in **South African International**, vol. 13, no. 1, Julie 1982.

Merrett, C., "In nothing else are the deprivors so deprived: South African sport, apartheid and foreign relations, 1945-1971" in **The International Journal of the History of Sport**, Vol. 13, no. 2, August 1996.

Mufson, S., "South Africa 1990" in **Foreign Affairs**, vol. 70, no. 1, 1991.

Peires, J.B., **Facta non Verba: Towards a History of Black Rugby in the Eastern Cape**, History Workshop, University of the Witwatersrand, Februarie 1981.

Posel, D., "The meaning of apartheid before 1948: conflicting interests and forces within the Afrikaner Nationalist Alliance" in **Journal of South African Studies**, Vol. 14, no. 1, Oktober 1987.

Rademeyer, J.S., "No normal sport in an abnormal society – Sports isolation and the struggle against apartheid in South African sport, 1980-1992" in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, vol. 25, no. 1, Junie 2000.

Redden, T.J., "The U.S. comprehensive anti-apartheid act of 1986: Anti-apartheid or anti-African National Congress?" in **African Affairs**, vol.87, no. 349, Oktober 1988.

Scholtz, G.D., "Depolitisering van die Suid-Afrikaanse sport" in **Oënskou. Tydskrif van die Instituut vir Politiek en Afrikastudies**, vol. 1, no. 4, Mei 1983.

Streek, B., "Illusion and Reality in South Africa's sport policy" in **South African International**, vol. 16, no. 1, Julie 1985.

Van der Schyff, P., "Sportvriende word vyande" in **De Kat**, Februarie 1988.

Van der Westhuizen, V., "Assistance for Sport" in **Bantu**, vol.21, no. 2, Februarie 1974.

Wessels, D.P., "Die Olimpiese Spele: Los Angeles in perspektief" in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, vol. 9, no. 2, Desember 1984.

5.2 Boeke

Allison, L. (red), **The politics of sport**, Manchester, 1986.

Archer, R. en A. Bouillon, **The South African Game. Sport and Racism**, Londen, 1982.

Barnard, S.L., en A.H. Marais, **Die Verenigde Party, die groot eksperiment**, Pretoria, 1980.

Beinart, W., **Twentieth-century South Africa**, Kaapstad, 1994.

- Blades J. (red.), **The Rainbow Game. A random history of South African soccer**, Johannesburg, 1998.
- Bose, M., **Sporting Colours. Sport and Politics in South Africa**, Londen, 1994.
- Bowen, R., **Cricket, a history of its growth and development throughout the world**, Londen, 1970.
- Breytenbach, B., **Return to paradise**, Londen, 1996.
- Brickhill, J., **Race against Race. South Africa's "Multi-national" Sport Fraud**, Londen, 1976.
- Bryden, C., **Return of the Prodigal. South Africa's Cricketing comeback**, Johannesburg, 1992.
- Bryden, C. (red.), **The First Century, 1890-1990. Transvaal Cricket Centenary Book**, Johannesburg, 1991.
- Cameron, D., **Barbed Wire Boks**, Auckland, 1981
- Claassen, W., **More than just rugby**, Johannesburg, 1985.
- Claude, I.L., **The changing United Nations**, New York, 1967.
- Clayton, K., **Doc Craven's Tribute. The Legends of Springbok Rugby 1890-1989**, Kaapstad; 1991.
- Collins, D., **Olympic Dreams. 100 Years of Excellence**, Los Angeles, 1998.
- Cooper, C., et al, **A Survey of Race Relations in South Africa 1982**, Johannesburg, 1983.
- Cooper, C., et al, **A Survey of Race Relations in South Africa 1983**, Johannesburg, 1984.

- Cooper, C., et al, **Race Relations Survey 1984**, Johannesburg, 1985.
- Cooper, C., et al, **Race Relations Survey 1986**, Johannesburg, 1987.
- Cooper, C., et al, **Race Relations Survey 1987/88**, Johannesburg, 1988.
- Cooper, C., et al, **Race Relations Survey 1988/89**, Johannesburg, 1989.
- Cooper, C., et al, **Race Relations Survey 1989/90**, Johannesburg, 1990.
- Cooper, C., et al, **Race Relations Survey 1992/93**, Johannesburg, 1993.
- Crowley, B., **Cricket's Exiles. The Saga of South African Cricket**, Johannesburg, 1993.
- Davenport, T.R.H., **South Africa. A modern history**, Hong Kong, 1991.
- De Broglie, C., **South Africa: Racism in Sport**, Londen, 1970.
- De Villiers, D., et al., **Paul Sauer**, Goodwood, 1977.
- D'Oliviera, B., **The D'Oliviera Affair**, Londen, 1969.
- Dobson, P., **Doc. The life of Danie Craven**, Kaapstad, 1994.
- Dobson, P., **Rugby in Suid-Afrika. 'n Geskiedenis 1861-1988**. Kaapstad, 1989.
- Donald, A., **White Lightning. Alan Donald – The Autobiography**, Londen, 2001.
- Draper, M., **Sport and Race in South Africa**, Londen, 1963.
- Du Pisani, J.A., **John Vorster en die Verlig/Verkrampstryd**, Bloemfontein, 1988.

Esterhuyse, W., en P. Nel, **Die ANC**, Kaapstad, 1990.

Feinberg, B., en A. Odendaal (red.), **Mzabalazo. A pictorial history of the African National Congress**, Belville, 1994.

Friedman, B., **Smuts, a Reappraisal**, Londen, 1964.

Geldenhuys, D., **The Diplomacy of Isolation. South African Foreign Policy Making**, Johannesburg, 1984.

Geldenhuys, D., **Isolated States. A Comparative Analysis**, Johannesburg, 1990.

Gerber, H., **Craven**, Kaapstad, 1982.

Gooch, G., **Out of the Wilderness**, Londen, 1985.

Gordon, L., et al, **A Survey of Race Relations in South Africa 1980**, Johannesburg, 1981.

Griffiths, E., **Die Kapteins**, Kaapstad, 2001

Grundlingh, A., et al, **Beyond the tryline. Rugby and the South African society**, Kaapstad, 1995

Hayden, A., **Boots and All**, Auckland, 1983.

Hain, P., **Sing the Beloved Country. The struggle for the new South Africa**, Londen, 1996

Hain, P., **Don't play with apartheid: The background to the Stop the Seventies Tour Campaign**, Londen, 1971.

Henry, O., **The Man in the Middle**, Durban, 1994.

Holland, H., **The Struggle. A History of the African National Congress**, Londen, 1989.

- Horrell, M., **South Africa and the Olympic Games**, Johannesburg, 1968.
- Horrell, M., et al., **A Survey of Race Relations in South Africa 1959-1960**, Johannesburg, 1961.
- Horrell, M., et al., **A Survey of Race Relations in South Africa 1962**, Johannesburg, 1963.
- Horrell, M., et al., **A Survey of Race Relations in South Africa 1964**, Johannesburg, 1965.
- Horrell, M., et al., **A Survey of Race Relations in South Africa 1967**, Johannesburg, 1968.
- Horrell, M., et al., **A Survey of Race Relations in South Africa 1972**, Johannesburg, 1973.
- Horrell, M., et al., **A Survey of Race Relations in South Africa 1974**, Johannesburg, 1975.
- Horrell, M., et al., **A Survey of Race Relations in South Africa 1976**, Johannesburg, 1977.
- Horrell, M., et al., **A Survey of Race Relations in South Africa 1977**, Johannesburg, 1978.
- Huddleston, T., **Naught for your comfort**, Johannesburg, 1956.
- Jarvie, G., **Class, Race and Sport in South Africa's Political Economy**, Londen, 1985.
- Johns, S., en R. Hunt Davis, jr., **Mandela, Tambo and the African National Congress. The Struggle Against Apartheid, 1948-1990. A Documentary Survey**, New York, 1991.
- Karis, T., en G. Carter (redakteurs), **From protest to challenge: A documentary history of African politics in South Africa 1882-1964**, San Fransisco, 1977.
- Keyter, E.(redakteur), **Amptelike Jaarboek Suid-Afrika 1992**. Pretoria, 1992.
- Klein, S., **African Literatures in the 20th Century**, Londen, 1988.

- Koenderman, T., **Sanctions. The threat to South Africa**, Johannesburg, 1982.
- Kotze, G., **Sport en Politiek**, Pretoria, 1978.
- Leach, G., **South Africa – no easy path to peace**, Boston, 1986.
- Liebenberg, I., et al., **The Long March. The story of the struggle for the liberation of South Africa**, Pretoria, 1994.
- Lipton, M., **Capitalism and Apartheid. South Africa 1910-1986**, Kaapstad, 1986.
- Lodge, T., et al., **All, Here and Now: Black Politics in South Africa in the 1980's**, Johannesburg, 1991.
- Louw, R., **For the Love of Rugby**, Johannesburg, 1987.
- Macfarlane, N., **Sport and Politics. A World Divided**, Londen, 1986.
- Marks, S., en R. Rathbone, **Industrialisation and social change. African class formation, culture and consciousness, 1870-1930**, Londen, 1982.
- Meurant, R., **The Red Squad Story....**, Kaapstad, 1982.
- Nauright, J., **Sport, Cultures and Identities in South Africa**, Londen, 1997.
- Newnham, T., **Apartheid is not a game**, Auckland, 1975.
- Ngcokovane, C., **Demons of Apartheid. A moral and ethical analysis of the N.G.K., N.P. and Broederbond's justification of Apartheid**, Braamfontein, 1989.
- Nixon, R., **Homelands, Harlem and Hollywood. South African Culture and the World beyond**, New York, 1994.

Odendaal, A., **Cricket in isolation. The politics of race and cricket in South Africa**, Kaapstad, 1977.

Omer-Cooper, J.D. (red), **New Zealand, South Africa and sport: Background Papers**, Wellington, 1976.

Palenski, R., **Graham Mourie, Captain**, Auckland, 1982.

Pampallis, J., **Foundations of the New South Africa**, Kaapstad, 1991.

Parker, G.A., **South African Sports: An Official Handbook**, Londen, 1897.

Paton, A., **South Africa and her people**, Guildford, 1957.

Patridge, T., et al, **The 1988 Protea Cricket Annual of South Africa**, Johannesburg, 1989.

Patterson, S., **Colour and Culture in South Africa: a study of the status of the Cape Coloured People within the social structures of the Union of South Africa**, Londen, 1953.

Pike, H.R., **A History of Communism in South Africa**, Pretoria, 1985.

Prinsloo, D., **'n Stem uit die Wildernis. P.W. Botha-Dokumentêre biografie**, Mosselbaai, 1997.

Procter, M., **South Africa. The years of isolation and the return to international cricket**, Durban, 1994.

Ramphal, S., et al, **Changing Southern Africa. South Africa: The Sanctions Report**, Londen, 1989.

Ramsamy, S., **Apartheid. The Real Hurdle. Sport in South Africa and the International Boycott**, Londen, 1982.

- Ries, A., en E. Dommissie, **Broedertwis**, Kaapstad, 1982.
- Ries, A., en E. Dommissie, **Leierstryd**, Kaapstad, 1990.
- Roberts, C., **SACOS: 15 years of sports resistance. Charting the journey of non-racial sport in South Africa: An analysis of the character, role and resistance efforts of the South African Council on Sport (SACOS)**, Kaapstad, 1988.
- Roberts, C., **Challenges facing South African sport**, Kaapstad, 1990.
- Scholtz, G.J.L., **Grondslae vir Rekreasiekunde**, Johannesburg, 1974.
- Scholtz, G.L., **Die Afrikaanse Sportpolitiek 1910-1975**, Johannesburg, 1978.
- Schoeman, B.M., **Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976**, Pretoria, 1977.
- Schrire, R., **Adapt or die: The end of white politics in South Africa in the 1980s**, New York, 1991.
- Stultz, M.M., **Afrikaner Politics in South Africa 1934-1948**, Los Angeles, 1974.
- Swanton, E.W. en J. Woodcock, **Barclay's World of Cricket: The Game from A-Z**, Londen, 1980.
- Theron, E., en M.J. Swart, **Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika. 'n Verslag aan die komitee van die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA) insake die Kleurlinge**, Stellenbosch, 1964.
- Thom, H.B., **D.F. Malan**, Kaapstad, 1980.
- Thompson, R., **Retreat from Apartheid: New Zealand's sporting contacts with South Africa**, Londen, 1975.

- Thompson, R., **Race and Sport**, Londen, 1964.
- Treurnicht, A.P., **Noodlottige Hervorming**, Pretoria, 1989.
- Van der Merwe, F.J.G., **Sportgeskiedenis**, Stellenbosch, 1994.
- Van der Merwe, F.G.J., **Die Boere-sirkus van St.Louis (1904)**, Stellenbosch, 1998.
- Van Jaarsveld, F.A., **Afrikaner quo vadis?**, Johannesburg, 1971.
- Van Rensburg, F., **Shimla 25**, Bloemfontein, 1991.
- Van Rooyen, J.J., **Altyd Nuut – Nasionale Party regeer 40 jaar**, Kaapstad, 1988.
- Van Rooyen, Q., **Suid-Afrikaanse Rugbyjaarboek, 1984**, Pretoria, 1985.
- Van Vuuren, D.J., et al, **Change in South Africa**, Johannesburg, 1983.
- Venter, A.J., **Challenge. Southern Africa within the African Revolutionary context**, Johannesburg, 1987.
- Viviers, G., **Rugby agter doringdrade**, Pretoria, 1970.
- Waldmeir, P., **Anatomy of a miracle. The end of apartheid and the birth of a new South Africa**, Londen 1997.
- Wilkinson, I. en H. Strydom, **The Super Afrikaners: Inside the Afrikaner Broederbond**, New York, 1979
- Wilson, M. en A. Majefe, **Langa: a study of social groups in an African Township**, Kaapstad, 1963.

6. ONGEPUBLISEERDE SEKONDÊRE BRONNE

6.1 Referate, inhuldigingslesings en toesprake

Rassevermenging op sportgebied. Toespraak gelewer deur Jaap Marais op 2 Oktober 1969 te Pretoria.

6.2 Proefskrifte en verhandelings

Anderson, P.G., **An investigation into the effect of race and politics on the development of South African sport (1970-1979)**, ongepubliseerde Ph. D.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1979.

Chadinha, J.G., **Magsdeling en Magsverdeling. 'n Vergelykende studie van beginselprogramme van Blanke Politieke Partye in Suid-Afrika sedert 1948**, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Staatsleer, UOVS, 1984.

Heath, M.R., **'n Inhoudsontleding van persberigte oor gemengde skoleport in Suid-Afrikaanse dagblaai (1979-1982)**, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Kommunikasiekunde, UOVS, 1987.

Lapchick, R.E., **The politics of Race and International Sport: The case of South Africa**, ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif, Denver, 1973

Opperman, D.J.J., **Die ondermynende internasionale aanslag teen Suid-Afrika**, ongepubliseerde D.Admin-proefskrif, Staatsleer, UOVS, 1978.

Pretorius, I.P.W., **'n Historiese analise van die betekenis van en die geskilpunte rondom die Cravenweek vir Hoërskole as Interprovinsiale rugbykompetisie**, ongepubliseerde Ph. D.-proefskrif, Geskiedenis, UOVS, 1994

Rademeyer J.S., **Die rol van A.L. Schlebusch in die totstandkoming van die nuwe**

politieke bedeling, 1978-1983, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Geskiedenis, UOVS, 1993.

Saaiman, G.B., **Sport en Politiek: Suid-Afrika se sportisolasië en die invloed op die binnelandse politiek**, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Staatsleer, UOVS, 1981.

Smit, J.P.J., **Die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse sportbeleid en sy politieke implikasies, 1948-1979**, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Geskiedenis, UOVS, 1987.

Wolmarans, B.J., **Die politisering van sportbetrekkings tussen Suid-Afrika en Nieu-Seeland met spesiale verwysing na die 1981-Springbokrugbytoer na Nieu-Seeland**, ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Staatsleer, UOVS, 1986.

6.3 Televisie uitsendings

Try Freedom, SABC, 25 Augustus 1996.

6.4 Webbladsye

www.anc.org.za/ancdocs/pr/1992/pr0618.html

www.nocsa.co.za/corporate.asp

OPSOMMING

Die rol van sport as sosiale- en opvoedkundige instrument kan nooit te gering geskat word nie. In Suid-Afrika word daar soms na sport verwys as 'n tweede geloof, wat slaafs deur feitlik al die kultuurgroepe nagevolg word. Hierdie was ook die siening van die anti-apartheidsgroeperinge in Suid-Afrika en regoor die wêreld toe daar besluit is op sport as 'n middel tot 'n doel in die stryd teen apartheid in Suid-Afrika.

Die Nasionale Party-regering se beleid van apartheid het na 1948 feitlik onmiddelik ook deurgesypel na die gebied van sport. Alhoewel afsonderlike sportbeoefening reeds voor 1948 in Suid-Afrika aan die orde van die dag was, het die implementering van die apartheidswetgewing in 1948 hierdie afsonderlike ontwikkeling grondwetlik afdwingbaar gemaak. Oor die volgende dertig jaar het die stryd tussen die Regering en die versetmagte teen apartheid voortgeduur, met sport wat gereeld in die spervuur tussen dié twee groepe vasgekeer was. Met die ondertekening van die Gleneagles-ooreenkoms in 1977 het die versetaksie teen apartheid in sport groter momentum gekry, want dié ooreenkoms, wat deur leiers van Statebondslande onderteken is, het sportbetrekkings met Suid-Afrika teengestaan.

Die tagtigerjare word allerweë beskou as die hoogtepunt van die stryd teen apartheid in sport. Alhoewel die Regering gedurende die tagtigerjare op 'n veel laer vlak by sport betrokke was, het die politieke invloede sedert 1948 steeds sterk bly vassteek. Aan die anderkant het die versetgroeperinge se veldtog teen apartheid in sport in felheid toegeneem, met die doel voor oë om nie net apartheid in sport uit te wis nie, maar ook om apartheid in sy totaliteit te vernietig. Intussen het Suid-Afrikaanse sportlui tot die stryd toegetree en met verskeie alternatiewe vorendag gekom in 'n poging om die sportboikot te breek.

Alhoewel die sportlui se inisiatiewe hoofsaaklik slegs in die belang van hulle eie sportloopbane was, het die politieke wurggreep wat politiek op sport gehad het nie toegelaat dat sportlui se pogings enige vrugte afwerp nie. Dit het gou duidelik geword dat

slegs politieke veranderinge in Suid-Afrika die lot van sportlui positief sou kon beïnvloed. Die boodskap vanuit die anti-apartheidsgelidere was duidelik: geen normale sport sou in 'n abnormale gemeenskap toegelaat word nie. Die enigste oplossing was dus politieke verandering met die oog op die normalisering van sport in die land. Sportlui het toenemend hulself uitgespreek teen apartheid as wetgewing en op grootskaal hulle heil in die buiteland gaan probeer soek. Die anti-apartheidsgroeperinge was egter hierdie aksies te wagte en het Suid-Afrikaanse sportlui verhoed om hulle sportloopbane internasionaal voort te sit.

Hierdie skuif het veroorsaak dat sportlui nog meer druk op die Suid-Afrikaanse Regering geplaas het om apartheid af te sweer en te onderhandel vir 'n nuwe, meer aanvaarbare politieke bestel in Suid-Afrika. Deur die gebruik van boikot-en versetaksies het die anti-apartheidsgroeperinge daarin geslaag om sportlui in Suid-Afrika sodanig te beïnvloed dat hulle ook kampvegters vir 'n verandering in politieke klimaat in Suid-Afrika geword het, ten einde dit vir hulle moontlik te maak om weer hul regmatige plek in die internasionale sportarena te kon inneem.

SUMMARY

The role of sports as a social and educational instrument should never be underestimated. In South Africa sport is sometimes referred too as a second religion and plays a very important role in many South African cultures. This was also the view of the anti-apartheid movements in South Africa and throughout the world at the time of their decision to use sport as a mechanism against apartheid in South Africa.

Since the National Party's apartheid policy was implemented in 1948, it almost immediately started playing a role in sport as well. Although sport was practiced separately before 1948, the implementation of apartheid enforced laws, which stated that black and white could not practice sport together. For the next three decades conflict between the National Party-government and the resistance movements against apartheid continued, with sport frequently being caught in-between. With the signed of the Gleneagles Agreement in 1977, the anti-apartheid movements gained more momentum in their struggle against apartheid in sport, because this agreement, signed by the heads of state of Commonwealth countries, pleaded for the abolishment of sporting ties with South Africa.

The 1980s are seen as the nucleus of the struggle against apartheid in sport. Although the South African government was less involved in sports administration during the 1980s, the influence of the apartheid policy had already set the different structures in which sport was to be played. The anti-apartheid movements' campaign against apartheid in sport intensified during the 1980s, with the abolishment of all apartheid structures as their main objective. The South African sportsmen and -women also got involved in the struggle by trying to find new ways and alternatives to bypass the boycott action against apartheid in sport.

Although the initiatives of these sports people were mainly in their own interest and for the furthering of their sporting careers, their attempts were not always very successful. This was mainly due to the strong grip that the political situation in South Africa had on

sport in the country. It became clear that only a change in the political situation in South Africa would ensure the re-admission of South African sports people into the international sporting arena. The message was clear that the anti-apartheid movements would not accept normal sport in an abnormal society in South Africa.

In their attempts to ensure international participation, South African sports people started denouncing apartheid, putting pressure on the government to enter into discussions concerning a new political dispensation for South Africa. The successful use of boycotts and resistance actions by the anti-apartheid movements contributed to the change in perspective by the South African sports people and assisted in the creation of a emotional resistance against the apartheid policy. For the sports people of South Africa the denouncement of apartheid was, at the end, the only way to ensure their rightful place in world sports in the future.

U.S. LIBRARY